UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

'N ONDERSOEK NA DIE HOUDINGS VAN MANLIKE EN VROULIKE POLISIEBEAMPTES TEENOOR DIE ROL VAN DIE VROUEPOLISIEBEAMPTE IN DIE SUID-AFRIKAANSE POLISIEDIENS

deur

CHRISTIAAN BEZUIDENHOUT

Voorgelê ter vervulling van 'n deel
van die vereistes vir die graad

DOCTOR PHILOSOPHIAE

in die

Fakulteit Geesteswetenskappe

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
PRETORIA

Mei 2001

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

DANKBETUIGINGS

Hiermee my opregte dank aan die volgende persone en instansies:

Prof. Aubrey Theron vir u uitstekende leiding as promotor. U insig, raad en voorstelle was van onskatbare waarde. Ek vertrou dat ek alles wat ek by u geleer het met vrug aan die volgende generasie studente sal kan oordra.

Prof. Ronelle Pretorius vir die toestaan van studieverlof om my studie te kon afhandel.

Mev. M.C. Mauer vir die rekenaarverwerking van die data asook u vriendelikheid en bereidwilligheid om my enige tyd te help.

Mnr. R.J. Grimbeek vir die hulp met die statistiese ontleding.

Dr. D. van den Berg vir proefleeswerk en aanmoediging.

Me. L. van der Merwe vir die keurige proefleeswerk.

Snr. Supt. J. Smal vir al jou hulp en geduld.

Supt T. Smal vir al jou hulp met die historiese inligting wat ek benodig het.

Die Suid Afrikaanse Polisiediens wat my toegelaat het om hierdie navorsing te onderneem. Ek vertrou dat dit 'n bydrae sal maak.

Personeel te Brooklyn Polisiestasie vir al die hulp en opoffering met die vooraftoets en die insameling van die data.

Me. A. Swart vir hulp, ondersteuning en proefleeswerk.

Me. C. du Plooy vir hulp en belangstelling.

Kollegas, vriende en familie vir hulle belangstelling en aanmoediging.

National Research Foundation (NRF) vir die toestaan van 'n beurs om die navorsing te kon onderneem.

Tegniese versorging is volgens die *Publications Manual of the American Psychological Association* (4th ed., 1994) gedoen en waar nodig aangepas om aan die Universiteit van Pretoria se vereistes te voldoen.

INHOUDSOPGAWE

Bladsy

TABELLE v
OPSOMMING ix
SUMMARY x

1. BEGRIPSOMSKRYWINGS EN ORIËNTASIE 1

1.1 POLISIE EN POLISIËRING 3
1.2 POLISIEKULTUUR EN SUBKULTUUR 5
1.3 KATEGORISERING 9
1.4 STEREOTIPES 11
1.5 VOOROORDEEL EN DISKRIMINASIE 15

1.5.1 Vooroordeel 15
1.5.2 Diskriminasie 17

1.6 PERSOONLIKE EN SOSIALE IDENTITEIT 17
1.7 HOUDING 20

1.7.1 Aanleer van houdings 23
1.7.2 Permanentheid van houdings 23
1.7.3 Houdings as stabiliseerders van die persoon-objekverhouding 24
1.7.4 Motiverende-affektiewe eienskappe van houdings 24
1.7.5 Houdingvorming behels kategorisering 25
1.7.6 Beginsels van toepassing op die vorming van sosiale houdings 26

1.8 ORIËNTASIE 27
1.9 SAMEVATTING 28

2. HISTORIESE ONTWIKKELING VAN POLISIËRING EN PROBLEEM-STELLING 29

2.1 DIE ANTIEKE MONARGIE 30
2.2 DIE ANTIEKE GRIEKSE ERA 31
2.3 DIE ROMEINSE ERA 32
2.4 DIE GERMAANSE ERA 33
2.5 POLISIËRING VANAF DIE MIDDELEEUE TOT DIE AGTIENDE EEU 35

2.5.1 Rol van die Rooms-Katolieke kerk 35
2.5.2 Vroeë Britse en Amerikaanse invloed op polisiëring 36

2.6 KLASSIEKE ERA EN ONTWIKKELING VAN MODERNE POLISIËRING 42

2.6.1 Impak van die klassieke era op moderne polisiëring 44

2.7 SUID-AFRIKAANSE PERSPEKTIEF 50

2.7.1 Polisiëring voor Uniewording 50

2.7.1.1 Kaapse perspektief 51
2.7.1.2 Transvaalse en Oranje-Vrystaatse perspektief 53
2.7.1.3 Natalse perspektief 56

2.7.2 Polisiëring na Uniewording 57
2.7.3 Polisiëring na 1990 59
2.7.4 Polisiëring sedert 1992 59

2.8 HISTORIESE ONTWIKKELING VAN VROUEPOLISIËRING 61

2.8.1 Buitelandse ontwikkeling 61
2.8.2 Suid-Afrikaanse ontwikkeling 68

2.8.2.1 Vrouepolisiëring sedert 1 Januarie 1972 74

2.9 PROBLEEMSTELLING 80

2.9.1 Behoefte aan teoretiese onderbou 81
2.9.2 Behoefte aan navorsing 83
2.9.3 Gebrek aan navorsing oor die houding van sowel manlike as vroulike polisiebeamptes teenoor die vrouepolisiebeampte 84
2.9.4 Noodsaaklikheid en doelwitte van die studie 85

2.10 SAMEVATTING 88

3. TEORETIESE PERSPEKTIEF 89

3.1 FEMINISTIESE KRIMINOLOGIE 90

3.1.1 Algemene kenmerke van die feminisme 90
3.1.2 Variasies van die feminisme 92

3.1.2.1 Liberale feminisme 92
3.1.2.2 Radikale feminisme 94
3.1.2.3 Marxistiese feminisme 97
3.1.2.4 Sosialistiese feminisme 99
3.1.2.5 Swart feminisme 101
3.1.2.6 Postmodernistiese feminisme 104

3.1.3 Evaluering van die feministiese teorieë 107

3.2 SOSIALE IDENTITEITSTEORIE 109

3.2.1 Inleiding 109
3.2.2 Kernkomponente van die SIT 110
3.2.3 Selfkategoriseringsteorie 125
3.2.4 Evaluering van die SIT 126

3.3 GESLAGSTEORIE 130

3.3.1 Effek van geslagsrolle op gedrag in die huis en werkplek 131
3.3.2 Permanentheid van tradisionele geslagsrolle 135

3.4 EVALUASIE VAN DIE GESLAGSROLTEORIE 136

3.5 SAMEVATTING 139

4. STAND VAN NAVORSING EN PERSEPSIES RAKENDE DIE ROL EN PRESTASIE VAN VROUEPOLISIEBEAMPTES 140

4.1 MANLIKE AARD EN ROL VAN POLISIËRING 140

4.1.1 Polisiesubkultuur 142
4.1.2 Rol van die moderne polisiebeampte 147

4.1.2.1 Gemeenskapspolisiëring 150

4.1.3 Seksuele teistering 151
4.1.4 Fisieke krag 154

4.1.4.1 Opleiding 156

4.1.5 Prestasie van vrouepolisiebeamptes teenoor manlike polisiebeamptes 158

4.1.5.1 Diskriminasie en rolvervulling 162
4.1.5.2 Mites rakende die vrouepolisiebeampte 168
4.1.5.3 Oorlewingsmeganismes van vrouepolisiebeamptes 172

4.2 SAMEVATTING 178

5. HIPOTESES 179

5.1 SAMEVATTING 195

6. NAVORSINGSONTWERP 196

6.1 MEETINSTRUMENTE 196

6.1.1 Rigtinggewende vooraftoets 196

6.1.1.1 Semigestruktureerde onderhoudskedule 198

6.2 Ontwikkeling van die posvraelys 200

6.2.1 Dekbrief 200

6.2.1.1 Inligtingsnota 200

6.2.2 Vraelys 201
6.2.3 Loodsstudie 202

6.3 STEEKPROEFBESKRYWING EN METODE VAN DATA-INSAMELING 207
6.4 STATISTIESE TEGNIEKE VIR DIE ONTLEDING VAN DIE DATA 218
6.5 SAMEVATTING 218

7. BESPREKING VAN RESULTATE MET BETREKKING TOT DIE HIPOTESES 220

7.1 BESPREKING VAN RESULTATE 220

7.1.1 Hipotese 1 220
7.1.2 Hipoteses 1.1 en 1.2 223
7.1.3 Hipotese 2 224
7.1.4 Hipotese 3 226
7.1.5 Hipotese 4 227
7.1.6 Hipotese 5 229
7.1.7 Hipotese 6 230
7.1.8 Hipoteses 7 en 7.1 232
7.1.9 Hipoteses 8 en 8.1 234
7.1.10 Hipoteses 9, 9.1 en 9.2 236
7.1.11 Hipotese 10 241
7.1.12 Hipoteses 11 en 11.1 242
7.1.13 Hipoteses 12, 12.1 en 12.2 245
7.1.14 Hipoteses 13, 13.1 en 13.2 249
7.1.15 Hipotese 14 253
7.1.16 Hipotese 15 256
7.1.17 Hipoteses 16 en 16.1 258
7.1.18 Hipoteses 17 en 17.1 261
7.1.19 Hipoteses 18 en 18.1 263

7.2 SAMEVATTING 265

8. AANBEVELINGS EN SLOTBESKOUING 267

8.1 GEVOLGTREKKING RAKENDE DOELWITBEREIKING EN AANBEVELINGS OM DIE ONDERHAWIGE NAVORSING UIT TE BOU 268
8.2 AANBEVELINGS 275

8.2.1 Bestaande wetgewing 275
8.2.2 Regstellende aksiepraktyke 276
8.2.3 Werwing, opleiding en indiensopleiding 278
8.2.4 Amptelike prosedures 281
8.2.5 Sosiale aksiestrategieë 282

8.3 SLOTBESKOUING 288

VERWYSINGS 289

BYLAE 1: Goedkeuringsbrief 302
BYLAE 2: Inligtingsnota 303
BYLAE 3: Dekbrief 304
BYLAE 4: Vraelys 306

TABELLE

Bladsy

Tabel 1
Personeelverspreiding: Offisiersrange soos op 15 Mei 1996 78

Tabel 2
Personeelverspreiding: Onderoffisiersrange soos op 15 Mei 1996 78

Tabel 3
Personeelverspreiding: Offisiersrange soos op 9 September 1999 79

Tabel 4
Personeelverspreiding: Onderoffisiersrange soos op 9 September 1999 79

Tabel 5
Personeelverspreiding: Totale Polisiepopulasie volgens rasgroep op 1 Julie 2000 80

Tabel 6
Personeelverspreiding: Totale Polisiepopulasie volgens etniese groep op 1 Julie 2000.. 80

Tabel 7
Demografiese Eienskappe van die Vooraftoetsgroep.....198

Tabel 8
Gemiddeldes en Standaardafwykings vir die items in die Algemene Persepsie van Polisiebeamptesskaal (Afdeling B van posvraelys).....203

Tabel 9
Pearson-produkmomentkorrelasies tussen Individuele Items en Berekende Totaal van die Algemene Persepsie van Polisiebeamptesskaal (Afdeling B van posvraelys).....204

Tabel 10
Gemiddeldes en Standaardafwykings vir die items in die Persepsie rakende die Vrouepolisiebeampteskaal (Afdeling C van posvraelys; veranderlike 45-100).....205

Tabel 11
Pearson-produkmomentkorrelasies tussen Individuele Items en Berekende Totaal van die Persepsies rakende die Vrouepolisiebeampteskaal (Afdeling C van posvraelys; veranderlikes 45-100).....206

Tabel 12
Ouderdomsverspreiding 210

Tabel 13
Geslagsverspreiding 211

Tabel 14
Taalverspreiding.....211

Tabel 15
Rasseverspreiding 212

Tabel 16
Rasverspreiding in die SAPD: Julie 2000 212

Tabel 17
Verspreiding van Huwelikstatus 212

Tabel 18
Opvoedkundige Kwalifikasies 213

Tabel 19
Amptelike Polisie-opleiding 214

Tabel 20
Verspreiding van Diensjare 215

Tabel 21
Verspreiding van Afdeling/Seksie/Stasie 215

Tabel 22
Vraelyste aan die onderskeie Seksies uitgestuur en Responskoerse 215

Tabel 23
Verspreiding van Operasionele en Administratiewe Personeel 217

Tabel 24
Rangverspreiding 217

Tabel 25
Wilcoxon-rangsomtoets vir Vergelyking van die Geslagte se Gemiddelde Tellings met behulp van die Persepsie rakende die Vrouepolisiebeampteskaal 220

Tabel 26
Wilcoxon-rangsomtoets vir Vergelyking van Geslagte se Gemiddelde Tellings op grond van bepaalde Veranderlikes met behulp van Persepsie rakende die Vrouepolisiebeampteskaal 222

Tabel 27
Wilcoxon-rangsomtoets vir Vergelyking van die Geslagte se Gemiddelde Tellings met behulp van sowel die Algemene Persepsie van Polisiebeamptesskaal en Persepsie rakende die Vrouepolisiebeampteskaal 223

Tabel 28
Wilcoxon-rangsomtoets vir Vergelyking van Rasgroepe se Gemiddelde Tellings met behulp van die Persepsie rakende die Vrouepolisiebeampteskaal 225

Tabel 29
Kruskal-Wallis Variansie-ontleding vir Vergelyking van Gemiddelde Tellings ten opsigte van Huistaal tussen groepe met behulp van die Persepsie rakende die Vrouepolisiebeampteskaal 227

Tabel 30
Kruskal-Wallis Variansie-ontleding vir Vergelyking van Gemiddelde Tellings ten opsigte van Ouderdom tussen groepe met behulp van die Persepsie rakende die Vrouepolisiebeampteskaal....228

Tabel 31
Wilcoxon-rangsomtoets vir Vergelyking van Gemiddelde Tellings ten opsigte van Tersiêre Kwalifikasies van al die respondente met behulp van die Persepsie rakende die Vrouepolisiebeampteskaal....229

Tabel 32
Wilcoxon-rangsomtoets vir Vergelyking van Gemiddelde Tellings ten opsigte van Tersiêre Kwalifikasie en Geslag met behulp van die Persepsie rakende die Vrouepolisiebeampteskaal....229

Tabel 33
Kruskal-Wallis Variansie-ontleding vir Vergelyking van Gemiddelde Tellings ten opsigte van Diensjare tussen groepe met behulp van die Persepsie rakende die Vrouepolisiebeampteskaal....230

Tabel 34
Wilcoxon-rangsomtoets vir Vergelyking van Geslagte se Gemiddelde Tellings op grond van bepaalde Items in die Persepsie rakende die Vrouepolisiebeampte-skaal....232

Tabel 35
Wilcoxon-rangsomtoets vir Vergelyking van Gemiddelde Tellings ten opsigte van Huwelikstatus en Geslag met behulp van die Persepsie rakende die Vroue-polisiebeampteskaal....235

Tabel 36
Wilcoxon-rangsomtoets vir Vergelyking van Gemiddelde Tellings ten opsigte van Huwelikstatus van al die respondente met behulp van die Persepsie rakende die Vrouepolisiebeampteskaal....235

Tabel 37
Kruskal-Wallis Variansie-ontleding vir Vergelyking van Gemiddelde Tellings ten opsigte van Huwelikstatus tussen groepe met behulp van die Persepsie rakende die Vrouepolisiebeampteskaal....236

Tabel 38
Wilcoxon-rangsomtoets vir Vergelyking van Geslagte se Gemiddelde Tellings op grond van bepaalde Items in die Persepsie rakende die Vrouepolisiebeampteskaal....236

Tabel 39
Wilcoxon-rangsomtoets vir Vergelyking van Geslagte se Gemiddelde Tellings op grond van bepaalde Items in die Persepsie rakende die Vrouepolisiebeampteskaal....241

Tabel 40
Wilcoxon-rangsomtoets vir Vergelyking van Geslagte se Gemiddelde Tellings op grond van bepaalde Items in die Persepsie rakende die Vrouepolisiebeampteskaal....242

Tabel 41
Wilcoxon-rangsomtoets vir Vergelyking van Geslagte se Gemiddelde Tellings op grond van bepaalde Items in die Persepsie rakende die Vrouepolisiebeampteskaal.....246

Tabel 42
Wilcoxon-rangsomtoets vir Vergelyking van Gemiddelde Tellings ten opsigte van Amptelike Polisie-opleiding van al die respondente met behulp van die Persepsie rakende die Vrouepolisiebeampteskaal.....249

Tabel 43
Kruskal-Wallis Variansie-ontleding vir Vergelyking van Gemiddelde Tellings ten opsigte van Operasionele/Nie-operasionele lede met behulp van die Persepsie rakende die Vrouepolisiebeampteskaal.....250

Tabel 44
Wilcoxon-rangsomtoets vir Vergelyking van Geslagte se Gemiddelde Tellings op grond van 'n bepaalde Item in die Persepsie rakende die Vrouepolisiebeampteskaal.....252

Tabel 45
Wilcoxon-rangsomtoets vir Vergelyking van Geslagte se Gemiddelde Tellings op grond van bepaalde Veranderlikes met behulp van Persepsie rakende die Vroue-polisiebeampteskaal.....254

Tabel 46
Wilcoxon-rangsomtoets vir Vergelyking van Geslagte se Gemiddelde Tellings op grond van bepaalde Items in die Persepsie rakende die Vrouepolisiebeampteskaal.....257

Tabel 47
Wilcoxon-rangsomtoets vir Vergelyking van Geslagte se Gemiddelde Tellings op grond van bepaalde Items in die Persepsie rakende die Vrouepolisiebeampteskaal.....259

Tabel 48
Wilcoxon-rangsomtoets vir Vergelyking van Geslagte se Gemiddelde Tellings op grond van bepaalde Items in die Persepsie rakende die Vrouepolisiebeampteskaal.....261

Tabel 49
GLM Prosedure van ANOVA vir die Vergelyking van Range se Gemiddelde Tellings met behulp van Persepsie rakende die Vrouepolisiebeampteskaal.....264

Tabel 50
GLM Prosedure van ANOVA vir die Vergelyking van Geslagte en Range se Gemiddelde Tellings met behulp van Persepsie rakende die Vrouepolisiebeampte-skaal 264

TITEL: 'n Ondersoek na die houdings van manlike en vroulike polisiebeamptes teenoor die rol van die vrouepolisiebeampte in die Suid-Afrikaanse Polisiediens

DEUR: Christiaan Bezuidenhout

PROMOTOR: Professor Aubrey Theron

DEPARTEMENT: Kriminologie

GRAAD: Doctor Philosophiae

OPSOMMING

Die aanstel van vroue binne die polisiewese het 'n bietjie meer as 'n honderd jaar gelede in die buiteland beslag gekry. Hoewel 'n vrou vir die eerste keer in 1845 gebruik is om werk vir die polisie te doen, is die werklike aanstelling van vroue as polisiebeamptes eers in die laat 1890's oorweeg. Hierdie eerste "polisievroue" se take was hoofsaaklik huishoudelik en administratief van aard. Eers na die 1960's is vroue toegelaat om ware polisiëringstake uit te voer. In Suid-Afrika is vroue gedurende 1972 amptelik tot polisiëring toegelaat.

Aangesien polisiëring wêreldwyd as 'n manlike beroep beskou word, het vroue sedert hulle eerste toelating tot hierdie manlike domein gevind dat daar op verskillende wyses teen hulle gediskrimineer is. Hierbenewens dui die bestaande literatuur daarop dat navorsing oor die vrouepolisiebeampte, in vergelyking met manlike beamptes, grootliks verwaarloos is. Die meeste bronne staan slegs 'n afdeling of hoofstuk aan die vrouepolisiebeampte af en meestal word hulle in hierdie gedeeltes saam met ander minderheidsgroepe bespreek. Artikels wat wel die vrouepolisiebeampte as sentrale tema het, fokus hoofsaaklik op diskriminasie wat ervaar word en nie soseer op die rol van die polisievrou nie. Hierdie artikels, wat meestal deur vroue-aktiviste geskryf is, skiet gewoonlik tekort in die opsig dat 'n sinvolle teoretiese onderbou ontbreek.

In die lig van die gebrek aan navorsing oor die rol van die vrouepolisiebeampte en aanduidings in die literatuur dat polisievroue steeds as minder belangrik binne die polisiewese geag word, is 'n studie onderneem om te bepaal wat die aard van sowel manlike as vroulike polisiebeamptes se houding teenoor die rol van die vrouepolisiebeampte is. Alvorens 'n aanvang met die studie gemaak is, is 'n kwalitatiewe studie onderneem om riglyne vir 'n kwantitatiewe studie te identifiseer. Sodoende is gepoog om die studie rakende manlike en vroulike polisiebeamptes se houdings volgens metodologies verantwoordbare riglyne te

onderneem. Verder is kriminologie-, psigologie- en sosiologieteorieë geïdentifiseer om die navorsing te rig. Die teoretiese onderbou tesame met bestaande navorsing oor die vroue-polisiebeampte het as basis gedien vir die formulering van toetsbare hipoteses.

Hoewel die polisie-universum bekend is, moes van doelgerigte teoretiese steekproeftrekking gebruik gemaak word aangesien verskeie faktore soos geslag, ras en rangverspreiding steekproeftrekking bemoeilik het. 'n Posvraelys waarin twee houdingskale geïnkorporeer is, is gebruik om die hipoteses te toets. Die houdingskale, wat albei aanvaarbare geldigheid en betroubaarheid getoon het, is onderskeidelik ontwikkel om polisiebeamptes se houding teenoor die Suid-Afrikaanse Polisiediens en die rol van vrouepolisiebeamptes te meet. Die navorsing wat in die Pretoria-area onderneem is, het polisiehoofkantoor, die spesiale eenhede en die 28 polisiestasies in en om Pretoria betrek.

Statistiese ontleding van die data toon dat die houdings van manlike en vroulike polisie-beamptes betekenisvol verskil ten opsigte van die meeste aspekte wat ondersoek is. Hoewel daar betekenisvolle verskille in die houdings van mans en vroue voorgekom het, het mans in die meeste gevalle 'n neutrale respons gegee. Hierteenoor het die vrouerespondente meestal "saamgestem" of "nie saamgestem" met die item in die vraelyste wat op groter sekerheid van hulle houdings dui. Op grond van die bevindings is aanbevelings gemaak rakende verdere navorsing en aangeleenthede in die Suid-Afrikaanse Polisiediens wat tot die vrou se volwaardige aanvaarding en funksionering binne die Diens kan bydra.

SLEUTELWOORDE

Polisiebeampte, vrouepolisiebeampte, polisiëring, subkultuur, kategorisering, houding, persoonlike identiteit, sosiale identiteit, diskriminasie, feminisme en geslagsrolle.

TITLE: An investigation into the attitudes of male and female police officials towards the role of the female police official in the South African Police Service

BY: Christiaan Bezuidenhout

PROMOTOR: Professor Aubrey Theron

DEPARTMENT: Criminology

DEGREE: Doctor Philosophiae

SUMMARY

The appointment of women within policing services/forces is a relatively new phenomenon as this practice was introduced slightly more than a hundred years ago in overseas countries. Although a woman was used for the first time in 1845 to do work for a police department the official appointment of women as police officials were not considered until the later 1890's. The tasks assigned to these first "policewomen" were mainly domestic and administrative in nature. It was not until the 1960s that women were permitted to carry out so-called true policing tasks. In South Africa women were officially appointed as police officials during 1972.

As a result of the world-wide perception that policing is a masculine occupation women have, since first being employed to work within this male domain, experienced discrimination on various levels. In addition the existing literature reveals that when compared to research on male police officials a dearth of research exists on the female police official. In most sources a mere section or chapter is devoted to the female police official and generally in these sections the female police official is discussed together with other minority groups. Articles having female police officials as the central theme focus mainly on discrimination experienced by female officials and not so much on the role of the policewoman. These articles, which are generally written by women activists, frequently lack a meaningful or adequate theoretical foundation.

In view of the dearth of research on the role of female police officials as well as indications in the literature that policewomen are still considered as being less important than males within policing, a study was undertaken to determine the nature of the attitudes held by both male and female police officials towards the role of the female police official. Before undertaking this study a qualitative study was conducted to identify guidelines for the undertaking of a

quantitative study. In so doing an attempt was made to conduct the research on the attitudes of male and female police officials according to methodological justifiable procedures. In addition criminological, psychological and sociological theories were identified to give direction to the research. The theoretical foundation together with existing research on female police officials served as the basis for the formulation of testable hypotheses.

Despite the police universe being known, purposive theoretical sampling had to be used on account of various factors such as gender, race and rank distributions that made random sampling impractical. A mailed questionnaire, incorporating two attitude scales, was used to test the hypotheses. The attitude scales, which both showed acceptable validity and reliability, were developed to respectively measure police officials' attitudes towards the South African Police Service and the role of female police officials. The research that was undertaken within the Pretoria-area involved police head office, the special units and the 28 police stations in and around Pretoria.

Statistical analysis of the data shows that the attitudes of male and female police officials differ significantly with regard to most of the aspects that were investigated. Although significant differences occur between the two groups the attitudes of the males were generally characterised by neutrality. Contrary to this the female respondents either responded with "agree" or "disagree" to the items in the questionnaires. This is indicative of greater certainty as to the attitudes they hold. Based on the findings recommendations are made for further research and matters that could be addressed by the South African Police Service to ensure the female's complete acceptance and optimal functioning within the Service.

KEY TERMS

Police official, female police official, policing, subculture, categorisation, attitude, personal identity, social identity, discrimination, feminism and gender roles.

1. BEGRIPSOMSKRYWINGS EN ORIËNTASIE

Vroue het tot ongeveer 3000 v.C. aan die hoof van die huishouding gestaan. Hierdie matriargale sisteem is gekenmerk deur 'n egalitêre sosiale stand waarbinne mans en vroue as gelykes gefunksioneer het. Mans het mettertyd meer en meer mag vir hulleself begin toeëien. Die manlik-gedomineerde samelewing wat as gevolg hiervan ontwikkel het, het aan mans 'n dominante posisie teenoor die vrou besorg en ook meegebring dat vroue aan diskriminasie of ongelyke beregtiging onderwerp is. Hierdie ongelykheid wat tussen die geslagte ontstaan het en as die patriargale sisteem bekend staan, kom in sowel die gesinsopset as die openbare orde voor (Remy, 1990:44). Hoewel Westerse vroue se posisie aansienlik verbeter het gedurende die tweede helfte van die twintigste eeu word daar steeds aan hulle 'n minderwaardige posisie deur hierdie sisteem toegeken en gaan hulle onderdrukking voort (Bryson, 1999:1-3).

Die patriargale sisteem wat voor demokratisering (1994) binne die meeste staatsinstellings in Suid-Afrika gegeld het, het daartoe bygedra dat vroue nie aanspraak kon maak op dieselfde werksvoordele (bv. bevordering en salarisse) as mans nie. In sowel Suid-Afrika as ander lande het hierdie toedrag van sake meegebring dat vroue sedert hulle toetrede tot die arbeidsmark nie met mans op 'n gelyke basis kon meeding nie. Polisiemagte wêreldwyd is 'n voorbeeld van staatsinstellings wat met hulle totstandkoming slegs vir mans voorsiening gemaak het (Cox & Fitzgerald, 1992:144-145; Emsley, 1996:33; Soroka & Bryjak, 1995:232-233). Vroue is gevolglik oor dekades heen blootgestel aan diskriminasie binne die werksituasie.

Diskriminasie teenoor die vrou gaan gepaard met wanopvattings wat tot negatiewe houdings aanleiding kan gee. Die meeste studies wat op die geslagsvraagstuk in wetstoepassings-instansies (bv. die howe en die polisie) fokus, meld dan ook dat diskriminasie wat uit patriargie voortspruit gepaard gaan met seksuele teistering, beroepshindernisse ("role barriers"), 'n broederskapverhouding ("brotherhood") waarin vroue nie mag deel nie en 'n diskrepansie tussen die beroeps- en gesinsrolle wat vir mans en vroue voorgeskryf word (Shusta, Levine, Harris & Wong, 1995:47; The United Nations Convention on the Elimination of All Forms of Discrimination Against Women (CEDAW), 1995:3-4). In hierdie verband meld Hansson en Hofmeyer (1992:3-10) dat

> in most countries, including South Africa, males and females are treated differently in the family, in schools, at work, in law, in politics and on the streets. Because their bodies are different, it is widely accepted that women should be treated differently from men. ...The problem is that females are not just treated differently from males, they are not treated as well as males.

Volgens Roberg en Kuykendall (1993:374-375) geld die opvatting wat by die totstandkoming van polisiëring beslag gekry het, naamlik dat 'n polisiemag nie 'n beroepsopsie vir vroue is nie, steeds. In die lig hiervan kan afgelei word dat vroue teenswoordig nie binne die polisiediens as die gelykes van hulle manlike eweknieë beskou sal word nie. Ter ondersteuning hiervan meld Coetzee (1996:2), dat hoewel die polisie 'n belangrike diens aan die samelewing lewer en een van die grootste staatsdepartemente in Suid-Afrika is, is die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) nie verteenwoordigend van die samelewing wat gedien word nie. Die Interim Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet 200 van 1993, voorsien in artikel 8(1) dat daar gelykheid voor die reg bestaan en in artikel 8(2) dat daar teen niemand gediskrimineer mag word op grond van onder meer geslag nie. Artikel 8(3) maak verder voorsiening vir maatreëls wat daarop gemik is om histories benadeelde groepe, waarteen daar tydens die apartheidsera gediskrimineer is (bv. persone van kleur en vroue), te bevoordeel (Kaganas & Murray, 1994:1). In die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet 108 van 1996 word Artikel 8(1) vervang deur 9(1), artikel 8(2) deur 9(3) en 9(4) en artikel 8(3) deur 9(2).

In die lig van die grondwetlike bepalings benadruk sowel Stevens en Yach (1995:101-106) as Van Rooyen (1994:165-170) dat die grootste uitdaging wat aan die SAPD gestel word, is om 'n verteenwoordigende diens van die samelewing te word en om 'n histories negatiewe ingesteldheid teenoor tradisioneel onderdrukte groepe, te verander. Om 'n verandering jeens die vrou in die SAPD te weeg te bring, is egter nie 'n maklike taak nie. In die verband voer die voormalige Lid van die Uitvoerende Raad (LUR) vir Veiligheid en Sekuriteit in Gauteng, Jesse Duarte (aangehaal in Stevens & Yach, 1995:101), aan dat "police women were the most discriminated against in the force". Ter stawing hiervan meld sy dat "lesbian police officers tended not to be promoted and if a police women married a civilian she forfeited her fringe benefits. When police women became pregnant, they were treated as pariahs".

Aangesien die Suid-Afrikaanse Polisiemag (SAP) na die 1994 algemene verkiesing in 'n polisiediens verander is (South African Yearbook, 1996:12) wat 'n deursigtige "oop-deur" beleid volg en te kenne gee dat hulle verteenwoordigend van die samelewing wil wees, kan die volgende vraag tereg gestel word: "In watter mate het die negatiewe benadering teenoor vrouepolisiebeamptes bly voortbestaan of verander?" Dit is derhalwe noodsaaklik om vas te stel in hoe 'n mate die transformasieproses wat teenswoordig in Suid-Afrika plaasvind, 'n impak

op die houdings van manlike en vroulike polisiebeamptes teenoor vrouepolisiebeamptes het.

Alvorens die probleemstelling (kyk Hfst. 2) aangebied kan word, is dit nodig om bepaalde begrippe te verklaar. Die rede hiervoor is dat daar verskeie begrippe in die onderhawige navorsing ter sprake is wat nie sinvol gebruik kan word alvorens hulle bespreek en operasioneel gedefinieer is nie. Sekere begrippe wat by die bestudering van houdings teenoor die vrouepolisiebeampte gebruik word, word nie op 'n eenvormige wyse deur navorsers geïnterpreteer nie, derhalwe is dit noodsaaklik om die begrippe wat sentraal tot die tema staan te omskryf. Aangesien Nieuwoudt (1973:8) waarsku dat 'n navorser daarteen moet waak om nie te veel begrippe te betrek nie, sal slegs sleutelbegrippe wat direk op die tema van toepassing is aandag geniet. In die lig hiervan sal die volgende begrippe onder die loep geneem word: polisie en polisiëring; polisiekultuur en polisiesubkultuur; kategorisering; stereotipes; vooroordeel en diskriminasie; persoonlike en sosiale identiteit; asook houding.

1.1 POLISIE EN POLISIËRING

Die woord "polisie" is van die Griekse woorde *polis* (stad) en *polites* (inwoner van 'n staat) asook die Latynse woord *politia* (staatsgesag) afgelei (Sullivan, 1971:1). Volgens Alderson (1979:141) het die polisieburokrasie sy ontstaan te danke aan die Romeinse keisers aangesien die *politia* die sogenaamde "lang-arm van die gereg" in die Romeinse Ryk was.

Hoewel daar nie sekerheid bestaan oor wanneer die konsep polisie vir die eerste keer gebruik is nie, meen Clift (1956:1) dat dit teen ongeveer 600 n.C. in gebruik geneem is. Verder voer hy aan dat dit moontlik direk afgelei is van die Franse woord *policer* (mag van die volk). Die drie belangrikste afleidings uit die konsep *politia*, naamlik *polity* (staatsbestel), *policy* (beleid) en *police* (polisie) hou met mekaar verband (Mullik, 1969:22-23). Staatsbestel in hierdie konteks moet beskou word as 'n ooreenkoms tussen die staat en die landsburgers. Ten einde uitvoering aan hierdie ooreenkoms te kan gee, moet dit in beleid geformuleer word (bv. 'n grondwet), wat weer deur die polisie in stand gehou word. Ter stawing hiervan wys De Villiers, Smuts en Eksteen (1978:401) daarop dat die polisie beskou moet word as 'n amptenaregroep wat wet en orde moet handhaaf.

Die meeste navorsers (Brewer, Guelke, Hume, Moxon-Browne & Wilford, 1988; Brown, Esbensen & Geis, 1996; Conklin, 1995; Cox, 1996; Mathews, Heymann & Mathews, 1993; Nel & Bezuidenhout, 1995; Shusta et al., 1995; Van Rooyen, 1994) laat na om die konsepte "polisie" en "polisiëring" in studies wat op polisiëringsaangeleenthede betrekking het, te

omskryf. Volgens Reiner (1996:716) is dit belangrik om tussen hierdie begrippe te onderskei aangesien nalating daarvan verwarring mag veroorsaak in dié sin dat die begrippe as sinonieme beskou kan word. Inderwaarheid het polisie betrekking op 'n spesifieke tipe sosiale instansie, terwyl polisiëring 'n stel prosesse met spesifieke sosiale funksies impliseer. In dié verband merk hy soos volg op:

> "Police" are not found in every society, and police organizations and personnel can have a variety of shifting forms. "Policing", however, is arguably a universal requirement of any social order, and may be carried out by a number of different processes and institutional arrangements.

Hierdie definisie impliseer dat polisiëring 'n sambreelterm is wat die werksaamhede van die *trias politica* (verdeling van staatsmagte in die wetgewende-, uitvoerende- en regsplegende gesag) integreer. Met ander woorde, al drie die staatsmagte wat hier ter sprake is, dra daartoe by om deur middel van verskillende prosesse en institusionele reëlings die sosiale orde van enige gemeenskap vlot te laat verloop. Die konsep "polisie" is egter meer beperk aangesien dit die werksaamhede van 'n instansie aandui om die reëlings van die bogenoemde drie staatsmagte uit te voer (Alderson, 1979:158-159). Die konsep "polisiëring" moet derhalwe as 'n meer algemene verduideliking van die sosiale orde beskou word. Die volgende kan voorgehou word: Ten einde die veiligheid van die samelewing te reguleer (polisiëring in die wye konteks), het die wetgewende gesag die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens, Wet 68 van 1995 asook regulasies rakende polisiëring uitgevaardig. Die Polisie, as instansie wat deel van die uitvoerende gesag uitmaak, word egter saamgestel om hierdie wette en regulasies tot uitvoer te bring en in die uitvoering hiervan, polisieer die polisie die samelewing (polisiëring in die eng konteks).

In verband met die bogenoemde wys Van Heerden (1986:13-16) daarop dat polisiëring op 'n bepaalde magshandeling in die algemeen en in besonder op die bewaking van die samelewingsorde dui. Juridies beskou, dui polisie op die lede van 'n mag/diens wat ingevolge wetgewing geskep is, of op 'n liggaam van persone wat ingevolge enige wetsbepaling die bevoegdhede, pligte en werksaamhede van 'n polisiemag/-diens, of 'n faset daarvan, uitvoer. In aansluiting hierby merk Bartollas (1997:392) op dat "the police are the first line of defense against crime. Having the power to arrest and to use deadly force, the police are charged both with preventing and deterring crime and with maintaining peace within the community". In aansluiting hierby voer Glick (1995:427-428) aan dat die polisie aan die hand van die funksies van polisiëring omskryf kan word as gemoeid met wetstoepassing, handhawing van wet en orde, insameling van inligting en die uitvoering van diensgeoriënteerde verpligtinge. In

ooreenstemming hiermee omskryf Artikel 73 van die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens, Wet 68 van 1995, die funksies van die SAPD soos volg:

- Die versekering van veiligheid en sekuriteit van alle persone en eiendom binne die nasionale grondgebied.

- Die handhawing en beskerming van die fundamentele regte van elke persoon soos gewaarborg deur Hoofstuk 3 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika.

- Die versekering van samewerking tussen die Diens en die gemeenskappe wat dit dien ten einde misdaad te bekamp.

- Die weerspieëling van respek vir die slagoffers van misdaad asook begrip vir hulle behoeftes.

- Die versekering van effektiewe burgerlike toesig oor die Diens.

Vir die doel van hierdie studie word Bartollas (1997:392) se omskrywing van "polisie" as operasionele definisie aanvaar. Hy postuleer dat die polisie die eerste linie van verdediging teen misdaad uitmaak. Hulle het ook die mag om te arresteer en dodelike geweld te gebruik. Die polisie het dus die verantwoordelikheid om misdadigers af te skrik en misdaad te voorkom asook om vrede in gemeenskappe te verseker. Hierdie definisie illustreer die werksaamhede van die polisie.

In die geval van "polisiëring" word Reiner (1996:716) se omskrywing as operasionele definisie aanvaar, aangesien hy die wye konteks waarin polisiëring tuishoort verduidelik en illustreer dat polisiëring 'n universele verskynsel is wat fundamenteel tot sosiale orde staan.

Vervolgens word aandag aan die polisie-organisasie se aard oftewel kultuur geskenk.

1.2 POLISIEKULTUUR EN SUBKULTUUR

Groepvorming in 'n samelewing en die gepaardgaande wedywering met mekaar is 'n natuurlike proses wat in alle samelewings voorkom. Een van die redes waarom kompetisie plaasvind, kan toegeskryf word aan die unieke eienskappe waaroor elke groep beskik. Die bestaan van 'n groot aantal groepe op alle vlakke van die samelewing bring mee dat mededinging sal

voorkom aangesien die onderskeie groepe se kenmerke verskil. Selfs op beroepsvlak oftewel binne die spesifieke beroep wat iemand beoefen, vind mededinging, vooroordeel en diskriminasie plaas. 'n Aantal individue wat 'n spesifieke beroep beoefen, kan dus as 'n beroepsgroep beskou word. Met ander woorde, die polisie kan as 'n instansie beskou word wat 'n bepaalde beroepsgroep akkommodeer. Verder is dit ook natuurlik dat 'n bepaalde beroepsgroep 'n kenmerkende kultuur oftewel 'n organisasiekultuur ontwikkel. Die polisie het dus hulle eie organisasie- of polisiekultuur. Volgens die Association of Chief Police Officers Quality of Service Commitee (aangehaal in Stevens & Yach, 1995:84) kan hierdie kultuur beskryf word as "extremely powerful and overlooking its importance is frequently the cause of failed attempts at organizational change. It is rooted in military tradition which may not be appropriate for policing in the 1990's". In die verband beklemtoon Van Rooyen (1994:157) dat organisasiekultuurgrense 'n onderskeid tussen verskillende organisasies tref op dieselfde wyse as wat persoonlikheidsverskille 'n unieke onderskeid tussen individue tref.

Organisasiekultuur is 'n stel gemeenskaplike waardes wat deur die meeste individue in 'n organisasie onderhou word. Dit word op geen ander wyse duideliker gedemonstreer as in 'n polisie-instelling nie aangesien die polisie dikwels as 'n geslote instansie beskou word (Conser, 1980:4). Die sterk gevestigde polisiekultuur, wat gekenmerk word deur toewyding en lojaliteit teenoor 'n jare lange waardestelsel, word versinnebeeld in die dag tot dag funksionering van polisiebeamptes. Die polisiekultuur word veral gekenmerk deur eienskappe soos dwang, tradisie, legitieme gesag en nie-legitieme gesag wat uitgeoefen word op bevel of weens respek vir die gesaghebber. Verder is kundigheid (bv. spesialisering t.o.v. 'n bepaalde funksie), charisma, inligtingweerhouding, weerloosheid (gebruik van mag ten einde weerlose mense of groepe uit te buit) asook kwasimilitaristiese en outokratiese optrede algemeen. Verset teen gesag wat in die lynstruktuur van bo na onder toegepas word en die ondersteuning van kollektiewe verset wat van onder na bo gekanaliseer word, is ook algemeen. Sosialisering deur ouer polisiebeamptes ("encultured"), vind plaas op grond van algemene kennis in plaas van binne die parameters van wetgewing. Hierbenewens speel groepsolidariteit en -identiteit ook 'n betekenisvolle rol binne die polisiekultuur. Verder vind daar 'n proses van depersonalisasie plaas aangesien stereotipes ten opsigte van die publiek (bv. die publiek is "hase" – afgelei uit die simboliese weghardloop van mense as hulle die polisie gewaar) geïnternaliseer en as norm aanvaar word. Lede wat binne die polisiekultuur gesosialiseer word, beskou hulleself as superieur bo die algemene publiek aangesien hulle 'n uniform dra (Alderson, 1979:68-70; Stevens & Yach, 1995:84-85). Ter ondersteuning hiervan meld Reiner (1992:109) dat

> cop culture has developed as a patterned set of understandings which help to cope with

and ajust to the pressures and tensions which confront the police. Successive generations are socialized into it but not as passive or manipulated learners. The culture survives because of its "elective affinity", its psychological fit, with the demands of the rank-and-file cop condition.

Vir die doeleindes van hierdie studie sal volstaan word met die voorafgaande verduideliking van die konsep polisiekultuur aangesien dié konsep 'n meerduidige betekenis het.

Polisiesubkultuur moet grootliks as 'n uitvloeisel van die bestaande polisiekultuur beskou word aangesien dit magsverskille in sosiale strukture, wat gepolisieer word, weerspieël en laat voortbestaan (Reiner, 1992:109). Lede van die polisiesubkultuur (ook "cop culture" of "canteen-culture" genoem) word meestal as die "in-groep" beskryf. Hierdie "in-groep" ontwikkel vooroordele teenoor die "uit-groepe" (bv. vroue) wat van generasie tot generasie oorgedra word (Cox, 1996:165).

Die twee belangrikste verklarings wat vir die ontstaan van die polisiesubkultuur aangebied word, is dat

- die lede daarvan gepredisponeer is om lede van die subkultuur te word, omdat hulle oor bepaalde psigologiese eienskappe beskik wat hulle geskik maak om deel van sodanige subkultuur te wees

- polisiebeamptes deur middel van 'n proses van sosialisering lid van die polisiesubkultuur word.

Laasgenoemde siening geniet die meeste ondersteuning onder navorsers (Shusta et al., 1995:25). Dié steun spruit daaruit dat die polisiesubkultuur se waardes, norme, perspektiewe en handelinge in die praktyk nie 'n onveranderlike, monolitiese of universele verskynsel is nie, aangesien polisiesubkulture van mekaar verskil ten opsigte van die sosiale struktuur waarin hulle ontwikkel. Die organisatoriese style van polisiesubkulture wissel van tyd tot tyd en van plek tot plek. Informele reëls is meestal nie duidelik omskryf en aan almal bekend nie, maar is vasgelê in spesifieke praktyke en nuanses wat deur bepaalde situasies en interaksie prosesse gestimuleer word (Reiner, 1992:109).

Sedert die ontstaan van polisiëring bestaan die persepsie dat die polisiesubkultuur manlik georiënteerd is. Verder dui outobiografieë wat uit die Victoriaanse era dateer daarop dat polisiebeamptes besondere waarde aan manlikheid geheg het. Dit word dan ook versinnebeeld

deur die outeurs se trots op hulle fisieke vermoëns soos om te kan uithou en fisieke krag te vertoon. Daar is veral geroem op die wyse waarop 'n polisieman na homself in 'n vuisgeveg kon omsien. 'n Verdere eienskap wat benadruk is, is dat bogemiddelde heteroseksuele vermoëns (seksuele aktiwiteite) ook deel van manlike taaiheid uitmaak.

Die polisiesubkultuur het sy oorsprong gehad in die kasernes wat vir manlike rekrute opgerig is en waar hulle moes tuisgaan tydens polisie-opleiding (Emsley, 1996:34-35). Hierdie omstandighede het nie net tot die ontstaan van die subkultuur bygedra nie, maar ook aanleiding gegee tot die ontwikkeling van 'n *esprit de corps* (samehorigheid). Polisiebeamptes is dan ook geneig om as gevolg van die gekombineerde eienskappe van hulle sosiale situasie 'n spesifieke wêreldperspektief te ontwikkel waardeur hulle hulself onderskei van situasies, gebeure en mense in die samelewing (Reiner, 1992:109). Laasgenoemde standpunt stem ooreen met Alderson (1979:68-70) asook Stevens en Yach (1995:84-85) se siening, naamlik dat polisiebeamptes meen hulle is superieur in vergelyking met ander landsburgers.

Die polisiesubkultuur word deur McLaughlin (1996:73) omskryf as 'n kantienkultuur wat gebruik word om kenmerke (oortuigings, perspektiewe, gebruike, rituele en diskoerse) aan te dui "which are handed down to recruits and probationers through subterranean socialization processes". Hierdie subkultuur, wat in 'n groot mate die houding en optrede teenoor die vroue-polisiebeampte rig, word deur Reiner (aangehaal in Walklate, 1995:14) omskryf as "a sence of mission, suspision, isolation/solidarity, conservatism, machismo, pragmatism, and radical prejudice". Hieruit kan afgelei word dat die polisiesubkultuur hoofsaaklik manlik georiënteerd is en slegs op eie belange fokus. Hierbenewens hou die subkultuur onder andere die volgende probleme in vir 'n polisiemag/-diens: teenproduktiwiteit, negatiwiteit, konflikterende norme, geneigdheid om bestuursbesluite van bo na onder te blokkeer, die "gevangehouding" van senior offisiere omdat die subkultuur hulle optrede bepaal en dat veral die hoorsê kommunikasiekanaal ("grape vine") as medium van interne kommunikasie aanvaar word.

Reiner (1996:733) identifiseer drie kernelemente wat eie is aan die polisiesubkultuur, naamlik agterdog, interne solidariteit (wat aan sosiale isolasie gekoppel kan word) en konserwatisme. Hierteenoor meld McLaughlin (1996:77) dat die polisiekultuur in die algemeen en die sub- of kantienkultuur spesifiek 'n tipe manlikheid verteenwoordig en projekteer wat kenmerkend is van die meeste polisiemagte. In aansluiting hierby wys Smith en Gray (1985:372) daarop dat die lede van die manlik gedomineerde subkultuur dit beklemtoon dat 'n beampte altyd dominant moet wees en dat

> in any encounter and not losing face, the emphasis placed on masculine solidarity and on backing up other men in the group especially when they are in the wrong, the stress on drinking as a test of manliness and a basis for good fellowship, the importance given to physical courage and the glamour attached to violence. This set of attitudes and norms amounts to a "cult of masculinity" which also has a *strong influence on policemen's behaviour towards women*, towards victims of sexual offences and towards sexual offenders (my kursivering).

Die operasionele definisie van polisiesubkultuur wat vir hierdie studie aanvaar word, is soos volg: Polisiesubkultuur is 'n ingesteldheid wat deur die meerderheid, hoofsaaklik manlike polisiebeamptes sowel ondersteun as nagestreef word. Dit word veral gekenmerk deur agterdogtigheid, pragmatisme, sinisme, pessimisme, misie-en-aksie-ingesteldheid, polisie-konserwatisme, eienskappe wat tradisioneel as "manlik" of "machismo" getipeer word (bv. kru taal, alkoholmisbruik en buitengewone fisieke vermoëns), samehorigheid, eie gebruike en rituele (bv. mishandeling om bekentenisse te kry), weersin in strukturele-, gesags- en diskresionêre inperkings, diskriminasie en vooroordeel teen onderdrukte groepe asook isolasie en solidariteit wat van generasie tot generasie oorgedra word. Elke generasie word blootgestel aan nuwe uitdagings en beleidsbepalings wat daartoe kan bydra dat nuwe houdings en norme gevorm word of dat gevestigde houdings en norme geherformuleer word. Hierdie kenmerke is in 'n mindere of meerdere mate aanwesig op alle vlakke van die polisiehiërargie.

Die bestaan van 'n bepaalde kultuur en subkultuur bring mee dat mites, vooroordele en stereotipes tussen groepe ontstaan. Met ander woorde, kategorisering vind plaas ten einde die individu se leefwêreld te vergemaklik.

1.3 KATEGORISERING

Alvorens aandag aan die konsepte "stereotipes" en "vooroordeel" geskenk kan word, is dit van belang om die algemene struktuur en funksionering wat met die konsepte geassosieer word, te verduidelik. Die rede hiervoor is dat stereotipes en vooroordeel voortspruit uit kategorisering. Derhalwe kan kategorisering as 'n proses gesien word aangesien mense, groepe, gebeure en voorwerpe in kategorieë geplaas word. Hierdie proses van kategorisering fasiliteer die emosionele binding en konnotasie wat 'n persoon moet maak in die handhawing van die onderskeid (gebaseer op vooroordeel) tussen die in- en die uit-groep (Tajfel, 1981:132-134). Die instandhouding van besluite oftewel oordele (stereotipes en vooroordele) deur middel van kategorisering is selfversterkend vir 'n persoon. Met ander woorde, wanneer negatiewe oordele teenoor 'n uit-groep gefel word binne 'n sosiale konteks waar dié oordele deur die persoon se eie groepslede ondersteun word, sal dit selfversterkend wees. Die persoon word dus deur sy of

haar eie groep ondersteun in die besluit/oordeel.

Volgens Plug, Meyer, Louw en Gouws, (1987:172) kan 'n kategorie omskryf word as

> 'n groepering van items wat een of meer eienskappe in gemeen het en waardeur dit onderskei word van ander groepe. Mense kan onder meer in die twee kategorieë "mans" en "vroue" ingedeel word. Die onderskeid tussen die kategorieë is kwalitatief.

Deur individue, objekte, mense, gebeure en groepe in bepaalde kategorieë te plaas, word dit moontlik om onderskeide te tref. Daar kan dus gesê word dat die mens kategorieë gebruik ten einde die komplekse sosiale omgewing te organiseer en meer verstaanbaar te maak. Ter stawing hiervan verklaar Tajfel (1981:132) dat kategorieë "introduce simplicity and order where their is complexity and nearly random variation". Kategorieë dra dus daartoe by dat verskille tussen groepe wat vaag is duidelik omskryf word; dat verskille ontwikkel word waar daar voorheen geen verskille bestaan het nie; en dat dat daar eerder op vereenvoudiging as op tweeledigheid gefokus word. Tewens, al word die teendeel van oorvereenvoudigde en selfs kunsmatige verskille wat deur middel van kategorisering daargestel word bewys, is mense geneig om die inhoud of onderwerp van hulle kategorieë in stand te hou. Die siening dat vroue se emosionaliteit hulle bekwaamheid aan bande lê, is 'n voorbeeld hiervan.

Volgens Brown (1986:469) bestaan 'n kategorie uit 'n aantal objekte of kenmerke wat dieselfde betekenis het of as dieselfde beskou word. Kategorieë word geïdentifiseer en van mekaar onderskei deur name soos byvoorbeeld dier, hond, kat, groente, ertjies, wortels, vrugte, lemmetjie en lemoen aan hulle toe te ken. In die verband meld hy dat "a taxonomy is a hierarchy of categories such that categories are related to one another in terms of class inclusion. The category called *animal* includes *dogs* and *cats* but no other item in the sample list above". Die kategorie vrugte sal dus lemmetjie en lemoen insluit aangesien die ander voorbeelde nie in hierdie kategorie tuishoort nie.

Fiske en Morling (1996:94-98) omskryf kategorisering as die proses waardeur objekte of mense as lede van 'n groep of 'n kategorie geklassifiseer word. Kategorieë het hoofsaaklik twee funksies, naamlik om die wêreld te vereenvoudig en om inligting te voorsien. Derhalwe word alle nuwe inligting gekategoriseer en sodra dit gekategoriseer is, kan 'n persoon dit deur middel van kognitiewe prosesse herroep, ten einde 'n spesifieke situasie beter te kan begryp en bepaalde verbande te kan insien. Individue kategoriseer persone op dieselfde wyse as wat hulle objekte klassifiseer. Dit sluit kategorieë met betrekking tot sosiale rolle, persoonlikheids-eienskappe en sosiale situasies in. 'n "Prototipe" wat as die gemiddelde of tipiese persoon of

objek beskou word, word in die geheue gestoor. Dit impliseer dat persone se sosiale prototipes beskou kan word as die gemiddelde van 'n aantal gedragshandelinge en persoonlikheids-eienskappe. Ter illustrasie hiervan kan die tipiese ekstrovert voorgehou word, naamlik hy of sy is sosiaal, praat graag met ander mense, is energiek en lewenslustig. Net soos die voorbeeld wat Brown (1986:469) ten opsigte van objekte voorhou en die hiërargiese kategorisering wat ten opsigte van objekte geld, kan sosiale kategorieë ook hiërargies georganiseer word. Die breër kategorie rakende sosiale kategorisering hou meestal verband met die attribute wat aan 'n persoon toegeken word, byvoorbeeld, 'n sportman kan as die breë kategorie beskou word, terwyl subkategorieë hier onder andere hoogspringer of rugbyspeler kan insluit. Mense is geneig om die gemiddelde ten opsigte van sosiale kategorieë te internaliseer ten einde meer ekonomies rakende simboliese verwerking te funksioneer en sodoende die meeste inligting op 'n gegewe stadium oor 'n sosiale kategorie beskikbaar te hê.

Aangesien kategorisering 'n proses is wat stereotipering en vooroordeel voorafgaan, moet dit eerder verduidelik as omskryf word (Horowitz & Bordens, 1995:91). In aansluiting hierby meld Smith en Mackie (1995:173) dat

> as process builds upon process, the effects of stereotypic impressions and preferences for our own groups can work together and reinforce each other to produce malignant group hatred and appalling discrimination. Stereotypes can contribute to prejudice, but prejudice can also nourish stereotyping.

In die lig daarvan dat dit wenslik is om kategorisering eerder te verduidelik as te definieer, word daar vir die doeleindes van hierdie studie volstaan met die voorafgaande verduideliking van die konsep kategorisering. Dié verduideliking dien dan ook as die basis waarop die omskrywing van die begrippe stereotipes en vooroordeel berus.

1.4 STEREOTIPES

Die begrip "stereotipe" is vir die eerste keer in 1922 deur Lippmann gebruik om ongegronde sienings wat groepe oor ander groepe huldig, te illustreer (Stangor, 1996:628). Aangesien stereotipes nie betrekking het op kenmerke wat werklik by al die lede van 'n groep voorkom nie, het Lippmann stereotipes as "pictures in our heads" beskryf (Horowitz & Bordens, 1995:179). Hierdie beelde of prente in ons koppe, oftewel stereotipes, het inderwaarheid 'n heuristiese waarde. Anders gestel, groepe gebruik stereotipes as 'n kortpad om 'n oordeel oor ander groepe te fel. Stereotipes word dan ook hoofsaaklik deur sosiale sielkundiges bestudeer aangesien dit meestal binne sosiale groepe ontwikkel en spesifieke optrede tot

gevolg het. Kenmerkend van stereotipering is dat dit vinnig ontwikkel en geaktiveer word wanneer daar kontak tussen lede van opponerende groepe, wat in disharmonie met mekaar funksioneer, voorkom.

Plug et al. (1987:348) omskryf stereotipe as "'n oorvereenvoudigde, eensydige en relatief onbuigbare siening van 'n groep, 'n individu of enige ander saak". Bullock en Stallybrass (1977:601) brei op die definisie uit deur 'n stereotipe te omskryf as "an over-simplified mental image of (usually) some category of person, institution or event which is shared, in essential features, by large numbers of people". Hierdie kategorieë kan wyd, of eng wees. 'n Wye benadering geld byvoorbeeld wanneer na ras verwys word, terwyl verwysings na feministe 'n eng benadering behels. 'n Voorbeeld van 'n eng kategorie waaroor 'n stereotipe geld, is die siening dat manlike polisiebeamptes gewelddadig of dat vrouepolisiebeamptes onvroulik is. Hieruit kan afgelei word dat stereotipering meestal tot gevolg het dat onregverdige en veralgemeende reaksies teenoor 'n persoon of persone wat aan 'n sekere groep (bv. beroepsgroep) behoort, gevorm word sonder dat die moontlikheid oorweeg word dat dié stereotipe onakkuraat of verkeerd mag wees (Smith & Mackie, 1995:179).

Volgens Skolnick (1966:44) is die polisie vanweë hulle unieke werkomstandighede geneig om bepaalde sienings van die wêreld waarin hulle werksaam is te ontwikkel. Hierdie sienings of wyses waarop die polisie na situasies en gebeure kyk, noem Skolnick kognitiewe lense ("cognitive lenses") (Middlebrook, 1980:504). In hierdie konteks verwys kognitiewe lense na stereotipes wat mense of groepe teenoor mekaar ontwikkel. Die meeste van hierdie stereotipes hou verband met 'n breë sosiale kategorie en fokus veral op geslag, ras, nasionaliteit, ouderdom en fisieke aantreklikheid. In die verband word stereotipe dus in die wye konteks gebruik.

Stereotipes is volgens Soroka en Bryjak (1995:200-201) oorvereenvoudigde en gekategoriseerde kenmerke wat alle lede van 'n spesifieke groep veronderstel is om te hê en wat hulle van ander groepe onderskei. In die verband benadruk hulle dat "once formed and in place, these beliefs tend to accentuate the importance of observations that confirm the stereotype and to discount or ignore alltogether the importance of observations that challenge the stereotype".

'n Stereotipe ontwikkel wanneer 'n persoon denkbeeldige korrelasies oor 'n ander persoon of groep maak, wat meestal negatief is (Baron & Byrne, 1987:123). Sodra 'n korrelasie deur 'n in-groep aanvaar word, dien dit as 'n versterking vir die ontwikkeling van 'n stereotipe. Dit

impliseer dat hierdie negatiewe siening mettertyd as 'n algemeen geldende beskouing van lede van die uit-groep aanvaar word. Derhalwe omskryf Middlebrook (1980:82) stereotipering as die klassifisering van 'n persoon as lid van 'n bepaalde sosiale groep en 'n oortuiging dat die persoon oor dieselfde karaktereienskappe beskik as die ander lede van daardie groep. 'n Voorbeeld hiervan is wanneer iemand gevra word om die tipiese vrouepolisiebeampte te beskryf en die persoon dit doen ofskoon hy of sy nie voorheen kontak met 'n vroue-polisiebeampte gehad het nie. In die geval maak die persoon gebruik van 'n sosiale stereotipe.

Tajfel (1981:143-154) wys daarop dat sosiale stereotipes inderwaarheid suiwer kognitiewe prosesse behels wat voortspruit uit sosiale waarde-oordele. As gevolg hiervan hou stereotipes sterk motiveringsfunksies vir 'n persoon of groep in ondanks die moontlikheid dat die stereotipes onakkuraat, irrasioneel en rigied kan wees. Ter illustrasie hiervan voer Tajfel aan dat die stereotipe bestaan dat alle Jode haakneuse het. Ondanks teenstrydige waarnemings word die stereotipe algemeen in die samelewing aanvaar en selfs as geykte uitdrukking gebruik. Gevolglik kan gekonstateer word dat 'n stereotipe oor die algemeen beskou word as 'n abstrakte kognitiewe siening van 'n sosiale groep oftewel groepskemas of groepprototipes (Stangor, 1996:628).

Stereotipes vervul die volgende vier funksies (Tajfel, 1981:146):

- 'n Sosiale stereotipe word ontwikkel en toegepas in omstandighede wat dit van die persoon of groep vereis. Dit impliseer dat daar 'n behoefte bestaan om dit wat in 'n komplekse, meestal stresvolle sosiale gebeurtenis of verskynsel plaasvind, te verstaan.

- Dit bied regverdiging vir 'n persoon of groep se optredes teen lede van uit-groepe.

- Stereotipes dra by tot die ontwikkeling en instandhouding van groepe se waarde-oordele en baken die grense af waarbinne uitdrukking hieraan gegee kan word.

- Dit maak herdefiniëring van die onderskeid tussen die in-groep en uit-groep moontlik sodra bestaande differensiasie diffuus raak, differensiasie of assosiasie met die eie groep nie meer positief is nie, of as verandering moet plaasvind as gevolg van byvoorbeeld konflik of kompromieë wat aangegaan is.

Stangor (1996:628-631) wys daarop dat stereotipes soms vir 'n emosionele verryking van die self aangewend word en dus as 'n vyfde funksie by bogenoemde gevoeg kan word. 'n Persoon

wat 'n positiewe sosiale identiteit nastreef, kan 'n stereotipe in 'n bepaalde konteks gebruik ten einde sy of haar eie identiteit in die betrokke groep te vestig. Verder wys hy daarop dat stereotipes bepaalde psigodinamiese behoeftes bevredig soos wanneer 'n persoon negatiewe oortuigings oor die self op magtelose sosiale groepe projekteer of wanneer vyandigheid hanteer word deur die uit-groep daarvoor te blameer. Stereotipes kry makliker beslag in situasies wat as intergroep (een groep teenoor 'n ander groep bv. in-groep teenoor die uit-groep) in plaas van intragroep (lede in een groep onderling bv. lede van die in-groep) getipeer word, veral wanneer dit 'n positiewe in-groep identiteit moet bevorder.

Benewens hierdie funksies meld Allport (1954:20-22) dat stereotipes die volgende eienskappe besit:

- Dit kategoriseer inligting in bundels ("clusters") waarvolgens mense se daaglikse interaksie gerig word.

- Tydens kategorisering word soveel inligting as moontlik geassimileer en by die bundel geïnkorporeer.

- 'n Kategorie stel 'n persoon in staat om verbandhoudende objekte te identifiseer.

- Alle geassimileerde en geïnkorporeerde inligting word met dieselfde mate van ideologiese en emosionele waarde in 'n kategorie opgeneem.

- Kategorieë kan minder of meer rasioneel wees.

Hy wys ook daarop dat onderskeid getref moet word tussen 'n kategorie en 'n stereotipe. In hierdie verband voer hy aan dat 'n stereotipe "an exagerated belief assosiated with a category" is. Sodoende kombineer Allport die kognitiewe en die waarde-funksie van stereotipering. Stangor (1996:628) voer in aansluiting hierby aan dat stereotipes "are societally shared BELIEFS about the characteristics (such as personality TRAITS, expected behaviors, or personal VALUES) that are perceived to be true of social groups and their members".

Vir die doeleindes van hierdie studie sal die definisie van Bullock en Stallybrass (1977:601) as operasionele definisie gebruik word. Volgens hulle kan stereotipes beskou word as oorvereenvoudige beelde wat 'n groep deel rakende individue, instansies of gebeure. Aangesien hierdie definisie nie spesifiek na die waarde-komponent van stereotipes verwys nie,

sal dit tot die definisie toegevoeg word. Gevolglik word 'n stereotipe omskryf as 'n oorvereenvoudigde kognitiewe beeld met bepaalde waarde-oordele, wat sowel binne die eng as wye konteks deur 'n groot groep persone gedeel word, ten opsigte van sekere kategorieë, persone, groepe, instansies of gebeure, rakende hulle essensiële eienskappe.

1.5 VOOROORDEEL EN DISKRIMINASIE

Vervolgens word hierdie twee begrippe afsonderlik omskryf.

1.5.1 Vooroordeel

In die lig van die voorafgaande kan die afleiding gemaak word dat groepe of mense wat botsende belange het, meestal oorvereenvoudige sienings van mekaar sal vorm ten einde hulle eie sienings of bestaan te regverdig. Volgens Baron en Byrne (1987:151) kan hierdie sienings oftewel "vooroordeel" omskryf word as 'n houding wat meestal negatief is teenoor lede van 'n bepaalde groep. Die houding is bloot gebaseer op die spesifieke groep se lidmaatskap van die groep derhalwe speel individuele eienskappe of gedrag geen of 'n onbeduidende rol in die vorming daarvan. Negatiewe houdings van mans teenoor vroue, rassegroepe teenoor mekaar, homofobie (vrees vir homoseksuele) en die vrees vir veroudering, kan almal as vooroordele getipeer word wat met 'n betrokke groep verband hou.

Klineberg (1968:439) wys daarop dat vooroordeel 'n voorafoordeel of 'n prekonsepsualisering is wat gevorm word voordat relevante inligting ingesamel of geïnterpreteer is. Gevolglik word vooroordele gebaseer op onvoldoende of selfs denkbeeldige inligting. Hierdie kognitiewe of konseptuele aspek wat deur die meeste navorsers as vooroordeel omskryf word, behels egter net die kognitiewe komponent daarvan. Volgens Klineberg is dit belangrik dat sowel die konatiewe as die affektiewe aspekte ook aangespreek word in die omskrywing van vooroordeel. Die rede hiervoor is dat vooroordeel op 'n houding geskoei is en dat die affektiewe komponent derhalwe ter sprake kom. As gevolg van hierdie komponent is 'n persoon meestal oorgehaal om op 'n bepaalde manier op te tree ten einde sy of haar voor- of afkeur teenoor 'n bepaalde persoon of groep uit te druk. Hierdie handelingskomponent (konatiewe deel) speel dan ook 'n deurslaggewende rol in diskriminasie.

Ter stawing van Klineberg se standpunt voer Baron en Byrne (1987:152) aan dat vooroordele net soos houdings drie hoofkomponente bevat, naamlik die affektiewe, kognitiewe en gedrags-komponente. Die affektiewe komponent het betrekking op negatiewe gevoelens of emosies

wat persone na aanleiding van hulle vooroordeel ervaar wanneer hulle in die teenwoordigheid van lede van 'n spesifieke groep is of wanneer hulle om 'n bepaalde rede aan hierdie persone dink. Die kognitiewe komponent sluit dít wat van lede van bepaalde groepe geglo en verwag word in asook wyses waarop die inligting oor hierdie persone geïnterpreteer, geprosesseer en simbolies verwerk word. Die gedragskomponent hou verband met die geneigdheid om op 'n negatiewe wyse op te tree teenoor 'n groep wat die fokus van vooroordeel is. Die voorneme om op sodanige wyse op te tree, sal ook hiermee verband hou. Hierdie drie komponente sal ook in die omskrywing van houding aandag geniet.

Houdings kan kovert bly of deur middel van overte aksies vertoon word. Sodra negatiewe opinies of houdings (affektiewe komponent) as overte aksies beslag kry, is diskriminasie ter sprake. Vooroordeel (m.a.w. 'n negatiewe houding) teenoor lede van 'n bepaalde groep, kan geïnhibeer word deur sosiale druk, wetgewing en die vrees vir weerwraak. Indien hierdie beperkende magte afwesig is, bestaan die moontlikheid dat die negatiewe houdings makliker tot uitdrukking sal kom (Baron & Byrne, 1987:152; Horowitz & Bordens, 1995:178). Onregverdige optrede of praktyke teenoor lede van die uit-groep is meestal die gevolg van vooroordeel wat teenoor daardie groep deur die in-groep gekoester word. In teenstelling met diskriminasie, wat betrekking het op die wyse waarop groepe teenoor mekaar optree, verwys vooroordeel na die wyse waarop groepe oor mekaar dink ten opsigte van vasgestelde en rigiede kognitiewe beelde (Brown, 1996:532; Soroka & Bryjak, 1995:200). Aangesien vooroordeel nie alleen verband hou met negatiewe emosionele response nie, maar meestal gepaard gaan met die geneigdheid om onregverdig op te tree, moet vooroordeel as 'n integrale deel van 'n houding beskou word (Philipchalk, 1995:326-327). Hierdie geneigdheid om onregverdig op te tree, word in Brown en Lepore (1996:450) se omskrywing van vooroordeel benadruk. Hulle omskryf vooroordeel as

> the holding of derogatory *attitudes or beliefs*, the expression of *negative affect* or the display of hostile or *discriminatory behavior* towards members of a group on account of their membership in that group. In this light sexism, racism, homophobia and ageism can all be concidered as special cases of prejudice.

Brown en Lepore (1996:450) se omskrywing word as operasionele definisie vir vooroordeel aanvaar aangesien hierdie definisie nie vooroordeel beperk tot die kognitiewe of houdings-domein nie, maar ook erkenning daaraan gee dat vooroordele sowel emosies as gedrag kan affekteer. Verder dui die definisie daarop dat vooroordeel afkomstig is uit veral drie bronne, naamlik sosiopsigologiese motiverings, kognitiewe prosesse en sosiokulturele faktore wat op individue en hulle in-groepe 'n invloed het. Hierdie bronne wat vooroordeel voed, het ook direk

'n invloed op die voorkoms van diskriminasie.

1.5.2 Diskriminasie

Die begrip "diskriminasie" kan omskryf word as die proses waardeur individue wat aan 'n bepaalde groep behoort sekere geleenthede en gelyke regte ontsê word as gevolg van vooroordeel of ander arbitrêre redes (Schaefer, 1986:231). Hierdie definisie is vaag aangesien die konsep "arbitrêre redes" niksseggend is nie. Horowitz en Bordens (1995:180) meld egter dat

> like stereotyping, discrimination is a normal part of our cognitive activity. It is one way our mental apparatus deals with the world. ... Discrimination becomes problematic when it is directed toward people simply because they are presumed to be members of a particular group.

Hierdie outeurs beskou diskriminasie dus as enige overte handeling wat teenoor persone wat as uit-groeplede geëtiketteer is, uitgevoer word. 'n Verdere probleem wat hulle identifiseer, is dat 'n persoon negatiewe optrede kan verwag van die in-groep bloot op grond van die feit dat daar aangeneem word dat die persoon oor kwaliteite beskik wat kenmerkend is van die uit-groep.

Hierteenoor definieer Plug et al. (1987:67-68) diskriminasie soos volg:

- Die bespeuring van verskille tussen voorwerpe, mense of situasies, as deel van waarneming.
- Die lewering van verskillende response na aanleiding van verskillende stimuli of situasies.
- Verskille in optrede teenoor persone, groepe of ander sake, wat die gevolg is van vooroordeel.

Hierdie definisie is meer geskik vir die onderhawige studie aangesien reaksies, optrede en gevolge van diskriminasie aangeraak word. Plug en sy medewerkers se omskrywing van diskriminasie word dus vir die doeleindes van hierdie studie as operasionele definisie aanvaar aangesien dit die handelingskomponent wat diskriminasie onderlê, aantoon en die interafhanklikheid van diskriminasie en vooroordeel benadruk word.

1.6 PERSOONLIKE EN SOSIALE IDENTITEIT

Die konsep "identiteit" is van die Latynse woord *idem* wat "dieselfde" beteken afgelei. Dieselfde moet in hierdie konteks gesien word as gelykheid of eendersheid met betrekking tot die karakter van iets of om presies dieselfde te bly of 'n eenheid te vorm (Thom, 1988:89).

Identiteitontwikkeling kan dus as 'n proses beskou word wat alle mense deurloop en wat gepaardgaan met hoe persone hulleself beskou. Hoewel veranderinge in mense se lewens plaasvind, word aangevoer dat normale persone se siening van hulleself met tydsverloop 'n mate van konsekwentheid sal toon. Volgens Mussen, Conger en Kagan (1979:494) poog individue ook om hulleself as unieke uitkenbare persone oor tyd te bewys sodra hulle tevrede is met hoe hulle hulself sien. Dit is juis hierdie selfwaarneming wat essensieel is by identiteitsvorming.

Die ego-sielkundige, Erik Erikson (1963:261), het veral betekenisvolle bydraes gelewer ten opsigte van die belangrikheid wat identiteit vir die individu het asook vir interaksie met ander. In die lig hiervan kan gevra word hoe identiteit omskryf moet word? Erikson wys daarop dat dit moeilik is om die begrip identiteit te definieer sonder om afbreuk te doen aan die kompleksiteit van die begrip. Die kompleksiteit van die term identiteit, blyk uit die verskeidenheid van omskrywings wat oor die konsep bestaan. Alvorens 'n definisie dus gegee kan word, is dit nodig om kennis te neem van die gebeure wat tydens identiteitontwikkeling plaasvind.

Volgens Meyer, Moore en Viljoen (1993:169) beskryf Erikson die adolessente tydperk as 'n kritieke tyd vir identiteitsontwikkeling aangesien liggaamlike veranderinge en geslagsrypheid wat plaasvind asook die sosiale verwagting dat die adolessent 'n beroepskeuse sal maak, 'n groot rol speel in wie die persoon eendag sal wees. In die verband meld Erikson (1963: 261) dat adolessente hulleself besig hou met vrae soos: "Hoe sien ander mense my?"; "Hoe stem ander se siening van my ooreen met my siening van myself?"; en "Hoe pas die rolle en vaardighede wat ek aangeleer het in by die beroep wat ek wil volg en hoe pas dit alles by my toekoms in?" Die totaliteit van hierdie soektog na 'n selfbeeld, kontinuïteit in die eie lewe en kongruensie tussen die selfbeeld en die rolverwagtings van die samelewing noem Erikson die soeke na identiteit (ook ego-identiteit genoem). Individue ervaar 'n gevoel van identiteit wanneer hulle daarin slaag om integrasie te bewerkstellig tussen al hulle vroeëre identifikasies, hulle drange, hulle wense en toekomsverwagtinge, vermoëns en vaardighede asook die geleenthede wat die samelewing hulle bied.

Hoewel Meyer et al. (1993:169) toegee dat identiteit 'n komplekse konsep is om te omskryf, meen hulle tog dat dit gedefinieer kan word. Volgens hulle kan identiteit gedefinieer word "as die individu se siening van homself, wat die gevoel insluit dat daar 'n kontinuïteit in sy lewe bestaan, asook dat daar 'n ooreenstemming is tussen sy eie en ander se siening van homself". 'n Belangrike aspek wat verband hou met hoe persone hulleself sien, is hulle siening van hulleself as lede van óf die manlike óf die vroulike geslag en die aanvaarding van die daarmee gepaardgaande kultureel aanvaarde gedragswyses. Hierdie proses neem reeds by geboorte 'n aanvang en staan bekend as die ontwikkeling van die geslagsrolidentiteit. In kort kom dit daarop neer dat daar biologiese en psigologiese verskille tussen seuns en meisies bestaan wat daartoe bydra dat hulle verskillende gedragswyses en behoeftes ontwikkel (Louw, Gerdes & Meyer, 1985:238-239).

Aangesien Meyer et al. (1985:238-239) se definisie slegs op die konsep identiteit fokus, is dit te eng vir die doeleindes van hierdie studie aangesien sosiale identiteit ook 'n kernkomponent is. Derhalwe is Plug et al. (1987:150) se definisie van identiteit meer geskik aangesien dit hierdie leemte ondervang. Hierdie definisie omskryf identiteit soos volg:

- 'n Kort vorm van identiteitsgevoel en *persoonlike identiteit*, dit wil sê die gevoel van 'n persoon dat hy, ten spyte van tydsverloop en veranderings wat daarmee gepaard gaan, dieselfde persoon bly (my kursivering).
- Die gevoel van 'n persoon dat hy tot 'n groep mense, bv. 'n volk of 'n ouderdomsgroep, behoort, d.w.s. dat hy in die belangrikste opsigte soos hulle is en dat hy hom met hulle vereenselwig - *sosiale identiteit* (my kursivering).

Vervolgens sal die onderskeid tussen persoonlike en sosiale identiteit onder die loep geneem word. Aangesien 'n gedeelte van die mens se persoonlike identiteit omskryf word in terme van groeplidmaatskap of groepaffiliasie, kan die afleiding gemaak word dat die groep waaraan 'n mens behoort (in-groep) positief in plaas van negatief beskou sal word (Brown, 1996:547). Die meeste mense verkies dus om 'n positiewe selfkonsep (siening van die self) te hê in plaas van 'n negatiewe een. In hierdie verband noem Tajfel (1981:256-259) dat

> the social identity of an individual conceived as his knowledge that he belongs to certain social groups together with some emotional and value significance to him of his membership can only be defined through the effects of social categorizations segmenting an individual's social environment into his own group and others.

Sosiale identiteit word dus afgelei van groeplidmaatskap. Volgens Brown (1986:560-561) hou 'n positiewe sosiale identiteit verband met lidmaatskap aan dominante groepe (o.a. familie-, rasse- en geslagsgroepe). Die eie groep word in vergelyking met kontrastrerende of uit-groepe

as gunstig beskou deur sowel die individu of die in-groep as deur die meerderheid van die samelewing. In die verband kan gesê word dat "positive social identities influence self-esteem, and that is about all there is to say about them" (Brown, 1996:548). Die bestaan van 'n positiewe sosiale identiteit sal dit ook 'n positiewe persoonlike identiteit meebring. Indien een van hierdie identiteite bedreig word, sal die persoon of groep derhalwe poog om hulleself of die groep te verhef bo die bedreigende persoon of groep (Brown, 1996:548; Turner, 1996:557-558). 'n Groep wat saamstaan en sosiaal aanvaarbare pogings aanwend (bv. politieke onderhandelinge) om hulle onderdrukking (bedreiging) uit die weg te ruim, poog hiermee om hulle negatiewe identiteit na 'n positiewe identiteit te verander.

Aangesien persoonlike en sosiale identiteit mekaar komplimenteer en Erikson (Thom, 1988:89) waarsku dat die omskrywing van identiteit afbreuk kan doen aan die konsep, sal daar vir die doeleindes van hierdie studie volstaan word met die voorafgaande verduideliking van die konsepte persoonlike en sosiale identiteit. Hierdie begrippe word ook meer breedvoerig uiteengesit in die bespreking van die sosiale identiteitsteorie van Henry Tajfel (kyk Hfst. 3, afd. 3.2).

1.7 HOUDING

Die begrip "houding" is moeilik definieerbaar aangesien bestaande definisies uiteenlopend van aard is. Dit bring mee dat te veel onbruikbare definisies in die sosiale wetenskappe bestaan. In die verband stel Eiser (1982:81) voor dat die begrip houding inderwaarheid herformuleer moet word ten einde een universele omskrywing daarvan te verseker. Aansluitend hierby wys Sampson (1991:166-167) daarop dat daar na raming meer as 500 uiteenlopende definisies van die begrip houding bestaan. Om die probleem te ondervang, behoort navorsers daarop bedag te wees om nie in die slaggat te trap om kulturele verskille in die omskrywing van die begrip te inkorporeer. Ondanks die uiteenlopende omskrywings wat oor houdings bestaan, meen Blumer (1969:93) dat dit van belang is om aandag aan die omskrywing van die begrip te skenk alvorens enige studie onderneem word wat houdings tussen twee groepe meet.

Aronson, Wilson en Akert (1994:287) voer aan dat, hoewel daar nie konsensus tussen sosiale sielkundiges bestaan oor hoe die begrip houding gedefinieer moet word nie, die meeste saamstem dat "it consists of an enduring evaluation - positive or negative - of people, objects, and ideas". Verder meen Eagly en Chaiken (1993:1) dat 'n houding omskryf kan word as "a psychological tendency that is expressed by evaluating a particular entity with some degree of favor or disfavor". 'n Psigologiese geneigdheid impliseer inderwaarheid dat slegs sekere

persone 'n geneigdheid tot houdingvorming sal hê. Geneigdheid beteken dus dat dit nie altyd voorkom nie. Met ander woorde, bepaalde individue is psigologies gepredisponeer om houdings te kan vorm teenoor objekte of persone. Die definisie laat na om uit te lig dat alle mense oor die vermoë beskik om houdings te ontwikkel.

Volgens Potter en Wetherell (1987:43) behoort die volgende definisie van 'n houding deur navorsers in oorweging geneem te word wanneer empiriese houdingstudies onderneem word:

> When people are expressing attitudes they are giving responses which locate "object of thought" on "dimensions of judgement". That is when they are speaking or acting, people are taking some idea or object of interest and giving it a position in an evaluative hierarchy.

Alhoewel hierdie omskrywing aandui dat 'n houding kan bydra tot 'n bepaalde respons (positief of negatief), is dit onduidelik wat die doel van die respons vir die persoon is. Verder is dit ook onduidelik of houdings aangebore of aangeleer is. In die verband wys Baron en Byrne (1991:137-138) daarop dat 'n definisie van houding oor twee eienskappe moet beskik. Eerstens moet dit meer as net 'n aanduiding van positiewe en negatiewe gevoelens behels. Hulle voer aan dat "memories of past experiences with attitude objects, mental images of them, and several other aspects of cognition also play a part". Tweedens wys hulle daarop dat "a comprehensive definition of attitudes should reflect the fact that they serve important *functions* for the persons who hold them" (my kursivering). 'n Houding bestaan nie in 'n sosiale vakuum nie, maar ontwikkel om spesifieke redes en om verskeie funksies te vervul. Na aanleiding hiervan formuleer hulle die volgende definisie: "Attitudes are enduring mental representations of various features of the social or physical world. They are acquired through experience and exert a directive influence on subsequent behavior".

Hierdie definisie dui daarop dat houdings met verloop van tyd verwerf of aangeleer word. Dit ondervang dus die leemte van Potter en Wetherell se omskrywing. Ofskoon Baron en Byrne se definisie aantoon dat 'n houding rigting aan gedrag gee, laat dit na om aan te toon wat die aard van die rigting is. Dit impliseer dat daar nie aangedui word of 'n houding tussen positief en negatief kan fluktueer nie en in welke mate 'n houding permanent of tydelik van aard is nie. Verder word daar ook nie aan die moontlike aanwesigheid van 'n affektiewe komponent aandag gegee nie. Sampson (1991:166-167) ondervang laasgenoemde leemte wanneer hy daarop wys dat die meeste definisies van die begrip houding volgens Westerse standaarde gefundeer word op die siening dat alle menslike ervarings of handelinge in drie komponente ingedeel kan word, naamlik die

b15267206
i15827185

- kognitiewe komponent

- affektiewe of evaluatiewe komponent

- konatiewe of gedragskomponent.

Ofskoon hierdie komponente in die ontwikkeling van houdings, vooroordeel en diskriminasie verweef is, is dit van belang om die funksie daarvan in houdingvorming uiteen te sit. Die rede hiervoor is dat vooroordeel en diskriminasie houdingvorming voorafgaan en later as 'n gevestigde houding bestaan wat denke, emosies en gedrag rig.

Hoewel Kahn (1984:82) saamstem dat die bostaande drie komponente van belang is in die definiëring van die begrip, voer hy ook aan dat 'n houding relatief permanent van aard is en tot sosiaal-betekenisvolle gebeure beperk is. 'n Houding is volgens hom "a relatively enduring organization of beliefs, feelings, and behavioral tendencies toward socially significant objects, groups, events, or symbols". Hierdie definisie openbaar dieselfde leemte as Baron en Byrne se omskrywing, naamlik dat daar nie spesifiek na die aard van die gevoelens verwys word nie. Die affektiewe komponent word dus nie duidelik aangetoon nie. Die aard van die affektiewe komponent word as belangrik beskou aangesien 'n positiewe of 'n negatiewe gevoel teenoor iets of iemand meestal ook 'n redelike juiste aanduiding van die aard van die kognitiewe en gedragskomponent sal weerspieël. Verder dien gemeld te word dat die komponente nie as losstaande entiteite beskou moet word nie, maar dat die een as 'n funksie van die ander gesien moet word. Die aard van 'n houding kom duideliker in Kahn se definisie na vore. Uit die definisie kan afgelei word dat 'n houding oortuigings, gevoelens en gedragsgeneigdhede relatief blywend organiseer.

Sherif en Sherif (1969:336-337) omskryf 'n houding as

> the individual's set of categories for evaluating a domain of social stimuli (objects, persons, values, groups, ideas, etc.) which he has established as he learns about that domain (in interaction with other persons, as a general rule) and which relate him to subsets within the domain with varying degrees of positive or negative affect (motivation-emotion).

Bostaande omskrywing voldoen grootliks aan die voorgestelde kriteria waaraan 'n definisie van 'n houding behoort te voldoen.

Interaksie met veral 'n individu se betekenisvolle ander lê gewoonlik die grondslag vir die

ontwikkeling van 'n houding. Volgens bostaande definisie word 'n houding vanuit die wye objektiewe stimulusveld rondom 'n persoon gevorm. 'n Verdere aspek is dat 'n persoon die stimuli uit 'n bepaalde domein selekteer en evalueer. In hierdie verband voer Sherif en Sherif (1969:337) aan dat "having an attitude becomes a matter of degree, rather than an all-or-none affair". Hiervolgens word 'n persoon mettertyd verbonde aan bepaalde onderafdelings in die domein van sosiale stimuli. Dit impliseer dat 'n persoon op 'n bepaalde manier sal dink oor en optree teenoor 'n stimulus. Die evaluatiewe of affektiewe word ook duideliker as in die ander definisies na vore gebring. Stimuli word voortdurend geëvalueer en in kategorieë geplaas wat ten opsigte van grade van positiwiteit of negatiwiteit wissel.

Vir die doeleindes van hierdie studie word die affektiewe komponent van 'n houding beklemtoon aangesien die oogmerk is om die affektiewe of evaluatiewe komponent van 'n bepaalde groep, naamlik manlike en vroulike polisiebeamptes se houding teenoor die vrouepolisiebeampte te bepaal. Klem word dus nie soseer op die kognitiewe en konatiewe komponente gelê nie. In die lig hiervan word die omskrywing van Sherif en Sherif as operasionele definisie aanvaar omdat dit veral klem lê op die affektiewe komponent van 'n houding ("motivation-emotion").

Die voorafgaande impliseer dat 'n mens se houding teenoor iets of iemand met tydsverloop aangeleer word en dat die houding wat aangeleer is redelik permanent van aard is. Aangesien houdings die belangrikste konsep in hierdie navorsing is, is dit van belang om die eienskappe daarvan meer breedvoerig uiteen te sit. Die kriteria wat die aard en eienskappe van houdings tussen groepe benadruk, is volgens Sherif en Sherif (1969:269, 334-335) die volgende:

1.7.1 Aanleer van houdings

Houdings word nie geneties van geslag tot geslag oorgedra nie, maar wel deur 'n motiveringsproses aangeleer. Die proses wat deur die lewensloop van die mens aktief is, bepaal watter houdings verwerf sal word. Mans se houdings teenoor vroue kan onder meer verklaar word op grond daarvan dat hulle in 'n manlik-gedomineerde samelewing opgroei waar hulle aan bepaalde sienings van vroue blootgestel word.

1.7.2 Permanentheid van houdings

'n Houding word daardeur gekenmerk dat dit 'n redelik permanente eienskap van die individu word sodra dit gevestig is. Dit beteken egter nie dat houdings nie kan verander nie.

Houdingverandering kan wel plaasvind, maar anders as die homeostatiese prosesse in die liggaam wat vinnig wissel as gevolg van nuwe stimuli wat op die individu inwerk, vereis houdingverandering 'n dinamiese proses wat die teendeel bewys van dít wat die individu glo. Die persoon wat van kindsbeen geleer het dat vroue sowel minderwaardig as ondergeskik is aan mans en eerder hulle gesin moet versorg as om 'n beroep te volg, sal 'n negatiewe houding teenoor beroepsvroue in magsposisies koester wat moeilik verander kan word. Vroue kan dus maklik as die "hulle"-groep gesien word en derhalwe sal hierdie mans vroue nie sonder meer as hulle gelykes aanvaar nie. Hierdie houding kan lewenslank bestaan deurdat die man se houding in sy daaglikse interaksie met ander mans voortdurend versterk word. Houdingverandering kan egter plaasvind as mans van kindsbeen af gesosialiseer word dat vroue hulle gelyke is of deur interaksie met vroue tot die besef kom dat die gronde waarop hulle aanvanklike houding gefundeer is, nie geldig is nie.

1.7.3 Houdings as stabiliseerders van die persoon-objekverhouding

Elke houding berus op 'n persoon-objekverhouding oftewel daar bestaan 'n gestabiliseerde verhouding tussen die persoon en verskillende individue, objekte, groepe, waardes, instellings, sosiale aangeleenthede of ideologieë. 'n Gestabiliseerde persoon-objekverhouding is die blywende produk van die interaksie wat tussen 'n individu en die omgewing plaasgevind het. Sherif en Sherif meen dat die wetenskaplike bestudering van houdings nie moontlik is indien die objekte in die persoon-objekverhouding gespesifiseer of gekategoriseer kan word nie. Aangesien vroue as 'n uit-groep in die manlik gedomineerde polisiesubkultuur gekategoriseer kan word, is dit dus moontlik om sowel manlike as vroulike polisiebeamptes se houdings teenoor die vrouepolisiebeampte te bestudeer. 'n Verdere belangrike bron waaruit houdings afgelei kan word, is die stel waardes en norme wat binne 'n persoon se groep geld, die persoon se sosiale klas, die sosiale instellings in die betrokke gemeenskap asook die kultuur waarvan die persoon deel is. Dit impliseer dat daar binne 'n bepaalde subkultuur, waar die patriargale beskouing van manlikheid as superieur geld, 'n spesifieke houding teenoor die vrou voorgeskryf sal word.

1.7.4 Motiverende-affektiewe eienskappe van houdings

Die persoon-objekverhouding word gekenmerk deur motiverende en emosionele eienskappe. Sodra 'n houding gevorm is, is 'n persoon negatief of positief ingestel teenoor sekere objekte. Houdings wat tydens sosiale interaksie verwerf word, is dus emosioneel gelaai. Hierdie emosioneel gelaaide houdings is rigtinggewend van aard en vorm deel van die selfkonsep. Dit

bring mee dat die self mettertyd 'n emosioneel gelaaide bron van ervarings en gedrag word. Skakeling tussen 'n persoon en 'n objek is derhalwe selde neutraal. Hieruit volg dus dat 'n bevooroordeelde houding emosioneel gelaai is en tot negatiewe gedrag aanleiding kan gee. Hierdie toedrag van sake hou gevolglik verband met die ontwikkeling van 'n persoonlike identiteit binne 'n groep wat 'n bepaalde sosiale identiteit voorskryf. Die manlike subkultuur in die polisie wat 'n bepaalde groepsidentiteit voorstaan, kan gevolglik 'n invloed op die self uitoefen.

1.7.5 Houdingvorming behels kategorisering

Houdingvorming gaan gepaard met die vorming van kategorieë wat elk 'n klein of groot aantal spesifieke items kan insluit (bv. die kategorie vrou kan 'n enkele item soos ondergeskik bevat of verskeie soos ondergeskik, minderwaardig, onbekwaam en fisiek onbevoeg). Sodra 'n persoon 'n positiewe of negatiewe houding teenoor 'n objek gevorm het, ewenaar hierdie houding gewoonlik die houdings wat teenoor soortgelyke objekte bestaan. Indien mans byvoorbeeld hoor dat 'n spesifieke vrou nie 'n arrestasie vanweë fisieke tekortkominge kon uitvoer nie, kan die negatiewe houding wat by hulle ontlok word ook geld ten opsigte van ander vrouepolisiebeamptes ondanks die feit dat daar geen bewyse bestaan dat hulle dieselfde onvermoë openbaar nie.

Verder wys Sherif en Sherif (1969:269, 334-335) daarop dat 'n negatiewe houding teenoor een kategorie, psigologies gesproke, meestal nie differensieer of 'n onderskeid maak ten opsigte van ander kategorieë nie. Hieruit kan afgelei word dat indien die in-groep of die uit-groep 'n negatiewe houding teenoor een kategorie in die gemeenskap ontwikkel, dié houding na ander kategorieë kan uitkring. Indien mans byvoorbeeld 'n negatiewe houding teenoor vroue in die beroepswêreld huldig, kan die houding na ander kategorieë soos rasse en etniese groepe in die polisie uitbrei.

Houdingvorming gaan ook gepaard met konsepvorming - 'n proses wat nie noodwendig bewustelik en opsetlik plaasvind nie. Die kategorie waarin 'n bepaalde objek deur 'n persoon geplaas word, bied aan die persoon die geleentheid om 'n onderskeid tussen verskillende objekte wat binne dieselfde kategorie val, te tref. Dit impliseer dat objekte wat binne 'n kategorie geplaas is op verskillende wyses beoordeel kan word. 'n Heteroseksuele man kan byvoorbeeld twee vroue wat as lesbiërs gekategoriseer is verskillend beoordeel deur die een wat manlik ("butch") is as afwykend te bestempel, terwyl die een wat vroulik ("fem") is as seksueel prikkelend te beskryf en selfs seksuele toenadering te soek binne die werksituasie.

Die eersgenoemde "mannetjiesagtige" vrou sal dus voortdurend negatief behandel word en bepaalde stereotipe gedrag teenoor haar (bv. diskriminasie) kan verwag word.

1.7.6 Beginsels van toepassing op die vorming van sosiale houdings

Die psigologie van houdingvorming in die algemeen en die funksionering daarvan is dieselfde as by sosiale houdingvorming. Derhalwe sluit die verwysingsraamwerk waarvolgens sosiale houdings geanaliseer word sosiale interaksieprosesse in. Verder word alle objekte as sosiale stimuli beskou. 'n Persoon vorm houdings rakende hom- of haarself met betrekking tot ander persone in interpersoonlike verhoudinge, intragroepverhoudinge, intergroepverhoudinge asook in terme van objekte soos onder andere materiële besittings, kulturele en sosiale klaswaardes, etniese affiliasie en seksuele oriëntasie.

Die meeste persoon-objekverhoudinge wat tradisioneel as "persoonlikheidsveranderlikes" beskou word soos onder andere manlikheid, vroulikheid, selfagting, aggressie en skugterheid, kan as sosiale houdings beskou word aangesien dit normatiewe standaarde of interpersoonlike en groepvergelykings insluit. Daar bestaan dus nie 'n groot gaping tussen sosiale en persoonlike houdings nie. Dit dui inderwaarheid daarop dat geen gronde bestaan vir die ontwikkeling van verskillende teorieë oor en aparte konseptualiserings van houdings en persoonlikheidsveranderlikes nie. Indien manlikheid en aggressie as sinoniem vir manlike polisiebeamptes beskou word, kan aanvaar word dat sodanige persoonlike houding ook as 'n sosiale houding sal geld.

Hierdie sesde kriterium van Sherif staaf die uitgangspunt dat lede van 'n groep wat negatief teenoor lede van 'n ander groep is (selfs binne intragroepverband) se persoonlike houding later 'n sosiale maatstaf of houding kan word. Daar sou geargumenteer kan word dat die grootste gedeelte van die manlike polisiepopulasie as gevolg van historiese diskriminasie (sosiale maatstaf) teenoor vroue, asook riglyne wat manlikheid tydens sosialisering bo vroulikheid verhef, 'n negatiewe houding teenoor die vrouepolisiepopulasie sal openbaar.

Wanneer 'n groep afwyk van die "ons"-benadering en 'n "hulle"-benadering begin volg, en sodra twee groepe se uitgangspunte lynreg verskil, maak lede van elke groep "logiese" gevolgtrekkings oor mekaar. Irrasionele gedrag van byvoorbeeld die dominante groep teenoor 'n onderdrukte groep is dus 'n produk van "logiese" gevolgtrekkings. Dit wil voorkom of die gevolgtrekkings wat mans en vroue ten opsigte van mekaar maak, teenstrydig is (bv. die siening dat alle vroue emosioneel, onstabiel en onbekwaam is teenoor die siening dat alle

mans vroue seksueel teister en "macho" is). Sodra 'n negatiewe houding ontwikkel het, word daaraan uiting gegee deur middel van irrasionele gedrag. Hierdie toedrag van sake is so logies en algemeen dat sommige psigoloë die begrip psigo-logika ("psycho-logic") daarvoor geskep het.

Diskriminasie, negatiewe houdings, sekondêre viktimisering en teistering van vroue, kan na aanleiding van die voorafgaande onder andere toegeskryf word aan die vorming van negatiewe persoonlike en sosiale houdings by mans. In teenstelling met mans wat voorheen uiting aan hulle negatiewe houding teenoor vroue kon gee deur wetgewing, diskriminasie en viktimisering het vroue eers gedurende die twintigste eeu beperkte politieke en wetlike mag bekom om gestalte aan hulle ervaring van mans se diskriminasie te gee en dit teen te staan. Al uiting wat voor die ontstaan van die vrouebeweging en aanvaarding van beskermende wetgewing gegee kon word, was om 'n negatiewe houding teenoor mans te huldig en mans te kategoriseer as hipermanlik ("macho") en onsensitief.

Na aanleiding van Sherif en Sherif (1969:270) se kriteria vir die ontwikkeling van 'n houding, kan die afleiding gemaak word dat die in-groep (dominante manlike polisiesubkultuur) se optrede teenoor 'n uit-groep soos vrouepolisiebeamptes, mans se houdings sal verteenwoordig.

1.8 ORIËNTASIE

Ten einde meer duidelikheid ten opsigte van hierdie studie daar te stel, sal die volgende indeling gebruik word. In Hoofstuk 2 word die historiese verloop van polisiëring in sowel die buiteland as in Suid-Afrika onder die loep geneem. Verder word daar ook gefokus op die ontwikkeling van vrouepolisiëring. Hoewel polisiëring deur mans en vroue nie as losstaande entiteite beskou moet word nie, word dit apart aangespreek om vroue se posisie sedert hulle toetrede tot polisiëring toe te lig en in perspektief te plaas. In hierdie hoofstuk word daar ook aandag geskenk aan die probleemstelling, die noodsaaklikheid vir die ondersoek en die doelwitte wat vir die navorsing gestel word. Die teorieë wat hierdie navorsing rig, word in Hoofstuk 3 uiteengesit, terwyl navorsingsbevindings rakende afgehandelde studies met betrekking tot vrouepolisiëring asook die manlike aard van die polisie in Hoofstuk 4 aandag geniet. Op grond van die teoretiese perspektiewe en bestaande navorsing, word hipoteses in Hoofstuk 5 geformuleer. Die navorsingsontwerp wat gebruik is om die hipoteses te toets, word in Hoofstuk 6 bespreek. Hoofstuk 7 bevat die resultate van die navorsing asook die interpretasie van die bevindings aan die hand van die hipoteses. Die gevolgtrekkings waartoe

gekom is asook aanbevelings wat uit die navorsing voortgespruit het, word in Hoofstuk 8 aangebied.

1.9 SAMEVATTING

In die voorafgaande gedeelte is die problematiek rondom vrouepolisiëring kortliks geskets. Verder is sentrale temas operasioneel gedefinieer en is doelwitte wat met die onderhawige studie bereik wil word, gestel. 'n Historiese oorsig van die vrou se posisie in polisiëring word vervolgens onder die loep geneem.

2. HISTORIESE ONTWIKKELING VAN POLISIËRING EN PROBLEEMSTELLING

Ten einde die posisie van die vrouepolisiebeampte te kan verstaan, is dit van belang om kennis te dra van die evolusionêre proses wat polisiëring deur die eeue ondergaan het. Polisiëring was sedert die instelling daarvan manlik gedomineerd en vroue is eers in die laat negentiende eeu as gevolg van onder andere 'n tekort aan mannekrag asook om spesifieke take (bv. maatskaplike sorg) te vervul in hierdie manlike domein toegelaat. Derhalwe kan die rol van die vrouepolisiebeampte in hedendaagse polisiëring slegs in konteks geplaas word indien die historiese verloop van polisiëring uiteengesit word asook die wyse waarop die vrou mettertyd by die taak betrek is.

Sedert die mens se bestaan was persoonlike beveiliging elke individu se eie verantwoordelikheid (Van Heerden, 1986:19). Diegene wat swakker was en nie oor die vermoë beskik het om na hulleself om te sien nie, is maklik uitgebuit en het nie 'n gesag gehad waarop hulle hul kon beroep nie. Die mens het egter gou geleer dat daar binne sosiale groepe meer effektiewe beskerming verkry kon word. Tesame hiermee is ook bepaalde standaarde (gedragsreëls) neergelê waaraan hierdie groepe moes voldoen en wat ter beskerming deur sekere groeplede vervul moes word. Hierdie standaarde en norme is meestal deur middel van dreigemente van straf asook die toepassing van straf afgedwing. Die Kode van Hammurabi (ongeveer 2100 v.C.) was dan ook die eerste geskrewe regskode waarin sowel oortredings as strawwe uiteengesit is.

Volgens Brown et al. (1996:161) het sisteme om normverbrekers te straf die lig gesien voordat pogings aangewend is om vas te stel waarom persone norme verbreek. Dit het meegebring dat daardie groepe en families wat die sterkste en grootste was hulle mag op ander kon afdwing en ook doeltreffend na hulle eie belange en veiligheid kon omsien. Veral diegene wat van adelike afkoms was, het die meeste beskerming geniet aangesien hulle die wette (standaarde) bepaal en voorgeskryf het en ook die regstelsel beheer het. Die beginsel *lex talionis*, oftewel die siening van "'n oog om 'n oog", het algemeen gegeld. Hierdie rasionaal het meegebring dat straftoepassing op vergelding geskoei was en ook die basis gelê het vir die totstandkoming van die weerwraakbeginsel of sogenaamde bloedvetes. Hierdie vorm van straftoemeting was nie op ordelike beginsels geskoei en uitgevoer nie en die gemeenskap het ook nie 'n sê gehad in hoe weerwraak toegepas moes word nie. Hierdie

toedrag van sake het 'n behoefte laat ontstaan vir staatkundige, sosiale, maatskaplike, industriële, ekonomiese en tegnologiese veranderinge wat die aard van individuele en gemeenskapsbeskerming sou bevorder. Histories en ideologies gesproke het die behoefte 'n rigtinggewende invloed op die ontwikkeling en uiteindelike ontstaan van georganiseerde polisiëring gehad.

Moderne polisiëring kan beskou word as die eindproduk van pogings wat oor die eeue heen aangewend is om maatskaplike beheer te vestig. Hierdie eindproduk hou verband met die natuurlike bevolkingsaanwas, verstedeliking en toenemende misdaadtendense wat kenmerkend is van die Westerse wêreld soos dit teenswoordig daar uitsien. Ofskoon polisiëring in Suid-Afrika 'n eiesoortige en kenmerkende karakter ontwikkel het, kan dit soos in die meeste Westerse lande (bv. die Verenigde State van Amerika, Australië, Nieu-Seeland en die meeste Europese lande) toegeskryf word aan historiese beginsels en gebruike wat in Brittanje ontstaan het.

Vervolgens word die historiese ontwikkeling van polisiëring uiteengesit.

2.1 DIE ANTIEKE MONARGIE

Gedragsbeheer is aanvanklik deur die gesin, familie en mettertyd deur kleiner gemeenskappe toegepas. Onder leiding van die vader van die gesin (*patria potestas*) (Brown et al., 1998:177), die familiale patriarg (*parens familiae*) en later die stamhoof of gemeenskapshoof (*parens communiae*) het die streng nakoming van gedragsreëls gegeld. Hierdie vorm van gedragsbeheer deur die patriargale stelsel is deur middel van swaar strawwe, wat ook as afskrikmiddel moes dien, uitgeoefen. (In sommige Derdewêreldlande, soos onder andere lande in Noord-Afrika en die Amasone, maak stamkapteine of -hoofde steeds van hierdie gesagstruktuur gebruik.) Die eerste werklike owerheidsvorm wat uit die patriargale familie-organisasie gestalte gekry het, het bekend gestaan as die Antieke Monargie.

Die Antieke Monargie het sy ontstaan te danke gehad aan die vestiging van die patriarg se gesag oor bepaalde gemeenskappe en hul voortdurende pogings om gesag uit te brei. Dit het daartoe aanleiding gegee dat groter landstreke en groepe mense onder hulle beheer gekom het. In ruil vir onderdanigheid het die monarge beskerming aan hulle onderdane gebied. Die beskerming van die monarg en sy rykdom het dus die vernaamste vorm van beveiliging geword wat onderdane vir hulleself kon verseker. Hoewel die Antieke Monargie 'n fundamentele rol in die ontwikkeling van die beskawing en die daarmee gepaargaande

beskerming van individue en gemeenskappe gespeel het, is die dwang- en gesagmotief waardeur dit gekenmerk is, oorbeklemtoon. Individue het dus weinig, indien enige, regte gehad en die beskerming van onderdane was nie die monarg se eerste prioriteit nie, maar wel die diens wat aan hom gelewer moes word (Germann, Day & Gellati, 1962:40; Roberg & Kuykendall, 1993:52; Starr, 1971:98; Van Heerden, 1986:20). Die uitbreiding van gemeenskappe het meegebring dat individue toenemend daarop begin aandring het dat daar kollektief na hulle belange omgesien moes word - 'n ideologie wat tydens die Antieke Griekse era posgevat het.

2.2 DIE ANTIEKE GRIEKSE ERA

Die Antieke Griekse staatsinstellings het hulle beslag in die Griekse stadstaat of *polis* gekry. Binne die *polis* is inwoners, mense of burgers van 'n bepaalde gebied in 'n gemeenskap saamgesnoer. Deur hierdie samesnoering van mense op 'n kollektiewe wyse kon daar beskerming teen vyandelike elemente van buite gebied word. Tesame hiermee is die verantwoordelikheid om orde en veiligheid binne die gemeenskap te handhaaf deur die inwoners van die *polis* aanvaar.

Ofskoon die staatsbestel wat binne die *polis* tot stand gekom het, verantwoordelikheid vir die handhawing van orde en die bewaring van veiligheid aanvaar het, het daar nie 'n gesagsverhouding tussen die staat en onderdane bestaan nie. Hier is derhalwe 'n nuwe vorm van beveiliging of beskerming ter sprake wat op 'n meer demokratiese konsep geskoei is. Die *polis* het 'n staatlike funksie gehad aangesien dit eerstens struktuur moes bied aan die ongeorganiseerde inwoners en tweedens na hulle veiligheid moes omsien (Starr, 1971:214).

Teen 1400 v.C. het die Grieke 'n skeepspatrollie langs die kus van Egipte ingestel ten einde hulle skeepsroetes te beskerm. Die Nyldelta was een van die gebiede waar hulle handel gedryf het en dit was dus noodsaaklik om dié handelsroetes te beveilig. Verder is daar 'n stedelike "polisiemag" in Athene gestig toe Pasistratus, hoof van die *polis*, 'n stedelike wagstelsel op die been gebring het om die stadstoring, die paaie en homself te beskerm. In Sparta, 'n Griekse stadstaat, is die sogenaamde heerserspolisiestelsel gevorm wat as die eerste geheime polisiemag beskou word. Hierdie wagstelsels is hoofsaaklik vir die persoonlike beskerming van heersers aangewend en nie om na die algemene belange van die burgers om te sien nie. Aangesien vroue se posisie ondergeskik aan dié van die man en beperk tot huishoudelike pligte en die opvoeding van hulle kinders was, is hulle nooit in

hierdie magte opgeneem nie (Bezuidenhout, 1994:16; Bullough, 1976:100).

Sparta het tydens hierdie tydperk gefunksioneer as die uitvoerende gesag van die bevolking van Griekeland. Die Spartane wat na raming 5% van die bevolking uitgemaak het, het oor die res van die bevolking geheers. Dit het meegebring dat die Spartane 'n bevoorregte minderheid was wie se magsposisie deur geweld in stand gehou is (Germann et al., 1962:40; Roberg & Kuykendall, 1993:52; Starr, 1971:98; Van Heerden, 1986:20).

Hoewel die antieke Grieke die grondleggers van demokrasie was, het die demokratiese beginsels wat gepropageer is, nie vir almal gegeld nie. Benewens vroue wat nie gelyke regte gehad het nie, het manlike burgers nog steeds weerloos gestaan teen onregmatige gesags-uitoefening deur die owerheid, aangesien hulle oor geen regte beskik het nie. Hoewel vroue sonder regte was, was hulle nie verplig om die gesag te eerbiedig nie, aangesien hulle dit óf kon omverwerp en 'n ander gesag in die plek daarvan kon stel mits hulle sterk genoeg was, óf hulle kon die stadstaat verlaat en as uitgeworpenes leef.

2.3 DIE ROMEINSE ERA

Die stigting van Rome in 753 v.C. het die ontstaan van die Romeinse Monargie of Koningstydperk ingelei. Na die omverwerping van Tarquinius, die laaste van die konings, is die koningstydperk afgesluit en deur die Republikeinse tydvak (509 v.C.) opgevolg. Die republikeinse owerheidsvorm het meer fokus geplaas op 'n demokrasie (regering deur die volk) deur 'n duidelike onderskeid tussen dié owerheidsvorm en 'n monargie (een persoon aan bewind) of 'n aristokrasie (regering deur twee of meer persone) te tref (Starr, 1971:42-47). Ofskoon die Romeine te kenne gegee het dat demokrasie, waar die volk die bron van gesag is, die mees aanvaarbare owerheidsvorm was, het hulle dit nie in die praktyk toegepas nie aangesien sowel die republikeinse aristokrate as die keisers in die Keiser-era (vanaf 27 v.C.) deur arbitrêre magsuitoefening gekenmerk is.

Ondanks Julius Caesar se pogings dat die Senaat aan hom die titel van keiser moes toeken, het dit nie gebeur nie. Nadat hy deur 'n sluipmoord om die lewe gebring is, het sy aangenome seun, Augustus Octavianus (44-31 v.C.), hom opgevolg en ook die eerste keiser van Rome geword. Augustus was die eerste Romeinse heerser wat 'n onderskeid tussen militêre en polisiëringsfunksies getref het. 'n Groep uitgesoekte soldate is van hulle militêre verpligtinge onthef en het die spesifieke opdrag ontvang om die keiser op te pas en te beskerm. Hierdie wagte wat mettertyd as die owerheidswag bekend gestaan het, is later

deur die sogenaamde krygsbendes en nagwagte ("nightwatch") wat na die veiligheid van stede moes omsien, bygestaan. Roberg en Kuykendall (1993:52) meld in die verband dat "the first paid public police officer was the praefectus urbi, a position created in Rome in approximately 27 BC." Teen 6 n.C. het Rome 'n groot publieke polisiemag gehad wat die strate van Rome dag en nag gepatrolleer het. Aangesien sowel soldate as wagte manlik was, is die geboorte van seuntjies verwelkom aangesien hulle later krygers kon word, die gesin se rykdom kon erf en die voortbestaan van die familienaam kon verseker (Bezuidenhout, 1994:19; Holmes, 1991:11-12).

Die straffilosofie wat tydens hierdie era gegeld het, kan soos volg saamgevat word:

- Die samelewing is beskerm deur oortreders daaruit te verwyder (bv. deur hulle op 'n gewelddadige wyse om die lewe te bring).

- Burgerlikes moes hervorm word ten einde gehoorsaamheid aan die staat te bevorder.

- Bekentenisse kon afgedwing word deur gebruik te maak van onmenslike staftegnieke (bv. marteling).

Hoewel hierdie straffilosofie nie die einde van polisiëring beteken het nie, het dit wel georganiseerde polisiëring oorbodig gemaak aangesien dit nie volgens demokratiese beginsels gefunksioneer het nie. Maatskaplike beheer het in hierdie stadium hoofsaaklik berus op 'n stelsel van individuele verantwoordelikheid met betrekking tot veiligheid en konformering aan gedragsreëls, wat deur middel van wrede strawwe afgedwing is (Germann et al., 1962:40; Starr, 1971:86-95; Van Heerden, 1986:21).

Aangesien Rome gedurende die Keiser-era onbeheersd uitgebrei het, moes die Romeinse Ryk in twee verdeel. Die Westerse Ryk, met Rome as hoofstad het mettertyd vanweë Germaanse invalle en invloede in 476 n.C. tot 'n val gekom en sodoende die Germaanse era ingelei.

2.4 DIE GERMAANSE ERA

Die Germane se leefwyse het 'n groot invloed op die ontwikkeling van hulle staatsinstellings gehad. Hulle was aanvanklik nomadiese veeboere, maar het mettertyd landbouers geword. Die Germane het meestal in sibbes van ongeveer 10 tot 20 gesinne saamgegroepeer.

Ofskoon die gesinsbande heg was, was die vader se gesag onbeperk, terwyl die Volkmoot (volksvergadering) oor plaaslike aangeleenthede en sibbewette besluit het.

Die Germaanse instellings was soos volg gestruktureerd: 'n Sibbe is as 'n "dorp" beskou, terwyl 'n aantal dorpies bekend gestaan het as 'n "honderd". 'n Groep honderde het 'n "kanton" gevorm. 'n Aantal kantons is weer as 'n "gebied" van 'n bepaalde stam beskou. Die sosiale en kulturele opvattings van die Germane is weerspieël in die wette wat in 'n dorpie gegeld het en op die inwoners afgedwing is om orde te verseker. Vir die Germane was die Volkmoot die oppergesag en oortreders van die Volkmoot se wette is swaar gestraf. In hierdie tyd is die reg op vergelding steeds erken. Aangesien die hoofmanne van dorpies se magte mettertyd toegeneem het, het die konings se magte algaande meer beperk geraak.

Hoewel die Germane militêr magtig genoeg was om die Wes-Romeinse Ryk tot 'n val te bring, het die geleidelike toename van 'n eie magsbasis by plaaslike leiers en die gebrek aan 'n duidelik onderskeibare kultuur, daartoe bygedra dat 'n ryk soortgelyk aan die Romeinse Ryk nie tot stand gebring kon word nie. In die verband het drie belangrike faktore meegehelp het dat die Germane nie die Wes-Romeinse Ryk suksesvol kon bestuur nie.

- Eerstens was die laaste Romeinse keisers korrup, tirannies en het hulle burgers onmenswaardig behandel. In hierdie verband meld Starr (1971:213) dat in "the Late Empire all political capacity had been concentrated in one man, who was aided by a corrupt, tyrannical bureaucracy which governed the subjects like cogs". Hierdie toedrag van sake het veroorsaak dat die burgers ook nie hulle nuwe heersers vertrou het nie. Gevolglik kon die Germane nie op hulle samewerking steun nie.

- Tweedens het die Germaanse koningkryk op 'n heelwat eenvoudiger wyse as die Romeinse Ryk gefunksioneer, wat veroorsaak het dat hulle nie die gekompliseerde sosiale struktuur van die Romeine kon baasraak nie. Die Germane was dus nie opgewasse om die administrasie van die Romeinse Ryk te behartig nie.

- Derdens het die Germaanse konings se magte geleidelik verswak vanweë die feit dat plaaslike hoofmanne toenemend ondersteuning by hulle sibbes gekry het. Ter stawing hiervan meld Starr (1971:212) dat individuele lojaliteit teenoor 'n leier in plaas van geloof in abstrakte ideale groot impak op die konings se magte gehad het.

Ondanks 'n afname in die konings se magte het hulle meer verantwoordelikheid ten opsigte

van regsadministrasie geneem en ook die nagwagstelsel, wat tydens die Romeinse era ingestel is, versterk. Die nagwag het bestaan uit groepe burgers wat die strate gepatrolleer het en veral op die uitkyk moes wees vir vure en ander probleme wat veiligheid kon bedreig. Die konings het ook individue aangestel wat ongerymdhede moes ondersoek, arrestasies moes maak en beslasting moes invorder (Roberg & Kuykendall, 1993:52-53).

Net soos in die antieke Griekse en Romeinse eras, het die vrou min of geen status in die Germaanse era geniet nie en was sy hoofsaaklik verantwoordelik vir landbou en huishoudelike aangeleenthede. Mans was die hoofmanne, diegene wat die wette moes afdwing asook veewagters en soldate.

Die verval van die Romeinse Ryk, die desentralisasie van mag tydens die Germaanse era en die ekonomiese agteruitgang wat wêreldwyd voorgekom het tussen 900 en 1000 n.C., het bygedra dat die Middeleeuse era posgevat het. Hierdie era is veral gekenmerk deur kulturele verval, desentralisasie van mag, despotisme (heerskappy volgens absolute mag) asook korrupte sosiale, ekonomiese en politieke strukture (Starr, 1971:205-215).

2.5 POLISIËRING VANAF DIE MIDDELEEUE TOT DIE AGTIENDE EEU

Vervolgens sal daar aandag geskenk word aan die rol van die Rooms-Katolieke Kerk asook die Britse en Amerikaanse invloed op die ontwikkeling van moderne polisiëring. Die Britse bydrae tot die ontwikkeling van polisiëring sal meer aandag geniet aangesien die Britse polisiëringsmodel fundamenteel staan tot polisiëring in Suid-Afrika.

2.5.1 Rol van die Rooms-Katolieke Kerk

Die Middeleeue is gekenmerk deur die invloed wat die Rooms-Katolieke Kerk op onder andere die staatkundige terrein, gehad het. Na die val van die Romeins-Germaanse Ryk het die idee van 'n staatkundige oppergesag plek gemaak vir 'n geestelike oppergesag en is die oppergesag van die staat in die Pous gesetel. Hoewel dit daartoe bygedra het dat daar voortdurend meningsverskille en twis tussen die staat en die Rooms-Katolieke Kerk voorgekom het, het die Kerk mettertyd die soewereine mag geword. Die Kerk het as regverdiging vir sy optrede aangevoer dat die staatsgesag sy oorsprong in God het. Dit het derhalwe geïmpliseer dat konings die wette en wense van die Kerk moes uitvoer en indien nodig selfs met geweld. Gedurende die twaalfde eeu het hierdie samewerking wat tussen die staat en die Kerk bestaan het 'n hoogtepunt bereik. Die alliansie tussen die staat en die

Kerk, wat as die Heilige Inkwisisietydperk bekendheid verwerf het, het 'n belangrike grondslag vir polisiëring gelê. Lea (in Brown et al., 1996:163) het reeds in 1866 daarop gewys dat die historiese belang van hierdie tydperk vir die kriminologie en polisiëring van deurslaggewende belang is aangesien die inkwisisieproses wat op marteling gebaseer was, die basis vir alle kriminele prosedures wat sou volg, geskep het.

Die Kerk wat tydens die Middeleeue 'n magtige instelling geword het, het grootliks beheer oor mense se daaglikse handel en wandel uitgeoefen. Onder die invloed van die kerkvaders, het die Kerk leerstellings of bevelskrifte (mandate) uitgevaardig waarin die man op straat ingelig is oor wat as sonde en ontoelaatbaar beskou is. Hierdie bevelskrifte is gewoonlik teen kerkmure aangebring sodat almal daarvan kon kennis neem en het ondubbelsinnig benadruk dat die Kerk onverdraagsaam was teenoor gedrag wat strydig met kerkreëls was.

Die inkwisisietydperk het tydens die Middeleeue, dit wil sê vanaf die twaalfde tot die agtiende eeu, in die meeste Europese lande voorgekom. Inkwisiteure en ander sekulêre owerhede (bv. regerings) het straf en gevangesetting opgelê, teregstellings uitgevoer, marteling toegepas en hierdie optredes geadministreer aangesien die Kerk verbied was om bloed te vergiet. Hierdie owerhede het inderwaarheid geen keuse in die toepassing van hierdie strawwe gehad nie aangesien hulle self as ketters gebrandmerk en daaropvolgend, tereggestel sou word indien hulle geweier het om aan die Kerklike opdrag gehoor te gee. Aangesien die staat volle verantwoordelikheid aanvaar het om misdaad te voorkom, het brutaliteit geseëvier en het laasgenoemde 'n hoogtepunt gedurende die sewentiende en agtiende eeu bereik. Die doodstraf, wat op 'n uitgerekte en onmenslike wyse toegepas en uitgevoer is, was die algemeenste metode van straftoepassing in hierdie tyd (Emsley, 1996:10; Roberg & Kuykendall, 1993:53; Van Heerden, 1986:24). Engeland was veral daarvoor bekend dat 'n persoon vir meer as tweehonderd verskillende oortredings die doodstraf opgelê kon word. Hierdie relatief ongekontroleerde wyse van wetstoepassing is deur die burgers met agterdog bejeën en die rol van die Kerk in wetstoepassing is bevraagteken. Vanweë hierdie volksonrus, was die Kerk en die staat genoodsaak om mettertyd wysigings in hulle wetstoepassingspraktyke aan te bring soos om meer menslike strawwe op te lê (kyk afd. 2.6).

2.5.2 Vroeë Britse en Amerikaanse invloed op polisiëring

Die kollektiewe verantwoordelikheidsbeginsel waardeur individue self verantwoordelik was vir hulle en hul naastes se gedrag is gedurende die Angel-Saksiese periode (600-1066) in

Brittanje ingestel. Die sogenaamde "frankpledge"-sisteem (vryheidswaarborg) wat sy oorsprong gedurende die sewende eeu in Frankryk gehad het en 'n uitvloeisel van die Germaanse Volkmoot-instelling was, is gedurende die twaalfde eeu in Engeland in gebruik geneem. Hierdie sisteem was, soos in die Germaanse era, gebaseer op "an organization of tithings (ten families) and hundreds (ten tithings)". Net soos die Germane, is die gebruik om in groepe van tien en honderd saam te staan, aanvaar. Tien gesinne het die "tithing" gevorm en was onder leiding van 'n "tithingman" wat uit eie geledere gekies is. Dit was sy verantwoordelikheid om alarm te maak (die oorsprong van die "hue and cry"-gebruik) sodat 'n misdadiger deur die groep gearresteer kon word. 'n Groep van tien "tithings" het 'n "hundred" gevorm, terwyl 'n groep "hundreds" 'n "shire" gevorm het. 'n Groep "hundreds" of "shire" het onder die beheer van 'n "reeve" gestaan. Die "shirereeve" het later as die "sheriff" bekend gestaan (Van Heerden, 1986:22). In plaas daarvan dat die hoofde van "shires" of "counties" as hoofmanne bekend gestaan het (vergelyk Germaanse gebruik), is sheriffs in Engeland aangestel om onder andere boetes/heffings in te vorder en toe te sien dat die "frankpledge"-sisteem na behore gefunksioneer het. Hierdie sisteem het daarvoor voorsiening gemaak dat alle mans bo die ouderdom van 15 die *posse comitatus* ('n groep wat opgeroep is om voortvlugtende oortreders te vervolg) gevorm het.

In 1285 is die Statuut van Westminster uitgevaardig, waarin bepaal is dat twee konstabels die sheriff moes bystaan in elke honderd ("ten tithings"). Die woord konstabel is afgelei van die Latynse woord *comestabuli* (meester van die perd). Teen die veertiende eeu is die reg geadministreer deur magistrate wat deur die koning, sheriffs en konstabels aangestel is. In 1326 het die kantoor van die openbare beskermer ("office of justice of the peace") in Engeland die lig gesien. Die persoon wat in hierdie pos aangestel is, het die sheriff bygestaan om 'n area of gemeenskap wat uit 'n aantal honderde ("ten tithings") bestaan het, te polisieer. Gedurende hierdie periode het die konstabels se rol ook toenemend belangriker geword aangesien hulle as assistente van die openbare beskermer beskou is. Hulle moes onder andere toesig hou oor nagwagte, misdade ondersoek, dagvaardings uitreik, lasbriewe bedien, hofprosedure toepas en beheer asook opdragte van sheriffs nakom. Hierdie polisiëringstyl het die basis gelê vir polisiëring tot en met die agtiende eeu. Polisiëring gedurende die Middeleeue was dus hoofsaaklik afhanklik van aktiewe magistrate, gemeenskapskonstabels ("parish constables") en nagwagte (Emsley, 1996:10; Roberg & Kuykendall, 1993:53; Van Heerden, 1986:24).

Die Amerikaanse kolonies wat hoofsaaklik uit Britse settelaars (90%) bestaan het, is as gevolg van die Britse invloede ook bekendgestel aan die nagwagstelsel (Watson, Stone & Deluca, 1998:9). In hierdie verband meld Cox (1996:7) dat die Britte,

> brought with them a nightwatch system that required able-bodied males to donate their time to help protect the cities. As was the case in England, those who could afford it often hired others to serve their tours, and those who served were not particularly effective.

Volgens Roberg en Kuykendall (1993:53) is hierdie mans, met die uitsondering van die sheriff, meestal op 'n vrywillige basis aangestel. Hierdie werk was nie gewild nie derhalwe is bykomende individue gehuur. Bogenoemde outeurs maak die volgende uitlating oor hoe maklik alternatiewe hulp aangestel is: "the work of paying for substitutes became commonplace". In die meeste gevalle is dieselfde persone ("substitute") jaar na jaar vergoed om die werk te doen van diegene wat in die posisie aangestel is om dit te doen. Die plaasvervangers wat meestal 'n ontoereikende loon ontvang het, was dikwels bejaard, swak geskoold en oneffektief in die uitvoering van die taak. Hierdie toedrag van sake het veroorsaak dat 'n negatiewe beeld van polisiëring by die gemeenskap geskep is. Hierteenoor was en is die sheriff volgens Cox (1996:8) steeds 'n politieke figuur in Amerika wat met polisiepligte belas word. In die verband meld hy dat landelike polisiëring sedert die ontstaan van polisiëring in Amerika die verantwoordelikheid van die sheriff was. Aanvanklik is polisiebeamptes nie bewapen nie. Teen die middel van die negentiende eeu, as gevolg van gereelde moorde op polisiebeamptes (sheriffs), het hulle wapens begin aanskaf wat aan die persoon vir persoonlike beskerming gedra is. Ofskoon hierdie "drastiese" stap van polisiebeamptes kritiek uitgelok het, moes die kritici een onvermydelike feit in die oë staar, naamlik dat

> U.S. citizens, unlike the British, had a long tradition that every citizen had the right, even the duty, to own fire-arms. Guns were part of the American culture ... people in cities began to use fire-arms against one another systematically for the first time. ... Patrolmen never could be sure when a rowdy might have a gun, yet the officer knew he had to intervene (Johnson, 1981:29-30).

In Amerika is sheriffs ook deur 'n tipe polisiebeampte bygestaan wat mettertyd as "vigilante-groepe" bekendheid verwerf het. Die begrip "vigilante" is van Spaans afkomstig en beteken "watchman" of "guard". Hierdie groepe of komitees het meestal uit mans bestaan wat op 'n vrywillige basis saamgegroepeer het om hulle eiendom te beskerm, hulle veiligheid te verseker of in sommige gevalle vergeldend op te tree. Hierdie vrywillige komitee "rarely included women" (Roberg & Kuykendall, 1993:59-61).

Aangesien die nagwagstelsel asook die gebruik van plaasvervangers wat van Engeland na Amerika oorgedra is nie effektief was nie, het die burgers van Philadelphia in 1749 die

wetgewers oorreed om 'n wet uit te vaardig waardeur die posisie van bewaarder ("warden") geskep is. Elke bewaarder was bemagtig om soveel "watchmen" (wagte) as wat hulle benodig het, te huur. Die wagte, wat uit die burgers se belastinggeld vergoed is, se magte is mettertyd uitgebrei (Cox & Fitzgerald, 1992:15-18). Wetswysingings in die vroeë agtiende eeu het bepaal dat gemeenskapskonstabels hul nagwagte kon herorganiseer. In die verband meld Emsley (1996:12) dat "some took the opportunity to ensure that their watchmen were recruited from fit, relatively young men, and had them patrolling their beats in greater numbers". Hierdie gemeenskapskonstabels en nagwagte het hulle take in siviele drag uitgevoer. Later het polisiehervormers se siening dat polisie-uniforms 'n fundamentele rol in misdaadbekamping kon speel, daartoe gelei dat siviele drag met 'n uniform vervang is.

Die eerste federale polisiemag of die sogenaamde United States Marshals is in 1789 op die been gebring. Hulle doel was om die federale howe se uitsprake uit te voer en af te dwing (Cox, 1996:5-7). Aangesien sowel Europese (veral Londen) as Amerikaanse stede uitgebrei en gesinne na die stede verhuis het om werk te soek, is die tradisionele lewenspatroon ontwrig (Reiner, 1992:15). Dit het daartoe bygedra dat ongekende sosiale disorganisasie in die sosiale orde voorgekom het. Ten einde die tempo waarteen Londen uitgebrei het in perspektief te plaas, kan dit met Parys se ontwikkeling in dieselfde tydvak vergelyk word. Die aantal burgers in Londen het gedurende die agtiende eeu bykans verdubbel en teen die einde van die agtiende eeu was daar een miljoen inwoners in Londen, nagenoeg 10% van die Britse bevolking (10 miljoen). In teenstelling hiermee was slegs 1,66% (498 000) van die Franse populasie van ongeveer 30 miljoen in Parys woonagtig (Emsley, 1996:11).

Wetstoepassingsisteme wat in Brittanje bestaan het en meer spesifiek die openbare beskermer en die gemeenskapskonstabels, was nie opgewasse om probleme wat met sosiale verandering geassosieer word, te hanteer nie. Die openbare beskermer-konstabel-nagwagstelsel, het vereis dat konstabels wat deur die plaaslike openbare beskermers aangestel is daagliks hulle gemeenskappe moes patrolleer. Hulle het egter beperkte magte gehad en het met die "hue and cry"-metode probeer om burgers se bystand te verkry. Die metode het daarop berus om burgers se aandag op voortvlugtende oortreders te vestig deur gebruik te maak van luide roepe. Konstabels is egter meestal deur die burgers verkleineer en uitgejou en nie die nodige bystand verleen nie. In die aande moes die mans wat as nagwagte aangestel is die verlate strate patrolleer en toesien dat straatlampe deur die nag bly brand. Hierdie mans was geneig om skelm in die aande te slaap of tyd in kroeë te verwyl in plaas daarvan om hulle pligte na te kom. Hierdie stelsel van wetstoepassing het nie werklik vrees by misdadigers ingeboesem nie en meegebring dat hulle vrylik in die strate van

stede rondbeweeg het. In die verband meld Emsley (1996:11) dat

> there were teeming slums within London's sprawl, and it was these that provoked fears of crime and disorder. ... The inhabitants of the poorer districts preferred idleness, with occasional expeditions for plunder to fulfil their desire for luxury, rather than an honest, frugal existence based on the proceeds of hard work.

Potensiële slagoffers van misdaad kon beskerming verkry deur gebruik te maak van bediendes ("servants") of lyfwagte ('n tipe private polisie oftewel "retainers") indien hulle vermoënd was. Die arm burgers kon egter nie hierdie vorm van beskerming bekostig nie. Indien hulle wel die slagoffers van eiendomsmisdade was, kon hulle 'n "thief-taker" of "thief-catcher" se dienste gebruik. Hierdie persone wat meestal ervare konstabels was, was gewoonlik vertroud met die kriminele onderwêreld en het teen betaling probeer om die gesteelde eiendom te vind en aan die eienaars terug te besorg. Die meeste "thief-takers" het hulle fooi aangevul deur 'n gedeelte van die gesteelde eiendom vir hulleself te hou of toe te eien. Die "thief-takers" was nie regtig daarin geïnteresseerd om misdadigers aan die man te bring nie, maar wel in die fooi wat betaal is of die gedeelte van die gesteelde eiendom waarop beslag gelê kon word. Teen 1730 het die burgers hierdie wyse van wetstoepassing begin kritiseer aangesien sommige "thief-takers" korrup was en inderwaarheid nou saam met oortreders gewerk het. 'n Groot aantal burgers kon ook nie die fooi bekostig om hierdie tipe wetstoepassingsagent se dienste te bekom nie (Cox & Fitzgerald, 1992:18; Roberg & Kuykendall, 1993:53-54).

In 1748 het Henry Fielding die boek, *An Enquiry into the Cause of the Late Increase of Robbers*, gepubliseer. Hierdie werk het die oneffektiewe wetstoepassingstelsel gekritiseer (Johnson, 1988:173-175). Henry Fielding, 'n "Bow Street"-magistraat wat meer bekendheid as skrywer as magistraat verwerf het, het 'n duidelike onderskeid getref tussen diegene wat nie kon werk nie en diegene wat nie wou werk nie. Na aanleiding van sy ontevredenheid met die stelsel begin Fielding en sy broer John met die vestiging van die eerste georganiseerde polisiemag. In 1750 lei hulle 'n aantal uitgesoekte konstabels in die geheim op in misdaad-ondersoek en algemene regsbeginsels. Die "Bow Street Runners" soos hierdie konstabels bekend gestaan het, was aanvanklik vir die publiek onaanvaarbaar. Die suksesse wat hulle egter behaal het en hulle volgehoue voorkomingsaktiwiteite soos verbeterde patrolliediens-lewering, voetpatrollies, perdepatrollies en hulp aan jeugdiges het vertroue by die publiek begin inboesem en mettertyd tot aanvaarding gelei (Emsley, 1987:53; Roberg & Kuykendall, 1993:54; Sherman, 1992:162; Van Heerden, 1986:25).

In 1760, tydens die Industriële Revolusie, het geldskieters, nyweraars en handelaars groter vryheid nodig gehad om te kon funksioneer. Tesame hiermee het die revolusie 'n betekenisvolle maatskaplike en ekonomiese impak op sowel Brittanje as die res van die wêreld gehad. Stede het meer onbeheersd as tevore uitgebrei, meer agterbuurtes het ontstaan, armoede het onder die burgers toegeneem en misdaad het buite verhouding tot die bevolkingsaanwas gestyg. Hierdie wanorde en die publiek se onrus en besorgdheid oor die sosiale disorganisasie het die weg gebaan vir die klassieke denkers/filosowe van polisiëring (bv. Sir Robert Peel, Patrick Colquhoun en August Vollmer) se standpunte om prakties beslag te kry.

In ander Europese lande (bv. Frankryk) het polisiëringsinisiatiewe nie agterweë gebly nie. Voor die Franse Revolusie (1789) is *gendarmes* ('n spesiale mag/geheime polisie) aangestel met die opdrag om beskuldigdes, selfs al het dit op hoorsê berus, aan die man te bring. Die meeste van diegene wat gearresteer is, is sonder 'n regverdige verhoor skuldig bevind en ter dood veroordeel. Tydens die Franse Revolusie is hierdie polisiemanne se magte verdubbel en is hulle herdoop na die *Gendarmerie Nationale.* Berede soldate is ook spesiaal gekoöpteer om hierdie polisiebeamptes by te staan met die patrollering van bepaalde gebiede (Brown et al., 1996:161-165; Roberg & Kuykendall, 1993:53).

'n Algemene wanopvatting onder polisiepraktisyns is dat die *gendarmerie* die enigste polisiebeamptes in Frankryk was. Dit is egter foutief aangesien die *Gendarmerie Nationale* inderwaarheid die Paryse polisie was, terwyl die *maréchaussée* die platteland gepatrolleer het. Die *Gendarmerie Nationale* wat met die "Bow Street Runners" in Engeland vergelyk kan word, het ook bekend gestaan as die *police* (Frans) en *polizey/polizei* (Duits). In die verband meld Emsley (1996:41) dat "these men had a variety of tasks relating to the eighteenth-century European understanding of the word police". Sowel die *gendarmes* as die *maréchaussée* was militaristies georiënteerd omdat die mans meestal gewerf is uit die geledere van oud-soldate, uniforms soos soldate gedra het, met dieselfde wapens as soldate toegerus was en aan die Minister van Oorlog verantwoording moes doen (Emsley, 1996:39).

Gewilde straftegnieke wat in sowel Amerika as Europa tot laat in die agtiende eeu gebruik is, was onder andere, verdrinking, verbranding op brandstapels, om persone lewendig te begrawe, deur 'n vuurpeleton tereg te stel, onthoofding, steniging, mutulasie op die rekwiel of vierendeling ("quartering") deur middel van toue en perde. Hierdie onmenslike preklassieke gebruike wat voor die totstandkoming van die Klassieke Skool in die kriminologie in die meeste Europese lande en Amerikaanse kolonies gegeld het, het as 'n

katalisator gedien vir 'n magtige hervormingsbeweging ten opsigte van die administrasie en wysiging van wetstoepassing (Brown et al., 1998:171-175). Hervorming was essensieël aangesien misdaad juis in hierdie era toegeneem en die behoefte aan beskerming groter geword het. Burgers het teen die wrede behandeling van die staat en die Kerk geagiteer. In die verband meld Brown et al. (1998:175) dat "the arbitrary administration of justice and the cruel punishments in medieval Europe, which continued into the eighteenth century, provided fertile ground for the emergence of the classical school of criminology".

Vir die doeleindes van hierdie studie word polisiëring, kriminologie, wetstoepassing en regshervorming as interafhanklike konsepte beskou en sal dit as sodanig gebruik word.

2.6 KLASSIEKE ERA EN ONTWIKKELING VAN MODERNE POLISIËRING

Teen die agtergrond van sowel die wêreldwye bevolkingsontploffing as die Industriële en Franse revolusies asook die onmenslike en arbitrêre regsisteem, het die tyd vir verandering aangebreek. Die werke van onder andere Fielding, *An Enquiry into the Cause of the Late Increase of Robbers* (1748), Montesquieu se *De l'Esprit de Lois* ("The spirit of the laws") (1748), Rousseau se *The Social Contract* (1762) asook Voltaire se *Lettre a M. d'Alembert* (1762) en sy suksesvolle veldtog om rehabilitasie in plaas van vergelding (bv. doodstraf) as strafoogmerk te gebruik (1762), het die basis vir verandering daargestel (Brown et al., 1996:166; Johnson, 1988:173-175; Roberg & Kuykendall, 1993:54).

Die vader van die klassieke hervormingsera, Cessare Bonesara, Marchese di Beccaria (1738-1794), is geïnspireer deur die preklassieke denkers se pogings tot hervorming. Met die publikasie, *Tratto Dei Delitti e Delle Pene* (1764) ("On crimes and punishments"), het Beccaria die tradisionele regsisteem en wetstoepassingstegnieke bevraagteken. Hy is hiervoor aangeprys deur filosowe van die tyd en die boek het onmiddellik bekendheid verwerf. Die boek wat slegs honderd bladsye beslaan het, is binne 'n kort tydjie in Frans, Engels, Duits, Spaans, Nederlands, Pools en later ook in Russies en Grieks vertaal (Brown et al., 1996:167).

Ondanks die gewildheid van die boek het Beccaria anoniem gebly aangesien hy gevrees het dat hy 'n martelaar sou word of 'n marteldood sou sterf vir die kritiek wat op die bestaande stelsel gelewer is. Die inkwisiteure het dan ook die aannames en kritiek wat in die boek gelewer is, bevraagteken en onmiddellik nadat dit verskyn het 'n ondersoek gelas. In die verband meld Maestro (1973:64) dat die inkwisiteure die volgende uitlating gemaak het: "All

sensible people have found that the author of the book *On Crimes and Punishments* is an enemy of Christianity, a wicked man and a poor philosopher". Ofskoon anoniem geskryf, is die outeur van die boek van sedisie en goddeloosheid aangekla. Die Rooms-Katolieke kerk wat die boek op 'n indeks van verbande boeke geplaas het, het dié sensuur eers in 1962 opgehef.

Die belangrikste transformasies wat die Westerse regsisteem tot op datum (2001) ondergaan het, is deur Beccaria voorgestel. Hy het onder andere aangevoer dat straf 'n ongelukkige noodsaaklikheid is in die vookoming en beheer van misdaad. Beccaria het die legaliteitsbeginsel benadruk deurdat hy aangevoer het dat geen misdaad sonder 'n regsbasis (*nullum crimen sine lege*) kan bestaan nie en ook dat geen straf sonder 'n regsbasis (*nulla poena sine lege*) opgelê mag word nie. Hy het spesifieke kriteria vir die administrering en toepassing van strafwette voorgestel en daarop gewys dat die magte tussen die wetgewende en regsprekende gesag van strafreg van mekaar geskei moes word. Regters moet ook nie onbeperkte diskresie hê nie. Die kern van Beccaria se hervormings-gedagte was geskoei op die idee dat misdaad voorkom kan word deur middel van afskrikking. Volgens hom kan potensiële misdadigers afgeskrik word deur dreigemente van straf aangesien die mens 'n rasionele wese met 'n vrye wil is. Die mens is met ander woorde hedonisties en sal eerder genot as pyn nastreef. Beccaria se afskrikkingsdoktrine het uit drie beginsels van straftoepassing bestaan, naamlik sekerheid van straf, die spoed waarteen dit opgelê word en die graad/felheid van straftoemeting. Indien hierdie drie beginsels suksesvol toegepas word, sal misdaad na sy mening voorkom kan word (Brown et al., 1998:176-189; Einstadter & Henry, 1995:43-71; Martin, Mutchnik & Austin, 1990:3-16; Williams & McShane, 1994:14-24; Williams & McShane, 1999:17-24).

Jeremy Bentham (1748-1832), 'n tydgenoot van Beccaria, het ook beswaar gemaak teen die arbitrêre, inkonsekwente en wrede administrering van geregtigheid wat in hierdie tye plaasgevind het. Hy het aangevoer dat straf nie deur vergelding gerig moet word nie, maar dat straf misdaadvoorkoming in die hand moet werk. Die belangrikste bydrae van Bentham is die sogenaamde "greatest happiness principle" (utilisme). Hierdie beginsel is daarop geskoei dat handelinge beoordeel word in terme van die geluk en voordeel wat dit vir die mensdom inhou. Misdadige handelinge ontneem die mensdom van hierdie kollektiewe geluk derhalwe moet dit voorkom word. Volgens Bentham is voorkoming van hierdie handelinge moontlik aangesien mense die voor- en nadele van hulle optredes opweeg. Die natuur het die mens onder twee soewereine kragte/meesters geplaas, naamlik pyn en genot. Hierdie magte bied aan mense riglyne rakende wat hulle behoort te doen om genot te smaak en om

vas te stel wat vermy moet word om pyn te vermy. Dit beheer mense ten opsigte van hulle handelinge, oftewel wat hulle sê, dink en doen. Die opweeg van pyn en genot het Bentham "felicity" of die sogenaamde hedonistiese kalkulusbeginsel genoem. Deur die pyn-en-genotsbeginsel te manipuleer, kan die genot wat uit misdadige handelinge verkry word geneutraliseer word. Ten einde neutralisering moontlik te maak, identifiseer hy ses strafbeginsels. Die ses strafbeginsels wat misdaad moet voorkom, sluit die volgende in: sekerheid ("certainty" - straf moet die misdaad verseker opvolg); nabyheid ("celerity" - straf moet die misdaad so gou as moontlik opvolg); felheid ("severity" - straf moet streng genoeg wees); proporsionaliteit ("proportionality" - straf moet in verhouding tot die nadeel wat deur die misdaad veroorsaak is, staan asook opgelê word in verhouding tot die tipe oortreder); gevoeligheid ("sensitivity" - elke oortreder se spesifieke eienskappe en toleransievlakke verskil en moet in ag geneem word); en voorbeeld ("example" - daar moet 'n voorbeeld van die oortreder gemaak word) (Brown et al., 1991:223-225; Brown et al., 1996:171-173; Brown et al., 1998:181-186; Einstadter & Henry, 1995:43-71; Williams & McShane, 1994:14-24; Williams & McShane, 1999:17-20).

Die sleutelgedagtes van Beccaria en Bentham hou verband met wetgewing en straftoepassing, die bewys van skuld, die jurie en regters, getuies, geheime aantuigings, hoorsê getuienis, marteling, ondervraging, reg tot appèl, spoedige straftoepassing, matigheid van straf, sekerheid van straf, afskrikking, die doodstraf, klassifisering van misdaad en die impak wat misdaad op die sosiale orde het. Dit was veral hulle fokus op afskrikking as strafoogmerk wat die rol van die polisiebeampte in 'n nuwe perspektief geplaas het. In die lig hiervan is dit te verstane dat sowel Beccaria as Bentham se inisiatiewe fundamenteel staan tot die revolusie in die moderne polisiëring. Hulle werk het dan ook die hervormingsinisiatiewe van gesaghebbende polisiepraktisyns in Engeland en Amerika soos onder andere Henry Fielding, Patrick Colquhoun, Sir Robert Peel, Charles Rowan, Richard Mayne, Orlando Winfield Wilson en August Vollmer gerig (Cox, 1996:10; Dantzker, 1995:11; Emsley, 1996:12-16; Martin et al., 1990:3-18; Reiner, 1992:15; Reiner, 1996:705).

2.6.1 Impak van die klassieke era op moderne polisiëring

In die lig van Beccaria en Bentham se voorstelle ten opsigte van straf en afskrikking, publiseer Patrick Colquhoun, *A Treatise on the Police of the Metropolis* in 1795. As 'n besoldigde magistraat van Middlesex het hy 'n aktiewe rol in die verandering van die Britse regstelsel gespeel (Van Heerden, 1986:25). Hy het veral kritiek gelewer teen "the extravagance, idleness and profligacy of the poor which they supported by gambling,

cheating and thieving" (Emsley, 1987:53). Reeds in 1796 maak hy die aanname dat 'n gesentraliseerde polisiemag die enigste waarborg teen wanorde en die handhawing van individuele menseregte is. Teen die agtergrond van Beccaria en Bentham se hervormings-inisiatiewe was sy benadering met betrekking tot die vestiging van gesentraliseerde en georganiseerde polisiëring vir sowel die regering as die publiek meer aanneemlik. Die konsep "polisie" het dan ook vir Colquhoun 'n wyer betekenis as slegs die polisiebeampte in 'n uniform, aangesien hy dit beskou het as 'n omvattende meganisme wat nodig is om die sosiale orde op ekonomiese, sosiale en kulturele vlakke te reguleer. Die strafregstelsel in die algemeen en meer spesifiek die polisiemag as fasiliteerders daarvan was met ander woorde slegs 'n aspek van die meganisme van sosiale beheer. Colquhoun se uitgangspunte het grootliks met dié van Bentham en gesaghebbende politieke-ekonome van sy tyd ooreengestem. Polisiëring het dus 'n klein gedeelte van die plaaslike regering se inisiatiewe ingesluit ten einde misdaad en wanorde te verstaan en te beheer (Reiner, 1996:705-706).

In sy boek pleit Colquhoun dat statistieke van die aantal misdadigers en oortredings asook van die kostes en verliese wat deur hierdie oortredings gegenereer is, opgestel en op datum gehou moet word. 'n Register waarin alle misdadigers se name opgeteken word, sou na sy oordeel kon meehelp om die gevaarlikste misdadigers voortdurend te monitor. In samehang met die publiek se vrees vir misdaad het 'n toenemende oortuiging posgevat dat 'n nuwe vlak van orde nodig was. Die rede hiervoor was dat die opkomende politieke elite nie meer simpatiek teenoor die verouderde morele ekonomiese aandrang van die arm burgers, naamlik dat die staat na hulle moes omsien (welsynstaat) was nie, maar eerder 'n *laizes faire* houding ingeslaan het. Onluste en openbare wanorde was aan die orde van die dag omdat die burgers in opstand was teen onder andere die hoë voedselpryse. Landsburgers wou voedselpryse verlaag hê en het ook daarop aangedring dat geldskieters ("hoarders") en winsmakers ("profiteers") vervolg moes word. Die polities-ekonomiese sisteem wat besig was om te ontwikkel, het 'n vryemarkstelsel benadruk en derhalwe was wanorde, protes en gemeenskapsaksies gemik teen die verryking van die kapitaliste. Hierdie aksies is in 'n toenemende mate deur die elite as misdadig bestempel. Die Gordon-onluste van 1780 in Londen het die elite laat besef dat massa-aksies buite beheer en uiters gewelddadig kan wees. Die massaslagtings wat in Parys in dieselfde tydgleuf (1789) vanweë die Franse Revolusie plaasgevind het, het die vrees van die elite versterk.

In die lig van die voorafgaande is die Thames River Police Act in 1800 gepromulgeer. Ingevolge hierdie wet het Colquhoun die mandaat gekry om 'n professionele polisiemag op die been te bring en kan hy welliswaar as die ontwerper van die eerste professionele

moderne polisiemag in Groot Brittanje beskou word. Tewens, sy bydraes het die grondslag gelê vir die totstandkoming van die Metropolitan Police deur Sir Robert Peel in September 1829 (Emsley, 1996:11-12; Reiner, 1992:15; Reiner, 1996:705-706; Roberg & Kuykendall, 1993:54; Sherman, 1992:162; Van Heerden, 1986:25).

In 1822 is Sir Robert Peel aangewys as die Britse Minister van Binnelandse Sake. In hierdie hoedanigheid was hy verantwoordelik vir binnelandse sekuriteit. Een van sy belangrikste doelwitte was om 'n effektiewe polisiemag te stig wat onluste en misdaadprobleme kon bekamp. Hoewel Peel in 1822 uniformdraende polisiebeamptes aan "Bow Street"-polisie toegewys het, is sy inisiatiewe met wantroue bejeën. Ofskoon hervormingsinisiatiewe gedurende die 1820's deur die Britse parlement vertraag is, het Peel in 1828 'n parlementêr-verkose komitee, slegs bestaande uit mans wat sy ideale ondersteun het, saamgestel. Na sewe jaar in die amp van Minister en ondanks verskeie pogings om 'n professionele polisiemag op die been te bring, kritiek teen die bestaande polisiemag in Londen asook ander inisiatiewe rondom 'n beter polisiemag, is sy pogings beloon (Brown et al., 1996:175; Dantzker, 1996:11; Emsley, 1996:12-15; Reiner, 1992:15; Reiner, 1996:705; Roberg & Kuykendall, 1993:54-55). In 1829 is Peel se voorstelle "after several years of adroit political maneuvering" aanvaar, en het die parlement The London Metropolitan Police Act gepromulgeer (Brown et al., 1998:185-186).

Peel se belangrikste standpunt was dat wanorde in 'n groot mate die gevolg van ondoeltreffende polisiëring is en dat sowel interne beveiliging as die handhawing van individuele regte aan gespesialiseerde polisiemanne in plaas van militêre magte toevertrou moes word. Die Britse burgers was egter krities teenoor Peel se idee van 'n professionele polisiemag. 'n Belangrike rede hiervoor was die vrees dat Brittanje dieselfde pad as Frankryk sou loop. Hervormings (Franse Revolusie en die gebruik van spioene en militaristiese geheime polisie-agente onder Napoleon) wat in Frankryk (Frankryk is sedert die agtiende eeu beskou as 'n modelstaat vir die meeste monargieë) en in ander lande begin plaasvind het, het teenstand teen Peel se voorstelle versterk. Gesentraliseerde regerings in Europa wat eie polisiemagte aangestel het, het die polisie in 'n groot mate gebruik om hulle mag te versterk. Derhalwe was die burgers skepties en van oordeel dat Peel se polisiemag op dieselfde wyse in Brittanje sou funksioneer. Georganiseerde polisiëring is as ondemokraties beskou aangesien dit die elitegroep bevoordeel het en aan die groep mag verleen het wat 'n ernstige bedreiging vir die vestiging van basiese individuele regte soos vryheid en privaatheid ingehou het. Kritici het aangevoer dat bestaande wette voldoende is om gedrag te beheer en dat georganiseerde polisiëring oorbodig sou wees. Een van Peel se teen-

argumente was dat, hoewel landswette inderdaad voorsiening maak vir die beskerming van orde, die instel van 'n professionele polisiemag vir die eerste keer wetgewing ter tafel gebring het wat spesifiek aandui wanneer, hoe en deur wie die orde beskerm moet word. Hy het verder benadruk dat onderdrukking nie die doel van polisiëring in 'n demokrasie is nie, maar dat dit 'n samelewingsdiens is wat ingestel is op die voorkoming van misdaad. Die kern van Peel se hervormingswetgewing was geskoei op die beginsel dat polisiëring misdadigers of potensiële misdadigers moes afskrik (Brown et al., 1996:175; Emsley, 1996:12-15; Reiner, 1992:15; Reiner, 1996:705; Roberg & Kuykendall, 1993:54-55). Die hervormings-inisiatiewe van die klassieke era in kriminologie en veral Beccaria en Bentham se aannames rakende afskrikking is hier ter sprake.

Peel se opdrag aan die eerste twee kommissarisse van die London Metropolitan Police het soos volg gelui: "It should be understood, at the outset, that the principal object to be obtained is the prevention of crime. ... The absence of crime will be considered the best proof of the complete efficiency of the police" (aangehaal in Lyman, 1964:133). Peel was ook van oordeel dat misdaad sou afneem indien manlike polisiebeamptes, geklee in uitkenbare uniforms, die stadstrate patrolleer. Beccaria en Bentham se sienings dat die sekerheid van straf misdaad sou laat afneem, is dus hier ter sprake. In die lig hiervan is Charles Rowan en Richard Mayne as die twee kommisarisse wat die polisiemag moes ontwikkel, aangestel.

Kolonel Rowan, 'n militaris, en Mayne, 'n Ierse regsgeleerde, het die polisiemag in verskillende afdelings ingedeel. Die afdelings het in grote verskil na aanleiding van die omvang van misdaad in 'n spesifieke afdeling se patrolliearea. Elke afdeling het 'n superintendent aan die hoof gehad, terwyl inspekteure, sersante en konstabels die res van die rangstruktuur uitgemaak het. Konstabels het blou uniforms gedra en was bewapen met slegs 'n kort knuppel en 'n ratel (waarmee alarm gemaak kon word). Die uniforms is op so 'n wyse ontwerp dat dit nie met militêre uniforms verwar kon word nie. Hierdeur het Rowan gepoog om dieselfde verhouding wat tussen soldate en hulle offisiere bestaan het, tussen die polisie en die burgers te skep. Sowel Rowan as Mayne het polisiebeamptes aange-moedig om na die burgers se klagtes te luister asook om hulle verbale viktimisering te verdra. Die benadering het voortgespruit uit albei se besef dat 'n militêre tipe polisiemag meer probleme sou ondervind om met die publiek in harmonie te funksioneer as 'n polisiemag wat in diens van die gemeenskap staan (Brown et al., 1996:175; Dantzker, 1996:11; Emsley, 1996:12-15; Reiner, 1992:15; Reiner, 1996:705; Roberg & Kuykendall, 1993:54-55).

In ooreenstemming met kulturele gebruik, is slegs mans as polisiebeamptes gewerf. Hoewel polisiemanne met groot sorg gekies is, was hulle nie noodwendig geskik vir die taak nie. Verskeie kon nie die aanvanklike opleiding voltooi nie as gevolg van te streng fisieke vereistes, of is as gevolg van drankprobleme en die misbruik van mag ontslaan. Die algemene profiel van die eerste amptelike polisiebeamptes was jong mans wat nie oorgewig was nie en redelik lank moes wees. In September 1829 het die eerste Metropolitaanse konstabels die strate van London begin patrolleer. In hierdie verband meld Emsley (1996:12-13) dat "the Metropolitan Police's three thousand uniform men, organized in a centralized, hierarchical and rigid body, were very different from the plain-clothes watchmen recruited by, answerable to, and paid for by local parishes". Die gebruik om gemeenskaps-konstabels aan te stel, is afgeskaf toe die "nuwe polisie" ingestel is. Ondanks hierdie verandering het die ou gemeenskapskonstabels steeds bly funksioneer wat meegebring het dat 'n groot mate van wrywing gedurende die 1830's tussen die twee groepe ontstaan het.

Die eerste amptelike polisiebeamptes wat die strate van Londen gepatrolleer het, is deur die gemeenskap as die "Bobbies" of "Peelers" gedoop - terme wat van Sir Robert Peel se naam en van afgelei is. Die "Bobbies" is met venyn en agterdog deur die gemeenskap bejeën en dikwels was die publiek so antagonisties dat "policemen attempting to control traffic were ridden down and lashed with whipps" (Critchley, 1972:54). In sommige gevalle is hulle selfs om die lewe gebring en is die skuldige burgers ongestraf gelaat (Brown et al., 1996:175). Na 'n aantal jare het hierdie nuwe benadering tot polisiëring populêr onder die burgers van Brittanje geword en het hierdie model ook in Amerika inslag gevind by die ontwikkeling van munisipale polisiemagte.

Die eerste polisiemag wat in Amerika op hierdie model geskoei is, was georganiseerde dag- en nagpolisiestelsels wat onder andere in Philadelphia (1833), Boston (1838), New York (1844), San Francisco (1850) en Los Angeles (1851) ingestel is. Teen die middel van die negentiende eeu was die belangrikste raamwerk van die Amerikaanse munisipale polisiemag gevestig. Munisipale polisiebeamptes is deur distrik-sheriffs in plattelandse areas bygestaan. Hierdie polisie-agentskappe is mettertyd bygestaan deur die sogenaamde federale en staatsagentskappe wat ontwikkel is. Ofskoon die Amerikaanse polisiemag die meeste van die Britse inisiatiewe oorgeneem het, het die Amerikaanse polisie tekort geskiet omdat 'n sentrale outoriteit (soos die Kroon in Brittanje), wat 'n wettige mandaat vir optrede daargestel het, ontbreek het. In Amerika het kleiner departemente onafhanklik in hulle eie jurisdiksies gefunksioneer. Groter departemente is ingedeel in areas wat meestal onafhanklik as kleiner afdelings in plaas van takke van dieselfde organisasie, gefunksioneer het.

In samehang hiermee was die koloniste ontevrede met staatsinmenging in hulle daaglikse lewens en het hulle die gedagte aan 'n gesentraliseerde polisiemag negatief beoordeel. 'n Verdere rede vir hierdie teenstand was dat polisiebeamptes vanweë politieke heterogeniteit ongewilde wette moes toepas in diverse, etniese woonbuurte waar immigrante woonagtig was.

Polisiebeamptes is ook polities gemanipuleer en teen die 1830's is polisiebeamptes na willekeur gehuur en afgedank deur verkose politieke raadslede. Raadslede het van diegene wat hulle aangestel het verwag om hulle polities te ondersteun en indien dit nie gebeur het nie, is hulle afgedank. In hierdie verband meld Richardson (aangehaal in Cox, 1996:8) dat "the late nineteenth century policemen had a difficult job. He had to maintain order, cope with vice and crime, provide service to people in trouble, and keep his nose clean politically". Regdeur die grootste gedeeltes van die negentiende en twintigste eeu was die basiese kwalifikasie in die VSA om 'n polisiebeampte te word dat 'n persoon 'n politieke konneksie moes hê. Basiese opvoeding en goeie fisieke gesondheid was nie onder die voorvereistes nie, hoewel fisieke liggaamsgrootte 'n beduidende rol kon speel. Daar is wel van polisiebeamptes verwag om enige probleme waarmee hulle gekonfonteer is te kon hanteer en dat hulle nie net bloot die wet moes toepas nie (Brown et al., 1996:175; Emsley, 1996:12-15; Reiner, 1992:15; Reiner, 1996:705; Roberg & Kuykendall, 1993:54-55). Hieroor laat Richardson (1974:57) hom soos volg uit: "For the patrolman, unless he was exceptionally stubborn or a notoriously slow learner, the moral was clear: If you want to get along, go along".

Hoewel verskeie pogings aangewend is, soos onder andere deur die Pendleton Act (1883) om burgerlike dienstebeskerming uit te brei na aanvanklik federale en later na staats- en plaaslike werkgewers, het verandering nie ingetree nie. Net soos in Brittanje het die Amerikaanse burgers gevrees dat die polisiemag 'n instrument van onderdrukking in die hande van die staat sou word.

Samevattend kan gesê word dat hoewel Peel se inisiatiewe, wat op die klassieke denkers se beginsels geskoei is, aanvanklik teenkanting ontvang het dit mettertyd wêreldwyd onder polisiepraktisyns erkenning geniet het. Selfs 150 jaar later propageer sowel August Vollmer as O.W. Wilson in die VSA dat Peel se hervormingsgedagtes, naamlik sigbare polisiëring soos die gebruik van voetpatrollies, een van die gemeenskap se beste verdedigingsmeganismes teen misdadigers is. Wilson meld in die verband dat sigbare patrollering die ruggraat van polisiëring is en dat 'n indruk van alomteenwoordigheid geskep word deur

gereelde en opsigtelike patrollies (Brown et al., 1996:176).

Peel se inisiatiewe het dan ook 'n betekenisvolle invloed op polisiëring, soos dit teenswoordig in Suid-Afrika bedryf word, gehad. Alvorens die invloed wat die Britse polisiëringsmodel op polisiëring in Suid-Afrika gehad het, bespreek word, sal die historiese perpektief van polisiëring in Suid-Afrika kortliks onder die loep geneem word.

2.7 SUID-AFRIKAANSE PERSPEKTIEF

Vervolgens sal polisiëring voor Uniewording (1910), gedurende die Unietydperk en Republiekwording tot en met polisiëring soos dit na demokratisering in 1994 in Suid-Afrika daar uitsien, bespreek word. Die rol van die vrouepolisiebeampte sal daarna beklemtoon word. Aangesien Suid-Afrika 'n Britse kolonie was, is die polisiemag asook die meeste ander staatsinstellings en gebruike wat in die instellings geld deur die Britse stelsel beïnvloed. Ofskoon die regstelsel in Suid-Afrika hoofsaaklik op die Romeins-Hollandse reg geskoei is, het die Engelse reg ook neerslag in die Suid-Afrikaanse regstelsel gevind. Veral die strafproses- en bewysreg is deur die Engelse reg beïnvloed (Brewer, 1994:14).

2.7.1 Polisiëring voor Uniewording

Jan van Riebeeck het op 6 April 1652 in Suid-Afrika voet aan wal gesit om 'n halfwegstasie aan die Kaap te vestig. Geen sprake van georganiseerde polisiëring of wetstoepassing het bestaan nie en die plaaslike bevolking (inboorlinge) is hoofsaaklik deur stamhoofde regeer. Hoewel van Riebeeck die eerste Westerling was wat regulasies neergelê het ten einde orde te verseker, het inboorlinge reeds in 1488 met Bartholomeus Dias en Westerse invloede by Walvisbaai kennis gemaak. Tydens hierdie ontmoeting wat inderwaarheid tot 'n botsing gelei het, is 'n inboorling doodgeskiet. Vasco da Gama wat handelsbetrekkinge tussen Portugal en die Ooste moes aanknoop, het op 4 Desember 1497 met die Hottentotte slaags geraak. In hierdie voorval is etlike van Da Gama se bemanning gewond. 'n Derde insident waarby die plaaslike bevolking met westerlinge gebots het, het plaasgevind toe Fransisco de Almeida in 1510 op sy terugtog van Indië na Portugal, by Tafelbaai aangedoen het vir vars water. Sy manskappe het hom oorreed om die bewoners van die land te "straf" aangesien hulle die ruilhandelgeselskap beledig het. De Almeida het opdrag gegee dat 150 soldate na die kraal waar die voorval plaasgevind het, opruk. Tydens die operasie het 58 Portugese, waaronder ook De Almeida, gesneuwel. Verskeie matrose het tydens die besitname van sowel St. Helena (1633) as Mauritius (1638) by die Kaap aangedoen vir verversings en

ruilhandel. Tydens hierdie besoeke het die matrose ook met die Hottentotte slaags geraak. Net na Jan van Riebeeck se aankoms aan die Kaap het konflik tussen die vryburgers en die Hottentotte ook voorgekom (Böeseken, 1979:35; Wiid, 1979:6-9). Die konflik tussen die vryburgers en die inheemse bevolking asook probleme wat besoekende matrose veroorsaak het, het die neerlê van regulasies genoodsaak om orde te handhaaf.

2.7.1.1 Kaapse perspektief

Na sy aankoms in die Kaap het Jan van Riebeeck 'n krygswet afgekondig om orde asook rus en vrede te verseker. Die handhawing van orde is aan die garnisoen oorgedra. Kollektiewe aanspreeklikheid, met ander woorde waar burgers verantwoordelikheid vir hulle eie beskerming moes neem en vrywillig sonder vergoeding, pligte moes vervul om die kollektiewe veiligheid te verseker, het ook gegeld soos in die tyd van die Antieke Monargie. In Desember 1652 is die eerste "polisiebeampte", die sogenaamde geweldiger of skout aangestel om die toenemende misdaad en smokkelhandel met inboorlinge te bekamp. Hy is later bygestaan deur die *caffres* (oosterse bandiete) wat na die Kaap verban is om hulle gevangenisstraf uit te dien. Die hawegebied is vanaf 1653 deur die wag-aan-wal gepatrolleer. Toenemende veediefstalle, brandstigting en onwettige handel met inboorlinge, het meer wetskrifte (*placaaten*) genoodsaak wat daartoe aanleiding gegee het dat 'n fiskaal in 1669 aangestel is. Die fiskaal wat direk aan die Here XVII in Holland verantwoordelik was, was daarvoor aanspreeklik om die belange van die HOIK (Hollands Oos-Indische Kompanie) en die nedersetting te beskerm. Die fiskaal het oor regsprekende magte beskik en polisiëringsdienste het direk onder sy toesig geval. Om hierdie diens te kon lewer, het hy 'n aantal mans uit die geledere van oud-soldate aangestel om die volgende dienste te lewer: uitvoer van patrollies; bewaking van wonings; voorkoming van brande; inspeksie van kroeë; opsporing van slawe wat gedros het; en ondersoeke na moorde en aanrandings. Op aanbeveling van die Burgerraad is 'n nagwaak, bestaande uit 10 vryburgers onder bevel van 'n sersant en 'n korporaal, aangestel. Drie van hierdie wagte wat as die ratelwagte bekend gestaan het, is deur die Burgerraad op aanbeveling van die Kommandeur amptelik aangestel en uit belastinggelde besoldig. Hulle funksie was hoofsaaklik voorkomend van aard aangesien hulle oortreders met die lawaai van 'n ratel moes afskrik. Hulle het dus ook van die "hue and cry"-sisteem gebruik gemaak. In 1780 is die ratelwaggeledere tot 10 burgers aangevul en onder bevel van die fiskaal geplaas. Hierdie burgerwag wat uit Hollanders, Engelse en Maleiers bestaan het, het in 'n groot mate ooreengestem met die wagstelsel wat in London in gebruik was en het ook ooreenkomste getoon met die Amsterdamse wagstelsel.

In 1799 is Kaapstad deur Generaal-Majoor Francis Dundas in wyke ingedeel en onder die beheer van 'n wykmeester geplaas. Hierdie wykmeesterstelsel kan as die eerste stap tot desentralisasie van polisiedienste beskou word. Hoewel die wykmeester se pligte hoofsaaklik tot die voorkoming van brande beperk was, moes hy ook eiendomsmisdade voorkom. Verder moes hy aan die fiskaal verslag doen oor gevaarlike persone en vermeende misdadigers in sy wyk, werkloses opspoor en toesien dat sy wyk ordelik en netjies voorkom. Die ratelwag, burgerwag en wykmeester het na die Britse besetting van die Kaap in 1806 steeds voortbestaan.

Veldkornette was verantwoordelik vir polisiëring in die platteland. Gebrek aan kennis en ondervinding asook groot afstande het daartoe bygedra dat hulle nie 'n impak op die bekamping van ernstige misdade gehad het nie. Die sogenaamde politie ruiters is ingestel om landdroste by te staan. Hulle was professionele agente en het op dieselfde wyse as die "Bow Street Runners" in London gefunksioneer. Hierdie persone was nie polisie-amptenare nie derhalwe was hulle dienstydperk van korte duur. Tot in 1840 was die polisie aan die Kaap ongeorganiseerd en onbevoeg om misdaad na behore te bekamp. In hierdie tye was die burgers, net soos in Brittanje en Amerika, negatief ingestel teenoor 'n georganiseerde polisiestelsel omdat geglo is dat dit op die basiese reg op algehele vryheid inbreuk sou maak. Ten einde die probleme rondom polisiëring te ondervang, is Ordinansie 2 van 1840 uitgevaardig waarin bepaal is dat 'n polisiestelsel in die Kaap ingestel moes word. Onder invloed van die Metropolitan Police is die Cape Constabulary of Executive Police of Cape Town op die been gebring. Gedurende 1882 het hierdie mag as die Kaapse Polisie bekend gestaan. In plattelandse dorpe waar 'n behoefte aan polisiëring ontstaan het, is daar ook polisiebeamptes aangestel.

Ofskoon polisiebeamptes in siviele drag deur die gemeenskap afgekeur is, is polisie-beamptes in privaatklere (speurders) reeds teen 1859 vir spesiale dienste aangewend. Die ontdekking van diamante in Kimberley het momentum aan onwettige diamanthandel gegee en veral die gebruik van speurders, wat onopvallend hulle polisiëringstaak kon verrig, nodig gemaak. Derhalwe is die Griekwaland-Wes oftewel Kimberley Polisie ingevolge Ordinansie 11 van 1880 op 4 Mei 1882 in die lewe geroep. Hierdie polisiemag kan as die eerste georgani-seerde speurdiens beskou word aangesien hulle gemoeid was met die bekamping van onwettige diamanttransaksies asook arrestasie van diegene wat daarby betrokke was.

Hoewel misdaad in ander dorpies en op die platteland nie kommerwekkende afmetings aangeneem het nie, het konflik tussen die plaaslike bevolking en die burgers toegeneem. Dit

het meegebring dat eiesoortige polisie-eenhede vroeg in die 1800's ontstaan het. Die Cape Regiment (1806) wat uit Kleurlingmans bestaan het, was 'n semimilitêre eenheid wat in die lewe geroep is om die Kolonie se grense te bewaak en om veediefstalle te bekamp. Benewens die burgers se teënkanting teen die bewapening van kleurlinge, is die eenheid gekenmerk deur ongedissiplineerdheid en het die meeste van die lede hulle skuldig gemaak aan aggressiewe optredes en dronkenskap. As gevolg hiervan is die eenheid in 1827 deur die Imperial Cape Mounted Riflemen vervang. Gedurende 1855 het die Koloniale Regering besluit om die kleiner groepe persone wat patrollies op die platteland en grense gedoen het, te konsolideer. Hierdie verenigde groep het as die Frontier Armed and Mounted Police (FAMP) bekend gestaan. Dit was die eerste keer dat daar amptelik 'n naam aan berede polisie gegee is en hulle doel was veral om veediefstal en ander polisie-aangeleenthede te ondersoek. As gevolg van die probleme wat op die grense van die Kolonie geheers het, kon die FAMP nooit hulle dienste effektief verrig nie - 'n rede wat tot hulle ontbinding gelei het. In 1878 het hulle hergroepeer as die Cape Mounted Riflemen.

In 1882 is die eerste volwaardige polisiemag, wat bekend gestaan het as die Cape Police, gestig. In 1904 vind 'n algehele herorganisasie van die polisie op die platteland plaas en word die Cape Mounted Police Force op die been gebring ten einde groter eenheid en doeltreffendheid op die platteland te verseker asook om die Imperial Cape Mounted Riflemen by te staan (Amptelike Jaarboek van die Republiek van Suid-Afrika, 1986:37-42; Brewer, 1994:5-11; Official South Africa Yearbook, 1993:11-15; South Africa Yearbook, 1995:27-31; Van Heerden, 1986:28-31). Ter stawing van die feit dat vrouepolisiebeamptes nie in hierdie magte aangewend is nie, wys Engelbrecht (1997:51) daarop dat "the men serving in these forces were dependent on the horse as a means of getting around".

Vanweë politieke, sosiale en ekonomiese oorwegings het burgers in 'n toenemende mate hulle heil elders in Suid-Afrika gaan soek. Die Groot Trek (1838) het 'n nuwe wending aan die ontwikkeling van polisiëring in Suid-Afika gegee.

2.7.1.2 Transvaalse en Oranje-Vrystaatse perspektief

Die Groot Trek het veral momentum gegee aan die ontwikkeling van polisiëring in die Transvaalse en Oranje-Vrystaatse Republieke. Ontevredenheid met die Britse bewind aan die Kaap asook ander faktore soos ekonomiese eksploitasie en manipulering van die Kaapstad hawe deur finansiële gewin vir die Britte was van die belangrikste redes waarom die trekkers die Kaap verlaat het.

Die hoë morele standaarde wat die Voortrekkers in die laers gehandhaaf het, het misdaad in hulle eie geledere beperk. Hierdie stand van sake het voortgeduur nadat hulle hul op plase begin vestig het. Die behoefte aan 'n polisiediens in die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) het hoofsaaklik ontstaan as gevolg van die primitiewe inboorlingstamme wat die trekkers besteel en plase geplunder het. 'n Georganiseerde militêre mag wat teen die inboorlinge kon optree, is op die been gebring om die Voortrekkers se lewens, eiendom en vee te beskerm. Aangesien daar nie 'n georganiseerde polisiediens bestaan het nie en 'n redelike groot area gedek moes word, was dit die plig van elke Transvaalse burger om misdaad te bekamp en om sy lewe en eiendom te beskerm. Spesifieke polisiepligte is wel deur die dorpsveldkornet in die dorpe en die distriksveldkornet op die platteland behartig.

Die stigting en uitbreiding van bestaande dorpe het nuwe uitdagings gebring. 'n Toename in verkeer op dorpe het byvoorbeeld in 1857 daartoe gelei dat die eerste wykmeester (voorloper van die verkeerskonstabel) aangestel is om verkeer tydens saamtrekke (bv. nagmaaldienste) te reël en om die dorpsveldkornet by te staan. Namate die bevolkingsdigtheid in dorpe toegeneem het, het toenemende onrus begin voorkom. Dit het daartoe gelei dat burgers snags as dorpswagte moes optree en dat verskillende dorpe vrywilligerskorpse gestig het, soos byvoorbeeld die Pretoria Rifle Corps (1865) en die Schutters Corps (1872) in Rustenburg.

Nuwe eise is aan diegene wat wet en orde moes handhaaf, gestel nadat goud in 1870 in die Transvaal ontdek is. Die toestroom van fortuinsoekers en delwers na die goudvelde asook die hoë werkloosheidsyfer het daartoe bygedra dat Wet 1 van 1871, Locale Wetten der Zuid-Afrikaansche Republiek, uitgevaardig is. Hierdie wet het vir die eerste keer vir 'n amptelike polisiemag (Sergeanten van Politie) voorsiening gemaak. Burgers is ook gekoöpteer om die ordeloosheid wat geheers het onder beheer te bring. 'n Mandaat is aan elke burger ingevolge Wet 3 van 1876 gegee om onder andere leeglêers te arresteer en aan hulle naaste veldkornet te oorhandig. Grenspolisie soos die Utrecht Frontier Wacht (1874), Rijdende Politie te Waterberg (1875) en die Chef van Politie te Soutpansberg is ook in die lewe geroep. Hierdie groepe was veral getaak om Zoeloe-immigrante en wapensmokkelaars aan te keer.

Die ontdekking van goud het 'n betekenisvolle impak gehad op die politieke ontwikkeling in sowel die ZAR as die Republiek van die Oranje-Vrystaat gehad. Vanweë die geweldige groei wat Johannesburg beleef het, asook die instroming van vreemdelinge was die ZAR nie opgewasse om die gepaardgaande misdaad te hanteer nie. Die toename in moord,

diefstalle, smokkelhandel in edelgesteentes en goud asook drankmisbruik het die ontoereikendheid van die polisiemag beklemtoon. Teen hierdie agtergrond is daar aan die Zuid-Afrikaansche Republiek Politie in 1895 'n meer formele regsprosedure toegeken wat nie met die stigting in 1881 nodig was nie. Betrokkenheid van polisiebeamptes by korrupsie, omkopery en ongedissiplineerde optrede het egter meegebring dat die wettelose toestande wat reeds bestaan het, vererger het.

Die Republiek van die Oranje-Vrystaat het aanvanklik vanweë swak ekonomiese omstandighede dieselfde probleme as die ZAR beleef. Polisiekorpse in die Oranje-Vrystaat, wat mettertyd in die meeste dorpe gevestig is, het bestaan uit 'n sipier, 'n konstabel en 'n hoofkonstabel. Teen 1873 was daar reeds 13 dorpe met hulle eie polisiekorpse. Hierdie korpse is aangevul deur die Grenspolisie (1862) en die Rijdende Dienst van die Oranjerivierkolonie (1862). Hierdie korpse se verantwoordelikhede het ooreengestem met dié van die Zuid-Afrikaansche Republiek Politie, naamlik om wet en orde te handhaaf.

Na die Britse besetting van die Transvaal en die Oranje-Vrystaat het Lord Robberts opdrag aan generaal-majoor Baden-Powell gegee om 'n polisiemag vir Transvaal en die Oranjerivierkolonie te organiseer. Ingevolge Proklamasie 24 van 22 Oktober 1900, word die South African Constabulary (de Zuid-Afrikaansche Konstabelmacht) gestig. Hierdie eenheid was by uitstek 'n manlike berede mag, militêr georiënteer en bestem om diens op die platteland te lewer. Polisiepligte is gedurende vredestye op 'n voltydse basis verrig, maar tydens onrustye is dit uitgebrei en moes lede ook as aanklaers, landdroshowe van spesiale regters, griffiers, registrasiebeamptes van geboortes en sterftes, pos- en skutmeesters asook vee-inspekteurs diens doen. Onder bevel van luitenant-kolonel Godley word die mag in 1902 herorganiseer volgens die Metropolitan Police-model. Polisiestasies is op verskeie plattelandse dorpe gevestig en die klem het van 'n militêre na 'n polisiefunksie verskuif. Proklamasie 15 van 1901 het verder voorsiening gemaak vir die stigting van die Transvaal Town Police om diens in Pretoria, Johannesburg en op die Witwatersrand te lewer. Sir Edward Henry (vader van die moderne vingerafdrukstelsel) het hierdie eenheid in 1902 georganiseer.

Op 28 Julie 1908 ontvang sowel die Transvaal as die Oranje-Vrystaat selfregering. Die Transvaal Politiewet wat hierna gepromulgeer is, het voorsiening gemaak vir die oprigting, organisasie en beheer van die Transvaal Politie. Dit het die Transvaal Town Police en de Zuid-Afrikaansche Konstabelmacht ingesluit. Die Oranje-Vrystaat Politie was weer verantwoordelik vir polisiefunksies in die Oranje-Vrystaat. Beide polisiemagte het voorsiening gemaak vir berede en speurafdelings. Ooreenkomstig die patriargale sosiale orde wat

wêreldwyd in polisiemagte geheers het, is vroue nie in hierdie polisiemagte aangestel nie (Amptelike Jaarboek van die Republiek van Suid-Afrika, Brewer, 1994:5-11; 1986:37-42; Official South Africa Yearbook, 1993:11-15; South Africa Yearbook, 1995:27-31; Van Heerden, 1986:25-35; Van der Merwe, 1997:46).

2.7.1.3 Natalse perspektief

Met die proklamering van Natal as 'n Britse gebied was polisiëring beperk tot individuele beveiliging. Individuele verantwoordelikheid asook die veldkornetstelsel was die vroegste vorm van polisiebeheer in Natal. Geen polisiediens het op die platteland bestaan nie, terwyl die basiese polisieplig van elke individu in dorpe deur die Burrough Police (1854) gekoördineer is. Buite die munisipale grense was setlaars ten volle verantwoordelik vir die beskerming van hulleself, hulle gesinne en eiendom. Die verantwoordelikheid is dus aan die hoof (man) van die gesin opgedra. Die polisiedienste wat wel bestaan het, was eerder op afskrikking en voorkoming as op die ondersoek van misdade gerig.

Smokkelhandel in veral vuurwapens asook grootskaalse veediefstal het 'n enorme probleem vir die Natallers geskep. Dit het die behoefte aan georganiseerde polisiëring laat ontstaan. Ten einde hierdie twee bedreigings die hoof te bied, is die Natal Mounted Police in die lewe geroep. Hoewel roetine polisiepligte uitgevoer is, was hierdie weer eens 'n verdedigings-eenheid wat op 'n militêre styl geskoei was. John George Dartnell, die eerste bevelvoerder van hierdie eenheid, was dan ook van oordeel dat polisie- en militêrepligte gekombineer moes word ten einde die polisie as die eerste verdedigingslinie teen misdaad te laat funksioneer.

Op 1 April 1883 word die Reserve Territory Carbineers gestig. Hulle is saamgestel uit Zoeloemans en moes bepaalde dienste in Zoeloeland verrig. In 1890 word hierdie eenheid wat as *Nongqai* (die Zoeloewoord vir "die koning se wagte/oppassers" of "hulle wat dwaal") bekend gestaan het, in die Natal Police opgeneem. Aangesien daar twyfel bestaan het oor die effektiwiteit van 'n tweeledige mag, naamlik soldaat en polisieman, word 'n landdros-kommissie in Julie 1892 aangestel om die doeltreffendheid van die polisiewese in Natal te heroorweeg. Net soos elders in die land was daar verskillende polisie-eenhede wat afsonderlik gefunksioneer het (Amptelike Jaarboek van die Republiek van Suid-Afrika, 1986:37-42; Botha, 1997:16; Brewer, 1994:5-11; Official South Africa Yearbook, 1993:11-15; South Africa Yearbook, 1995:27-31; Van Heerden, 1986:25-35). Ter illustrasie hiervan meld Van Heerden (1986:33) dat daar in Natal byvoorbeeld die Burrough Police, Local Board

Police Forces, Magisterial Native Police, Messengers and Convict Guards, Magisterial Patrol Police en die Water Police (voorloper van die Spoorwegpolisie) bestaan het. In aansluiting hierby meld Van der Merwe (1997:46) dat namate die argiefmateriaal bestudeer is daar tot die slotsom gekom word dat daar soveel veranderinge en polisie-eenhede was dat dit moeilik is om 'n akkurate weergawe van alles te kan gee. Op aanbeveling van die kommissie is al hierdie magte in 1904 in die Natal Police opgeneem. Hierdie mag het onder die aanvoering van luitenant William James Clarke die voorloper geword van 'n meer wetenskaplike benadering tot polisiëring in Suid-Afrika.

2.7.2 Polisiëring na Uniewording

Na afloop van die Anglo Boere-oorlog asook die beëindiging van die onderskeie state se selfregering, het Suid-Afrika in 1910 'n verenigde staat geword. 'n Enkele regering het dus beheer oor sowel die Kaap, Transvaal, Oranje-Vrystaat as Natal oorgeneem en die vroeëre state het provinsies van die nuwe staat geword. Uniewording het ook die vereniging van al die polisiemagte moontlik gemaak. By Uniewording op 31 Mei 1910 het die onderskeie koloniale polisiemagte soos die Cape Mounted Riflemen, Kaapse Beredepolisie, die Transvaalse Polisie, die Natalse Polisie, die Polisiemag van die Oranjerivierkolonie asook verskeie stedelike polisiemagte steeds onafhanklik bly voortbestaan. Aangesien dit probleme geskep het met betrekking tot die effektiewe bestuur van die land het die eerste Unieregering besluit om so spoedig moontlik 'n nasionale polisiemag te stig. Ten einde hierdie doelwit te verwesenlik, is daar in Augustus 1910 'n konferensie gehou deur die Kommissarisse van Polisie van die vier provinsies onder voorsitterskap van mnr. E.F. Lonsdale (Sekretaris van die Regsdepartement van die Kaapkolonie). Na afloop van hierdie konferensie is 'n Polisiewetsontwerp opgestel wat gebaseer was op die Transvaal Politie Wet (Wet 5 van 1908) asook die Polisieverordeninge van die hele Unie. Die wetsontwerp is voorberei om tydens die sitting van die Unieparlement in 1911 oorweeg te word. Na die aanvaarding van die wetsontwerp op 15 Oktober 1912 is kolonel J.G. Truter (later Sir Theodore Truter), 'n landdros van Standerton, die opdrag gegee om die polisiemagte in een verenigde mag te organiseer. Hy is ook aangewys as die Hoofkommissaris van die Polisiemagte van al vier die provinsies. Terselfdertyd is twee adjunkkommissarisse aangestel, naamlik luitenant-kolonel H.C. Bredell aan die hoof van die uniformtak en luitenant-kolonel T.E. Mavrogordato as die hoof van die speurtak. Hoewel die onderskeie magte hulle eie kommissarisse behou het, moes hulle vanaf die datum waarop die wetsontwerp aanvaar is aan kolonel Truter verantwoording doen.

Aanvanklik is besluit om twee magte te stig, naamlik die Suid-Afrikaanse Polisie (SAP) en die Suid-Afrikaanse Berede Skutters (SABS). Eersgenoemde sou 'n gewone polisiemag wees ingevolge die Polisiewet, maar in oorlogstyd sou die lede kragtens die Verdedigingswet as dienspligtiges beskou word. Hierteenoor sou die SABS ingevolge die bepalings van die Verdedigingswet 'n militêre mag wees, wat in vredestyd uitsluitlik vir polisiedienste gebruik sou word (bv. patrollering van gebiede waar daar 'n digte swart bevolking woonagtig was). Al die oorblywende lede van die voor-Unie se polisiemagte (uitgesonder die munisipale polisiemagte van Durban en Pietermaritzburg) wat nie in die SABS opgeneem is nie, is aan die SAP toegewys.

Vanweë die noue verwantskap wat die polisiewetsontwerp met die verdedigingswetsontwerp getoon het en die feit dat die verdedigingswetsontwerp nie vir parlementêre voorlegging gereed was nie, is dit teruggehou. Die volgende jaar is die Verdedigingswet, Wet 13 van 1912 en die Polisiewet, Wet 14 van 1912 deur die Parlement aanvaar. Artikel 2 van die Polisiewet het onder meer bepaal dat

> Op een door die Governeur-Generaal bij proklamtie in die Staatskoerant te bepalen dag niet eerder dan die een en dertigste dag van Januarie 1913, word onder die naam van 'Zuid-Afrikaansche Politie', een politiemacht opgericht, die samengesteld is uit alle personen, die op of na die dag overeenkomstig deze Wet als leden van de dienstmacht ingelijfd worden.

Ingevolge Proklamasie 18 van 1913 is 1 April 1913 bepaal as die datum waarop die SAP as een mag tot stand sou kom. Die hoofkantoor, soos steeds die geval, is in Pretoria gesetel en die SAP het 45 distrikte bedien. Op daardie stadium het die mag uit 5 882 mans bestaan waarvan 4 412 blank en 1 470 nie-blanke lede was. Die blanke lede het 105 offisiere, 4 022 uniformlede en 285 speurders ingesluit. Tot op hierdie stadium was daar nie sprake van vrouepolisiëring nie (Official South Africa Yearbook, 1993:71; Van der Merwe, 1997:46-47).

Met Suid-Afrika se toetrede tot die Eerste Wêreldoorlog (1914) is sowel die SAP as die SABS gemobiliseer om aktiewe diens te lewer met die gevolg dat hulle getalsterkte in verskeie dele van die land aansienlik verminder het. Na die Eerste Wêreldoorlog moes 'n groot aantal polisiebeamptes hulle tradisionele polisierol verruil vir die rol van "verpleegkundige" aangesien die griepepidemie polisiemanne genoodsaak het om medisyne van kraal tot kraal aan te ry en ook behulpsaam te wees met ander take, wat gewoonlik deur verpleërs nagekom is. Hierdie hulpverleningsinisiatiewe het die Unieregering oortuig dat 'n nasionale polisiemag meer doeltreffend kan funksioneer. Derhalwe is besluit om die SAP en die SABS vanaf 1 April 1920 te integreer.

Ongeag verskillende mylpale wat sedert 1 April 1913 bereik is, soos die aanvaarding van die Polisiewet, Wet 7 van 1958, het die SAP eers heelwat later vir die eerste keer in sy geskiedenis vroue as volwaardige lede op 1 Januarie 1972 in diens geneem (Amptelike Jaarboek van die Republiek van Suid-Afrika, 1986:297-307; Brewer, 1994:11-54; Engelbrecht, 1997:51; Official South Africa Yearbook, 1993:71; South Africa Yearbook, 1995:27-31; Suid-Afrikaanse Polisie Jaarboek, 1991:45-59; Van Rooyen, 1994:1-2; Van Heerden, 1986:25-35; Van der Merwe, 1997:46-47). Hierdie aanstellings het die weg gebaan vir die vestiging van polisiëring as 'n volwaardige beroep vir Suid-Afrikaanse vroue. Alvorens aandag aan die vrou in polisiëring geskenk word, is dit nodig om te let op die verandering wat polisiëring vanaf demokratisering ondergaan het.

2.7.3 Polisiëring na 1990

Op 1 Januarie 1990 is die SAP in 11 streke verdeel ten einde die administrasie en die uitvoering van dienste te fasiliteer. Elke streek is onder beheer van 'n streekskommissaris geplaas wat die rang van óf luitenant-generaal óf generaal-majoor gehad het. Die streke is verder in 82 distrikte verdeel wat elk onder die beheer van 'n distrikskommissaris gestaan het. Die distrikskommissaris moes toesien dat die polisiestasies in hierdie distrikte effektief funksioneer. Voor 2 Februarie 1990 was die SAP se dienste hoofsaaklik gerig op die instandhouding van die interne sekuriteit van die land, om wet en orde te handhaaf, om misdaad te voorkom en om vermeende oortredings te ondersoek. Gedurende hierdie tyd is meer as 30% van die SAP se mensekrag (hoofsaaklik mans) aangewend vir die aktiewe onderdrukking van politieke geweld.

Aanvanklik was daar nege bestuursdienste wat later na tien uitgebrei is, naamlik die uniformtak, speurtak, veiligheidstak, operasionele tak, tak vir wetenskaplik-tegniese dienste, personeeldienste, bestuursdienste, pastorale en maatskaplike sorg, finansiële dienste en misdaadvoorkoming (Official South Africa Yearbook, 1993:71; Smal, 1996:1). Hierdie dienste het met demokratisering drastiese verandering ondergaan.

2.7.4 Polisiëring sedert 1992

In die tydperk 1992 tot 1994 is die polisiemag in ses gespesialiseerde eenhede ingedeel en sodanig gestruktureer dat misdaad in 'n spesifieke sektor van die gemeenskap of die ekonomie aangespreek kon word. Hierdie eenhede het soos volg daar uitgesien: misdaadbevegting en -ondersoek, sigbare polisiëring, ondersteuningsdienste, menslike

hulpbronbestuur, binnelandse stabiliteit asook die afdeling gemeenskapsverhoudinge wat aan die einde van 1992 gestig is.

In 1994 het polisiëring in Suid-Afrika 'n radikale verandering ondergaan ten opsigte van transformasie en demokratisering. 'n Aanvanklike stap was dat die 11 polisieagentskappe asook die 10 tuislandagentskappe moes amalgameer en rasionaliseer ten einde een Suid-Afrikaanse Polisie Diens (SAPD) te stig wat op nasionale en op nege provinsiale vlakke kon funksioneer. Die Polisiewet, Wet 7 van 1958 is vervang deur die Polisiedienswet, Wet 68 van 1995. Die transformasieproses wat in werking getree het, fokus daarop om die mag in 'n diens te verander deur middel van gemeenskapspolisiëring. Hierdeur is klem geplaas op die ontwikkeling van 'n aktiewe en gelyke vennootskap tussen die polisie en die gemeenskap.

Een van die doelwitte van transformasie wat reeds bereik is, is om die SAPD in vyf divisies in te deel, naamlik nasionale misdaadondersoekdienste, nasionale veiligheidsdienste, nasionale menslike hulpbronbestuur, nasionale standaarde en bestuursdienste asook die nasionale ondersteuningsdienste. 'n Span wat as die Change Management Team bekend staan, is aangestel om te verseker dat die nuwe missie en waardesisteem deur al die lede van die nuwe SAPD geïmplimenteer word. Die bestuurstyl van die nuwe SAPD is ook verander van 'n outokratiese, burokratiese en militêre styl na 'n meer deelnemende bestuurs- en probleemoplossingsbenadering. In hierdie opsig is dit belangrik om te meld dat "this also entails respect for and sensitivity towards the fundamental rights of all members of the community - including members of the new SAPS" (South Africa Yearbook, 1995:207). 'n Kommitee wat uit vyf persone bestaan, is aangestel om die bestaande beleidsriglyne rakende onder andere bevordering, diskriminasie, gebruik van hulpbronne en borgtog-voorwaardes te ondersoek. Diskriminasie op grond van ras en geslag tydens opleiding en wanneer bevordering ter sprake is, geniet veral aandag. In hierdie verband is die Representivity and Equal Opportunity Programme (REOP) daargestel om gelyke geleenthede vir alle lede van die Diens te verseker (Annual Plan of the South African Police Service, 1996/1997:19, 34; South Africa Yearbook, 1995:207). Ter stawing hiervan meld Smal (1996:1) dat daar 'n nuwe "komponent binne die S.A.P.D. tot stand gekom het nl. (REOP - Representivity and Equal Oppertunity (sic) Programme) wat se funksie dit is om alle ongelykhede op grond van ras, geslag, ens. te identifiseer en aan te spreek". Hierdie komponent staan teenswoordig as die Equity Component (gelykheidskomponent) bekend. In die lig van die voorafgaande sal die historiese ontwikkeling van die vrouepolisiebeampte onder die loep geneem word.

Ofskoon daar sedert die tweede helfte van die twintigste eeu wêreldwyd toenemend pogings aangewend word om vroue en minderheidsgroepe vir polisiëring te werf, het daar nog nie betekenisvolle veranderinge ten opsigte van tradisionele sienings rakende polisiëring plaasgevind nie. In die verband meld Cox (1996:142) dat "these attempts have come largely in response to affirmative action and equal employment opportunity requirements, rather than as a direct result of the belief that such recruits can in fact perform the police roles as well as white males".

2.8 HISTORIESE ONTWIKKELING VAN VROUEPOLISIËRING

Volgens Roberg en Kuykendall (1993:378) is historiese gegewens oor vrouepolisiëring asook rekords in verband met hulle indiensneming die vaagste van alle geskiedkundige geskrifte rakende polisiëring. Verskeie bronne, waaronder Cox (1996), Emsley (1996) en Shermann (1992), ondersteun Roberg en Kuykendall se aanname.

2.8.1 Buitelandse ontwikkeling

In die buiteland is vroue teen die laat negentiende eeu in polisiemagte aangestel en is daar na hulle verwys as "polisievroue", "matrones", "tronkmatrones" of "polisiebeamptes". Hulle dienste het onder andere huishoudelike pligte ingesluit soos om wasgoed te was en etes voor te berei. Die eerste polisiematrone is in 1845 in New York City, "gehuur". In 1888 het New York en Massachusetts wetgewing uitgevaardig wat gemeenskappe met populasies van meer as 20 000 verplig het om polisiematrones te huur om na vroueprisoniers om te sien (Shusta et al., 1995:43). In 1893 is die eerste vrou aangestel aan wie die rang "policeman" toegeken is en wat oor die mag beskik het om oortreders te arresteer. Die "polisieman" was mevrou Marie Owens, die weduwee van 'n polisieman, wat deur die burgermeester in die Chicago se Polisie Departement aangestel is. Die eerste vrou wat volle polisiemagte verkry het, was Lola Baldwin van Portland, Oregon. Sy is in 1905 in 'n maatskaplike werkhoedanigheid "gehuur" en was verantwoordelik om jong meisies en vroue te beskerm. Hierdie misdaadvoorkomingsrol is as losstaande van die tradisionele polisierol beskou. Die argument wat hiervoor gebruik is, was dat vroue se dienste weens hulle spesiale kapasiteit vir kindersorg, uitsluitlik daartoe beperk is. Derhalwe is geredeneer dat vroue slegs aangewend kan word om as klerke te werk en om maatskaplike dienste te lewer soos om onder andere jeug- en gesinsprobleme op te los (Grennan, 2000:384; Roberg & Kuykendall, 1993:378; Taylor, 1996:43). Tussen 1905 en 1915 het verskeie ander polisie-departemente in die VSA, Portland se voorbeeld gevolg.

Die gedagte aan polisievroue het die status van 'n georganiseerde beweging in 1910 verkry nadat Alice Stebbins-Wells in die Polisie Departement, Los Angeles, Kalifornië, aangestel is. Stebbins-Wells wat as die eerste ware polisievrou geklassifiseer word, het 'n teologiese en maatskaplike werk agtergrond gehad. Met haar aanstelling is sy opdrag gegee om jong vroue wat weggeloop en met die regsisteem gebots het, te versorg asook om jeugwangedrag by sowel seuns as meisies te voorkom. Haar taakomskrywing het ingesluit dat sy toesig moes hou by danssale, skaatsbane, teaters en ander openbare ontspannings-fasiliteite. Sy het ook lesings oor die plek van die vrou in die polisie aan verskeie groepe oor die hele VSA aangebied. Stebbin-Wells se inisiatiewe het daartoe bygedra dat die Chicago City Council 'n ordinansie goedgekeur het wat voorsiening gemaak het vir die aanstel van polisievroue. Sy was ook die eerste president van die organisasie, Women Peace Officers of California, wat van 1915 tot die 1920's bestaan het. In 1956 is hierdie organisasie, weer in die lewe geroep en herdoop na die International Association of Women Police (IAWP).

Stebbin-Wells se aanstelling as polisievrou het daartoe bygedra dat verskeie vroue in poste soos polisiemaatskaplike werkers aangestel is. 'n Groot deurbraak in vrouepolisiëring was die aanstelling van Dolly Spencer in 1914 as die eerste vroulike polisiehoof in Milford, Ohio. Teen die einde van 1915 was daar 30 polisievroue in Chicago in diens van die polisie. Vrouepolisiebeamptes het bekend gestaan as die "women's bureau" en het onafhanklik van die manlike divisie gefunksioneer, nie uniforms gedra nie en was ook nie bewapen nie. Hulle het kleiner salarisse as hulle manlike kollegas ontvang alhoewel hulle dikwels opvoedkundig beter gekwalifiseerd was. Hierdie diskrepansie tussen polisiemans en -vroue het tot die einde van die 1960's bly voortbestaan.

Gedurende die tweede helfte van die twintigste eeu het doktor Lois Higgins, wat agt jaar president van die IAWP was, pogings begin aanwend om die vrou se posisie in polisiëring te verbeter. Sy het gevind dat een van die redes waarom vroueburo's apart van mans gevestig is, toegeskryf kon word aan die feit dat die meeste vroue geglo het dat dit die enigste wyse was om te verseker dat hulle onafhanklik kon vorder. Voor 1969 het hierdie vroue nooit patrolliediens gedoen nie en ook nie hulle eie uniforms gehad nie. Dit impliseer dat hulle dienste beperk was tot die tipe wat Stebbin-Wells verrig het (Champion & Rush, 1997:142; Dantzker, 1995:230; Grennan, 1993:164; Roberg & Kuykendall, 1993:378-379; Taylor: 1996:43).

In lande soos Denemarke, Duitsland, Nederland, Noorweë en Swede het die aanstel van polisievroue ook beslag gekry en is die gebruik aanvaar om aan hulle vaste salarisse in

plaas van 'n dagloon te betaal. Voor 1914 het die dienste wat polisievroue gelewer het, gewissel na aanleiding van die behoeftes wat in elke stad bestaan het. In die verband meld Solley (1925:1) dat "they had full powers of arrest and official status. In certain towns in Holland women have the rank of inspectors in the police force". Verder meld sy dat kommissaris De Ruyter (hoof van die Amsterdamse polisie) gedurende die International Abolitionist Conference te Southsea in 1914 melding gemaak het dat dit onmoontlik is om die wit slawehandel in Kaïro doeltreffend sonder vrouepolisiebeamptes se dienste te beheer. Dit wil voorkom of vroue op daardie stadium slegs in Holland tot dieselfde range as mans kon vorder, dieselfde salarisse as mans kon verdien en ook uniforms gedra het.

Gedurende die Eerste Wêreldoorlog is polisiemanne en berede beamptes van die meeste polisiemagte wêreldwyd na die oorlogsfront gestuur. Dit het meegebring dat die plaaslike polisiemagte se mannekrag uitgeput is. Emsley (1996:35) verklaar in die verband dat

> the exigencies of world war led to the rapid training of the unskilled for certain skilled trade. ... Gaps in police ranks created by war time military demands led to men being kept on beyond retirement age and to the recruitment of special constables. But war also boosted the demand for women police - a demand articulated from the closing years of the Victorian period, by different feminist groups.

Ofskoon daar gedurende hierdie tye groot teenkanting teen die gedagte van vroue-polisiëring bestaan het, het die verswakte plaaslike polisiemagte vanweë probleme soos onder andere prostitusie, jeugmisdaad en slawehandel geen keuse gehad as om oorweging daaraan te skenk om vroue te gebruik om hulle by te staan nie. Stawend van hierdie teenkanting is die volgende uittreksel uit die *Citizen* van 1946 (Policewomen, 1947:xxix):

> The suggestion employed in contact with vice seemed, in those days, to violate the whole conception of the Sheltered Sex, as such. Equally fundamental were the practical objections; policing by its very nature, seemed so essentially a man's job that no one could seriously conceive it as otherwise. Heritage of the sheltered, solid - but socially unperceptive - outlook of Victorian times, these ethical and practical objections to Women Police remained unshaken, and unshakeable, right up to the outbreak of the first World War.

Teen 1912, net voor die Eerste Wêreldoorlog, het die eise wat aan polisiemagte gestel is begin toeneem, die bevolkingsgroei het buite beheer begin raak, terwyl polisiemagte inderwaarheid verklein het. Ofskoon die aanstelling van vroue hierdie probleem kon ondervang, kan die oorlog as die keerpunt in die ontwikkeling van vrouepolisiëring beskou word aangesien die gedagte aan 'n amptelike vrouepolisiemag gedurende hierdie tyd beslag gekry. Die gebrek aan mannekrag asook die sosiale en militêre krisis wat geheers het, het

die praktiese teenkanting geneutraliseer. Verder is die morele, etiese en huishoudelike besware wat in die verband geopper is met minder entoesiasme ondersteun (Solley, 1925:1).

Die eerste aanduidings dat vroue wel in Brittanje op 'n betekenisvolle wyse in die manlike polisiëringsdomein aangewend kon word, was te wyte aan 'n nie-amptelike, vrywillige groep vroue wat gedurende die eerste twee jare van die oorlog as 'n onafhanklike organisasie polisiëringsdienste gelewer het. Hierdie groep, wat bekend gestaan het as die National Union of Women Workers, het vrouepatrollies ingestel wat naby weermagkampe ontplooi is. Hulle het veral gefokus op die instandhouding van moraliteit. Die rede hiervoor was dat prostitusie onder andere vanweë ekonomiese redes naby hierdie kampe toegeneem het (Policewomen, 1947:xxix). In die verband meld Emsley (1996:35) dat "temprorary military camps were thought to attract prostitutes and were feared as potential corruptors of other young women, while at the same time munitions factories brought together large numbers of young female workers".

Die vroue wat patrolliewerk in die omgewing van die kampe gedoen het se primêre doel was om beskerming aan vroue in hierdie areas te verleen. Diegene wat die patrollies onderneem het, was meestal vroue uit 'n hoër sosiale klas as manlike polisiebeamptes. Aangesien hulle gewoonlik uit die sosiaal bevoordeelde klas afkomstig was, was hulle beter opgevoed en hoër gekwalifiseerd. Verder het 'n aantal van hierdie vroue bande met feministegroepe en vrouestemregaktiviste gehad. Gevolglik het hulle meer klem gelê op sosiale welsyn as op politieke en sosiale verandering. Ten einde die posisie van die vrouepolisiebeampte in die beginjare van vrouepolisiëring te illustreer, meld Emsley (1996:25) dat

> the woman police had an ambiguous position and, significantly, while they were required to have a knowledge of the duties of a constable, they were denied his key prerogative - that of arrest. If a woman police officer witnessed a breach of the law, it was her duty to enlist the help of the nearest male constable in the vicinity.

Aangesien vrouepolisiebeamptes wat amptelik in diens geneem is wêreldwyd met sukses aangewend is (bv. VSA, Nederland, Denemarke, Noorweë en Swede), het die Britse polisie in onder meer Londen, Blackburn, Bradford, Bolton en Liverpool in 'n nie-amptelike hoedanigheid van vroue se dienste begin gebruik maak. Die eerste amptelike vrouepolisie-beampte in Engeland is in 1914 in Liverpool aangestel. Haar dienste was hoofsaaklik beperk tot die dagpatrollering van parke. Vroue-aktivistebewegings het al hoe meer op vroueregte begin aandring en teen 1914 het verskeie feministegroepe en stemregaktiviste aangevoer

dat vrouepolisie nie meer 'n eksperiment is nie, maar dat dit 'n noodsaaklikheid geword het.

Hoewel daar tot en met 1914 geen vrouepolisiebeamptes amptelik in Londen gefunksioneer het nie, was daar teen die einde van die oorlog reeds meer as 200 vroue in dié stad as polisiebeamptes werksaam. Vanweë ekonomiese redes is hierdie getal na die oorlog tot 12 verminder. Meer as 200 dorpe in Engeland het egter hierna die dienste van vroue-polisiebeamptes begin benut aangesien veral jeugmisdaad in Engeland in hierdie tye ongekende afmetings begin aanneem het. Gegewens (Roberg & Kuykendall, 1993:378-381) dui daarop dat die vrouepolisiebeamptes jeugmisdaad vanweë hulle patrolliewerk in onder andere parke, laat afneem het. Teen 1915 het vrywillige vrouepatrollielede in Groot Brittanje en Ierland die 8 000 merk oorskry en is hulle in meer as 90 gebiede met sukses aangewend (Solley, 1925:1-2).

In 1916 het 'n toename in prostitusie die polisie genoop om 'n aantal vrouepolisiepatrollies in 'n amptelike hoedanigheid aan te stel. Die werksaamhede van hierdie vroue asook hulle vergoeding is deur die polisie beheer en betaal. Die rede hiervoor was om beter koördinering tussen die vrouepatrollies en die amptelike polisiemag te bewerkstellig. In die verband is opgemerk dat "the status of this picked number of women patrols became now that of semi-civilians, attached to, and implementing the existing male Force" (Policewomen, 1947:xxix). Twee jaar later, na afloop van die oorlog, is besluit om meer patrollies amptelik in diens te neem. In Oktober 1918 is besluit dat hierdie patrollies 'n integrale deel van die Metropolitan Police Force moet uitmaak. 'n Groep van 100 patrollies is uit die National Union of Women Workers gekies asook uit ander groepe wat soortgelyke aktivistiese en welsynswerk gedurende die oorlog gedoen het (Bell, 1982:113; Cox, 1996:142; Policewomen, 1947:xxix; Roberg & Kuykendall, 1993:378-381; Swan, 1988:11).

In Brittanje is vrouekonstabels vir die eerste keer amptelik ingesweer nadat daar tydens die Chief's Association Convention in 1922 'n resolusie aanvaar is dat vroue as volwaardige polisiebeamptes in diens geneem kon word. Die resolusie het onder andere aangedui dat vroue onmisbaar in "moderne" polisiemagte is en dat daar aan hulle die volmag van arrestasie gegee moes word (Policewomen, 1947:xxix). Die impak van die oorlog en die suksesse wat deur vrouepatrollies behaal is, het daartoe bygedra dat 'n aantal polisiehoofde in Brittanje bereid was om vrouekonstabels aan te wend om aangeleenthede wat spesifiek betrekking op vroue en kinders gehad het, te hanteer. 'n Groot mate van teenkanting het egter van 'n aantal hoofkonstabels gekom wat nie die nut van vrouepatrollies en -konstabels kon insien nie. Hulle was van mening dat polisiewerk uitsluitlik vir mans bedoel was en dat

die ekonomie na die oorlog te swak was om vroue vir die verrigting van manlike take te betaal. Dit was dan ook as gevolg van hierdie beswaarmakers vrouepatrollies tot slegs 12 verminder is na die oorlog. Die resolusie wat in 1922 aanvaar is, het egter meegehelp dat vrouepolisie wel bestaansreg gekry het (Emsley, 1996:35).

Die houding wat in hierdie tyd en ook later teenoor vrouepolisiebeamptes bestaan het, is volgens Emsley (1996:35) nog nooit duidelik gepeil nie. In die verband maak hy die volgende opmerking:

> There has been no study of what the rank-and-file thought of the few women officers who served in the first world war and the inter-war period, and the rather larger number that began to be recruited during the second world war.

In aansluiting hierby meld Cox (1996:142) dat 'n klein aantal polisievroue gedurende die depressie aangestel is, terwyl vroue gedurende die Tweede Wêreldoorlog slegs as deeltydse hulp benut is. Volgens Emsley (1996:35) het die Police Federation teen 1949 die grondslag vir verandering gelê deur te betoog dat vroue as gelyke lede in die polisiemag moet dien. In hierdie verband kan gemeld word dat die polisie een van die laaste instansies (gedurende die na-oorlogera wat vanaf 1945 strek) was waar die ideologie bly voortbestaan het, dat polisiëring 'n voltydse beroep vir die man is. Dit wil sê, 'n beroep wat beoefen word, weg van die gesin en waar die man die enigste broodwinner is (McLauglin, 1996:77). 'n Moontlike rede hiervoor is die invloede en sienings wat met die bestaan van 'n polisie-subkultuur gepaardgaan.

Die belang van vrouepolisiebeamptes word deur Newnham (1950:1319) benadruk. Hy konstateer in die verband dat

> yet, they are urgently needed, not only because they are quite capable of dealing with tough customers if they have to, but also because there are certain Police jobs for which women are much better suited than men. ... The women's other tasks include interviewing and obtaining statements from women victims of sex offences, supervising and escorting women prisoners and searching women suspects.

Vanweë verskeie veranderde sienings van die vrou wat na die 1970's begin posvat het, het Brittanje soos ander lande wetgewing aanvaar wat vroue teen diskriminasie en ongelykheid beskerm. Hierdie veranderinge is nou verweef met die vroue-aktivistebewegings (feminisme) wat sedert die laat negentiende eeu vir stemreg en later vir gelyke werksgeleenthede geveg het. Die Sex Discrimination Act van 1975 het die polisiemag in Brittanje verplig om aparte vrouepolisiedepartemente af te skaf en vrouelede by die groter mag te inkorporeer. In die

verband meld McLauglin (1996:78) die volgende:

> The ... Act ... compelled a deeply reluctant force to abolish separate policewomen's departments. Women found themselves in an institution that believed they would undermine the essential masculinity of the organization because:
>
> They did not have the necessary physical stamina needed to engage in routine policework.
>
> Their presence in violent situations would put their male colleagues at risk.
>
> They would not be an economic investment because marriage and family would inevitably come before careers and commitment.
>
> They would present a discipline problem. Supervisors would be less strict with female officers over deployment and shifts, and would have difficulty controlling male officers because of the unwanted sexual dinamic introduced in an intimate working environment.

Hoewel daar aan die hand van wetgewing en deur middel van drukgroepe gepoog is om die vrouepolisiebeampte meer verteenwoordigend van polisiemagte wêreldwyd te maak, het vroue steeds onderverteenwoordigend gebly en word daar nog teen hulle gediskrimineer. In die verband het Her Majesty's Inspectorate in 1994 aangedui dat vrouepolisiebeamptes in Engeland en Wallis vanaf 1988 tot 1993 toegeneem het van 10,5% tot slegs 13,2% van die totale polisiepopulasie. In Brittanje is die eerste vroulike Chief Constable eers in Junie 1995 aangestel (McLaughlin, 1996:77-78).

Die tendens om vrouepolisie nie gelyk te beregtig nie, verteenwoordig 'n wêreldwye verskynsel. Ter illustrasie hiervan blyk dit dat die aantal asook die funksies van polisievroue in die VSA tussen 1925 en 1965 uitgebrei het, maar dat vrouebeamptes in vergelyking met manlike eweknieë nie dieselfde vooruitgang gemaak het nie. 'n Studie wat in 1967 onderneem is, het aan die lig gebring dat slegs 1 792 polisievroue in die grootste stede in Amerika oor uitvoerende magte beskik het. Indien alle vroue wat op hierdie tydstip in die diens van die polisie was in ag geneem word, verteenwoordig dit ongeveer 2% van die totale Amerikaanse polisiemag. Benewens die uitsluiting van vroue van patrolliedienste meen Roberg en Kuykendall (1993:379) dat "during this time period, most police departments throughout the country had policies that not only discouraged the hiring of women but often also included quotas, usually 1 percent or less".

Die President's Commission on Law Enforcement and Administration of Justice het gedurende 1967 in die VSA gevind dat polisievroue van onskatbare waarde ("invaluable asset") in moderne wetstoepassing is en aanbeveel dat hulle rol uitgebrei moet word om

patrollie- en ondersoekdienste asook administratiewe pligte in te sluit (Cox, 1996:142). Die eerste vrou is dan ook na aanleiding hiervan in 1968 in Indianapolis aangestel om voltydse veldpatrollies te doen (Cox, 1996:142). In 1974 het die Amerikaanse Senaat Titel 7 (Equal Employment Opportunity Act) van die Civil Rights Act van 1964 gewysig ten einde diskriminasie op grond van die geslag van 'n applikant deur sowel private as publieke werkgewers te voorkom. In dieselfde tydgleuf het die Police Foundation 'n verslag met die titel, *Women in Policing*, gepubliseer wat 'n algemeen gunstige ingesteldheid teenoor vrouepolisiebeamptes geopenbaar het. Verder het sowel die Federal Bureau of Investigation (FBI) as die Geheimediens (Secret Service) die eerste vroueveldagente aangestel.

Die samestelling van die polisie in die VSA was teen die 1990's soos volg: 80% van die Amerikaanse plaaslike polisie was blank, 10,5% swart, 5,2% Latynse rasse en 4,3% ander groepe. Van die polisiepopulasie in totaal het vroue slegs 8,1% (ongeveer 114 000 ingeswore vrouepolisiebeamptes) uitgemaak. Ondanks die feit dat die aantal vrouepolisiebeamptes tussen 1980 en 1990 verdriedubbel het, het 'n studie (Shusta et al., 1995:43-45) wat in 1992 onderneem is aan die lig gebring dat vrouepolisiebeamptes steeds minder as 10% van die totale aantal polisiebeamptes in die VSA uitmaak. Die US Bureau of Labor Statistics, Employment and Earnings het in Januarie 1994 aangedui dat vrouepolisiebeamptes slegs 16% van die totale polisiepopulasie (ongeveer 923 000) in die VSA verteenwoordig het (Brown et al., 1996:53; Cox, 1996:142-145; Roberg & Kuykendall, 1993:378-381; Shusta et al., 1995:43-45). Hierdie syfer het sedertdien redelik konstant gebly en resente studies dui daarop dat vrouepolisiebeamptes steeds onderverteenwoordig is in sowel gewone verteenwoordiging as in bestuursposisies (Brown et al., 1998:54; Grennan, 2000:387).

2.8.2 Suid-Afrikaanse ontwikkeling

Aangesien Suid-Afrika teen die laat 1890's en vroeë 1900's onder Britse beheer gestaan het, is Suid-Afrika ten opsigte van vrouepolisiëring deur Brittanje beïnvloed. Hoewel polisievroue reeds teen 1915 in Londen op 'n permanente basis aangestel en van netjiese uniforms voorsien is, was Suid-Afrika negatief teenoor voorstelle vanuit Brittanje om hulle voorbeeld te volg. Hierdie negatiwiteit moes egter laat vaar word aangesien die Eerste Wêreldoorlog dieselfde eise aan Suid-Afrika as elders in die wêreld gestel het. Vroue het dan ook hawestede soos Kaapstad en Durban op 'n vrywillige basis begin patrolleer. Hierdie inisiatiewe van die vrou was bekend aan die publiek en die polisiemag. Tot en met 1914 "the matter was academic, but when the War broke out and troops poured in and out of

Capetown (sic), a state of affairs arose which demanded attention" (Solley, 1925:1). Julia Solley, wat die visepresident van die National Council of Women (NCW) asook die eresekretaresse vir die parlementêre kommittee van dieselfde portefeulje in Suid-Afrika was, het tydens die Februarie 1915 vergadering van die Kaapse tak van die NCW, die aanstelling van vrouepolisiepatrollies bepleit. Die NCW het dan ook tydens die vergadering 'n resolusie aanvaar dat vroue in die SAP aangestel moes word. Majoor Gray (later lt.-kol. Gray), die Kommissaris van Polisie in Kaapstad, het sy goedkeuring aan hierdie resolusie verleen tydens 'n openbare vergadering waar 'n aantal vroue toegespreek is. Kort hierna is 'n aantal vrywillige vrouepatrollies op die been gebring. Die Regering het 'n kantoor beskikbaar gestel asook gratis posdienste gebied waarna 'n Patrollieraad onder die voorsitterskap van mevrou Carter (vrou van die aartsbiskop van Kaapstad) saamgestel is (Solley, 1925:1). Hierdie beweging het bekendheid begin verwerf as die Volunteer Women Patrol Movement en in Junie 1915 het dit reeds uit 31 vrywillige vrouepatrollies bestaan. Teen Julie van dieselfde jaar het die patrollies tot 65 uitgebrei. Die vroue het in pare saamgewerk, kentekens gedra en tydens patrollies by polisiestasies aangedoen. Verder het hulle die hawehoof (pier), die dokke, spoorwegstasies en parke gepatrolleer. Aangesien hulle geen magte gehad het nie, is polisiemanne versoek om die vroue ten alle tye by te staan. Die vroue moes op 'n weeklikse basis aan die Patrollieraad verantwoording doen, wat weer aan majoor Gray moes rapporteer. 'n Verslag wat in hierdie tyd aan Gray voorgelê is, het soos volg gelui (Solley, 1925:2):

> An organizer who had resided in this country, and was therefore acquainted with local conditions, was invited to come out and organize a band of woman patrols in the Cape Peninsula. Within two months of her arrival, close upon half-a-dozen private meetings had brought in some 50 volunteers. The volunteers are in no measure rescue workers neither must they be thought of as police women. They are purely and simply a band of good women united in the one desire to carry out preventitive work amongst the young people of the Union. Strong support of both military and civil authorities facilitated the work in South Africa.

Terugvoer wat van die vroue ontvang is, het daarop gedui dat die vergoeding van vroue en die toekenning van amptelike status aan hulle nog meer daartoe sou bydra om "goeie dinge" te kon vermag. Dit het meegebring dat majoor Gray, mejuffrou Margaret Sterling na Suid-Afrika genooi het om hom te adviseer rakende die vergoeding van vroue vir polisiepatrollies. Sterling se kundigheid het daaruit voortgespruit dat sy aanvanklik patrollies vir die Londen se polisie georganiseer het en ook vrywillige patrollies in Groot Brittanje en later in Ierland gefasiliteer het. In die tyd toe Gray haar na Suid-Afrika genooi het, het sy reeds 8 000 patrollies suksesvol in meer as 90 sentra op die been gebring. Benewens hierdie kundigheid was sy ook betrokke by die bevegting van wit slawehandel in Kaïro. Die uitvloeisel van

Sterling se betrokkenheid in Suid-Afrika was dat die eerste polisievrou, mevrou Schelpien, amptelik gedurende Januarie 1916 in Kaapstad aangestel is (Appel, 1982:1-8; Solley, 1923:1-3; Solley, 1925:1-2; Walsh, 1916:247-248; Women police and women patrols, 1942:51-53). In verband met mevrou Schelpien se aanstelling voer Walsh (1916:247) aan dat "it is hoped by those responsible for her appointment that she is the forerunner of many others, for undoubtedly there is a very wide scope in all towns for policewomen". Die stigting van die Volunteer Women Patrol Movement kan derhalwe as die aanvang van vroue-polisiëring in Suid-Afrika beskou word. 'n Aantal suksesse is deur die vrouepatrollies onder jong meisies en vroue behaal rakende hulpverlening en leiding in verband met morele sake. Die feit dat die vroue as 'n teenvoeter vir die pleeg van misdaad en prostitusie gedien het, het tot gevolg gehad dat meer amptelike aanstellings gevolg het. Na die aanstelling van Schelpien is nog twee Special Patrols, naamlik mevroue O'Dea en Evans aangestel. Dit wil voorkom of die drie vroue 'n "skrikbewind" onder jong meisies wat in die aande op straat was, gevoer het. Teen die einde van 1916 is nog Special Patrols aangestel. Onder leiding van mejuffrou Sterling het hierdie spesiale patrollies, wat deur die stadsraad gesubsidieer is, effektief gefunksioneer (Appel, 1982:1-8).

Ofskoon daar teenkanting teen die aanstellings was, het verskeie vroue-aktiviste asook politici en luitenant-kolonel Gray pleidooie gelewer om hierdie vroue se dienste te behou. Diegene wat vrouepolisiebeamptes goedgesind was, het kort na hulle amptelike aanstelling besef dat hierdie vroue met agterdog bejeën word. Die rede hiervoor is dat vroue wat in die man se domein in beweeg met groter negatiwiteit as positiwiteit beoordeel word. Derhalwe is verskeie pogings sedert 1916 aangewend om die bestaansreg van vrouepolisiëring te regverdig. In die verband meld Gray (1916:270) in 'n nie-amptelike skrywe aan die *Nonqui* dat daar vier aangeleenthede is wat na sy mening tot 'n meer effektiewe polisiemag kan lei. Eerstens voer hy aan dat sosiale omstandighede wêreldwyd besig is om te verander en dat sodanige verandering onomkeerbaar is. Tweedens benadruk hy dat die polisiemagte by hierdie omstandighede moes aanpas aangesien daar in 'n toenemende mate groter eise aan elke lid van die polisiemag gestel sal word. Derdens voorspel hy dat die regsorde se onvermoë om te hervorm fataal vir die samelewing kan wees. Hieroor sê hy die volgende: "What reformation requires is a mental attitude that 'will not' because it sees no pleasure or gain in doing wrong". Hy het met ander woorde gepropageer dat die regstelsel nie so rigied moet wees nie en op 'n, meer verligte wyse moet funksioneer. Ten slotte voer hy aan dat daar 'n behoefte aan vrouepolisie in groot stede is. In die verband meld hy dat "I believe that the time has come when we must employ a limited number of high-minded and specially trained women as female police, or else we shall fail in one of our primary duties to the

community by turning our backs upon the pressing need of social help and reform".

Na Gray se mening is vroue meer geskik as mans om immorele meisies en vroue te hanteer. Volgens hom is dit onaanvaarbaar dat meisies wat met die howe in kontak kom deur 'n manlike sisteem geprosesseer moet word. Eienskappe soos simpatie, takt, geduld en kennis oor vroulike seksualiteit is gewoonlik nodig tydens die ondervraging van vroulike ooggetuies of slagoffers. Vroueslagoffers van seksuele oortredings sal volgens Gray feite weerhou indien hulle deur manlike polisiebeamptes ondervra word. Verder het hy voet by stuk gehou dat alle kriminele aanklagte teen kinders en meisies deur opgeleide vroue-polisiebeamptes hanteer moes word. Volgens hom is hierdie funksie die kern waarom vroue-polisiëring sentreer en hou dus nie die bedreiging in dat vroue die werk van mans sal oorneem nie. Vroue is dus bloot aanvullend tot die manlike polisierol. 'n Gedagte van Gray wat veral van belang vir vrouepolisiëring is, is die volgende:

> When men police were started women did not take such an active part in the industrial, social and commercial life of the nation as they do to-day. To-day women and girls are everywhere to be found, and to meet this great social change it is absolutely necessarily that their own sex should be employed in the national police service, so that the surveillance and reform of female social evils may be in their hands for the common good of the community (Appel, 1982:6).

Gray se siening oor die vrouepolisiebeampte se rol is deur 'n aantal politici ondersteun. Heer H. Wyndham, parlementslid vir Turffontein, het tydens 'n parlementêre debat in 1917 versoek "dat de Regering gevraagd worden de aanstelling van vrouwelike politi in de stedelike centra van die unie in overweging te nemen". Hy voer verder aan dat "vrouwelike politi niet bedoeld wordt om orde te houden op hoeken en mensen te arresten, maar om sorg te dragen voor de ordelike welvaart van vrouwen en jonge meisjes" (Vrouwlike politi, 1917:onbekend).

Vroue-aktiviste in Suid-Afrika het sedert die instelling van nie-amptelike vrouepatrollies daarop begin aandring dat die polisie, vroue moes akkommodeer in die mag. Daar is volgehou met die vertoë aangesien die Regering ondanks die baanbrekerswerk wat hierdie vroue verrig het, 'n onwilligheid getoon het om die Polisiewet te wysig ten einde plek vir vroue in te ruim. Julia Solley (aangehaal in Appel, 1982:6)het in so 'n voorstel betoog dat

> paid women patrols, under a trained superintendent, are desireable in the six largest towns of the Union or in the six where there are NCW's Cape Town, Johannesburg, Durban, Port Elizabeth, Bloemfontein and Maritzburg. At the first three, twelve women patrols, at the last three six. A fair trial for five years, after which time an alteration in the

Police Act to admit of women being sworn in as constables with powers of arrest.

Ofskoon daar positiewe inisiatiewe rondom vrouepolisiëring bestaan het, was daar meer negatiwiteit teenoor die instelling van 'n amptelike vrouepolisiekomponent. Hierdie negatiwiteit is versterk deurdat die Polisiewet bepaal het dat slegs 'n man 'n arrestasie kon uitvoer. In Desember 1916 het P. Gilbride (1917:446), 'n polisieman met 20 jaar diens, kritiek op Gray se skrywe in die *Nonqui* gelewer. Hy het onder andere aangevoer dat die polisiemag effektief is aangesien polisiemanne op 'n vroeë ouderdom, terwyl hulle nog gedweë is, met hulle opleiding begin. Verder beweer hy dat mans se relatiewe goeie skolastiese opleiding en ondervinding hulle toerus om die strafreg sonder moeite baas te raak. Hulle werkomstandighede vereis ook dat hulle 'n deeglike praktiese kennis van die strafreg moet hê. Hy wys verder daarop dat middeljarige mans volgens die bestaande regulasies afgekeur word om by die polisie aan te sluit ongeag hulle opleiding. Verskeie redes word hiervoor aangevoer, soos onder andere, dat die mans te oud is om te leer hoe 'n knuppel gebruik moet word en dat dit gewoonlik moeilik is om ouer persone te dissiplineer. Ten opsigte van vrouepolisiebeamptes meld hy die volgende:

> Police work or anything appertaining thereto does not appeal to the educated better-class Colonial working girl, hence recruits would have to be drawn from young uneducated girls, "Fussy old maids," and broken down "Old Crocks", who, perhaps, have seen better days and might therefore be so embittered as only to see the very worst side of life, which would not at all be helpful in uplifting fallen sinners.

Gilbride is verder van mening dat jong blanke meisies sou verkies om nie dronk vroue van ander rasse na polisieselle te neem nie. 'n Verdere probleem is dat

> it is a well-established fact that the greatest ambition in a girl's life is to get married, become mistress of her own castle, as well as becoming a mother and contributing to the empty cradles, consequently even if we were to get the right class of girls to come forward and join the police, they would be with us only a year or so, when perhaps one of our Sergeants or some other likely chap would be 'bagged', so that motherhood at an early stage in their career would be substituted for the Police sphere.

Hy wys verder daarop dat indien meisies met onvoldoende skoling toegelaat word om by die polisiediens aan te sluit, hulle nie oor die vermoë sal beskik om die strafreg, soos hulle manlike eweknieë, te verstaan nie. Vroue is ook meer geneig om nie geheime te kan hou nie. Dit is 'n gebruik wat indirek op die effektiewe funksionering en geheimhouding van inligting wat in die polisiemag vereis word, kan inwerk. Indien "Old Maids" of "Old Crocks" opgelei moet word, sal die drilinstrukteur hulle glad nie kan dissiplineer nie. Hierdeur sal 'n toestand van chaos veroorsaak word. Hierteenoor sal getroude mans nie probleme tydens

dissiplinering lewer nie. 'n Verdere aangeleentheid wat Gilbride aanraak, is dat indien vroue tot die polisiemag toegelaat word, hulle ook in areas soos Distrik ses of Wells Square in Kaapstad werksaam sal moet wees. Hy spreek ook kommer uit oor ouer vroue wat in die polisiemag opgeneem word en op dieselfde pensioenregte as mans kan begin aandring. Ouer vroue beskik ook nie na sy mening oor die nodige takt om met sensitiewe aangeleenthede te handel nie. Ofskoon Gilbride toegee dat vroue aangewend kan word om verklarings by verkragtingslagoffers af te neem, bevraagteken hy of dit van veel waarde sal wees aangesien die klaagster uiteindelik haar verklaring in die hof voor mans moet herhaal. Dit impliseer dat daar nie plek vir vroue in die polisiemag is nie (Gilbride, 1917:446; Vrou reeds in 1916 aangestel, 1989:3).

Die polisiemag het ook bepaalde besware teen die amptelike aanstelling van polisievroue geopper. Appel (1982:8) verwys in die verband na 'n artikel wat in die *Cape Times* gepubliseer is waarin gemeld word dat die Wet nie voorsiening maak vir vroue om arrestasies uit te voer nie en dat daar nie van blanke polisievroue verwag kan word om in swart en kleurling woonbuurte patrollies te doen nie, veral nie na sononder nie. Die Minister van Justisie wat Gilbride se sentimente gedeel het, het tydens die parlementêre debat van 1917 sy teenkanting teen vrouepolisiëring uitgespreek. Ondanks dié teenkanting het spesiale vrouepatrollies effektief tot en met 1918 gefunksioneer toe mejuffrou Sterling die Kaap verlaat het. Teen 1919 het die werksaamhede van hierdie "amptelike" vrouepolisiemag in so 'n mate agteruitgegaan dat die Stadsraad van Kaapstad, wat ook deur die Minister van Justisie se kritiek beïnvloed is, besluit het om hulle finansiële ondersteuning te onttrek. Dit het daartoe bygedra dat vrouepolisiëring tydelik van die toneel verdwyn het (Women Police, 1919:1-2; Wrottesley,1938:4-5).

Teen 1944 het die Centlivres- en die Lansdownkommissies aanbeveel dat vroue deur die SAP in diens geneem moet word. Die argumente wat hierteen aangevoer is, was dat die Suid-Afrikaanse bevolking te heterogeen is en dat vroue derhalwe aan te veel gevare blootgestel sou word (Theron, 1982:3). Gedurende 1960/1961 het die destydse Minister van Polisie, meneer S.L. Muller, hierdie aanbevelings heroorweeg, maar nie goedgekeur nie. Die volgende endossement is by sy voorlegging gevoeg: "Die Kabinet wil nie op hierdie stadium toestem dat vrouepolisie aangestel word nie". Ofskoon die Polisiewet, Wet 7 van 1958, in Artikel 4(1) asook Polisieregulasie 11(1)(b) voorsiening gemaak het vir die aanstelling van polisievroue, het meneer Muller eers in 1969 'n pleidooi vir die indiensneming van vroue as lede van die SAP in 'n memorandum aan die Kabinet gelewer. Hierdie veranderde benadering kan moontlik toegeskryf word aan die vertoë wat die Nasionale Raad vir Kinderwelvaart,

die Nasionale Vroueraad van Suid-Afrika en die Nasionale Raad vir Welsynsorganisasies aan hom gerig het waarin hulle aangedring het dat vroue as lede in die Mag aangestel word. Na goedkeuring dat vroue wel in die SAP aangestel kan word, is daar op 25 April 1971 in die Sondagkoerante en vanaf 3 tot 15 Mei 1971 in die *Transvaler* amptelik poste geadverteer vir vroue wat as die eerste offisiere opgelei kon word (Homann, 1987:1-6; Joubert, 1971:1; Langarm vroulik langer, 1971:7; Theron, 1982:3).

2.8.2.1 Vrouepolisiëring sedert 1 Januarie 1972

Op 1 Januarie 1972 word twee vroue amptelik tot die Mag toegelaat. Hulle was mejuffroue Duveen Botha, viseprinsipaal van Helpmekaar Hoër Meisiesskool in Johannesburg en Anna Nel, senior professionele beampte by Magaliesoord, 'n toevlugsoord van die Departement Welsyn naby Cullinan. Duveen Botha is as bevelvoerende offisier van die vrouepolisie met die rang van luitenant-kolonel aangestel, terwyl Anna Nel, Botha se adjudant, aangestel is as 'n majoor (Van Niekerk, 1988:1). Generaal Gideon Joubert wat op daardie stadium die Kommissaris van die SAP was, het aangekondig dat die twee vroue aan die hoof van die vrouepolisiemag aangestel word en dat hulle na opleiding by die SAP-kollege te Pretoria onmiddellik volle beheer en organisasie van die vrouekomponent sou neem. Tesame hiermee was hulle ook verantwoordelik vir die keuring van toekomstige kandidate. Hulle sou in terme van die Polisiewet aangestel word en veral gemoeid wees met aangeleenthede wat vroue geraak het. Hulle moes aan die Kommissaris van die SAP verantwoording doen (Viljoen, 1972:5, 6-8). Joubert het ook bevestig dat daar geen diskriminasie tussen mans en vroue op grond van salaris of ander voordele sou wees nie. Ter stawing hiervan verklaar hy dat "policewomen will be appointed on the same service conditions, salary, allowances, leave, pension contributions and medical benefits, as men" (First S.A. policewomen start training next year, 1971:3). Hierdie vroue sou dieselfde opleiding as mans ontvang, maar met minder klem op die militêre aspek van die opleiding. Minder klem is dus gelê op fisieke aktiwiteite soos boks en stoei. Die vroue wat opleiding van ongeveer vyf en 'n half maande moes deurloop, sou tuisgaan in die Rosehofgebou by die Polisiekollege in Pretoria en die kursus sou onder andere uit die volgende modules bestaan: wettereg, strafreg, gemenereg, volkekunde, kriminologie, sosiologie, mense- en rasseverhoudings, noodhulp, veilige gebruik van vuurwapens, selfverdediging, sosiale etiek, houding/postuur/voorkoms en grimering (Joubert, 1971:1-3; Langarm vroulik langer, 1971:7; Steyn, 1972:10-12; Van Reenen, 1971:7).

Duveen Botha se opdrag was om 'n weg vir die vrou in die SAP te baan en die skeptiese

houdings wat jeens die vrouepolisiebeampte geheers het, te verander. In die verband sê sy die volgende: "Ek moes 'n begin maak met 'n stewige kern wat op die beklemtoning van opleiding van 'n dame berus het. Ons wou hoegenaamd nie mannetjiesmense oplei nie, nee ... die andersheid van die vrou is deurgaans beklemtoon asook die besondere rol wat sy in die polisie kon vertolk" (aangehaal in Van den Bergh, 1994:22-23). Sowel Botha as Nel het 'n maandlange opleiding by die polisiekollege deurloop. Op 3 Maart 1972, na streng keuring, het 'n groep van 102 blanke vroue met hulle opleiding in die polisiekollege onder die twee vroue se leiding in Pretoria begin. Al die vroue wat gekeur is, moes na voltooiing van hulle opleiding diens in die uniformtak van die polisie doen. Die kriteria waaraan dié vroue moes voldoen was die volgende: Ouderdom - tussen 18 en 35; Lengte - ten minste 1,62 meter; Gewig - in proporsie tot lengte; Huwelikstatus - ongetroud; Taal - 'n tweetalige Suid-Afrikaanse burger; en Diens - bereid om in enige tak van die Mag en in enige area van die Republiek of Suidwes-Afrika te dien.

Verdere vereistes was dat hulle sowel fisiek gesond as psigies goed aangepas moes wees, 'n onberispelike karakter moes hê en oor minstens 'n matrieksertifikaat beskik. Die applikante moes ook bereid wees om voor 'n keurraad te verskyn. Van die 102 vroue het 94 (92,2%) die kursus voltooi. In die ooreenstemmende tyd het 287 (syfer vir mans wat met die opleiding begin het, is nie beskikbaar nie) mans hulle opleiding voltooi (Homann, 1987:1-6; Joubert, 1971:1-3; They're the girls in blue, 1982:2).

Die aanstel en opleiding van vrouepolisiebeamptes het bevestig dat die inname van vroue in die SAP nie bloot as 'n eksperiment beskou moes word nie, maar as aanvaarde beleid.

'n Aantal gebeure sedert 1 Januarie 1972 wat sentraal tot die ontwikkeling van vroue-polisiëring in Suid-Afrika staan, is die volgende:

- In 1981 word die eerste kleurlingvroue opgelei te Bishop Lavis in Kaapstad. Weens tydelike akkommodasiefasiliteite is slegs 18 kleurlingvroue per kursus in diens geneem en opgelei. Nuwe enkelkwartiere is in 1987 by die opleidingskollege te Bishop Lavis in gebruik geneem wat vir 144 vroue huisvesting kon bied. Sowel vrouestudente as ongetroude dienende vrouelede is in hierdie kwartiere, wat as Disa-hof bekend staan, gehuisves. Die uitbreiding het dit moontlik gemaak om op daardie stadium 42 kleurlingvroue per opleidingskursus te akkommodeer.

- Op 17 Februarie 1982 is die eerste vrouepolisiereservis in diens geneem. Dieselfde indiensnemingsvereistes het vir vrouepolisiereserviste as vir aanstelling in 'n permanente hoedanigheid gegeld.

- Op 3 Mei 1982 het die eerste groep Asiërvroue met hulle opleiding by Wentworth in Durban begin. Aangesien daar slegs tydelike akkommodasiefasiliteite geskep is, kon tussen 16 en 18 Asiërvroue per kursus in diens geneem en opgelei word. Kaptein (v) I.S.S. Chetty is in samewerking met die Bevelvoerende Offisier van die Opleidingskollege te Cato Manor in Durban in beheer van dié vrouestudente aangestel.

- Gedurende Julie 1983 het die eerste 20 swart vroue met hulle opleiding te Hammanskraal begin. Hammanskraal kon slegs 108 vroue per opleidingskursus akkommodeer. Aangesien die SAP in daardie stadium ook voorsiening moes maak vir die opleidingsbehoeftes van die polisiemagte van die swart Nasionale en Onafhanklike State, het die getal vroue wat per kursus opgelei is, gewissel. Die eerste swart vrou wat tot die rang van offisier toegelaat is, was Joyce Nkuna wat as luitenant aangestel is. As 'n gekwalifiseerde maatskaplike werker het sy by die Afdeling Maatskaplike Werk diens verrig as raadgewer aan swart lede wat probleme soos huwelikskonflik ondervind het.

- In 1989, die jaar van die polisievrou, is adjudant-offisier Sharon Schutte as polisievrou van die jaar aangewys.

- Ten opsigte van die speurdiens en spesiale eenhede die volgende: In 1975 is 11 blanke vroue tot die speurderskursus toegelaat, terwyl 3 blanke vroue die kandidaatoffisiers-kursus deurloop het. Die eerste vrouespeurder wat by die Brixton Moord- en Roofeenheid aangestel is, was luitenant Susan Oosthuizen. Sy is in 1989 in die pos aangestel. Vanaf 23 Augustus 1993 tot 11 September 1993 is die eerste groep vroue (proefkonyn-inname) te Maleoskop in 'n taktiese oorlewing- en skarebeheerkursus opgelei. Die eerste vroue-opleidingsbeampte in die Suid-Afrikaanse berede-eenheid (Belinda Rossouw néé Pelser) is gedurende 1994 aangestel. In 1995 het sersant Olga Marais die eerste vroulike hondemeester geword wat by die Polisie se Hondeskool (gestig in 1913) in Pretoria-Wes opgelei is.

- Aanstellings is ook in ander afdelings soos die kapelaansdienste (wat voorheen slegs vir mans gereserveer was) gemaak. Sushila Perumal het in 1995 die eerste vroulike kapelaan in die SAPD geword.

Hoewel daar gepoog is om dieselfde opleiding aan sowel vroue as mans te bied, is daar sedert 1972 deurlopend beperkinge op die opleiding van vroue geplaas. Verder is die dienste wat vroue kon lewer ook beperk, naamlik geen vrouelid mag aktiewe grensdiens verrig het nie en vroue is ook nie in onlussituasies gebruik nie. Geen blanke vrouelid wat aan diens was, mag 'n swart woonbuurt alleen besoek het nie. Vrouelede se dienste was ook beperk tot diens in die aanklagkantoor, hulpverlening in minder ernstige motorongelukke, die deursoek van vroulike verdagtes en gevangenes asook dienslewering by jeugsaamtrekke. Vroue is van diensverrigting by radiobeheerstasies weerhou en mag ook nie reaktiewe polisiewerk gedoen het nie. As 'n vrouelid wel uitgeroep is, wat net in opdrag van 'n offisier kon gebeur het, moes 'n polisieman teenwoordig wees.

Brigadier, die rang wat Duveen Botha by haar uittrede in 1985 beklee het, was die hoogste rang wat 'n vrou kon beklee. Sy is opgevolg deur brigadier Gerda Homann, een van die rekrute wat in 1972 opleiding deurloop het. Die eerste vroulike kommissaris is in 1995 aangestel. Assistant-kommissaris Magda Stander is as hoof van personeeldienste aangestel. In dieselfde jaar is direkteur Indira Chetty, vrou van adjunk-kommissaris Morgan Chetty, as die eerste vroulike hoof van die SAPD se Opleidingskollege te Pretoria aangestel. In 1996 is assistent-kommissaris Zelda L. Holtzman in die SAPD aangestel aan die hoof van REOP (nou Equity Component). Gedurende 1998 is senior superintendent Kotie Potgieter as Suid-Afrika se vrou van die jaar aangewys. Sy is ook die Stasie Kommissaris van Krugersdorp- polisiestasie (Artikel: Susan Oosthuizen, 1990:37; Asiërvroue in SAP, 1982:2; Asian women to join police, 1982:7; De Beer, 1986:9; Du Preez, 1998:18; Homann, 1987:1-6; Huisamen, 1996:26; Jaar van die Polisievrou, 1989:4; Janson, 1995:26-27; Joyce plans to bring homely joys to the SAP, 1991:2; Moolman, 1989:32-33,35; Pieters, 1995:1; Police name first black woman officer, 1991:4; Polisievrou van die jaar, 1989:7; Profiel: Brig. Duveen Botha, 1985:1-16; Rodney, 1995:4; Theron, 1982:3; Van den Bergh, 1994a:55; Van den Bergh, 1994b:22-23; Van Vuuren, 1994:8-9; Vorster, 1989:3; "Vrouemag" word mondig, 1993:20; Vrou word hoof van SAPD kollege, 1995:4; Woman boss for SAPS college, 1995:11; Woman in blue, 1990:77; Woman is new police boss, 1989:2; Year of the Policewomen, 1989:4).

Hoewel vrouepolisiëring in Suid-Afrika sedert 1972 verskeie mylpale bereik het, is die aantal vroue in die SAPD in vergelyking met die aantal mans, disproporsioneel. Hierdie agterstand wat vroue teenoor mans in die SAPD het, word in die aantal permanente aanstellings van lede weerspieël. Volgens statistiek wat deur die SAPD vrygestel is op 15 Mei 1996 (Roberts, 1996:1-4) bestaan 80,69% van die totale polisiepersoneel van 139 961 lede uit manlike lede,

terwyl vroue 19,31% daarvan uitmaak. Die neiging om minder vroue as mans in die polisie aan te stel, kom wêreldwyd voor.

Ten opsigte van permanente lede met offisiersrang tussen kaptein en nasionale kommissaris (10 724 of 7,66% van die totale polisiepopulasie), word die verdeling in Tabel 1 weergegee:

Tabel 1
Personeelverspreiding: Offisiersrange soos op 15 Mei 1996

	Manlik		Vroulik	
Rassegroep	N	%	N	%
Asiër	560	5,22	80	0,75
Blank	6 367	59,37	1 147	10,69
Kleurling	316	2,95	31	0,29
Swart	2 053	19,14	170	1,59
Totaal	9 296	86,68	1 428	13,32

Die verdeling ten opsigte van permanente lede met onderoffisiersrang tussen student en inspekteur (106 043 of 75,77% van die totale polisiepopulasie), word in Tabel 2 uiteengesit:

Tabel 2
Personeelverspreiding: Onderoffisiersrange soos op 15 Mei 1996

	Manlik		Vroulik	
Rassegroep	N	%	N	%
Asiër	2 994	2,82	372	0,35
Blank	24 664	23,26	5 597	5,28
Kleurling	7 467	7,04	971	0,96
Swart	58 912	55,55	5 066	4,78
Totaal	94 037	88,68	12 006	11,32

Bostaande syfers het nie dramaties verander sedert die demokratisering van polisiëring 'n aanvang geneem het nie. 'n Soortgelyke uiteensetting is van die Polisiehoofkantoor (Kommunikasiediens, 1999:2) aangevra. Ten opsigte van permanente lede met offisiersrang tussen kaptein en die nasionale kommissaris (10 715 of 7,63% van die totale polisiepopulasie), sien die personeelsamestelling na drie jaar (1999) soos volg daaruit:

Tabel 3
Personeelverspreiding: Offisiersrange soos op 9 September 1999

	Manlik		Vroulik	
Rassegroep	N	%	N	%
Asiër	558	5,21	80	0,75
Blank	6 376	59,51	1 146	10,69
Kleurling	314	2,93	31	0,29
Swart	2 043	19,06	167	1,56
Totaal	9 291	86,71	1 424	13,29

Die verdeling ten opsigte van permanente lede met onderoffisiersrang tussen student en inspekteur (105 780 of 75,37% van die totale polisiepopulasie), word in Tabel 4 weergegee:

Tabel 4
Personeelverspreiding: Onderoffisiersrange soos op 9 September 1999

	Manlik		Vroulik	
Rassegroep	N	%	N	%
Asiër	3 003	2,84	372	0,35
Blank	24 795	23,44	5 612	5,31
Kleurling	7 372	6,97	974	0,92
Swart	58 580	55,38	5 072	4,79
Totaal	93 750	88,63	12 030	11,37

In vergelyking met die VSA en Brittanje het Suid-Afrika heelwat later toegetree tot die amptelike indiensneming van vroue as polisiebeamptes (Stevens & Yach, 1995:25). Bogenoemde statistieke weerspieël die gevolg van hierdie versuim om vroue nie so geredelik soos mans as polisiebeamptes aan te stel nie. Ofskoon verskeie pogings in Suid-Afrika na 1994 aangewend is om sowel vroue as tradisioneel agtergeblewenes se posisie in veral staatsinstansies te verbeter, ervaar vroue steeds nie gelyke verteenwoordiging nie. Ondanks die voorskrifte van die Wet op Billike Werksgeleenthede, Wet op Arbeidsverhoudinge, Wet op Basiese Diensvoorwaardes en Wet op Ontwikkeling van Vaardighede asook Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Wet 108 van 1996) (Van Jaarsveld, Van Eck & Kruger, 1999:487-488), het vroue-polisiebeamptes nog nie 'n posisie van gelyke verteenwoordiging binne die SAPD bereik nie.

Ten einde die bostaande tabelle en aannames beter toe te lig, word die syfers ten opsigte van die totale polisiepopulasie (burgerlikes ingesluit), soos op 1 Julie 2000, volgens ras en volgens etniese verdeling in Tabelle 5 en 6 weergegee.

Tabel 5

Personeelverspreiding: Totale Polisiepopulasie volgens rasgroep op 1 Julie 2000

	Manlik		Vroulik	
Rassegroep	N	%	N	%
Asiër	3 533	2,9%	965	0,8%
Blank	23 465	19,1%	12 802	10,4%
Kleurling	8 063	6,6%	2 341	1,9%
Swart	61 801	50,4%	9 757	7,9%
Subtotaal	96 862	79%	25 865	21%
Totaal			122 727	100%

(Inligting verkry van komm. L. Stander, Afdelingskommisaris: Personeeldienste, Oktober 12, 2000)

Tabel 6

Personeelverspreiding: Totale Polisiepopulasie volgens etniese groep op 1 Julie 2000

Etniese verdeling	N	%
Asiër	4 498	3,7%
Blank	36 267	29,5%
Kleurling	10 404	8,5%
Swart	71 558	58,3%
Totaal	122 727	100%

(Inligting verkry van komm. L. Stander, Afdelingskommisaris: Personeeldienste, Oktober 12, 2000)

In die voorafgaande gedeelte is die plek en rol van die vrouepolisiebeampte binne tradisionele polisie-ontwikkeling en -benadering in konteks geplaas. Die siening dat vroue ongeskik vir die polisiëringstaak is, het eers in die negentiende eeu geleidelik begin verander toe daar oorweging begin skenk is aan die moontlikheid om vroue by polisiëring te betrek. Die Eerste Wêreldoorlog, maar veral die Tweede Wêreldoorlog, het impetus aan die ontwikkeling van vroue-polisiëring wêreldwyd gegee. Verskeie drukgroepe, veral vroue-aktiviste en later die feministiese beweging wat op gelyke regte vir vroue aangedring het, het in die twintigste eeu daartoe bygedra dat vroue in die arbeidsmark en ook in polisiemagte opgeneem is. Desnieteenstaande hierdie vordering, maak vroue steeds 'n klein persentasie van die polisiepopulasie uit.

2.9 PROBLEEMSTELLING

Vanuit 'n historiese perspektief blyk dit dat vroue deur die eeue, as gevolg van die patriargale stelsel, nie op dieselfde regte as mans kon aandring nie (CEDAW, 1995:6-10). Hoewel die vrou se posisie gedurende die twintigste eeu dramaties verander het, blyk dit dat daar steeds in sowel staats- as privaatinstellings diskriminerend teenoor vroue opgetree word. Van die praktyke wat onder andere gebruik word om vroue in ondergeskikte posisies te hou, is om hulle nie te bevorder nie, aan seksuele teistering bloot te stel en manlike bo

vroulike werknemers te bevoordeel (bv. laer salarisse en nie tyd toestaan om sport te beoefen nie). Aangesien die polisie 'n staatsinstelling is en sedert die ontstaan daarvan as 'n manlike domein beskou word, kan gepostuleer word dat daar ook binne die polisiediens teen vroue gediskrimineer sal word.

Ofskoon enkele vroue gedurende die negentiende eeu deur die polisie indiensgeneem is, was dit nie voor die twintigste eeu dat hulle toegelaat is om as volwaardige lede die tradisioneel manlike domein van polisiëring te betree nie. Ongeag die feit dat vrouepolisiëring eers vanaf 1972 'n volwaardige beroep in Suid-Afrika geword het, word van hierdie vroue verwag om in 'n manlike werksomgewing op gelyke voet met manlike kollegas mee te ding. Ten spyte van bogenoemde verwagting, bestaan daar beperkte wetenskaplike gegewens oor hierdie vroue se siening van hulle rol in die polisie en hoe hulle deur manlike eweknieë beoordeel word. Ten einde meer duidelikheid hieroor te verkry, behoort navorsers hulle dit ten doel te stel om die houdings wat daar teenoor die rol van vroue in die polisie bestaan, wetenskaplik te bestudeer (Beijing Conference Plan of Action, 1995:1; Hansson & Hofmeyr, 1992:3; Holtzman, 1997a:3-6; Jacobsen, 1994:153-169; CEDAW, 1995:6-10).

2.9.1 Behoefte aan teoretiese onderbou

Teorie is 'n integrale deel van enige studie aangesien dit rigting aan die navorsing gee en tot die wetenskaplik-verantwoordbaarheid van 'n navorsingsprojek bydra. 'n Leemte in buitelandse studies (Champion & Rush; 1997; Grennan, 2000; Martin & Jurik, 1996; Roberg & Kuykendall, 1993) is dat daar dikwels nagelaat word om 'n teoretiese onderbou te verskaf vir verklarings wat die posisie van die vrou in die polisie beskryf. Verder word daar nagelaat om vanuit 'n teoretiese perspektief aan te toon watter groepdinamika tussen mans en vroue in die polisie ter sprake is. Hoewel die manlike polisiesubkultuur ("brotherhood"), in bogenoemde bronne uitgewys word as die oorsaak vir negatiewe houdings jeens vroue en ander groepe wat onderverteenwoordig is of wat diskriminasie ervaar, word daar nie aandag geskenk aan die oorsaak vanuit 'n teoreties gefundeerde perspektief nie.

Daar sal in die onderhawige studie gepoog word om buitelandse navorsers se bevindings met teorieë, wat gekies is om hierdie navorsing te rig, in verband te bring en sodoende 'n teoretiese onderbou vir die onderneem van die navorsing moontlik te maak. Hoewel daar nie teorieë in die kriminologie bestaan wat spesifiek op die verklaring van houdings betrekking het nie, word teorieë uit sowel die sosiologie as die sielkunde gebruik wat sentraal tot hierdie tema staan en op polisiëring as 'n subdissipline van kriminologie van toepassing gemaak

kan word.

Die verskillende wyses waarop mans en vroue gesosialiseer word, word dikwels as die enigste teoretiese grondslag gebruik in studies wat oor manlike en vroulike polisiebeamptes handel (Hansson & Hofmeyr, 1992:5). Ofskoon aanvaarbaar, is dit 'n eng benadering as daar nie ook ag geslaan word op ander verklarings vir die interaksie tussen mans en vroue nie. Die meeste studies (Grennan, 2000; Champion & Rush, 1997) fokus dus hoofsaaklik op enkele aspekte wat met manlike en vroulike polisiebeamptes se gedrag verband hou, maar laat na om teoretiese verklarings te bied vir die verskille wat tussen hierdie twee groepe voorkom. Verder word die vrou se posisie in die polisie met dié van ander minderheids-groepe vergelyk sonder om 'n teoretiese perspektief daarop te bied. Dit dra daartoe by dat houdings wat teenoor die vrouepolisiebeampte bestaan, nie voldoende aandag geniet nie. Ten einde te verseker dat hierdie aspek nie verwaarloos of geïgnoreer word nie, is dit nodig om teorieë te benut wat dit moontlik sal maak om die houdings wat ten opsigte van die rol van die vrouepolisiebeampte bestaan wetenskaplik te bestudeer. Deur 'n teoretiese verklaring vir die houdings wat teenoor vroue in die polisie bestaan te kan bied, sal begrip vir die groepdinamika wat tussen mans en vroue in die polisie bestaan, uiteengesit word. Aspekte wat hier ter sprake is, is persoonlike identiteit, sosiale identiteit, geslagsverskille en die vrou se posisie gesien teen die agtergrond van die patriargie.

In die lig van bostaande is dit belangrik om die groepdinamika wat daar tussen vrouens en mans in 'n geslote werksomgewing (bv. die polisiediens se geslotenheid lê in die individuele kultuur en subkultuur) bestaan, te verklaar. Aangesien vroue 'n minderheidsgroep in die polisie uitmaak, moet 'n teorie wat die dinamika tussen twee groepe (mans en vroue) verklaar, gebruik word om navorsing wat oor houdings handel te rig. Die sosiale identiteitsteorie (SIT) van Henry Tajfel (1978) word derhalwe as 'n geskikte teorie beskou om vir hierdie doeleindes aan te wend aangesien dit fokus op verklarings vir groeplidmaatskap, groepprosesse en intergroepverhoudings wat 'n rol speel in houdingvorming. Dit verklaar ook verskynsels soos vooroordeel, diskriminasie, stereotipering, etnosentrisme, konformiteit, groepkohesie, kollektiewe gedrag, groeppolarisasie en -houding asook besluitname deur die groep (Hogg, 1996:555; Tajfel, 1978).

Aangesien vroue-aktiviste reeds vir meer as 100 jaar en die feministe sedert die 1970's poog om die vrou se posisie in die arbeidsmark in die algemeen, en meer spesifiek in staats-instellings te verbeter, sal daar aan die hand van die vernaamste feministiese benaderings (liberale, radikale, Marxistiese, sosialistiese en swart feminisme) gepoog word om die vrou

se posisie in die polisie te verklaar (Ryan, 1992:46-51). In hierdie verband konstateer McKay (1994:341) dat "feminist scholarship sought to understand why women as a group are disadvantaged in most aspects of life. It has attempted to describe the structures through which women as a group are systematically disadvantaged". Sy wys ook daarop dat doelbewuste pogings in die stelsel aangewend word om die tradisionele manlike dominansie oor vroue in stand te hou. 'n Instelling waar daar veral deur mans teen vroue gediskrimineer word en waar vroue tradisioneel onderdruk is, is die polisie (McKay, 1994:346). Benewens die feministiese teorieë wat verklarings bied vir die houding wat teenoor die vrou bestaan vanuit die patriargale stelsel sal daar ook gebruik gemaak word van die geslagsteorie. Hierdie teorie fokus op die belang van biologiese verskille en die impak van sosialisering op die siening van die geslagte. (Genoemde teorieë word in Hfst. 3 bespreek.)

2.9.2 Behoefte aan navorsing

Verskeie soektogte waaronder DIALOG, SABINET, RGN, SDI, ON-LINE asook die INTERNET, het aan die lig gebring dat houdings van manlike en vroulike polisiebeamptes teenoor die rol van die vrouepolisiebeampte nog nie op 'n omvangryke wyse in die buiteland, deur navorsers ondersoek is nie. Studies (Champion & Rush; 1997; Grennan, 2000; Martin & Jurik, 1996) wat wel onderneem is, rapporteer teenstrydige bevindinge rakende die sienings met betrekking tot die rol van die vrouepolisiebeampte.

- **Stand van bestaande navorsing**

Volgens Cox (1996:145) toon bevindings rondom die uitvoer van polisiëringstake dat polisievroue enersyds net so bekwaam en selfs bekwamer as hulle manlike eweknieë is. Argumente wat veral klem lê op vaardighede, wat beter is as dié van mans, is dat dié vroue konflik effektiewer oplos en beter slagofferondersteuning kan bied. Een van die verklarings wat aangebied word waarom vroue goed vaar in polisiëring is dat hulle in staat is om hulleself los te maak van die tradisonele of stereotipe optredes wat met vroulikheid geassosieer word en die identiteit polisiebeampte kan aanvaar en nastreef. Hulle funksioneer dus nie as 'n "vrou" of 'n "man" binne die polisiediens nie, maar wel as 'n persoon wat 'n taak het om te vervul. Dit impliseer dat hulle die polisiebeeld en -identiteit nastreef en die behoefte het om aanvaar te word as 'n persoon wat die gemeenskap dien en beskerm. Andersyds word aangevoer dat vroue nie geskik is om polisiëringstake te verrig nie. Veral manlike polisiebeamptes wat negatief teenoor vrouepolisiebeamptes is, meen dat vroue nie oor die fisieke vermoëns beskik wat noodsaaklik is om die polisiëringsrol effektief

te vervul nie (http://www.geocities.com/~halbrown/bogshrink7.htm). Verder het navorsing (Cox & Fitzgerald, 1992) rakende manlike polisiebeamptes se houdings teenoor hulle vroulike kollegas getoon dat manlike polisiebeamptes "have been found to be generally negative. Policemen tend to view policewomen as incompetent and unfit for police work and working with female police officers does not appear to have a positive effect on such opinions" (Shusta et al., 1995:47).

- **Leemtes in bestaande navorsing**

Die verantwoordbare wetenskaplike navorsing (Champion & Rush; 1997; Grennan, 2000; Martin & Jurik, 1996; Roberg & Kuykendall, 1993) wat oor hierdie verskynsel rapporteer, is so beperk dat die indruk geskep word dat die verskynsel nie as 'n sosiale probleem, wat navorsing regverdig, beskou kan word nie. Verder wys Shusta et al. (1995:47) daarop dat navorsing wat oor geslagsaangeleenthede binne wetstoepassingsagentskappe handel, en meer spesifiek op die vrou konsentreer, hoofsaaklik fokus op diskriminasie, seksuele teistering, beperkings rondom rolomskrywings, patriargale dominansie ("brotherhood") asook die konflik rakende die gesin en die beroep. Navorsers laat dus na om die houdings wat daar teenoor die rol van die vrouepolisiebeampte bestaan, te bestudeer. Benewens die feit dat hierdie veld braak lê vir wetenskaplike navorsing, word die bevindings wat wel bestaan, nie met die nodige erns hanteer nie (Edwards, 1990:111).

2.9.3 Gebrek aan navorsing oor die houding van sowel manlike as vroulike polisiebeamptes teenoor die vrouepolisiebeampte

Verskeie studies (Cox, 1996; Cox & Fitzgerald, 1992; Grennan, 2000; Reiner, 1992; Roberg & Kuykendall, 1993; Shusta et al., 1995; Tonry & Morris, 1992) dui daarop dat manlike polisiebeamptes oor die algemeen negatief teenoor hulle vrouekollegas ingestel is. Daar bestaan egter nie aanduidings in die geraadpleegde bronne oor wat die vrouepolisiebeampte se houding oor haar rol in die polisie is nie. 'n Studie oor sowel manlike as vroulike polisiebeamptes se houding teenoor die rol en plek van die vrouepolisiebeampte is dus noodsaaklik.

In Suid-Afrika is daar nog nie 'n studie onderneem om die houding met betrekking tot die rol van die vrouepolisiebeampte te ondersoek nie. Dit is dus belangrik om die houding wat bestaan, te bestudeer, veral in die lig daarvan dat bestaande bevindings nie soseer op houdings konsentreer nie. Veral in die lig van die Wet op Billike Werksgeleenthede, Wet op

Arbeidsverhoudinge, Wet op Basiese Diensvoorwaardes en Wet op Ontwikkeling van Vaardighede, Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Wet 108 van 1996) asook die Polisiewet is dit belangrik om hierdie tipe navorsing te onderneem aangesien dit riglyne kan bied oor hoe suksesvol die bestaande stelsel is en watter leemtes daar bestaan.

Tydens 'n eendagseminaar (SAPS Gender Equity Seminar, Februarie 6, 1997) wat by die WNNR deur die REOP-afdeling van die SAPD aangebied is, is benadruk dat die polisie daartoe verbind is om vroue van gelyke beregtiging in die Diens te verseker. Die destydse hoof van die afdeling, Zelda Holtzman, het dit onomwonde gestel dat REOP dit ten doel stel om die vrou se posisie te verbeter en navorsers aan te moedig om studies te onderneem wat vir die polisie van nut sal wees ten opsigte van die verbetering van die vrou se posisie. Verder beklemtoon die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, (1996) in Artikel 9 dat daar nie teen vroue gediskrimineer mag word nie. Verskeie inisiatiewe en projekte is van stapel gestuur deur onder andere CEDAW, die Kommissie vir Geslagsgelykheid, asook die Beijing Platform aangebied tydens die Beijing konferensie van die Verenigde Nasies in September 1995. In die Beijing Conference Plan of Action, 1995 word die noodsaaklikheid geaksentueer dat daar wêreldwyd aandag geskenk moet word aan die verbetering van die vrou se rol en posisie in die patriargale stelsel (Beijing Conference Plan of Action, 1995:1; CEDAW, 1995:6-10; Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 Artikel 181(1)(d)). In die verband word daar in die Beijing Conference Plan of Action (1995:1) daarop gewys dat in Suid-Afrika

> women's poverty is increased by the rigidity of gender roles in our society. This leads to women's limited access to power, education and training and productive resources. The failure to mainstream a gender perspective in economic planning ... is directly related to the absence of economic opportunities.

Dit is derhalwe noodsaaklik dat 'n studie onderneem word wat die houdings blootlê wat ten opsigte van die vrou se rol in die polisie bestaan aangesien dit daartoe kan bydra dat polisiëringspraktyke in so mate aangepas kan word dat vroue in alle opsigte van gelyke beregtiging verseker word. Verder kan wetenskaplike navorsing tradisionele negatiewe houdings en diskriminerende praktyke aan bande lê of selfs uitwis. Dit hou die moontlikheid in dat die SAPD 'n beter diens aan die gemeenskap kan bied.

2.9.4 Noodsaaklikheid en doelwitte van die studie

In die lig van die voorafgaande kan afgelei word dat wetenskaplik-verantwoordbare

navorsing in Suid-Afrika onderneem moet word ten einde die rol van die vrou in die SAPD asook die houdings wat teenoor die vrouepolisiebeampte bestaan, te ondersoek. Ondanks bevindings dat vroue in sommige gevalle meer effektief as mans teenoor die slagoffers van onder andere verkragting, gesinsgeweld, rasisme en anti-gay geweld optree, word hulle nie geredelik tot die polisiekultuur toegelaat nie. Bevindings dui ook daarop dat vroue oor beter lewensvaardighede beskik om konfliksituasies te hanteer en dat die publiek oor die algemeen meer positief teenoor vrouepolisiebeamptes ingestel is (Cox, 1996:142-145; Cox & Fitzgerald, 1995:146-148; McLaughlin, 1996:82; Roberg & Kuykendall, 1993:381-383). Die mees gesaghebbende bronne (Brewer, 1994; Nel & Bezuidenhout, 1997; Stevens & Yach, 1995; Van Heerden, 1986; Van Rooyen, 1994) oor polisiëring en gemeenskappolisiëring in Suid-Afrika laat grootliks na om die rol en plek van die vrou in die polisiediens aan te spreek.

Ten einde die houdings wat teenoor vrouepolisiebeamptes bestaan te bepaal asook om redes vas te stel waarom mans oor die algemeen negatief teenoor vrouepolisiebeamptes is, noodsaak hierdie navorsing. Ondanks die moontlikheid dat regstellende aksie wat sedert 1994 in Suid-Afrika geld die vrou se rol mettertyd sal verbeter, wys Cox (1996:142) daarop dat regstellende aksie en gelyke indiensnemingsgeleenthede meestal akademies van aard is en dat tradisionele houdings en diskriminerende praktyke bly voortbestaan. Hoewel die gewese Nasionale Kommissaris van die SAPD, George Fivaz, 'n beroep op alle werknemers van die SAPD gedoen het om alle reëls ten opsigte van elke individu se regte na te kom (Annual plan of the South African Police Service, 1996/1997:19; Gender equality in die SAPS, 1997:2), impliseer Cox se aanname dat vroue nie sonder meer as mans se gelykes aanvaar sal word nie. Die aanname word indirek deur Holtzman (1997:6) bevestig wanneer sy benadruk dat die SAPD alles in hulle vermoë gaan doen om gelykheid vir vroue te verseker en om diskriminerende praktyke wat uit negatiewe houdings voortspruit, te bekamp. Sy wys daarop dat verskeie meganismes in plek is om hierdie doelwit te bereik, soos onder andere konstitusionele en wetlike raamwerke, die REOP en 'n regstellende aksiebeleid. Met REOP word daar beoog "to transform itself into an Equity Component under whose auspices Affirmative Action, Gender Equity and the Equality Forum would reside". Sy waarsku egter dat die transformasieproses nie maklik en vinnig sal geskied nie. Benewens 'n gebrek aan vroue in senior posisies in die polisie is vroue onderverteenwoordigend. Die verhouding vroue tot mans in die Diens bring dus mee dat transformasie gekniehalter word. In die verband meld Holtzman (1997:3) dat

> besides being in the minority, women have to contend with the fact that the SAPS emerged from a para-military, Afrikaner, male dominated Calvinistic orientated organisation. This ethos did not accommodate women as equals with competencies to

manage, but rather placed women in gender specific roles where they were confined to administrative functions. This meant, that women were left behind, not only because of their lack of numbers, but largely because of the attitude of male managers. Discrimination against women were therefore, experienced on a formal level through discriminatory policies and practises as well as informally through the macho culture of the organisation.

Swart vroue ondervind selfs meer probleme as blanke vroue aangesien daar drieledige diskriminasie teen hulle bestaan, naamlik op grond van sosiale klas, ras en geslag (McKay, 1994:358). Volgens Holtzman (1997:3) is die tyd ryp vir verandering. Sy is egter van oordeel dat "what needs to be corrected is the perception and attitudes of members, male and female, towards gender-specific roles and the creation of an environment which allows for all members to achieve their full potential". Aangesien daar nie navorsing bestaan om REOP se inisiatiewe te rig en te ondersteun nie, kan die onderhawige studie hierdie leemte vul (Holtzman, Z.L. Persoonlike mededeling, Hoof van die Representitivity and Equal Opportunities Programme: Assistent Kommissaris, Februarie 6, 1997).

Op grond van die voorafgaande word ten doel gestel om te bepaal

(i) of manlike- en vroulike polisiebeamptes se houding teenoor die rol van die vroue-polisiebeampte verskil

(ii) wat die aard van die bestaande houdings teenoor vrouepolisiebeamptes is

(iii) of 'n polisiesubkultuur in die SAPD bestaan en indien wel, of dit met houdings wat teenoor vrouepolisiebeampte gekoester word, verband hou

(iv) of mans diskrimineer op grond van geslag

(v) of bestaande meganismes in die SAPD 'n impak het op tradisionele houdings van manlike polisiebeamptes teenoor vrouepolisiebeamptes

(vi) of wit polisiebeamptes se houding teenoor die rol van die vrouepolisiebeampte van dié van swart polisiebeamptes verskil

(vii) of offisiere se houding rakende die rol van die vrouepolisiebeampte van dié van onderoffisiere verskil

(viii) of polisiebeamptes wat langer as 10 jaar in diens van die polisie is, se houding teenoor die rol van die vrouepolisiebeampte verskil van diegene wat minder as 10 jaar diens het

(ix) of opvoedkundige kwalifikasie 'n rol speel in die houdings wat teenoor vrouepolisie-beamptes gehuldig word.

2.10 SAMEVATTING

Histories is daar teen vroue gediskrimineer en is hulle tot laat in die negentiende eeu nie tot formele polisiëring toegelaat nie. Aktivisme, wetgewing en verandering in houdings teenoor vroue het daartoe bygedra dat hierdie diskriminasie nie meer so ooglopend voorkom nie. Vervolgens word op bepaalde teoretiese aannames gefokus om die vrou se posisie in die samelewing en spesifiek ten opsigte van polisiëring te illustreer.

3. TEORETIESE PERSPEKTIEF

In die probleemstelling is aangetoon dat navorsing rakende die rol van die vroue-polisiebeampte selde deur teorie gerig word. Studies wat wel van teorie gebruik maak, fokus meestal op die tradisionele posisie van die vrou in die samelewing en gebruik die feministiese benadering om die vrou se posisie en rol sedert die vroegste tye aan te dui. 'n Analogie word dus getrek tussen die tradisionele posisie van die vrou in die arbeidsmag en hoe haar posisie teenswoordig daar uitsien (Levin 1987:16; Tracy-Stratton, 1986:307).

Aangesien hierdie studie oor die rol van die vrouepolisiebeampte handel en meer spesifiek die houding teenoor die vrouepolisiebeampte se rol ondersoek, sal daar van teorieë uit die feminisme en die sosiale sielkunde gebruik gemaak word. Die feministiese verklarings word gebruik om die vrou se posisie in die samelewing en spesifiek die beroepswêreld teoreties te fundeer. Verskeie navorsers (Brewer, 1994; Cox & Fitzgerald, 1992; Lynch & McBride, 1995; Roberg & Kuykendall, 1993; Shusta et al., 1995; Thibault, Lynch & McBride 1995; Tracy-Stratton, 1986) wys daarop dat vrouepolisiebeamptes sedert hulle toetrede tot die polisiëringsberoep nie dieselfde behandeling as manlike polisiebeamptes ontvang het nie. Die feministiese benadering word dus gebruik om teoreties te fundeer waarom vroue-polisiebeamptes ongelyke behandeling te wagte kan wees in die polisie.

Volgens Thibault et al. (1995:41) en Tracy-Stratton (1986:314) is die meeste vrouerekrute idealisties, positief en gemotiveerd wanneer hulle vir basiese opleiding by die polisie aanmeld. Mettertyd verander hierdie positiewe ingesteldheid by veral die vroue wat opvallend vrouliker as hulle ander vrouekollegas is. In die verband konstateer Tracy-Stratton (1986:314) dat "some women begin to question if their feminine natures can fit into their career choices. ... Women who give up their female identities ... may end up in confusion and with poor self-esteem". Ten einde hierdie veranderinge en onsekerhede wat moontlik by vrouepolisiebeamptes kan voorkom teoreties te verklaar, is besluit om gebruik te maak van die sosiale identiteitsteorie van Henri Tajfel. Volgens Hogg (1996:555) is hierdie teorie geskik om verskeie aangeleenthede soos onder andere vooroordeel, diskriminasie, stereotipering, konformiteit, groepkohesie, etnosentrisme, kollektiewe gedrag, groeppolarisasie (bv. mans vs. vroue) en groepbesluitneming te verklaar. Hierdie teorie het sedert die ontwikkeling daarvan gedurende die middel tot laat 1970's, betekenisvolle steun van sosiale sielkundiges ontvang. Dit het verseker dat die teorie hoog aangeslaan word en

populêr onder sosiale sielkundiges is (Hewstone, Jaspars & Lalljee, 1982:241-269). Die volgende siening bied verdere steun vir die keuse om van hierdie teorie gebruik te maak: "Social identity theory is framed by an assumption that society is hierarchically structured into different social groups that stand in POWER and status relations to one another e.g. men and women, Blacks and Whites" (Hogg, 1996:555). Met die sosiale identiteitsteorie gaan dus gepoog word om die vrou se optrede in 'n tradisionele manlike domein te verklaar.

In aansluiting hierby sal bepaalde elemente van die geslagsteorie onder die loep geneem word ten einde te illustreer hoe sekere rolle oor geslagte heen aan mans en vroue toegewys is. Die rolle wat deur die gemeenskap voorgehou word en die impak daarvan sal spesifieke aandag geniet.

3.1 FEMINISTIESE KRIMINOLOGIE

Volgens Curran en Renzetti (1994:271) bestaan daar nie 'n teorie wat al die fasette wat in die feministiese teorieë ter sprake is voldoende verklaar nie. Verskillende feministiese uitgangspunte bestaan wat onder die sambreelterm "feministiese kriminologie" ingesluit word. In aansluiting hierby voer McKay (1994:342) aan dat daar eerder gepraat moet word van die bestaan van verskeie feminismes. Ten spyte van hierdie standpunte maak die volgende kenmerke van die onderskeie variasies van die feminisme dit moontlik om die verskillende uitgangspunte wel as een benadering te identifiseer.

3.1.1 Algemene kenmerke van die feminisme

Die algemene kenmerke van die feminisme sluit die volgende in:

- Die onderskeie feministiese benaderings is almal krities ingestel ten opsigte van vroue se posisie in die samelewing en is dit eens dat vroue dikwels geïgnoreer word in kriminologienavorsing. Feministiese kriminologie betoog dus dat vroue in 'n groter mate die fokus moet word van navorsing wat in die kriminologie en die regte onderneem word. Dit sou ook geld vir polisiëring as 'n subdissipline van die kriminologie.

- Geslagstratifikasie moet tydens navorsing in ag geneem word. Dit beteken dat vroue se gedrag nie bloot aan die hand van tradisioneel manlik-gefundeerde teorieë verklaar moet word nie, derhalwe moet "a gendered theory of crime" oftewel die feministiese teorieë in navorsing gebruik word om vroue se posisie beter te verstaan. Die klem op geslag-

stratifikasie impliseer dat erkenning daaraan gegee moet word dat mense se persepsies, geleenthede en ervarings nie uitsluitlik deur die produksieprosesse in die samelewing beïnvloed word nie, maar ook deur die geslagsverhoudinge wat dominant in 'n samelewing is. Die feministe wys daarop dat die Westerse samelewing sowel kapitalisties as patriargaal ingestel is. Die gevolge hiervan behoort met sensitiwiteit blootgelê te word deur navorsing rakende vroue se rol in die samelewing. Kennis moet ook geneem word van die manlike konteks waarbinne die vrou se gedrag dikwels bestudeer word. Verder voer die feministe aan dat navorsing veral moet fokus op agentskappe van sosiale beheer (bv. die polisie) en meer spesifiek hoe hierdie agentskappe funksioneer om te verseker dat die vrou se sekondêre plek in die manlike wêreld onveranderd bly.

- Geslagstratifikasie impliseer nie dat ander tipes stratifikasie geïgnoreer word nie. Alle vlakke in die samelewing waar daar ongelyke voorregte en sosiale posisies aan mense toegedeel word, is dus hier ter sprake. Inteendeel, geslagsgelykheid word ook geaffekteer deur stratifikasies wat verband hou met onder andere sosiale klas, rassisme, veroudering en heteroseksisme. In die verband benadruk die feminisme dat geslagsongelykheid verskillende invloede op vroue en mans het (Curran & Renzetti, 1994:271-273; Levin, 1987:20; McKay 1994:340-343; Williams & McShane, 1999:256).

In die lig van die bogenoemde identifiseer Williams en McShane (1999:251-252) drie sosiale kenmerke wat as die hoekstene van die verskillende feministiese benaderings beskou kan word. Hierdie hoekstene behels die volgende:

- **Paternalisme**

Paternalisme geld algemeen in die patriargale sisteem. Dit impliseer dat vroue die swakker geslag is en dat daar na hulle omgesien moet word. 'n Paternalistiese gemeenskap beklemtoon dus die man se onafhanklikheid en die vrou se afhanklikheid. Volgens hierdie aanname sou 'n polisieman enige polisiefunksie kan en mag verrig, terwyl die vroue-polisiebeampte nie gevaarlike dienste mag verrig nie aangesien sy afhanklik is van die man se beskerming en bystand.

- **Ridderlikheid**

Ridderlikheid hou verband met die gebruik dat mans sekere take vir vroue behoort te verrig. 'n Klassieke voorbeeld is dat 'n man die deur van 'n motorvoertuig vir 'n vrou moet oopmaak as sy in of uit die voertuig klim. In die geval van manlike polisiebeamptes sou geredeneer kon word dat hulle in 'n gevaarsituasie meer besorg oor vroulike as oor manlike kollegas sal wees aangesien mans tradisioneel na die vrou moet omsien. Hierdie optrede verhoog die risikofaktor omdat die man verantwoordelik vir sy eie asook die vrou se veiligheid aanvaar.

- **Seksisme**

Seksisme het betrekking op die houdings en gebruike wat ongelykheid tussen die geslagte veroorsaak en in stand hou. Dubbelstandaarde geld dus ten opsigte van mans en vroue. In die geval van 'n vrouepolisiebeampte sal sy twee maal harder moet werk as 'n manlike kollega om erkenning te ontvang. Die teenoorgestelde kan ook waar wees, naamlik dat 'n vrou wat in die manlike sisteem iets verkeerd doen makliker oorgesien kan word as 'n man.

Ofskoon daar meer as 10 verskillende feministiese benaderings bestaan, word slegs die prominentste feministiese uitgangspunte wat vir hierdie studie van belang is onder die loep geneem. Hoewel McFadden (in McKay, 1994:343) die liberale, Marxistiese en radikale feminisme as die prominentste feministiese benaderings uitwys, sal drie ander variasies ook in hierdie studie aandag ontvang. Die rede hiervoor is dat hierdie feministiese benaderings aspekte van vroue se onderdrukking aanraak wat van belang vir die studie is.

3.1.2 Variasies van die feminisme

Die ses feministiese variasies wat vervolgens bespreek word, is die volgende: liberale feminisme; Marxistiese feminisme; radikale feminisme; sosialistiese feminisme; swart feminisme; en postmodernistiese feminisme.

3.1.2.1 Liberale feminisme

Die liberale feministiese teorie beklemtoon dat daar 'n verdeling in die arbeidsmag bestaan op grond van geslag. Hierdie verdeling kan veral in die openbare en privaatsektore gesien word. Die openbare sektor hou verband met die ekonomiese en die politiese, terwyl die privaat sektor verband hou met huishoudelike aangeleenthede. Vroue word meestal beperk

tot die privaatsektor waar hulle onbetaalde take in die huishouding verrig. Hierdie take, soos byvoorbeeld om 'n man te versorg, kinders groot te maak en huishoudelike take te verrig, bied gewoonlik geen intellektuele uitdagings nie. Die aard van hierdie werkverdeling bring mee dat vroue bloot van belang beskou word wanneer hulle moet omsien na mans se emosionele en seksuele behoeftes asook hulle persoonlike gerief (Bartollas, 1997:199; McKay, 1994:344; Williams & McShane, 1999:257).

Die "ware beloning" wat die sosiale lewe bied soos onder andere rykdom, status en vryheid is in die openbare sektor geleë. Liberale feministe postuleer dat die bestaande sisteem, rondom dit wat van die geslagte verwag word, inderwaarheid nie een van die geslagte bevoordeel nie. Die rede hiervoor is dat sowel vroue as mans se potensiaal onderdruk word deur die rigiede houdings wat in die samelewing bestaan rondom dít wat van elke geslag verwag word oftewel seksisties voorgeskrewe rolle. Volgens die liberale feministe is die ideologie rondom seksisme net so betekenisvol soos dié een wat bestaan ten opsigte van rassisme. Liberale teoretici fundeer hierdie stelling op die aanname dat daar vooroordeel teenoor vroue se rolle in die samelewing bestaan en dat diskriminerende praktyke wat vroue benadeel sedert die vroegste tye voorkom. Hierdie onregverdige praktyke is soortgelyk aan dié wat gebruik word om rassegroepe te onderdruk (bv. aparte geriewe vir blankes en swartes of organisasies wat slegs mans as hulle lede toelaat). Die seksistiese ideologie word verder ondersteun deur die aanname dat sekere biologiese verskille wat tussen mans en vroue bestaan hulle predisponeer om sekere rolle beter te vervul. Die siening is dus dat mans sekere take beter as vroue kan verrig en andersom (Levin, 1987: 62-67; McKay, 1994:344).

Vroue se huishoudelike inperking ("domestic confinement") vereis dat hulle moederskap moet aanvaar as 'n primêre en biologiese funksie. Sosiale instansies se diskriminerende optrede teenoor vroue bied dan ook ondersteuning hiervoor. Die boodskap wat dus aan die samelewing oorgedra word wanneer 'n werkgewer teenoor 'n vrou diskrimineer, is dat sy biologies nie oor die vermoë beskik om enigiets anders te doen as om haar moederlike rol te vervul nie. Die vrou word dus ingeperk tot haar huishouding, terwyl mans kwytgeskeld word van die eentonige take wat aan vroue opgedra word.

Die huwelik wat vir die vrou voorgehou en gevolglik geïdealiseer word as 'n bron van vervulling, is 'n mite. Inteendeel, die huwelik is 'n institusionele instelling wat mans bevoordeel aangesien dit die man se outoriteit en seksualiteit beklemtoon. Hierteenoor word die vrou se rol beperk tot onderdanigheid en afhanklikheid, terwyl haar seksualiteit ontken word deur haar bloot tot 'n seksobjek van die man te reduseer. Hierdie ongelykheid wat

tussen mans en vroue bestaan, het daartoe bygedra dat vroue deur die eeue daarvan weerhou is om tot die arbeidsmark toe te tree. Hierdie beperking wat op vroue geplaas is, het verder bygedra tot die voortbestaan van die ondergeskikte posisie wat aan vroue toegeken is. Ten einde hierdie diskriminerende en ideologiese manipulering uit die weg te ruim, moet seksisme teenoor vroue bevraagteken word. In die verband meld Oakley (1978:238) dat "we need a revolution in the ideology of gender roles current in our culture". Sy wys daarop dat die afskaffing van die huisvrourol asook gesins- en geslagsrolle nie 'n verandering in die *status quo* sal meebring nie, maar wel die politieke vernietiging van die huisvrou-etiket sal veroorsaak. Hierdie aksie is nodig aangesien die konsep "huisvrou" beskou kan word as 'n sambreelterm vir al die mites wat die vrou se universele onderdrukte posisie in die samelewing in stand hou.

Liberale feministe is van mening dat seksisme (toeken van 'n minderwaardige rol op grond van geslag) uitgeroei kan word deur die mobilisering van bestaande politieke en wettige kanale wat verandering kan meebring. Dit is veral van belang dat nie-seksistiese wetgewing aanvaar en houdingsverandering op 'n aktiewe wyse gepropageer word. Die verandering van houdings is noodsaaklik aangesien dit tot sosiale verandering sal lei. Sodoende kan voorkom word dat mans en vroue op 'n rigiede wyse gesosialiseer word om gekompartementaliseerde geslagsrolle te aanvaar. Wanneer dit gebeur sal vroue dieselfde toegang tot tradisioneel manlike werkgeleenthede as mans hê en die hoër status wat die beroepe bied, kan geniet.

Die voorafgaande impliseer dat kinders nie opgevoed sal word met die vooropgestelde idee dat seuns en meisies verskillende beroepe moet volg nie. Aangesien 'n mens se psigoseksuele identiteit tydens die kinderjare geïnternaliseer word, kan sosialisering wat vry van seksisme en diskriminasie is, meisies in staat stel om sonder huiwering 'n beroep te kies wat tradisioneel as manlik beskou is. Vroue se keuse van polisiëring as 'n beroep asook hoe hulle hulself sal beoordeel en hoe hulle deur manlike kollegas aanvaar sal word, sal dus geaffekteer word deur die aard van die sosialisering waaraan mans en vroue blootgestel word (Bryson, 1999:9).

3.1.2.2 Radikale feminisme

Die radikale feministe blameer mans vir die ongelykheid wat daar tussen die geslagte bestaan. Patriargie is 'n stel sosiale verhoudings wat deur mans geskep is en wat hulle in 'n posisie plaas om vroue te beheer en te domineer. Mans se voordele en mag in die

samelewing word beskou as die basis van alle sosiale verhoudings en ongelykheid wat tussen die geslagte bestaan (Bartollas 1997:202; McKay 1994:344). Radikale feministe is van mening dat die klassisteem, wat op geslag berus, die eerste vorm van sosiale stratifikasie was. Dit het selfs voor die nie-geslagsgebaseerde klassesisteem bestaan. Die geslagklas-sisteem het sy oorsprong in die biologiese verskille wat tussen mans en vroue bestaan. Hierdie biologiese verskille veroorsaak dat ongelykheid in alle sosiale strukture manifesteer (bv. swart mans is meestal konstruksiewerkers, terwyl swart vroue meestal as skoonmakers op konstruksieterreine aangestel word). Ongelykhede varieer ook ten opsigte van die rolle wat mans en vroue in verskillende kulture vertolk (bv. swart vroue moet gewasse aanplant en sorg dat daar altyd kos beskikbaar is om te eet) en hou verband met die dominansie wat een groep oor 'n ander groep kan handhaaf (bv. in-groep teenoor 'n uit-groep).

Die oudste en mees basiese vorm van dominansie spruit voort uit die bestaan van die patriargale sisteem. Patriargie is 'n alomteenwoordige sisteem van manlike dominansie en vroulike onderdanigheid. Millet (1971:25) voer aan dat ofskoon patriargie nie altyd duidelik waarneembaar is nie dit wel bestaan. In die verband meld sy dat "every avenue of power within the society, including the coercive force of the police, is entirely in male hands". Mans word in alle fasette van die samelewing bevoordeel aangesien hulle vroue gebruik om hulle ego's te streel, vroue ekonomies kan eksploiteer, vroue seksueel domineer, en sonder teenkanting alle politieke mag vir hulleself toeëien. Volgens die radikale feministe is dit vir mans moontlik om hulleself op dié wyses te bevoordeel omdat vroue se anatomie hulle strem. Die feit dat vroue menstrueer, menopouse ervaar, 'n fetus in hulle baarmoeder moet dra tydens swangerskap, geboorte moet skenk en toegerus is om die baba se behoefte aan voeding deur borsvoeding te vervul, veroorsaak dat hulle 'n onregverdige las moet dra in vergelyking met mans (McKay, 1994:346).

Swangerskap en borsvoeding dra veral daartoe by dat vroue van mans afhanklik raak vir oorlewing. Hierdie interafhanklikheid tussen moeder, kind en man (bv. biologiese vader, broer of stiefpa) kom in alle gemeenskappe voor en het sedert die vroegste tye 'n ongelyke magsverhoudinge tussen die geslagte geskep. Patriargie word deur middel van sosialisering van geslag tot geslag oorgedra en op grond van ideologieë wat deur sosiale instansies gehandhaaf word, in stand gehou. Bartollas (1997:202) meen dat dit die rede is waarom hierdie vorm van onderdrukking die moeilikste van alle vorme van onderdrukking is om uit te roei. Deur middel van die patriargale sisteem leer mans om vroue en ander minderheids-groepe as "nie-menslik" te beoordeel en om hulle deur isolasie te beheer (bv. om voltyds 'n tuisteskepper te wees). Hierdie beheer kan as 'n vorm van politiekery beskryf word.

Patriargie word beskou as die basis vir seksuele politiek. "Politiek" is ter sprake in enige situasie waar een individu 'n ander persoon wil beheer of domineer of met ander woorde, waar vroue die slagoffers van manlike dominansie word in sowel hulle openbare as privaat lewe.

Hoewel patriargie die moeilikste van alle vorme van politiek waargeneem word, is dit die belangrikste sisteem vir die instandhouding van sosiale ongelykheid. Dit kan verder gesien word as 'n vorm van geweld wat teenoor vroue beoefen word deur mans en manlik gedomineerde instansies. Die radikale feministe bring dit in verband met seksuele geweld soos onder andere verkragting, seksuele mishandeling, vrouemishandeling en uitbuiting van vroue in pornografie. Gebruike soos hekseverbranding, steniging van ontroue vroue, histerektomieë en die kulturele toepassing van kliterodektomieë (vroulike besnydenis) is ook uitvloeisels van die patriargale sisteem. Die sisteem is ook gefundeer op 'n koverte vorm van fisieke mishandeling wat openbaar word deur die standaarde wat gestel word ten opsigte van die volgende: kleredrag; modes; rigiede ideale vir moederskap; aanvaarding van seksuele teistering in die werksituasie; lewering van onbetaalde arbeid in en om die huis; en onderbetaling of om 'n kleiner salaris aan vroue te betaal vir dieselfde werk waarvoor mans beter vergoeding ontvang (McKay, 1994:347).

Volgens Finestone (1970:205) moet 'n alternatiewe stelsel in die plek van die patriargale sisteem ontwikkel word. 'n Sodanige stelsel behoort op die emansipering van vroue te fokus. Vroue moet bevry word van die kulturele eise wat met biologiese voortplanting geassosieer word. Hoewel geboorteskenk nie deur die man oorgeneem kan word nie, moet hy wel die vrou tydens die proses bystaan. Kinderopvoeding moet ook nie uitsluitlik as die vrou se taak gesien word nie. Net soos daar van die man verwag kan word om die vrou tydens geboorte by te staan, moet hy ook deelneem aan die opvoedings- en versorgingsproses.

'n Subgroep van die radikale feministe beskou die voorafgaande nie noodwendig as 'n oplossing vir vroue se onderdrukking nie. Volgens hulle is "manlike reëls" ten opsigte van onder andere verkragting en geweld die wyse waarop mans beheer oor vroue behou. Dit is dan ook om hierdie rede dat die meeste radikale feministe geen ondersteuning van mans aanvaar in hulle stryd om vroueregte nie aangesien hulle glo dat mans weer in die magsposisie geplaas word om reëls neer te lê wat vroue se emansipasie belemmer. Volgens hulle moet vroue self betrokke wees by hulle bevryding en diegene wat reeds bevry is, moet ander vroue bystaan in hulle stryd teen manlike dominansie (McKay, 1994:348).

Die radikale feministe gebruik 'n tegniek wat bekend staan as bewustheidsontwikkeling om vroue te sensitiseer om betrokke te raak by hulle bevryding. Hierdie tegniek behels dat vroue hulle gevoelens van onderdrukking met mekaar deel om enersyds hulle eie onderdrukking op 'n bewuste vlak te ervaar en andersyds om hieruit strategieë te ontwikkel wat vroue in staat sal stel om manlike dominansie te oorkom. Voorstelle soos die vestiging van 'n uitsluitlik vrouekommune of -gemeenskap word deur radikale separatiste bepleit as 'n strategie om manlike dominansie teen te werk. Die vroue-oppergesagvoorstaanders ("female supremists") is van mening dat vroue, in vergelyking met mans, moreel superieur is en dat die patriargie met 'n matriargie vervang moet word. Indien dit gebeur, sal vroue in beheer van alle sosiale aangeleenthede wees. Dit sal daartoe bydra dat geweld wat in die patriargale stelsel gebruik word om te domineer, vervang sal word met deernis.

Volgens die radikale feministe is die meeste gemeenskapsinstansies manlik gedomineer en word vroue die geleentheid ontsê om 'n rol in hierdie instansies te vertolk. Hieruit kan afgelei word dat 'n tradisioneel manlike organisasie soos die polisie, vroue nie geredelik sal aanvaar om die amp van 'n polisiebeampte as 'n gelyke te bekleë nie.

3.1.2.3 Marxistiese feminisme

Volgens die Marxistiese feminisme kan die patriargale sisteem nie alleen verantwoordelik gehou word vir die eksploitering en onderdrukking van vroue nie. Inteendeel, kapitalisme kan as 'n groter bron van onderdrukking beskou word. In die lig hiervan kan kapitaliste, en nie soseer mans nie, as die bevoordeeldes in die samelewing beskou word. Die Marxistiese feminisme fundeer hulle standpunt gedeeltelik op die Marxisme aangesien hulle aanvoer dat geslagsongelykheid 'n produk van die kapitalistiese ekonomiese stelsel is (McKay, 1994: 351). Die kapitalistiese stelsel eksploiteer ondergeskikte groepe (bv. vroue) vir profyt. In die verband beaam Williams en McShane (1999:258) dat vroue in arbeidersposisies ingedwing word wat gewoonlik geen beroepstatus aan hulle verleen nie. Ter stawing hiervan voer hulle aan dat "acquisition and disbursement of capital is primarily restricted to males, with only token female participation" (Williams & McShane, 1994:238).

Die oorsprong van die onderdrukking van die vrou is nie te wyte aan biologiese verskille nie, maar kan beskou word as 'n oorsaak van historiese sosiale veranderinge wat die egalitêre matriargale sibbes van die verlede vervang het met 'n patriargale klassestelsel. Onderdrukking van vroue is dus gekoppel aan die klassestelsel (McKay,1994:351) en kom nie voor as gevolg van geslagsverskille soos die radikale feministe aanvoer nie (Conklin,

1998:224-225). Verder verskil die Marxistiese feministe van die radikale feministe in die sin dat hulle vroue nie as 'n homogene onderdrukte groep beskou nie. In hierdie verband wys Marxistiese feministe daarop dat vroue wat tot die heersersklas behoort anders behandel word as vroue wat uit die laerklas afkomstig is. Vroue word dus in verskillende klasse geplaas. Mans bly egter altyd die bevoordeelde party binne 'n bepaalde sosiale klas. Dit bring mee dat mans van 'n sekere klas geredeliker as vroue van dieselfde klas toegang tot materiële goedere, status en mag het. Al word vroue uit die heersersklas meer bevoordeel as vroue uit die laerklas, word daar steeds van hulle verwag om manlike nasate in die wêreld te bring, huishoudelike take te verrig en onder die beheer van mans staan.

Die Marxistiese feminisme kombineer dus die kapitalisme en die onderdrukking van vroue in hulle uitgangspunt oor die vrou se posisie. Kapitalisme hou verband met die Marxisme, terwyl die onderdrukking van vroue verband hou met die sentrale tema in die feminisme, naamlik patriargie. Aangesien vroue meestal nie dieselfde beroepsgeleenthede buite die huishouding as mans het nie, is hulle ekonomies afhanklik van hulle mans en "behoort" dus ook aan hul eggenotes. Vroue se swak ekonomiese posisie dra gewoonlik daartoe by dat dit vir mans maklik is om hulle te onderdruk. 'n Vrou se posisie in die gesin bring ook mee dat sy die teiken vir kapitalistiese eksploitasie word. Vroue wat wel die arbeidsmark betree, word meermale swak besoldig, beklee meestal 'n lae status en word gewoonlik vir deeltydse werk aangewend. Die rede hiervoor spruit voort uit die aanname dat vroue finansieel afhanklik van hulle mans is en ekonomies versorg word. Verder bestaan die siening dat vroue 'n laer sosiale status as hulle mans bekleë en dus nie op gelykheid in die arbeidsmark kan aandring nie. Indien hulle wel op 'n mededingende vlak met mans aangestel word, sal dit die sosiale struktuur benadeel en die harmonie tussen die geslagte versteur (Bartollas, 1997:201; Bryson, 1999:19; Levin, 1987:28; McKay, 1994:352; Williams & McShane, 1999:258).

In aansluiting by die voorafgaande voer Williams en McShane (1994:238) aan dat "females are viewed as secondary sources of labor, or as a surplus workforce. This marginalization of their worth results in women being heavily dependent on males, or in the absence of a male in the family, dependent on welfare". Volgens McKay (1994:352) dra hierdie onderdrukking van vroue, wat op 'n ekonomiese basis geskoei is, daartoe by dat vroue twee funksies vervul. Eerstens verskaf vroue goedkoop arbeid wat hulle binne 'n kapitalistiese gemeenskap kwesbaar vir uitbuiting maak. Tweedens verrig vroue huishoudelike take sonder vergoeding bloot op grond van die relatiewe finansiële sekuriteit wat hulle mans hulle bied. Vroue wat reeds kinders het, verskaf onwetend ondersteuning aan die kapitalistiese proses van winsbejag omdat hulle enersyds 'n gratis diens binne die huishouding lewer en andersyds van die grootste gebruikers van kapitalistiese gebruikersgoedere is.

Die Marxistiese feministe postuleer dat die onderdrukking van vroue slegs beëindig sal word wanneer sosiale klasonderdrukking uitgewis kan word. Verder voer hulle aan dat die werkersklas (mans en vroue) dieselfde belange moet deel en ondersteun. Die vernietiging van sosiale klasonderdrukking en die patriargie kan slegs deur middel van revolusionêre aksie bereik word waar 'n verenigde manlike en vroulike groep wat dieselfde salarisse verdien, saamstaan om 'n gelyke klassestruktuur te vestig. Vroue wat alleen teen mans rebeleer, tree anti-revolusionêr op aangesien dit die werkersklas verdeel. 'n Verenigde werkersklas sal die klassestelsel kan vernietig wat daartoe sal bydra dat alle ekonomiese goedere beskikbaar is vir die hele gemeenskap. Sodra dit gebeur, sal die samelewing bevry wees van enige klas- en geslagsdiskriminasie. Ondersteuning van die Marxisme is dus belangrik en nodig om vroue uit hulle ondergeskikte posisie te bevry (Bartollas, 1997:202; Levin, 1987: 20-21). Die vrouepolisiebeampte wat getroud is of saam met 'n man woon, kan in die lig van bostaande onbewustelik bydra tot die kapitalisme deur gratis arbeid in 'n huishouding te verrig. As verder in ag geneem word dat vroue teenswoordig onderverteenwoordig is in die bestuurskader en die algemene samestelling van die SAPD (Stevens & Yach, 1995:86) is dit onmoontlik om die revolusionêre aksie te loods wat die Marxistiese feminisme bepleit.

Hoewel groot veranderinge reeds met betrekking tot die voordele wat vroue geniet plaasgevind het, geniet die meeste vroue nog steeds nie dieselfde voorregte as mans ten opsigte van salarisse, behuisingsvoordele en mediese skemas nie (Martin & Jurik, 1996:48-49; Schmalleger, 1999:256). Solank as wat hierdie vroue finansieel deur hulle mans onderhou moet word en dit nie vir hulle nodig is om groot salarisse as broodwinners te verdien nie, sal die uitwissing van ongelykheid moeilik bereik word. Marxistiese feministe waarsku ook dat vroue wat wel in hoë posisies aangestel is, bedag daarop moet wees dat hulle aanstellings om anti-revolusionêre redes plaasgevind het (Williams & McShane, 1994:238). Met ander woorde, hulle word slegs as 'n front gebruik deur die dominante manlike topbestuur om kunsmatig te voldoen aan onder andere konstitusionele bepalings en wette op billike werkgeleenthede en nie om vroue te bevry nie.

3.1.2.4 Sosialistiese feminisme

Die sosialistiese feministe is van mening dat die Marxistiese feministe geslagsblind is aangesien hulle verklarings kan bied vir werkers se onderdrukking, maar nie waarom mans vroue onderdruk nie. Sosialistiese feministe beklemtoon derhalwe die belang van sowel die kapitalisme as die patriargie in die veroorsaking van diskriminasie teenoor vroue (Bartollas,

1997:201; Martin & Jurik, 1996:25; McKay, 1994:353). Die sosialistiese feminisme fokus op ekonomiese faktore (klas) wat verantwoordelik is vir vroue se onderdrukking en in watter mate die patriargale stelsel hierdie optrede teenoor vroue ondersteun ten gunste van mans se mag. Patriargie word dan ook as die oorsaak of rede beskou vir die onderskeid wat tussen mans en vroue in die arbeidswêreld bestaan.

In teenstelling met die Marxiste glo die sosialiste dat patriargie 'n materiële basis het en nie soseer geskoei is op die biologiese verskille tussen die geslagte nie. Ofskoon dit hieruit wil voorkom of patriargie en kapitalisme ooreenstem, meld McKay (1994:354) dat mans as 'n groep, en kapitaliste as 'n groep, nie dieselfde belange deel nie. Die belange van alle individue uit die werkersklas en alle vroue is ook nie dieselfde nie. Vroue in die werkersklas is dus nie 'n homogene groep nie (Bartollas, 1997:201; Williams & McShane, 1999:258-259).

Sosialistiese feministe is van mening dat die oorsprong van vroue se onderdrukking te wyte is aan 'n koalisie tussen mans en die kapitalisme. Hierdie koalisie het ten doel om vroue uit die beroepswêreld te hou ten einde huishoudelike pligte na te kom. Die onderdrukking van vroue verseker sodoende 'n gesinshuishoudingsisteem ("family household system") (McKay, 1994:354).

Binne die huishoudelike sisteem raak lede van die huishouding gewoond aan en afhanklik van die man se inkomste en die vrou se vrywillige vervulling van huishoudelike pligte. Hierdie toedrag van sake het daartoe gelei dat 'n ideologie ontwikkel het, naamlik dat die verdeling van arbeid in die gesin 'n normale, natuurlike en aanvaarbare praktyk is. Die onderdrukking van vroue het dus 'n aanvaarde funksie van die kapitalisme geword, soos dit teenswoordig daar uitsien. Martin en Jurik (1996:26) postuleer dat hierdie ideologie vroue inperk tot die huis en ook vergoeding bied vir hulle uitsluiting van sogenaamde "manswerk" waaraan 'n substansiële vergoeding verbonde is. Die verdeling van arbeid binne 'n huishouding is voordelig vir die kapitaliste aangesien die werkersklas beperk word tot die gesinshuishoudingsisteem. Binne hierdie sisteem opponeer mans en vroue mekaar oor wie watter rol moet vervul in plaas daarvan dat hulle as 'n verenigde front teen die kapitalisme optree. Volgens die sosialistiese feministe kan vroue slegs bevry word as die ekonomiese sisteem van die kapitalisme vernietig word. Grootskaalse ekonomiese en kulturele veranderinge is dus nodig om kapitalisme en patriargie uit te wis (Martin & Jurik, 1996:26).

Gelyke werksgeleenthede vir sowel vroue as mans moet geskep word. Die sosialistiese feministe is van oordeel dat beleid geformuleer moet word om te voorkom dat vroue 'n dubbelskof moet werk. Dit beteken dat vroue wat wel in die sisteem toegelaat word, nie

beroeps- en huishoudelike take soos teemaak, moet vermeng bloot omdat hulle vroue is nie. Verder moet die vrou in die aande na werk deur haar man bygestaan word met huishoudelike pligte. Sodoende sal die man meehelp dat die vrou ekonomies onafhanklik van hom word. Die ideologie rondom die rolle van mans en vroue moet dus verander ten einde aan mense die ruimte te bied om te kan doen wat hulle wil doen. Dit impliseer dat konformering met manlikheid en vroulikheid in die hedendaagse sisteem nie meer dieselfde betekenis moet hê as in die verlede nie (Bartollas, 1997:201; Martin & Jurik, 1996:26; McKay, 1994:355; Rogers, 1998:304; Williams & McShane, 1994:239). Vrouepolisie-beamptes wat skofte werk, kan tuis negatiwiteit ervaar indien hulle mans gekonformeer het met tradisionele rolle in verband met manlikheid en vroulikheid. Indien hierdie mans van hulle verwag om byvoorbeeld om te sien na die kinders, kos voor te berei en wasgoed te was, word die vrouens volgens die sosialistiese feministe benadering deur hulle mans teengestaan en sodoende verhinder om ekonomies onafhanklik te word.

3.1.2.5 Swart feminisme

Die swart feministe kritiseer ander feministiese bewegings omdat hulle swart vroue nie in ag neem nie en dat die feministiese teorieë te Westers georiënteerd is. Barkan (1997:244) verwys na die swart feminisme as die "vroue-van-kleur-feminisme" aangesien hy oortuig is dat alle vroue van kleur op die een of ander stadium diskriminasie ervaar. Vir die doeleindes van hierdie studie sal daar na hierdie feminisme as die swart feminisme verwys word.

Aangesien ander feministe op klas en geslag fokus, glo swart feministe dat swart vroue gemarginaliseer word (Bryson, 1999:34). Dit impliseer dat sommige feministegroepe wit vroue se posisie en ervaringe belangriker ag as dié van swart vroue (McKay, 1994:355). Swart feministe se sentrale aanname is derhalwe op ras gebaseer. Die konsep "swart" word spesifiek gebruik ten einde die ideologie rondom rassisme te beklemtoon en vestig ook die aandag op die swart feministe se standpunt dat dit meer problematies is om swart te wees as om 'n vrou te wees.

Swart feministe kan slegs beperkte groepkohesie met wit vroue deel ten opsigte van sekere regte soos onder andere gelyke besoldiging vir dieselfde werk en die reg om te kan kies om 'n aborsie te hê. In teenstelling met ander feminismes wat mans kritiseer dat hulle geslagsblind is, kritiseer die swart feministe ander feministe dat hulle rasblind is. In hierdie verband voer Hood (1989:190) aan dat "contemporary white women's movement failed in

many respects to identify with the problems of black women". Verder beklemtoon die swart feministe vier punte van kritiek teen die kontemporêre feministe, naamlik:

- Bestaande feministiese teorieë is deur bevoorregte wit vroue in Eerstewêreldlande ontwikkel wat oor goeie opvoedkundige kwalifikasies beskik en hoëvlak beroepe beklee. Swart feministe voer aan dat hoewel daar 'n geringe persentasie swart vroue is wat hulle in Eerstewêreldlande bevind (bv. Brittanje) die meeste in Derdewêreldlande woon. Kontemporêre feministe verwys glad nie na hierdie vroue nie.

- Wanneer kontemporêre feministe wel na swart vroue verwys, fokus hulle hoofsaaklik op gebruike soos voorafgereelde huwelike of vroulike besnydenis en nie op aspekte soos armoede, ongeletterdheid en beperkte toegang tot werkgeleenthede nie. Selfs al word daar teen swart mans gediskrimineer, geniet hulle meer voordele en het hulle meer toegang tot beroepe as swart vroue. Kontemporêre feministe impliseer dat swart Afrika-vroue passiewe slagoffers van hulle mans is. Die swart feministe weerlê egter die standpunt deur te benadruk dat swart vroue se ondergeskikte posisie in Afrika te wyte is aan kolonialisme en slawerny.

- Kontemporêre feministe word beskou as rassisties en etnosentries rakende hulle siening van die gesin. Die gesin, in die Westerse wêreld, word beskou as die hoofoorsaak vir die vrou se voortgesette onderdrukking. In teenstelling hiermee beskou die meeste swart vroue die gesin as 'n veilige hawe waar hulle nie slagoffers van rassisme is nie. Swart feministe kritiseer ook die kontemporêre feministe op grond daarvan dat hulle nie erkenning daaraan gee dat die gesin nie dieselfde betekenis vir verskillende groepe het nie. Swart vroue beskou die gesin meestal as 'n bron van oorlewing en ondersteuning en nie as 'n bron van onderdrukking nie. Mans vorm meestal deel van hierdie oorlewingsnetwerk (gesin) en word derhalwe nie as magsugtiges beskou nie. In Suid-Afrika is swart mans en vroue in die verlede deur middel van wetgewing gedwing om 'n gesinslewe te voer wat afgewyk het van wat tradisioneel as normaal aanvaar is. Gedurende die apartheidsera was 'n groot aantal mans verplig om na die stede te migreer ten einde ekonomies in hulle eie en hulle gesinne se behoeftes te kon voorsien. In die stede moes hulle goedkoop arbeid in onder andere myne te lewer, terwyl hulle vroue en kinders as gevolg van die groepsgebiedewet en passtelsel nie toegelaat was om by hulle in die stede te gaan woon nie. Die gevolg hiervan was 'n verval van die tradisionele gesinsisteem. Aangesien diskriminasie teenoor persone van kleur ook in ander lande op verskillende wyses plaasgevind het, het gesinsverbrokkeling ook in hierdie lande (bv. VSA) plaasgevind. In die lig hiervan betoog swart feministe vir die

heropbou van die gesin en glo dat die gesin gekoester en nie vernietig moet word nie (Olivier, 1992:421).

- Die swart feministe is krities teenoor die kontemporêre siening van patriargie aangesien mans as een groep beskou word. Swart feministe beskou vroue- en klasgroepe nie as een groep nie. Hulle glo inteendeel dat rassisme meebring dat swart mans nie dieselfde voorregte as wit mans in die kapitalistiese en patriargale stelsel geniet nie. Dit veroorsaak dat wit mans en vroue se verhouding teenoor mekaar verskil van die verhouding wat tussen swart mans en vroue bestaan (McKay, 1994:356-357; Rogers, 1998:289-308).

Twee belangrike aspekte is in die lig van die voorafgaande ter sprake. Eerstens is swart vroue en mans as een groep verenig teen rassisme en tweedens word swart vroue aan drievoudige onderdrukking blootgestel, naamlik klas, ras en geslag. Blanke vroue en mans word beskou as 'n groep wat die onderdrukking van swart vroue en mans aanstig. Hierdie onderdrukking dra by tot groepkohesie tussen swartes. McKay (1994:358) wys egter daarop dat die siening van samehorigheid nie deur alle swart vroue gedeel word nie en dat hulle wel glo dat swart mans chauvinisties is. Ofskoon daar 'n eenheidsgevoel by swart mans en vroue ten opsigte van ras bestaan, ervaar 'n groot aantal swart vroue wel diskriminasie op grond van hulle geslag. In die verband postuleer Hood (1989:195) dat "racism and sexism (both of which include class distinctions) are the intertwining of oppressive structures operating under this paternalistic patriarchalism".

Sommige swart feministe benadruk dat die bestaan van patriargie in die swart kultuur nie duidelik begrens is nie en net so moeilik peilbaar is soos rassisme en klassisme. Die meeste swart vroue ervaar al drie vorme van onderdrukking gelyktydig derhalwe is dit moeilik om vas te stel watter vorm van onderdrukking die ergste is. Hierdie feministe is van mening dat indien hierdie drie vorme van onderdrukking gelyktydig uitgewis kan word die hele mensdom geëmansipeer sal word. Dit impliseer dat alle mense op aarde gelyke behandeling sal ontvang. Hulle postuleer dan ook dat swart vroue se bevryding slegs kan plaasvind as alle vorme en sisteme van onderdrukking tot niet gemaak word. Dit is dus belangrik dat bestaande teorieë nie net uitgebrei word deur ras as onderwerp by te voeg nie, maar dat 'n totale omwenteling moet plaasvind waar swart vroue se posisie in die samelewing opgehef moet word om gelykheid vir almal te verseker (McKay, 1994:358-359; Rogers, 1998:289-308).

Swart vrouepolisiebeamptes kan in die lig van die swart feministe se siening drievoudige onderdrukking in 'n tradisioneel manlike instansie ervaar. Volgens Martin en Jurik (1996:71) word swart vroue nie op dieselfde wyse as blanke vroue deur blanke manlike polisie-beamptes behandel nie. Blanke mans is geneig om blanke vroue, veral diegene wat meer aantreklik is, voor te trek en nie gevaarlike dienste te laat doen nie. Swart vroue "are less frequently put on a pedestal or treated as 'ladies' or little sisters to be protected by white men". In die opsig word teen hulle, op grond van kleur, gediskrimineer. Swart mans hierteenoor is minder vyandig teenoor alle vroue in die polisiediens. Die geneigdheid bestaan ook dat polisiebeamptes vroulike lede van dieselfde ras verkies om mee saam te werk (bv. patrolliewerk) en hulle "beskerm" ook vroulike rasgenote meer geredelik as vrouebeamptes van ander rasse. Dit is ook vir sowel swart as wit vrouepolisiebeamptes van belang dat hulle deur hulle manlike kollegas wat dieselfde ras is, aanvaar word. Dit is selfs belangriker as aanvaarding deur vrouekollegas aangesien interaksie en aanvaarding deur mans op 'n sosiale en beroepsvlak belangrik vir die vrou se identiteit en selfbeeld is (Martin & Jurik 1996:100). Die swart polisievrou kan dus op grond van haar geslag (bloot omdat sy 'n vrou is) diskriminasie ervaar asook as gevolg van haar ras (swart) en sosiale klas (meestal laer-middelklas).

3.1.2.6 Postmodernistiese feminisme

Die voorafgaande uitgangspunte staan bekend as die feminisme van die 1970's of tradisionele feminisme. Postmodernistiese feminisme wat beslag uit hierdie benadering gekry het, word as een van die belangrikste multidissiplinêre benaderings deur hedendaagse teoretici beskou. Die verskil tussen tradisionele feministiese benaderings en die post-modernistiese feminisme is dat laasgenoemde benadering nie voorskrywend of beskrywend is nie. Hierdie variasie van die feminisme poog dus nie om 'n bepaalde oorsaak te identifiseer vir vroue se onderdrukking nie. Inteendeel, postmoderne feministe is van mening dat daar nie 'n enkele geldende verklaring vir vroue se onderdrukking bestaan nie.

Die swart feminisme se standpunt rondom drieledige onderdrukking asook die feit dat vroue toenemend pleit dat mense as individue en nie as mans of vroue behandel moet word nie, het daartoe bygedra dat tradisionele feministe 'n veranderde benadering ten opsigte van vroue se posisie begin propageer het. Tradisionele feministe het te gekompartementaliseerd te werk gegaan en nie die onderliggende interafhanklikheid van die verskillende benaderings voldoende erken nie. 'n Belangrike faktor wat hier ter sprake is, is dat al die feminismes poog om verklarings te bied vir die oorsake vir die onderdrukking van vroue.

Die postmodernistiese feminisme verwerp breë veralgemenings soos byvoorbeeld die Marxisme asook algemene wetenskaplike kennis ten gunste van 'n epistemologie wat op 'n meer verligte sienswyse gefundeer is. Wetenskaplikes moet derhalwe poog om ander metodes te benut as dié wat tradisioneel gebruik is om wetenskaplik verantwoordbare kennis in te win en hulle visie te verbreed (McKay, 1994:359-360). Postmoderniste poog dus om die interafhanklikheid van verskillende verklarings te begryp.

Eerstens poog hulle om die wyse waarop mense se sosiale identiteit met tydsverloop gevorm en verander word, te verstaan. Hulle beskou 'n mens se sosiale identiteit as 'n komplekse netwerk wat saamgestel word uit talle verklarings en gebruike (vgl. afd. 3.2). Die postmoderniste poog gevolglik om die mens (mans en vroue) se sosiale identiteit in totaliteit te verstaan. Alle sosiokulturele kompleksiteite word in ag geneem sodat daar nie slegs enkelvoudige verklarings vir mense se sosiale en geslagsidentiteit aangebied word nie. Sowel vroue as mans besit dus sekere essensiële of kerneienskappe wat eie aan hulle geslag is. Aangesien mense in verskillende situasies funksioneer, varieer die sosiale identiteit in elke situasie. 'n Vrou se vroulikheid sal dus sterker in 'n bepaalde situasie na vore kom, terwyl dit in ander situasies nie ter sprake sal wees nie. In teenstelling met die tradisionele feministe voer die postmoderniste aan dat die vestiging van 'n mens se sosiale identiteit nie 'n eenmalige proses is nie. 'n Vrou se sosiale identiteit verander dus na gelang van die konteks waarin sy is, die instansie waarvoor sy werk en groepe waaraan sy behoort.

Tweedens fokus die postmoderniste op sosiale groepvorming en -disintegrasie. Daar word veral klem gelê op situasies waar individue as gevolg van ongelyke behandeling kollektiewe identiteite ontwikkel. Die produk van hierdie kollektiewe identiteitsvorming is groepe wat poog om die ongelykheid uit die weg te ruim. Volgens Fraser (1991:100) impliseer groepvorming 'n verandering in mense se sosiale identiteite asook hulle sienings van mekaar. Vroue wat byvoorbeeld by groepe aansluit wat ten doel het om die vrou se posisie te verbeter, se standpunte rondom die rol van 'n vrou kan dramaties verskil van groepe wat nie die doelwit nastreef nie. Die vrou se sosiale realiteit hou dus toenemend verband met die groep se sienings.

Derdens fokus die postmoderniste op die wyse waarop dominante groepe hulle kulturele magsposisie verkry en in stand hou. Gemeenskappe bestaan uit verskillende segmente en groepe met uiteenlopende standpunte. Hierdie groepe beklee nie dieselfde outoriteits- en magsposisies nie en is gewoonlik in konflik met mekaar as gevolg van die standpunte wat hulle handhaaf. Vroue-aktiviste verteenwoordig dus 'n segment in die samelewing wat bemoeid is met die emansipasie van die vrou. Dominante diskoerse of standpunte oor die

vrou word deur hierdie segment van die samelewing bevraagteken. Dit word opgevolg deur onderhandeling wat daarop gerig is om die vrou se posisie te verbeter. Volgens die postmodernistiese feministe moet die Foucaultiese benadering in gedagte gehou word wanneer hierdie onderhandelinge onderneem word. Michel Foucault, bekend vir sy poststrukturalistiese en postmodernistiese denke, beklemtoon dat mense hulle nie op universele konsepte moet beroep wanneer hulle dominante groepe of diskoerse opponeer nie. Volgens Foucaultici moet feministe meer kontekstueel en gesentraliseerd wees in hulle aktivistiese pogings aangesien mag ook op die mikrovlak van die gemeenskap misbruik word. In die verband meld Bryson (1999:99-100) dat "power is exercised and experienced at the 'micro-levels' of society, and that it is here, rather than at the level of the central state, that power may be resisted by marginalised and subjugated groups". Teenkanting van spesifieke en plaaslike meganismes wat vroue onderdruk, moet dus die fokuspunt wees in plaas van argumente wat die universele dominansie van mans bevraagteken. Indien hierdie strategie gevolg word, staan vroue 'n beter kans om bevry te word. Die rede waarom daar nie op die universele gekonsentreer moet word nie, is dat "vroulikheid" 'n sosiale konstruk is wat verskillend deur verskillende groepe geïnterpreteer word, met ander woorde, kulture heg verskillende betekenisse en waardes aan vroulikheid.

Die Foucaultiese perspektief postuleer dat mag in alle instansies in die samelewing aanwesig is derhalwe moet dit op alle vlakke en in alle instansies geopponeer word. Die onderdrukking van vroue sal nie geëlimineer word deur aan hulle byvoorbeeld gelyke regte, dieselfde salarisse as mans en stemreg toe te ken, terwyl dominansie op ander vlakke bly voortbestaan nie. In hierdie verband meld Foucault (aangehaal in McKay, 1994:363) dat "we must oppose those knowledge and power discourses that subordinate women everywhere throughout society".

In die lig van die voorafgaande blyk dit dat die totale wêreldgemeenskap alle fasette wat met vroulikheid te make het, sal moet hersien. Aspekte soos onder andere sosialiseringspatrone, die funksionering van gemeenskapsinstansies, sienings rondom geslagsrolle, identiteits-vorming, groepvorming, rassisme, opvoedkundige kwalifikasie, sosiale klas en geslag moet aandag te geniet. Dit behoort daartoe by te dra dat alle mense gelyke behandeling sal ontvang. Tradisionele sienings en instansies wat vroue as ongeskik vir sekere rolle in die samelewing beskou en as die swakker geslag identifiseer, sal opposisie van vroue ervaar aangesien hulle kollektief sal optree. Ten einde dit te voorkom, sal alle magsbasisse en sienings jeens vroue as 'n ondergeskikte groep volgens die Foucaultiese benadering geneutraliseer moet word.

3.1.3 Evaluering van die feministiese teorieë

Volgens Williams en McShane (1999:259) veroorsaak die verskillende feministiese uitgangspunte verwarring onder wetenskaplikes aangesien die indruk geskep word dat die verskillende tipes feministe slegs hulle eie sienings ondersteun. In plaas daarvan om saam te staan en 'n beter front vir onderhandelinge en verandering daar te stel, laat hulle na om dit te doen. 'n Navorser wat hierdie teorieë wil gebruik, word gekonfronteer met rigiede sienings wat beperkend kan wees waar 'n globale siening van die vrou se posisie die fokuspunt is.

Die indruk word ook geskep dat daar slegs op middel- en hoërklas blanke vroue se regte gefokus word. Vroue in Derdewêreldlande, veral swart vroue, is vir die grootste gedeelte van die twintigste eeu nie werklik in ag geneem deur die feminisme nie (Bryson, 1999:3, 32; McKay, 1994:356; vgl. ook die kritiek wat die swart feminisme in die verband opper in afd. 3.1.6).

Sowel die Marxistiese as liberale feministe word as oorambisieuse teoretici beskou aangesien hulle die onderdrukking van vroue probeer universaliseer. Dit beteken dat hulle veralgemeen dat alle vroue ontevrede is met hulle sosiale posisie en dat alle vroue graag verlos wil word van die onderdrukking waaraan die patriargale stelsel hulle blootstel. Vroue wat wel tevrede en gelukkig is met hulle rol of posisie in die samelewing (bv. tuisteskepper en kinderopvoeder), word geïgnoreer. Sommige vroue is ook tevrede met ridderlike en paternalistiese optrede deur mans aangesien hulle dit as 'n voordeel beskou en nie soseer as onderdrukking ervaar nie (McKay, 1994:360).

Sommige feministiese benaderings, byvoorbeeld die radikale feminisme, se uitgangspunte is so ekstreem dat dit nie inpas by die sosiale versoeningsideologie nie. Die radikale separatiste voer byvoorbeeld aan dat mans nie nodig is op aarde nie of dat vroue totaal onafhanklik van mans kan funksioneer. Hierdie tipe aannames het daartoe bygedra dat die feminisme teenkanting vanuit sowel manlike as vroulike geledere ontvang het (McKay, 1994:348). Die afleiding wat uit die radikale separatiste en vroulike magsugtiges se aannames gemaak kan word, is dat slegs lesbiërs ware feministe kan wees, aangesien slegs dié vroue ten volle onafhanklik van mans kan funksioneer. Die implikasie hiervan is dat alle heteroseksuele aktiwiteite manlike dominansie onderlê en versterk. Bunch (1984:145) meld in die verband dat radikale aannames soos dié, vrouebevryding rigtingloos maak. 'n Lesbiese seksuele oriëntasie as teenvoeter vir manlike dominansie sal nie die posisie van die vrou verbeter nie. Aangesien die meeste vroue heteroseksueel is, kan 'n verenigde front

wat op 'n lesbiese oriëntasie gefundeer is, nie die politieke mag bekom en sosiale aanvaarbare strategieë aanwend wat noodsaaklik is om die bevryding van die vrou te bewerkstellig nie. 'n Radikale voorstel deur die Marxistiese feministe, naamlik dat die vernietiging van die kapitalistiese stelsel die patriargale stelsel sal neutraliseer, is ook ongegrond. Indien die kapitalistiese stelsel vernietig word, beteken dit nie noodwendig dat die patriargie vernietig word of sal verdwyn nie.

Die feminisme gebruik soms standpunte wat op onwetenskaplike emosioneel-gefundeerde aannames berus (Levin, 1987:38; McKay, 1994:360). Aangesien hierdie aannames nie wetenskaplik getoets kan word nie, word die indruk geskep dat die feminisme bloot op algemene kennis gefundeer is. Williams en McShane (1999:3) wat nie met die siening akkoord gaan nie, meen dat die feminsme wel aan die kriteria wat vir 'n bruikbare teorie gestel word, voldoen. In die verband wys hulle daarop dat 'n teorie getoets en deur navorsing gesteun moet kan word. Vereistes wat onder andere hier geld, is dat die probleem logies beskryf moet word, dat konflikterende standpunte logies saamgevat of geïnterpreteer kan word en dat die teorie mense sensiteer ten opsigte van aspekte wat hulle nie voorheen in ag geneem het nie.

Hoewel die onderskeie feminismes verskillende aspekte van vroue se onderdrukking aanspreek, slaag hulle daarin om die probleem wat ter sprake is logies te beskryf deur onder andere patriargie, die kapitalisme en die diskriminasie waaraan vroue blootgesstel word te benadruk. Die postmodernistiese feminisme slaag daarin om die konflikterende standpunte van die onderskeie feminismes logies saam te vat en aanbevelings te maak oor hoe 'n integrasie kan plaasvind om navorsing te rig. Die laaste vereiste wat hierbo gestel word, naamlik sensitering, is waarskynlik dié vereiste waaraan die beste voldoen word. Ter stawing hiervan kan gemeld word dat die vrouebevrydingsbeweging en die feminisme in 'n groot mate verantwoordelik is vir die verbeterde posisie van vroue in die samelewing. Die feminisme het mans gesensiteer om hulle dominante posisie in heroënskou te neem. Verder het die feminisme daartoe bygedra dat daar wêreldwyd op vroueregte gekonsentreer word. Die impak en verandering wat hierdie sensiteringspoging meegebring het, word selfs die "genderquake" genoem. Die rede hiervoor is dat mans se persepsie en hantering van vroue vir goed verander het, soos byvoorbeeld blyk uit die toelating van vroue tot die polisie wat voorheen 'n eksklusiewe manlike beroep was (Bryson, 1999:2).

Hoewel die feminisme 'n aantal leemtes het, kan die vrou se verbeterde posisie aan die feminisme toegeskryf word. Aangesien die vrou, sedert mans in beheer van die sosiale orde staan op alle vlakke van die samelewing diskriminasie ervaar, was dit van belang dat iets

drasties aan hierdie situasie gedoen moes word. Indien die feminisme nie die lig gesien het nie, sou vroue steeds as 'n onderdrukte groep gefunksioneer het (Bryson, 1999:3).

Die feminisme het daartoe bygedra dat die vrou in 'n groot mate vir haar eie lot verantwoordelik is. Volgens postmodernistiese feminisme kan vroue deur samewerking en sosiaal aanvaarbare strategieë hulle posisie selfs verder verbeter. Verskeie veranderinge soos onder andere aspekte rondom stemreg, mediese dienste, opvoeding, werks-omstandighede, gelyke regte, gelyke diensvoorwaardes en beroepsgeleenthede kan in 'n groot mate aan die feminisme toegeskryf word (Bryson, 1999:3; McKay, 1994;364).

3.2 SOSIALE IDENTITEITSTEORIE

3.2.1 Inleiding

Henri Tajfel poog met die sosiale identiteitsteorie (SIT) om aan te toon hoe mense sosiale vergelyking gebruik om hul omgewing vir hulleself meer aanvaarbaar en verstaanbaar te maak. Kategorisering is een van die strategieë wat veral gebruik word om hulle leefwêreld te kan verstaan en te hanteer. Sodra kategorisering plaasvind, naamlik die proses waardeur mense, groepe, gebeure en voorwerpe met verloop van tyd in kategorieë geplaas word, is diskriminasie onvermydelik. Hierdie proses van kategorisering veroorsaak dat mense die groepe waaraan hulle behoort met ander groepe vergelyk. Dit dra daartoe by dat sekere groepe as in-groepe en ander as uit-groepe geëtiketteer word. 'n Voortdurende evaluerings-proses oftewel beoordeling van groepe en groeplede (in- en uit-groepe) vind elke dag in alle individue se lewens plaas (Tajfel, 1981:132-134). Besluite of oordele (stereotipes en vooroordele) wat deur middel van kategorisering plaasvind, is selfversterkend vir 'n persoon. Dit impliseer dat wanneer negatiewe oordele teenoor 'n uit-groep gefel word binne 'n sosiale konteks waar dié oordele deur die persoon se eie groepslede ondersteun word, dit selfversterkend sal wees.

Selfversterkend beteken ook in hierdie konteks dat die persoon wat die oordeel fel poog om die groep, waaraan hy of sy behoort, se sosiale identiteit positief te verdedig en te versterk. 'n Positiewe sosiale identiteit is van belang aangesien dit aan 'n persoon 'n gevoel van selfversekering (positiewe selfbeeld en selfwaarde) gee. Verder bied dit aan die persoon 'n gevoel van "behoort" aan die sosiale wêreld. Pennington (1986:95) meld in hierdie verband dat oordele oor of vergelyking van groepe op grond van faktore soos status, geslag en sosiale

waarde aanleiding gee tot sosiale mededinging. Die vorm van mededinging tussen groepe is belangrik aangesien dit die volgende fundamentele behoeftes van mense kan bevredig:

- Die meeste mense het 'n behoefte daaraan om lid te wees van 'n groep wat hoë status en aansien geniet.

- Die meeste mense poog om die groep waaraan hulle behoort (in-groep) hoër te ag as 'n ander groep (uit-groep) en as sodanig te definieer.

Hierdie behoefte of geneigdheid van mense kan net bevredig word deur middel van kategorisering, stereotipering, vooroordeel en negatiewe waarde-oordele en vind slegs plaas wanneer twee groepe met mekaar meeding. Dit is belangrik om daarop te let dat die SIT poog om 'n verklaring te bied vir groepe se mededinging op 'n sosiale vlak en nie noodwendig as realistiese mededinging gesien moet word nie.

Realistiese mededinging het te make met die kompetisie tussen twee groepe om spesifieke goedere of eindresultate te bereik ten koste van die ander groep. In die geval van sosiale kompetisie is daar nie werklike tasbare eindprodukte ter sprake nie of is dit nie lewensnoodsaaklik dat die kompetisie moet plaasvind nie. Sosiale kompetisie het bloot ten doel om aan mense 'n positiewe selfbeeld te verskaf wat verkry word wanneer die groep waaraan hulle behoort 'n positiewe sosiale identiteit het. Tajfel se teorie het dus te make met die vergelyking wat mense tref tussen hulle groeplidmaatskap met die groeplidmaatskap wat ander persone het (Doise, 1986:102). Volgens Allen en Santrock (1993:511) is dit of mense as't ware sonder enige aarseling aan die groep waaraan hulle toegedeel is of behoort dink as "hulle" in-groep. Dit gebeur omdat mense dadelik 'n positiewe selfbeeld en identiteit wil hê as hulle by 'n groep betrokke raak. Hierdie proses van vergelyking en die strewe na 'n positiewe sosiale identiteit sal vervolgens met behulp van die SIT verduidelik word.

3.2.2 Kernkomponente van die SIT

Die kernkomponente van die SIT sal nou uiteengesit word, waarna die toepaslikheid daarvan op die onderhawige studie aangetoon word.

- **Persoonlike en sosiale identiteit**

Die SIT tref 'n onderskeid tussen persoonlike en sosiale identiteit. Hierdie onderskeid is nodig ten einde persoonlike eienskappe of interpersoonlike verhoudings asook groep- en intragroepprosesse te verklaar ten opsigte van die invloed wat dit op die mens se gedrag uitoefen (Tajfel, 1981:255). In die verband meld Hogg (1996:556) dat die meeste sosiale sielkundeteorieë wat groepprosesse en intergroepverhoudings verklaar, nie duidelike verklarings vir hierdie prosesse bied nie. Die gevaar wat hierin geleë is, is dat persoonlikheidsafwykings en interpersoonlike verhoudings bloot gekombineer kan word om 'n verskynsel te verklaar. Voorbeelde hiervan is die frustrasie-aggressie hipotese waar aggressie as 'n uitvloeisel van frustrasie beskryf word. Bepaalde individuele en groepprosesse by die vertoon van sosiale gedrag word dus nie in ag geneem nie.

Aangesien hierdie prosesse vir die mens moeilik is om te verstaan, ondersteun die SIT redusering (vereenvoudiging van kompleksiteite) en voer aan dat daar tussen persoonlike en sosiale identiteit onderskei moet word wanneer die gedrag van mense en groepe verklaar word. Die onderskeid is daarin geleë dat 'n identiteitsgevoel en persoonlike identiteit te make het met 'n gevoel van 'n persoon dat hy of sy, ten spyte van tydsverloop en veranderings wat daarmee gepaard gaan, dieselfde persoon bly, terwyl sosiale identiteit die gevoel van 'n persoon behels dat hy of sy tot 'n groep mense, byvoorbeeld 'n geslagsgroep, behoort. Dit sluit verder in dat die persoon met betrekking tot die belangrikste fasette soos ander groeplede is en dat hy hom of sy haar met hulle vereenselwig. 'n Sosiale identiteit word dus ontwikkel uit 'n persoon se groeplidmaatskap en het die funksie om segregasie tussen groepe te bewerkstellig (Babad, Birnbaum & Benne, 1983:224). Aangesien 'n gedeelte van die mens se persoonlike identiteit omskryf word in terme van groeplidmaatskap of groepaffiliasie, kan die afleiding gemaak word dat die groep waaraan 'n mens behoort (in-groep) positief in plaas van negatief beskou sal word (Brown, 1996:547). Die meeste mense verkies dit om eerder 'n positiewe selfkonsep (siening van die self) in plaas van 'n negatiewe een te hê (Tajfel, 1981:256-259).

Volgens Brown (1986:560-561) hou 'n positiewe sosiale identiteit verband met lidmaatskap van dominante groepe (o.a. familiale, rasse- en geslagsgroepe). Dié groepe word in vergelyking met kontrasterende of uit-groepe as gunstig beskou deur die individu of die in-groep asook deur die meerderheid van die samelewing. Tajfel (1981:256-259) is van mening dat mense oor die algemeen 'n behoefte daaraan het om hulleself positief te evalueer of in 'n positiewe lig gesien te word. Die behoefte kan slegs bevredig word indien die persoon aan 'n

groep/kategorie behoort wat deur die individu in 'n positiewe lig beskou word. Dit is dus vir die persoon van belang dat sy of haar groep 'n positiewe sosiale identiteit moet hê aangesien dit weer aan die persoon 'n positiewe persoonlike identiteit bied (Aronson, 1995:144).

Die SIT wys daarop dat die groep se sosiale identiteit 'n vormende invloed op die selfkonsep van die individu het. In die verband meld Hewstone et al. (1982:243) dat "social identity is taken as the individual's self-definition in terms of these category memberships and it has been shown that, when individuals act in terms of their group- or category-memberships, they may seek out a positive social identity". Net soos individue se sosiale identiteite gevorm word na aanleiding van die aard van hulle groeplidmaatskappe en die sosiale stand van die betrokke groepe, so kry 'n persoonlike identiteit ook gestalte. Die persoonlike identiteit wat deel uitmaak van die selfkonsep, word hoofsaaklik gevorm deur die individu se persoonlikheid en betekenisvolle persoonlike verhoudings wat met ander aangeknoop word. Dit impliseer dat mense verskillende sosiale en persoonlike identiteite kan hê na gelang van die verskillende groepe waarmee hulle in aanraking kom en persoonlike verhoudinge waarby hulle betrokke is (Brown, 1986:552).

Hierdie identiteite wissel voortdurend na gelang van die belang wat kontak en/of die verhouding vir die persoon het. Die aard van die verhouding of verwantskap het 'n invloed op die selfkonsep. Verder het dit in 'n groot mate te make met 'n persoon se persepsie van hom- of haarself en die gedrag wat vertoon sal word. Indien 'n polisiebeampte 'n persoonlike saak met 'n goeie vriend bespreek oor 'n eggenoot sal hierdie persone se persoonlike identiteite ter sprake wees. 'n Mens sal jouself in hierdie situasie in terme van jou persoonlike identiteit uitdruk. Sodra twee vriende wat verskillende rugbyspanne ondersteun oor die moontlike eindtelling van 'n wedstryd wat gespeel gaan word gesels, sal hulle sosiale identiteite ter sprake kom. Elke persoon sal hom of haar onmiddellik identifiseer met die rugbyspan wat hy of sy ondersteun en gedrag vertoon ooreenkomstig hoe ander ondersteuners van die onderskeie spanne optree. Hier is dus 'n sosiale en persoonlike identiteit wat bedreig word ter sprake. Hierdie geneigdheid om 'n span waarmee geaffilieer word te ondersteun, kom voor omdat ander spanne as gevolg van onder andere beïnvloeding en assosiasie reeds as minder goeie spanne gekategoriseer is. Hierdie kategorisering vind onvermydelik plaas aangesien persone wat nie kategoriseer nie, nie hulle sosiale wêreld vereenvoudig nie en derhalwe 'n swak sosiale identiteit kan ontwikkel. Ten einde selfwaarde en 'n goeie selfbeeld te hê, moet 'n mens aan sosiale groepe behoort wat dit moontlik maak om oor sowel 'n positiewe persoonlike identiteit as 'n positiewe sosiale identiteit te beskik.

- **Kategorisering en aksentuering**

Kategorisering is 'n belangrike element in die SIT aangesien sosiale identiteit geassosiseer word met groepgedrag en hoe individue hulleself in terme van hulle groep kategoriseer en hoe ander geklassifiseer word. Klassifisering of kategorisering gee meestal aanleiding tot diskriminasie teenoor ander groepe aangesien pogings voortdurend aangewend word om eie groepgedrag as superieur te beklemtoon. Groepgedrag hou verband met etnosentrisme (opheffing van eie groep en vooroordeel op individuele vlak), in-groepbevoordeling, inter-groepdifferensiasie, konformering met in-groepnorme, in-groepaantrekking asook 'n bepaalde persepsie van die self, medegroeplede en uit-groeplede aan die hand van sekere groepstereotipes (Pennington, 1986:95). Sosiale identifikasie oftewel vereenvoudiging dra ook by tot hierdie proses van sosiale kategorisering. Sosiale kategorisering aksentueer dus die waargenome uniekheid van sosiale groepe en die meegaande stereotipes wat bestaan. Mense is geneig om slegs die negatiewe attribute en gedrag van 'n uit-groep te onthou. Aspekte soos etnosentrisme bevooroordeel dus individue se geheue sodat slegs negatiewe eienskappe geaksentueer word in 'n situasie waar groepvergelyking of -mededinging ter sprake is (Brown, 1986:544; Hewstone et al., 1982:250-251).

Die kategoriseringsproses gee derhalwe aanleiding tot stereotipering. Aksentuering van verskynsels is dus 'n onvermydelike gevolg van kategorisering. Kategorisering word weer as 'n basiese menslike kognitiewe proses beskou. Hierdie proses vervul 'n belangrike doel aangesien dit die voortdurende blootstelling aan stimuli vir die mens hanteerbaar maak. Anders gestel, die groot hoeveelheid stimuli waaraan mense blootgestel word, word vereenvoudig deur middel van hierdie proses. Die kategoriseringsproses kan die self as 'n sosiale stimulus insluit. Mense oordeel groepe as "in"- of "uit"-groepe op grond van hulle identifikasie met 'n sekere groep en die mate waarin die groep 'n positiewe effek op die "self" het. Die groep waaraan 'n persoon behoort se identiteit word deur die persoon op hom of haar van toepassing gemaak.

Verder veroorsaak kategorisering kompeterende of konflikterende groeporiëntasie (in-groepdiskriminasie teenoor 'n uit-groep) (Bezuidenhout, 1994:72). Aansluitend hierby postuleer Tajfel (1981:256) dat hierdie wyse van selfkategorisering, stereotipering laat plaasvind deur ooreenkomste tussen die self en medegroeplede en verskille van uit-groeplede te aksentueer. Die stereotipe verwysingsraamwerk wat as gevolg hiervan beslag kry, kan op die persoon se houding, gedrag of emosies 'n effek hê.

Deur kategorisering word die kompleksiteite wat in die samelewing bestaan vereenvoudig en georden. Verder help dit om vae verskille tussen groepe, mense of elemente uit te lig. Die gebruik van kategorisering en stereotipes vereenvoudig dus die komplekse sosiale wêreld en al word die teendeel bewys van wat geglo word, is die mens geneig om steeds die vereenvoudigde siening in stand te hou (Sabini, 1995:110).

Die vereenvoudiging van sowel sosiale as nie-sosiale stimuli word gebruik wanneer individue kategoriseer. As gevolg hiervan is mense geneig om ooreenstemmings en verskille in stimuli te aksentueer en te kategoriseer of saam te voeg (bv. mense word as mense gekategoriseer in die wye konteks, terwyl blanke Afrikaanssprekende manlike polisiebeamptes as 'n meer spesifieke groep gekategoriseer sal word in die eng konteks). Verskille tussen groepe word gekategoriseer en geaksentueer om duidelikheid in die sosiale wêreld te bewerkstellig. Die gebruik in sekere kulture waar die vrou moet terugstaan vir die man by 'n ingang kan as swak maniere gekategoriseer word deur diegene wie se kultuur vereis dat 'n man vir 'n vrou moet terugstaan. Hierdie proses waardeur sekere kenmerke geaksentueer word, beïnvloed mense se houding, gedrag en emosies en word direk aan kategorisering gekoppel oftewel die stereotipering van verskynsels (bv. Amerikaners is luidrugtig of Afrikaners is rassiste).

Die kategoriseringsproses affekteer dus selfverheffing/-aksentuering oftewel die drif om jou selfbeeld te verbeter. Mense het die behoefte om deur middel van vergelyking met ander hulle houdings, gedrag en hulself te evalueer. Selfverheffing word nagestreef deurdat mense voortdurend pogings aanwend om 'n positiewe selfbeeld te verkry of te onderhou. In die geval van intergroepfunksionering waar die sosiale identiteit hoofsaaklik as die basis van selfevaluering dien, manifesteer die behoefte om 'n positiewe selfbeeld te verkry deur handelinge uit te voer wat 'n relatief positiewe sosiale identiteit vir die groep sal verseker. In die lig hiervan kan gekonstateer word dat die aksentuering van intergroepverskille, wat veroorsaak word deur sosiale kategorisering, twee verdere kenmerke het. Eerstens vind dit slegs plaas op vlakke of dimensies waar die in-groep bevoordeel word oftewel etnosentriese in-groepbevoordeling. In die tweede plek word dit beklemtoon in situasies waar daar 'n behoefte bestaan om duidelik te differensieer tussen groepe. Dit vind veral plaas in omstandighede waar die groepe se grense begin vervaag tydens konflik of wanneer groeplede 'n swak selfbeeld ontwikkel. Dit kan ook voorkom by lede van die uit-groep wat die in-groep ondersteun en as van deurslaggewende belang beskou. 'n Klassieke studie wat in 1947 deur Clark en Clark (in Brown, 1986:558; Tajfel, 1981:197) onderneem is om hierdie paradoks te illustreer, toon dat kinders wat as lede van onderdrukte groepe gebore is en binne hierdie groepe grootgeword het, geneig is om betekenisvol minder voorkeur vir hulle eie groep (wat in die geval die uit-groep is) te toon. Hulle toon selfs 'n voorkeur vir die in-

groep of dominante groep. Verbetering van hierdie kinders se sosiale posisie dra mettertyd daartoe by dat hulle hul eie groepe toenemend begin ondersteun. Die voorbeeld wat eie groeplede stel, hulle invloed, wetgewing, verbeterde sosiale beregtiging asook kultuur-elemente wat oor tyd geassimileer word, dra dus daartoe by dat individue meer met hulle eie kultuur of etniese groep affilieer.

- **Assimilasie**

Tajfel (1981:331) postuleer dat assimilasie van belang is by kategorisering aangesien dit te make het met inhoudelike kategorisering. Op grond van die mens se sosiale identiteite word daar oor lang tydperke inhoud vir bepaalde kategorie geassimileer of versamel. Dit kan selfs inligting wees wat van generasie tot generasie oorgedra word. Twee aspekte is hier van belang, naamlik

- die aanleer van voorkeure (kernelemente waarmee die individu gemaklik is)

- die identifikasie met sekere kerngroepe (bv. mans of vroue) asook die assimilering van fundamentele gebruike en oortuigings (mans is superieur en die broodwinners) moet vroeg in 'n persoon se lewe geskied (Tajfel, 1981:134).

Indien die bogenoemde vroegtydig geskied, sal kinders hulle eie selfbevestigende waarhede en waarde-oordele ten opsigte van groepe internaliseer. Dit wat geïnternaliseer is, word mettertyd deel van die persoon se morele oordeel en gevolglik sal dit op ander groepe toegepas word om innerlike vrede te kan ervaar (Rosenzweig & Porter, 1982:15). Indien sekere groepe 'n dominante posisie in die samelewing beklee of as belangriker geaksentueer word, ontwikkel 'n sisteem van voorkeure wat die totale ondergeskikte groep benadeel. Dit affekteer die ontwikkeling van die uit-groep se sosiale identiteit en die beoordeling van die self. Tajfel (1981:243) benadruk in die verband dat lede van hierdie groep lewenslank sensitief bly oor hulle groeplidmaatskap. Seuntjies is in die verlede meestal as belangriker geag as dogtertjies. Argumente soos seuns word die erfgename, dra die familienaam en is die broodwinners is meestal gebruik om die belangrikheid van die manlike kategorie te aksentueer. Die dominante posisie wat mans steeds in die samelewing beklee, ondersteun dat toewysing aan die manlike groep positief bejeën word, terwyl toewysing aan die vroulike groep ondergeskiktheid impliseer.

Volgens die SIT kan verwag word dat vroue hulself as ondergeskik en onbekwaam teenoor mans sal beskou as gevolg van hulle sosiale identiteit. Die feit dat vroue as 'n groep dieselfde gevoel oor hulle posisie ervaar, kan lei tot 'n soeke na koherensie oftewel 'n samehorigheidsgevoel tussen groeplede.

- **Groepkoherensie**

Sterk koherensie kan slegs gevorm word indien die groep 'n positiewe effek op die sosiale identiteit het. Ten einde so 'n sosiale identiteit te vorm, is dit nodig dat die assimilasie van waardes en norme in 'n groot mate die inhoud moet bepaal van die groep se houding teenoor die dominante groep, teenoor wie hulle 'n minderwaardige rol speel. Dit sal in 'n groot mate deurslaggewend wees ten opsigte van hoe persone sal reageer as hulle met situasies gekonfronteer word wat te wyte is aan die dominante groep se optrede. Koherensie kan 'n persoon dus toerus om 'n situasie beter te hanteer en selfs daarby aan te pas solank as dit nie die persoon se selfbeeld of integriteit aantas nie (Brown, 1995:548; Horowitz & Bordens, 1995:194; Tajfel, 1981:258).

Die meeste mans is tevrede met die feit dat hulle mans is en ondersteun bestaande sienings oor die kenmerke wat met manlikheid geassosieer word. Vroue aanvaar weer hulle vrouwees, maar nie noodwendig die kenmerke wat aan vroulikheid toegedig word nie. 'n Mens kry dus bevrediging om met jou geslagsgroep te identifiseer, maar nie noodwendig met die rolle wat voorgeskryf word nie. Tajfel (1981:140) maak gebruik van die voorbeeld dat die meeste swart mense met mekaar identifiseer op grond van velkleur, maar dat swart groepe in so 'n mate verskil dat daar nie sprake van 'n enkele sosiale identiteit onder hulle kan bestaan nie. Aspekte wat tot laasgenoemde aanleiding gee, is onder andere kultuur, politieke oortuiging, etnisiteit, geslag en vooropgestelde idees wat oor ander groepe bestaan (bv. die Ndebele is kunstig of die Zoeloes is strydlustig). Derhalwe bestaan daar verskillende sosiale identiteite onder swartes en vind daar selfs sosiale mededinging tussen verskillende swart groepe plaas. Dieselfde sou in die geval van vroue kon geld. Hoewel vroue met mekaar kan identifiseer op grond van geslag, veroorsaak verskillende faktore dat die vorming van 'n enkele sosiale identiteit nie moontlik is nie.

Sodra groepe konflik ervaar, ontwikkel daar inherente kenmerke ten einde koherensie te verseker en om integriteit te behou. Die individu se selfbeeld moet verbeter of verswak na gelang van die groepidentiteit en -solidariteit. 'n Grondstelling van die SIT is dat die mens voortdurend daarna streef om 'n positiewe selfbeeld te hê en te behou. Om hierdie rede

poog 'n individu om sy of haar groep se sosiale identiteit in stand te hou (Worchel, Cooper & Goethals, 1988:454).

Indien daar 'n hoë mate van konsensus onder groeplede bestaan, oftewel koherensie, word dít hulle sosiale realiteit. Hierdie realiteit affekteer die groeplede se gedrag en hulle houdings teenoor uit-groeplede en teenoor mekaar, byvoorbeeld hoe mans moet optree as hulle bymekaar is en hoe daar teenoor 'n vrou opgetree moet word. Kategorisering gee aanleiding tot hierdie sosiale beïnvloedingsproses en die koherensie wat onder groeplede ontwikkel. Hierdie konformiteit ten opsigte van gedrag en houdings word "beïnvloeding van referente inligting" genoem (Tajfel, 1981:36).

Sodra 'n groep se sosiale identiteit 'n prominente aspek van die groep se selfdefinisie begin uitmaak, ontwikkel mense uit die beskikbare inligting 'n kontekstueel relevante in-groepnorm wat konsekwent toegepas word (bv. in die beroepswêreld is mans bestuurders en vrouens sekretariële personeel). Hierdie groepnorme kan tydens sosialisering (kyk 3.3 Geslagsteorie) aangeleer word of tydens interaksie met 'n groep gevestig word. 'n Belangrike aspek van hierdie norme is dat dit in 'n mindere mate die verskille wat tussen in-groep lede bestaan aksentueer, terwyl dit terselfdertyd uit-groepe se kenmerke en verskille maksimaal aksentueer.

- **Polarisasie**

Volgens die SIT verteenwoordig in-groepnorme nie altyd 'n gemiddelde of algemene siening van alle in-groeplede nie. Die norm kan inteendeel gepolariseer en selfs heeltemal die teenoorgestelde wees van wat deur die grootste gedeelte van die in-groep ondersteun word (Brown, 1986:558). 'n Groep mans wat binne 'n werksituasie, vroue as kollegas met gelyke regte en net so bekwaam soos hulleself beskou, kan as 'n sodanige gepolariseerde groep beskou word. Tajfel (1981:257) wys egter daarop dat die aksentueringseffek wat op die self van toepassing gemaak word meestal 'n persoon se gedrag sodanig rig dat dit ooreenstem met die groepnorm. 'n Groep mans wat van mening is dat vroue nie dieselfde vermoëns as hulle het nie, sal hierdie groepnorm voortdurend deur middel van aksentuasie in stand hou. Die kans dat hulle 'n teenoorgestelde, gepolariseerde siening of norm sal ontwikkel, is dus onwaarskynlik. Hierdie proses verseker individuele konformiteit aan die norm.

Aangesien polisiemagte aanvanklik manlik gedomineerde instansies was, kan die groepnorm by mans (in-groep) steeds bestaan dat vroue (uit-groep) nie werklik 'n rol in die

polisie het om te vertolk nie. Uit die bostaande kan ook afgelei word dat sommige mans die siening kan huldig (gepolariseerde siening) dat vroue slegs sekere take in die polisie moet verrig of andersyds as volwaardige polisiebeamptes beskou moet word. In hierdie gevalle het sowel manlike as vroulike polisiebeamptes hulle selfbeeld gedefinieer in terme van polisiebeampte en sal persepsies, stereotipes en vooroordeel wat teenoor polisiebeamptes bestaan hulle sosiale identiteit rig en nie soseer die persepsies wat op grond van geslag bestaan nie. Dit impliseer dat die in-groep in hierdie situasie polisiebeamptes is, terwyl die uit-groep die publiek of oortreders is (Aronson, 1995:144; Brown, 1986; 558).

- **Differensiasie van groepgrense**

Sodra sosiale verandering plaasvind of 'n groep se grense deursigtig raak, is differensiasie van groepgrense ter sprake. Groepe wat dus onseker raak oor hulle status of onderskeie identiteite wend pogings aan om vas te stel wat hulle werklike status is. Dit kan veroorsaak dat groeplede die differensiasie (verskille) tussen die groepe aksentueer (Hewstone et al., 1982:258). Verder kan hierdie onsekerhede daartoe bydra dat groeplede se selfbeeld geaffekteer word (Doise, 1986:102-103; Pennington, 1986:96). Volgens Tajfel (1981:295) sal mense veral tydens sosiale verandering hulle groepgrense herdefinieer oftewel differensieer.

In 'n organisasie soos die SAPD wat soos enige ander staatsdepartement daarna moet streef om mans en vroue op gelyke vlak te behandel, kan dit gebeur dat mans en vroue hulle betrokke groep se grense as onduidelik of vaag begin waarneem, veral omdat die SAPD teenswoordig grootskaalse verandering of transformasie ondergaan (Stevens & Yach, 1995: 76-91). Die implikasie hiervan kan wees dat mans hulle rol as polisiebeamptes herdefinieer en pogings aanwend om hulle groep se sosiale identiteit en grense te versterk, terwyl vroue soortgelyke aksies kan aanwend om hulle belangrike posisie in die polisie te beklemtoon. In hierdie verband meld Brown et al. (1996:52) dat polisie-organisasies wêreldwyd organisatoriese veranderinge ondergaan en nuwe werwingstegnieke aanwend ten einde rekrute te werf uit groepe waarteen voorheen gediskrimineer is. Wit manlike polisiebeamptes wat in die verlede hoofsaaklik vir polisiëring aangewend is, kan as gevolg van hierdie toedrag van sake bedreig voel en hulle groepgrense herdifferensieer ten einde hulle groepidentiteit (superieure status) te beskerm.

In teenstelling met manlike polisiebeamptes wat hulle tradisionele siening van die polisie as 'n manlike beroep moet prysgee, word vroue as't ware "gedwing" om aan te pas binne die

polisiesubkultuur wat strydig is met die wyse waarop vroue gesosialiseer is (Grennan, 2000:394). Dit kan daartoe bydra dat vrouepolisiebeamptes onsekerheid beleef ten opsigte van hulle groepidentiteit. Enersyds wil hulle as vrouepolisiebeamptes met gelyke respek behandel word en andersyds moet hulle 'n rol vervul wat vir hulle voorgeskryf word. Doen hulle dit nie, word hulle as onbekwaam beskou en aanvaar hulle dit moet daar sekere bestaande sienings oor die self prysgegee word. Ten einde 'n positiewe sosiale identiteit te skep of te onderhou, kan van verskillende gedragstrategieë gebruik gemaak word om dit te bewerkstellig. Die keuse wat uitgeoefen sal word, word bepaal deur groeplede se geloofs-oortuigings en sienings rakende die aard van die verhouding tussen hulle groep en ander groepe. Indien geen pogings deur groepe aangewend word om hulle posisie te verbeter nie, sal hulle volgens Tajfel (1981:259) relatiewe deprivasie ervaar. Dit beteken dat kognitiewe en emosionele aspekte asook handelingskomponente van 'n persoon geherevalueer word. Die individu kan relatiewe deprivasie op sowel individuele as groepvlak beleef. Dit beteken dat persone hulle posisie in oënskou moet neem en dat hulle óf negatiewe emosies en 'n gepaardgaande negatiewe selfbeeld aanvaar óf pogings aanwend om hulle relatiewe deprivasie die hoof te bied deur hulle posisie te verbeter. Dit kan tot 'n positiewe siening van die self bydra.

- **Strategieë om persoonlike en sosiale identiteit te verbeter**

Groepe wat met mekaar kompeteer of wat mekaar se sosiale identiteite vergelyk, kan as gevolg hiervan of as gevolg van sosiale verandering onsekerheid ten opsigte van hulle groepe beleef (relatiewe deprivasie). Hierdie onsekerheid kan daartoe aanleiding gee dat individue negatiewe persoonlike identiteite ontwikkel. Daar bestaan volgens die SIT drie basiese strategieë wat deur 'n groep of groeplid aangewend kan word om 'n negatiewe sosiale identiteit weer positief te maak. Twee van hierdie strategieë, naamlik uittrede ("exit") en gewaande lidmaatskap van 'n groep met 'n hoër status ("pass"), is gerig op die instand-houding van 'n positiewe persoonlike identiteit. Uittrede beteken dat daar uit die groep getree word. Dit veroorsaak 'n negatiewe sosiale identiteit vir die individu en kom veral voor wanneer sosiale mobiliteit (bv. om van laer- na middelklas te beweeg) moontlik is. Dit impliseer dat bande met die bestaande groep verbreek word en dat lidmaatskap van 'n ander groep aanvaar word. Gewaande lidmaatskap impliseer dat persone voorgee dat hulle lede van 'n in-groep is, terwyl hulle daarvan bewus is dat hulle steeds lid van 'n uit-groep is. 'n Nie-individuele strategie vir uittrede of gewaande lidmaatskap is om 'n negatiewe sosiale identiteit in stand te hou. Hierdie sosiale aksiestrategie ("voice") is 'n poging om die groep-status te verbeter en sodoende die sosiale identiteit te verhoog (Brown, 1996:548; Tajfel,

1981:288; Tajfel, 1982:26-27; Turner, 1996:557-558). 'n Groep wat saamstaan en sosiaal aanvaarbare pogings aanwend (bv. politieke onderhandelinge) om hulle onderdrukking uit die weg te ruim, maak gebruik van 'n sosiale aksiestrategie. Die strategieë word vervolgens uiteengesit.

- Uittrede ("exit") oftewel verlating van die groep beteken dat die persoon sy of haar groep verlaat. Indien sosiale mobiliteit moontlik is, kan hierdie strategie aangewend word. 'n Laerklas persoon wat byvoorbeeld 'n beter betrekking bekom en sodoende meer vermoëend is, kan van "exit" gebruik maak. Indien die persoon na 'n middelklas voorstad verhuis en sodanige lewensstyl nastreef, het hy of sy uit die laerklas na die middelklas beweeg. So 'n persoon se groepidentiteit en assosiasies sal gewoonlik dienooreen-komstig aanpas.

- Gewaande lidmaatskap ("pass") is die volgende individuele strategie om 'n negatiewe sosiale identiteit te verbeter. In hierdie geval sal persone op so 'n wyse optree dat dit voorkom asof hulle lid van die in-groep is. Hoewel dit kan meehelp om 'n positiewe identiteit te ontwikkel, voel hierdie persone meestal in die geheim dat hulle steeds aan hulle eie groep behoort. 'n Persoon wat lid van 'n uit-groep is en kunsmatig poog om as 'n lid van die in-groep beskou te word, maak gebruik van die gewaande lidmaatskap-strategie. Aspekte soos die persoon se gedragshandelinge, houding en ingesteldheid verander op so 'n wyse dat dit voorkom asof hy of sy die in-groep ondersteun. Dit kan byvoorbeeld in 'n werksituasie plaasvind waar 'n junior klerk dieselfde optrede en houding as die senior vennote begin vertoon. Persone sal gewoonlik nie so optree as hulle nie die druk ervaar om hulle persoonlike identiteit te verbeter nie. Hulle sal dus meer natuurlike gedrag (soos wat van hulle groep verwag word) vertoon as hulle tuis of saam met ander junior kollegas in interaksie is.

- Die sosiale aksiestrategie ("voice") is volgens Tajfel (1981:289) 'n alternatiewe strategie vir die voorafgaande strategieë. Hierdie strategie kan as 'n sosiale of groepaksie gesien word waartydens 'n groep kollektief poog om die groep op te hef. Indien vroue saam staan en as't ware hulle stem dik maak teenoor 'n ander mededingende groep ten einde bepaalde seggenskap of 'n beter sosiale posisie te bekom, is die sosiale aksiestrategie ter sprake. Vrouepolisiebeamptes wat pogings aanwend om die vrou se rol in die polisie te verbeter, sal gebruik maak van hierdie strategie. Sodoende word die groep se sosiale identiteit bevorder en kan 'n gevoel ontwikkel waar groeplede selfs 'n meerderwaardige houding teenoor die bestaande in-groep (in die geval manlike polisiebeamptes) ontwikkel. Wanneer dit gebeur sal sommige vrouepolisiebeamptes aanvaar dat hulle net

so goed en selfs beter polisiebeamptes as mans is. Hierdie strategie hou dus verband met die radikale feminisme se siening wat postuleer dat vroue moet fokus op bewustheidsontwikkeling om hulle posisie in die samelewing te verbeter (kyk afd. 3.1.3). Dit kan ook in verband gebring word met die postmodernistiese feministe wat aanvoer dat kollektiewe optrede en onderhandeling wenslik is indien 'n groep poog om hulle posisie te verbeter (kyk afd. 3.1.7).

'n Opsie of strategie wat later deur Tajfel (1981:289) geïdentifiseer is en deur groepe wat ongelyke behandeling ontvang oorweeg kan word, is stagnante aanvaarding. In hierdie geval sal 'n magsposisie gedweë aanvaar word sonder enige teenkanting. Die kern van die SIT is afgelei uit die voorafgaande strategieë aangesien groepe se sosiale kompetisie met verloop van tyd meebring dat een of meer van hierdie strategieë oorweeg sal moet word om persoonlike en sosiale identiteite positief en in plek te hou.

Vier veranderlikes is egter van belang ten einde positiewe reaksie op 'n negatiewe sosiale identiteit te bewerkstellig. Hierdie veranderlikes behels die volgende (Brown, 1986:562; Tajfel, 1981:298):

- Bestaan daar 'n moontlikheid vir sosiale mobiliteit of opwaartse beweging?

- Hoe duidelik is die groep wat as die uit-groep behandel word se grensomskrywings?

- Hoe geldig of bereikbaar is die waargenome nuwe alternatief wat nagestreef sal word?

- Hoeveel sekerheid (is dit die beste opsie) bestaan daar rondom die waargenome alternatief?

Indien 'n persoon se eie groep positief is oor hierdie veranderlikes sal groeplede waarskynlik nie van "exit" of "voice" gebruik maak nie. Sodra groeplede egter negatief voel binne die groep ten opsigte van die genoemde veranderlikes sal daar van hierdie strategieë gebruik gemaak word om hulle sosiale identiteit te verbeter. 'n Belangrike aspek wat hier ter sprake is, is dat dit maklik is om 'n bepaalde komitee of politieke party te verlaat indien jou groep nie meer voldoen aan die bogenoemde kriteria nie. Groeplidmaatskap wat te make het met geslag, ras en seksuele oriëntasie is egter moeiliker aangesien strategieë soos uittrede en gewaande groeplidmaatskap nie werklik gebruik kan word nie (Brown, 1986:561). 'n Vroue-polisiebeampte wat voel dat haar groep onderdruk word, kan haar nie as 'n man voordoen om te voldoen aan die manlike aard van polisiëring nie. Indien sy wel soos 'n manlike

polisiebeampte probeer optree, kan manlike polisiebeamptes bedreig voel en selfs meer negatief teenoor haar optree, omdat sy dit wat mans van haar verwag, oortree. In hierdie verband meld Tracy-Stratton (1986:317) dat "sexist stereotypes influence people's expectations, causing them to see and remember only behavior that furthers the stereotype. The expectation of male officers, in other words, can become self-fulfilling". Verder meld Martin en Jurik (1996:97) dat vrouepolisiebeamptes wat poog om soos een van "die manne" op te tree meestal deur hulle manlike kollegas verwerp word.

Die enigste alternatief vir vroulike polisiebeamptes is "voice" oftewel optredes/aksies wat aangewend word om tot die opheffing van vrouepolisiebeampte by te dra. Die probleem lê egter daarin dat vroue nie altyd geneë is om "voice" te gebruik nie. Hierdie onvermoë om saam te staan, word deur Martin en Jurik (1996:97) se aanname gestaaf, naamlik dat "woman rarely have adopted a unified or organized response" om hulle posisie te verbeter. Bo en behalwe geslag is aspekte soos waardestelsel wat direk verband hou met 'n mens se selfrespek hier ter sprake. Sommige vroue wil nie hulle eie waardestelsel oortree nie en is tevrede om lid van hulle groep te wees. Hulle sal dus nie pogings aanwend om hulle posisie te verbeter nie. Hierteenoor is daar vroue wat nie psigologies opgewasse is om van "voice" gebruik te maak nie. Vir die laasgenoemde groep sal stagnante aanvaarding die waarskynlikste alternatief wees. In dié verband het sosiale voorgeskrewe reëls, wat as wet verkondig word, ook 'n groot invloed op mense se gewilligheid om die in-groep teen te staan. Voorbeelde hiervan is die gebruik van slawe in die verlede, die apartheidsisteem, sosiale segregasie en die kastestelsel wat in Indië geld. In hierdie situasies was en is dit steeds moeilik om die dominante groep van die oomblik se sogenaamde onwettigheid te bevraagteken. Die redes hiervoor is onder andere dat die in-groep hulle dominante posisie op allerlei wyses verkondig en dit as wettig en sosiaal aanvaarbaar voorhou (Brown, 1986:562). Uit-groepe is dus sosiaal onseker oor hulle posisie en het geen geloof in hulle eie groepidentiteit nie.

Sekerheid of geloof in 'n groep is afhanklik van twee aspekte, naamlik mag en psigologiese sekerheid. Indien 'n in-groep oor mag en psigologiese sekerheid beskik en die uit-groep nie oor kognitiewe alternatiewe beskik om hulle eie posisie te verbeter ot te verdedig nie, kan hulle (die in-groep) met gemak aanvaar dat hulle posisie nie bedreig kan word nie. Kognitiewe alternatiewe om 'n onderdrukte groep se status te verbeter, word meestal deur kreatiewe denkers of aktiviste geïnisieer. Tajfel (1981:291) meen egter dat die magtigste vorm van groepopheffing deur middel van voorbeeld geskied.
'n Klassieke voorbeeld waar vroue van sosiale aksie ("voice") gebruik gemaak het en die voorbeeld daargestel het om na te volg, is die feminisme. Die feminisme het aan vroue

regoor die wêreld die geleentheid gebied om hulle groepposisie teenoor mans te verbeter (sosiale aksie) op sosiale vlak en veral in die beroepswêreld (Brown, 1986:562; Bryson, 1999:1).

Die sosiale aksiestrategie is veral tydens die volgende omstandighede wenslik:

- Wanneer persoonlike mobiliteit onmoontlik is ('n vrou kan nie 'n man word deur bloot haar optrede te verander nie).

- Waar die groepgrense en -omskrywing duidelik is (vroue is seker van hulle status en belang as groep in die samelewing).

- Die in-groep se dominante mag is inderwaarheid onwettig (vgl. bv. die patriargale stelsel en die wyse waarop vroue in die verlede onderdruk is).

- Die in-groep se mag is onduidelik of onseker (die grense of impak van mans se mag asook die houvas daarvan raak diffuus) (Brown, 1986:562).

Verder meld Tajfel (1981:289) dat "the theoretical possibility that the use of voice in an intergroup context may become a powerful force towards the maintenance of the *status quo* rather than helping to prevent the decline in the functioning of an organization" ook hier in ag geneem moet word. Die feminisme kan in die lig hiervan as 'n sosiale strategie ("voice") beskou word. Ofskoon die radikale feministe byvoorbeeld die *status quo* wil vervang met revolusionêre idees is die algemene tendens by die onderskeie feministiese benaderings, veral die postmodernisme, om slegs die vrou se posisie in die samelewing te verbeter ten einde die behoud van organisasies te verseker.

Indien die uit-groep van oordeel is dat die in-groep se grense duidelik is en die bestaande *status quo* (bestaande mag en status hiërargie) stabiel en bestaansreg het, is dit moeilik om 'n alternatiewe sosiale struktuur te skep of sosiale verandering daar te stel. Groepe in hierdie situasie maak gebruik van sosiale kreatiewe strategieë (m.a.w. bestaande strategieë word aangepas). Hierdie strategieë kan soos volg saamgevat word:

Groepe maak intergroepvergelykings en beklemtoon sekere aspekte selfs op 'n onortodokse wyse wat die uit-groep beter as die in-groep laat vertoon. Vroue kan byvoorbeeld aanvoer dat hulle konflik beter oplos en slagoffers beter ondersteun as mans. Vrouepolisiebeamptes kan hulle derhalwe vergelyk met manlike polisiebeamptes en aanvoer dat polisiëring meestal

oor konflikoplossing en slagofferondersteuning handel en dat vroue beter aangepas is as mans om sekere polisiëringstake te verrig. Argumente wat ter stawing hiervoor aangevoer kan word, is dat polisiëring slegs uit 20% fisiek uitdagende aktiwiteite bestaan, terwyl slagoffersteuning, konflikoplossing, gemeenskappolisiëringstake en administratiewe verpligtinge die ander 80% van polisiëring uitmaak(Dantzker, 1995:17).

Uit-groepe probeer dikwels om die konsensuele waarde wat aan 'n in-groep se karakter-eienskappe geheg word te verander. Die gesegde "black is beautiful" is volgens Brown, 1986:562) 'n klassieke voorbeeld waar die uit-groep (swartes) poog om hulle status te verhef teenoor dié van die in-groep (wittes). Groepe kan in hierdie situasies hulleself ook met ander laer statusgroepe vergelyk. Vroue kan hulle byvoorbeeld vergelyk met swartes aangesien albei hierdie groepe diskriminasie (tydens die apartheidsera) in die verlede ervaar het. Gevalle waar sosiale verandering gekenmerk word deur die *status quo* (bestaande sosiale werklikheid) wat onwettig, onstabiel en onseker is, is hier ter sprake. Indien daar geen kognitiewe alternatiewe bestaan nie, sal direkte sosiale kompetisie tussen groepe oftewel direkte intergroepkonflik voorkom. Sosiale aksie of beweging kom meestal in hierdie situasies voor.

Ter stawing hiervan kan gemeld word dat vroue poog om hulle rolle sedert die 1900's drasties te verander (feminisme). Dit wil voorkom of hierdie pogings of sosiale aksies suksesvol was en veral moontlik is omdat vroue teenswoordig dieselfde regte en in sommige gevalle selfs beter geleenthede as mans het en deur wetgewing beskerm word. Ofskoon sosiale verandering aan vroue die geleentheid gebied het om hulle sosiale identiteit tydens intergroepkonflik met mans te verander, is daar steeds instansies en 'n groot aantal mans wat vroue hierdie geleentheid tot gelykheid of 'n alternatiewe *status quo* ontsê (Bryson, 1999:46).

In die onderhawige studie word daar gepoog om vas te stel in watter mate die manlike aard van polisiëring die vrou toelaat om haar rol in die polisiediens te vervul. Die polisiediens beleef teenswoordig in 'n groot mate sosiale verandering, sowel intern as ekstern. Die nastreef van 'n manlike polisiëringsbenadering is verder onwettig volgens onder andere die Konstitusie van Suid-Afrika, die Arbeidswet en die Wet op Billike Werksgeleenthede (Employment Equity Act 1998). Onstabiliteit van die *status quo* wat in die verlede geheers het, asook die sekerheid wat mans tradisioneel in die polisie geniet het, word deur wetgewing asook vroue-aktiviste bedreig. In die lig hiervan kan aanvaar word dat ongeag hierdie sosiale aksies om gelykheid aan vroue te verseker, manlike polisiebeamptes (tradisioneel die in-groep) negatief sal staan teenoor die rol van vrouepolisiebeamptes. Die

rede hiervoor is dat die in-groep hulle dominansie graag sal wil behou (Bezuidenhout, 1994:67).

3.2.3 Selfkategoriseringsteorie

'n Resente uitbreiding en ontwikkeling van die SIT is die selfkategoriseringsteorie. Volgens Hogg (1996:556) fokus die selfkategoriseringsteorie veral op die rol van selfkategorisering binne groepverband. Selfkategorisering is onderliggend aan die regulering van gedrag deur middel van 'n mens se sosiale identiteit. In die intergroepkonteks maak mense gebruik van hulle geheue of hulle konstrueer 'n prototipe tydens die interaksie met die ander groep (Leyens & Dardenne, 1996:113). Hierdie prototipe, oftewel kontekstueel toepaslike kognitiewe eienskappe van sowel die in-groep as die uit-groep, word gememoriseer en tydens interaksie gebruik. Aan die hand van hierdie inligting kan selfkategorisering dus plaasvind. Hogg (1996:559) wys daarop dat

> these "prototypes" are fuzzy sets of features that define each group and describe appropriate behavior for members of each group - prototypes are the way in which we represent social categories. Prototypes tend both to minimize intragroup differences and to exaggerate intergroup differences. When we categorize others as in-group or out-group members we accentuate their similarity to the relevant prototype - thus perceiving them stereotypically and ethnocentrically. When we categorize ourselves, we define, perceive and evaluate ourselves in terms of our in-group prototype and behave in accordance with that prototype. Self-categorization produces in-group normative behaviour and self-stereotyping and is thus the process underlying group behaviour.

Selfkategorisering depersonaliseer individue se persepsie en gedrag in so 'n mate dat persone nie as unieke individue beskou word nie, maar as groeplede. Depersonalisering is nie dieselfde as dehumanisering nie, maar dit kan wel tot dehumanisering lei. In gevalle waar 'n uit-groep gehaat en uit-groeplede gestereotipeer word asook sonder respek en menswaardigheid behandel word, kan dehumanisering plaasvind (Hogg 1996:560). Sowel vroulike as manlike polisiebeamptes kan as prototipes beskou word. Wanneer manlike en vroulike polisiebeamptes derhalwe in mekaar se teenwoordigheid moet funksioneer, sal hulle hulself onderskeidelik definieer, beskou en evalueer in terme van hulle eie prototipe of 'n vooropgestelde idee van hoe die ideale polisiebeampte moet wees. Aangesien self-kategorisering tot normatiewe in-groep gedrag en selfstereotipering lei ten opsigte van wat jou groep verwag, kan aanvaar word dat manlike en vroulike polisiebeamptes mekaar nie as gelykes sal beskou nie. Stereotipering en etnosentrisme sal meehelp dat hierdie groeplede in 'n mate negatief teenoor mekaar sal staan.

Die aard van hierdie bevooroordeeldheid wat te wagte kan wees, naamlik mans is bevooroordeeld teenoor die rol van vroue in die polisie, word in die onderhawige studie ondersoek. Daar kan volgens die SIT geantisipeer word dat mans negatief ingestel sal wees teenoor die vrouepolisiebeampte se vermoeë om 'n volwaardige polisiebeampte te wees aangesien hulle persepsie en gedrag gedepersonaliseer is. Vrouepolisiebeamptes word dus nie beoordeel op grond van hulle vermoë as unieke individue nie, maar as lede van 'n bepaalde groep, naamlik vroue wat nie tuishoort in aktiewe polisiëring nie. Hiervolgens is hulle alleenlik geskik vir take in die polisie wat met hulle groeptipe (vrou) verband hou soos onder andere huishoudelike take, slagofferondersteuning en administratiewe werk.

3.2.4 Evaluering van die SIT

Henri Tajfel het gebruik gemaak van kleingroepeksperimente ("the minimal group paradigm") om sy teorie te staaf. Die meeste punte van kritiek handel dan ook oor hierdie aspek. Indien kleingroepeksperimente gebruik word, word psigologiese faktore gewoonlik nie in aanmerking geneem nie. Dit beteken dat individuele deelnemers in 'n mate geïsoleer word en dat veranderlikes en kenmerke/attribute wat gewoonlik van belang is om interpersoonlike gedrag te verklaar, nie in ag geneem word nie. Faktore soos 'n goed gebalanseerde ego en selfgeldendheid asook behoeftes van individue wat in hierdie groepeksperimente manifesteer, kan nie altyd geïsoleer word nie. Kritici (Gross, 1994:202) meld in die verband dat kleingroepparadigmas as enkelvoudige atomistiese ("singularistic-atomistic") benaderings beskryf moet word. Dit hou verband met analitiese navorsingsmetodologie wat impliseer dat navorsers met 'n magdom komplekse inligting, sosiokulturele strukture en sosiale prosesse gekonfronteer word. Hulle maak derhalwe gebruik van sosiale tegnieke (bv. kategorisering) om hierdie inligting in elementêre komponente in te deel. Hierdie tendens staan ook as die reduserende benadering bekend. Dit beteken dat Tajfel se oorspronklike doelwitte, naamlik om alle determinante wat vir in- en uit-groep diskriminasie verantwoordelik is in ag te neem, nie verwesentlik kan word nie. Die gevolgtrekking wat hieruit gemaak kan word, is dat kleingroepeksperimente gewoonlik inligting na vore bring, wat nie noodwendig aan gedragswetenskaplikes bekend is en algemeen aanvaar word nie.

Volgens Tajfel (1981:254) móét mense as lede van in- of uit-groepe gekategoriseer word alvorens diskriminasie kan plaasvind. Die kritiek hierteen is dat die kategoriseringsproses op sigself reeds genoegsame eie-groep bevoordeling en diskriminasie uitlok tussen groepe. Dit impliseer dat wanneer kleingroepeksperimente gedoen en mense aan groepe toegewys word daar reeds 'n vorm van diskriminasie plaasvind en dat eie-groepbevoordeling en 'n

gevoel van "behoort" aanvanklik manifesteer. Dit beteken dat diskriminasie aanwesig is alvorens die eksperiment oftewel kategorisering plaasgevind het. In die verband kan gemeld word dat kategorisering 'n proses is en dat diskriminasie gewoonlik 'n aanvang neem voordat kategorisering voorkom of die proses voltooi is (Bezuidenhout, 1994:73; Gross, 1994:202).

'n Vraag wat tydens kleingroepeksperimente beantwoord moet word, is: "Kan die bevindinge moontlik as gedeeltelik kunsmatig gesien word?" Tydens kleingroepeksperimente word die eksperiment dus op so 'n wyse saamgestel dat daar 'n mate van leiding aanwesig is. Verder word respondente slegs sekere keuses vir 'n respons toegelaat - veral waar take en probleme tydens die eksperiment uitgevoer en opgelos moet word. Dit impliseer dat die eksperiment op so 'n wyse aangebied en onderneem word, dat diskriminerende optrede in baie gevalle die mees aanvaarbare en enigste respons is wat te wagte kan wees. Die bevindinge kan dus in sekere gevalle in verband gebring word met hoe die eksperiment saamgestel is en nie noodwendig met 'n natuurlike proses van identiteitsvorming en kategorisering nie (Brown, 1986:584).

In aansluiting by die voorafgaande meld Gross (1994:203) dat die eksperimentele situasie gewoonlik op so 'n wyse ontwerp word dat differensiëring die enigste opsie tussen die twee groepe is. Die vraag ontstaan derhalwe of respondente enige ander reaksiewyse/opsie behalwe diskriminasie tot hulle beskikking het. Teoreties is daar wel 'n belangrike alternatief, naamlik dat groepe regverdig en sonder enige kompetisie teenoor mekaar kan optree. In praktyk (tydens kleingroepeksperimente) is dit egter nie moontlik nie aangesien respondente sekere handelinge tydens die eksperiment moet uitvoer, soos om 'n probleem vir hulle groep op te los of waarde word geheg aan dít wat hulle kan vermag of nie kan vermag nie. Dit is in die mens se aard om eerder emotief en konatief as kognitief op hierdie uitdagings te reageer. Brown (1986:576-585) meld verder dat indien kinders betrek word by eksperimente wat op groepkompetisie gebaseer is, hulle outomaties die indeling in groepe/spanne, wat gewoonlik deur volwassenes hanteer word, interpreteer in terme van sosiale kompetisie.

Tajfel het tydens een van sy eksperimente kandidate in groepe ingedeel deur 'n muntstuk in die lug te skiet. Hiermee het hy gepoog om respondente op 'n ewekansige wyse aan groepe toe te wys. Verder het hy ook probeer om die waargenome ooreenkomste tussen groeplede as 'n veranderlike wat bevindings kon beïnvloed, te neutraliseer. Sy doel hiermee was om die proses van kategorisering en waargenome ooreenkomste onafhanklik te manipuleer. Dit was egter nie moontlik om hierdie twee veranderlikes van mekaar te skei nie. Ongeag pogings wat deur wetenskaplikes aangewend word om hierdie veranderlikes te neutraliseer,

is mense geneig om eie betekenis aan 'n situasie te heg ten einde sin daaruit te maak. Mense is ingestel om sosiale situasies te verstaan en sodoende 'n mate van beheer daaroor te verkry. Dit is dus nie ter sake hoe mense aan groepe toegewys word nie aangesien die mens in enige situasie bepaalde attribute (kenmerke) en ooreenstemming wat groeplede met hulle eie karakter toon, onmiddellik as 'n bron van identifikasie gebruik. In die verband meld Gross (1994:204) dat "according to the *similarity-attractiveness* hypothesis, everything else being equal, similar others are preferred to dissimilar others". Die gevaar wat hier ter sprake is, is dat die indruk geskep word dat mense sonder enige oorweging by enige groep betrokke sal raak, ongeag die groep se eienskappe. Verder kan die persoonlike identiteit wat respondente tydens kleingroepeksperimente ontwikkel, bevraagteken word. Die rede hiervoor is dat die navorser in sommige gevalle die respondente aan groepe toewys sonder dat hulle gevra word of hulle lid van die betrokke groep wil wees. Die "gewaande" of "vals" identiteit kan dus bevraagteken word.

Howard en Hollander (1997:88) wys daarop dat die SIT postuleer dat lede van die in-groep geneig is om die inligting waarmee hulle gekonfronteer word binne die sosiale wêreld te verwerk ten einde hulle eie selfbeeld en sosiale identiteit te verbeter. Deur lede van die uit-groep af te kraak, word daar byvoorbeeld gepoog om eie-groeplede as beter voor te hou. Die vraag wat hieruit ontstaan, is: "Geld hierdie argument en prosesse vir alle groepe in die praktyk?" Navorsing (Howard & Hollander, 1997:88) dui in die verband daarop dat

- uit-groepe nie altyd en in alle situasies verwerp word nie

- minderheidsgroepe en laerstatusgroepe in sommige gevalle hulle vertroue stel in uit-groepe met hoërstatus en glo dat hierdie groepe superieur is

- 'n betekenisvolle aantal laerstatusgroepe die klasstelsel aanvaar en as geregverdig en wettig beskou

- verskeie uit-groepe oordeel dat indien hulle met middelklas individue vergelyk word, dié groep superieur is ten opsigte van intelligensie en leierskap.

Ofskoon die SIT 'n aantal leemtes het, benadruk sowel Brown (1986:574) as Gross (1994:204) dat die kleingroepeksperimente wat deur Tajfel gebruik is, daartoe bygedra het dat een van die belangrikste teorieë wat intergroepdiskriminasie, etnosentrisme en vyandigheid verklaar, ontwikkel is. Tajfel en sy medewerkers het meer as 30 kruiskulturele kleingroepeksperimente gedoen voordat die finale teorie ontwikkel is. In die verband meld

Gross (1994:204) dat ongeag die kritiek wat teen die teorie geopper kan word "the minimal group data was the starting point for a major *theory* of intergroup discrimination, ethnocentrism and hostility, namely *Social Identity Theory* (SIT)". Aan die hand van die SIT word die wêreld en die stimilus daarin meer verstaanbaar gemaak. Dit vind plaas deur die proses van kategorisering en die pogings wat die mens in sy of haar leefwêreld aanwend om kompleksiteite te vereenvoudig en te verklaar. Die mens se sin vir bestaan en identiteit word deur sy of haar groeplidmaatskappe gestalte gegee. Met behulp van die SIT word hierdie prosesse beter verstaan. Ofskoon kritiek geopper word teen kleingroepeksperimente, is Brown (1986:574) van mening dat die bevindings wat hieruit voortspruit die optredes staaf van verskeie volke, kulture en groepe wat in sosiale kompetisie met mekaar is of was soos dit deur die eeue voorgekom het. Verder het Hewstone et al. (1982:262) met soortgelyke eksperimente as Tajfel getoon dat die SIT betroubaar en geldig is.

Volgens professor J.M. Nieuwoudt van die Departement Sielkunde, UNISA (persoonlike mededeling, November, 1996) is die SIT die geskikste sosiale sielkundeteorie om mense se identiteite en funksionering in die werksituasie te verklaar. Aangesien die houdings van twee verskillende groepe (manlike en vroulike polisiebeamptes) wat in sosiale kompetisie is gemeet word, word hierdie teorie as die geskikste vir die onderhawige studie beskou.

Brown (1986:577) meld dat Tajfel met die SIT gepoog het om te illustreer dat lidmaatskap van 'n groep in baie gevalle die enigste bron van identiteit aan individue bied. Hoe primitief dit ookal mag klink, is dit vir 'n groot aantal mense die enigste manier om 'n gevoel van identiteit of 'n gevoel van "behoort" te kan ondervind. Derhalwe slaag die SIT daarin om te verklaar waarom pogings deur groeplede voortdurend aangewend word om hulle eie groep op te hef en sodoende 'n positiewe effek op die selfbeeld uit te oefen (Brown, 1986:577).

Indien die kriteria waaraan 'n goeie teorie moet voldoen (Williams & McShane, 1999:3) in ag geneem word, kan die SIT beskou word as 'n geskikte voorbeeld van sodanige teorie. Die vereistes sluit onder andere in dat die probleem wat ondersoek word logies beskryf en dat konflikterende standpunte logies saamgevat of geïnterpreteer moet word asook dat die teorie mense moet sensiteer ten opsigte van aspekte wat hulle nie voorheen in ag geneem het nie.

Tajfel (in Horowitz & Bordens, 1995:194) maak dit duidelik dat sy doelstelling is om te verklaar hoe mense gemotiveer word om hulle eie groep positief te evalueer en as beter as ander groepe voor te stel. Hy slaag ook daarin om te verklaar dat alle mense geneig is om dit te doen ten einde hulle persoonlike en sosiale identiteit te vestig of te handhaaf asook om

hulle selfbeeld te verbeter. Konflikterende standpunte, soos byvoorbeeld dat sommige uitgroepe tevrede is met hulle sosiale identiteit of sosiale posisie, word voldoende verklaar. Die teorie slaag daarin om aspekte soos diskriminasie, kategorisering, sosiale mededinging, stereotipering en vooroordeel te verduidelik. Aangesien die teorie hierdie aspekte op 'n wyse verklaar wat nie bedreigend vir in-groepe of dominante groepe is nie en wyses vir selfopheffing aan onderdrukte groepe bied, kan dit as 'n sensitiseringsteorie beskou word.

3.3 GESLAGSTEORIE

Aangesien daar verskeie geslagsteorieë bestaan wat verskillende aspekte van geslagsrolle aanspreek (Williams & McShane, 1999:259), is dit nie moontlik om 'n spesifieke geslagsteorie te selekteer wat vir die onderhawige studie geskik is nie. Derhalwe word daar slegs op aspekte van die geslagsteorieë gefokus wat vir die studie van belang is.

Volgens Shoemaker (1996:229) benadruk die geslagsteorieë hoofsaaklik twee aspekte, naamlik natuurlike en aangeleerde geslagsrolle. 'n Geslagsrol kan omskryf word as 'n stel verwagtinge wat vir mans en vroue voorskryf hoe hulle moet dink, optree en voel (Allen & Santrock, 1993:300). Van kleins af word kinders gesosialiseer met betrekking tot wat hulle rol in die samelewing behels en watter gedrag aanvaarbaar is ten opsigte van geslag. Hierdie gedrag wat as die geslagsrol gesien word, behels gedragspatrone en houdings wat deur die gemeenskap as toepaslik of tipies van lede van die manlike of vroulike geslag beskou word. Die drie belangrikste veranderlikes wat hier ter sprake is, is rolvoorskrifte, opvoedingswyses en stereotipes. In die verband meld Shoemaker (1996:229) dat "traits such as *maleness* and *femaleness* are biological, whereas the concepts of *masculinity* and *femininity* are socially learned roles".

Die meeste geslagsrolteoretici stem saam dat sekere eienskappe van 'n persoon se geslagsrolle aangeleer word, terwyl ander eienskappe inherent of aangebore is. Benewens fisieke verskille wat aangebore is, bestaan daar ook psigiese verskille tussen mans en vroue. Verder verskil die geslagte op grond van aspekte soos groter emosionaliteit en sosiale belangstelling by die vrou teenoor die man wat groter rasionaliteit en belangstelling in materiële en abstrakte sake toon. Volgens Plug et al. (1987:123) is dit moeilik om vas te stel watter rol biologiese faktore in die vertoon van spesifieke geslagsgebonde gedrag speel. Geslagsteoretici gee derhalwe erkenning aan die biologiese verskille tussen mans en vroue, terwyl hulle terselfdertyd die kulturele en sosiale definisies van hoe mans en vroue veronderstel is om op te tree, beklemtoon. Alice Eagly, 'n sosiale sielkundige, wat die sosiale rolle-

teorie ("social roles theory") geformuleer het, postuleer dat die meeste mense bewustelik en onbewustelik 'n volwasse man as hulle verwysingsraamwerk gebruik wanneer sosiale rolle uitgevoer word. Hierdie keuse is gebaseer is op sosiale definisies waarvolgens die ideale gedrag van die volwasse mens beskryf word (Horowitz & Bordens, 1995:215). Mans en vroue beskou dus die volwasse man wat suksesvol is as hulle idieeltipe. In die verband meld Horowitz en Bordens (1995:214) dat "the stereotype of a mature and competent adult is much more similar to that of a mature and competent male than to a mature and competent female".

Die wyse waarop 'n mens dus binne 'n bepaalde sosiale konteks optree, hou verband met die verwagtinge wat deur die gemeenskap daargestel word en nie net met die individu se ingebore geneigdheid nie. Ondersteuning hiervoor blyk uit die groot mate van konsensus wat by geesteswetenskaplikes bestaan dat die karaktereienskappe wat vir die verskillende geslagte gereserveer word, sosiaal-kultureel bepaal word. Hierdie reservering van spesifieke voorkeurhandelinge vir elke geslag kan as sosiale stereotipes beskou word. Volgens Baron en Byrne (1997:182) oefen hierdie stereotipes op verskillende wyses 'n invloed uit op interpersoonlike gedrag in sowel die huishouding as in die werkplek.

3.3.1 Effek van geslagsrolle op gedrag in die huis en werkplek

Geslagsrolle bepaal in 'n groot mate watter handelinge van mans en vroue in die huishouding verwag kan word. Selfs in gevalle waar sowel die man as vrou veeleisende professionele beroepe beoefen, word huishoudelike pligte volgens tradisionele geslagsrolle toegewys. Mans word ondanks die emansipering van die vrou steeds beskou as verantwoordelik vir algemene herstelwerk aan die huis, tuinwerk en vullisverwydering asook ander tegniese take soos die herstel van 'n kraan wat lek. In teenstelling hiermee word vroue nog in 'n groot mate verantwoordelik gehou vir kinderopvoeding, inkopies doen, voorbereiding van etes en die skoonmaak van die huis. Ongeag die feit dat vroue op verskillende vlakke as die gelykes van mans en selfs as hulle meerderes beskou word, spandeer hulle meer tyd aan huishoudelike take as mans (Baron & Byrne, 1997:182; Worchel et al., 1988:112).

In die werkplek beklee geslag en geslagsrolle 'n belangrike posisie wanneer prestasie en vermoëns van mense ter sprake is. Navorsing (Baron & Byrne, 1997:182) in die verband het aan die lig gebring dat vroue meestal versoek word om take wat deur die gemeenskap aan hulle geslag gekoppel word, te verrig (bv. teemaak) of om administratiewe werk, wat as

vroulik beskou word (bv. neem van 'n notule), te doen. Indien aan vroue te kenne gegee word dat hulle geslag die hoofrede is waarom hierdie take aan hulle opgedra word, evalueer hulle hulleself as minder bekwaam. Hierteenoor ontwikkel hulle 'n positiewe selfsiening wanneer spesifieke take aan hulle toegewys word op grond van meriete en die bydrae wat dit lewer. In hierdie gevalle evalueer hulle hulself positief en as bekwame werkers.

In teenstelling met vroue toon mans meer belangstelling in relatief onbekende beroepsvelde (bv. ruimtereisiger), stel hoër verwagtinge ten opsigte van persoonlike sukses en plaas meer klem op die salaris wat verdien kan word. Verder word mans deur ekstrinsieke motiewe (bv. 'n beroep wat beroemdheid kan meebring of 'n goeie finansiële pakket bied) beïnvloed om beroepskeuses te maak. Hierteenoor is vroue meer daarop ingestel dat hulle beroepskeuses persoonlike bevrediging moet bied. Dit impliseer dat hulle deur intrinsieke motiewe gedryf word wanneer hulle beroepskeuses maak (Plug et al., 1987:85). Geeneen van hierdie motiewe kan as reg of verkeerd beskou word nie, aangesien dit bloot die verskil tussen mans en vroue weerspieël. 'n Belangrike rede wat vir hierdie geslagsverskille aangevoer kan word, is dat vroue gesosialiseer word om intrinsiek te wees, terwyl mans opgevoed word om kanse te waag oftewel om meer ekstrinsiek te wees.

Mans en vrouens is veronderstel om dieselfde geleenthede ten opsigte van die beoefening van beroepe te geniet. Faktore wat hier veral ter sprake is, is beleid rakende regstellende aksie en gelyke diensvoorwaardes. Ongeag die verbeterde posisie van vroue in 'n groot aantal Westerse lande asook in Suid-Afrika, is vroue in 'n groot mate nog onderverteen-woordig in die arbeidsmark. Hoewel diskriminasie teen vroue as een van die redes aangevoer word waarom hulle onderverteenwoordig is, meen Worchel et al. (1988:109-112) dat daar ook ander redes is waarom dit plaasvind. Een van die redes is dat sommige vroue 'n vrees vir sukses ervaar. Verskillende persepsies wat in die samelewing bestaan rakende suksesvolle mans en vroue, skep by hierdie vroue die vrees dat die sukses wat hulle behaal tot negatiewe beoordeling vanuit die gemeenskap sal lei. Gevolglik soek hulle redes om sukses in die beroepswêreld te vermy. Verder skryf vroue sukses toe aan geluk en harde werk, terwyl mans dit toeskryf aan hulle vermoëns. In teenstelling hiermee beoordeel mans mislukking as 'n ongeluk of 'n gebrekkige poging, terwyl vroue dit toeskryf aan hulle swak vermoëns. Mans is van oordeel dat swak prestasie in die toekoms reggestel kan word aangesien hulle oor die vermoë beskik om dit te doen, derhalwe is hulle meer optimisties oor hulle toekomsverwagtinge binne 'n bepaalde beroep. Hierteenoor is vroue geneig om negatief te wees ten opsigte van hulle toekomsverwagtinge in 'n beroep wanneer hulle mislukking ervaar. Die rede hiervoor is dat hulle van oordeel is dat hulle sukses afhanklik is van onvoorspelbare faktore soos goeie geluk en die geleentheid om hulleself weer te kan

bewys. Mense is geneig om van kleins af hulle sosiale wêrelde in terme van "wat van die geslagte verwag word", te organiseer. Een element wat in die Westerse kultuur beklemtoon word, is dat mans finansieel suksesvol moet wees en oor mag moet beskik. Mans is derhalwe geneig om geleenthede aan te gryp wat op sukses dui, terwyl vroue meer ingestel is op mislukking aangesien dit deel van hulle sosiale skemata uitmaak. Hulle is dus minder geneig as mans om geleenthede tot sukses aan te gryp, aangesien geglo word dit iets is wat net vir mans beskore is.

'n Ander verklaring wat aangebied word vir die gebrek aan sukses wat vroue in die beroepswêreld ervaar, fokus op die eise wat in die onmiddellike beroepsomgewing manifesteer. Aangesien mense vanaf 'n vroeë ouderdom leer om aanvaarbaar, korrek en op 'n wyse op te tree wat relevant vir die situasie is, ten einde aanvaar te word, word hierdie eienskappe ook op die beroepswêreld van toepassing gemaak. Navorsing (Worchel et al., 1988:112) in hierdie verband het aan die lig gebring dat gedrag wat verband hou met geslagsrolle ooreenkomstig die vereistes en verwagtinge van 'n spesifieke situasie aangepas word. Indien daar geglo word dat sekere tipes aktiwiteite slegs vir mans gereserveer word, tree die mens dienooreenkomsig op. Wanneer mense nie ooreenkomstig hierdie gereserveerde verwagtinge optree nie, sal hulle nie die nodige erkenning en aanvaarding ontvang nie. Beroepsukses word toenemend beklemtoon as 'n meer aanvaarbare verwagting vir mans as vir vroue. Vroue wat dus goed vaar in hulle beroep ontvang gewoonlik nie positiewe terugvoer van vroulike kollegas nie, aangesien eersgenoemde die geslagsrolverwagting oortree. Hierteenoor toon studies (Worchel et al., 1988:112) dat 'n vrou wat onsuksesvol is in die uitvoering van 'n taak, meer geredelik deur haar vrouekollegas ondersteun word as wanneer sy suksesvol is. In eersgenoemde geval is vroue geneig om die vrou wat sukses behaal te etiketteer as mannetjiesagtig of dat sy deur ongeoorloofde optredes (bv. seksuele gunste) die sukses behaal het.

Spesifieke beroepe soos die van Boeing-vlieënier, chirurg en ingenieur het geleidelik gedurende die tweede helfte van die twintigste eeu toeganklik begin raak vir vroue. In die beoefening van sekere beroepe is hulle ook toegelaat om sekere of geselekteerde take te verrig soos wat die geval was in die polisie, vloot en weermag. Die Britse regering het byvoorbeeld eers in Mei 2000 toegestem dat vroue in hulle weermag ook in dieselfde mate as manlike soldate op die oorlogsfront diens mag doen (prof. A Theron, persoonlike mededeling, Junie 1, 2000). In Suid-Afrika is vrouepolisiebeamptes aanvanklik nie toegelaat om patrolliewerk te doen nie. Hulle is ook nie toegelaat om aan te sluit by die spesiale eenhede soos die beredemag of die honde-eenheid nie en om betrokke te wees by openbare-orde-polisiëring (bv. onlustebeheer) nie. Die redes wat hiervoor aangevoer is, was

dat vroue nie oor die fisieke vermoëns beskik en dat hulle nie hierdie tipe werk kan doen nie. Verder het navorsing (Baron & Byrne, 1997:183) getoon dat vroue geneig is om te glo dat dit regverdig is om 'n laer salaris as mans te verdien. Moontlike verklarings hiervoor is dat voorgeskrewe rolle in die samelewing, soos byvoorbeeld dat mans die broodwinner van die gesin is en dat die suksesvolle volwasse man as verwysingsraamwerk gebruik word wanneer daar aan 'n suksesvolle volwassene gedink word, steeds in die samelewing geld (Horowitz & Bordens, 1995:214). Verder kan die neiging om vroue te sosialiseer om ondergeskik aan die man te wees, ook 'n rol speel.

Vroue is minder geneig as mans om die sukses wat hulle in 'n beroep behaal aan almal bekend te maak. Verder word daar van vroue verwag om positief te reageer op ander se sukses, maar positiewe emosies behoort nie getoon te word wanneer hulle presteer nie. Volgens die geslagsteorie skryf die samelewing aan vroue voor om meer gereserveerd te wees en die sukses wat hulle bereik as minder belangrik te hanteer. Vroue wat na bestuursposisies bevorder word, ervaar ook meestal teenkanting van manlike bestuurders aangesien mans dikwels bedreig voel deur vroue wat in die bestuurskader inbeweeg. Die rede hiervoor is onder andere dat mans meestal die bevordering of aanstelling moet goedkeur en dat hulle voel dat vroue hulle plek as "hoof" wil oorneem. Manlike bestuurders is geneig om vroue as besluitloos, onbevoeg om outoriteit af te dwing en onbekwaam te etiketteer. Dit kan daaraan toegeskryf word dat geslagsrolle, soos deur die samelewing gedefinieer, vroue as besadig voorstel, terwyl mans as meer selfgeldend gesien word. Voorgeskrewe geslagsrolle het dus meer met sosiale verwagtinge te make as met die vermoëns waaroor individue beskik (Baron & Byrne, 1997:183; Sabini, 1995:135; Worchel et al., 1988:109).

Vroue wat bestuursposte beklee se bestuurstyl is geneig om interaktief, samewerkend, konsulterend en onderhandelend te wees. Sosiale kompetisie tussen werkers word gewoonlik ook nie benadruk nie. Manlike bestuurders is geneig om sosiale kompetisie te beklemtoon, eise te stel en 'n ophef van individuele suksesse te maak. Verder word manlike bestuurders se selfbeeld deur individuele prestasie beïnvloed, terwyl vroue se selfbeeld grootliks deur die aard van hulle interpersoonlike verhoudings beïnvloed word (Baron & Byrne, 1997:183; Sabini, 1995:135). 'n Paradoks wat egter hier ter sprake is, is dat navorsing (Horowitz & Bordens, 1995:215) toon het dat vroue wat in topbestuursposisies is of posisies beklee waarin hulle oor mag beskik, mettertyd dieselfde bestuurstyl as mans aanvaar.

Ongeag vroue se verbeterde sosiale posisie sal geslagsrolle volgens die geslagsteorie bly voortbestaan. Vroue wat tradisioneel manlike beroepsvelde betree, soos die regspleging-stelsel (bv. polisiebeampte en prokureur) of mediese veld (bv. mediese dokter) word steeds op een of ander wyse gekritiseer, bevraagteken of met skeptisisme beoordeel. Die rede wat die geslagsteorie hiervoor aanbied, is dat tradisionele grense en voorgeskrewe geslagsrolle "oortree word". Verder betree meer en meer vroue die beroepswêreld, wat daartoe bydra dat mans bedreig voel in hulle beroepe. Dit bring mee dat die status verbonde aan spesifieke beroepe (bv. prokureur) verlaag. In die verband meld Baron en Byrne (1997:183) "it is as if negative reactions to the feminine role are so pervasive that the only way to explain newfound female success in an occupation is to devalue the work itself".

3.3.2 Permanentheid van tradisionele geslagsrolle

In Efesiërs 5:22-24 word vroue beveel om ondergeskik aan hulle mans te wees aangesien mans aan die hoof van die huis staan. Hierdie vroeë Joods-Christelike beskouing het deur die eeue bly voortbestaan ongeag sosiale verandering en die emansipering van die vrou deur onder andere die feminisme en die vrouevryheidsbeweging. Die vraag wat hieruit ontstaan, is: "Waarom word vroue steeds as ondergeskik aan mans beskou?"

Die kern van die geslagsteorieë is dat vroue dink en optree volgens die voorgeskrewe rolle waarvolgens hulle gesosialiseer is en wat van hulle verwag word. Daar word dus deur die gemeenskap van vroue verwag om passief, moederlik en versorgend te wees. Enige gedrag wat nie hiermee strook nie, word as listig en moedswillig gesien omdat vroue nie veronderstel is om verantwoordelikhede en sosiale mag buite die gesin te aanvaar nie. Aangesien dit gerieflik is om nie die *status quo* te versteur ten opsigte van geslagsrolle wat in die samelewing voorgeskryf word nie, word dit van generasie tot generasie oorgedra. Indien hierdie proses van kategorisering wel bevraagteken word, affekteer dit die hele gemeenskap. Ten einde die effek wat verandering van gekategoriseerde geslagsrolle meebring teen te werk, is die mens geneig om dít waaraan hulle gewoond is (tradisionele geslagsrolle), te intensifeer. Horowitz en Bordens (1995:215) meld in die verband "that these real and imagined differences between the sexes become intensified because we assume that the nature of men and the nature of women are reflected by the social roles that history, biology, and chance have given them". Aansluitend hierby meld Aronson (1995:314) dat geslagsrolle en die wyse waarop hulle geïnterpreteer word as 'n onbewuste ideologie beskou moet word. Volgens Brown et al. (1998:12) is onbewuste ideologieë redelik permanent van aard, 'n produk van lewenslange leer en sosialisering, emosioneel gelaai en gewoonlik relatief

onbuigsaam. Ouers speel die belangrikste rol in die vestiging van hierdie ideologieë. Dit is dan ook een van die belangrikste redes waarom 'n persoon se ideologie rondom geslagsrolle redelik permanent van aard is.

Aangesien polisiëring 'n beroep is wat tradisioneel as 'n uitsluitlik manlike beroep beskou is en vroue eers gedurende die twintigste eeu as volwaardige polisiebeamptes tot hierdie manlike domein toegelaat is, kan gepostuleer word dat tradisionele geslagsrolle steeds in hierdie beroep beklemtoon sal word. Grennan (2000:393) meld in hierdie verband dat vroue wat manlik-gedomineerde beroepe betree gewoonlik verskeie probleme ervaar. Hulle word meestal in een van vier stereotipe rolle gekategoriseer, naamlik moeders, seksobjekte of verleiers, houvroue ("pets") en ystervroue ("iron maidens"). Hierdie etikette word toegeken na aanleiding van hoe die vroue hulleself handhaaf in 'n "manlike" beroep. Vroue word gewoonlik ook as gemiddelde presteerders in manlike beroepe beskou. Dit beteken dat vroue, ongeag hulle goeie prestasie, nie as bekwaam beskou word nie aangesien hulle prestasie aan die hand van geslagsrolle beoordeel word. Die gevolg hiervan is dat vroue dit moeilik vind om selfwaardering vir hul bekwaamhede te ontwikkel en dikwels probleme ondervind om in die tradisionele manlike omgewing aan te pas. In die verband meld Grennan (2000:393) dat die vrouepolisiebeampte "may have a longer or more difficult time establishing her competence, due to the pressures of the role-defined situation".

Die vrouepolisiebeampte tree buite voorgeskrewe geslagsrolle op aangesien sy gedrag vertoon wat tradisioneel met mans geassosieer word. Omdat haar gedrag as teenstrydig met haar aard beskou word, kan dit meebring dat sy deur manlike polisiebeamptes verwerp word. In die geval van die mans veroorsaak die vrou se optrede 'n bedreiging van die manlike identiteit. Verder kan die vrouepolisiebeampte wat tot die bestuurskader toetree aanvanklik negatiwiteit verwag aangesien sy nie veronderstel is om in dié manlike domein te wees nie.

3.4 EVALUASIE VAN DIE GESLAGSROLTEORIE

Die gevaar bestaan dat geslagsrolle tussen mans en vroue as twee uitsluitende entiteite beskou word. Dit beteken dat enige eienskappe waaroor 'n man of 'n vrou beskik wat met dié van die teenoorgestelde geslag ooreenstem as abnormaal beskou word (Bryson, 1999:47). Daar bestaan nie konsensus onder gedragswetenskaplikes ten opsigte van die parameter waar die verskil tussen mans en vroue se geslagsrolle lê nie. Enersyds word die verskille slegs op die biologiese gebaseer en andersyds word dit op kenmerke geskoei "that

go well beyond their physical attributes" (Bryson, 1999:48). Hierdie verwarring veroorsaak dat sowel navorsers as die algemene publiek die wêreld in die twee gemeenskaplik uitsluitende afdelings (mans en vroue) met spesifieke geslagsrolle vir elke afdeling, indeel. Diegene wat dus oor die vermoë beskik om gedrag van albei geslagte te vertoon, oftewel androgene gedrag, word as abnormaal beskou. Die ideaal is egter om albei geslagte se gedrag te verstaan en elemente van beide geslagte se gedrag te kan vertoon of om androgeen te kan optree.

Die toewysing van spesifieke rolle aan die geslagte dra daartoe by dat die man se gedrag as superieur beskou word. Die vrou se gedrag word derhalwe as ondergeskik aan dié van die man beskou. Sommige geslagsrolteoretici beskryf dus die vrou se posisie in die samelewing as onderdanig aan dié van die man. Tot en met die 1970's is daar meer op mans se geslagsrolle gekonsentreer en is hulle eienskappe belangriker deur die samelewing beskou. Volgens Allen en Santrock (1993:315) is ander alternatiewe na die 1970's ondersoek en nie meer gekonsentreer op die twee spesifieke kategorieë van wat van mans en vroue verwag word nie. Die benadering het daartoe gelei dat individue wat eienskappe van albei geslagte toon, meer aanvaarbaar geword het. Androgeniteit het dus 'n positiewe eienskap geword (Bem, 1994:561).

Hoewel hierdie verskuiwing in die beoordeling van manlike en vroulike gedrag plaasgevind het, was daar steeds teoretici wat die tradisionele omskrywing van geslagsrolle onderskryf. Dit het meegebring dat veranderinge en nuwe tendense wat aanvanklik in geslagsteorieë na vore getree het, nie met die nodige erns aanvaar is nie. Mettertyd is hierdie sienings in so 'n mate aanvaar dat geslagsrolle nie meer in rigiede kategorieë ingedeel word nie. Teenswoordig word geslagsrolle in die volgende kategorieë ingedeel: manlik, vroulik, androgeen en ongedifferensieer. Probleme wat hieruit voortspruit, is dat uiteenlopende kulturele sienings van die onderskeie indelings van geslagsrolle en die ouderdom waarop hierdie rolle as gevestig beskou word, bots met die geslagsteoretici se benaderings. Verskeie geslagsteoretici laat egter in hulle teorieë na om hierdie probleme aan te spreek.

'n Verdere probleem is dat die bestaande meganismes om geslagrolle en -identiteite te meet en te bestudeer (bv. geslagsrolskale) nie voorsiening maak vir kulturele diversiteit en ouderdom nie. Hoewel daar meestal ooreenstemming in die gedrag van vroue en mans van verskillende kulture is, kan geringe verskille in sienings oor wat 'n geslagsrol behels 'n betekenisvolle effek op navorsing hê waarin geslagsrolskale gebruik word (Allen & Santrock, 1993:315). Een van die hoofredes is dat kulturele sienings van geslagsrolle uiteenlopend is.

Kulturele diversiteit moet dus altyd in ag geneem word wanneer navorsing oor geslagsrolle onderneem word (Baron & Byrne, 1997:188).

Studies (Allen & Santrock, 1993:315) wat tot dusver in verband met vroue se geslagsrolle onderneem is, is grootliks op Westerse sienings van vroue se geslagsrolle gebaseer. Hierdie leemte word egter deur nuwe ontwikkelinge in die geslagsteorieë aangespreek en die sogenaamde drievoudige onderdrukking waaraan vroue van kleur blootgestel is, geniet veral aandag. Daar is onder andere gevind dat die neiging bestaan om vroue van kleur as een groep of kategorie te hanteer. Die benadering is foutief aangesien vroue afkomstig uit verskillende kulture en etniese groepe se geslagsrolle en persepsies dikwels betekenisvol verskil. Ten opsigte hiervan meld Doise (1986:150) dat die geneigdheid bestaan om die sosiale voorskrywing van geslagsrolle te beklemtoon, maar dat nagelaat word om aan te dui hoe die rolle deur die individu geïnternaliseer en aangeleer word asook hoe individue hulleself van hierdie voorgeskrewe rolle in verskillende situasies distansieer. Die inter-persoonlike dinamika van elke persoon is dus hier ter sprake en mense kan nie as kategorieë of groepe saamgegroepeer word indien hierdie aspekte nie in ag geneem word nie.

Resente geslagsteorieë slaag daarin om aspekte soos onder andere manlikheid, vroulikheid, androgeniteit, ouderdom, sosiale omstandighede, kultuur en biologiese eienskappe in die verklaring van geslagsrolle te inkorporeer. Aangesien die geslagsteorieë meestal poog om geslagsrolle as vergelykbaar te beskryf, kan hulle teorieë as sensitiseringsteorieë beskou word. Hoewel androgeniteit as 'n belangrike eienskap in die moderne wêreld beskou word, waarsku navorsers (Bem, 1994:564) dat 'n uitsluitlik androgene samelewing chaos sal veroorsaak aangesien die mens groepdifferensiasie nodig het ten einde sosiale organisasie te bewerkstellig. Mense besef vroeg in hulle lewens dat hulle biologies anders is en derhalwe kan hierdie verskille nie geïgnoreer word nie. Die geslagsteorieë ondervang hierdie leemte deur daarop te wys dat gemeenskappe eerder op die inhoud van geslagsrolle (bv. stereo-tipes) moet fokus en nie soseer moet poog om geslagsdifferensiasie te elimineer nie. Kategorisering op grond van geslag sal dus bly voortbestaan, maar die diskriminerende inhoud van hierdie kategorieë moet verander. Dit sal mettertyd daartoe bydra dat fundamentele eienskappe wat uitsluitlik met mans of vroue geassosieer en as essensieel vir die mens se voortbestaan beskou word, ook as belangrike eienskappe erken kan word indien dit deur die teenoorgestelde geslag vertoon word. In die geval sou 'n vrouepolisiebeampte wat die fisieke take uitvoer wat vroeër slegs met manlike polisiebeamptes geassosieer is, nie as afwykend gesien word nie, maar as 'n persoon wat oor kenmerke beskik om 'n taak effektief te verrig.

3.5 SAMEVATTING

Volgens die feminisme word daar sedert die vroegste tye teen vroue gediskrimineer. Vroue-aktiviste en feminste het daartoe bygedra dat die posisie van die vrou, in veral die arbeidsmark, verbeter het. Dit blyk ook dat daar bepaalde strategieë vir vroue bestaan om hierdie oënskynlike posisie waarin hulle verkeer te verbeter. Ongeag die verskille tussen geslagte bestaan daar ruimte vir sowel mans as vroue in tradisioneel "manlike" beroepe. In hoofstuk 4 word daar gefokus op afgehandelde navorsing rakende die prestasie van vroulike polisiebeamptes in hierdie tradisioneel "manlike" domein.

4. STAND VAN NAVORSING EN PERSEPSIES RAKENDE DIE ROL EN PRESTASIE VAN VROUEPOLISIEBEAMPTES

In Hoofstuk 2 is aangetoon dat vroue aanvanklik nie tot polisiëring toegelaat is nie en dat houdings teenoor hulle deur negatiwiteit gekenmerk is toe hulle wel toegelaat is. Hierdie reaksie van hulle manlike eweknieë was gefundeer op die siening dat vroue die swakker geslag is en dit nie vir vroue aanvaarbaar was om tot manlike beroepe toe te tree nie. Hoewel feminisme en die seksuele revolusie die vrou se posisie in die Westerse samelewing verbeter het, geniet vroue nog steeds nie in alle opsigte dieselfde regte as mans nie. In sommige gevalle is daarin geslaag om gelyke beregtiging vir vroue te beding en diskriminasie in 'n groot mate te beëindig (bv. Wet op Billike Werksgeleenthede). Wetgewing, verandering van werwingskriteria en regstellende aksie dra daartoe by dat vroue toenemend in tradisioneel manlike beroepe, soos die polisie, aangestel word (Martin & Jurik, 1996:53). Ongeag hierdie verbeterde wetlike posisie van die vrou, impliseer dit nie dat vrouepolisiebeamptes noodwendig op interpersoonlike vlak die veronderstelde gelykheid geniet nie. Volgens Grennan (1993:172) ervaar vroue probleme om as volwaardige polisiebeamptes aanvaar te word deur hulle manlike kollegas. Die vrae wat hieruit ontstaan, is: "Waarom is dit vir die vrou moeilik om as 'n volwaardige polisiebeampte aanvaar te word?" en "Hoe vaar vroue in 'n hierdie tradisioneel manlik gedomineerde beroep?" Ten einde hierdie vrae te beantwoord, en alvorens afleidings rakende die vrouepolisiebeamptes se vermoëns gemaak kan word, is dit van belang om aandag te skenk aan persepsies rakende die vrouepolisiebeampte se rol en die prestasie wat vroue behaal het sedert hulle toelating tot polisiëring (Grennan, 2000:383).

4.1 MANLIKE AARD EN ROL VAN POLISIËRING

Die polisiebeampte vervul 'n bepaalde rol in die gemeenskap, naamlik om reg en orde te laat geskied aan die hand van wetgewing. Polisiebeamptes se taak in die gemeenskap is hoofsaaklik om die veiligheid van landsburgers te verseker. Hierdie rol kan omskryf word as 'n uitkenbare gedragspatroon wat in samehang met 'n spesifieke sosiale posisie vertolk word (Mayhall, Barker & Hunter, 1995:69).

Rolle word in die samelewing óf toegeken sonder dat 'n persoon beheer daaroor het (bv. man,

vrou) óf verkry (bv. eggenote, polisiebeampte). Die rolle wat vervul word, bring mee dat eie en ander se gedrag gekategoriseer word en dat sekere optredes geantisipeer kan word. Aangesien elke persoon verskillende rolle moet vervul, kom rolkonflik gereeld voor. Rolkonflik kan veral te wagte wees wanneer

- persone se verwagtinge ten opsigte van die optrede wat ter sprake is by 'n rol in stryd is met die vereistes wat deur die rol gestel word (bv. 'n vrou wat polisiëring assosieer met patrolliewerk en administratiewe werk in 'n aanklagkantoor moet verrig)

- persone uiteenlopend verskil ten opsigte van hulle verwagtinge oor hoe iemand 'n rol behoort te vertolk (bv. 'n man wat verwag dat sy vrou 'n tuisblymoeder moet wees, terwyl sy die rol as 'n onderafdeling van haar beroepslewe sien)

- die amptelike omskrywing van 'n rol en hoe dit in praktyk vertolk word, uiteenlopend van aard is (bv. dat daar van 'n vrou verwag word om te alle tye soos 'n dame op te tree, maar dat resultate tydens 'n huismolessaak of 'n kroeggeveg slegs verkry word indien sy aggressief en met die nodige dwang optree).

Mayhall et al. (1995:69) meen dat "the police role includes all of these contradictions" aangesien daar sedert die totstandkoming van 'n polisiemag/-diens gefokus word op 'n spesifieke rol vir polisiebeamptes. Die basiese verwagtinge wat hieruit voortspruit, sluit in dat polisiebeamptes

- gemeenskapslede se lewens en eiendom moet beskerm

- vrede moet handhaaf

- misdaad moet voorkom

- misdadigers moet aankeer (Thibault et al., 1995:54).

Hierdie rolverwagtinge het hoofsaaklik daartoe bygedra dat die persepsie gevorm is dat polisiëring die uitvoer van take behels wat beter deur mans as vroue uitgevoer kan word. Gevolglik het mans sedert die aanvang van polisiëring die beroepsveld gedomineer. In die verband meld Yuille (1986:v) dat

> the traditional roles of the police had been those of law enforcement and the maintenance of public order. As a consequence police officers were typically large-bodied males, selected for their physical abilities and trained to accept orders and enforce the law.

In teenstelling met tradisionele verwagtinge oor hoe die polisiëringsrol vervul moet word, was die mans wat in die aanvanklike polisiemagte in onder andere Amerika, Duitsland, Frankryk en Engeland gedien het, uitermate korrup en gewelddadig. Barkan (1997:464) meld in die verband dat die mans wat vir die polisie gewerf is meestal die lakeie van 'n politieke figuur was. Hierbenewens was hulle dikwels tydens hulle skofte op patrollies beskonke en het hulle knuppels op enige persoon gebruik wat soos 'n verdagte gelyk het. Hierdie polities gedelegeerde "vigilantism" is veral teen immigrante of laerklasgroepe in Amerika en Engeland gebruik en het mettertyd as die "night stick law" bekend geword. 'n Belangrike rede waarom hierdie optrede aanvaar is, is dat daar 'n broederskap tussen polisiebeamptes ontstaan het. Hierdie broederskap of polisiesubkultuur het bly voortbestaan ondanks 'n verbetering in die gehalte van persone wat vir die polisie gewerf is.

In die lig hiervan word daar vervolgens aandag geskenk aan die belang en funksionering van die polisiesubkultuur.

4.1.1 Polisiesubkultuur

In Hoofstuk 1 (afd. 1.2) is aangetoon dat 'n sterk gevestigde polisiekultuur die subkultuur rig en sodoende polisiebeamptes se rol omskryf in hulle dag tot dag funksionering. Volgens Grennan (1993:172) word die polisie se rol tradisioneel omskryf as "maintaining order by intimidation". Hierdie paradigma kan gesien word as die basis waarop die manlike aard van die polisie-organisasie gefundeer is. Dit behels onder andere die arresteer van misdadigers deur gebruik te maak van fisieke krag. Hoewel die klem teenswoordig nie soseer op fisieke krag val nie, beklemtoon polisiebestuur steeds aspekte soos 'n goeie arrestasiesyfer en misdaad-voorkomingsinisiatiewe wanneer bevordering ter sprake is. Die ironie hiervan is dat die rol van die "nuwe generasie" polisiebeamptes toenemend divers raak. Slegs 20% van die polisie se werk hou verband met die tradisionele rol waar manlikheid, krag en arrestasie ter sprake was (Barkan, 1997:465; Grennan, 1993:172). Die manlike aard van die polisie het meegebring dat 'n polisiesubkultuur ontstaan het. Die subkultuur is hoofsaaklik 'n uitvloeisel van die polisie-organisasie wat sedert sy ontstaan klem geplaas het op die manlike aard van die werk asook dat dit uitsluitlik 'n manlike organisasie is. Dit het dus daartoe bygedra dat daar teen vroue in die

polisie gediskrimineer word op grond van hulle geslag. 'n Suid Afrikaanse studie (Bezuidenhout & Theron, 2000:27) waarby polisiebeamptes betrek is, toon dan ook dat 75% van die navorsingsdeelnemers van mening is dat die subkultuur bestaan of dat daar klieks vorm in die verskillende afdelings van die SAPD. Respondente het die volgende as die belangrikste kenmerke van die subkultuur aangedui: misbruik van alkohol; oormatige gebruik van kru taal; windmakerigheid oftewel "show off"-gedrag; spesifieke haarstyle; die aanknoop en handhawing van spesifieke vriendskappe; en 'n obsessie met mag. Mag is veral van groot belang aangesien dit aan die polisiebeampte die vryheid gee om sekere optredes of aksies uit te voer wat nie vir 'n gemeenskapslid beskore is nie. Hoewel 33% van die respondente van mening is dat die polisiekultuur sowel mans as vroue insluit, is 42% van mening dat dit 'n kultuur is wat steeds manlik gedomineerd is. Die siening bestaan selfs onder enkele polisiebeamptes (6%) dat vroue sal drink en vloek om in hierdie kultuur aanvaar te word.

Volgens Tracy-Stratton (1986:317) kan die polisie as 'n "subculture of males in the prime of their life" beskryf word. Polisiemanne se fokus is meestal op hulle gespierde voorkoms, netjiese uniforms, seksueel-simboliese wapens (bv. vuurwapens en knuppels) en die aura van mag wat aanwesig is, wanneer 'n polisieman in uniform is. Gesien teen hierdie agtergrond pas 'n vrou nie in by die simboliese ideëeltipe van hoe 'n polisiebeampte behoort te wees nie. Die polisiesubkultuur is dus hoofsaaklik manlik gedomineerd. Mans wat vir polisie-opleiding aanmeld, besef ook gou dat daar 'n "ons"-gevoel onder manlike instrukteurs bestaan. Thibault et al. (1995:23) meen dat die "ons"-gevoel 'n produk van die subkultuur is wat ook toegeskryf kan word aan die feit dat 'n polisiebeampte 'n uitkenbare kenteken en 'n vuurwapen mag dra. In hierdie verband benadruk Kirkham (aangehaal in Thibault et al., 1995:23) dat "every police officer understands that his ability to back up the lawful authority, which he represents, is the only thing which stands between civilization and the jungle of lawlessnes". Hierdie siening dra daartoe by dat waardes, tradisies en gebruike wat binne die subkultuur bestaan van generasie tot generasie oorgedra word en sodoende die voortbestaan daarvan verseker. Kenmerke van die polisiesubkultuur sluit onder andere die volgende in: 'n spesifieke taalgebruik, isoteriese kennis (ervaring), interne sanksionering, eenheid (kameraadskap), sosiale isolasie van die werkpersoonlikheid asook persepsies ten opsigte van geweld, kollegas en die publiek.

- **Spesifieke taalgebruik**

Spesifieke taalgebruik impliseer dat 'n tipe "slang" of groeptaal gebruik word. Die publiek staan byvoorbeeld as die "hase" bekend omdat oortreders (publiek) die hasepad kies wanneer die polisie op die toneel verskyn. Die subkultuurtaal wat gewoonlik tussen kollegas gebruik word, word gekenmerk deur 'n vertoon van bravade (grootpraat) en vuiltaal (vloekwoorde en obseniteite) (Barkan, 1997:466; Conklin, 1998:439; De Wet, 1997:vt3; Shusta et al., 1995:26; Thibault et al., 1995:24; Van Rooyen, 1995:66).

- **Ervaring**

Ervaring asook respek vir hoër range word gerespekteer in hierdie subkultuur. Nuwe rekrute word nie dadelik aanvaar nie aangesien hulle nog nie oor genoegsame kennis beskik met betrekking tot hoe daar eintlik gepolisieer moet word nie. Ofskoon daar tydens opleiding aan rekrute voorgehou word hoe die ideale polisiebeampte moet optree, vind hulle dat hierdie ideale optrede nie vertoon word wanneer hulle met ervare polisiebeamptes in die praktyk in aanraking kom nie. Thibault et al. (1995:25) meld in die verband dat daar vier fases is waardeur die gemiddelde polisiebeampte beweeg, naamlik pseudosinisme, romantiese sinisme, aggressiewe sinisme en aftrede sinisme.

- Tydens **pseudosinisme** is rekrute positief en streef hulle die ideële tipe polisierol na.

- **Romantiese sinisme** ontwikkel gewoonlik tydens die eerste vyf jaar nadat 'n persoon as 'n volwaardige polisiebeampte begin diens doen. Gedurende hierdie periode leer die manlike polisiebeampte sy "rol" aan binne die praktyk en raak vertroud met hoe die subkultuur funksioneer. Dit bring mee dat vooroordele, negatiewe houdings en gebruike (bv. aanwend van geweld om bekentenisse af te dwing) geïnternaliseer word. Deur middel van hierdie internaliseringsproses word 'n sekere houding teenoor byvoorbeeld die gemeenskap en vrouepolisiebeamptes gevestig asook die groeptaal en sekere gebruike, soos om die kantien na werk te besoek, aangeleer.

- Na ongeveer 10 jaar kan **aggressiewe sinisme** geïdentifiseer word. Tydens hierdie fase, wat ook as die subkultuur van sinisme bekend staan, word wrewel en vyandigheid opvallend (Thibault et al., 1995:25). Polisiebeamptes wat in die fase is, is negatief teenoor topbestuur,

gebruik meestal eie diskresie, voel hulle ken die sisteem en voer die rol, wat die subkultuur as ideaal voorskryf, op 'n rigiede wyse uit. Dié groep is hoofsaaklik daarvoor verantwoordelik dat vroue nie maklik deel van die subkultuur word nie.

- **Aftrede sinisme** hou verband met aanvaarding en afsluiting van wat bereik en nie bereik is nie aan die einde van die polisieloopbaan. Hierdie afsluiting ("closure") het te make met 'n persoon se eie siening. Die sisteem en subkultuur se leemtes word aanvaar en die persoon is gemaklik met hoe die sisteem funksioneer (http://www.ncjrs.org/unojust/policing/rea641 htm; Conklin, 1998:439; Mayhall et al., 1995:227; Reiner, 1996:737; Thibault et al., 1995:25).

- **Interne sanksionering en kameraadskap**

Interne sanksionering en 'n eenheidsgevoel (kameraadskap) is kenmerke van die subkultuur wat manifesteer sodra 'n polisiebeampte vertroud is met die funksionering van die subkultuur. Die subkultuur skryf basiese reëls voor ten opsigte van watter optrede geld onder sekere omstandighede en watter "straf" opgeglê moet word indien 'n lid nie hierdie interne sanksionering respekteer nie. 'n Voorbeeld is respek en optrede teenoor 'n persoon met 'n hoër rang. 'n Polisiebeampte wat fouteer, word meestal geakkommodeer deur hom byvoorbeeld te verplaas of na 'n ander afdeling te verskuif in plaas daarvan om drastiese tugstappe teen hom te neem. As gevolg hiervan is dit dikwels vir die publiek moeilik om 'n klagte teen 'n polisiebeampte aanhangig te maak as daar nie fisiese bewysstukke beskikbaar is nie (bv. Rodney King-geval in die VSA). Kameraadskap hou verband hiermee, aangesien polisiebeamptes eerder 'n lid van die in-groep ondersteun en vertrou as om 'n lid van die uit-groep (in die geval die publiek) te ondersteun. Die polisie se beeld en derhalwe die kameraadskap wat binne die subkultuur bestaan, moet bo alle koste beskerm word. In die verband meld Conklin (1998:439) dat "officers learn how to do their jobs from the police subculture, which shares with the larger culture such values as conformity and authority, but which also includes specific values of its own such as *suspiciousness and the need to maintain respect for the police at all costs*" (my kursivering).

- **Sosiale isolasie en werkpersoonlikheid**

Polisiebeamptes wat die subkultuur aanvaar, isoleer (in die meeste gevalle) hulleself van nie-

lede en die publiek. Binne die subkultuur ontwikkel hulle 'n persepsie van wie jou kollegas is, wie die publiek is (ons en hulle) en hoe geweld gebruik moet word. Verskeie navorsers (Barkan,1997:26; Thibault et al., 1995:28) verwys na hierdie kenmerk van die subkultuur as die werkpersoonlikheid ("working personality") van die polisiebeampte. Ten einde hierdie werkpersoonlikheid te verstaan, maak Tamber (1967:98) die volgende opmerking: "I will argue that separateness from the public leaves the policeman free to make negative moral judgements about a person's character and that without feelings of isolation a policemans job should be untenable".

Polisiebeamptes kan hulleself deur middel van die werkpersoonlikheid distansieer van hulle kliënte (gemeenskap) en skokkende insidente asook van kollegas wat nie binne die subkultuur tuishoort nie (bv. vroue en ander rassegroepe). Sowel die gevaar, wat polisiebeamptes se werk inhou, as die gemeenskap se vyandigheid teenoor hulle dra daartoe by dat die subkultuur hierdie "mentaliteit" van onbetrokkenheid voorskryf. Aanvaarding van die werkpersoonlikheid word gekenmerk deur outoriteit binne die polisie te erken, die vertoon van sinisme en agterdogtigheid asook die gebruik van eie diskresie. Dit dra daartoe by dat polisiebeamptes die gebruik van geweld as hulle enigste opsie vir onderhandeling in die "ons"-"hulle"-tweestryd beskou (die sg. John Wayne-sindroom) (Barkan, 1997:466; Champion & Rush, 1997:72; Conklin, 1998: 439).

Hierdie isolasie en waarde-oordele geld ook vir kollegas soos vroue wat nie as "regte" polisiebeamptes beskou word nie. Die vrou sukkel gewoonlik om deel te word van hierdie subkultuur of ethos, aangesien dit spesifieke rolle en vermoëns voorskryf. Vroue wat wel in die "brotherhood" aanvaar word, moet "een van die ouens" word (dit geld veral vir die ou generasie polisiebeamptes). Shusta et al. (1995:49) noem in hierdie verband dat die meeste vrouepolisiebeamptes met hulle optrede oorkompenseer wanneer hulle poog om deur manlike lede van die subkultuur aanvaar te word. Hulle word gewoonlik as hard, koud en onemosioneel beskryf. Hierdie vrouepolisiebeamptes staan as "Jane Waynes" bekend aangesien hulle mans met vloekery probeer oortref en meer aggressief as mans wil voorkom. Sommige vroue-polisiebeamptes gebruik net soveel alkohol of kru taal as hulle manlike kollegas om te wys dat hulle wel lid van die subkultuur is (Bezuidenhout & Theron, 2000:27). Indien 'n vrou te aggressief of te vroulik is, is dit hoogs waarskynlik dat haar manlike kollegas haar nie ernstig sal opneem nie. Die rolkonflik wat hier ter sprake is, is dat vrouepolisiebeamptes aggressief genoeg moet wees om polisiewerk te verrig, maar in so 'n mate vroulik moet bly dat hulle deur manlike

eweknieë aanvaar word. Verder moet hulle sensitief genoeg wees om sensitiewe sake op dieselfde wyse te hanteer as wat van vroue in die algemeen verwag word (Shusta et al., 1995:49). Van die respondente in Bezuidenhout en Theron (2000:25) se studie meen dat vroue-polisiebeamptes probeer kompenseer vir hulle gebrek aan fisieke krag in situasies wat dit vereis, deur verbale uitbarstings, byvoorbeeld tydens 'n tweerigtingradiogesprek of teenoor kollegas.

Die polisiebeampte se rol het dramaties verander van 'n manlike, aggressiewe en dominerende rol waar probleemoplossing berus het op eie diskresie, arrestasie en fisieke krag na 'n meer fasiliterende rol waar gepoog word om as probleemoplosser op te tree. Hoewel polisiebeamptes se rolle geleidelik verander, is die subkultuur gevestig en sal die invloed wat dit het op hoe polisiebeamptes hulle rol sien, nie sonder meer verdwyn nie. Ondanks die feit dat die polisiesubkultuur nog bestaan, is dit nodig om aandag te skenk aan die rol van die moderne polisiebeampte wat veronderstel is om vry van subkultuurbeïnvloeding te wees.

4.1.2 Rol van die moderne polisiebeampte

Volgens Ainsworth (1995:147) word die moderne polisiebeampte gekonfronteer met 'n "onmoontlike" rol om te vervul. In die verlede is sterk mans wat outoriteit kon afdwing, goed gevaar het in vuisgevegte, baie kon drink, lojaal was teenoor kollegas wat 'n fout begaan het en populêr was onder die skoner geslag, as die rolmodel van die ideale tipe polisiebeampte beskou (Yuille, 1986:v).

Hierdie rol het egter drasties verander sedert die gemeenskap se klem toenemend op menseregte val en die erkenning van diversiteit belangriker geraak het in die moderne samelewing. 'n Direkte uitvloeisel hiervan is dat die regte van groepe waarteen tradisioneel gediskrimineer is (o.a. vroue), teenswoordig meer aandag geniet en dat gelyke regte konstitusioneel gewaarborg word (Flowers, 1987:170; Kaganas & Murray, 1994:1; Martin & Jurik, 1996:53). In Suid-Afrika bepaal die Konstitusie asook regstellende aksie dat die vrou se posisie in Suid-Afrika teenswoordig beter is as wat dit vantevore was, dat vroue se kanse om bevorder te word verbeter het en dat ander voordele soos byvoorbeeld voorgeboortelike gesondheidsorg aan alle vroue beskikbaar is. Die verandering het ook meegebring dat die rol van die vrou in die SAPD verander het. Volgens beleidsveranderinge wat sedert 1994 in die SAPD van krag is, verdien vroue en mans dieselfde salarisse, mag vroue dieselfde dienste as

mans verrig, op dieselfde bevorderingsmoontlikhede as mans aanspraak maak en topbestuursposte beklee (Senior Superintendent Johan Smal, Senior Kommunikasiebeampte, Menslikehulpbronbestuur, SAPD, persoonlike mededeling, Julie 25, 2000). Volgens Bezuidenhout en Theron (2000:28) se studie meen 67% van die navorsingsdeelnemers dat albei geslagte ewe goed aanpas by die transformasieprosesse wat teenswoordig in Suid-Afrika aan die gang is en dat transformasie vroue die geleentheid bied om polisiebeamptes in die ware sin van die woord te word.

Indien in ag geneem word dat slegs 15-20% van alle oproepe wat die polisie ontvang verband hou met klagtes waar fisieke krag en uitputtende aktiwiteite nodig is, kan gesê word dat moderne polisiëring strydig is met die prioriteite wat die subkultuur voorskryf. In teenstelling met die aggressie, agterdog, isolasie, outoriteit en manlikheid wat die subkultuur voorstaan, vereis die moderne samelewing dat 'n polisiebeampte fasiliterend, konsulterend, sensitief en neutraal moet wees (Dantzker, 1995:17).

Die moderne polisiebeampte moet dus buiten hulle sensitiwiteit en neutraliteit teenoor mekaar en gemeenskapslede, probleme en konflik kan oplos, persoonlike stres kan hanteer, as arbiter kan optree asook die vereistes van die polisierol met takt kan uitvoer. Ten opsigte van hierdie rolvervulling is die volgende aspekte onder andere van belang: opleiding; aard van die polisierol; leierseienskappe; vaardighede; persoonlikheidseienskappe; en tipe polisiebeampte. Hoewel hierdie eienskappe essensieel is in moderne polisiëring, veroorsaak die bestaan van die polisiesubkultuur en die vereistes wat dit voorskryf om 'n "goeie polisieman" te wees dat rolkonflik ontstaan.

Hoewel aangepaste opleiding as 'n oplossing hiervoor aanbeveel word, is dit nie 'n eenvoudige taak om polisie-opleiding te verander of diversiteitsprogramme te implementeer nie. Die rede hiervoor is dat die subkultuur reeds gevestig is aangesien dit van generasie tot generasie oorgedra word en die meeste instrukteurs by polisie-opleidingskolleges gesoute manlike polisiebeamptes is wat deel van die subkultuur vorm. Verder bestaan die top- en middelbestuur van die polisie meestal uit die "ou generasie" manlike polisiebeamptes, wat die subkultuur se belange op die hart dra (Ainsworth, 1995:149; Thibault et al., 1995:281). Dit impliseer dat dieselfde werkpersoonlikheid wat al generasies bestaan aan rekrute oorgedra word en dat dit deur hulle hoofde versterk word sodra hulle na opleiding as polisiebeamptes begin diens doen. Volgens Barkan (1997:491) diskrimineer hierdie werkpersoonlikheid teenoor anderskleuriges en

vrouepolisiebeamptes. Die nuwe werkpersoonlikheid wat van die moderne polisiebeampte verwag word, word dus verdring deur dit wat die subkultuur voorskryf.

Van die moderne polisiebeampte word vereis om aan al die verwagtinge van hulle portuurs en toesighouers asook die media, gemeenskap en politici te voldoen. 'n Polisiebeampte wat dus die veranderde of moderne verwagtinge nastreef, kan sy of haar loopbaan benadeel aangesien dit bots met die subkultuur se waardes wat vir die ou garde van belang is. In die verband meld Champion en Rush (1997:77) dat "being considered 'soft', 'liberal', or having a 'social worker' mentality could easily ruin the career aspirations of young police officers". Indien 'n polisiebeampte meer empatie met die gemeenskap toon en alle kollegas oor dieselfde kam skeer, word sy vermoëns deur sy portuurs en die bestuur bevraagteken. Die rede hiervoor is dat hy as 'n persoon gesien word wat nie "regte" polisiewerk kan doen nie. 'n Belangrike aspek wat hier ter sprake is, is dat "macho" polisiebeamptes gewoonlik 'n klop op die skouer ontvang en as rolmodelle deur die bestuur voorgehou word. Diegene "not fitting the mold were ignored and isolated, a practice often sanctioned by managers" (Champion & Rush, 1997:78).

Hoewel daar veranderinge in die SAPD plaasvind, is die topbstuur hoofsaaklik manlik (vgl. Tabel 1, Hfst. 2). 'n Groot aantal blanke mans, afkomstig uit die "ou skool", lewer steeds insette oor hoe polisiëring en opleiding daar moet uitsien. Vereistes om sosiale, politieke, wetlike, en administratiewe verandering te laat plaasvind, kan dus vir hierdie persone problematies wees (Dantzker, 1995:1; Rwelamira, 1997:55).

Die houding van die "ou skool"-polisiebeamptes teenoor vroue en die nuwe generasie polisiebeamptes is gewoonlik negatief. Algemene redes wat hiervoor aangevoer word, is dat vroue nie "ware" polisiewerk kan doen nie en diegene wat nuwe rolle wil voorskryf, nie weet wat polisiëring werklik behels nie. As gevolg van hierdie benadering kan sommige vrouepolisiebeamptes blootgestel word aan seksuele teistering en ander wanpraktyke soos om bevordering terug te hou (Barkan, 1997:492).

Ofskoon vroue meestal oor al die kwaliteite beskik om die rol van die nuwe generasie polisiebeampte ten volle na te kom, word hulle nie so geredelik in die praktyk aanvaar nie (Barkan, 1997:492; Shusta et al., 1995:27; Thibault et al., 1995:41; Tracy-Sratton, 1986:307). Navorsing (Bezuidenhout & Theron, 2000:25) in Suid Afrika toon dat die meerderheid polisiebeamptes (84%) wat aan die studie deelgeneem het van mening is dat manlike en vroulike-

polisiebeamptes dieselfde take kan verrig. Ondanks hierdie mening dui die respondente ook aan dat vroue steeds meer administratiewe werk as manlike polisiebeamptes verrig en dat vrouepolisiebeamptes verkies dat die man die patrollievoertuig moet bestuur wanneer hulle saam werk. Die uniform wat vroue dra, dra daartoe by dat hulle as minder vroulik geëtiketteer word. Hierdie etiket veroorsaak in baie gevalle dat die vrouepolisiebeamptes wat saam met hulle manlike eweknieë werk as "staatsmatrasse" (seksueel promisku) uitgekryt word. Hierdie toedrag van sake veroorsaak rolkonflik (Bezuidenhout & Theron, 2000:27). Dit is negatief vir die polisie aangesien gelyke beregtiging wat deur wetgewing gereël word asook die implementering van 'n nuwe polisiëringstyl, naamlik gemeenskapspolisiëring belemmer kan word. Die rede hiervoor is dat vrouepolisiebeamptes 'n belangrike rol in die nuwe polisiëringstyl kan speel.

4.1.2.1 Gemeenskapspolisiëring

Gemeenskapspolisiëring het ongeveer drie dekades gelede (±1970) die lig gesien. Dit behels 'n vennnootskap tussen die polisie en die gemeenskap ten einde misdaad te bekamp en probleme in die gemeenskap op te los. Kenmerkend van gemeenskapspolisiëring is 'n nuwe filosofie waardeur die gemeenskap bemagtig word om vir die polisie behulpsaam te wees om woonbuurte en besigheidsentra misdaadvry te maak. Belangrike elemente wat hier ter sprake is, benewens vennootskapsluiting, is onder andere wedersydse vertroue, probleemoplossing, konsultasie, beskerming van menseregte, deursigtigheid, verandering van polisiëringstyl (proaktief i.p.v. reaktief), spanwerk, deelnemende bestuur, 'n breër polisierol, delegasie van gesag, wedersydse aanspreeklikheid, uitruil van inligting en sensitiewe mensgerigte polisiëring (Champion & Rush, 1997:97; Stevens & Yach, 1995:9; Trojanowicz, Kappeler, Gaines & Bucqueroux, 1998:5; Van Rooyen,1995:22; Watson et al., 1998:29).

Hoewel vroue dikwels nie as volwaardige polisiebeamptes beskou word nie vanweë die polisie-subkultuur se nie-aanvaarding van hulle nie, dui die vereistes wat aan die moderne gemeenskapspolisiëringsbeampte (GPB) gestel word daarop dat vroue met gemak in dié rol inpas. Ondanks die geskiktheid van vroue om as GPB's diens te verrig, word hulle effektiewe taakverrigting gedwarsboom deur dubbelstandaarde wat ten opsigte van vrouepolisiebeamptes gehandhaaf word. Een van die belangrikste wyses waarop hierdie dubbelstandaarde geopenbaar word, is deur vroue enersyds as kollegas te erken en om hulle andersyds aan seksuele teistering in die werksituasie bloot te stel.

4.1.3 Seksuele teistering

Navorsers (Champion & Rush, 1997:151) wys daarop dat die seksuele teistering van vroue in die beroepswêreld daagliks toeneem en daaraan toegeskryf kan word dat vroue sedert die 1970's toenemend die huishouding vir 'n beroep verruil het. Die verandering van die vrou se sosiale posisie om 'n keuse te kan uitoefen oor haar rol, naamlik óf om 'n tuisteskepper óf om 'n beroepsvrou te wees, is te danke aan die feminisme. Hierdie veranderinge het daartoe bygedra dat vroue tradisioneel manlike beroepe (bv. die polisie) as 'n loopbaan kan kies. Ten spyte van die deurbraak wat die feminisme gemaak het om gelyke beroepsgeleenthede vir vroue moontlik te maak, kom ongelyke behandeling steeds voor. 'n Wyse waarop die vrou van haar gelykheid met die man ontneem kan word, is deur seksuele teistering in die werksmilieu.

Verskeie outeurs wys daarop dat vrouepolisiebeamptes, net soos ander vroue wat beroepe beoefen, deur hulle manlike eweknieë seksueel geteister word (Barkan, 1997:492; Koss et al., 1994:133; Grennan, 1993:173; Shusta et al., 1995:47; Thibault et al., 1995:269). Ter ondersteuning hiervan word in 'n internetartikel (http://www.feminist.org/police/stats.html) vermeld dat meer as 90% polisievroue aan seksuele teistering blootgestel word. Seksuele teistering beteken nie net direkte seksuele toenadering nie, maar sluit ook suggestiewe opmerkings, grappies, voorstelle en aanraking in. In die verband word gekonstateer dat die "male-dominated police culture employs frequent sexual jokes and sexual harassment to limit women's behavioral options". Die meeste van die vroue (96%) waarna in die internetartikel verwys word, het dan ook emosionele probleme ervaar indien die seksuele teistering van 'n ernstige aard was of voortdurend plaasgevind het. Hierbenewens affekteer seksuele teistering meestal ook vroue se werksprestasie.

Mans word volgens waardes, wat die man as meer superieur as die vrou uitbeeld, gesosialiseer. Dit dra daartoe by dat mans spanning ervaar en bedreig voel wanneer vroue hulle "superieure" posisie probeer oorneem. Manlike polisiebeamptes wat bedreig word deur vroue-polisiebeamptes, wat hulle tradisioneel manlike domein betree, kan seksuele teistering gebruik om hulle meerderwaardigheid te probeer bewys. 'n Verdere bedreiging van die manlike identiteit en magsposisie kan plaasvind wanneer vroue op gelyke voet met mans aangestel word. 'n Wyse waarop mans probeer om hulle superieuriteit te bewys, is deur gebruik te maak van geslagsstereotipering (vgl. afd. 3.3). Dit impliseer dat vroue deur middel van onder andere seksistiese en seksueel gekleurde grappe, suggestiewe opmerkings, aanraking (bv. streel of

knyp) en geforseerde seksuele interaksie "op hulle plek" gesit word oftewel om vroue te laat "besef" dat hulle seksobjekte is wat nie met mans kan meeding nie.

Vroue wat met mans meeding in hierdie tradisioneel manlike arena oortree 'n kulturele stereotipe, naamlik dat vroue

- nie aggressief mag wees nie
- nie gehard of taai mag wees nie
- nie die vermoë besit om mans te beskerm nie
- veronderstel is om vroulik te wees en dus nie beroepe moet volg wat tradisioneel manlik is nie
- aangewese is om na die gesin om te sien en nie met mans in die beroepswêreld moet meeding nie

Hierdie vroue word dus geëtiketteer as vroue wat nie hulle vroulike rol in die samelewing wil nakom nie en gevolglik tradisionele geslagsvoorskrifte oortree (http://www.feminist.org/police/stats.html) (vgl. afd. 3.3). Navorsing (http://www.feminist.org/police/stats.html) wat in Brittanje onderneem is, toon dat 90% vroue wat weens swangerskap ophou werk, na die bevalling weer die beroepswêreld betree. In teenstelling hiermee keer slegs 1,6% polisievroue terug na hulle beroep as polisiebeampte nadat hulle 'n baba gehad het. Die verklarings wat hiervoor aangebied word, is dat hulle moontlik die tradisionele rol as versorger en opvoeder voltyds nakom of 'n beroep kies wat hulle nie aan die manlik gedomineerde polisiekultuur blootstel nie. Een van die belangrikste redes wat vroue in die verband aanvoer, is dat hullle onwillig is om terug te keer na 'n beroep waar seksuele teistering so algemeen voorkom. In die verband meld Shusta et al. (1995:47) dat seksuele teistering in sowel die privaatsektor as in staatsinstansies voorkom, maar "it is particulary a problem in law enforcement - an occupation that is still mostly male". Volgens hierdie vroue is dit die manlike karakter en die "macho"-beeld van die polisie wat seksuele teistering as't ware aanvuur. Die siening dat manlikheid bewys kan word deur vroue te laat swig voor manlike sjarme, is 'n eienskap van die polisiesubkultuur wat sedert sy ontstaan voorkom.

Vrouepolisiebeamptes swyg meestal wanneer hulle seksueel geteister word, aangesien hulle vrees dat hulle deur manlike senior offisiere, wat gewoonlik lede van die subkultuur is, benadeel sal word wanneer bevordering en ander voordele (bv. om 'n middag af te kry) ter sprake is (Holdaway & Parker, 1998:40; Thibault et al., 1995:269). Sommige polisievroue aanvaar die seksuele teistering gelate en wend geen poging aan om dit te beëindig nie aangesien hulle glo dat die "aanvaarding" daarvan positief deur hulle manlike seniors beoordeel sal word. Verder verkeer hulle ook soms onder die wanindruk dat dit belonings (bv. 'n verhoging of bevordering) sal meebring. In praktyk staan dit as "teenprestasie-teistering" bekend (Van Jaarsveld et al., 1999:339).

Sommige polisievroue lok seksuele teistering uit ten einde hulle posisie te verbeter of om na 'n hoër rang bevorder te word. Shusta et al.(1995:47) konstateer in die verband dat "women, too, can be offenders when they initiate sexual jokes or innuendos and use provocative language with men". Ter stawing hiervan meld Hal Brown (http://www.geocities.com/~halbrown/bogshrink7.htm) dat vroue se gebruik van hulle seksualiteit om seksuele teistering uit te lok ten einde hulle doelwitte te verwesenlik, algemeen in die polisie voorkom. Hierdie optrede is egter moeilik om te bewys aangesien manlike polisiebeamptes hulle meestal blind hou vir die gedrag omdat hulle soms self skuldig is aan seksuele teistering. Bezuidenhout en Theron (2000:26) se studie toon dat slegs 16% van die respondente die mening huldig dat vrouepolisiebeamptes hulle seksualiteit gebruik om voordele in die werkplek te bekom. Vyftig persent was dit egter eens dat toegewings meer geredelik in die geval van vroue gemaak word. Hierdie toegewings sluit onder andere in om nie skofte te werk nie en middae af te kry. 'n Swart respondent wat in sowel stedelike as plattelandse areas diens gedoen het, wys daarop dat hy daarvan bewus is dat sommige swart vrouepolisiebeamptes seksuele gunsies aan hulle manlike toesighouers bied vir voordele soos om 'n middag af te kry of om nie skofte te werk nie. Verder dien gemeld te word dat swart respondente aangedui het dat seksuele teistering nie in die swart kultuur bestaan nie. Sowel mans as vroue "mag" minnaars (*nyatsi*) hê solank as die huweliksmaat nie daarvan weet nie. Swart mense is ook nie soos blankes geneig om in die openbaar toenadering te soek nie, maar eerder in privaatheid. Die swart kultuur is ook verdraagsamer as die blanke kultuur rakende seksuele toenadering in die werksplek op voorwaarde dat dit nie in die teenwoordigheid van 'n ander plaasvind nie.

'n Verdere probleem is dat sommige bekwame vrouepolisiebeamptes "go along to get along" oftewel hulle aanvaar seksuele teistering gelate omdat hulle geen oplossing daarvoor sien nie.

Hierdie dilemma word verder gekompliseer deurdat sommige vroue wat in hoë bestuursposisies aangestel word, begin optree soos daar van hulle deur die manlike organisasiekultuur "verwag" word. Die vroue, wat betrokke is by kollektiewe (gemeenskaplike) beplanning, funksionering en besluitneming, aanvaar dat seksuele teistering die individu en nie die organisasie se probleem is nie. Hulle streef dus die gemeenskaplike siening na van hoe 'n polisiebeampte moet wees ondanks die nadele wat dit op seksuele vlak vir polisievroue kan inhou.

4.1.4 Fisieke krag

Algemene kritiek wat manlike polisiebeamptes opper wanneer vrouepolisiebeamptes se rolvervulling ter sprake is, is dat hulle nie aan die vereistes vir fisieke krag voldoen om polisiewerk na wense uit te voer nie. Tradisioneel het sowel die gemeenskap as manlike polisiebeamptes aangevoer dat polisiewerk fisieke krag vereis waaroor vroue nie beskik nie en dat hulle liefs tuis moet bly en werk verrig wat by die vrou se fisieke vermoëns pas. Volgens Muro (1980:43) dra twee stereotipes tot hierdie siening by. Eerstens word vroue oor die algemeen as te swak (emosioneel en fisiek) en besluitloos beskou. Tweedens word polisiebeamptes as taai, manlik en fisiek dominerend geëtiketteer. Hierdie sienings wat op die geslagsteorie berus, word gestaaf deur Mayhall et al. (1995:130) wat bevestig dat die meeste polisie-organisasies tydens rekrute-opleiding hoofsaaklik op die fisieke aspek van polisiëring fokus. Die temas wat gewoonlik tydens opleiding aandag ontvang, is selfverdediging, fiksheid, wapengebruik, voertuighantering (bestuurvaardighede), eerstehulp, polisieprosedures en strafreg. Soos reeds vermeld, spandeer moderne polisiebeampte minder as 20% van hulle tyd aan polisiëringstake wat vaardigheid in bogenoemde aktiwiteite vereis sodra hulle in die praktyk staan. Aspekte soos konflikhantering, probleemoplossing, diversiteitspolisiëring en gemeenskapspolisiëring is teenswoordig die hooftaak van polisiebeamptes.

Ondanks die siening dat fisieke krag en fiksheid *bona fide* eienskappe vir goeie polisiëring is, word daar nadat die basiese opleiding deurloop is selde geëvalueer in watter mate polisiebeamptes hulle fiksheid en krag in stand hou (Thibault et al., 1995:253). Die moontlikheid bestaan dus dat die fiksheid en krag wat by opleiding ter sprake was binne afsienbare tyd afneem. Ongeag 'n gebrek aan bewyse dat manlike polisiebeamptes se vlak van fiksheid en krag onveranderd bly, wys Barkan (1997:492) daarop dat manlike polisiebeamptes geneig is om eerder 'n ander manlike kollega saam met hulle te laat werk wanneer hulle 'n gevaarlike toneel ondersoek. In die verband meld hy dat "police work involves the potential for dangerous

confrontations with suspects and other citizens, women police officers face the additional burden of overcoming widespread doubts of their ability to handle themselves during such incidents".

Aangesien manlike polisiebeamptes vroue dikwels as die swakker geslag beskou, bestaan die neiging by hulle om paternalisties (vaderlik) teenoor vroulike kollegas op te tree. Dit beteken dat hierdie mans bekommerd is oor hulle vrouekollegas se veiligheid in 'n gevaarsituasie. Enersyds "beskerm" sommige mans die vroue deur ridderlik teenoor hulle op te tree en andersyds is daar manlike polisiebeamptes wat vroue doelbewus alleen in gevaarsituasies instuur om sodoende te bewys dat vroue nie oor die fisieke krag beskik om manswerk te doen nie. Laasgenoemde groep is dikwels ook traag om vroue by te staan as daar vir ondersteuning gevra word. Ter stawing hiervan meld Martin en Jurik (1996:68) die volgende: "Often, supervisors assigned women to dangerous foot beats alone (while men worked in pairs), overzealously enforced rules, depressed women's performance evaluations, sexually harassed them, and ignored women's mistreatment by fellow officers".

Volgens Grennan (2000:395-396) is daar manlike polisiebeamptes wat toegee dat vroue-polisiebeamptes, ondanks beperkte fisieke krag, in staat is om die polisiëringsrol suksesvol te kan uitvoer. Hulle erken ook dat die vroue gewoonlik oor beter interpersoonlike vaardighede as manlike polisiebeamptes beskik. In Bezuidenhout en Theron (2000:25) se studie het 75% polisiebeamptes die mening geopper dat vroue beter bevoeg as mans is om sekere sensitiewe sake soos verkragting, huishoudelike geweld, seksuele mishandeling en sake wat onderhandeling vereis, te hanteer

Ondanks hierdie vermoëns waaroor vrouepolisiebeamptes beskik, veroorsaak die tradisionele houdings wat deur die topbestuur gehandhaaf en deur die polisiesubkultuur ondersteun word, dat die persepsie van vroue as nie geskik vir polisiëring nie, bly voortbestaan. 'n Argument wat ter stawing hiervan geopper word, is dat vroue se gebrek aan fisieke krag meebring dat hulle nie die vereiste polisie-opleiding kan deurloop nie. Hulle opleiding moet dus aangepas word wat veroorsaak dat hulle nie ten volle toegerus is vir die polisiëringstaak nie. Die betekenisvolste tradisionele houding wat hier ter sprake is, is dat die polisierol 'n man se werk is wat fisieke krag vereis en slegs deur dapper mans uitgevoer kan word. Hierdie diepgewortelde houding het 'n invloed op die volgende veranderinge rakende vrouepolisiebeamptes:

Die suksesvolle implementering van sosiale verandering (bv. gelyke regte aan vroue) wat teenswoordig moet plaasvind, word deur negatiwiteit van manlike polisiebeamptes belemmer. In die lig hiervan kan gepostuleer word dat manlike polisiebeamptes (topbestuur ingesluit) wat die tradisionele houding huldig, dat vroue nie oor die fisieke vermoë beskik om 'n polisiebeampte te wees nie, die demokratisering van die polisie belemmer asook die houding van rekrute negatief beïnvloed.

Die bevordering van sosiale of gemeenskapshoudings teenoor die vrouepolisiebeampte word deur die organisatoriese en subkultuur wat bestaan, gestrem (Grennan, 1993:172; Grennan, 2000:394). Indien manlike beamptes nie vertroue in hulle vroulike eweknieë toon nie, sal dit vir die gemeenskap moeilik wees om 'n vertrouensverhouding met vrouepolisiebeamptes op te bou.

Die transformasieproses binne die SAPD en die rol van die vrouepolisiebeampte kan dus in so 'n mate benadeel word dat dit effektiewe polisiëring benadeel. Aleem (1991:v) meld in die verband dat gelyke status in polisiëringsrolle fundamenteel vir suksesvolle polisiëring. Daar is egter steeds weerstand, veral as vroue goed presteer of 'n hoër rang as 'n man beklee. Hierdie probleem kan moontlik deur verbeterde opleiding die hoof gebied word.

4.1.4.1 Opleiding

In die verlede het vroue aangepaste basiese opleiding (bv. minder klem op fisieke aktiwiteite) deurloop. Mans en vroue is meestal apart opgelei en vrouerekrute het beperkte opleiding in selfverdediging, wapenhantering, gevorderde motorvoertuigbestuur en patrollieprosedures ontvang (Muro, 1980:119; South Africa Yearbook, 1995:207). Sedert vroue tot aktiewe polisiëring toegelaat is, het opleidingstegnieke en -vereistes sodanig verander dat vroue dit met gemak kan deurloop. Volgens Joss (1994:37) is daar meer fokus op die bemeestering van verskillende vaardighede in plaas van net vaardighede wat fisieke krag vereis. Die tradisionele houding rakende fisieke krag en die opleiding van vroue is dus nie meer ter sprake nie aangesien daar groter klem gelê word op vaardigheid as op fisieke krag.

Hoewel opleiding teenswoordig meer behoeftegesentreer is, is daar polisiemagte wat steeds fisieke opleidingsvereistes stel. Dié opleiding wat meestal net deur mans deurloop kan word, sluit byvoorbeeld fisieke oefeninge soos wyegreepoptrekke ("pull-ups"), opstote ("push-ups") en

maatjie-dra ("buddy PT") in. Met die uitsondering van enkele vroue wat wel in staat is om hierdie fisieke opleiding te deurloop, ondervind die meeste vroue hiermee probleme omdat hulle nie oor genoeg fisieke krag beskik nie. Indien daar slegs op die fisieke vermoëns gefokus word, sal 'n groot aantal vroue as gevolg van hulle swakker fisieke vermoëns nie die opleiding suksesvol kan deurloop en polisiebeamptes word nie. Dit sou meebring dat vroue wat waarskynlik goed sal vaar in ander polisiëringstake soos konflikoplossing en die uitvoer van take wat 'n goeie balans verg soos om op 'n dun balk te loop (iets wat vroue gewoonlik beter as mans doen) van polisiëring uitgesluit word. Muro (1980:101) benadruk die moontlikheid dat 'n vrou wat nie goed vaar in een faset nie, moontlik beter in 'n ander faset van die werk sal vaar. In die verband maak sy die volgende stelling ten opsigte van polisie-opleidingsinstansies: "Some ... have revised their requirements, not because they discriminated against women who have less physical strength than men, but because they were not really relevant to the actual work of a police officer". Hieruit kan afgelei word dat polisie-opleidingsinstansies meer fokus moet plaas op diversiteit, aangesien sowel manlike as vroulike polisiebeamptes bepaalde rolle het om te vervul. Opleiding moet derhalwe op so 'n manier gestruktureer word dat die legio uitdagings waarmee die moderne polisiebeampte gekonfronteer word, aangespreek kan word.

'n Studie (http://www.ncjrs.org/unojust/policing/rea641.htm) wat Pagon en Lobnikar (1996) onderneem het, het aan die lig gebring dat vroue wat by die polisie aansluit positief is oor polisiëring, aangesien hulle van mening is dat dit 'n diverse beroep is wat geleenthede bied om onder andere met mense te werk, die gemeenskap van diens te wees en die geleentheid tot persoonlike groei bied. Die meeste van hierdie vroue het egter na hulle opleiding aangedui dat hulle ontnugter en sinies oor 'n beroep in die polisie is. Die rede wat hulle hiervoor aanvoer, is dat die opleiding militaristies van aard is en nie verband hou met die beroepsvervulling wat hulle geantisipeer het nie. Volgens bogenoemde navorsers kan die probleem oorbrug word deur tydens die werwing van vrouepolisiebeamptes en gedurende hulle opleiding meer klem te plaas op diversiteit, die sosiale dimensies van polisiëring en die geleentheid om persoonlik te groei. 'n Positiewe opleidingservaring sal ook tot 'n meer positiewe houding teenoor die rol van die vrou in die polisie bydra. Manlike opleidingsbeamptes wat nog nie van hulle vooroordeel, teenoor die vrou, afgesien het nie, moet sensitiseringskursusse deurloop. Indien hulle nie die nodige veranderinge kan aanbring om alle mense te akkommodeer nie, moet hulle na 'n ander afdeling van die polisiediens oorgeplaas word waar hulle nie negatiewe houdings teenoor vrouepolisiebeamptes en die beroep kan versterk nie. Deur die kwaliteit van opleiding te verbeter, sal vroue se ontnugtering of siniese ingesteldheid na opleiding in 'n groot mate

uitgewis kan word. Dit sal weer bydra tot die bevordering van die polisievrou se selfbeeld. Opleiding moet dus sodanig aangepas word om te verseker dat die spesifieke behoeftes en eienskappe van vroue geakkommodeer word (http://www.ncjrs.org/unojust/policing/rea641.htm). Indien dit gebeur, sal vroue hulle beroepsprestasie kan verbeter.

4.1.5 Prestasie van vrouepolisiebeamptes teenoor manlike polisiebeamptes

Die eerste studie wat op beroepsprestasie van vrouepolisiebeamptes betrekking het, is gedurende 1973 in Washington D.C., deur die Police Foundation onderneem. Die gevolgtrekking wat op grond van die bevindings gemaak is, is dat vrouepolisiebeamptes bevredigend presteer. Hierdie bevinding was van besondere betekenis aangesien dit die argument weerlê het dat vrouepolisiebeamptes nie die fisiek veeleisende aard van die werk wat 'n polisiebeampte moet verrig, sal kan bemeester nie (Roberg & Kuykendall,1993:381).

Sedert die 1990's word vrouepolisiebeamptes se beroepsprestasie toenemend wetenskaplik vergelyk met dié van manlike polisiebeamptes. Tot en met die 1980's was daar beperkte wetenskaplike uitsluitsel oor hoe vroue teenoor mans in die polisie vaar. In die verband meld Tracy-Stratton (1986:317) dat die meeste aannames oor vrouepolisiebeamptes se beroepsprestasie gebaseer was op seksistiese stereotipes. Hierdie toedrag van sake is verder bevorder deur die geneigdheid wat onder manlike polisiebeamptes bestaan om sodra 'n bepaalde vrou swak presteer, alle vroulike polisielede oor dieselfde kam te skeer. Die sosiale identiteitsteorie (selfkategorisering) verwys hierna as die ontwikkeling van 'n prototipe (vgl. afd. 3.2). Manlike polisiebeamptes se siening en verwagtinge dra derhalwe daartoe by dat die in-groep (mans) se persepsie van die uit-groep (vroue) 'n selfvervullende profesie word. Sienings soos onder andere dat vroue slegs huishoudelike take moet verrig, nie oor genoeg fisieke krag beskik om polisiëringstake uit te voer nie en nie "manswerk" moet doen nie, maak deel uit van wat hulle van vroue verwag.

Die belangrikste bevindings rakende ooreenkomste en verskille tussen manlike en vroulike polisiebeamptes se prestasie wat na vore gekom het in die meeste studies wat na 1973 onderneem is, sal vervolgens bespreek word (Aleem, 1991:40; Cox & Fitzgerald,1992:147; Flowers, 1987:170; Grennan, 2000:394; http://www.feminist.org/police/ncwpAbout.html; Martin & Jurik, 1996:86; Roberg & Kuykendall, 1993:381-382; Shusta et al.,1995:51; Tracy-Stratton,1986:312-313; Thibault et al., 1995:254-255):

- **Ooreenkomste tussen manlike en vroulike polisiebeamptes**

- Vrouepolisiebeamptes presteer net so goed soos manlike polisiebeamptes in die uitvoering van polisiëringstake.

- Vrouepolisiebeamptes reageer net so effektief op oproepe om gevaarsituasies te ontlont as mans en tree net so bekwaam soos manlike polisiebeamptes in hierdie situasies op.

- Vrouepolisiebeamptes doen patrolliewerk net so effektief soos manlike polisiebeamptes.

- Die aantal arrestasies wat deur manlike en vroulike polisiebeamptes uitgevoer word begin toenemend dieselfde mate van sukses vertoon, hoewel vroue steeds minder persone as mans arresteer.

- Die publiek beskou vrouepolisiebeamptes as net so bekwaam soos manlike polisiebeamptes.

- **Verskille tussen manlike en vroulike polisiebeamptes**

- Vrouepolisiebeamptes is meer effektief tydens die ontlonting van potensiële gewelddadige situasies as manlike polisiebeamptes.

- Vrouepolisiebeamptes vertoon 'n minder aggressiewe polisiëringstyl as manlike polisiebeamptes.

- Vrouepolisiebeamptes word minder as manlike polisiebeamptes aangekla van onbevoegde optrede

- Vrouepolisiebeamptes hanteer diensoproepe en versoeke (bv. familietwis) beter as hulle manlike eweknieë

- Vrouepolisiebeamptes word deur die algemene publiek as aangenamer en bekwamer as manlike polisiebeamptes beskou

- Vrouepolisiebeamptes word met meer respek as manlike polisiebeamptes deur die gemeenskap behandel.

- In teenstelling met manlike polisiebeamptes ondervind vrouepolisiebeamptes minder teenkanting of verset van manlike oortreders wat deur hulle gearresteer word.

- Polisiestasies word gewoonlik hoër aangeslaan nadat 'n klaer kontak met 'n vrouepolisie-beampte gehad het as wanneer die kontak met 'n manlike polisiebeampte was.

- Vrouepolisiebeamptes is minder geneig as manlike beamptes om hulle vuurwapens in gevaarsituasies te gebruik.

- Vrouepolisiebeamptes is minder geneig as hulle manlike eweknieë om 'n lid van die publiek ernstig te beseer.

- Vrouepolisiebeamptes word as emosioneel meer stabiel as hulle manlike eweknieë beskryf.

- Vrouepolisiebeamptes word as meer sensitief en hulpvaardig teenoor gemeenskaplede se behoeftes beskryf as hulle manlike kollegas.

- In teenstelling met die manlike polisiebeampte beskik vrouepolisiebeamptes nie oor die fisieke krag om 'n situasie waar die oortreder sterk, groot of onder die invloed van sekere dwelmmiddels (bv. kokaïene) is, onder beheer te bring nie.

- Vrouepolisiebeamptes is geneig om minder as hulle manlike eweknieë by voorkomende aksies betrokke te raak (bv. om 'n verdagte voetganger of bestuurder van 'n motorvoertuig voor te keer).

Hoewel die bostaande verskille en ooreenkomste hoofsaaklik impliseer dat vroue meestal goed vaar in die uitvoer van polisiëringstake word dit nie noodwendig deur alle manlike polisie-beamptes as sodanig aanvaar nie. 'n Belangrike rede wat Martin en Jurik (1996:64) hiervoor aanvoer, is dat manlike polisiebeamptes hulle polisiëringsrol interpreteer aan die hand van tradisionele kriteria wat ten opsigte van "manlikheid" en "vroulikheid" geld.

Hiervolgens word alle polisiëringstake deur manlike polisiebeamptes as "manlik" geïnterpreteer en glo hulle dat vroue (die prototipe) nie in staat is om hulle domein te betree nie. Hierdie mans se definiërring van polisiëring is aksiegeoriënteerd, gewelddadig, onvoorspelbaar en bring mee dat hulle "werklike polisiëring" bloot sien as misdaadbekamping. Hierdie siening wat sedert die ontstaan van die polisie beslag gekry het en die kern van die polisiëringsidentiteit vorm, laat dus nie ruimte vir vroue nie aangesien fisieke krag wat vereis word, ontbreek. Alle prestasies word dus in terme van fisieke vermoëns omskryf. Sedert vroue die beroepswêreld betree het, het hierdie sienswyse veroorsaak dat polisiëring een van die beroepe was wat grootliks vir vroue ontoeganklik was omdat fisieke krag van tyd tot tyd wel 'n rol speel. Mans interpreteer hulle polisiëringsrol aan die hand van hierdie unieke bate/voordeel wat hulle het. 'n Uitvloeisel hiervan is dat manlike polisiebeamptes gewoonlik vyandig teenoor vroue staan wanneer patrolliewerk en arrestasies ter sprake is. Sodra 'n vrou dus saam met 'n man toegewys word om patrolliediens te verrig, voel die man dat sy fisieke krag as irrelevant beskou word (persoonlike en groepidentiteit word dus bedreig) en indien hy in 'n fisieke konfrontasie betrokke raak, die vrou hom in sy optrede sal strem. In die verband word veral geglo dat sy hom nie sal kan bystaan en presteer soos 'n "goeie" polisiebeampte veronderstel is om te presteer nie. Vrouepolisiebeamptes is volgens manlike polisiebeamptes nie betroubaar in gevaarlike situasies nie. Ter stawing hiervan meld Martin en Jurik (1996:65) dat

> if woman cannot be trusted to aid their partners in physical confrontations, they threaten one of the basic norms of police work. Many men assert that they patrol in a more cautious (and, in their view, less effective) way with a woman partner.

Vrouepolisiebeamptes word ook deur sommige manlike polisiebeamptes as verstandelik onopgewasse vir polisiewerk beskou. Hierdie siening berus op 'n aanname van manlike polisiebeamptes dat die vrou nie respek by die publiek kan afdwing nie. Volgens Bezuidenhout en Theron (2000:25) se navorsing het 42% manlike en 17% vroulike polisiebeamptes die mening uitgespreek dat vrouepolisiebeamptes nie deur die publiek met dieselfde mate van respek as hulle manlike eweknieë bejeën word nie. Volgens die respondente is dit veral in situasies wat fisiese krag vereis waar vrouepolisiebeamptes nie in dieselfde mate as manlike polisiebeamptes gerespekteer word nie. In hierdie verband word die vroulike liggaamsbou as die probleem geëien. In teenstelling met hierdie siening wat veral deur 'n groot aantal manlike polisiebeamptes gehuldig word, toon resente studies (Grennan, 2000:396; http://www.feminist.org/police/copgap.html) dat vrouepolisiebeamptes net so opgewasse vir die polisiëringstaak as hulle manlike eweknieë is en ook net soveel en selfs meer respek afdwing.

Tewens, daar is sekere gevaarsituasies wat beter deur vrouepolisiebeamptes as deur manlike polisiebeamptes hanteer word. Die volgende stelling staaf hierdie aanname:

> Exhaustive national and international research shows that women not only do the job of policing as well as men, but that increasing the numbers of women in police departments measurably reduces police violence and improves police response to domestic violence ... this record stands in stark contrast to women's dramatic under-representation in police departments ..., women are concentrated in the lowest ranks and endure widespread discrimination and sexual harassment (http://www.feminist.org/police/copgap.html).

Uit bostaande blyk dit dat vrouepolisiebeamptes sekere take, soos onder andere konflikoplossing en slagofferbystand (bv. verkragting- en kinderslagoffers), met meer gemak as manlike polisiebeamptes hanteer. In aansluiting hierby meld Grennan (2000:396) dat vroulike en manlike polisiebeamptes soortgelyk presteer in die uitvoering van hulle pligte. Verder kom daar ook nie betekenisvolle verskille voor ten opsigte van beserings wat opgedoen word tydens die ontlonting van gevaarsituasies nie. In verskeie studies (http://www.feminist.org/police/ncwpAbout.html) is gevind dat manlike polisiebeamptes meer geneig is as vrouepolisiebeamptes om hulle vuurwapens in 'n konfliksituasie te gebruik. Vroue gebruik ook minder onnodige geweld in situasies waarin manlike polisiebeamptes geneig is om geweld te gebruik. In teenstelling met manlike polisiebeamptes is vrouepolisiebeamptes, hetsy alleen of saam met 'n kollega, meer bereidwillig om by gewelddadige konfrontasies betrokke te raak, ongeag die moontlikheid van besering of die dood. Hoewel manlike en vroulike polisiebeamptes ten opsigte van die uitvoer van diverse take verskille vertoon, kom daar nie verskille voor wanneer hulle polisiëringsvermoë in die algemeen beoordeel word nie.

Bogenoemde studies het egter ook aan die lig gebring dat hoewel die vrouepolisiebeamptes net so bekwaam soos hulle manlike eweknieë is, hulle desnieteenstaande blootgestel word aan diskriminasie ten opsigte van rolvervulling.

4.1.5.1 Diskriminasie en rolvervulling

Diskriminasie teenoor vrouepolisiebeamptes kom op alle vlakke voor. Ofskoon die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet 108 van 1996, Artikel 181(1)(d) asook verskeie ander wette soos onder andere die Wet op Arbeidsverhoudinge, Wet 66 van 1995, en die Wet op Billike Werksgeleenthede van 1998 bepaal dat daar nie teen vroue gediskrimineer mag word nie, kom dit steeds in die praktyk voor (Kadalie, 1995:3; Kiesouw, 1994:14). Verskeie navorsers

(Grennan, 2000; Holdaway & Parker, 1998; Koss et al., 1994; Lunneborg, 1989; Shusta et al., 1995; http://www.up.ac.za/gender/genfocus.htm; http://www.ncjrs.org/unojust/policing/rea641.htm) skryf die stand van sake daaraan toe dat manlike polisiebeamptes in 'n groot mate vroue-polisiebeamptes se werksure en rolomskrywing beheer.

Volgens Shusta et al. (1995:49) word dubbelstandaarde in die polisie gehandhaaf. Ter illustrasie hiervan meld hulle dat die meeste vrouepolisiebeamptes in die studie wat hulle onderneem het, aangedui het dat "they had to perform better just to be measured as being equal to male officers - a double standard". Hierdie dubbelstandaard geld ook ten opsigte van kleur. Dit is veral swart vrouepolisiebeamptes wat aan dubbelstandaarde en dubbele marginaliteit blootgestel is. Manlike polisiebeamptes beskou swart vrouepolisiebeamptes bloot as "swart" of as "vroue" en nie as "polisiebeamptes" wat 'n betekenisvolle rol kan speel in polisiëring nie (Cox & Fitzgerald, 1992;150; Martin & Jurik, 1996:59) (vgl. ook afd. 3.1 rakende swart feminisme).

Manlike polisiebeamptes is ook geneig om spesifieke take aan vrouepolisiebeamptes toe te wys, soos om jeugprobleme of gesinsgeweldsake te hanteer. Vrouepolisiebeamptes moet gewoonlik ook tydens vergaderings die notules neem en huishoudelike take vervul soos om tee en koffie te maak. Volgens Holdaway en Parker (1998:45-46) word teen 'n groot aantal vroue-polisiebeamptes gediskrimineer deur hulle nie aan te wend vir die take wat hulle graag sou wou verrig nie. Gevolglik veroorsaak die rolle wat hulle vervul, frustrasie. Hoewel vrouepolisie-beamptes aandui dat hulle verkies om met jeugdiges en sake waar gesinsprobleme ter sprake is te werk, meen Holdaway en Parker (1998:45) dat die keuse moontlik daaruit voortspruit dat vrouepolisiebeamptes mettertyd manlike eweknieë se definisie van die polisie-beampte se rol aanvaar en internaliseer. In die verband meld hulle dat "women officers were as enmeshed in the occupational culture as their male colleaques". Alhoewel Martin en Jurik (1996:80-81) toegee dat daar nie betekenisvolle navorsing oor vroue se aanvaarding van 'n manlik gedefinieerde rol bestaan nie, meen hulle dat die bestaan hiervan wel afgelei kan word uit die gelatenheid waarmee vroue hulle rol aanvaar.

Volgens Grennan (2000:395) het die meeste manlike polisiebeamptes nie genoeg vertroue in vrouepolisiebeamptes se vermoëns om saam met hulle te werk nie. In die verband konstateer hy dat "male officers expressed and demonstrated a lack of confidence in female peers" en meld ook dat 'n observasiestudie wat in Atlanta, VSA, oor die bestek van 'n jaar gedoen is, getoon het dat wanneer oproepe ontvang is om potensiëel gevaarlike situasies te ondersoek,

manlike polisiebeamptes sonder uitsondering gestuur is. Die manlike polisiebeamptes het ook in die meeste gevalle die leiding geneem op die tonele ondanks die teenwoordigheid van vroue-polisiebeamptes. Ondanks die mans se aanvaarding van die dominante of leiersrol het vroue-polisiebeamptes aangedui dat hulle verkies om saam met 'n manlike kollega in plaas van 'n vroulike kollega te werk. Hierdie voorkeur word deur die meeste vrouepolisiebeamptes wat aan die studie deelgeneem het, verklaar op grond daarvan dat hulle meer vertroue in manlike polisiebeamptes se polisiëringsvaardighede as in dié van vroue het. Manlike polisiebeamptes het weer op hulle beurt aangedui dat beskerming onvoldoende was wanneer vroue-polisiebeamptes saam met hulle gevaarlike polisiëringstake moes uitvoer (Remmington, 1981:167). Die rede waarom veilige rolle meer gereeld aan vrouepolisiebeamptes toegeken word en hulle dit ook aanvaar, kan toegeskryf word aan geslagsrolstereotipes en dat sowel vroue as mans gesosialiseer is om die man as beskermer te sien (vgl. afd. 3.3). Swart respondente wat aan Bezuidenhout en Theron (2000:26) se ondersoek deelgeneem het, het aangedui dat vroue gesosialiseer word om alle huishoudelike take te verrig, terwyl mans gesosialiseer word om manlike take te verrig en beskou moet word as die hoof van die vrou.

Flowers (1989:170) voer in die verband aan dat sowel manlike onderoffisiere as offisiere se probleme om vrouepolisiebeamptes met dieselfde rang, as hulle gelykes te aanvaar, voortspruit uit hulle kulturele rol as beskermers van vroue. Indien hulle die vrou as gelyke aanvaar, moet dié rol prysgegee word. In teenstelling hiermee toon Bezuidenhout en Theron (2000:27) se studie dat die meerderheid polisiebeamptes (92%) van mening is dat vrouebevelvoerders dieselfde outoriteit as manlike bevelvoerders afdwing. Volgens hierdie respondente bepaal bestuurstyl, eerder as geslag, die houding van ondergeskiktes teenoor die bevelvoerder. Diegene wat nie hiermee saamgestem het nie (6%), was van mening dat vroue se selfbeeld nie genoegsaam ontwikkel is om gesag af te dwing nie. Vroulike toesighouers is dus eerder geneig om die vrede te bewaar en probleme nie direk aan te spreek nie, ten einde hulle populariteit te behou. Sommige respondente (16%) het aangedui dat hulle sal verkies om persoonlike probleme met 'n vrouebevelvoerder te bespreek aangesien sy meer empaties sal wees.

Volgens Hal Brown (http://www.geocities.com/~halbrown/bogshrink7.htm) doen die meeste vrouepolisiebeamptes wat manlike beamptes van hulle verwag en tree hulle ook op so 'n wyse op dat hulle aanvaar word. Ter stawing hiervan wys Grennan (2000:395) daarop dat manlike polisiebeamptes meestal die inisiatief neem om aan vrouepolisiebeamptes voor te skryf en dat hulle geneig is om beskerming te bied sonder dat die vroue daarvoor vra. In teenstelling

hiermee voel manlike polisiebeamptes bedreig deur 'n vrouepolisiebeampte wat haar "man" kan staan. Hoewel manlike polisiebeamptes 'n voorkeur het vir kollegas wat kan veg, taai is en hulle kan ondersteun as dit nodig is, word vroue nie as die ideaal gesien om so 'n posisie te vul nie. Ter ondersteuning voer hulle aan dat "women are slower to get permanent scout cars and are assigned to quieter beats and to the station house more often than men with similar seniority". Dit spruit voort uit die kulturele siening dat vroue nie veronderstel is om te veg, taai te wees en 'n man in 'n gevaarlike situasie te ondersteun nie. Hoe meer 'n vrou dus in ooreenstemming met die verwagte optrede van 'n polisieman optree, hoe minder tree sy soos 'n vrou op en hoe onaanvaarbaarder word sy vir haar manlike kollegas. Ongeag of vrouepolisiebeamptes soos kollegas probeer optree "woman officers were nevertheless policed by their male colleaques and excluded from the fulfilment of their aspirations" (Holdaway & Parker,1998:49).

Die spanning wat deur hierdie rolkonflik veroorsaak word, die konflik tussen die verwagtinge wat as polisiebeampte gekoester word asook die eise wat deur 'n huisgesin gestel kan word, plaas die vrouepolisiebeampte in 'n moeilike situasie. Enersyds bestaan die behoefte om haar beroepsdoelwitte te bereik en in harmonie met manlike kollegas te funksioneer. Andersyds streef vrouepolisiebeamptes daarna om 'n normale gesinslewe te hê. Manlike polisiebeamptes se vyandigheid en nie-aanvaarding dra dikwels daartoe by dat vrouepolisiebeamptes nie altyd werksbevrediging ervaar nie.

Verskillende vorme van diskriminasie, soos om nie bevorder te word nie (ofskoon daar aan alle kriteria vir bevordering voldoen word), terwyl manlike kollegas wel bevordering kry, kom voor. Verder dra spesifieke rolvoorskrifte wat deur manlike toesighouers neergelê word, by tot 'n tweeledige diskriminasie probleem. Enersyds word polisiebeamptes geëvalueer aan die hand van hulle arrestasiesyfers en misdaadbekampingsinisiatiewe. Manlike toesighouers wat van oordeel is dat vrouepolisiebeamptes slegs rolle soos slagofferondersteuning kan vervul, sal hulle nie positief evalueer wanneer hulle misdaadvoorkomingsrol beoordeel word nie. In die verband meld Grennan (2000:396) dat "advancement in rank for female officers is proportionately lower than that of male officers, and therefore female officers are finding it difficult to attain leadership positions in many police agencies". Vrouepolisiebeamptes is onderverteenwoordig in polisie-instellings regoor die wêreld wat sowel bestuursposte as algemene mensekrag verteenwoordiging betref (http://www.feminist.org/police/ncweAbout.html) (vgl. Tabelle 1 en 2, Hfst. 2). Andersyds dra spesifieke rolvoorskrifte, werksontevredenheid en problematiek rondom bevordering daartoe by dat die polisie een van dié instellings is wat die

hoogste vroulike personeelomsetsyfer het in vergelyking met alle instellings (Grennan, 2000:396). Die implikasie hiervan is dat daar voortdurend 'n groter aantal vrouepolisierekrute gewerf moet word om die vroulike verteenwoordiging wat deur wetgewing of regstellende aksie voorgeskryf word, te handhaaf.

Vrouepolisiebeamptes ervaar dikwels ook diskriminasie wanneer hulle privaatlewe met hulle polisierol inmeng. Holdaway en Parker (1998:53) wys in die verband daarop dat vrouepolisiebeamptes nie toegelaat word om 'n ouer te wees wanneer hulle aan diens is nie. Vrouebeamptes wat besware opper om byvoorbeeld oortyd te werk vanweë huishoudelike verpligtinge soos die versorging van kinders, word deur manlike kollegas as onbevoeg vir polisiëring beskou. Aangesien vroue tradisioneel as die versorgers van die gesin beskou word, verwag die meeste vrouepolisiebeamptes se eggenotes of lewensmaats dat hulle met dié taak moet voortgaan ondanks hulle beroepsvereistes. Dit bring mee dat konflik oor die beroeps- en gesinsrol by sommige vrouepolisiebeamptes ontstaan. In die verband meld Tracy-Stratton (1986:318) dat 'n groot aantal polisievroue nie tevrede voel oor hoe hulle hul rolle as vrou, moeder, vriendin, seksmaat en tuisteskepper vertolk nie. Terselfdertryd ervaar hulle ook ontevredenheid met hulle vertolking van die rol as polisiebeampte aangesien hulle nie aan alle verwagtinge kan voldoen nie. Dit dra daartoe by dat hierdie polisiebeamptes meestal nie tyd vir hulle verhoudingslewe en vir hulleself het nie wat weer aanleiding gee tot gevoelens van uitputting, depressie en lusteloosheid. Die vrouepolisiebeampte (getroud, enkelouer of saamwoon) moet in die meeste gevalle (80%) 'n huishouding bestuur en na die kinders omsien (bv. tuisbly as 'n kind siek is). Verder word van hulle verwag om hulle mans of lewensmaats emosioneel te ondersteun aangesien dié gewoonlik 'n probleem het met die aard van polisiëring. Hiermee word bedoel dat vrouepolisiebeamptes gewoonlik lang ure saam met ander mans in patrollievoertuie spandeer, skofte moet werk, elemente van gevaar altyd aanwesig is en oortyd moet werk, soms sonder vooraf kennisgewing. Bezuidenhout en Theron (2000:27) het gevind dat 58% van hulle navorsingsdeelnemers glo dat vroue negatief deur hulle werkomgewing beïnvloed word en dat die aard van polisiëring hulle emosioneel afstomp. In sommige gevalle ontstaan huweliksprobleme as gevolg van die feit dat beamptes van die teenoorgestelde geslag saamwerk of patrolleer.

Volgens Cox en Fitgerald (1992:147) ervaar manlike polisiebeamptes ook probleme as gevolg van die teenwoordigheid van vrouepolisiebeamptes. Die mans se huweliks- of lewensmaats is meestal ongelukkig as hulle verneem dat hulle mans of lewensmaats voertuie of kantore met

vrouepolisiebeamptes deel en lang ure saam met hulle moet deurbring. Hierdie ongelukkigheid is tweeledig van aard. Enersyds is die vroue van oordeel dat vrouepolisiebeamptes nie oor die vermoë beskik om hulle kêrel of man in 'n gevaarlike situasie by te staan nie. Dit versterk dus die standpunt wat deur 'n groot aantal manlike polisiebeamptes gedeel word. Andersyds is hierdie vroue jaloers en bang dat hulle mans 'n verhouding met 'n vrouepolisiebeampte sal aanknoop. Hierdie jaloesie spruit voort uit die reëling dat manlike en vroulike polisiebeamptes wat saam in 'n patrollievoertuig is, gewoonlik 'n skof van 12 ure in mekaar se geselskap deurbring. Gedurende hierdie tyd word sowel werk- as persoonlike probleme bespreek. Die emosionele en fisieke ondersteuning wat die beamptes aan mekaar bied, dra in die meeste gevalle daartoe by dat 'n hegte band tussen die partye gevorm word. Manlike polisiebeamptes verkies ook meestal 'n vrouepolisiebeampte as 'n vertroueling. Dit bring mee dat 'n vertrouensverhouding geskep word wat hulle nader aan mekaar bring. In sommige gevalle is die resultaat hiervan 'n liefdesverhouding tussen die twee polisiebeamptes. 'n Ander element wat hier ter sprake is, is dat hulle mekaar se lewens moet beskerm. Die elemente van vrees en veiligheid dra verder daartoe by dat die man en vrou emosioneel nader aan mekaar beweeg. Jacobs (1987:5) meen dat manlike polisiebeamptes se aanvaarding van vrouepolisiebeamptes toenemend verbeter as gevolg daarvan dat hulle vrouebeamptes in hulle vertroue kan neem. Hierdie vertrouensverhouding skep by sommige vrouepolisiebeamptes die geloof dat hulle manlike kollegas (spesifiek die een saam met wie 'n skof gewerk word) hulle sal beskerm en ondersteun om beroepsgewys te presteer. Beskerming is veral ter sprake wanneer ander manlike kollegas aandag aan die spesifieke manlike polisiebeampte se vroulike kollega begin skenk of hom spot oor sy "verhouding" met haar. 'n Ander aspek wat hier van belang is, is dat manlike polisiebeamptes wie se vrouekollegas deur ander manlike kollegas die hof gemaak of aan aandag geskenk word, in sommige gevalle jaloers raak daaroor.

Volgens Lobel (1993:136-152) vind buite-egtelike verhoudings plaas ongeag die beroep wat bekleë word. Sommige beroepe (bv. die polisie) bied wel meer geleenthede as ander en leen hulle wel tot die ontstaan van hierdie tipe verhoudinge. Wat wel van belang is, is die vertroue in mekaar wat tussen huwelikspare bestaan, die aard van die persone wat betrokke raak se verhouding met hulle betekenisvolle ander, hulle karakter en die behoefte om by 'n kollega betrokke te raak. Aangetrokkenheid tot mekaar is ook 'n belangrike element wat hier ter sprake is. Hoe meer 'n persoon betrokke wil wees by 'n medewerker en hoe meer daarna uitgesien word om by die persoon te wees, hoe meer neem die aangetrokkenheid tot en behoeftes om by jou verhoudingsmaat te wees af.

Jacobs (1987:5) het ook gevind dat daar 'n verskil bestaan tussen die sienings wat gehuldig word deur vrouepolisiebeamptes wat voor 1980 en daarna by die polisie aangesluit het. 'n Groter aantal vrouepolisiebeamptes wat voor 1980 by die polisie aangesluit het, is negatief teenoor die manlike aard van polisiëring en die rolle wat aan hulle toegewys was as dié wat daarna aangesluit het. Diegene wat na 1980 tot die polisie toegetree het, wys daarop dat die grootste probleem is om deur manlike polisiebeamptes aanvaar te word. Hoewel 'n groot aantal van hierdie vrouepolisiebeamptes hulle verhoudings met manlike kollegas as na aanmekaar ("close") beskryf, is die aard daarvan dat hulle soos 'n suster, moederfiguur of vertroueling behandel word. Hierdie vroue word deur hulle manlike kollegas as vroue behandel en nie soseer as kollegas beskou nie. In die verband meld Jacobs (1987:5) dat

> treating the female officer as a mother figure, as a source of compassion and understanding, only reinforces the female officer's exclusion from the "club". What these women describe as feeling close is really a typical male-female relationship.

Jacobs (1987:6) se navorsing toon dat hoewel manlike polisiebeamptes hulle houding op 'n persoonlike vlak teenoor 'n vrouepolisiebeampte kan verander oftewel wanneer hulle 'n fisieke of liefdesverhouding het, hulle nie hul houding teenoor die vrouepolisiebeamptes in die algemeen kan verander nie. In die verband blyk dit dat daar nooit volledige aanvaarding tussen manlike en vrouepolisiebeamptes sal wees nie. Hierdie bevinding stem ooreen met Tajfel (1981:230) se postulaat, naamlik dat manlike polisiebeamptes hulleself as die "ons"-groep beskou en hoe meer vroue tot die polisiediens toetree, hoe meer sal hulle sosiale identiteit bedreig word. Onbewustelike selfverheffing waartydens groepverskille (verskille tussen die manlike en vroulike polisiebeamptes) beklemtoon word, is dus hier ter sprake (vgl. afd. 3.2). In aansluiting by bogenoemde standpunt, meld Molden (1985:12, 62) dat die mites wat oor vroue-polisiebeamptes bestaan ook daartoe kan bydra dat sowel hulle manlike kollegas as sommige gemeenskapslede probleme sal ondervind om hulle as polisiebeamptes te aanvaar.

4.1.5.2 Mites rakende die vrouepolisiebeampte

In die lig van Molden (1985: 12; 62) se stelling hierbo kan die afleiding gemaak word dat vroue-polisiebeamptes as gewone vroue en nie as polisiebeamptes gesien word. Die volgende mites dra veral by tot hierdie probleem:

- Vrouepolisiebeamptes raak seksueel en romanties betrokke by hulle manlike kollegas

Hoewel nie ontken kan word dat seksuele interaksie tussen sommige manlike en vrouekollegas plaasvind en dat huwelike opgebreek word nie, is dit nie beperk tot die polisie nie, maar 'n verskynsel wat wêreldwyd in alle werksituasies waar mans en vroue saamwerk, voorkom. Benewens dat dit vergesog is om te beweer dat alle polisievroue verhoudings met hulle manlike kollegas sou wou hê, blyk dit ook dat vrouepolisiebeamptes in 'n mindere mate as hulle manlike eweknieë geneig is om verhoudings met kollegas aan te knoop.

- Vrouepolisiebeamptes kan nie fisieke verdedigingstegnieke gebruik nie, omdat hulle nie sterk en taai genoeg is nie

Volgens díe siening kan hulle nie manlike kollegas in byvoorbeeld 'n vuis- of kroeggeveg bystaan nie. Die gebruik van geweld in sekere omstandighede is 'n wettige metode van polisiëring. Hoewel vroue oor die algemeen nie so sterk en vinnig soos mans is nie, is daar tog polisievroue wat net so effektief gebruik kan maak van vuurwapens en knuppels as mans. In afdeling 4.1.6 is ook aangetoon dat geen konkrete bewyse bestaan dat vroue polisiebeamptes nie konfliksituasies kan oplos nie. Hulle maak egter meer van ander vaardighede soos konflikoplossings- en onderhandelingstegnieke gebruik.

- Vrouepolisiebeamptes word elke maand siek as gevolg van hulle menstruele siklus

Indien 'n vrou gereeld so siek word dat sy nie opgewasse is om haar polisiëringstaak tydens haar menstruasieperiode kan verrig nie, behoort sy nie 'n polisiebeampte te wees nie. Die meeste vrouepolisiebeamptes kla nie dat hulle siek is gedurende menstruasie nie en verrig steeds hulle dienste ongeag die simptome wat hulle tydens die periode mag ervaar.

- Vrouepolisiebeamptes verwag spesiale behandeling en gunsies van manlike polisie-beamptes

Die teendeel is waar aangesien die meeste vrouepolisiebeamptes slegs gelyk behandel wil word. Indien 'n vrouepolisiebeampte wel daarop aandring om vanweë haar geslag voorkeur of ander behandeling te ontvang, kan sy nie ernstig opgeneem word as polisiebeampte nie.

- Vrouepolisiebeamptes is meer geneig om geweld wat die dood ("deadly force") kan veroorsaak (vuurwapen) te gebruik in 'n konfrontasie aangesien hulle nie oor die fisieke krag beskik om te kan stoei of vuis te slaan nie

Hierdie mite het vir 'n lang tyd daartoe bygedra dat vroue nie oorweeg is vir patrolliewerk nie. In Suid-Afrika is vroue tot en met die demokratisering van die polisie (aanvang in 1992) nie toegelaat om patrolliewerk te doen nie. Hulle is ook nie toegelaat om aan te sluit by die spesiale eenhede soos die beredemag of die honde-eenheid nie en ook nie om openbare-orde-polisiëring (bv. onluste) te doen nie. Die rede wat hiervoor aangevoer is, was dat hulle nie oor die fisieke krag beskik en hierdie tipe werk kan doen nie. Van Heerden (1982:1) maak in die verband die volgende opmerking:

> Sy doen dieselfde werk as die man in byna elke afdeling van die polisie. Net in die berede polisie en taakmag word die vrouepolisie nog nie toegelaat nie. Hulle doen ook nie grensdiens nie en as hulle patrolliedienste verrig, is dit altyd saam met 'n manlike polisieman.

Die teendeel is waar aangesien die meeste vrouepolisiebeamptes geduldiger as hulle manlike eweknieë is en eerder sal onderhandel as om geweld te gebruik. Molden (1985:62) voer in die verband aan dat 'n vrouepolisiebeampte wat goed opgelei is haar "man" sal kan staan. Enige beampte wie se lewe bedreig word, maak nie saak hoe groot of hoe klein hulle is nie, sal 'n vuurwapen gebruik om hulle eie lewe en dié van hulle kollegas te beskerm in sekere situasies. Dit is ook 'n wettige wyse van selfverdediging vir die polisiebeampte.

- Vrouepolisiebeamptes is emosioneel onstabiel en huil maklik.

Oor die algemeen huil vroue meer as mans. Dit word toegeskryf aan die aard van sosialisering asook die gemeenskap se siening dat dit normaal vir vroue is om makliker as mans te huil. Van polisiebeamptes, veral mans, word kultureel verwag om nie te huil as hulle op 'n ontstellende toneel afkom nie. Die verwagting is dat hulle emosioneel sterk moet wees en nie emosies moet verton nie, leiding kan neem en alle gebeure gelate moet aanvaar. Indien die vrou as die man se gelyke optree, geld hierdie kriteria dus ook vir haar. Die siening berus op die verwagting dat sowel manlike as vroulike polisiebeamptes die nodige professionaliteit moet vertoon in situasies waar ander persone emosionele uitbarstings kan vertoon. Daar word dus geglo dat die ontlonting van 'n probleem belemmer sal word indien emosie vertoon word. Die helfte van die respondente in Bezuidenhout en Theron (2000; 26) se studie het aangedui dat vroue veral

wanneer premenstruele spanning (PMS) voorkom, meer emosioneel en buierig is. Verder was hulle van mening dat dit vroue se funksionering as polisiebeampte negatief beïnvloed. Al die vroue respondente (100%) het aangedui dat eienskappe of omstandighede wat tradisioneel met vroue geassosieer word, soos swangerskap, premenstruele spanning, emosionaliteit en die grootmaak van kinders, die effektiewe uitvoer van polisiëringstake kan beïnvloed. Veral swangerskap is uitgesonder as 'n faktor wat 'n groot impak op die effektiwiteit van vrouepolisiebeamptes het. Benewens faktore soos moegheid en spanning wat tydens swangerskap ervaar kan word, kan die publiek se siening van 'n swanger polisiebeampte ook 'n negatiewe invloed op die uitvoer van haar take hê. Sommige respondente was ook van mening dat enkele vrouepolisiebeamptes swangerskap as verskoning voorhou om nie skofte te werk nie, oorplasings te kry en nie sekere werk te verrig wat normaalweg van mans verwag word nie. Hoewel van die vrouerespondente te kenne gegee het dat die twee maande verlof voor die geboorte van die baba nie werklik nodig is nie omdat hulle steeds die meeste polisiëringstake sal kan verrig, het die meerderheid aangevoer dat dit nie moontlik is nie. Ongeveer 17% van die manlike respondente was van mening dat kraamverlof diskriminerend is omdat mans nie daarvan gebruik kan maak nie.

Verder is dit normaal vir 'n polisiebeampte, hetsy manlik of vroulik, om emosies te ervaar wanneer hy of sy met ontstellende tonele gekonfronteer word. Drie respondente in Bezuidenhout en Theron (2000; 26) se studie was van mening dat emosionaliteit en depressie nie geslagsgebonde is nie,maar verband hou met die aard van polisiewerk. Sowel mans as vroue word daardeur beïnvloed. 'n Vrouebeampte behoort egter nie in trane uit te bars, terwyl die aard van die situasie vereis dat sy die nodige leiding sal kan neem nie. 'n Konstabel wat haar eerste arrestasie gemaak het, nadat 'n man 'n radio by 'n kafee gesteel het, het begin huil toe sy die man se huis binnegegaan en sy vrou en baba gesien het. Konstabel(v) G. Sheppard van die destydse SAP is hierna deur die oortreder getroos en nadat sy bedaar het, het hy saam met haar na die polisiestasie gegaan. Haar verklaring vir haar reaksie, was dat sy gehuil het omdat sy besef het die man gaan in die tronk opeindig en dat niemand na sy vrou en kind sou omsien nie (Bradley, 1973:108).

'n Vraag wat na aanleiding van die voorafgaande beantwoord moet word, is: "Hoe hanteer vrouepolisiebeamptes die vooroordeel en vooropgestelde idees wat teenoor hulle bestaan?" Martin en Jurik (1996, 93) lewer 'n antwoord hierop deur te verwys na die wyses waarop vroue-polisiebeamptes van "oorlewingsmeganismes" gebruik maak om hierdie negatiwiteit wat teenoor

hulle bestaan, te oorkom.

4.1.5.3 Oorlewingsmeganismes van vrouepolisiebeamptes

Sommige vrouebeamptes hanteer die diskriminasie en teenkanting wat hulle ervaar deur die polisie te verlaat. Die optrede word deur Tajfel (1981) (vgl. afd. 3.2 rakende die SIT) as "Exit" beskryf. Hierdie vrouepolisiebeamptes aanvaar dus 'n ander betrekking of word 'n tuisteskepper. Sodoende verbeter hulle hul persoonlike en sosiale identiteit wat bedreig word in die polisie en "oorleef" die onregverdigheid waarmee hulle te kampe gekry het.

'n Ander oorlewingsmeganisme is om aansoek te doen vir oorplasing na 'n afdeling waar daar minder kontak met manlike polisiebeamptes is. Hierdie strategie hou ook verband met "Exit" aangesien die individuele vrouepolisiebeampte poog om haar posisie of identiteit te verbeter. Sy wil dus nie vir die groep meeding nie, maar is uitsluitlik daarop ingestel om haar negatiewe siening van haarself en haar rol te verbeter. Vrouepolisiebeamptes moet meestal by twee konflikterende verwagtinge aanpas, naamlik die verwagtinge wat aan 'n polisiebeampte gestel word en dít wat van 'n vrou verwag word. Hierdie teenstrydige verwagtings dra daartoe by dat vroue se polisiëringstyle en aanpassingsmeganismes uiteenlopend is.

Die meganisme wat die algemeenste gebruik word, is om die manlike polisiebeamptes se gedrag na te boots. In die verband meld Martin en Jurik (1996:93) dat "most have responded by adapting work-related attitudes similar to those of the men of their race-ethnic group. Identifying with the perspective of dominants is a mechanism subordinates often use to cope with discrimination". Hierdie strategie staan bekend as "Pass". Tajfel (1981) wys daarop dat persone wat hierdie meganisme gebruik inderwaarheid kunsmatig poog om lid van die in-groep (in hierdie geval manlike polisiebeamptes) te wees. In die geheim voel hierdie persone dat hulle steeds deel van hulle eie groep is, maar hulle wend hierdie strategie aan om aanvaar te word en 'n positiewer identiteit te ontwikkel. Diegene wat van hierdie strategie gebruik maak se gedragshandelinge, houding en ingesteldheid verander in so 'n mate dat dit voorkom asof hulle dieselfde rolle en identiteit as die in-groep aanvaar het. Die implikasie van hierdie strategie is dat die persone se identiteite in so 'n mate gekontamineer word dat hulle mettertyd dieselfde houding as die in-groep huldig. Indien 'n groot aantal vrouepolisiebeamptes oor dieselfde houding en polisie-identiteit as manlike polisiebeamptes beskik, kan daar nie 'n groot verskil in hulle siening rakende die vrouepolisiebeampte se rol bestaan nie.

Die invloed van hierdie kunsmatige aanpassing is dat die meeste vrouepolisiebeamptes wat die strategie gebruik (meestal onbewustelik) algemene werksontevredenheid ervaar, gereeld siekeverlof neem, aan die uitbrandingsindroom ly, sukkel om optimaal as polisiebeamptes te funksioneer en ook psigosomatiese ongesteldhede (bv. maagsere) ontwikkel (Martin & Jurik, 1996:95). Hierdie probleme spruit daaruit voort dat diegene wat "pass" gebruik, nie geredelik binne die manlike beamptes se "kultuur" aanvaar word nie.

Ander faktore wat vir die vrouepolisiebeampte daarop kan dui dat sy nie 'n ideale polisiebeampte is nie, is dat die rolle wat nagestreef moet word meestal deur mans voorgeskryf word en dat sy 'n uniform moet dra wat van dié van mans verskil. In die verband kan gemeld word dat met die aanvanklike aanstelling van vroue in die SAPD hulle 'n spesifieke romp, baadjie, bloes, pet, skoene, handsak en handskoene moes dra (Polisie-doedies bêre handskoene, 1990:2). Hierdie drag het beperkings opgelê aangesien dit meegebring het dat 'n vrouepolisiebeampte nie vrylik kon beweeg nie (bv. oor 'n muur spring). Sodoende kon hulle ook nie die werk met dieselfde gemak as mans verrig nie. Vrouepolisiebeamptes moes in die verlede byvoorbeeld hulle vuurwapens in hulle handsakke dra. Hulle moes hulle hare kort dra of wegsteek onder hulle pette. Grimering moes ook op spesifieke wyses gebruik word en slegs sekere juwele kon gedra word. Daar is selfs vir vrouerekrute spesifieke klasse tydens opleiding hiervoor aangebied (vgl. afd. 2.8.2.1). Die rasionaal hieragter was dat mans soos mans moes lyk en vroue soos vroue. Benewens die probleme om 'n vuurwapen uit 'n handsak te haal, is 'n handsak ook 'n bybehore wat die flinke uitvoer van take belemmer. Dit het verder daartoe bygedra dat daar teen die vrou gediskrimineer is aangesien sy nie dieselfde flinkheid as mans tydens wapenhantering aan die dag kon lê nie. Mettertyd het Suid-Afrikaanse vrouepolisiebeamptes se uniforms drasties verander ten einde hulle werkstaak te vergemaklik.

Die veranderinge wat na demokratisering plaasgevind het, het egter nie die vrou se "oorlewing" in alle opsigte bevorder nie. 'n Rede hiervoor is dat die uniforms wat teenswoordig deur vroue in die SAPD gedra word, gebaseer is op die uniforms wat mans dra. Hoewel eenvormige kleredrag 'n tendens is wat wêreldwyd voorkom, dra hierdie inisiatief nie positief by tot die vrou se beroepsidentiteit nie. Die rede hiervoor is dat die uniforms van polisiebeamptes spesifiek ontwerp is om die forse voorkoms van die man te beklemtoon (Martin & Jurik, 1996:87). Die simboliese karakter van die manlike aard van polisiëring word dus hierdeur in stand gehou.

'n Uniform speel 'n belangrike rol speel in identiteitvorming. Die impak daarvan (bv. nie-

vroulikheid of vroue in uniform is staatsmatrasse) op die vrouepolisiebeampte kan ten opsigte van "Pass" nie geïgnoreer word nie. Vrouepolisiebeamptes wat dus hulle houding, ingesteldheid en optrede (soos mans) verander, kan nie altyd hulle uniform en die belangrikste van alles, hulle geslag, verander nie. Die gevolg hiervan is dat hulle identiteit deur gewaande lidmaatskap mettertyd geaffekteer word.

Hoewel die verwagtinge en standaarde rakende die vrouepolisiebeampte toenemend besig is om te verander en vroue teenswoordig meer ruimte het om vroulik te wees, moet hulle steeds versigtig wees oor hoe hulle hulself laat geld in die polisie en watter oorlewingsmeganisme hulle gebruik. In die verband meld Tracy-Stratton (1985:317) dat manlike polisiebeamptes "cannot accept a woman who rejects her own feminine nature to become one of the boys". In Bezuidenhout en Theron (2000:28) se studie het 'n manlike respondent aangedui dat vroue-polisiebeamptes hoegenaamd nie as vroulik beskou kan word nie. Ondanks die siening moet aanvaar word dat die omgewing, tipe polisiëringstake asook die eenheid waar gewerk word, sal bepaal of 'n vrou haar vroulikheid kan uitleef al dan nie. In die lig hiervan wil dit voorkom of "pass" (hoewel 'n populêre strategie) nie 'n goeie oorlewingsstrategie is nie.

'n Ander meganisme wat vrouepolisiebeamptes gereeld gebruik, is stagnante aanvaarding van hulle lot (vgl. afd. 3.2). Dit impliseer dat sommige polisievroue hulle posisie en rol aanvaar sonder enige poging om dit te verander. Dié vrouepolisiebeamptes sal dus stres en rolkonflik ervaar en waarskynlik die diens van die polisie verlaat.

Die vierde aanpassingstrategie staan as "voice" bekend (vgl. afd. 3.2). Hierdie strategie behels dat alle polisievroue 'n gesamentlike of groepsidentiteit ontwikkel ten einde die vrouepolisie-beampte se posisie te verbeter. Dit vereis dat vrouepolisiebeamptes kollektief optree en die-selfde houding teenoor hulle rol inneem (vgl. afdeling 3.1 i.v.m. bewussynsontwikkeling). Tajfel (1981:256, 309) postuleer in die verband dat 'n uit-groep wat hulleself suksesvol ophef selfs 'n beter posisie en sosiale identiteit as die bestaande in-groep kan vestig. Hierdie verbeterde sosiale identiteit dra gewoonlik by tot 'n positiewe persoonlike identiteit. Die eindresultaat daarvan is dat vrouepolisiebeamptes wat "voice" suksesvol benut, positief oor hulleself en hulle beroepsrol sal wees.

Volgens Martin en Jurik (1996:97) is daar steeds te veel vrouepolisiebeamptes wat met een van twee polisie-identiteite identifiseer. Die eerste identiteit staan bekend as die POLISIE-vrou-

identiteit en die ander een as die polisie-VROU-identiteit. Hierdie twee identiteite beklemtoon inderwaarheid die dilemma van vrouepolisiebeamptes om as volwaardige lede van die polisie aanvaar te word. Die POLISIE-vrou identifiseer met die polisiekultuur en poog om aanvaar te word deur meer professioneel, aggressief en lojaal teenoor kollegas te wees as wat normaalweg van 'n polisiebeampte verwag word. Sy verkies ook om straatwerk (bv. patrolliewerk) te doen en om stereotipe rolle te verwerp. Deur tradisionele geslagsrolle en die gepaardgaande vroulike identiteit te verwerp en eerder soos mans op te tree en selfs beter as mans te presteer, veroorsaak meestal dat negatiewe etikette soos die van lesbiër en teef ("bitch") aan hulle toegeken word. Dit impliseer dat hulle nie as vroue gesien word nie, wat destruktief vir die vorming van hulle identiteit is. POLISIE-vroue smag na aanvaarding deur die "manne", maar kry dit selde. Sommige POLISIE-vroue bied selfs seksuele gunsies aan om steeds hulle "vroulikheid" te bewys en om sodoende aanvaar te word. Dit dra by tot die toedeling van die etiket "sy is maklik" (vgl. ook staatsmatrasetiket par. 4.1.2). Derhalwe bestaan daar 'n dubbelstandaard waarvolgens vroue se vroulike identiteit deur mans gereguleer word.

Die tweede identiteit staan bekend as die gedeprofessionaliseerde polisie-VROU. Hierdie polisie-VROUE kan nie of wil nie patrolliewerk doen nie. Hulle is meestal ongemaklik met patrolliewerk of enige polisiewerk wat fisieke uitdagings stel. Verder is hulle bang dat hulle beseer sal word, kan nie outoriteit afdwing nie en kan ook nie beheer in 'n situasie neem nie. Hulle voel ook ongemaklik in die geselskap van manlike polisiebeamptes wat kru taal gebruik. Hierdie polisievroue verkies paternalistiese optredes van manlike polisiebeamptes (vgl. afd. 3.1) en poog om hulle vroulike identiteit te behou oftewel om as 'n "dame" behandel te word in alle omstandighede. Hulle verkies meestal dat manlike polisiebeamptes die leiding moet neem, hulle moet beskerm en aanvaar 'n identiteit van hulpeloosheid wanneer manlike polisiebeamptes aanwesig is. Polisie-VROUE tree gewoonlik as "verleidster", "moeder", "houvrou" of "hulpelose dogtertjie" in manlike polisiebeamptes se geselskap op. Hulle kan hulleself dus nie as ware polisiebeamptes bewys nie en ding slegs met ander vrouepolisiebeamptes mee. Polisie-VROUE verrig meestal die diensgeoriënteerde take van polisiëring soos onder andere om administratiewe werk te doen of slagofferbystand te lewer. Derhalwe lewer hulle beperkte of geen misdaadvoorkomingswerk nie, neem nie inisiatief nie, verkies aktiwiteite wat nie fisieke polisiewerk behels nie en wil 'n persoonlike identiteit van vroulikheid uitstraal.

Sommige vrouepolisiebeamptes is geneig om elemente van beide identiteite (POLISIE-vrou en polisie-VROU) te inkorporeer om dienooreenkomstig die situasie op te tree. 'n Voorbeeld wat

hier ter sprake is, is wanneer 'n POLISIE-vrou swanger raak. Dit is algemene gebruik dat swanger vrouepolisiebeamptes ligte diens doen. Vrouepolisiebeamptes wat aktiewe polisiewerk doen, moet dus van hulle pligte onthef en na 'n afdeling oorgeplaas word waar hulle administratiewe werk kan doen. Hierdie vrouepolisiebeamptes verkies dit ook so. Hulle is dus bereid om meer vroulik te wees in hierdie situasie. Vanuit manlike polisiebeamptes se geledere word die kritiek dikwels geopper dat hulle nie hierdie voorregte geniet nie en dat hulle ook nie kraamverlof teen betaling kan kry nie ofskoon hulle tuis met die versorging van hulle babas behulpsaam is. Dit dra daartoe by dat die vrouepolisiebeamptes wat in 'n mate aanvaarding van hulle manlike kollegas as gelykes verkry het weer as 'n "vrou" geëtiketteer word.

Wetgewing en verandering in beleid dra daartoe by dat vrouepolisiebeamptes 'n beter posisie as hulle manlike eweknieë geniet. Die Grondwet en regstellende aksie (South African Police Service, 1996:4) verseker dat daar nie teen vroue gediskrimineer mag word nie en dat 'n groter persentasie vrouepolisiebeamptes aangestel moet word en dat die vrou eerder bevordering moet kry, wanneer sy en 'n manlike kollega wat albei kwalifiseer, om een pos meeding. Dit veroorsaak dat manlike polisiebeamptes bedreig voel deur vrouepolisiebeamptes.

Verder het navorsing (Cox & Fitzgerald, 1992; Martin & Jurik, 1996, Young, 1991) getoon dat dit vir sowel blanke as anderskleurige vrouepolisiebeamptes belangriker is om deur hulle manlike kollegas wat aan dieselfde ras as hulle behoort, aanvaar te word as wat dit is om deur vrouekollegas aanvaar te word. In die verband meld Martin en Jurik (1996:100) dat "men have more policing experience and 'muscle', and they are available in greater numbers than woman officers. Because woman on patrol must depend on them for backup, men's support may be a matter of life and death". Manlike polisiebeamptes van alle rassegroepe beheer dus "hulle" vrouepolisiebeamptes deur hulle te aanvaar, te isoleer of hulle as onvroulik te etiketteer.

Uit die voorafgaande kan afgelei word dat vrouepolisiebeamptes eers die nodige interaksie met manlike polisiebeamptes moet hê voordat hulle hul eie rol sal kan verstaan. Dit gaan dus nie oor hoe manlik of hoe vroulik 'n vrou is nie, maar oor hoe aanpasbaar en ontvanklik sy is om 'n bepaalde identiteit (polisiebeampte) in die polisie te aanvaar. Verder dra die meganismes (bv. regstellende aksiepraktyke) wat in plek is om die vrou se posisie te verbeter, nie noodwendig daartoe by dat sy aanvaar sal word as volwaardige polisiebeampte nie. Hoewel vroue-polisiebeamptes 'n invloed op manlike polisiebeamptes se gedrag het (bv. beïnvloed hulle om minder kru taal of minder geweld te gebruik), rig manlike polisiebeamptes grootliks die vrou se

rol in die polisie. Die vrouepolisiebeampte se identiteit word dus steeds in 'n groot mate met die goedkeuring van mans gestruktureer. Sodra vrouepolisiebeamptes genoeg ervaring in die polisie het en albei identiteite (polisie-VROU en POLISIE-vrou) geïntegreer, word sy meer geredelik aanvaar deur manlike eweknieë. Die polisiebeampte-identiteit word dan eers werklik verwesenlik. Sodra vrouepolisiebeamptes hierdie identiteit nastreef, verbeter hulle verhouding met manlike polisiebeamptes en word hulle rol as polisiebeampte vergemaklik. Dit impliseer dat sowel manlike as vrouepolisiebeamptes dieselfde identiteit kan nastreef, naamlik "polisie-beampte". Hierdie "nuwe" polisievrou word gesien as 'n

> self-contained, self-consciously feminine woman, unwilling to play the traditional role of homemaker, wife and mother or become the butch 'burglar's dog' taking the part of a surrogate male. Many ... remain overtly feminine, yet operate in the macho world of policing without inhibition. They are professional, competent, and attractive and in consequence are feared and revered, for they have upturned the prescribed homogenity of the male ideology which assigns woman a clearly defined place on the margins and which they are expected to fill gratefully (Young, 1991:240).

In die lig hiervan is dit van belang dat vrouepolisiebeamptes hierdie identiteit moet nastreef. Verder is alle meganismes (bv. regstellende aksie) reeds in plek dat hulle meer verteen-woordiging kan geniet. Sekerheid en geloof in hulle groep het dus mettertyd verbeter. Tajfel (1981) meld dat sodra 'n groep waarteen in die verlede gediskrimineer is, mag en psigologiese sekerheid het, hulle geloof en sekerheid in hulleself sal hê (die feministe noem dit bewussyn-ontwikkeling). Die tyd is dus ryp dat vrouepolisiebeamptes hulle posisie sodanig verbeter dat hulle ten volle aanvaar sal word as polisiebeamptes. "Voice" is derhalwe die strategie wat die beste vir vrouepolisiebeamptes sal werk, aangesien manlike polisiebeamptes se dominansie (patriargie) onwettig is volgens die Suid-Afrikaanse Konstitusie. Manlike polisiebeamptes se mag en groepgrense (vgl. afd. 3.2) is dus vaag of gedifferensieer. Hulle beskik ook nie oor kognitiewe alternatiewe om hulle posisie te kan verbeter nie. Verskeie wette (bv. Wet op Gelyke Geleenthede en die Arbeidswet), die konstitusie en beleid rakende regstellende aksie bied aan vrouepolisiebeamptes die geleentheid om van "voice" gebruik te maak. Die polisiebeampte-identiteit (Young, 1991) moet dus deur vrouepolisiebeamptes nagestreef word en hulle moet van die beskikbare geleenthede gebruik maak. Sodoende behoort hulle nie diskriminasie te ervaar nie en sal hulle 'n identiteit ontwikkel wat kollektief deur mans en vroue nagestreef word.

4.2 SAMEVATTING

In die voorafgaande gedeelte is aangetoon dat vrouepolisiebeamptes net so goed en selfs beter in sekere take as manlike polisiebeamptes vaar. Hoewel daar 'n bepaalde aantal wanopvattings rondom vrouepolisiebeamptes bestaan, is dit ook waar dat vroue toenemend in hierdie manlike domein toegelaat word. Die hipoteses wat gestel is om die doelwitte te verwesenlik word in hoofstuk 5 uiteengesit.

5. HIPOTESES

In die lig van hoofstukke 2 en 4 kan die aanname gemaak word dat vrouepolisiebeamptes sedert hulle toelating tot die polisiediens as ongeskik vir die hantering van sekere polisiëringstake beskou is. Histories is vrouepolisiebeamptes wel vir spesifieke take aangestel, soos onder andere huishoudelike take (bv. kos voorberei vir gevangenes) en slagofferondersteuning (bv. kinder- en vroueslagoffers). Mettertyd is vrouepolisiebeamptes toegelaat om alle polisiëringstake uit te voer. Hoewel teenkanting vanuit die geledere van manlike beamptes steeds aanwesig is, is daar wel diegene wat besef dat vroue-polisiebeamptes sekere take (bv. konflikontlonting) net so goed en selfs beter as hulle kan uitvoer. Ondanks teenkanting met betrekking tot vroue in sogenaamde manlike beroepe het die feminisme, drukgroepe (bv. "Equal Opportunities Commission") en wetgewing (bv. arbeidswetgewing) vrouepolisiebeamptes se posisie in polisiëring verbeter.

Ten einde vas te stel wat die aard van vroulike en manlike polisiebeamptes se houding teenoor die rol van die vrouepolisiebeampte is, is toetsbare hipoteses geformuleer. Die hipoteses wat uit die teorie en literatuurstudie voortspruit, is hoofsaaklik rigtinggewende (H_1) oftewel alternatiewe hipoteses. Indien geen betekenisvolle verskille tussen die betrokke groepe se houdings voorkom nie (H_1), sal die nulhipotese (H_0) aanvaar word. Heiman (1996:285-289) wys daarop dat indien H_0 ondersteun word

> we have nonsignificant results (note that we don't say insignificant). Nonsignificant means that our results are not too unlikely to accept as resulting from sampling error. Nonsignificant implies that the differences reflected by our results were likely to have occurred by chance if our data represents no difference in the population. Because we do not have convincing evidence of a real relationship, we play it safe and do not conclude that we have demonstrated a relationship.

Hipoteses wat geformuleer is, sal van 'n rasionaal voorsien word. Volgens Huysamen (1976:205-206) moet elke hipotese van 'n rasionaal voorsien word aan die hand van die inligting wat uit teorieë en die bestaande literatuur verkry is. Inligiting wat moontlik toevallig aan die lig kom, sal ook geïnterpreteer word. Dit word geregverdig op grond daarvan dat toevallige bevindings die basis kan vorm vir die generering van hipoteses vir verdere navorsing.

Die volgende hipoteses is geformuleer:

Hipotese 1: Vroulike polisiebeamptes se houding teenoor die rol van die vroue-polisiebeampte sal betekenisvol positiewer wees as dié van manlike polisiebeamptes.

Hipotese 1.1: Manlike polisiebeamptes wat 'n negatiewe houding teenoor die SAPD het, sal 'n betekenisvol negatiewer houding teenoor die rol van die vrouepolisiebeampte huldig as die manlike polisiebeamptes wat positief is teenoor die SAPD.

Hipotese 1.2: Vrouepolisiebeamptes wat 'n negatiewe houding teenoor die SAPD het, sal 'n betekenisvol negatiewer houding teenoor die rol van die vroue-polisiebeampte huldig as die vrouepolisiebeamptes wat positief is teenoor die SAPD.

Rasionaal vir hipoteses 1, 1.1 en 1.2

Tradisioneel word polisiëring as 'n manlike domein beskou. Mans het die vrou se rol in die verlede as 'n huishoudelike rol gedefinieer. Dit impliseer dat vroue nie in die polisie tuishoort nie. Verskeie navorsers (Flowers, 1987; Grennan, 2000; Jacobs, 1987; Lunnenborg, 1989; Martin & Jurik, 1999; Muro, 1980; Roberg & Kuykendall, 1993; Thibault et al., 1995; Shusta et al., 1995; Tracy-Stratton, 1986; http://www.feminist.org/police/copgap. html) wys daarop dat vroue sedert die ontstaan van georganiseerde polisiëring en hulle toelating tot hierdie beroepsveld as ondergeskik aan manlike polisiebeamptes beskou word. Fisieke, emosionele en psigologiese verskille tussen mans en vroue word meestal gebruik om argumente te staaf dat vroue nie ware polisiebeamptes kan wees nie.

'n Verdere aspek wat hier ter sprake is, is dat manlike polisiebeamptes se sosiale en persoonlike identiteit van 'n hipermanlike ("macho") polisieman bedreig word wanneer vroue hulle domein betree. Die SIT wys daarop dat die dominante groep, prototipes van die uit-groeplede konstrueer. Een rolmodel word dus as verwysingsraamwerk gebruik (Tajfel, 1981). Hierdie prototipe van 'n vrouepolisiebeampte word meestal voorgestel as iemand wat fisiek swak en emosioneel onstabiel is en nie huishoudelike take soos kos voorberei en kinders opvoed, nakom nie. Volgens die SIT kan afgelei word dat vrouepolisiebeamptes deur manlike polisiebeamptes volgens hierdie prototipe gedefinieër sal word ten einde hulle identiteit in stand te hou.

Manlike polisiebeamptes wat negatief teenoor die SAPD is, se identiteit is meestal in so 'n mate geaffekteer dat hulle negatief teenoor kollegas is. Hierdie polisiebeamptes ervaar gewoonlik werkstres, as gevolg van omstandighede soos howe wat onkonsekwent is met skuldigbevindings en die "sagte benadering" wat gehandhaaf word teenoor misdadigers wat deur hulle aangekeer is, onbetrokkenheid van topbestuur by grondvlakpolisiëring, voorraad tekorte en gebreke, negatiewe gemeenskapsverhoudinge en 'n gebrek aan gemeenskaps-ondersteuning, lang werksure, skofte, onvoldoende bevorderingsgeleenthede, swak salarisse, gevaarlike werksomstandighede, beleid en regulasies wat nie die polisieman in ag neem nie asook 'n swaar administratiewe lading. Die meeste manlike polisiebeamptes wat as gevolg van hierdie faktore 'n negatiewe ingesteldheid (Vetter & Silverman, 1986:482) teenoor die polisie ontwikkel, sal oor die algemeen negatief teenoor die polisiëringsrol staan. Aangesien vrouepolisiebeamptes se rolle in 'n groot mate deur manlike polisiebeamptes voorgeskryf word, sal somminge vrouepolisiebeamptes mettertyd hulle toepaslike plek in polisiëring bevraagteken. Hulle bevraagteken ook hulle vroulike aard en identiteit. In die verband meld Tracy-Stratton (1986:314)

> they may begin to question whether a female can do a male job ... they may become overwhelmed. If their disillusionment is not addressed they will become disenchanted, becoming angry rather than assertive, closed-mouthed rather than communicative, and will not live up to their potential.

Hieruit word afgelei dat vrouepolisiebeamptes wat ontnugter is deur onder andere die skofte wat hulle moet werk, vooroordeel, fisieke uitdagings en hulle manlike kollegas se houding, 'n negatiewe ingesteldheid teenoor sowel die SAPD as die rol van polisiebeamptes sal ontwikkel. Foley (1993:136) beklemtoon dit deur te meld dat manlike en vroue-polisiebeamptes dieselfde sienings huldig rakende die vrouepolisiebeamptes se fisieke onvermoë en gebrek aan selfgelding tydens onlustebeheer en ander situasies wat fisieke krag vereis. Daar is egter take wat oor die algemeen beter deur vrouepolisiebeamptes uitgevoer word soos slagofferondersteuning en konflikontlonting. Hieruit word gepostuleer dat vroue ongeag hulle ontnugtering in die polisie steeds meer positief is as mans teenoor hulle rol sal staan.

Hipotese 2: Manlike polisiebeamptes afkomstig uit verskillende rassegroepe se houding teenoor die rol van die vrouepolisiebeampte verskil nie betekenisvol nie.

Rasionaal vir hipotese 2

Volgens Martin en Jurik (1996:100) is manlike polisiebeamptes geneig om aan polisievroue van dieselfde ras voor te skryf, hulle rol en plek te definieer en hulle te beskerm oftewel te "beheer". Dit hou verband met die universele neiging van mans om vroue van hulle eie ras te beskerm. Volgens die feminisme het dit te make met mans se geneigdheid om vroue wat tot hulle groep behoort te domineer hetsy in die huis of werk. Hierdie siening sal dus meer geredelik onder manlike polisiebeamptes van 'n bepaalde ras teenoor vrouepolisiebeamptes van dieselfde ras gehuldig word, as deur die vrouepolisiebeamptes teenoor mekaar. Verder is die manlike subkultuur in 'n groot mate negatief teenoor vrouepolisiebeamptes ingestel wat daartoe bydra dat hulle vrouepolisielede as nie-geskik vir die polisiëringsrol beskou.

Swart vrouepolisiebeamptes ervaar meestal drieledige onderdrukking, naamlik op grond van hulle ras, geslag en sosiale stand (Bryson, 1999:32). Verder is swart mans geneig om op ander wyses as blanke mans teenoor swart vroue te diskrimineer (bv. poligamie, net mans mag erf en vroue mag net tradisionele huishoudelike rolle vervul) (CEDAW, 1995:23). Mans uit swart kulture - veral diegene uit Derdewêreldlande en die platteland huldig spesifieke houdings teenoor vroue wat daartoe kan bydra dat swart vroue 'n drievoudige marginalisering ervaar deur swart manlike kollegas wat steeds aan hierdie spesifieke idees verknog is. Die swart feminisme benadruk hierdie stelling en postuleer dat swart vroue die ergste mate van diskriminasie ervaar aangesien diegene met mag, naamlik mans uit hulle eie ras hulle sowel tuis as in die beroepsopset as ondergeskik behandel. Dit is veral swart vrouepolisiebeamptes wat aan dubbelstandaarde en dubbele marginaliteit blootgestel word deur hulle manlike kollegas. Manlike polisiebeamptes beskou swart vrouepolisiebeamptes bloot as "swart" of as "vroue" en nie as "polisiebeamptes" wat 'n betekenisvolle rol kan speel in polisiëring nie (Cox & Fitzgerald, 1992;150; Martin & Jurik, 1996:59) (vgl. ook afd. 3.1 rakende swart feminisme).

Die meeste wit en swart mans word gesosialiseer om te glo dat vroue ondergeskikte posisies in vergelyking met mans in die samelewing beklee. Derhalwe word gepostuleer dat daar nie 'n betekenisvolle verskil tussen die houdings van manlike polisiebeamptes uit die verskillende rassegroepe teenoor die rol van vrouepolisiebeamptes sal wees nie.

Hipotese 3: Polisiebeamptes afkomstig uit verskillende taalgroepe se houding teenoor die rol van die vrouepolisiebeampte verskil betekenisvol.

Hipotese 4: Polisiebeamptes afkomstig uit verskillende ouderdomsgroepe se houding teenoor die rol van die vrouepolisiebeampte verskil betekenisvol.

Rasionaal vir hipotese 3 en 4

Stevens en Yach (1995:2-3) meen dat van die grootste struikelblokke vir die SAPD die eng siening van ouer polisiebeamptes is wat uit die apartheidsera afkomstig is. Dit impliseer dat ouer Afrikaanssprekende polisiebeamptes spesifieke idees het oor hoe 'n polisiemag/-diens veronderstel is om te funksioneer en wat elkeen se rol is. Van Rooyen (1994:155) glo dat veral diegene wat vertroud is met 'n sisteem rigied daaraan sal vasklou wanneer hulle met verandering gekonfronteer word. Derhalwe word gepostuleer dat ouer polisiebeamptes (45 jaar en ouer) se houding teenoor die rol van die vrou sal verskil van dié van polisiebeamptes wat jonger is. Verder word gepostuleer dat Afrikaanssprekende polisiebeamptes se houding teenoor die rol van die vrou sal verskil van polisiebeamptes wat uit ander taalgroepe afkomstig is.

Hipotese 5: Manlike polisiebeamptes met 'n tersiêre kwalifikasie se houding teenoor die rol van die vrouepolisiebeampte sal nie betekenisvol verskil van dié van manlike polisiebeamptes wat nie oor 'n tersiêre kwalifikasie beskik nie.

Rasionaal vir hipotese 5

Navorsing (Foley, 1993:135; Grennan, 2000:395; Hale & Menniti, 1993:178; Tracy-Stratton, 1986:314) het aan die lig gebring dat manlike polisiebeamptes wat 'n bepaalde houding huldig nie maklik hulle houding verander nie. Indien 'n negatiewe houding dus jeens vroue-polisiebeamptes gehuldig word, sal tersiêre opleiding, sensititerings- of diversiteitskursusse nie noodwendig hierdie houding positief beïnvloed nie.

Sherif en Sherif (1969:334) meld dat 'n houding daardeur gekenmerk word dat dit 'n redelik permanente eienskap van die individu word sodra dit gevestig is. Tersiêre opleiding gaan dus nie noodwendig 'n effek op 'n gevestigde houding wat deur onder andere sosialisering gevorm is, verander nie. Dit beteken egter nie dat houdings nie kan verander nie. Houdingverandering kan wel plaasvind, maar anders as die homeostatiese prosesse in die liggaam wat vinnig wissel as gevolg van nuwe stimuli wat op die individu inwerk, vereis houdingverandering 'n dinamiese proses wat die teendeel voortdurend bewys van dít wat die

individu glo. Mans wat negatief teenoor vroue ingestel is, sal nie noodwendig deur tersiêre opleiding verander word nie. Manlike polisiebeamptes (met of sonder tersiêre opleiding) wat negatief ingestel is teenoor die vrouepolisiebeamptes moet dus oor 'n lang tydperk met feite gekonfronteer word dat vroue net so bekwaam soos hulle is voordat hulle sal verander.

Die proses van verandering oftewel konfrontering met feite wat anders is as wat geglo word, bring gewoonlik konflik mee. Volgens Tajfel (1981) sal die individu wat met teenstrydige feite gekonfronteer word, pogings aanwend om sy of haar persoonlike en groepidentiteit te beskerm. Vermydingstrategieë, emosies en irrasionele denke is hier van toepassing en dit sal in die meeste gevalle 'n sterker invloed uitoefen as die invloed van tersiêre opleiding. Derhalwe word gepostuleer dat daar nie 'n betekenisvolle verskil tussen die houdings van manlike polisiebeamptes bestaan wat tersiêre opleiding gehad het of dié wat dit nie gehad het nie.

Hipotese 6: Die houding van manlike polisiebeamptes wat langer as 10 jaar in diens van die SAPD is, sal betekenisvol negatiewer teenoor die rol van die vrouepolisiebeampte wees as diegene wat minder as 10 jaar in diens van die SAPD is.

Rasionaal vir hipotese 6

In hoofstuk 4 is aangedui dat die manlike subkultuur in 'n groot mate polisiebeamptes se gedrag rig. Verder is daarop gewys dat manlike polisiebeamptes dikwels na 10 jaar aggressiewe sinisme ontwikkel. Tydens hierdie fase van polisiebeamptes se loopbaan is hulle meer afkeurend en vyandig. Hierdie fase staan inderwaarheid as 'n subkultuur van sinisme bekend. Manlike polisiebeamptes wat dus langer as 10 jaar diens het, is hiervolgens meer vyandig en negatief teenoor die sisteem asook veranderinge wat in die sisteem plaasvind.

Van Rooyen (1994:165) wys daarop dat hierdie veranderinge daartoe bydra dat die ouer garde polisiebeamptes moet herbesin oor "hoe ons dinge doen" rakende reëls, organisasiestandaarde en verwagtinge, sodat organisatoriese doelwitte nagestreef kan word. Dit dien ook gemeld te word dat die wyse en doelwitte van polisiëring tydens die apartheidsjare dramaties verskil van die SAPD se veranderde benadering. Verder meld van Rooyen (1994:158) dat dit noodsaaklik is om te besef dat organisasieverandering en spesifiek organisatoriese kultuurverandering by elke individu in die organisasie begin. Stevens en Yach (1995:88) sluit hierby aan deur daarop te wys dat die ouer garde

polisiebeamptes, veral diegene wat tydens die apartheidsjare gepolisieer het, 'n lae moraal het. Die lae moraal, moontlike gevaar in die beroep, veranderende en swak werksomstandighede dra daartoe by dat ervare polisiebeamptes onseker, onveilig en bedreig voel. Die gevolg hiervan is dat hulle negatief teenoor die sisteem is en veral teenoor nuwe tendense, soos byvoorbeeld die toelating van vrouepolisiebeamptes tot alle vlakke van polisiëring of verandering van die rangstruktuur. Hierdie groep manlike polisiebeamptes sal dus hulle groepidentiteit herdefinieër en pogings aanwend om hulle groep se superioriteit te beklemtoon. Die postmodernistiese feministe postuleer in die verband dat die instandhouding van die dominante groep se posisie nie oornag met nuwe beleid en verandering geneutraliseer kan word nie.

In die lig hiervan word gepostuleer dat daar 'n betekenisvolle verskil bestaan tussen die houdings van manlike polisiebeamptes wat langer as 10 jaar polisiediens verrig, teenoor diegene wat minder as 10 jaar in diens van die SAPD is rakende die rol van vroue-polisiebeamptes.

Hipotese 7: Vrouepolisiebeamptes se houding sal betekenisvol positiewer wees teenoor regstellende aksie praktyke in vergelyking met manlike polisiebeamptes.

Hipotese 7.1: Betekenisvol meer vroulike- as manlike polisiebeamptes is van mening dat vrouepolisiebeamptes makliker by die onderhawige transformasie-proses as manlike polisiebeamptes aanpas.

Rasionaal vir hipotese 7 en 7.1

Aangesien regstellende aksiepraktyke ten doel het om groepe waarteen voorheen gediskrimineer is (bv. vroue) se posisie te verbeter, sal hierdie groepe waarskynlik 'n meer positiewe ingesteldheid teenoor dié inisiatiewe hê. Sowel die Konstitusie as wetgewing wat gemik is op die arbeidspraktyk het ten doel om alle vorme van diskriminasie uit die weg te ruim en gelyke geleenthede aan alle individue te verseker (Van Jaarsveld, 1999:295-298). Inteendeel, regstellende aksieinisiatiewe vereis dat lede van groepe waarteen voorheen gediskrimineer is, op alle vlakke van 'n organisasie gelyke geleenthede gebied moet word. Hoewel sommige vroue van mening is dat regstellende praktyke die man nog steeds bevoordeel, is 'n groot aantal van mening dat nuwe inisiatiewe ten doel het om vroue asook ander groepe teen wie voorheen gediskrimineer is se omstandighede te verbeter (Brown & Heidensohn, 2000:104).

Hipotese 8: Getroude vrouepolisiebeamptes sal betekenisvol meer negatief teenoor die rol van die vrouepolisiebeampte wees as dié wat ongetroud is.

Hipotese 8.1: Getroude manlike polisiebeamptes sal betekenisvol meer negatief teenoor die rol van die vrouepolisiebeampte wees as dié wat ongetroud is.

Rasionaal vir hipotese 8 en 8.1

Volgens die feminisme ervaar die meeste werkende getroude vroue dubbel diskriminasie aangesien hulle in sowel die werksopset as by hulle huise onderdanig aan mans moet wees. Indien hierdie stelling geldig is ten opsigte van getroude vrouepolisiebeamptes in die SAPD kan gepostuleer word dat hulle negatief teenoor hulle beroepsrol sal wees (Curran & Renzetti, 1994:271-273; Levin, 1987:20; McKay 1994:340-343; Williams & McShane, 1999:256).

Volgens die feminisme asook die sosiale identiteits- en die geslagsteorieë voel mans bedreig deur vroue wat in hulle domein in beweeg of op gelyke vlak met hulle saamwerk. Dit geld veral ten opsigte van getroude mans wat volgens tradisionele persepsies gesosialiseer word om as die broodwinners en versorgers van hulle gesinne op te tree. Wanneer vroue as hulle gelykes aangestel word, word hulle geslagsrol bedreig. Dit kan hulle negatief instel teenoor die rol van die vrou in "hulle" domein (Baron & Byrne, 1997:182; Bartollas, 1997:202; McKay, 1994:344; Millet, 1971:25; Tajfel, 1981:295; Worchel et al., 1988:112).

Hipotese 9: Betekenisvol meer vroulike- as manlike polisiebeamptes is van mening dat vrouepolisiebeamptes spesifieke take meer effektief as hulle manlike eweknieë kan uitvoer.

Hipotese 9.1: Betekenisvol meer vroulike- as manlike polisiebeamptes is van mening dat vrouepolisiebeamptes net so bekwaam soos hulle manlike eweknieë is.

Hipotese 9.2: Betekenisvol meer vroulike- as manlike polisiebeamptes is van mening dat hulle 'n beter diens aan die publiek lewer as hulle manlike eweknieë.

Rasionaal vir hipotese 9, 9.1 en 9.2

Die belangrikste bevindings rakende manlike en vroulike polisiebeamptes se prestasies wat na vore gekom het in die meeste studies wat na 1973 onderneem is, toon die volgende (Aleem, 1991:40; Cox & Fitzgerald,1992:147; Flowers, 1987:170; Grennan, 2000:394; http://www.feminist.org/police/ncwpAbout.html; Martin & Jurik, 1996:86; Roberg & Kuykendall, 1993:381-382; Shusta et al., 1995:51; Tracy-Stratton, 1986:312-313; Thibault et al., 1995:254-255):

- Vroulike polisiebeamptes presteer net so goed soos manlike polisiebeamptes in die uitvoering van polisiëringstake.

- Vroulike polisiebeamptes reageer net so effektief op oproepe om gevaarsituasies te ontlont soos mans en tree net so bekwaam in hierdie situasies op.

- Vroulike polisiebeamptes doen patrolliewerk net so effektief soos manlike polisiebeamptes.

- Die aantal arrestasies wat deur manlike en vroulike polisiebeamptes uitgevoer word begin toenemend dieselfde mate van sukses vertoon hoewel vroue steeds minder persone as mans arresteer.

- Die publiek beskou vrouepolisiebeamptes as net so bekwaam soos manlike polisie-beamptes.

In die lig van die bogenoemde word gepostuleer dat vrouepolisiebeamptes van mening is dat hulle net so bekwaam soos hulle manlike eweknieë is en dat hulle 'n beter diens aan die publiek lewer aangesien hulle onder andere meer sensitief as mans is en minder van geweld gebruik maak (Martin & Jurik, 1996:97). Vroulike polisiebeamptes hanteer sekere take, soos onder andere konflikoplossing en slagofferbystand (bv. verkragtingslagoffers en kinderslagoffers), met meer gemak as manlike polisiebeamptes.

Hipotese 10: Betekenisvol meer manlike as vroulike polisiebeamptes is van mening dat vrouepolisiebeamptes hulle vroulikheid gebruik om beter voordele in die werksituasie te kry.

Rasionaal vir hipotese 10

Hal Brown (http://www.geocities.com/~halbrown/bogshrink7.htm) het gevind dat vroue-polisiebeamptes soms hulle seksualiteit gebruik om hulle doelwitte te verwesenlik. 'n Swart respondent in Bezuidenhout en Theron (2000:16) se studie, wat in sowel stedelike as plattelandse areas diens gedoen het, het aangedui dat hy daarvan bewus is dat sommige swart vrouepolisiebeamptes seksuele gunsies aan hulle swart manlike toesighouers bied vir voordele soos om 'n middag af te kry of om nie skofte te werk nie. 'n Verdere probleem is dat sommige bekwame vrouepolisiebeamptes "go along to get along" oftewel hulle aanvaar seksuele teistering en speel soms saam om bepaalde gunsies in ruil daarvoor te kry. 'n Algemene tendens is ook dat topbestuur, wat hoofsaaklik uit mans bestaan, aanvaar dat seksuele teistering en gepaardgaande aksies die individu en nie die organisasie se probleem is nie. Derhalwe word gepostuleer dat die manlike aard van polisiëring die nodige ruimte laat dat vroue hulle vroulikheid kan gebruik om beter behandeling te ontvang en dat mans daarvan bewus is dat vroue hierdie "taktiek" gebruik.

Hipotese 11: Betekenisvol meer manlike as vroulike polisiebeamptes is van mening dat vrouepolisiebeamptes nie die vermoë het om dieselfde mate van outoriteit af te dwing as hulle manlike eweknieë nie.

Hipotese 11.1: Betekenisvol meer manlike as vroulike polisiebeamptes is van mening dat vrouepolisiebeamptes nie gehoor gee aan outoriteit nie.

Rasionaal vir hipotese 11 en 11.1

'n Observasiestudie (Grennan, 2000:395) wat in Atlanta, VSA oor die bestek van 'n jaar gedoen is, het getoon dat wanneer oproepe ontvang word om potensiëel gevaarlike situasies te ondersoek, manlike polisiebeamptes in die meeste gevalle die leiding neem op die tonele ondanks die teenwoordigheid van vrouepolisiebeamptes. Ongeag mans se aanvaarding van die dominante of leiersrol het vrouepolisiebeamptes aangedui dat hulle verkies om saam met 'n manlike kollega in plaas van 'n vroulike kollega te werk. Hierdie voorkeur word deur die meeste vrouepolisiebeamptes wat aan die studie deelgeneem het, verklaar op grond daarvan dat hulle meer vertroue in manlike polisiebeamptes se polisiëringsvaardighede het as in dié van vroue. Manlike polisiebeamptes het weer op hulle beurt aangedui dat beskerming onvoldoende was wanneer vrouepolisiebeamptes saam met hulle gevaarlike polisiëringstake moes uitvoer (Remmington, 1981:167).

Die rede waarom veilige rolle meer gereeld aan vrouepolisiebeamptes toegeken word en hulle dit ook aanvaar, kan toegeskryf word aan geslagsrolstereotipes en die feit dat sowel vroue as mans gesosialiseer is om die man as beskermer te sien (vgl. afd. 3.3). Swart respondente het aangedui dat vroue gesosialiseer word om huishoudelike take te verrig, terwyl mans gesosialiseer word om manlike take te verrig en binne die huishouding as die hoof beskou moet word (Bezuidenhout & Theron, 2000:26). Verder wys Flowers (1989:170) daarop dat sowel manlike onderoffisiere as offisiere se probleme om vrouepolisiebeamptes met dieselfde rang, as hulle gelykes te aanvaar, voortspruit uit hulle kulturele rol as beskermers van vroue. Indien hulle die vrou as gelyke aanvaar, moet dié rol prysgegee word. Egalitêre dissiplinering is ook 'n probleem aangesien sommige navorsers (Grennan, 2000:393) bevind het dat vrouepolisiebeamptes nie op dieselfde wyse as mans behandel word nie en dat vroue volgens tradisionele geslagsrolle optree wanneer hulle aan dissiplinering onderwerp word. Verder toon navorsing (Bezuidenhout & Theron, 2000:27) dat vroulike toesighouers geneig is om die vrede te bewaar deur probleme nie direk aan te spreek nie. Hierdeur poog hulle ook om hulle gewildheid te behou. Derhalwe word gepostuleer dat mans die mening huldig dat vroue nie dieselfde mate van mag as hulle kan uitoefen nie.

Hipotese 12: Betekenisvol meer vroulike as manlike polisiebeamptes is van mening dat meer vroue in die SAPD se topbestuur aangestel moet word.

Hipotese 12.1: Betekenisvol meer vroulike as manlike polisiebeamptes is van mening dat die SAPD se topbestuur in voeling is met die behoeftes van vroue-polisiebeamptes

Hipotese 12.2: Betekenisvol meer vroulike as manlike polisiebeamptes is van mening dat vrouepolisiebeamptes beperkte besluitnemingsmag het.

Rasionaal vir hipotese 12, 12.1 en 12.2

Vroue poog sedert die aanvang van die twintigste eeu om hulle rolle drasties te verander (feminisme). Dit wil voorkom of hierdie pogings of sosiale aksies suksesvol was, en veral moontlik is, omdat vroue teenswoordig dieselfde regte en in sommige gevalle selfs beter geleenthede as mans het en deur wetgewing beskerm word. Die SAPD beleef teenswoordig in 'n groot mate sosiale verandering, sowel intern as ekstern. Om polisiëring te bedryf vanuit 'n rigiede manlike perspektief is verder onwettig volgens onder andere die Konstitusie van Suid-Afrika, die Arbeidswet en die Wet op Billike Werksgeleenthede (Employment Equity Act,

Act 55 of 1998). Die Polisie se beleidsdokument rakende regstellende aksie benadruk dat gepoog moet word om die polisie verteenwoordigend op alle gebiede te maak. Dit beteken dat die SAPD persentasie gewys verteenwoordigend van die populasie moet wees wat gedien word (South African Police Service, 1996:5). Derhalwe word gepostuleer dat vroue-polisiebeamptes hoofsaaklik positief teenoor die veranderinge wat plaasvind staan en dat hulle makliker as mans by die onderhawige transformasieproses inskakel.

Ongeag die veranderinge is daar steeds vrouepolisiebeamptes wat van mening is dat die manlike aard van polisiëring dit vir hulle moeilik maak om hulle eie diskressie te gebruik. Volgens Grennan (2000:393) is mans geneig om volgens geslagsrolle op te tree en ongeag wetlike voorskrifte vas te hou aan dít wat hulle glo. Die implikasie hiervan is dat mans hulleself as die versorgers en broodwinners sien en nie geredelik 'n vrou se dominansie of outoriteit kan aanvaar nie. In die lig hiervan word gepostuleer dat vrouepolisiebeamptes sal vind dat hulle outoriteit nie geredelik deur manlike polisiebeamptes aanvaar word nie.

Hipotese 13: **Polisiebeamptes wat amptelike polisieopleiding gehad het, is betekenisvol negatiewer teenoor die rol van die vrouepolisie-beampte as diegene wat nie amptelike polisieopleiding gehad het nie.**

Hipotese 13.1: **Manlike polisiebeamptes wat by polisiestasies (operasioneel) gestasioneer is, is betekenisvol negatiewer teenoor die rol van die vrouepolisiebeampte as dié wat by hoofkantoor gestasioneer is.**

Hipotese 13.2: **Betekenisvol meer manlike as vroulike polisiebeamptes is van mening dat dit 'n veiligheidsrisiko is om operasionele werk saam 'n vrouepolisiebeamptes te doen.**

Rasionaal vir hipotese 13, 13.1 en 13.2

Polisiemanne se fokus is meestal op hulle gespierde voorkoms, netjiese uniforms, seksueel-simboliese wapens (bv. vuurwapens en knuppels) en die aura van mag wat aanwesig is, wanneer 'n polisieman in uniform is. Gesien teen hierdie agtergrond pas 'n vrou nie in by die simboliese rolmodel van hoe 'n polisiebeampte behoort te wees nie. Hierdie stelling geld veral ten opsigte van diegene wat operasioneel werksaam is soos om patrolliewerk in die wyke van polisiestasies te verrig of om openbare-orde-polisiëring te onderneem waartydens

skares in bedwang gehou moet word. Volgens Tracy-Stratton (1986:317) het sowel die gemeenskap as manlike polisiebeamptes in haar studie aangevoer dat polisiewerk tradisioneel fisieke krag vereis waaroor vroue nie beskik nie en dat hulle liefs tuis moet bly en werk verrig wat by die vrou se fisieke vermoëns pas. Muro (1980:43) meen dat twee stereotipe beskouings hiertoe bydra. Eerstens word vroue oor die algemeen as te swak (emosioneel en fisiek) en besluitloos beskou. Tweedens word polisiebeamptes as taai, manlik en fisiek dominerend geëtiketteer. Hierdie sienings wat op die geslagsteorie berus, word gestaaf deur Mayhall et al. (1995:130) wat bevestig dat die meeste polisie-organisasies tydens rekrute-opleiding hoofsaaklik op die fisieke aspek van polisiëring fokus.

Die klem met opleiding is dus op die fisieke aspek van polisiëring en nie soseer op die uitvoer van administratiewe pligte nie. Tydens opleiding word meestal verwys na gevallestudies waar die oortreder sterk, groot of onder die invloed van sekere dwelmmiddels (bv. kokaïene) is en nie maklik onder beheer gebring kan word nie. Opgeleide polisiebeamptes heg dus gewoonlik meer waarde aan dié "manlike" komponent van polisiëring as diegene wat nie amptelike opleiding deurloop het nie.

Barkan (1997:492) wys daarop dat manlike polisiebeamptes geneig is om eerder 'n ander manlike kollega saam met hulle te laat werk wanneer hulle 'n gevaarlike toneel ondersoek. Die rede hiervoor is dat mans van mening is dat die waarskynlikheid altyd bestaan dat 'n polisiebeampte hom in 'n gevaarsituasie kan bevind met verdagtes of oortreders. Vrouepolisiebeamptes moet volgens manlike kollegas eers hulle eie twyfel oorkom om sodanige situasies te hanteer en dan moet mans hulle in elk geval oor hul vrouekollegas bekommer.

Vrouepolisiebeamptes is geneig om minder as hulle manlike eweknieë by voorkomende aksies betrokke te raak (bv. om 'n verdagte voetganger of bestuurder van 'n motorvoertuig voor te keer). Voorkomende inisiatiewe is veral van belang by polisiestasies. Hiervolgens word alle polisiëringstake deur manlike polisiebeamptes as "manlik" geïnterpreteer en glo hulle dat vroue nie in staat is om hulle domein te betree nie. Hierdie mans se definiëring van polisiëring is aksiegeoriënteerd, gewelddadig, onvoorspelbaar en bring mee dat hulle "werklike polisiëring" bloot sien as misdaadbekamping oftewel operasioneel.

'n Uitvloeisel hiervan is dat manlike polisiebeamptes gewoonlik vyandig is teenoor vroue wanneer patrolliewerk en arrestasies ter sprake is. Sodra 'n vrou dus saam met 'n man toegewys word om patrolliediens te verrig, voel die man dat sy fisieke krag as irrelevant beskou word (persoonlike en groepidentiteit word dus bedreig) en indien hy in 'n fisieke

konfrontasie betrokke raak, die vrou hom in sy optrede sal strem. Vrouepolisiebeamptes is volgens manlike polisiebeamptes nie betroubaar in gevaarlike situasies nie. In die lig hiervan word gepostuleer dat mans wat amptelike opleiding ondergaan het en betrokke is by operasionele polisiëring oor die algemeen negatiewer is teenoor die rol van die vroue-polisiebeampte as mans wat nie operasionele polisiëring verrig soos hoofkantoorpersoneel, of nie amptelike opleiding ondergaan het nie. Hoofkantoorpersoneel kry hoofsaaklik te doen met administratiewe aangeleenthede, beleidsimplementering en beleidsformulering en nie soseer met operasionele aktiwiteite wat deur mans as ware polisiëring beskou word nie.

Manlike polisiebeamptes beskou vroue dikwels as die swakker geslag derhalwe bestaan die neiging om paternalisties (vaderlik) teenoor vrouekollegas op te tree. Dit beteken dan ook dat hierdie mans bekommerd is oor hulle vrouekollegas se veiligheid in gevaarsituasies (Martin & Jurik, 1996:68). Hierdie "beskerming" van vroue word beskou as die man se plig, ridderlike optrede en 'n integrale deel van 'n man se sosialisering.

Hipotese 14: Manlike polisiebeamptes is betekenisvol meer as vrouepolisiebeamptes van mening dat polisiëring nie 'n beroep vir vroue is nie.

Rasionaal vir hipotese 14

Vroue word as fisiek ongeskik en oormatig emosioneel beskou om by die manlike aard van polisiëring aan te pas. Verder word gepostuleer dat vroue slegs geskik is om huishoudelike pligte in die polisie te verrig (Brown & Heidensohn, 2000:56).

Hipotese 15: Betekenisvol meer vroulike as manlike polisiebeamptes is van mening dat daar 'n manlike subkultuur in die SAPD bestaan.

Rasionaal vir hipotese 15

Volgens Tracy-Stratton (1986:317) kan die polisie as 'n "subculture of males in the prime of their life" beskryf word. Die vrou sukkel gewoonlik om deel van hierdie subkultuur of ethos te word, aangesien dit spesifieke rolle en vermoëns voorskryf. Vroue wat wel in die "brotherhood" of sogenaamde "cop culture" aanvaar word, moet "een van die ouens" word (dit geld veral vir die ou generasie polisiebeamptes). Shusta et al. (1995:49) noem in die verband dat die meeste vrouepolisiebeamptes oorkompenseer deur hulle optrede om deur die manlike lede van die subkultuur aanvaar te word. Hulle word gewoonlik as hard, koud en onemosioneel beskryf. Gesien teen hierdie agtergrond pas die vrou nie in by die simboliese

rolmodel van hoe 'n polisiebeampte behoort te wees nie. Die afleiding word hieruit gemaak dat die polisiesubkultuur dus hoofsaaklik manlik gedomineerd is.

Hipotese 16: Vrouepolisiebeamptes is betekenisvol meer as manlike polisiebeamptes van mening dat hulle vroulik voorkom as hulle 'n uniform dra.

Hipotese 16.1: Betekenisvol meer vroulike as manlike polisiebeamptes is van mening dat hulle hulle sensitiwiteit moet prysgee om te kan byhou ("cope").

Rasionaal vir hipotese 16 en 16.1

Volgens Shusta et al. (1995:49) moet die meeste vrouepolisiebeamptes wat ware polisiewerk (operasioneel) verrig op so 'n wyse optree dat hulle deur die manlike lede van die subkultuur aanvaar word. Hulle moet dus met hulle optrede oorkompenseer. Hulle word gewoonlik as hard, koud en onemosioneel beskryf. Hierdie vrouepolisiebeamptes staan as "Jane Waynes" bekend aangesien hulle mans met vloekery probeer oortref en meer aggressief as mans wil voorkom. Sommige vrouepolisiebeamptes gebruik net soveel alkohol of net soveel kru taal as hulle manlike kollegas om te wys dat hulle wel lid van die subkultuur kan wees (Bezuidenhout & Theron, 2000:27). Sodoende moet hulle hul vroulikheid prysgee om aanvaar te word. Verder is die uniforms wat teenswoordig deur vroue in die SAPD gedra word, gebasseer op die uniforms van mans. Hoewel eenvormige kleredrag 'n tendens is wat wêreldwyd voorkom, dra hierdie inisiatief nie noodwendig by tot die bevoordeling van die vrou se beroepsidentiteit en vroulikheid nie. Die rede hiervoor is dat die uniforms van polisiebeamptes spesifiek ontwerp word om die forse voorkoms van die man te beklemtoon (Martin & Jurik, 1996:87). Die simboliese karakter en manlike aard van polisiëring word dus hierdeur in stand gehou.

Hoewel die verwagtinge en standaarde rakende die vrouepolisiebeampte toenemend besig is om te verander en vroue teenswoordig meer ruimte het om vroulik te wees, moet hulle steeds versigtig wees oor hoe hulle hulself laat geld in die polisie en watter oorlewingsmeganisme hulle gebruik. In die verband meld Tracy-Stratton (1985:317) dat manlike polisiebeamptes "cannot accept a woman who rejects her own feminine nature to become one of the boys". In 'n studie (Bezuidenhout & Theron, 2000:28) het 'n manlike respondent aangedui dat vrouepolisiebeamptes hoegenaamd nie as vroulik beskou kan word nie. Indien hierdie ingesteldheid steeds onder sommige manlike polisiebeamptes bestaan, word gepostuleer dat vroue in 'n groter mate as mans van mening sal wees dat vroue hulle

sensitiwiteit en vroulikheid moet prysgee om aanvaar te word en te kan byhou. Die omgewing, tipe polisiëringstake asook die eenheid waarin gewerk word, speel 'n rol in hoe 'n vrou haar vroulikheid kan uitleef en in hoe 'n mate sy sensitief kan wees.

Hipotese 17: Betekenisvol meer vroulike as manlike polisiebeamptes is van mening dat daar teen vroue gediskrimineer word in die SAPD.

Hipotese 17.1: Betekenisvol meer vroulike as manlike polisiebeamptes is van mening dat vroue aan seksuele teistering blootgestel word in die SAPD.

Rasionaal vir hipotese 17 en 17.1

Navorsers (Champion & Rush, 1997:151) wys daarop dat die seksuele teistering van vroue in die beroepswêreld daagliks toeneem en toegeskryf kan word aan die feit dat vroue sedert die 1970's toenemend die huishouding vir 'n beroep verruil het. Verskeie outeurs wys daarop dat vrouepolisiebeamptes, net soos ander vroue wat beroepe beoefen, deur hulle manlike eweknieë seksueel geteister word (Barkan, 1997:492; Grennan, 1993:173; Koss et al., 1994:133; Shusta et al., 1995:47; Thibault et al., 1995:269). Ter ondersteuning hiervan word in 'n internetartikel (http://www.feminist.org/police/stats.html) gemeld dat meer as 90% polisievroue aan seksuele teistering blootgestel word.

Aleem (1991:v) is van mening dat gelyke status in polisiëringsrolle fundamenteel is in suksesvolle polisiëring. Daar is egter steeds weerstand, veral as vroue goed presteer of 'n hoër rang as 'n man beklee. Verskeie mans is van mening dat vroue nie ware polisiëring kan verrig nie aangesien hulle nie oor die fisieke vermoëns beskik en nie verstandelik opgewasse is om dit te doen nie. Derhalwe diskrimineer mans steeds teen vroue ten opsigte van opleiding, bevordering en polisiëringsrolle (Martin & Jurik, 1996:65). In die lig hiervan word gepostuleer dat 'n betekenisvolle aantal vroue van mening is dat daar ongeag verandering teen hulle gediskrimineer word op sowel seksuele as beroepsvlak.

Hipotese 18: Onderoffisiere sal betekenisvol meer negatief teenoor die rol van vrouepolisiebeamptes in die SAPD wees as offisiere.

Hipotese 18.1: Manlike onderoffisiere sal betekenisvol meer negatief teenoor die rol van vrouepolisiebeamptes in die SAPD wees as manlike offisiere.

Rasionaal vir hipotese 18 en 18.1

Volgens buitelandse navorsers (http://www.geocities.com/~halbrown/bogshrink7.htm; Flowers, 1989:170; Grennan, 2000:393) is onderoffisiere van beide geslagte meestal meer in kontak met mekaar op 'n funksionele vlak aangesien hulle byvoorbeeld saam in die aanklagkantoor oftewel die gemeenskapdienssentrum werk. Hulle doen gewoonlik ook saam patrollies of werk skofte saam. Polisiebeamptes van beide geslagte is derhalwe meer bewus van mekaar se rolle en optredes. Aspekte soos fisieke tekortkominge by die vrou in sekere situasies of oorkompensering deur die vrou om aanvaar te word deur haar manlike eweknieë is dus 'n meer algemene verskynsel by onderoffisiere as by offisiere. Onderoffisiere kan oor die algemeen as die werkerskorps van SAPD beskou word, terwyl offisiere as die middel- en topvlakbestuurders van die organisasie gesien kan word. Die bestuurskader is in 'n mindere mate betrokke by die sogenaamde "donkiewerk" as onderoffisiere. Dit beteken dat interne sanksionering en 'n eenheidsgevoel (kameraadskap) veral onder manlike polisiebeamptes in die laer range kenmerkend raak. Sekere basiese reëls of kriteria geld gewoonlik ten opsigte van hoe onder sekere omstandighede opgetree en watter "straf" opgelê moet word indien 'n lid nie hierdie interne sanksionering respekteer nie. Vroue word gewoonlik nie as geskik beskou vir geharde polisiëring (bv. moordtoneel besoek) nie, vanweë hulle vroulike eienskappe. Bepaalde optredes soos hoe 'n persoon van 'n hoër rang gerespekteer en teenoor opgetree moet word, geld ook by hierdie groep en kan direk gekoppel word aan dit wat die subkultuur voorskryf (Conklin, 1998:439). In die lig hiervan word gepostuleer dat 'n betekenisvolle aantal onderoffisiere meer negatief as offisiere teenoor die rol van vroue-polisiebeamptes is. Hierdie postulaat is veral ter sprake by manlike onderoffisiere.

5.1 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is 'n aantal hipoteses en subhipoteses geformuleer wat voortgespruit het uit die teoretetiese perspektief en bestaande navorsing. Vervolgens word die navorsingsontwerp in Hoofstuk 6 uiteengesit.

6. NAVORSINGSONTWERP

Die toetsing van die hipoteses wat in die voorafgaande hoofstuk gestel is, vereis nadere verklaring van die metodologie wat gebruik moet word om dit te toets. Vervolgens word dus aandag geskenk aan die meetinstrumente wat ontwikkel is, die aard en kenmerke van die steekproef, die prosedure wat gevolg is om die data in te win en die statistiese tegnieke wat gebruik is om die data te ontleed.

6.1 MEETINSTRUMENTE

Nadat goedkeuring by die SAPD gekry is om die onderhawige studie te onderneem (Bylae 1) is daar by die beplanning van die navorsingsprojek besin oor die geskikste wyse waarop data ingesamel kon word om die doelwitte wat gestel is, te kan bereik. Hierdie oorweging was veral van belang aangesien die studie as sensitiewe navorsing beskou word vanweë die feit dat twee groepe se houdings rakende een spesifieke groep se rol gemeet word (Babbie, 1990:348-350).

Ten einde die nodige oriëntering te kon doen, is besluit om 'n rigtinggewende vooraftoets, wat kwalitatief (gefokusde onderhoudvoering) van aard is, te onderneem. Die rede hiervoor is dat die navorsingsarea braak lê in Suid Afrika en Bailey (1994:191) aanbeveel dat sodanige studie gedoen moet word ten einde 'n beter begrip van die veld en die veranderlikes te kan vorm. In aansluiting by die voorafgaande voer Oppenheim (1972:25) aan dat dit belangrik is dat die navorser 'n vooraftoets moet doen indien 'n houdingstudie onderneem word. 'n Verdere aspek wat deur die outeur aangeraak word, is dat dit essensieel is dat die navorser self die onderhoude met die geselekteerde groep moet voer. Sodoende sal die navorser bewus raak van enige probleme, tekortkominge en sensitiewe aangeleenthede wat in die navorsing na vore kan kom. Verder gee vooraftoetsing rigting aan die beoogde navorsingsprojek (Babbie, 1990:97).

6.1.1 Rigtinggewende vooraftoets

Aangesien daar nie 'n standaard vraelys opgespoor kon word wat die onderhawige studie komplementeer of daarmee verband hou nie, is 'n kwalitatiewe tegniek, naamlik semi-gestruktureerde onderhoudvoering ("focused interview technique") gebruik. Hierdie tegniek

stel die navorser in staat om vas te stel watter aspekte in die beoogde ondersoek rakende die houdings van manlike en vroulike polisiebeamptes teenoor die rol van vroue-polisiebeamptes in die SAPD geïnkorporeer moet word. Volgens Bailey (1994:191) word insigte bekom wat andersins nie verkry sou word indien 'n houdingskaal direk na afhandeling van die literatuurstudie, ontwikkel en data ingesamel sou word nie. Hagan (1982:72) verwys na die vooraftoets as die "reconnaissance operation or exploratory testing of the instrument using subjects who are similar to the group to be studied". Verder wys Holdaway en Parker (1998:42) daarop dat dit nodig is om sowel die houdings van mans as vroue te meet wanneer die houding teenoor die een groep (in die geval vroue) gemeet word. In die verband meld hy dat "if male officers, who are numerically and in many other aspects dominant in all constabularies, define the role of their female colleagues in particular ways, they are implicitly and explicitly defining themselves".

Aan die hand van die literatuurstudie en informele gesprekke met verskeie polisiebeamptes, is tien hooftemas geïdentifiseer wat tydens die onderhoude aangespreek is. Bailey (1994:191) wys in die verband daarop dat navorsers na afhandeling van 'n literatuurstudie sekere hooftemas tydens die onderhoud kan aanspreek of hipoteses kan formuleer, wat dan tydens die onderhoude bespreek word. Die voordeel verbonde hieraan is dat elke geselekteerde respondent die geleentheid gebied word om elke tema of hipotese volledig toe te lig. Dit bied aan die navorser die nodige rigtingwysers om die amptelike studie te rig. Na aanleiding hiervan is 'n bevelvoerder van 'n polisiestasie in Pretoria genader om 10 vrywilligers (verteenwoordigend van die polisiepopulasie) te identifiseer om aan die vooraftoetsing deel te neem. Dit was van belang om vrywilligers te gebruik aangesien lede wat gedwing word om deel te neem waarskynlik nie eerlike en opregte response sou gee nie. Twaalf polisiebeamptes (ses mans en ses vroue) het ingestem om deel te neem aan die studie en die onderhoude.

In Tabel 7 word 'n uiteensetting gegee van die samestelling van hierdie groep.

Tabel 7
Demografiese Eienskappe van die Vooraftoetsgroep

N	Ouderdom	Geslag	Huwelik status	Ras	Huistaal	Amptelike Opleiding	Afdeling	Jare Diens	Rang
1	23	V	G	Wit	Afr.	Ja	Uniformtak	5	Sers
2	25	V	O	Wit	Afr.	Ja	Uniformtak	8	Sers.
3	31	V	O	Wit	Afr.	Ja	Uniformtak	13	Konst.
4	32	V	O	Swart	N/Sotho	Ja	Uniformtak	4	Konst.
5	32	V	O	Swart	N/Sotho	Ja	Uniformtak	8	Sers.
6	37	V	G	Wit	Afr.	Ja	Menslike Hulpbronne	17	Kapt.
7	27	M	O	Wit	Afr.	Ja	Uniformtak	8	Sers.
8	28	M	G	Wit	Afr.	Ja	Misdaad-ondersoek (MOD)	10	Speur-Sers.
9	28	M	G	Wit	Afr.	Ja	Misdaad-voorkoming	11	Kapt.
10	32	M	O	Swart	N/Sotho	Ja	Sindikaat-bedrogtak	9	Insp.
11	40	M	G	Swart	Zulu	Ja	Uniformtak	15	Sers.
12	55	M	G	Swart	N/Sotho	Ja	Misdaad-ondersoek (MOD)	33	Insp.

Bostaande tabel toon dat geen Asiërs en Kleurlinge aan die vooraftoetsing deelgeneem het nie. Die rede hiervoor is dat daar nie lede van hierdie bevolkingsgroepe by die betrokke polisiestasie werksaam was nie. Dit is 'n tendens wat landwyd by verskillende polisiestasies voorkom aangesien sowel manlike as vroulike lede van hierdie bevolkingsgroepe onderverteenwoordig is in die SAPD (vgl. Hfst. 2).

6.1.1.1 Semigestruktureerde onderhoudskedule

Die onderhoudskedule het uit 10 vrae bestaan wat na afhandeling van die literatuurstudie asook na aanleiding van persoonlike mededelings van polisiebeamptes geformuleer is. Hierdie vrae word vervolgens weergegee:

Vraag 1: Behandel die publiek vrouepolisiebeamptes dieselfde as manlike polisiebeamptes?/*Does the public treat female police officers similarly to male police officers?*

Vraag 2: Voer manlike en vroulike polisiebeamptes dieselfde polisietake uit?/*Do male and female police officers perform the same policing tasks?*

Vraag 3: Kan vroue sekere take beter uitvoer as hulle manlike eweknieë en andersom?/*Can females perform certain tasks better than their male counterparts and vice versa?*

Vraag 4: Beïnvloed tradisionele vroulike karaktereienskappe vroue in die uitvoering van polisiëringstake?/*Do traditional female characteristics interfere with the execution of policing tasks?*

Vraag 5: In watter mate verbeter of beperk 'n vrou se seksualiteit haar geleenthede in die SAPD?/*To what extent does a female's sexuality enhance or limit her opportunities in the SAPS?*

Vraag 6: Kan 'n vroulike toesighouer dieselfde outoriteit as 'n manlike toesighouer afdwing?/*Can a female supervisor command the same authority as a male supervisor?*

Vraag 7: Bestaan daar 'n "polisiekultuur" in die SAPD?/*Does a "cop-culture" exist within the SAPS?*

Vraag 8: Beïnvloed die vrouepolisiebeampte se werksomgewing haar funksionering?/*Does the female police officer's working environment influence her functioning?*

Vraag 9: Moet 'n vrou meer doen as 'n man om dieselfde erkenning of posisie te verkry?/*Does a woman have to do more than a man to gain the same recognition or position?*

Vraag 10: Pas vrouepolisiebeamptes met dieselfde gemak aan by transformasie as manlike polisiebeamptes?/*Do female police officers adjust to transformation with the same ease as male police officers?*

Hierdie 10 vrae is in die vorm van oop vrae individueel aan die respondente gestel. Elke vraag is in diepte ondersoek wat meegebring het dat verskeie aspekte tydens die onderhoude na vore gekom het. 'n Voorbeeld hiervan is vraag vier. Aspekte wat hier na vore gekom het, was onder andere fisieke krag, swangerskap, premenstruele spanning, menstruasie en emosionaliteit wat elk afsonderlik deur die meeste respondente aangevoer is.

Die bevindings van hierdie voorafstudie, is in hoofstuk 4 van hierdie studie gerapporteer (Bezuidenhout & Theron, 2000). Verder is die bevindings op die volgende wyses gebruik:

- 'n Publikasie het in die wetenskaplike tydskrif *Acta Criminologica*: *South African Journal of Criminology*, 2000, *13*(3), 19-31 verskyn.

- Bevindings is as basis gebruik vir 'n referaat wat gedurende Augustus 1998 by die 12de Internasionale Kriminologiekongres in Seoul, Korea gelewer is.

- Inligting wat deur die studie bekom is, is ook gedissemineer tydens 'n tweedagseminaar wat op 2-3 Oktober 2000 by die SAPD Opleidingskollege Pretoria vir 600 vrouelede van

die onderskeie magte/dienste aangebied is. Die tema van die seminaar was "Empowered women in the forces: Reality or myth?"

- Die inligting is ook aangewend om rigting aan die onderhawige studie te gee.

6.2 Ontwikkeling van die posvraelys

Aan die hand van die inligting wat tydens die voorafstudie bekom is, is 'n posvraelys (houdingskaal) ontwikkel waarmee data ingesamel kon word vir die onderhawige studie. Die riglyne wat deur Babbie (1990), Bailey (1994), Bezuidenhout (1994), Brodsky en Smitherman (1983) asook Judd, Smith en Kidder (1991) gegee word vir houdingskaal-konstruksie is gebruik in die ontwikkeling van die houdingskaal. Die posvraelys as geheel bestaan uit 'n dekbrief en vier afdelings.

6.2.1 Dekbrief

Die dekbrief (Bylae 3) wat volgens Bailey (1994:138-140) se riglyne opgestel is, het die voorblad van die posvraelys gevorm. Aangesien die finale vraelys in pakkies versprei is, is daar 'n alternatiewe inligtingsnota saam met elke pakkie vraelyste versprei. Die dekbrief, vraelyste en inligtingsnota is slegs in Engels opgestel aangesien polisiebeamptes Engels magtig moet wees en omdat dit die taal van kommunikasie tussen die meeste polisiebeamptes is wat uit verskillende kulture afkomstig is. Dit sou ook 'n te groot administratiewe las op die navorser geplaas het om die vraelys in al die oorblywende landstale (10) volgens wetenskaplike vereistes te laat vertaal. Slegs twee respondente het aangedui dat hulle 'n Afrikaanse vraelys sou verkies het, maar het nie beswaar gehad om wel die Engelse vraelys in te vul nie.

6.2.1.1 Inligtingsnota

'n Inligtingsnota (Bylae 2) is opgestel om riglyne aan persone wat verantwoordelikheid vir die verspreiding van die vraelyste geneem het, te bied. Inligting ten opsigte van die administratiewe reëlings en hoe respondente geselekteer moes word, is vervat in die inligtingsnotas wat elke pakkie vraelyste vergesel het. Tydens die Area-kommissaris se maandelikse vergadering is 'n pakkie van 10 vraelyste aan elke Stasiebevelvoerder/ verteenwoordiger en eenheids-/afdelingshoof oorhandig. Die navorser het 'n 15 minute spreekbeurt tydens dié vergadering gehad. Nadat die groep toegespreek en die aard van die navorsing aan hulle verduidelik is, is die inligtingsnota volledig toegelig. Die betrokke partye

(stasiebevelvoerders, eenheids-/afdelingshoofde of die onderskeie kommunikasie-beamptes) is noukeurig ingelig wie hulle moes selekteer vir die navorsing om die steekproef so verteenwoordigend as moontlik te kry, in watter omstandighede die vraelyste voltooi moes word en hoe die vraelyste weer ingesamel sou word. Na afloop hiervan het die Area-kommisaris 'n vriendelike beroep gedoen dat almal hulle volle samewerking moes gee en die navorser moes kontak indien daar enige probleme of onduidelikhede was.

6.2.2 Vraelys

Die vraelys (Bylae 4) sluit die volgende in:

- **A. Biografiese inligting**

Vrae wat in hierdie afdeling gestel word, is daarop gerig om die nodige inligting in te samel om die steekproef te kan beskryf. Aspekte wat ter sprake is, is onder andere ras, huwelikstatus en geslag. Hierdie afdeling het uit 12 vrae bestaan.

- **B. Algemene persepsie van polisiebeamptes**

Hierdie afdeling bestaan uit 30 vrae en is ingesluit om vas te stel of die polisiebeamptes wat negatief teenoor die polisiediens is, ook negatief teenoor die rol van die vrouepolisiebeampte staan. Sodoende kan die verband tussen 'n negatiewe ingesteldheid van polisiebeamptes teenoor hulle beroep vergelyk word met hulle houding teenoor die vrouepolisiebeampte.

Op grond van die literatuurstudie, aanbevelings uit die vooraftoets, eie oordeel en ervaring wat verkry is met 'n vorige navorsingsprojek in verband met houdings (Bezuidenhout, 1994:123) is houdingskale vir hierdie afdeling en die afdeling (sien hierna) wat handel oor die persepsies rakende die rol van die vrou in die SAPD, opgestel. Albei skale is volgens die riglyne van die Likert-tipe skaal opgestel aangesien dit een van die algemeenste en geskikste metodes is om houdings te meet (Babbie, 1990:164). Die tipe skaal bestaan uit 'n aantal items wat op 'n vyfpuntskaal beoordeel moet word. Dit impliseer dat die respondent by elke item aandui in welke mate met 'n stelling saamgestem ("strongly agree") of nie saamgestem ("strongly disagree") word nie (Babbie, 1990:127; Judd et al., 1991:164). Die Likert-metode bied aan respondente met uiteenlopende houdings die geleentheid om hulle verskillende sienings duidelik op die skaal aan te dui (Bezuidenhout, 1994:123).

Hierdie afdeling van die vraelys bestaan uit 30 items waarvan 15 positief en 15 negatief gestel is. Hoe hoër 'n telling, hoe positiewer is die respondent se houding teenoor die polisiediens in die algemeen. Indien 'n respondent dus sterk saamstem met al die stellings kan 'n maksimum telling van 150 (30 x 5) behaal word. Die laagste telling wat behaal kan word, is 30 (30 x 1). Die laagste telling wat in die onderhawige studie behaal is, is 51 terwyl die hoogste telling 141 is. In tabelle 8 en 9 (kyk p. 205, 206) word onderskeidelik die standaardafwykings en korrelasie-analises van elke item in die *"Algemene Persepsie van die Polisiebeamptesskaal"* weergegee. In tabelle 10 en 11 (kyk pp. 207 en 208) word die standaardafwykings en korrelasie-analises van elke item in die "*Persepsie rakende vroue-polisiebeampteskaal"* onderskeidelik weergegee.

- **C. Persepsie rakende die vrouepolisiebeampte**

Soos reeds vermeld, is daar ook 'n Likert-tipe skaal vir hierdie afdeling van die vraelys saamgestel. Hierdie skaal bestaan uit 56 items, waarvan 30 negatief en 26 positief gestel is. Die hoogste telling wat behaal kan word, is 280 (56 x 5), terwyl die laagste telling 56 (56 x 1) is. Die laagste telling wat behaal is, is 106, terwyl die hoogste telling 251 is.

- **D. Algemene opmerkings**

Hierdie gedeelte is as 'n oop vraag aan die einde van die vraelys gestel. Dié gedeelte is bygevoeg om aan die respondente die geleentheid te bied om enige inligting wat volgens hulle nie deur die navorsing aangespreek is nie, te vermeld. Die responskoers was egter nie betekenisvol genoeg om te interpreteer nie. 'n Algemene tendens onder diegene wat wel gereageer het, was dat "vroue nie oor die fisieke krag beskik om polisiewerk ten volle te kan verrig nie" en "omstandighede het so verander dat vroue aanvaar moet word".

6.2.3 Loodsstudie

Die eerste konsep van die dekbrief en vraelys is aan twee kollegas binne die Departement Kriminologie, wat vertroud is met vraelyskonstruksie, voorgelê vir beoordeling. Nadat die wysigings wat deur hulle voorgestel is aangebring is, is 'n loodsstudie met 10 polisiebeamptes onderneem. Tydens die loodsstudie is daar gelet op die tyd wat vir die invul van die vraelys benodig word en probleme wat ondervind is. Na afloop van die loodsstudie is die vraelys met die betrokke groep bespreek. Geen probleme is geïdentifiseer nie en die groep het te kenne gegee dat hulle die vraelys met gemak kon invul.

'n Loodsstudie is veral van belang in die geval van 'n posvraelys aangesien respondente sekere items of die hele vraelys kan ignoreer indien hulle probleme daarmee ondervind. Volgens Babbie (1990:220) dra 'n loodsstudie daartoe by dat 'n navorser meer beheer het oor onvoorsiene probleme wat in die praktyk kan verskyn. Anders gestel, 'n loodsstudie dra daartoe by dat die waarskynlikste probleme uitgestryk word voordat die amptelike ondersoek begin. Na afloop van die ondersoek was dit ook duidelik dat die respondente nie probleme met die vraelys ondervind het nie. Nadat enkele wysigings aangebring is na aanleiding van die loodsstudie, is die vraelys aan Mev. M.C. Mauer, Departement Inligtingstegnologie: Netwerk en Gebruikersondersteuning, Universiteit van Pretoria voorgelê vir beoordeling. Sy het sekere wysigings voorgestel waarna die vraelys dienooreenkomstig aangepas is.

Tabel 8
Gemiddeldes en Standaardafwykings vir die Items in die Algemene Persepsie van Polisiebeampteskaal (Afdeling B van posvraelys)

Item	$\overline{X}$	s
1	3,52	0,92
2	3,58	0,99
3	3,54	1,24
4	3,27	1,26
5	3,50	1,15
6	3,45	1,35
7	3,50	1,17
8	3,47	1,09
9	3,40	0,98
10	3,51	0,97
11	2,97	1,14
12	2,75	1,31
13	2,91	1,04
14	3,04	1,11
15	3,28	1,03
16	3,39	1,11
17	3,35	0,97
18	2,48	1,19
19	3,49	1,10
20	3,49	1,04
21	3,07	1,10
22	3,50	1,01
23	2,85	1,20
24	3,58	1,14
25	2,85	1,29
26	3,19	1,03
27	2,80	1,03
28	2,59	0,94
29	2,59	1,25
30	2,00	1,03

Tabel 9

Pearson-produkmomentkorrelasies tussen Individuele Items en Berekende Totaal van die Algemene Persepsie van Polisiebeampteskaal (Afdeling B van posvraelys)

Item	N	r
1	248	0,0005**
2	248	0,0002**
3	248	0,6861
4	248	0,0083**
5	248	0,0250*
6	248	0,5542
7	248	0,0009**
8	248	0,0001**
9	248	0,0009**
10	248	0,0001**
11	247	0,0012**
12	248	0,0001**
13	247	0,2296
14	248	0,1026
15	248	0,0001**
16	248	0,0001**
17	248	0,0001**
18	248	0,0001**
19	248	0,0003**
20	248	0,0001**
21	248	0,0142*
22	248	0,0013**
23	248	0,0001**
24	248	0,0086**
25	248	0,0001**
26	248	0,0001**
27	248	0,0005**
28	248	0,0177*
29	248	0,0090**
30	248	0,0047**

* = $P \leq 0,05$
** = $P \leq 0,01$

Nota: Aangesien soortgelyke bevindings verkry is met die Spearman-korrelasietoets is slegs die Pearson-toets se resultate aangedui.

Tabel 10

Gemiddeldes en Standaardafwykings vir die Items in die Persepsie rakende die Vroue-polisiebeampteskaal (Afdeling C van posvraelys; veranderlikes 45-100)

Item	$\overline{X}$	s
1	4,06	1,13
2	3,50	1,08
3	3,33	1,20
4	3,72	0,97
5	3,62	1,21
6	3,34	1,13
7	3,63	1,09
8	3,66	0,99
9	3,38	1,14
10	3,60	1,16
11	3,84	1,09
12	2,96	1,16
13	3,07	1,29
14	3,70	1,10
15	4,01	1,00
16	4,27	0,97
17	2,53	1,17
18	3,73	1,21
19	3,72	1,12
20	3,15	1,17
21	2,98	1,10
22	3,71	1,16
23	3,90	0,77
24	3,74	1,05
25	3,68	0,99
26	3,53	1,11
27	3,00	1,17
28	3,94	1,14
29	3,88	1,08
30	3,52	1,14
31	3,53	1,08
32	3,13	1,22
33	3,59	1,05
34	4,30	0,84
35	3,36	1,23
36	3,54	1,17
37	3,51	0,85
38	3,07	1,15
39	3,36	1,24
40	4,10	1,06
41	3,96	1,22
42	3,55	1,17
43	2,89	1,11
44	3,80	1,12
45	3,39	1,17
46	3,49	1,16
47	3,61	1,04
48	2,59	0,98
49	3,15	0,87
50	3,62	0,91
51	2,34	1,10
52	3,14	1,05
53	3,45	0,85
54	3,28	0,96
55	3,63	1,00
56	3,41	1,01

Tabel 11

Pearson-produkmomentkorrelasies tussen Individuele Items en Berekende Totaal van die Persepsie rakende die Vrouepolisiebeampteskaal (Afdeling C van posvraelys; veranderlikes 45-100)

Item	N	R
1	248	0,0001**
2	248	0,0002**
3	247	0,9573
4	248	0,0001**
5	248	0,0001**
6	248	0,0001**
7	248	0,0001**
8	248	0,0001**
9	248	0,0001**
10	248	0,0001**
11	248	0,0001**
12	248	0,0001**
13	248	0,0001**
14	248	0,0001**
15	248	0,0001**
16	248	0,0001**
17	247	0,0009**
18	248	0,0031**
19	248	0,2813
20	248	0,2119
21	248	0,1181
22	248	0,0001**
23	247	0,0001**
24	247	0,0001**
25	247	0,0001**
26	247	0,0001**
27	247	0,0009**
28	247	0,0001**
29	247	0,3118
30	247	0,0001**
31	247	0,0132*
32	247	0,0001**
33	247	0,0001**
34	247	0,0006**
35	247	0,0001**
36	247	0,0001**
37	247	0,0001**
38	247	0,0001**
39	247	0,0001**
40	246	0,0001**
41	247	0,0001**
42	247	0,0001**
43	247	0,8396
44	249	0,0001**
45	249	0,0002**
46	249	0,0001**
47	249	0,0057**
48	249	0,0001**
49	249	0,1396
50	248	0,0001**
51	249	0,0115*
52	249	0,0051**
53	249	0,1418
54	249	0,0001**
55	249	0,0003**
56	249	0,0001**

* = $P \leq 0,05$
** = $P \leq 0,01$

Nota: Aangesien soortgelyke bevindings verkry is met die Spearman-korrelasietoets is slegs die Pearson-toets se resultate aangedui.

Ten opsigte van beide skale kan aangevoer word dat die Spearman- en Pearson-korrelasies daarop dui dat die interne betroubaarheid van skale of meetinstrumente as bevredigend beskou kan word (Heiman, 1996; Huysamen, 1976, mnr. R.J. Grimbeek, Departement Statistiek, Universiteit van Pretoria, persoonlike mededeling, Maart 30, 2000).

6.3 STEEKPROEFBESKRYWING EN METODE VAN DATA-INSAMELING

Die onderhawige studie sou aanvanklik as 'n landswye projek onderneem word. Verskeie faktore het egter daartoe bygedra dat die studie slegs in die Pretoria-polisiëringsarea onderneem is. Indien 'n 10% steekproef van die SAPD-populasie getrek word, impliseer dit dat daar ongeveer 14 000 respondente in 'n landwye studie aan die navorsing sou deelneem. Die finansiële en administratiewe omvang van sodanige studie is vir die enkel navorser problematies tensy finansiële en navorsingshulp bekom kan word. Verskeie pogings is aan die begin van die studie aangewend om met behulp van die interne posstelsel van die SAPD, polisiebeamptes landwyd by die studie te betrek. 'n Skrywe aan die destydse hoof van die "Equity"-komponent (voorheen REOP), Assistent Kommisaris Zelda Holtzman het nie enige vrugte afgewerp nie. 'n Vergadering met Assistent Kommisaris Holtzman asook ander verteenwoordigers van die afdeling het daartoe gelei dat toestemming verleen is om respondente uit die Pretoria-area vir die navorsing te nader. Faktore wat deur hulle aangevoer is waarom die trek van 'n landwye steekproef nie kon plaasvind nie, is onder andere dat dit op daardie stadium so te sê onmoontlik was om 'n landswye verteenwoordigende steekproef van die SAPD te trek en dat polisiebeamptes gebombardeer word met nuwe kursusse asook prosesse wat deur die demokratiseringsproses teweeggebring is. Verder is daar ook verskeie nuwe afdelings begin wat meebring dat die personeel hulle voete moet vind en nie tyd het om aan buiteprojekte deel te neem nie. In die lig hiervan is besluit om die studie te verklein en dit slegs in die Pretoria-area te onderneem.

Ten einde die studie in die Pretoria-area te kon onderneem, is Senior Superintendent Johan Smal, Senior Kommunikasiebeampte, Menslikehulpbronbestuur, SAPD-hoofkantoor, genader om die aard van die steekproeftrekking te bespreek. Daar is besluit om tydens 'n maandelikse arearaadsvergadering van die Area-kommisaris op 25 Januarie 2000 die navorsing aan die betrokke partye bekend te stel. Die vergadering is bygewoon deur die Area-kommisaris, die Area-skakelbeampte, 28 Stasiebevelvoerders/-verteenwoordigers, die bevelvoerders van die spesiale eenhede/afdelings asook die bevelvoerders van die onderskeie ondersteunings-dienste soos onder andere Logistiek.

Nadat die doel van die navorsing uiteengesit is, is die versoek gerig dat diegene wat verantwoordelikheid vir 'n pakkie vraelyste neem, die respondente volgens die instruksies op die inligtingsnota (kyk par. 6.2.1.1) moes selekteer. Hiervolgens moes daar gepoog word om persone te kies wat verteenwoordigend van die totale polisiepopulasie is. Faktore soos ouderdom, geslag, ras, huistaal en diensjare moes in ag geneem word. Tien vraelyste per polisiestasie is aan elke Stasiekommisaris/-verteenwoordiger (bv. die skakelbeampte) oorhandig. Vyftien vraelyste is aan die skakelbeampte van die Area-kommisaris oorhandig terwyl 70 vraelyste aan die hoof van die spesiale eenhede (bv. Suid- Afrikaanse Narkotiese Buro) oorhandig is. 'n Versoek van die Bevelvoerder van Openbare Orde Polisiëring ('n spesiale eenheid) om 'n volle skof aan die navorsing te laat deelneem, het daartoe bygedra dat 50 vraelyste in plaas van 10 vraelyste aan hierdie eenheid oorhandig is. Dertig vraelyste is aan Senior Superintendent Johan Smal, Senior Kommunikasiebeampte, Menslikehulpbronbestuur, SAPD-hoofkantoor oorhandig met die versoek om vraelyste onder hoofkantoorlede te versprei. Ten einde topbestuur te betrek, is Mnr Johan Schnetler (Hoof van die navorsingsafdeling, SAPD) genader om 15 vraelyste aan polisiebeamptes met seniorrange te oorhandig. Daar is telkens na die inligtingsnota verwys ten einde die steekproef so verteenwoordigend as moontlik van die polisiepopulasie te kon saamstel. Verder is 'n totaal van 40 vraelyste aan die onderskeie ondersteuningsafdelings oorhandig. 'n Totaal van 500 vraelyste is versprei wat ongeveer 10% van die polisiepopulasie in Pretoria verteenwoordig aangesien daar nagenoeg 5 000 polisiebeamptes in Pretoria gestasioneer is.

Hierdie metode van steekproeftrekking kan as 'n aangepaste doelgerigte teoretiese tegniek (Babbie, 1990:97-98) beskou word omdat die populasie bekend en bereikbaar is vir die navorser. Die trek van 'n verteenwoordigende steekproef van die polisiepopulasie was egter nie moontlik nie aangesien sekere polisiestasies byvoorbeeld geen swart vroue-polisiebeamptes of Kleurling en Asiër polisiebeamptes het nie. Pretoria het hoofsaaklik wit en swart polisiebeamptes, terwyl Asiërs meer algemeen in Natal (bv. Durban en Pietermaritsburg) en Kaapstad diens doen. Daar is ook 'n groter aantal Kleurling polisiebeamptes in Kaapstad (bv. Belville en Kaapse vlakte) (Kommisaris L. Stander, Afdelingskommisaris: Personeeldienste, Persoonlike mededeling Oktober 12, 2000).

In die inligtingsnota asook in die dekbrief is versoek dat die ingevulde vraelyste op 1 Februarie 2000 gereed moes wees om afgehaal te word by die persoon wat dit versprei het. Al die vraelyste is in onverseelde A-4 koeverte aan respondente oorhandig. Die versoek is gerig dat dit geseël moes word nadat die vraelys ingevul is. Verder is instruksie gegee dat geen name, nommers of enige identifiserende besonderhede van respondente op die koevert of vraelys aangebring moes word nie. Sodoende is anonimiteit verseker. Ongeag die

versekering wat gegee is dat die navorsing anoniem hanteer sou word, het verskeie polisiebeamptes die navorser geskakel om seker te maak dat daar nie teen hulle gediskrimineer sou word indien hulle die vraelyste sou invul nie. Versoeke deur sommige van die persone wat die vraelyste versprei het om die datum van afhandeling (1 Februarie 2000) te verleng, het daartoe bygedra dat 'n week langer toegestaan is en dat die pakkies vraelyste via die interne posstelsel na Area-hoofkantoor gestuur kon word.

Aangesien die Universiteit van Pretoria naby Brooklyn Polisiestasie geleë is, is 'n reëling met die skakelafdeling getref om ingevulde vraelyste wat geseël is via die interne posstelsel vanaf Area-hoofkantoor na Brooklyn Polisiestasie te stuur. Aangesien al die vraelyste nie teen die sperdatum ontvang is nie, is opvolgversoeke gerig om die vraelyste te versprei, te laat invul en so gou as moontlik terug te stuur. Die navorser het deur middel van persoonlike besoeke aan stasies/afdelings en telefoonoproepe opvolgversoeke gerig. Die Brooklyn Polisiestasie se skakelafdeling was ook hiermee behulpsaam. Vraelyste wat nie aangestuur is via die interne posstelsel nie, is self afgehaal. Aangesien daar nog vraelyste op die tweede sperdatum uitstaande was, is 'n verdere twee weke grasie verleen. Die rede hiervoor was dat verskeie stasies en eenhede laat weet het dat dit moeilik is om die vraelyste in te samel aangesien sommige polisiebeamptes skofte werk of soms afwesig is omdat hulle af dae kry om te rus of weens mediese redes nie aan diens is nie.

Hoewel die verantwoordelike persone soos onder andere skakelbeamptes en stasie-bevelvoerders gereeld aangemoedig is om die ingevulde vraelyste terug te stuur, is slegs 265 (53%) vraelyste terug ontvang. Van hierdie vraelyste was 249 (49,8%) bruikbaar. 'n Verdere 15 vraelyste is drie maande na die verlengde afsnytyd ontvang. Die vraelyste kon egter nie gebruik word nie omdat die data reeds verwerk was. Ten opsigte van diegene wat nie deelgeneem het nie, kan gerapporteer word dat twee polisiestasieverteenwoordigers geskakel het om te verneem of dit teen hulle sou tel as hulle stasie nie deelneem nie. Hoewel die belang van die navorsing aan hulle verduidelik is, het hulle besluit om nie deel te neem nie. Verder was daar 'n stasie wat aangedui het dat hulle nie belangstel om deel te neem nie. 'n Stasieverteenwoordiger wat geskakel is met die versoek om hulle vraelyste aan te stuur, het die navorser meegedeel dat hulle nie bewus was van die navorsing nie en dat hulle nie van 'n alternatiewe pakkie vraelyste voorsien moes word nie aangesien hulle nie sou belangstel om deel te neem nie. Die afleiding kan gemaak word dat diegene wat nie gereageer het nie waarskynlik van oordeel was dat die ondersoek teen hulle kon tel en dat hulle daarom besluit het om nie deel te neem nie.

Ten opsigte van die responskoers van 49,8% (aantal bruikbare vraelyste meld Judd et al., (1991:217) dat posvraelyste gewoonlik die laagste responskoers van die drie tegnieke naamlik, pos-, telefoon- en onderhoudvraelyste het. Responskoerse is gewoonlik onder 50% vir posvraelyste. Bailey (1994:149) staaf die aanname en voer aan dat responskoerse van tot 10% te wagte kan wees. In aansluiting hierby meld Babbie (1990:182) dat "a response rate of at least 50% is generally considered *adequate* for analysis and reporting". Dit beteken dat die responskoers goed was volgens die kriteria wat vir posvraelyste gestel word.

Vervolgens word die biografiese kenmerke van die steekproef uiteengesit:

Tabel 12
Ouderdomsverspreiding

	Mans		Vroue		Totaal	
Ouderdom	N	%	N	%	N	%
18-29	38	15,26	55	22,09	93	37,35
30-44	76	30,52	51	20,48	127	51,01
45-56	18	7,23	3	1,21	21	8,43
Nie aangedui	6	2,41	2	0,80	8	3,21
Totaal	138	55,42	111	44,58	249	100,00

Hoewel daar in die inligtingsnotas wat saam met elke pakkie vraelyste versprei is, versoek is dat die deelnemers wat geselekteer word ook verteenwoordigend van die bogenoemde ouderdomsverspreiding moet wees, blyk dit uit bostaande tabel dat dit nie moontlik was nie. Verskeie redes kan hiervoor verantwoordelik wees soos onder andere dat vroue eers sedert 1972 tot die polisie toegelaat is en daar eers sedert 1994 na aanleiding van die Konstitusie aktiewe pogings aangewend word om vroue as polisiebeamptes te werf. Die feit dat 'n groter aantal vroue in die ouderdomskategorie 18-29 jaar as mans aan die navorsing deelgeneem het, kan waarskynlik aan die werwingsprosedures van vroue toegeskryf word.

Ten opsigte van die ander ouderdomskategorieë is die vroue egter onderverteenwoordig in vergelyking met die mans. 'n Rede hiervoor is dat vroue ongeag werwingsprosedures persentasie gewys in vergelyking met mans steeds onderverteenwoordig in die SAPD is. Daar is dus heelwat minder vroue by polisiestasies werksaam as mans. Dit was derhalwe moeilik om die twee groepe ten opsigte van ouderdom, gelyk teenoor mekaar in te deel. Verskeie stasiebevelvoerders en skakelbeamptes het hierdie probleem gestaaf. Buitelandse navorsers (Brown & Heidensohn, 2000; Grennan, 2000; Schmalleger, 1999) bevestig ook hierdie probleem en is van mening dat dit moeilik is om manlike en vroulike polisiebeamptes groepsgewys op grond van ouderdom gelyk aanmekaar te stel aangesien vroue wêreldwyd onderverteenwoordig in polisiemagte is. Brown en Heidensohn (2000:126) voer in die verband aan dat hulle gebruik gemaak het van gefokusde onderhoudvoering ten einde hulle

proefgroep demografies gelyk aanmekaar te stel. Dit het egter geïmpliseer dat hulle twee alternatiewe navorsers gebruik het in hulle studie waarby slegs 56 respondente betrek is.

Die jongste respondent was 18 jaar, terwyl die oudste respondent wat deelgeneem het 56 jaar was. Die gemiddelde ouderdom van die respondente is 33,4 jaar. Die lae responskoers van respondente ouer as 50 jaar is te wagte aangesien ouer polisiebeamptes meestal bestuursposisies bekleë en onderverteenwoordig by polisiestasies is. Verder voer Bailey (1994:149) aan dat ouer persone met ondervinding en tersiêre opvoeding meestal van oordeel is dat hulle hulself beter deur middel van spraak as deur middel van skryf kan uitdruk. Derhalwe is hulle nie geneë om posvraelyste in te vul nie.

Tabel 13
Geslagsverspreiding

Geslag	N	%
Manlik	137	55,02
Vroulik	111	44,58
Nie aangedui	1	0,40
Totaal	249	100,00

In die onderhawige studie is 44,58% van die responsgroep vrouepolisiebeamptes. Aangesien vroue minder as 20% van die amptelike polisiepopulasie uitmaak, kan hierdie responssyfer deur vrouepolisiebeamptes as bevredigend beskou word. Die inligtingsnota waarin die verlangde steekproefsamestelling uiteengesit word, het waarskynlik meegehelp dat die twee groepe (manlik en vroulik) redelik gelyk aan mekaar is.

Tabel 14
Taalverspreiding

	Mans		Vroue		Totaal	
Taal	N	%	N	%	N	%
Afrikaans	68	27,31	74	29,72	142	57,03
Engels	10	4,02	7	2,81	17	6,83
Swart tale	58	23,30	30	12,04	88	35,34
Nie aangedui	2	0,80	-	-	2	0,80
Totaal	138	55,43	111	44,57	249	100,00

Uit Tabelle 15 en 16 (hierna) blyk dit dat wit Afrikaanssprekende polisiebeamptes die grootste groep verteenwoordig wat aan hierdie studie deelgeneem het. Hoewel swart polisiebeamptes die grootste groep (58,3%) en wit polisiebeamptes die tweede grootste groep (29,5%) van die amptelike polisiepopulasie uitmaak, dien gemeld te word dat daar meer wit Afrikaanssprekende polisiebeamptes in Pretoria en omgewing gestasioneer is as elders in Suid-Afrika (kommisaris L. Stander, Afdelingskommisaris: Personeeldienste,

persoonlike mededeling, Oktober 12, 2000). Dit verklaar waarskynlik waarom daar meer wit polisiebeamptes aan die onderhawige studie deelgeneem het.

Tabel 15
Rasseverspreiding

	Mans		Vroue		Totaal	
Ras	N	%	N	%	N	%
Asiër	5	2,01	1	0,40	6	2,41
Kleurling	3	1,21	2	0,80	5	2,01
Swart	59	23,70	30	12,04	89	35,74
Wit	70	28,11	78	31,33	148	59,44
Nie aangedui	1	0,40	-	-	1	0,40
Totaal	138	55,43	111	44,57	249	100,00

Tabel 16
Rasseverspreiding in die SAPD: Julie 2000

Ras	N	%
Asiër	4 498	3,7
Kleurling	10 404	8,5
Swart	71 558	58,3
Wit	36 267	29,5
Totaal	122 727	100

(kommisaris L. Stander, Afdelingskommisaris: Personeeldienste, persoonlike mededeling, Oktober 12, 2000).

Soos vermeld in paragraaf 6.3 is polisiebeamptes oneweredig versprei ten opsigte van hulle verteenwoordiging in die verskillende provinsies in Suid Afrika. Dit kon daartoe bygedra het dat dit die verteenwoordiging in die onderhawige studie beïnvloed het. Soos reeds vermeld in die verduideliking na Tabel 15, is daar meer blanke Afrikaanssprekende polisiebeamptes as swart polisiebeamptes in die Pretoria-omgewing gestasioneer wat waarskynlik 'n invloed op die steekproeftrekking gehad het.

Tabel 17
Verspreiding van Huwelikstatus

	Mans		Vroue		Totaal	
Huwelikstatus	N	%	N	%	N	%
Ongetroud	16	6,43	19	7,63	35	14,06
Getroud	110	44,18	65	26,10	175	70,28
Ander	12	4,82	27	10,84	39	15,66
Totaal	138	55,43	111	44,57	249	100,00

Die meeste respondente val in die ouderdomskategorie 30-44 jaar (kyk Tabel 12). Hierdie ouderdomsgroep is ook meestal dié groep wat getroud is in die samelewing. Dit verklaar waarskynlik waarom die grootste groep getroud is. Volgens Meyer (1988:170) het die mens vanaf die ouderdom 25 jaar die behoefte om sinvol aan die ontwikkeling van die mensdom

mee te doen en te versorg. Dit impliseer dat die mens 'n behoefte het om in die huwelik te tree en generatiewe behoeftes te bevredig.

Verder dien gemeld te word dat geen amptelike opleiding van polisierekrute vanaf 1994 tot 1998 by die Polisiekollege, Pretoria plaasgevind het nie. Hoewel poste reeds in 1996 geadverteer is, het die eerste inname vir opleiding eers gedurende Junie 1998 plaasgevind. Dit impliseer dat daar nie 'n jong groep ongetroude polisiebeamptes in die polisiepopulasie gedurende hierdie tydperk ingeneem is nie. Hierdie toedrag van sake kon meegebring het dat die polisiepopulasie oor die algemeen verouder het en dat dít gereflekteer word in die steekproef se huwelikstaat.

Tabel 18
Opvoedkundige Kwalifikasies

	Mans		Vroue		Totaal	
Kwalifikasie	N	%	N	%	N	%
Graad 8-11 (standerd 6-9)	13	5,22	1	0,40	14	5,62
Graad 12 (standerd 10)	64	25,70	50	20,09	114	45,79
Diploma	50	20,09	48	19,27	98	39,36
Graad	7	2,81	12	4,81	19	7,62
Nie aangedui	4	1,61	-	-	4	1,61
Totaal	138	55,43	111	44,57	249	100,00

Die meeste respondente (92,77%) het hulle hoërskoolloopbaan voltooi. Verder het 98 (39,36%) respondente 'n diploma voltooi, terwyl 19 (7,62%) grade verwerf het. Uit Tabel 11 blyk dit ook dat meer vroue (4,81%) as mans (2,81%) in die steekproef oor grade beskik. Hierdie tendens kan moontlik verklaar word aan die hand daarvan dat daar sedert 1996 werwingsveldtogte geloods is om vroue na die polisiediens te lok (Kommisaris L. Stander, Afdelingskommisaris: Personeeldienste, Persoonlike mededeling, Oktober 12, 2000). Nuwe kriteria vir seleksie soos onder andere opvoedkundige kwalifikasie kon ook daartoe bygedra het dat vroue wat vir die SAPD gewerf word, toenemend oor tersiëre kwalifikasies beskik.

Aangesien die steekproef 'n aantal manlike en vrouepolisiebeamptes betrek het wat by hoofkantoor werksaam is en die SAPD hulle beywer om polisiebeamptes te werf wat oor meer vaardighede en beter kwalifikasies as in die verlede beskik, kon dit bygedra het dat 'n groot komponent van hierdie steekproef (46,98%) oor naskoolse kwalifikasies beskik. Verder is meer as twee derdes van die steekproef langer as 10 jaar aan die SAP/SAPD verbonde (kyk Tabel 20) In die verlede was 'n diploma in Polisiekunde van die Technikon van Suid-Afrika of 'n graad in Polisiekunde van die Universiteit van Suid Afrika 'n belangrike kriteria vir bevordering in die destydse SAP. Dit verklaar waarskynlik waarom 39,36% van die steekproef oor diplomas en 7,62% oor graadkwalifikasies beskik. Daar moet ook in ag

geneem word dat die SAPD sekere spesialiteitsafdelings het en dat lede hulleself spesifiek bekwaam om in hierdie afdelings werksaam te kan wees.

Die 5,62% wat nie hulle skoolloopbane voltooi het nie, is waarskynlik polisiebeamptes wat volgens die nuwe beleid by die polisiediens geïnkorporeer is nadat al die polisiemagte/-dienste in Suid-Afrika geamalgameer is. Met ander woorde, die destydse Tuislande se polisiemagte is na demokratisering by die SAPD ingesluit. Verskeie van hierdie "spesiale konstabels" het nie oor 'n matriekkwalifikasie beskik nie. Voor demokratisering was skolastiese vereistes vir werwing in die SAP slegs 'n standerd agt. Na 1994 is die Polisiewet as werwingsvereistes gewysig. Nuwe rekrute moet sedert 1994 oor minstens 'n matriekkwalifikasie en 'n bestuurslisensie beskik (Mev. A.L. Wessels: Senior Personeelbeampte, Werwing SAPD, persoonlike mededeling, Februarie 12, 2001).

Tabel 19
Amptelike Polisie-opleiding

	Mans		Vroue		Totaal	
Opleiding	N	%	N	%	N	%
Opleiding deurloop	132	53,01	99	39,76	231	92,77
Opleiding nie deurloop	1	0,40	10	4,02	11	4,42
Nie aangedui	5	2,01	2	0,80	7	2,81
Totaal	138	55,42	111	44,58	249	100,00

Die meeste polisiebeamptes (92,77%) in die steekproef het amptelike polisie-opleiding deurloop. In die verlede was dit beleid dat alle lede in die mag polisie-opleiding moes deurloop. Aangesien die meerderheid proefpersone langer as 10 diensjare het, verklaar dit moontlik waarom die meeste polisie-opleiding ondergaan het. Volgens die ouderdoms-verspreiding van die steekproef en die feit dat daar vir 'n aantal jare nie amptelike polisie-opleiding by polisiekolleges plaasgevind het nie (kyk verduideliking na Tabel 20), kan die afleiding ook gemaak word dat die bestaande polisiepopulasie grootliks amptelike opleiding ontvang het. Dit dien egter gemeld te word dat die polisie toenemend personeel werf om in spesiale afdelings of in bestuursposte diens te doen sonder dat amptelike opleiding ondergaan is.

Tabel 20
Verspreiding van Diensjare

	Mans		Vroue		Totaal	
Aantal diensjare	N	%	N	%	N	%
4-9	29	11,65	46	18,47	75	30,12
10-15	64	25,70	50	20,08	114	45,78
16-24	31	12,45	12	4,82	43	17,27
25-37	11	4,42	1	0,40	12	4,82
Nie aangedui	3	1,21	2	0,80	5	2,01
Totaal	138	55,43	111	44,57	249	100,00

Meer as twee derdes van die steekproef het langer as 10 jaar diens in die SAP/SAPD. Aangesien daar 'n moratorium op indiensneming vanaf Augustus 1994 tot 1996 was en die eerste inname vir opleiding gedurende Junie 1998 plaasgevind het, kon dit daartoe bygedra het dat meer persone wat langer as 10 jaar diens het by die studie betrek is as diegene wat minder as 10 diensjare het. Hoewel amptelike polisie-opleiding weer gedurende Junie 1998 hervat is, duur opleiding slegs ses maande. Hierna moet rekrute 'n spesiale kursus voltooi en moet hulle ses maande praktiese werk in die veld verrig alvorens hulle amptelik as konstabels aangestel word. Die implikasie hiervan is dat daar sedert 1994 tot 1999 nie polisiebeamptes wat amptelike opleiding deurloop het, by die polisiediens ingeneem is nie (Mev. A.L. Wessels: Senior Personeelbeampte, Werwing SAPD, persoonlike mededeling, Februarie 12, 2001; Stevens & Yach, 1995:20).

Tabel 21
Verspreiding van Afdeling/Seksie/Stasie

	Mans		Vroue		Totaal	
Seksie/Stasie	N	%	N	%	N	%
Hoofkantoor	7	2,81	8	3,21	15	6,02
Polisiestasies	91	36,55	79	31,72	170	68,27
Spesiale eenhede	31	12,45	12	4,82	43	17,27
Nie aangedui	9	3,62	12	4,82	21	8,44
Totaal	138	55,43	111	44,57	249	100,00

Tabel 22
Vraelyste aan die Onderskeie Seksies uitgestuur en Responskoerse

	Uitgestuur	Ontvang
Hoofkantoor/ondersteuningsdienste	100	15
Polisiestasies	280	170
Spesiale eenhede	120	43
Nie aangedui		21
Totaal	500	249

Die rede waarom hoofkantoorlede nie 'n goeie respons gelewer het nie, kan moontlik toegeskryf word aan die volgende redes wat deur Bailey (1994:149) voorgehou word:

- Individue met tersiêre opleiding verkies om inligting verbaal weer te gee.

- Diegene wat tersiêre opleiding ondergaan het, is soms te lui om vraelyste in te vul.

- Persone wat tersiëre opleiding ondergaan het of in afdelings werk wat 'n hoër status (hoofkantoor) as hulle kollegas (polisiestasies) het, is soms huiwerig om vraelyste in te vul aangesien hulle bang is dat hulle foute (bv. spelfoute) sal maak en dit hulle sal verneder.

- Diegene wat redelik mobiel (rondbeweeg) in hulle werksituasie is, is dikwels onwillig om aan navorsing deel te neem.

Aangesien hoofkantoorpersoneel in die SAPD met die demokratiseringsproses redelik mobiel was om onder andere nuwe programme nasionaal, provinsiaal en plaaslik te implementeer kan die afleiding in die lig van die bogenoemde gemaak word dat hierdie polisielede te besig en mobiel was om aan die navorsing deel te neem. 'n Verdere verklaring waarom die responskoers van die onderskeie seksies/stasies as gemiddeld beskou kan word, is dat die navorsing as sensitiewe navorsing beskou kan word. Die rede hiervoor is dat die rol van vroue in die polisie gemeet en die houdings van mans en vroue teenoor hierdie rol getoets word. Volgens Bailey (1994:116) veroorsaak sensitiewe navorsing dat respondente soms nie eerlik is nie of glad nie reageer nie. Ter motivering voer hy aan dat bepaalde sosiale norme bestaan rakende wat aanvaarbaar en nie-aanvaarbaar is nie. Indien 'n individu dus reageer op 'n vraag wat handel oor 'n sensitiewe aangeleentheid soos sy of haar houding teenoor 'n kollega kan dit vrees en onsekerheid veroorsaak. Hierdie vrees hou verband met aspekte soos "die navorser sal my aangee by seniors" of "daar sal teenoor my gediskrimineer word op grond van my siening". Hoewel anonimiteit deurgaans gewaarborg is, byvoorbeeld tydens die samespreking met die Area-kommisarisse en in die dekbrief, het sommige respondente tog telefonies geskakel om vas te stel wat die doel van die navorsing is en of daar teen hulle gediskrimineer kan word. 'n Aantal respondente het ook geskakel en aangedui dat hulle nie gemaklik voel om aan hierdie tipe navorsing deel te neem nie. Hierdie onsekerheid om aan die navorsing deel te neem, word ook gereflekteer deurdat 'n aantal individue (4,82%) nagelaat het om aan te dui by watter stasie/seksie hulle werksaam is.

Tabel 23
Verspreiding van Operasionele en Administratiewe Personeel

	Mans		Vroue		Totaal	
Funksie	N	%	N	%	N	%
Operasioneel	64	25,70	29	11,65	93	37,35
Administratief	66	26,51	78	31,32	144	57,83
Nie aangedui	8	3,21	4	1,61	12	4,82
Totaal	138	55,42	111	44,58	249	100,00

Die groter responskoers deur administratiewe personeellede kan daaraan toegeskryf word dat operasionele lede meestal skofte werk en nie geredelik by stasies/seksies beskikbaar is nie. Indien stasiebevelvoerders en toesighouers vraelyste tydens kantoorure aan polisiebeamptes uitgedeel het, mag persone wat wel sou wou deelneem, afwesig gewees het. Hierdie aanname word ondersteun deur die feit dat meer vroulike administratiewe personeel die vraelyste ingevul het. Volgens Brown en Heidensohn (2000:57-75) is vroue deur die jare grootliks vir administratiewe pligte en slagofferondersteuning aangewend. Dit ondersteun die aanname dat die vraelyste tydens kantoorure aan administratiewe personeel uitgedeel is. Die gemiddelde responskoers van operasionele personeel kan waarskynlik toegeskryf word aan die feit dat 50 vraelyste in plaas van 10 tydens 'n skof van openbare polisiëring ('n operasionele komponent) uitgedeel is (kyk par. 6.3).

Tabel 24
Rangverspreiding

	Mans		Vroue		Totaal	
Rang	N	%	N	%	N	%
Onderoffisier	104	41,77	76	30,52	180	72,29
Middelvlakbestuur	26	10,44	26	10,44	52	20,88
Topbestuur	6	2,41	8	3,21	14	5,62
Nie aangedui	2	0,80	1	0,40	3	1,21
Totaal	138	55,42	111	44,57	249	100,00

Nota. Desimale veroorsaak dat persentasies vir mans en vroue nie tot 100% someer nie.

Ten einde die interpretasie van die rangverspreiding te vergemaklik, is alle onderoffisiers-, middelvlakbestuurs- en topbestuursrange in hierdie drie kategorieë ingedeel. Die onderskeie kategorieë vergelyk sinvol met verspreiding van die algemene rangindeling in die SAPD. Hoewel vrouepolisiebeamptes onderverteenwoordig in sowel middelvlak- as topvlak-bestuursposisies is, het daar net soveel vroue in middelvlakbestuursposisies as mans aan die onderhawige studie deelgeneem. Verder het meer vroue, wat topbestuursposisies beklee, as mans aan die studie deelgeneem. Dit kan waarskynlik toegeskryf word aan die inligtingsnota wat die vraelyste na die onderskeie seksies/stasies vergesel het en die feit dat die onderhawige studie spesifiek op die vrouepolisiebeamptes fokus. Bailey (1994:425) wys daarop dat navorsing waarby vroue betrek word, en meer spesifiek op vroue in verskillende

hiërargiese posisies (bv. bestuurshiërargieë) fokus, neig om nie 'n verteenwoordigende steekproef te kan trek nie of 'n beperkte aantal respondente insluit. Die rede hiervoor is dat gewone steekproefmetodes gewoonlik nalaat om vroue in bestuursposisies by steekproewe in te sluit. Topbestuur versprei vroue meestal doelbewus sosiaal en geografies in die organisasie om verteenwoordiging in alle afdelings te probeer verseker. Die verteenwoordiging van vrouepolisiebeamptes in bestuursposte in die onderhawige studie kan toegeskryf word aan die unieke wyse waarop die steekproef getrek is.

6.4 STATISTIESE TEGNIEKE VIR DIE ONTLEDING VAN DIE DATA

Beskrywende maatstawwe soos gemiddeldes, standaardafwykings en frekwensietabelle is gebruik om die ingesamelde data te verken en te beskryf. Vergelyking van twee onafhanklike groepe (bv. mans teenoor vroue) is ondersoek deur gebruik te maak van die verdelingsvrye Wilcoxon-rangsomtoets. Nie-parametriese (Kruskal-Wallis) asook parametriese variansie-analiseprosedures (ANOVA) is aangewend om skale tussen groepe (bv. ouderdom) te vergelyk. Die Algemene Linière Model ("General Linear Models") oftewel GLM vir ANOVA ten opsigte van ongebalanseerde data is ook aangewend. Spearman- en Pearson-korrelasies is verreken om die interne betroubaarheid van skale vas te stel (Heiman, 1996; Huysamen, 1976, mnr. R.J. Grimbeek, Departement Statistiek, Universiteit van Pretoria; SAS Institute Inc., 1990).

Aangesien die meetinstrument uniek is, is dit moeilik om ware betroubaarheid te meet. Dit is die eerste meting en betroubaarheid kan eers na 'n aantal metings werklik bepaal word. Die korrelasies wat wel gedoen is, dui daarop dat die meetinstrument as betroubaar en geldig beskou kan word. Geldigheid kon nie werklik getoets word deur vergelykings met bestaande instrumente nie, maar die terugvoer wat van kollegas, polisiebeamptes, respondente en navorsingsdeskundiges verkry is, dui daarop dat die instrument gemeet het wat dit veronderstel was om te meet en dat dit telkens dieselfde sal meet wanneer dit herhaaldelik toegepas word.

6.5 SAMEVATTING

Ofskoon daar wysigings aan die oorspronklike navorsingsontwerp aangebring moes word vanweë onvoorsiene probleme, is die onderhawige studie volgens wetenskaplike riglyne beplan en uitgevoer. Die studie bestaan uit sowel 'n kwalitatiewe (gefokusde onderhoudvoering met semigestruktureerde onderhoudskedule) as 'n kwantitatiewe komponent (houdingskale in die vorm van 'n posvraelys). Die kwalitatiewe komponent was

rigtinggewend ten einde die kwantitatiewe komponent van die onderhawige studie te kon onderneem. Die data wat aan die hand van die posvraelys ingewin is, is statisties geanaliseer. Die bevindings word in hoofstuk 7 uiteengesit.

7. BESPREKING VAN RESULTATE MET BETREKKING TOT DIE HIPOTESES

Die hipoteses wat in hoofstuk 5 gestel is, het ten doel om die doelwitte van die studie empiries te verifieer. In hierdie hoofstuk word die bevindings aan die hand van die hipoteses bespreek.

7.1 BESPREKING VAN RESULTATE

7.1.1 Hipotese 1

In hipotese 1 word gepostuleer dat vroulike polisiebeamptes se houding teenoor die rol van die vrouepolisiebeampte betekenisvol positiewer sal wees as dié van manlike polisiebeamptes. In Tabel 25 word die resultate van die Wilcoxon-rangsomtoets vir die vergelyking van die geslagte se gemiddelde tellings met behulp van die Persepsie rakende die Vrouepolisiebeampteskaal weergegee.

Tabel 25
Wilcoxon-rangsomtoets vir Vergelyking van die Geslagte se Gemiddelde Tellings met behulp van die Persepsie rakende die Vrouepolisiebeampteskaal

Geslag	N	$\overline{X}$	s	p
Manlik	132	3,32	0,41	
Vroulik	99	3,72	0,32	0,0001**

* = $p \leq 0,05$
** = $p \leq 0,01$

Tabel 25 toon dat daar 'n betekenisvolle verskil tussen manlike en vroulike polisiebeamptes se houding teenoor die rol van vrouepolisiebeamptes bestaan. Die mans se houding kan volgens die skaal as "neutraal" beskryf word, terwyl vroue se houding "positief" is. Derhalwe word die hipotese (H_1) ondersteun.

Hierdie bevinding strook met navorsers (Flowers, 1987; Grennan, 2000; http://www.feminist.org/police/copgap.html; Jacobs, 1987; Lunnenborg, 1989; Martin & Jurik, 1999; Muro, 1980; Roberg & Kuykendall, 1993; Thibault et al., 1995; Shusta et al., 1995; Tracy-Stratton, 1986) se bevindings en sienings, naamlik dat vroue se rol sedert die ontstaan van georganiseerde polisiëring as ondergeskik aan manlike polisiebeamptes beskou is. Die neutraliteit van die manlike respondente dui daarop dat die toetrede van vroue tot polisiëring nog nie ten volle

aanvaar is nie. Hierdie houding asook veranderde sienings oor wat vroue behoort te kan doen (Die Konstitusie, 1996; Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995; Wet op Basiese Diensvoorwaardes; Wet op Billike Werksgeleenthede, 1998; Wet op Vaardigheids-ontwikkeling), het moontlik daartoe bygedra dat tradisionele sienings rakende vroue se onvermoë om tot manlike beroepe toe te tree en dit op 'n bekwame wyse uit te voer, aanleiding daartoe gegee het dat vroeëre negatiewe houdings wat by mans voorgekom het (Brown & Heidensohn, 2000:104) in so 'n mate verander het dat dit teenswoordig as neutraliteit manifesteer. Volgens Babbie (1990:164-165) impliseer "neutraliteit" gewoonlik dat "ek my eerder nie daaroor wil uitlaat nie" of "ek is negatief maar voel nie gemaklik om dit te erken nie". Hiervolgens kan die neutraliteit van die manlike respondente moontlik daarop dui dat hulle steeds die houding handhaaf dat vroue nie geskik is vir polisiëringstake nie.

Die positiewe houding van die vroue impliseer dat hulle nie meer die tradisionele huishoudelike rolle wat deur mans as tipies vroulike take gedefinieer word aanvaar nie en wel oortuig is dat vroue in die polisie tuishoort en 'n rol kan vervul. Die bevinding is verder ook in ooreenstemming met geslagsteoretici se benadering dat ongeag biologiese verskille asook kulturele en sosiale definisies van hoe mans en vroue veronderstel is om op te tree, vroue nie meer hulle rolle in terme van biologiese verskille, kulturele voorskrifte en sosiale verwagtinge beoordeel nie. Die positiewe houding van die vrouepolisiebeamptes asook die neutrale houding van die manlike beamptes kan volgens die SIT verklaar word in terme van kategorisering en stereotipes. In teenstelling met vrouepolisiebeamptes wat as gevolg van die transformasieproses binne die SAPD (May, 2000:48-49; Van Rooyen, 1994:155) hulle as deel van die in-groep kan identifiseer (Tajfel, 1981), mag manlike beamptes wat aanvanklik die in-groep was, nou bedreig voel omdat 'n vroeëre uit-groep hulle sosiale identiteit bedreig.

Deur neutraal voor te kom, kan hulle enersyds hulle identiteit beskerm en andersyds verseker dat hulle nie komplikasies veroorsaak deur die transformasieproses teen te staan nie. Volgens Tajfel kan hierdie vorm van beskerming as 'n intellektuele filtrasieproses beskou word wat persone in staat stel om hulle identiteit te beskerm, terwyl hulle 'n uit-groep as gelykes moet erken. Deur neutraal te staan teenoor die rol van die vrouepolisiebeampte kan selfkategorisering, naamlik "ek is 'n man" en "ek is 'n goeie polisiebeampte", steeds gehandhaaf word sonder om die rol van die uit-groep (vroue) positief te beoordeel. Dit kan daartoe bydra dat manlike polisiebeamptes ongeag verandering, wetgewing en meer liberale denke nie hulle sosiale identiteit en die sosiale wêreld wat vir hulle sin maak, hoef prys te gee nie. Hierdie optrede kan as 'n vorm van selfversterking beskou word. Selfversterking impliseer dat die persoon wat die oordeel fel, poog om die groep waaraan hy of sy behoort se sosiale identiteit positief te verdedig en te versterk. 'n Positiewe sosiale identiteit is van belang

aangesien dit aan 'n persoon 'n gevoel van selfversekering (positiewe selfbeeld en selfwaarde) gee. Verder bied dit aan die persoon 'n gevoel van "behoort" aan die sosiale wêreld. In die geval van manlike polisiebeamptes is hulle meer neutraal teenoor die vrouepolisiebeampte aangesien hulle dominansie bedreig word, gesosialiseerde houdings nie strook met dit wat deur wetgewing en verandering verplig word nie asook die feit dat daar steeds biologiese verskille tussen mans en vroue bestaan. Vrouepolisiebeamptes word hierteenoor voortdurend deur aktiviste, feminisme, wetgewing en sosiale verandering daarvan bewus gemaak dat bevryding binne hulle bereik is. Mans is dus neutraal omdat hulle sosiale identiteit bedreig word, terwyl vroue se sosiale identiteit versterk word en hulle toenemend saamstaan om hulle sosiale posisie te verbeter (Bryson, 1999:9). Vroue handhaaf derhalwe 'n positiewe siening van hulle rol.

Ten einde bogenoemde te ondersoek, is twee spesifieke items uit die skaal gekies om die verskil in mans en vroue se sienings rakende die rol van die vrou te illustreer.

Tabel 26
Wilcoxon-rangsomtoets vir Vergelyking van Geslagte se Gemiddelde Tellings op grond van bepaalde Veranderlikes met behulp van Persepsie rakende die Vrouepolisiebeampteskaal

	Manlik			Vroulik			
Veranderlike	N	$\bar{X}$	s	N	$\bar{X}$	s	p
V59 (SAPD nie beroep vir vrou)	136	3,74	1,06	111	4,34	0,80	0,0001**
V100 (vroue verwaarloos nie werk vir familie)	137	3,14	1,02	111	3,76	0,91	0,0001**

* = $p \leq 0,05$
** = $p \leq 0,01$

Volgens bogenoemde items is dit duidelik dat mans en vroue die vrou se rol op verskillende wyses sien. Hoewel mans nie negatief teenoor die stellings staan nie, is hulle houding steeds betekenisvol minder positief as dié van vroue. Dit blyk uit Tabel 26 dat mans in 'n groter mate as vroue van mening is dat die polisie nie 'n beroep vir vroue is nie (V59) (kyk ook hipotese 12) en ook hulle werk verwaarloos ten koste van hulle gesinne (V100). In teenstelling met die mans wat van mening is dat vrouepolisiebeamptes hulle werk verwaarloos en die gesinsverpligtinge bo hulle beroep stel, huldig die vroue die mening dat hulle dit nie doen nie.

Volgens die liberale feministe bring die verval van die huisvrourol asook gesins- en geslagsrolle nie 'n verandering in die *status quo* mee nie. Vroue word dus nie as gelykes deur mans erken nie. Dit beteken dat ongeag politieke veranderinge wat vroue bevoordeel en gedwonge wysigings in die beroepsposisie van vroue, mans hulle steeds primêr as die vervullers van huishoudelike pligte sien, terwyl hulle hulself as die broodwinners beskou

(Oakley, 1978:238). Die neutraliteit van die mans kan daarop dui dat hulle ongeag politieke herdefiniëring van sosiale beroepsrolle nie noodwendig hulle sosiale persepsies van vroue verander het nie. Indien dit wel die geval is, kan dit gebeur dat faktore soos sosialisering, persepsies, mites, biologiese verskille en stereotipe sienings van die vrou se rol na vore tree. Sodoende sal die vrou steeds gesien word as ontoereikend om rolle te vervul wat tradisioneel as "manlik" gedefinieer word.

Die neutrale houding van die mans in teenstelling met die positiewe houding van die vroue kan volgens die radikale feministe toegeskryf word aan die klassisteem wat in die samelewing bestaan. Veral in tradisionele patriargale instansies soos die polisie sal hierdie sisteem moeilik verdwyn omdat die klassesisteem wat op geslag berus, die eerste vorm van sosiale stratifikasie is wat ooit bestaan het. Hiervolgens sou die neutraliteit van die mans gewyt kan word aan ongelykhede wat veral ten opsigte van die rolle wat mans en vroue mag beklee bestaan. Dit hou dus verband met die dominansie wat een groep oor 'n ander groep kan handhaaf (bv. in-groep teenoor 'n uit-groep) (Bartollas 1997:202; McKay 1994:344).

7.1.2 Hipoteses 1.1 en 1.2

Hipotese 1.1 stel dat manlike polisiebeamptes wat 'n negatiewe houding teenoor die SAPD het, se persepsie van die rol van die vrouepolisiebeampte betekenisvol sal verskil van dié van manlike polisiebeamptes wat positief teenoor die SAPD is. Hipotese 1.2 postuleer dat vroulike polisiebeamptes wat 'n negatiewe houding teenoor die SAPD het se persepsie van die rol van die vrouepolisiebeampte betekenisvol sal verskil van dié van vrouepolisiebeamptes wat positief teenoor die SAPD is. In Tabel 27 word die resultate van die Wilcoxon-rang-somtoets vir die vergelyking van die geslagte se gemiddelde tellings met behulp van die Algemene Persepsie van die Polisiebeampteskaal en Persepsie rakende die Vrouepolisiebeampteskaal weergegee.

Tabel 27
Wilcoxon-rangsomtoets vir Vergelyking van die Geslagte se Gemiddelde Tellings met behulp van sowel die Algemene Persepsie van Polisiebeampteskaal en Persepsie rakende die Vrouepolisiebeampteskaal

	Positief			Negatief			
Geslag	N	$\bar{X}$	s	N	$\bar{X}$	s	p
Manlik	38	3,49	0,48	99	3,25	0,35	0,0019**
Vroulik	23	3,87	0,36	87	3,67	0,31	0,0082**

* = $p \leq 0,05$
** = $p \leq 0,01$

Tabel 27 toon dat 'n betekenisvolle verband bestaan tussen manlike en vroue-polisiebeamptes wat 'n negatiewe houding teenoor die SAPD koester. Diegene wat negatief teenoor die SAPD is, huldig 'n neutrale houding teenoor die rol van die vroue-polisiebeampte, terwyl polisiebeamptes wat positief teenoor die SAPD is, 'n betekenisvol positiewer houding teenoor die rol van vrouepolisiebeamptes openbaar. In die lig hiervan word die afleiding gemaak dat diegene wat negatief teenoor die SAPD is minder positief teenoor die rol van die vrouepolisiebeampte sal wees as diegene wat positief teenoor die SAPD ingestel is. Derhalwe word hipoteses 1.1 en 1.2 ondersteun.

Verskeie faktore kan veroorsaak dat polisiebeamptes negatief teenoor die SAPD is. Volgens Vetter en Silverman (1986:482) word die meeste polisiebeamptes negatief teenoor die polisiëringsrol as gevolg van faktore soos werksontevredenheid of organisatoriese verandering. Die grootskaalse verandering wat die SAPD ondergaan het sedert demokratisering in 1994 kan moontlik hier ter sprake wees. Hierdie aanname behoort egter in diepte bestudeer te word alvorens 'n finale uitspraak gelewer kan word. Sodanige verandering het dus 'n impak op sowel die manlike as die vrouepolisiebeamptes. 'n Moontlike rede waarom sommige vroue wat negatief teenoor die SAPD is neutraal staan ten opsigte van hulle rol is dat vroue se rolle in 'n groot mate deur manlike polisiebeamptes voorgeskryf word (Martin & Jurik, 1996:64). Die feit dat mans aan vroue voorskryf en hulle intimideer veroorsaak volgens die feminisme dat neutraliteit by vroue te wagte kan wees ten opsigte van hulle eie rol. In die verband benadruk die feminisme dat dit 'n sprekende voorbeeld van geslagsongelykheid is en dat dít verskillende invloede soos neutraliteit oor hulle belang in 'n beroepsrol sal hê (Curran & Renzetti, 1994:271-273; Levin, 1987:20; McKay 1994:340-343; Williams & McShane, 1999:256). Hierdie neutraliteit dra daartoe by dat somminge vrouepolisiebeamptes mettertyd hulle toepaslike plek in polisiëring bevraagteken. Nuwe uitdagings vanweë verandering en hulle manlike kollegas se neutrale houdings, kan tot 'n negatiewe ingesteldheid teenoor sowel die SAPD as hulle rol as polisiebeamptes aanleiding gee.

7.1.3 Hipotese 2

Hipotese 2 postuleer dat manlike polisiebeamptes wat uit verskillende rassegroepe afkomstig is se houdings teenoor die rol van die vrouepolisiebeamptes nie betekenisvol sal verskil nie. Uit Tabel 28 blyk dit dat geen betekenisvolle verskille voorgekom het nie. Die hipotese word dus ondersteun.

Tabel 28
Wilcoxon-rangsomtoets vir Vergelyking van Rasgroepe se Gemiddelde Tellings met behulp van die Persepsie rakende die Vrouepolisiebeampteskaal

	Ander rasse			Wit			
Geslag	N	$\overline{X}$	s	N	$\overline{X}$	s	p
Manlik	67	3,33	0,41	70	3,30	0,41	0,6204
Vroulik	33	3,79	0,32	78	3,68	0,33	0,0565

Hierdie bevinding kan verklaar word op grond van die universele verskynsel dat mans vroue van hulle eie ras "beskerm". Volgens die feministiese benaderings (Williams & McShane, 1999:251-252) speel twee sosiale kenmerke by hierdie beskerming 'n rol, naamlik paternalisme en seksisme. Dit impliseer dat vroue universeel deur mans op grond van paternalisme as die swakker geslag beskou word en dat mans na hulle moet omsien. Seksisme het betrekking op die houdings en gebruike wat bepaal dat die vrou die mindere van die man is. Hierdie siening wat in die meeste rasse geld, veroorsaak dat dubbelstandaarde ten opsigte van mans en vroue in die meeste kulture gehandhaaf word (Williams & McShane, 1999:251-252). Vanuit die radikale feminisme dui die bevinding daarop dat mans 'n stel sosiale verhoudings, wat deur hulle geskep is, in stand hou om die vrou te onderdruk. Mans het dus 'n kollektiewe persepsie van vroue en daarom sal hulle houding teenoor die rol van die vrouepolisiebeampte nie betekenisvol verskil nie. 'n Moontlike gevaar wat hierdie ooreenstemming in houding tussen mans van verskillende rasse inhou, is dat dit gebruik kan word om vroue te beheer en te domineer (Bartollas, 1997:202; McKay, 1994:344).

Die sosialistiese feministe is van mening dat 'n koalisie tussen mans in die samelewing en kapitalisme bestaan. Dit bring mee dat hulle dieselfde houding ten opsigte van die rol van die vrou openbaar wat weer tot universele onderdrukking van vroue aanleiding kan gee (McKay 1994:354). Die swart feministe beskou mans uit verskillende rasse as een groep ten opsigte van sekere eienskappe soos geslag en dominansie in die huishouding of werkplek. Dit beteken dat mans ongeag die feit dat hulle uit verskillende rasse afkomstig is dieselfde houding ten opsigte van die vrou se rol in die beroepswêreld sal openbaar (McKay, 1994:356-357; Rogers, 1998:289-308).

Volgens bostaande sienings sou die ooreenstemming van manlike polisiebeamptes se houding teenoor die rol van die vrouepolisiebeampte daarop kan dui dat, ondanks die transformasieproses in die SAPD en Grondwetlike bepalings, mans steeds hulle meerderheidstatus teenoor vroue in stand probeer hou. Hierdie moontlikheid behoort deur verdere navorsing onder die loep geneem word.

Die feit dat daar nie 'n verskil tussen die mans se houdings voorkom nie, sou ook aan die volgende postulate van die SIT toegeskryf kan word. Volgens Brown (1986:560-561) hou 'n positiewe sosiale identiteit verband met lidmaatskap van 'n dominante groep soos onder andere die geslagsgroep. Die in-groep (mans in hierdie geval) word in vergelyking met die uit-groep (vroue) as gunstig beoordeel deur sowel die in-groep as deur die meerderheid van die samelewing. Tajfel (1981:256-259) is van mening dat mense oor die algemeen 'n behoefte daaraan het om hulleself positief te evalueer of in 'n positiewe lig gesien te word. Die behoefte kan slegs bevredig word indien die persoon aan 'n groep/kategorie behoort wat deur die individu in 'n positiewe lig beskou word. Dit is dus vir die persoon van belang dat sy of haar groep 'n positiewe sosiale identiteit moet hê aangesien dit weer aan die persoon 'n positiewe persoonlike identiteit bied (Aronson, 1995:144).

Die mens is verder geneig om binne enige situasie bepaalde attribute (kenmerke) en ooreenstemming wat tussen groeplede bestaan, onmiddellik as 'n bron van identifikasie te gebruik. Dit beteken dat geslag in die verband ter sprake is en nie soseer ras nie. Gross (1994:204) meld dat mense geneig is om binne groepkonteks en kompetisie mense te kies wat dieselfde as hulle is. Dit beteken dat die respondente hulleself in terme van die etiket "manlike" en "vroulike" polisiebeamptes kon gedefinieer het, in plaas van die sosiale etiket "Asiër", "Kleurling", "Swart" of "Wit" polisiebeampte.

Hierdie bevinding kan ook in verband gebring word met die geslagsrolle wat in die samelewing bestaan. Ondanks die emansipering van die vrou is die meeste mans steeds van mening dat vroue nie opgewasse is om sekere take te verrig nie, terwyl vroue nog in 'n groot mate verantwoordelik gehou word vir kinderopvoeding en huishoudelike take. Ongeag die feit dat vroue op verskillende vlakke as die gelykes van mans diens lewer en selfs bekwamer is, veroorsaak gesosialiseerde rolle dat vroue van alle rasse steeds meer tyd aan huishoudelike take as mans spandeer (Baron & Byrne, 1997:182; Worchel et al., 1988:112). Laasgenoemde kon daartoe bydra dat die manlike respondente se houding ten opsigte van die rol van die vrouepolisiebeampte nie verskil nie.

7.1.4 Hipotese 3

In hipotese 3 is gestel dat polisiebeamptes uit verskillende taalgroepe se houdings teenoor die rol van die vrouepolisiebeampte betekenisvol sal verskil. Die bevinding wat op grond van die Kruskal-Wallis variansie-ontleding ten opsigte van taalgroepe se persepsie rakende die rol van die vrouepolisiebeampte gemaak is, word in Tabel 29 weergegee.

Tabel 29
Kruskal-Wallis Variansie-ontleding vir Vergelyking van Gemiddelde Tellings ten opsigte van Huistaal tussen groepe met behulp van die Persepsie rakende die Vroue-polisiebeampteskaal

Huistaal	N	$\overline{X}$	s	p
Afrikaans	143	3,48	0,42	
Engels	17	3,55	0,39	
Ander	88	3,49	0,44	0,7959

In die lig daarvan dat die selle te klein sou wees vir statistiese ontleding indien al die taalgroepe afsonderlik vergelyk is, is taalgroepe op aanbeveling van 'n statistikus slegs in drie kategorieë ingedeel, naamlik Afrikaans, Engels en Ander wat wel statistiese vergelyking moontlik gemaak het. Sodoende is al die amptelike landstale asook buitelandse tale ingesluit (Mnr. R.J. Grimbeek, Departement Statistiek, Universiteit van Pretoria, persoonlike mededeling, Maart 30, 2000). Tabel 29 toon dat daar geen verband tussen huistaal en houding teenoor die rol van die vrouepolisiebeampte gevind is nie. Hipotese 3 word dus nie ondersteun nie.

Die rasionaal vir die hipotese het op Stevens en Yach (1995:2-3) se stelling berus, naamlik dat die eng siening van Afrikaanssprekende polisiebeamptes oor hoe 'n polisiemag/-diens veronderstel is om te funksioneer en wat elkeen se rol behoort te wees 'n struikelblok vir die SAPD skep. Die bevinding mag daarop dui dat Stevens en Yach se aanname foutief is. 'n Moontlike verklaring mag ook wees dat die ouer garde Afrikaanssprekende polisiebeamptes (>48 jaar) uitdienstredingpakette aangebied is en dat 'n groot aantal reeds die diens verlaat het. Die jonger garde sal volgens bogenoemde outeurs nie dieselfde eng sienings handhaaf nie. Die invloed van demokratisering en verandering mag in so 'n mate 'n effek op jonger polisiebeamptes gehad het dat tradisionele sienings nie meer 'n noemenswaardige rol speel nie. Wetgewing en verpligte maatstawwe rakende vrouepolisiebeamptes kon dus in so 'n mate 'n impak gehad het dat die algemene aanvaarding van vroue en ander groepe waarteen voorheen gediskrimineer is, besig is om te verander. 'n Verdere moontlikheid mag wees dat die bevinding rakende taalverskille verdere herbevestiging bied vir die ooreenstemming van die houdings wat by mans uit verskillende kulture ten opsigte van die rol van die vrou voorkom (kyk hipotese 2). Tot tyd en wyl verdere navorsing met groter groepe uit die verskillende taalgroepe onderneem is, kan uitsluitsel nie oor hierdie aspek gegee word nie.

7.1.5 Hipotese 4

Hipotese 4 postuleer dat polisiebeamptes wat uit verskillende ouderdomsgroepe afkomstig is se houding teenoor die rol van die vrouepolisiebeampte betekenisvol sal verskil. Die

bevindings wat volgens die Kruskal-Wallis variansieontleding verkry is, word in Tabel 30 weergegee.

Tabel 30
Kruskal-Wallis Variansie-ontleding vir Vergelyking van Gemiddelde Tellings ten opsigte van Ouderdom tussen groepe met behulp van die Persepsie rakende die Vroue-polisiebeampteskaal

Ouderdom	N	$\overline{X}$	s	p
<30 jaar	93	3,50	0,43	
31-44 jaar	128	3,49	0,42	
45> jaar	21	3,45	0,36	0,6940

Volgens Tabel 30 het geen betekenisvolle verskil voorgekom nie, dus word hipotese 4 nie ondersteun nie.

Hoewel buitelandse studies (Thibault et al., 1995:25) daarop dui dat polisiebeamptes uit verskillende ouderdomskategorieë se persepsies van sowel die polisiediens/-mag asook groepe waarteen gediskrimineer word/was te wagte kan wees, kon dit nie in die onderhawige studie gestaaf word nie. 'n Moontlike rede hiervoor kan wees dat die ouderdomsverspreiding nie in dieselfde mate voorgekom het as in buitelandse studies nie. Sedert 1994 tot 1998 het daar nie amptelike opleiding van polisierekrute by die Polisiekollege in Pretoria plaasgevind nie wat tot 'n versteuring in die ouderdomsbalans aanleiding gegee het. Ter bevestiging dat die ouderdomsbalans versteur is, kan gemeld word dat hoewel die eerste poste reeds in 1996 geadverteer is, het die eerste inname eers gedurende Junie 1998 plaasgevind het. 'n Jong groep polisiebeamptes is dus nie gedurende hierdie tydperk in die polisiepopulasie ingeneem nie met die gevolg dat die ouderdomsverspreiding in die SAPD nie met polisiedienste in die buiteland vergelykbaar is nie (kommisaris L. Stander, Afdelings-kommisaris: Personeeldienste, persoonlike mededeling, Oktober 12, 2000; mev. A.L. Wessels: Senior Personeelbeampte, Werwing SAPD persoonlike mededeling Februarie 12, 2001).

Hierdie toedrag van sake het meegebring dat die polisiepopulasie oor die algemeen verouder het. Die grootste komponent (52,9%) polisiebeamptes in die onderhawige studie val in die ouderdomskategorie 31-44 jaar. Verder het 'n groot groep ouer manlike blanke polisiebeamptes (45 jaar en ouer) reeds pakkette aanvaar in die lig van regstellende aksiepraktyke. Hierdie faktore het meegebring dat 'n indeling in tienjaar intervalle nie moontlik was nie. Mnr. R.J. Grimbeek, Departement Statistiek, Universiteit van Pretoria (persoonlike mededeling, Maart 30, 2000) het aanbeveel dat die groep in drie ouderdomskategorieë soos uiteengesit in Tabel 30 ingedeel moes word. Aangesien hierdie

indeling 'n invloed op die bevinding kon gehad het, word aanbeveel dat toekomstige navorsers steekproewe op so 'n wyse moet trek dat ouderdomsverspreiding meer eweredig sal wees.

'n Verdere afleiding wat gemaak kan word, is dat diegene wat aan die onderhawige navorsing deelgeneem het moontlik in 'n groot mate die demokratiseringsproses (reeds 7 jaar aan die gang) aanvaar het, meer volwasse is (149 oftewel 61,57% van die respondente is ouer as 31 jaar) en dat hulle die rol van die vrouepolisiebeampte as fundamenteel ("neutrale ingesteldheid" - hipotese 1) tot polisiëring beskou. Toekomstige navorsers behoort vergelykende studies te onderneem waarin bepaal word in hoe 'n mate demokratisering tot houdingsverandering kon bygedra het

7.1.6 Hipotese 5

In hipotese 5 is gepostuleer dat die houdings van manlike polisiebeamptes met 'n tersiêre kwalifikasie teenoor die rol van vrouepolisiebeamptes nie betekenisvol sal verskil van dié van manlike polisiebeamptes wat nie oor 'n tersiêre kwalifikasie beskik nie.

Tabel 31
Wilcoxon-rangsomtoets vir Vergelyking van Gemiddelde Tellings ten opsigte van Tersiêre Kwalifikasies van al die respondente met behulp van die Persepsie rakende die Vroue-polisiebeampteskaal

Kwalifikasie	N	$\overline{X}$	s	p
Nee	128	3,48	0,40	
Ja	117	3,51	0,44	0,5758

Tabel 32
Wilcoxon-rangsomtoets vir Vergelyking van Gemiddelde Tellings ten opsigte van Tersiêre Kwalifikasie en Geslag met behulp van die Persepsie rakende die Vroue-polisiebeampteskaal

	Nie-tersiêr			Tersiêr			
Geslag	N	$\overline{X}$	s	N	$\overline{X}$	s	p
Manlik	77	3,33	0,39	57	3,29	0,42	0,5554
Vroulik	51	3,70	0,30	60	3,72	0,36	0,9976

Uit Tabelle 31 en 32 blyk dit dat daar nie betekenisvolle verskille tussen die houdings van polisiebeamptes met en sonder tersiêre kwalifikasies teenoor die rol van vrouepolisiebeamptes voorgekom het nie. Hipotese 5 word dus ondersteun.

Die rede vir bostaande bevinding kan daaraan toegeskryf word dat individue wat 'n bepaalde persepsie huldig, nie maklik hulle houding sal verander nie (Foley, 1993:135; Grennan,

2000:395; Hale & Menniti, 1993:178; Tracy-Stratton, 1986:314). Indien 'n bepaalde houding jeens vrouepolisiebeamptes bestaan, sal tersiêre opleiding, sensiterings- of diversiteits-kursusse nie noodwendig hierdie houding positief beïnvloed nie.

Die rede waarom daar nie 'n verskil voorkom in die houdings van manlike polisiebeamptes wat oor tersiêre kwalifikasies beskik en diegene wat nie daaroor beskik nie, sou volgens Sherif en Sherif (1969:334) se realistiese konflikteorie toegeskryf kan word aan die feit dat 'n houding 'n redelik permanente eienskap van die individu word sodra dit gevestig is (Bezuidenhout, 1994:72). Tersiêre opleiding gaan dus nie noodwendig 'n effek hê op 'n gevestigde houding wat deur byvoorbeeld, sosialisering gevorm is nie. 'n Bepaalde ingesteldheid waaroor 'n persoon beskik, het eerder te make met die aard van die kategorisering waaraan die individu gewoond is en dit wat gemaklik vir die persoon is.

7.1.7 Hipotese 6

In hipotese 6 is gestel dat manlike polisiebeamptes wat langer as 10 jaar in diens van die SAPD is se houding betekenisvol negatiewer teenoor die rol van die vrouepolisiebeampte sal wees as diegene wat minder as 10 jaar in diens in die SAPD het.

Tabel 33
Kruskal-Wallis Variansie-ontleding vir Vergelyking van Gemiddelde Tellings ten opsigte van Diensjare tussen groepe met behulp van die Persepsie rakende die Vroue-polisiebeampteskaal

Diensjare	N	$\overline{X}$	s	p
4-9 jaar	75	3,57	0,41	
10-15 jaar	115	3,48	0,41	
16-24 jaar	43	3,37	0,43	
25> jaar	12	3,46	0,44	0,0828

Uit Tabel 33 blyk dit dat die hipotese nie ondersteun word nie. Ho word dus aanvaar.

Volgens buitelandse studies (Thibault et al., 1995:25) kom betekenisvolle verskille tussen rekrute en beamptes met langer diens voor aangesien eersgenoemdes tydens opleiding meestal geïndoktrineer word oor hoe die ideale polisiebeampte moet optree en wat van die ideale polisiebeampte verwag word. Hulle vind egter gou uit dat die ideale optrede wat voorgehou word nie strook met die optrede van ervare polisiebeamptes in die praktyk nie. Dit veroorsaak dan dat daar verskillende persepsies tussen die diensjarekategorieë ontwikkel ten opsigte van wat van 'n polisiebeampte verwag word. Die teenstrydige bevinding in die onderhawige studie kan moontlik daaraan toegeskryf word dat daar sedert 1994 tot 1998 nie

amptelike opleiding van polisierekrute by die Polisiekollege in Pretoria plaasgevind het nie. Die eerste inname vir basiese opleiding het eers gedurende Junie 1998 plaasgevind, derhalwe is daar teenswoordig 'n klein groep jong onervare polisiebeamptes in die SAPD. Verder dien dit gemeld te word dat Suid-Afrika reeds sewe jaar besig is met demokratisering en transformasie binne die SAPD. Verskeie sensiterings- en verrykings- asook diversiteitskursusse is sedert 1994 in die SAPD aangebied. Dit asook die beklemtoning van menseregte in Suid-Afrika sedert 1992 kon ouer polisiebeamptes in so 'n mate gesensiteer het dat hulle ten volle aan die proses wil deelneem en hulle persepsie rakende die rol van die vrouepolisiebeampte meer akkommoderend is as wat deur buitelandse studies gerapporteer word.

'n Groot aantal ouer garde manlike polisiebeamptes het die diens sedert 1992 verlaat derhalwe vorm die aantal ouer polisiebeamptes wat lang diensjare het 'n relatiewe klein groepie in die SAPD. Hierdie ouer generasie is diegene wat binne die sogenaamde aggressiewe sininstiese groep val. Tydens hierdie fase in 'n polisiebeampte se beroep is wrewel en vyandigheid gewoonlik opvallend (Thibault et al., 1995:25). Polisiebeamptes wat in die fase is, is negatief teenoor topbestuur, gebruik meestal eie diskresie, voel hulle ken die sisteem en voer die rol wat die subkultuur as die ideale voorskryf, op 'n rigiede wyse uit. Derhalwe is hulle houdings ook negatiewer teenoor die rol van die vrou as mans met 'n korter dienstydperk.

Aangesien die moontlikheid bestaan dat diegene wat vyandige sinisme ervaar ook geredeliker pakkette sal aanvaar, bestaan die moontlikheid dat polisiemanne wat die negatiefste was reeds die diens verlaat het. Die moontlikheid dat diegene wat aggressiewe sinisme vertoon reeds die diens verlaat het, kan toegeskryf word aan die feit dat 'n organisasie wat met verandering gekonfronteer word, volgens die 20%; 60%; 20% beginsel funksioneer (Human Rights Workshop: Policing and diversity: South African Police Service, SAP College, Pretoria, 1995-01-11 tot 1995-01-12; Gender empowerment and transition in SA, Human Sciences Research Council, 1999-02-25). Hierdie beginsel berus daarop dat 20%, veral ouer manlike polisiebeamptes, nie by verandering sal kan aanpas nie. Dit is dié groep wat gewoonlik pakkette aanvaar en die diens verlaat. Sestig persent polisiebeamptes aanvaar verandering en doen alles in hulle vermoë om die proses van aanvaarding, versoening en gelykheid te laat slaag, terwyl die ander 20% vatbaar is vir verandering deur byvoorbeeld hulle uitgediende persepsies te wysig. Indiensopleiding is 'n metode om hierdie oorblywende 20% se houding te verander. Die ouer komponent manlike polisiebeamptes wat volgens buitelandse studies (Thibault et al., 1995:25) "negatief" staan teenoor vrouepolisiebeamptes kan volgens hierdie beginsel reeds die SAPD verlaat het. Dit kon derhalwe 'n invloed op die bevinding

gehad het. 'n Opvolgstudie wat meer respondente betrek om beter verteenwoordiging van die "diensjare"-kategorie te verseker, is nodig om hierdie hipotese verder te ondersoek.

7,1.8 Hipoteses 7 en 7.1

Hipotese 7 postuleer dat vroulike polisiebeamptes se houding teenoor regstellende aksie-praktyke betekenisvol positiewer sal wees as dié van manlike polisiebeamptes. Hipotese 7.1 maak die aanname dat betekenisvol meer vroulike as manlike polisiebeamptes van mening is dat hulle makliker as manlike polisiebeamptes by die transformasieproses in die SAPD aanpas.

Tabel 34
Wilcoxon-rangsomtoets vir Vergelyking van Geslagte se Gemiddelde Tellings op grond van bepaalde Items in die Persepsie rakende die Vrouepolisiebeampteskaal

	Manlik			Vroulik			
Veranderlike	N	$\overline{X}$	S	N	$\overline{X}$	s	p
V62 (gelyke bevordering) [H7]	136	3,84	1,24	111	3,59	1,16	0,0366*
V66 (vroue het meer voordele) [H7]	136	3,40	1,24	111	4,10	0,93	0,0001**
V96 (vroue pas beter aan) [H7.1]	137	2,89	1,07	111	3,45	0,94	0,0001**

* = $p \leq 0,05$
** = $p \leq 0,01$

Ten einde hierdie hipoteses te toets, is spesifieke items in die Persepsie rakende die Vroue-polisiebeampteskaal gekies om mans en vroue se houdings te meet. Uit Tabel 34 (V62; V66) blyk dat mans betekenisvol meer van oordeel is dat regstellende aksiepraktyke vroue bevoordeel as wat vroue hierdie mening huldig. Die nulhipotese word dus aanvaar aangesien hipotese 7 nie ondersteun is nie. Hipotese 7.1 wat getoets is met behulp van V96 toon 'n betekenisvolle verband in die voorspelde rigting en word dus ondersteun.

Item 18 (V62) stel dat vroue gelyke geleenthede tot bevordering as mans het. Mans was meer positief as vroue in verband met hierdie stelling, terwyl die vroue neutraal daarteenoor staan. Die afleiding wat hieruit gemaak word, is dat vroue steeds van mening is dat hulle nie beter bevorderingsgeleenthede as mans het nie. 'n Moontlike rede vir die bevinding is dat vroue ongeag die veranderinge wat in die SAPD plaasvind, glo dat teen hulle gediskrimineer word ten opsigte van bevordering of dat hulle geleenthede nie beter as dié van manlike eweknieë is nie. Dit strook met buitelandse bevindings, naamlik dat spesifieke rolvoorskrifte wat deur manlike toesighouers neergelê word tweeledige diskriminasie veroorsaak. Enersyds word polisiebeamptes geëvalueer aan die hand van arrestasiesyfers en

misdaadbekampingsinisiatiewe wat meebring dat vroulike polisiebeamptes nie 'n positiewe verandering ten opsigte van geleenthede gebied word nie. Grennan (2000:396) meld in die verband dat vrouepolisiebeamptes proporsioneel minder as mans bevorder word en dat onderverteenwoordiging wêreldwyd veroorsaak dat vroue nie so geredelik bevorder word om bestuursposte te vul nie (http://www.feminist.org/police/ncweAbout.html). Tabelle 1 en 2 (Hfst. 2) toon dan ook dat die proporsionele verhouding van vroulike offisiere teenoor manlike offisiere in die SAPD nie verband hou met die manlik-vroulik-verhouding in die samelewing nie.

Item 22 (V66) postuleer dat vrouepolisiebeamptes meer voordele as hulle manlike eweknieë geniet. Ten opsigte van hierdie item was vroue veral negatief en het 'n betekenisvolle aantal "nie saamgestem" met die stelling nie. Die bevinding dat vroue van mening is dat hulle minder voordele in die nuwe bestel as mans geniet, impliseer dat hulle wetgewing wat gelyke regte verseker en regstellende aksieinisiatiewe nie noodwendig as tot voordeel van vroue beskou nie.

Die mans se siening dat vroue in 'n groter mate as hulle deur regstellende aksiepraktyke bevoordeel word, kan moontlik toegeskryf word aan die bepaling van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet 108 van 1996, artikel 181(1)(d) asook verskeie ander wette soos die Wet op Arbeidsverhoudinge, Wet 66 van 1995 en die Wet op Billike Werksgeleenthede, Wet 25 van 1998 wat vroue beskerm en bo mans bevoordeel. Hoewel hierdie inisiatiewe ten doel het om vroue en diegene teen wie voorheen gediskrimineer is te beskerm, veroorsaak dit ook dat vroue bo mans bevoordeel word (Brown & Heidensohn, 2000:104; Van Jaarsveld, 1999:295-298).

Hipotese 7.1 postuleer dat vroulike polisiebeamptes beter as manlike polisiebeamptes (item 52, V96) by transformasie aanpas. Vrouepolisiebeamptes was meer neutraal oor hierdie stelling, terwyl mans betekenisvol negatief was. Hierdie bevinding kan volgens Brown et al. (1996:198) verklaar word op grond daarvan dat vroue meer ontvanklik is vir verandering as mans. Die rede waarom mans negatief is, kan toegeskryf word aan verskansde belange (van Rooyen, 1994:155). Aangesien die manlike domein en manlike organisasie deur verandering bedreig word, verskans (projekteer na ander groep) mans hulle eie onsekerhede en negatiwiteit deur middel van 'n ander groep, in die geval is dit vroue. Sowel die *status quo* as hulle sogenaamde ivoortoring wat oor baie jare opgebou is, word nou bedreig. Derhalwe reageer hulle deur negatiwiteit (hulle sukkel met aanpassing) op 'n ander wyse uit te spreek, naamlik deur middel van 'n negatiewe houding teenoor die vroue se aanpassing by transformasie.

Ter afsluiting dien gemeld te word dat 67% van die respondente wat aan die vooraftoets deelgeneem het van mening was dat albei geslagte ewe goed by die transformasieprosesse wat teenswoordig in die SAPD aan die gang is aanpas en dat transformasie vroue die geleentheid bied om polisiebeamptes in die ware sin van die woord te word (Bezuidenhout & Theron, 2000:28). Volgens Brown et al. (1996:198) is vroue meer geneig as mans om te reageer op formele en informele sosiale aksies om gedrag te rig. Vroue het ook 'n hoër agting vir wetgewing as mans. Die bevindings rakende hierdie hipoteses dui daarop dat verdere studies nodig is ten einde die geslagte se houding jeens transformasie beter te kan verstaan.

7.1.9 Hipotese 8 en 8.1

Hipotese 8 postuleer dat getroude vroulike polisiebeamptes betekenisvol negatiewer teenoor die rol van die vrouepolisiebeampte sal wees as dié wat ongetroud is, terwyl hipotese 8.1 postuleer dat getroude manlike polisiebeamptes betekenisvol meer negatief teenoor die rol van die vrouepolisiebeampte sal wees as dié wat ongetroud is.

Die nie-parametriese statistiese tegniek, Wilcoxon-rangsomtoets is gebruik om te bepaal of daar 'n betekenisvolle verskil tussen die sentrale waardes van getroudes en ongetroudes (slegs twee groepe) voorkom. Kruskal-Wallis eenrigting-variansieontleding is gebruik om vas te stel of daar 'n betekenisvolle verskil tussen die drie groepe, naamlik, "nooit getroud", "getroud" en "ander" bestaan.

Die opsies waaruit die respondente kon kies was: enkellopend, getroud, geskei, weduwee/wewenaar, woon saam en vervreem ("separated"). Die grootte van die selle ten opsigte van die groep se huwelikstatus het dit moeilik gemaak om elke sel se respons statisties te ontleed. Die grootste aantal respondente is getroud en ten opsigte van die saamwoonopsie het slegs agt respondente aangedui dat hulle saamwoon, terwyl net een respondent aangetoon het dat hy/sy vervreem is. Mnr. R.J. Grimbeek (persoonlike mededeling, Maart 30, 2000) het aanbeveel dat die groepe in drie kategorieë ingedeel word, naamlik "nooit getroud", "getroud" en "ander". Ander het al die selle ingesluit wat nie by "nooit getroud" en "getroud" pas nie. Sodoende kon 'n vergelyking getref word. Die bevindings vir hipoteses 8 en 8.1 word in Tabel 35 weergegee.

Tabel 35
Wilcoxon-rangsomtoets vir Vergelyking van Gemiddelde Tellings ten opsigte van Huwelikstatus en Geslag met behulp van die Persepsie rakende die Vroue-polisiebeampteskaal

	Getroud			Ongetroud			
Geslag	N	$\overline{X}$	s	N	$\overline{X}$	s	p
Manlik	110	3,32	0,52	27	3,27	0,52	0,4552
Vroulik	65	3,70	0,31	46	3,72	0,36	0,5276

Tabel 35 toon dat geen betekenisvolle verskil tussen die groepe voorgekom het nie. Hipotese 8 en 8.1 word dus nie ondersteun nie.

'n Moontlike verklaring vir die nie-ondersteuning van die hipoteses is dat 'n houding permanent van aard is en nie noodwendig deur die huwelik beïnvloed sal word nie. Aangesien polisiebeamptes hulle rol as uniek en waarskynlik in 'n mate as losstaande van ander rolle beskou (Grennan, 2000:395), kon dit 'n invloed op hulle houding gehad het. Polisiebeamptes sien hulleself as individue met 'n unieke beroep, rol en plek in die samelewing. Hierdie houding kan daartoe bydra dat hulle hul rol eng definieer en hulle bestaan in terme van "polisiebeamptes" omskryf en nie die uitdagings, invloed en verwagtinge van ander rolle insien nie. Dit impliseer dat hulle houding gefokus is op die rol van die polisiebeampte en dat ander invloede of veranderlikes nie in berekening gebring is met die invul van die vraelyste nie. 'n Veranderlike soos huwelikstatus sal hiervolgens nie 'n bepalende invloed op die individu se houding hê nie, aangesien die konteks van hulle rol in verband met hulle polisie-identiteit omskryf word.

'n Vergelyking van die kategorieë "getroud" en "ongetroud" toon dat geen betekenisvolle verskil voorgekom het nie. Uit Tabel 36 word afgelei dat getroude en ongetroude polisiebeamptes se houding teenoor die rol van die vrouepolisiebeampte in 'n groot mate dieselfde is. Dit staaf die verduideliking by Tabel 35.

Tabel 36
Wilcoxon-rangsomtoets vir Vergelyking van Gemiddelde Tellings ten opsigte van Huwelikstatus van al die respondente met behulp van die Persepsie rakende die Vroue-polisiebeampteskaal

	N	$\overline{X}$	s	p
Getroud	176	3,46	0,39	
Ongetroud	73	3,56	0,48	0,0758

Tabel 37
Kruskal-Wallis Variansie-ontleding vir Vergelyking van Gemiddelde Tellings ten opsigte van Huwelikstatus tussen groepe met behulp van die Persepsie rakende die Vroue-polisiebeampteskaal

	N	$\bar{X}$	s	p
Nooit getroud	35	3,53	0,41	
Getroud	176	3,46	0,39	
Ander	38	3,58	0,54	0,1842

Met behulp van Kruskal-Wallis variansie-ontleding is daar ook geen betekenisvolle verskil tussen die drie selle "nooit getroud", "getroud" en "ander" se persepsies gevind nie. Die bevinding in Tabel 37 hou dus verband met die verklaring wat by Tabel 35 gebied is. Aangesien 176 (71%) van die 249 respondente getroud is, moet verdere studies waarby meer gebalanseerde groepe ten opsigte van huwelikstatus betrek word, onderneem word. Sodoende bestaan die moontlikheid dat ander bevindinge blootlê sal word. Aangesien die selle saamgegroepeer moes word as gevolg van die selgroottes kon dit 'n invloed op die bevindings gehad het.

7.1.10 Hipotese 9, 9.1 en 9.2

Vervolgens word hierdie drie hipoteses en die bevindings in verband daarmee uiteengesit.

Tabel 38
Wilcoxon-rangsomtoets vir Vergelyking van Geslagte se Gemiddelde Tellings op grond van bepaalde Items in die Persepsie rakende die Vrouepolisiebeampteskaal

	Manlik			Vroulik			
Veranderlike	N	$\bar{X}$	s	N	$\bar{X}$	s	p
V49 (net so geskik om polisiebeamptes te wees) [H9.1]	136	3,24	1,24	111	4,10	1,00	0,0001**
V52 (enige afdeling In SAPD diens verrig) [H9.1]	136	3,38	1,05	111	4,00	0,77	0,0001**
V54 (net so bekwaam soos mans) [H9.1]	136	3,18	1,28	111	4,11	0,73	0,0001**
V 56 (beter interper-soonlike vaardig-hede)[H9]	136	2,58	1,10	111	3,43	1,05	0,0001**
V71 (beter diens aan publiek) [H9.2]	137	2,72	1,17	109	3,32	1,10	0,0001**
V92 (meer bekwaam as mans) [H9]	137	2,21	0,91	111	3,07	0,86	0,0001**

* = $p \leq 0,05$
** = $p \leq 0,01$

- **Hipotese 9**

Hipotese 9 postuleer dat betekenisvol meer vroulike as manlike polisiebeamptes van mening sal wees dat vrouepolisiebeamptes spesifieke take meer effektief as hulle manlike eweknieë kan uitvoer. Items 12 (V56) en 48 (V92) is gebruik om hipotese 9 te toets. Item 12 (V56) postuleer dat vroue beter interpersoonlike vaardighede as mans het, terwyl item 48 (V92) stel dat vrouepolisiebeamptes meer bekwaam as hulle manlike eweknieë is. Ten opsigte van sowel V56 as V92 was die mans negatief volgens die skaal en die vroue neutraal. Uit Tabel 38 blyk dit dat daar 'n betekenisvolle verskil tussen mans en vroue se houdings ten opsigte van dié twee items bestaan. In die lig hiervan word hipotese 9 ondersteun.

Hierdie bevinding strook met bevindings wat in verskeie buitelandse studies (Aleem, 1991:40; Cox & Fitzgerald, 1992:147; Flowers, 1987:170; Grennan, 2000:394; http://www.feminist.org/police/ncwpAbout.html; Martin & Jurik, 1996:86; Roberg & Kuykendall, 1993:381-382; Shusta et al., 1995:51; Tracy-Stratton, 1986:312-313; Thibault et al., 1995:254-255) gerapporteer is, naamlik dat vrouepolisiebeamptes sekere take soos konflikoplossing oor die algemeen effektiewer as mans verrig aangesien hulle oor beter interpersoonlike vaardighede beskik. Navorsing (Grennan, 2000:394; http://www.feminist.org/police/ncwpAbout.html; Martin & Jurik, 1996:86) het ook getoon dat vroue net so bekwaam en soms bekwamer as mans is in die uitvoer van sekere polisiëringstake. Wanpersepsies wat by mans oor die fisieke, emosionele en psigologiese vermoëns van vroue bestaan, word meestal deur hulle aangevoer as verklaring waarom vroue nie in polisiëring tuishoort nie. Dié mans se negatiewe houding ten opsigte van vroue se vermoë om polisiëringstake uit te voer, hou waarskynlik met die persepsie dat vroue nie aggressief of sterk genoeg is om polisiewerk te doen nie verband (Grennan, 2000:395).

Volgens Brown en Heidensohn (2000:117) ondervind vrouepolisiebeamptes probleme om as gelykes aanvaar te word deur hulle manlike eweknieë aangesien die polisiesubkultuur en die mans se sienings van hulle die houding teenoor die vrouepolisiebeampte kontamineer. As gevolg hiervan wou die mans nie na hulle voorstelle luister om byvoorbeeld 'n probleem op te los nie. Selfs in gevalle waar dit 'n beter oplossing was, het hulle manlike kollegas nie daarvan gebruik gemaak nie. Die navorsers bevind ook dat sommige vroue hulle vroulike kollegas benadeel aangesien hulle verstrengel is in die mans se persepsies en dat dit daartoe bydra dat vroue 'n negatiewe houding teenoor hulle vermoë ontwikkel. In teenstelling met bostaande studie is die vroue wat aan die onderhawige studie deelgeneem het positief oor hulle vermoë en is hulle selfs van mening dat hulle sommige take beter as hulle manlike eweknieë kan uitvoer. Hierdie positiewe houding kan volgens Tajfel (1981) toegeskryf word

aan 'n positiewe sosiale en persoonlike identiteit. Dit impliseer dat die vrouepolisiebeamptes wat by die studie betrek is positief staan teenoor hulle vermoë en status as vroue in die SAPD en dat hulle hulself nie as minder belangrik as mans beskou nie. Indien hulle nie 'n positiewe identiteit as groep gehad het nie, sou hulle negatief teenoor hierdie stellings gereageer het.

- **Hipotese 9.1**

Hipotese 9.1 postuleer dat betekenisvol meer vroulike as manlike polisiebeamptes van mening is dat vrouepolisiebeamptes net so bekwaam soos hulle manlike eweknieë is.

Volgens item 5 (V49 in Tabel 38) wat gebruik is om die hipotese te toets, meen betekenisvol meer vroue as mans dat hulle net so geskik soos mans is om polisiebeamptes te wees. Die hipotese word dus ondersteun.

Hierdie bevinding strook met buitelandse bevindings (Grennan, 2000:394; http://www. feminist.org/police/ncwpAbout.html; Martin & Jurik, 1996:86; Roberg & Kuykendall, 1993: 381-382; Shusta et al.,1995:51; Tracy-Stratton,1986:312-313; Thibault et al., 1995:254-255) wat ook toon dat vroue net so geskik soos mans is om polisiebeamptes te wees. Verdere steun vir die bevinding word deur items 8 (V52) en 10 (V54) gebied. Veranderlike 52 bevestig dat vroue glo dat hulle oor die vermoë beskik om in enige afdeling in die SAPD diens te verrig, terwyl veranderlike 54 ook bevestig dat vroue hulleself as net so bekwaam soos manlike polisiebeamptes beskou.

Die bevinding hou verband met die postmoderne feministe se siening dat sowel vroue as mans sekere essensiële of kerneienskappe besit wat eie aan hulle geslag is. Hierdie eienskappe en die gepaardgaande houding oor die "self" of die groep sal van die omstandighede afhang waarbinne gefunksioneer word. Aangesien mense binne verskillende situasies funksioneer, varieer hulle sosiale identiteit in elke situasie. 'n Vrou se vroulikheid of persepsie van haarself of vrouekollegas sal dus sterker in sekere situasies na vore kom, terwyl dit in ander situasies nie werklik ter sprake sal wees nie. In teenstelling met die tradisionele feministe voer die postmoderne feministe aan dat die vestiging van 'n mens se sosiale identiteit nie 'n eenmalige proses is nie. 'n Vrou se sosiale identiteit verander dus na gelang van die konteks waarin sy is, die instansie waarvoor sy werk en groepe waaraan sy behoort. As in ag geneem word dat die SAPD oor die afgelope sewe jaar besig is met grootskaalse transformasie, wetgewing die vrou bevoordeel en vroue spesiaal gewerf word vir die SAPD, bestaan die moontlikheid dat dit tot voordeel van die vrou se sosiale

identiteitsontwikkeling strek. Dit impliseer dat vroue se persepsie van hulleself in die SAPD asook hulle gepaardgaande identiteit oor die afgelope tyd in so 'n mate verbeter het dat hulle die siening kon ontwikkel het dat hulle sekere take beter as mans verrig.

Die vrouerespondente se houding in die onderhawige studie hou ook verband met sekere eienskappe wat op 'n unieke wyse met geslag verband hou soos om versorgend en met sagtheid ("gentleness") op te tree. Hierdie eienskappe stel vroue onder andere in staat om beter slagofferondersteuning as mans te bied. Die kenmerke dra ook daartoe by dat manlike polisiebeamptes geneig is om spesifieke take soos die hantering van jeugprobleme of gesinsgeweldsake aan vrouepolisiebeamptes op te dra. Vrouepolisiebeamptes moet gewoonlik ook tydens vergaderings die notules neem en huishoudelike take vervul soos om tee en koffie te maak aangesien dit mans se persepsie is dat vroue dit beter as hulle kan verrig of dat dit tradisioneel die rol van die vrou is.

Die bevinding kan ook in verband gebring word met vrouepolisiebeamptes in die SAPD se sosiale identiteit (Babad, Birnbaum & Benne, 1983:224). Aangesien persoonlike identiteit verband hou met groeplidmaatskap of groepaffiliasie, kan die afleiding gemaak word dat die groep waaraan 'n mens behoort in 'n positiewe lig beskou sal word (Brown, 1996:547). Aansluitend hierby streef die mens daarna om eerder 'n positiewe selfkonsep (siening van die self) as 'n negatiewe selfkonsep te hê (Tajfel, 1981:256-259). Die vrouerespondente se positiewe houding ten opsigte van hulle geskiktheid vir polisiewerk kan dus volgens Die SIT gesien word as 'n uitbreiding van hulle persoonlike identiteit. Hulle positiewe response ten opsigte van veranderlikes 49, 52 en 54 staaf hierdie postulaat van die SIT.

Die bevinding dat die vroue betekenisvol positiewer as die mans is, kan ook lig werp op hoe manlike polisiebeamptes transformasie beleef en die invloed wat dit op hulle persoonlike identiteit het. Manlike polisiebeamptes se sosiale en persoonlike identiteit van die hipermanlike ("macho") polisieman word bedreig (Tajfel, 1981) wanneer vroue hulle domein betree of hulle gedwing word om hulleself met hul vrouekollegas te vergelyk (ons teenoor hulle). Volgens die SIT sal die dominante groep (steeds mans in hierdie geval) prototipes van die uit-groeplede (vroue) konstrueer. In die geval van vrouepolisiebeamptes word die prototipe meestal voorgestel as iemand wat fisiek swak en emosioneel onstabiel is en nie tradisionele huishoudelike verpligtinge soos kos voorberei en kinders opvoed, nakom nie (Grennan, 2000:394). Hierdie prototipe en die gepaardgaande houding dra daartoe by dat mans die vrou as ongeskik vir polisietake beskou (Holdaway & Parker, 1998:45-46) en dat die manlike respondente nie die positiewe houding van die vroue deel nie.

- **Hipotese 9.2**

In hipotese 9.2 is gestel dat betekenisvol meer vroulike as manlike polisiebeamptes van mening is dat vroue 'n beter diens aan die publiek lewer as hulle manlike eweknieë.

Tabel 38 toon dat betekenisvol meer vroue as mans die houding toegedaan is dat hulle 'n beter diens as mans aan die publiek lewer. Hipotese 9.2 wat op V71 gebaseer is, word dus ondersteun.

Hierdie bevinding strook met buitelandse bevindings (Aleem, 1991:40; Cox & Fitzgerald,1992:147; Flowers, 1987:170; Grennan, 2000:394; http://www.feminist.org/ police/ncwpAbout.html; Martin & Jurik, 1996:86; Roberg & Kuykendall, 1993:381-382; Shusta et al.,1995:51; Tracy-Stratton,1986:312-313; Thibault et al., 1995:254-255) rakende die bekwaamheid van vrouepolisiebeamptes. In die verband is getoon dat vroue-polisiebeamptes 'n minder aggressiewe polisiëringstyl as manlike polisiebeamptes handhaaf en meer effektief is tydens die ontlonting van potensiële gewelddadige situasies. Vroue-polisiebeamptes hanteer oproepe om dienste aan die gemeenskap te lewer en versoeke om probleme te hanteer (bv. familietwis) gewoonlik beter as hulle manlike eweknieë. Die vroue-polisiebeamptes wat by die onderhawige studie betrek is se siening van hulle bekwaamheid hou ook verband met die algemene publiek se siening dat hulle aangenamer en bekwamer as manlike polisiebeamptes is. Bogenoemde navorsers het ook bevind dat vroue-polisiebeamptes met meer respek as manlike polisiebeamptes deur die gemeenskap behandel word. Polisiestasies word gewoonlik hoër aangeslaan nadat 'n klaer kontak met 'n vrouepolisiebeampte gehad het as wanneer die kontak met 'n manlike polisiebeampte was. Vrouepolisiebeamptes is minder geneig as mans om 'n lid van die publiek ernstig te beseer en hulle word as meer sensitief en hulpvaardig teenoor gemeenskapslede se behoeftes beskryf as hulle manlike kollegas. Hierdie bevindings bied steun vir die vroue-polisiebeamptes se houding in die onderhawige studie, naamlik dat hulle die publiek beter dien as hulle manlike eweknieë.

Die verwagtinge wat aan die moderne polisiebeampte gestel word, en die pogings wat die SAPD aanwend om 'n diensgerigte instansie te wees, kon 'n invloed op die vroue-polisiebeamptes se houding gehad het. Daagliks word daar aan polisiebeamptes gepropageer dat hulle sensitief moet wees, probleme en konflik op 'n menswaardige wyse moet oplos, persoonlike stres moet kan hanteer, neutraal moet wees en as arbiter kan optree, asook om die vereistes wat aan die polisierol gestel word met takt uit te voer. Verdere aspekte wat kenmerkend van die nuwe polisiefilosofie (gemeenskapspolisiëring) is,

is die handhawing van gesonde interpersoonlike verhoudinge, wedersydse vertroue, probleemoplossing, konsultasie, beskerming van menseregte, deursigtigheid, verandering van polisiëringstyl (proaktief i.p.v. reaktief), spanwerk, deelnemende bestuur, breër polisierol, delegasie van gesag, wedersydse aanspreeklikheid, uitruil van inligting en sensitiewe mensgerigte polisiëring (Champion & Rush, 1997:97; Stevens & Yach, 1995:9; Trojanowicz et al., 1998:5; Van Rooyen,1995:22; Watson et al., 1998:29). Die meeste van hierdie eienskappe is eienskappe wat tradisioneel met die vrou geassosieer word. Vrouepolisiebeamptes pas dus beter by hierdie polisiëringstyl in as hul manlike kollegas en dit verklaar moontlik waarom hulle houding positief is ten opsigte van die diens wat hulle aan die publiek lewer. Verdere navorsing behoort onderneem te word om te bepaal hoe manlike en vroulike polisiebeamptes se rapport met die gemeenskap verskil.

7.1.11 Hipotese 10

Hipotese 10 postuleer dat betekenisvol meer manlike as vroulike polisiebeamptes die houding huldig dat vrouepolisiebeamptes hulle vroulikheid gebruik om beter voordele in die werksituasie te kry. Wilcoxon-rangsomtoets is gebruik om te bepaal of daar 'n betekenisvolle verskil tussen die sentrale waardes van die geselekteerde items in die Persepsie rakende die Vrouepolisiebeampteskaal ten opsigte van geslag voorgekom het. Die bevindings word in Tabel 39 weergegee.

Tabel 39
Wilcoxon-rangsomtoets vir Vergelyking van Geslagte se Gemiddelde Tellings op grond van bepaalde Items in die Persepsie rakende die Vrouepolisiebeampteskaal

	Manlik			Vroulik			
Veranderlike	N	$\bar{X}$	S	N	$\bar{X}$	s	p
V72 (word bevorder want gee toe tot seksuele toenadering)	137	3,66	1,24	109	4,28	0,89	0,0001**
V76 (meer voordele ten opsigte van werkverdeling)	137	2,80	1,27	109	3,53	1,03	0,0001**
V79 (gebruik vroulikheid vir meer voordele)	137	2,94	1,24	109	3,90	1,00	0,0001**

* = $p \leq 0,05$
** = $p \leq 0,01$

Tabel 39 toon betekenisvolle verskille tussen die houdings van vroulike en manlike respondente ten opsigte van die veranderlikes aan. In die lig hiervan word hipotese 10 ondersteun.

Hierdie bevinding is in ooreenstemming met Hal Brown (http://www.geocities.com/~halbrown/bogshrink7.htm) se standpunt dat vrouepolisiebeamptes hulle seksualiteit gebruik om hulle doelwitte te verwesenlik en beter voordele in die werksituasie te bekom. Bezuidenhout en Theron (2000:16) se studie het ook aan die lig gebring dat die mening bestaan dat sowel swart as wit vroue hulleself skuldig maak aan hierdie praktyk. Die houding van manlike polisiebeamptes is ook in ooreenstemming met die siening dat vrouepolisiebeamptes "go along to get along" oftewel dat hulle seksuele teistering aanvaar en hulle seksualiteit gebruik om bepaalde gunste in ruil daarvoor te kry. Gevalle is ook gedokumenteer waar polisievroue seksuele teistering uitgelok het ten einde hulle posisie te verbeter of om na 'n hoër rang bevorder te word (Shusta et al.,1995:47). Aangesien nie alle vrouepolisiebeamptes hulle aan hierdie optrede skuldig maak nie en manlike polisiebeamptes se persoonlike en sosiale identiteit (Tajfel, 1981) bedreig kan word, is dit nie noodwendig so dat die manlike respondente se houding op objektiewe gronde gebaseer is nie. Derhalwe moet indringende navorsing onderneem word oor die moontlike rol wat vrouepolisiebeamptes se seksualiteit in hulle beroepsvordering kan speel.

7.1.12 Hipotese 11 en 11.1

Hipotese 11 postuleer dat betekenisvol meer manlike as vroulike polisiebeamptes die houding huldig dat vrouepolisiebeamptes nie die vermoë het om dieselfde mate van outoriteit af te dwing as hulle manlike eweknieë nie. Hipotese 11.1 stel dat betekenisvol meer manlike as vrouepolisiebeamptes van mening is dat vrouepolisiebeamptes nie gehoor gee aan outoriteit nie. Die resultate word in Tabel 40 weergegee.

Tabel 40
Wilcoxon-rangsomtoets vir Vergelyking van Geslagte se Gemiddelde Tellings op grond van bepaalde Items in die Persepsie rakende die Vrouepolisiebeampteskaal

	Manlik			Vroulik			
Veranderlike	N	$\overline{X}$	s	N	$\overline{X}$	s	p
V69 (vroue onderwerp hulle nie aan outoriteit) [H11.1]	137	3,34	1,02	109	4,11	0,79	0,0001**
V80 (vroue kan nie dieselfde outoriteit afdwing) [H11]	137	3,26	1,22	109	3,89	1,00	0,0001**
V89 (mans respekteer nie outoriteit van vroue met hoër rang) [H11]	137	3,63	1,15	111	3,09	1,12	0,0002**

* = $p \leq 0,05$
** = $p \leq 0,01$

- **Hipotese 11**

Veranderlike 80 (item 36), naamlik dat vrouepolisiebeamptes nie oor die vermoë beskik om dieselfde mate van outoriteit af te dwing as hulle manlike eweknieë nie, is gebruik om hierdie hipotese te ondersoek. Hoewel 'n betekenisvolle verskil voorkom, is die mans "neutraal" oor die stelling, terwyl die vroue "nie saam stem nie". Hipotese 11 word dus nie ondersteun nie.

Die paradoksale bevinding, naamlik dat vroue "neutraal" is en mans "nie saamstem" met die stelling dat manlike polisiebeamptes nie die outoriteit van vroue met 'n hoër rang as hulle respekteer nie (V89), dui daarop dat onsekerheid oor die outoriteit van vroue by polisiebeamptes bestaan.

Die neutrale houding van mans ten opsigte van veranderlike 80 hou verband met Grennan (2000:395) se bevinding, dat manlike polisiebeamptes in die meeste gevalle die leiding neem op tonele of in werksituasies ondanks die teenwoordigheid van vrouepolisiebeamptes met 'n hoër rang. Hiervolgens sou gesê kon word dat ongeag die mans se aanvaarding van vroue in dominante of leiersrolle, mans hulle nog nie sien as persone wat hulle toegewese posisie op 'n betekenisvolle wyse volstaan nie. Ter ondersteuning hiervan kan gewys word op die bevinding dat vrouepolisiebeamptes verkies om saam met 'n manlike kollega in plaas van 'n vroulike kollega te werk (Remmington, 1981:167). Hierdie toedrag van sake kan daartoe bydra dat hoewel vroue die geleentheid het om outoriteitsposte te beklee hulle self daarvoor verantwoordelik is dat hulle nie leiding neem in situasies wat dit vereis nie. Dit kan weer 'n rol speel in vroue se siening dat hulle outoriteit nie erken word nie. Rolle word ook dikwels aan vroue toegeken wat "veilig" is of waar daar nie leiding geneem moet word nie. Die neiging om veilige rolle vir vroue voor te skryf en hulle aanvaarding daarvan, kan toegeskryf word aan geslagsrolstereotipes en dat sowel vroue as mans gesosialiseer is om die man as beskermer te sien (vgl. afd. 3.3). Veral swart respondente het in die voorafstudie aangedui dat vroue gesosialiseer word om huishoudelike take te verrig, terwyl mans gesosialiseer word om manlike take te verrig en as die hoof, wat in alle gevalle die outoriteitsfiguur is, beskou moet word (Bezuidenhout & Theron, 2000:26). Hierdie bevinding en moontlike verklarings moet deur verdere navorsing in diepte ondersoek word.

Die neutraliteit van mans in die onderhawige studie kan betrekking hê op die invloed van sosialisering en geslagsrolvoorskrifte. Enersyds word mans gesosialiseer om leiers of outoriteitsfigure te wees en andersyds word manlike dominansie en outoriteit deur wetgewing geneutraliseer. Ter stawing hiervan meld Flowers (1989:170) dat sowel manlike onder-offisiere as offisiere probleme ondervind om vrouepolisiebeamptes met dieselfde rang, as

hulle gelykes te aanvaar. Aangesien dit teenstrydig met kulturele voorskrifte rakende die rol van vroue is en die tradisionele beskermingsrol van die man negeer. Indien die vrou as gelyke aanvaar word, moet dié tradisionele rol prysgegee word, terwyl nie-aanvaarding wetlike en konstitusionele voorskrifte verbreek. Gevolglik reageer mans met neutraliteit of met gedrag wat as paradoksaal bestempel kan word.

Vroue wat na bestuursposisies bevorder word, ervaar meestal overte of koverte teenkanting van manlike bestuurders wat bedreig voel deur vroue wat in die bestuurskader inbeweeg. Hierdie mans se dilemma is dat hulle meestal die bevordering of aanstelling moet goedkeur en dus instrumenteel is in vroue se oorname van hulle plek as "outoriteitsfigure". Sowel mans se sosialisering (mans is die hoof) as hulle identiteit (sosiale en persoonlike identiteit as leier en lid van die in-groep word bedreig) is hier ter sprake. Veranderde geslagsrolle oor die aanvaarding van vroue in outoriteitsposisies en respek wat aan vroue vertoon moet word, kan dus 'n groter rol speel as die vermoëns waaroor vroue beskik (Baron & Byrne, 1997:183; Sabini, 1995:135; Worchel et al., 1988:109). Aangesien sosiale verwagtinge ten opsigte van manlike optrede teenoor vroue 'n invloed op die manlike respondente se response kon gehad het, behoort verdere navorsing onderneem te word om te bepaal in watter mate sosiale verwagtinge gedrag teenoor vrouepolisiebeamptes en die aanvaarding van die vrou in outoriteitsposisies beïnvloed.

Volgens Horowitz en Bordens (1995:215) word vrouetoesighouers nie deur hulle manlike eweknieë of juniors gerespekteer nie. Sodra vroue in topbestuursposisies aangestel word, laat geld hulle hulself op 'n tipiese manlike militaristiese styl (neem manlike bestuurstyl oor) van bestuur om meer outoriteit af te dwing wat veroorsaak dat hulle nie aanvaar word nie (Baron & Byrne, 1997:183; Brown & Heidensohn, 2000: 117; Grennan, 2000:395; Sabini, 1995:135; Worchel et al., 1988:109). Die teenstrydige bevinding in die onderhawige studie, naamlik dat manlike polisiebeamptes wel die outoriteit van 'n vrou met 'n hoër rang respekteer, kan in die lig van transformasie in die SAPD verklaar word. Die oogmerke met die transformasieproses is om geslag as kriterium uit te wis en 'n benadering te vestig waar 'n persoon gerespekteer word vir die bekwaamheid waarmee diens gelewer word. In die voorafstudie is gevind dat die meerderheid polisiebeamptes (92%) van mening is dat vrouebevelvoerders dieselfde outoriteit as manlike bevelvoerders afdwing en dat bestuurstyl en nie soseer geslag, die houding van ondergeskiktes teenoor die bevelvoerder sal bepaal. Diegene wat nie hiermee saamgestem het nie (6%), was van mening dat vroue se selfbeeld nie genoegsaam ontwikkel is om gesag af te dwing nie (Bezuidenhout & Theron, 2000:27). Die bevinding in die voorafstudie asook ten opsigte van V89 in die hoofstudie strook dus nie met buitelandse bevindings nie. Verdere navorsing oor die effek van transformasie op

houdings teenoor vrouepolisiebeamptes in gesagsposisies en in hoe 'n mate bekwame rolvervulling stereotipe sienings kan uitwis, moet in opvolgende navorsing ondersoek word.

- **Hipotese 11.1**

Hipotese 11.1 wat stel dat vroue hulleself nie aan outoriteit onderwerp nie, is met behulp van item 25 (V69) ondersoek. Hoewel die mans "neutraal" met betrekking tot die stelling staan, het die vroue "nie saamgestem" daarmee nie. Aangesien die betekenisvolle verskil nie in die voorspelde rigting is nie, word hipotese 11.1 nie ondersteun nie.

Die neutraliteit van die mans kan volgens Grennan (2000:393) verklaar word op grond daarvan dat egalitêre dissiplinering van die geslagte 'n probleem is, omdat manlike toesighouers ridderlik en paternalisties optree. Hulle poog dus om eerder die vrou te beskerm as om haar te tug en kan derhalwe neutraliteit handhaaf in plaas van standpunt inneem. Navorsing (Bezuidenhout & Theron, 2000:27) toon dat vroulike toesighouers eerder poog om die vrede te bewaar en probleme nie direk aan te spreek nie. Hiervolgens kan afgelei word dat vroue hulle nie teen outoriteit sal verset nie. Dit sluit aan by Brown et al. (1996:198) se verklaring dat vroue geneig is om positief te reageer op formele en informele sosiale aksies wat gedrag en 'n hoër agting vir wetgewing as mans koester. Hierdie geneigdheid wat aan biologiese en sosialiseringsfaktore toegeskryf kan word, mag ook 'n verklaring bied vir die bevinding rakende die vroue se houding. Aangesien hierdie bevinding die feministiese sienings rakende manlike onderdrukking van die vrou steun, behoort verdere navorsing onderneem te word om te bepaal in hoe 'n mate vroue se gehoorsaamheid aan outoriteit aangebore of aangeleerde gedrag is. Die vergelyking van mans se wyse van dissiplinering teenoor hoe vroue te werk gaan, behoort deur sowel kwalitatiewe as kwantitatiewe studies ondersoek te word.

7.1.13 Hipotese 12, 12.1 en 12.2

Hipotese 12 voorspel dat betekenisvol meer vroulike as manlike polisiebeamptes die houding toegedaan is dat meer vroue in die SAPD se topbestuur aangestel moet word. Verder is die aanname in hipotese 12.1 gemaak dat betekenisvol meer vroulike as manlike polisiebeamptes glo dat die SAPD se topbestuur in voeling met die behoeftes van vroue-polisiebeamptes is. In hipotese 12.2 is gepostuleer dat betekenisvol meer vroulike as manlike polisiebeamptes van mening is dat vrouepolisiebeamptes beperkte besluitnemingsmagte het. Die bevindings van die Wilcoxon-rangsomtoets waarmee spesifieke items ondersoek is, word in Tabel 41 weergegee.

Tabel 41
Wilcoxon-rangsomtoets vir Vergelyking van Geslagte se Gemiddelde Tellings op grond van bepaalde Items in die Persepsie rakende die Vrouepolisiebeampteskaal

	Manlik			Vroulik			
Veranderlike	N	$\bar{X}$	s	N	$\bar{X}$	s	p
V75 (vroue het beperkte besluitnemingsmag) [H12.2]	137	3,74	1,00	109	3,26	1,12	0,0005**
V86 (meer vroue in topbestuur aanstel) [H12]	137	3,12	1,20	109	4,09	0,90	0,0001**
V87 (SAPD topbestuur in voeling met vrou) [H12.1]	137	3,11	1,10	109	2,61	1,07	0,0006**

* = $p \leq 0,05$
** = $p \leq 0,01$

- **Hipotese 12**

Uit Tabel 39 (V86/item 42) blyk dit dat hipotese 12 ondersteun word aangesien betekenisvol meer vroue as mans meen dat meer vroue in die topbestuur van die SAPD aangestel moet word. Waar vroue se houding positief was, ten opsigte van die stelling, was die mans se houding neutraal.

Die positiewe respons van die vrouerespondente kan volgens die postmodernistiese feminisme toegeskryf word aan 'n kollektiewe bewustheid wat onder vroue bestaan dat daar nie meer teen hulle gediskrimineer mag word nie en dat vroue dieselfde geleenthede as mans gebied moet word. Wetgewing en aksies (soos werwing van vroue, aanstel van vroue in senior bestuursposte asook spesiale sensiteringsindiensopleidingskursusse) deur die topbestuur van die SAPD dra by tot hierdie kollektiewe identiteit. Topbestuur se "akkommoderende optrede" kan volgens die SIT daartoe bydra dat vroue se sosiale identiteit (in hierdie konteks hulle groepidentiteit) verbeter en dat hulle toenemend in hulle self begin glo (Tajfel, 1981). Die sogenaamde dominante groep (mans) word nie meer as 'n bedreiging gesien nie en vroue is bewus daarvan dat hulle gewerf en voorkeur bo mans geniet om in topbestuursposte aangestel te word.

Aangesien vroue steeds op alle vlakke van die SAPD onderverteenwoordig is, kan die houding ook betrekking hê op vroue se frustrasie omdat hulle ondanks wetgewing nog nie van manlike dominansie en diskriminasie bevry is nie (Levin, 1987:20; McKay 1994:340-343; Williams & McShane, 1999:256).

Vrouepolisiebeamptes se sienings dat hulle getalle vermeerder moet word, kan ook hulle strewe na 'n positiewe identiteit in die SAPD benadruk. Deur groter verteenwoordiging kan groepsamehorigheid versterk word (McKay, 1994:359-360).'n Verdere moontlikheid is dat indien meer vroue in die topbestuur aanwesig is vroue se belange beter verstaan en bevorder sal word. Horowitz en Bordens (1995:215) waarsku egter dat vroue wat in topbestuursposisies aangestel word mettertyd dieselfde bestuurstyl as mans aanvaar en kollektief dink ten opsigte van die belange van die organisasie en nie noodwendig in terme van geslag nie. Toekomstige studies behoort hierdie terrein meer breedvoerig te ondersoek en veral te fokus op die invloed van die vrou se kollektiewe bewussyn op identiteit en op beroepsrolvervulling asook in hoe 'n mate vroue in bestuursposte hierdie bewussyn kan bevorder of benadeel.

- **Hipotese 12.1**

Hipotese 12.1 is ondersoek met behulp van item 43 (V87) wat postuleer dat die SAPD se topbestuur in voeling is met die behoeftes van vrouepolisiebeamptes. Volgens Tabel 39 word hipotese 12.1 nie ondersteun nie aangesien die mans "neutraal" was, terwyl die vroue "nie saamgestem" het met die stelling nie.

Vroue word deur spesifieke wetgewing (Die Konstitusie van Suid-Afrika, die Arbeidswet en die Wet op Billike Werksgeleenthede) beskerm. Hierbenewens word die SAPD aan sowel interne as eksterne sosiale verandering blootgestel. Derhalwe is op grond van die veranderinge, wetgewing en demokratisering geantisipeer dat vroue die houding toegedaan sou wees dat topbestuur in voeling met hulle behoeftes is. Die bevinding dat dit nie die geval is nie, is in ooreenstemming met buitelandse studies (Grennan, 2000:394; http://www.feminist.org/police/ncwpAbout.html; Martin & Jurik, 1996:86; Roberg & Kuykendall, 1993:381-382; Shusta et al., 1995:51; Tracy-Stratton, 1986:312-313).

Suid-Afrikaanse vrouepolisiebeamptes se siening dat die SAPD topbestuur nie in voeling met hulle behoeftes is nie, kan moontlik daaraan toegeskryf word dat vroue steeds onderverteenwoordig is op alle vlakke van die SAPD. Hoewel dit parlementêr aangekondig is en wetgewing instansies verplig om verteenwoordigend van die populasie op alle vlakke te wees, is dit nie die geval in die SAPD nie aangesien vroue teenswoordig minder as 20% van die polisiepopulasie uitmaak (kommisaris L. Stander, Afdelingskommisaris: Personeel-dienste, Persoonlike mededeling, Oktober 12, 2000). Vroue se houding met betrekking tot topbestuur se sensitiwiteit ten opsigte van vroue kan dus deur die bevinding gereflekteer word ongeag demokratisering, beleid rakende regstellende aksie en gelyke diensvoor-

waardes. In die lig van vroue se onderverteenwoordiging bestaan die moontlikheid dat hulle twyfel ervaar of die SAPD-bestuur werklik hulle belange op die hart dra. Ongelyke verteenwoordiging mag inderwaarheid geïnterpreteer word as 'n voortsetting van diskriminasie teen vroue binne die manlike domein van polisiëring. Verder kon die sosialisering van vroue om ondergeskik aan die man te wees, hier ook 'n rol gespeel het. Volgens die geslagsteoretici kan vroue frustrasie ervaar omdat hulle gesosialiseer is om te aanvaar dat mans vir hulle besluite neem. Dit kan daartoe lei dat diegene wat in top poste is nie vertrou word om na hulle as gelykes om te sien nie. Vroue wat hierdie sosiale voorskrifte sonder meer aanvaar, sal nie probleme ontwikkel nie. Binne Suid-Afrika waar 'n menseregtekultuur sedert 1994 beslag gekry het en gelykheid verkondig word, sal twyfel oor die bedoelings van diegene in magsposisies voorkom as gelyke beregtiging nie ondubbelsinnig waarneembaar is nie. Verwarring oor wetlike voorskrifte wat nie duidelik in die praktyk geïmplementeer word nie (bv. gelyke verteenwoordiging), kan lei tot wantroue in die topbestuur se vermoë om in voeling met vroue se behoeftes te wees.

- **Hipotese 12.2**

Die resultate in Tabel 41, naamlik dat vrouepolisiebeamptes beperkte besluitnemingsmag het bied nie steun vir hipotese 12.2 nie. Ten opsigte van item 31 (V75) het mans "nie saamgestem" met die stelling nie en was die vroue se houding "neutraal".

Ondanks bewyse dat die SAPD steeds manlik gedomineerd is (kyk Tabelle 1 en 2) dui hierdie bevinding op die moontlikheid dat manlike polisiebeamptes die veranderinge van die afgelope sewe jaar as ingrypend beskou. Dit sluit aan by Grennan (2000:393) se siening dat mans geneig is om aan geslagsrolle vas te hou en dat wetlike voorskrifte wat die rolle verander hulle persoonlike en sosiale identiteit kan bedreig (Tajfel, 1981). Verder impliseer dit dat mans wat hulleself as die in-groep identifiseer nie 'n tradisionele uit-groep (vroue) se dominansie of outoriteit sonder meer aanvaar nie. Hierdie mans glo dat hulle die besluite namens die vrou moet neem aangesien hulle sosialisering dit so vereis. Volgens die geslagsteorie skryf die samelewing aan vroue voor om meer gereserveerd te wees en dat hulle besluitneming minder belangrik geag word as dié van mans. Vroue wat hierdie sosialisering aanvaar, sal dus eerder neutraal staan, as om 'n pertinente standpunt te handhaaf. Verdere steun kan verkry word van die buitelandse bevindings (Grennan, 2000:393; Martin & Jurik, 1996:86; Roberg & Kuykendall, 1993:381-382; Shusta et al.,1995:51; Tracy-Stratton,1986:312-313) wat toon dat die vrou eerder saam met manlike kollegas werk.

Mans se houding dat die vroue wel genoeg besluitnemingsmag het, kan moontlik verband hou met onsekerheid oor die implikasies wat die nuwe demokratiese samelewing vir mans inhou. In teenstelling met tradisionele samelewingsverwagtings, waar mans selfgeldend moes optree en broodwinners was, word daar nie alleen binne die moderne Suid-Afrikaanse samelewing gepropageer dat almal gelyk is nie, maar dat vroue net so selfgeldend as mans moet wees en selfs by die vul van of aanstel in poste voorkeur bo mans moet geniet. Mans kan hierdeur bedreig voel veral waar vroue toenemend eie diskresie kan gebruik om besluite te neem. Mans wat universeel grootgemaak word om namens die vrou besluite te neem en volgens godsdienstige voorskrifte (bv. Bybel en Koran) die rol toegesê is om na die vrou om te sien en as die hoof van die huishouding op te tree, staan dus voor 'n dilemma. Vroue wat wel aan die voorskrifte gehoor gee sal eerder geneig wees om neutraal te staan as om sogenaamde manlike magte vir hulle toe te eien (Baron & Byrne, 1997:183; Sabini, 1995:135; Worchel et al., 1988:109). Verdere navorsing moet egter oor hierdie onderwerp onderneem word om te bepaal wat die aard van manlike en vrouepolisiebeamptes se siening is rondom die besluitnemingsmagte wat onderskeidelik aan hulle toegeken moet word.

7.1.14 Hipotese 13, 13.1 en 13.2

Hipotese 13 postuleer dat polisiebeamptes wat amptelike polisieopleiding gehad het 'n betekenisvol negatiewer houding teenoor die rol van die vrouepolisiebeampte sal openbaar as diegene wat nie amptelike polisieopleiding gehad het nie. Verder voorspel hipotese 13.1 dat manlike polisiebeamptes wat by polisiestasies/operasioneel gestasioneer is, betekenisvol negatiewer teenoor die rol van die vrouepolisiebeampte sal wees as diegene wat by hoofkantoor gestasioneer is. Hipotese 13.2 postuleer dat betekenisvol meer manlike as vrouepolisiebeamptes van mening is dat dit 'n veiligheidsrisiko is om operasionele werk saam 'n vrouepolisiebeampte te doen.

- **Hipotese 13**

Die bevinding ten opsigte van hipotese 13 word in Tabel 42 weergegee.

Tabel 42
Wilcoxon-rangsomtoets vir Vergelyking van Gemiddelde Tellings ten opsigte van Amptelike Polisie-opleiding van al die respondente met behulp van die Persepsie rakende die Vroue-polisiebeampteskaal

Opleiding	N	$\overline{X}$	s	p
Ja	231	3,49	0,42	
Nee	11	3,45	0,27	0,6721

Uit Tabel 42 blyk dit dat hipotese 13 nie ondersteun word nie. 'n Moontlike rede waarom betekenisvolle verskille nie voorgekom het nie, is dat die meerderheid respondente wat by die onderhawige studie betrek is, opleiding deurloop het. Slegs 11 respondente het nie opleiding gehad nie. Aangesien die meeste polisiebeamptes in die SAPD amptelike opleiding ondergaan, was dit moeilik om onopgeleide polisiebeamptes by die studie te betrek. Dit sou ook nie sinvol gewees het om siviele persone wat vir die SAPD werk se houdings met dié van polisiebeamptes te vergelyk nie, aangesien die persone hulleself as siviele persone of staatsamptenare identifiseer.

- **Hipotese 13.1**

Die bevindings met betrekking tot hipotese 13.1 word in Tabel 43 uiteengesit.

Tabel 43
Kruskal-Wallis Variansie-ontleding vir Vergelyking van Gemiddelde Tellings ten opsigte van Operasionele/Nie-operasionele lede met behulp van die Persepsie rakende die Vrouepolisiebeampteskaal

Stasie/Afdeling	N	$\overline{X}$	s	p
Polisiestasies	170	3,49	0,45	
Hoofkantoor	15	3,63	0,35	
Spesiale eenhede	43	3,42	0,37	0,2437

Uit Tabel 43 blyk dit dat daar geen betekenisvolle verskil tussen die houdings van polisiebeamptes wat by verskillende seksies/afdelings gestasioneer is voorgekom het nie. Hipotese 11.1 word dus nie ondersteun nie.

'n Moontlike rede waarom die hipotese nie ondersteun is nie, kan volgens die SIT toegeskryf word aan die aard van mans se bevooroordeelde houding rakende die rol van vroue in die polisie. Volgens die SIT kan geredeneer word dat manlike polisiebeamptes oor die algemeen negatief ingestel sal wees teenoor vrouepolisiebeampte se vermoë om as volwaardige polisiebeampte op te tree as gevolg van depersonalisasie. Hiervolgens word vroue-polisiebeamptes nie beoordeel op grond van hulle vermoë as unieke individue nie, maar as lede van 'n bepaalde groep, naamlik vroue wat nie tuishoort in aktiewe polisiëring nie. Volgens die mans is hulle net geskik vir take in die polisie wat met hulle groeptipe (vrou) verband hou soos om huishoudelike take te verrig, slagofferondersteuning te bied en administratiewe werk te doen. Tajfel (1981:257) benadruk dat die aksentueringseffek hier ter sprake is en dat 'n persoon se gedrag mettertyd sodanig gerig word sodat dit ooreenstem met die groepnorm. Die groepnorm hou in hierdie opsig verband met mans se persepsie en nie die afdelings waar hulle werksaam is nie. 'n Groep mans wat van mening is dat vroue nie

dieselfde vermoëns as hulle het nie, sal hierdie groepnorm voortdurend deur middel van aksentuasie in stand hou. Die kans dat hulle 'n teenoorgestelde, gepolariseerde siening of norm sal ontwikkel, is onwaarskynlik. Hierdie proses verseker individuele konformiteit aan die norm.

In aansluiting by bostaande postuleer geslagsrolteoretici dat die gemeenskap sekere optredes as toepaslik of tipies van mans of vroue beskou. Die drie belangrikste veranderlikes wat hier ter sprake is, is rolvoorskrifte, opvoedingswyses en stereotipes. In die verband meld Shoemaker (1996:229) dat eienskappe soos om 'n man of 'n vrou te wees biologiese eienskappe is, terwyl manlikheid en vroulikheid as aangeleerde sosiale rolle beskou kan word. Hierdie bevinding is dus in lyn met wat die geslagsteoretici propageer, naamlik dat sekere handelinge en houdings inherent deel is van die geslagte.

Die bevinding kan verder toegelig word met die aanname van die geslagsrolteoretici, naamlik dat sekere eienskappe (biologies en sosiaal) dié eienskappe is wat as kriteria deur opponerende groepe gebruik word om mekaar te beskryf. Die wyse waarop mense dus binne 'n sosiale konteks optree, hou verband met die verwagtinge wat deur die gemeenskap daargestel word en nie noodwendig met die individu se ingebore geneigdheid nie. Mans sal oor 'n bepaalde siening van vroue beskik en hierdie siening sal nie maklik deur die omgewing waarin hulle funksioneer, verander word nie. Manlike polisiebeamptes by hoofkantoor word gewoonlik eerste gekonfronteer met wetgewing, is nou betrokke by beleidsformulering en die implementering daarvan. Hulle is ook nie direk betrokke by operasionele werk nie. Dit is dus te wagte dat hulle houding verskil van díe van hulle manlike kollegas wat nie direk by wetgewing betrokke is nie en operasioneel werk. Die bevinding staaf dus dat houdings en geslagsrolvoorskrifte redelik permanent is en nie deur kunsmatige veranderinge soos wetgewing verander sal word nie.

- **Hipotese 13.2**

Hipotese 13.2 is getoets deur gebruik te maak van spesifieke items uit die Persepsie rakende die Vrouepolisiebeampteskaal. Die hipotese postuleer dat betekenisvol meer manlike as vrouepolisiebeamptes van mening is dat dit 'n veiligheidsrisiko is om operasionele werk saam 'n vrouepolisiebeamptes te doen.

Tabel 44 (item13, V57)toon dat 'n betekenisvolle verskil in die houdings van mans en vroue voorkom. Mans het "saamgestem" terwyl vroue "nie saamgestem" het nie. In die lig van die betekenisvolle verskil in die houdings word die hipotese ondersteun.

Tabel 44
Wilcoxon-rangsomtoets vir Vergelyking van Geslagte se Gemiddelde Tellings op grond van 'n bepaalde Item in die Persepsie rakende die Vrouepolisiebeampteskaal

	Manlik			Vroulik			
Veranderlike	N	$\overline{X}$	s	N	$\overline{X}$	s	p
V57 (vroue veilig-heidsrisiko vir mans)	136	2,58	1,25	111	3,68	1,06	0,0001**

* = $p \leq 0,05$
** = $p \leq 0,01$

Hierdie bevinding kan verklaar word op grond daarvan dat mans gewoonlik op simboliese vlak die polisiebeampte voorstel as iemand wat gespierd en manlik is. Hy is iemand wat 'n netjiese uniform dra en vaardig met wapens (bv. vuurwapens en knuppels) is. Verder kan die bevinding in verband gebring word met die aura van mag wat aanwesig is wanneer 'n polisieman in uniform is en 'n vuurwapen dra. Die bevinding stem ooreen met buitelandse bevindings (Cox & Fitzgerald, 1992:147; Flowers, 1987:170; Grennan, 2000:394; http://www.feminist.org/police/ncwpAbout.html; Martin & Jurik, 1996:86; Roberg & Kuykendall, 1993:381-382; Shusta et al.,1995:51; Tracy-Stratton,1986:312-313; Thibault et al., 1995:254-255), naamlik dat polisiemanne as goeie beskermers geëtiketteer word. Gesien teen hierdie agtergrond pas 'n vrou nie in by die simboliese ideëeltipe van hoe 'n polisiebeampte behoort te wees nie. Hierdie stelling geld veral ten opsigte van diegene wat operasioneel optree soos om patrolliewerk in die wyke van polisiestasies te doen of om by openbare-orde-polisiëring betrokke te wees waartydens skares in bedwang gehou moet word. Fisieke krag is meestal die enigste bron van beskerming vir diegene wat operasioneel polisieer, derhalwe kan iemand wat fisiek swak is as 'n veiligheidsrisiko beskou word. Tracy-Stratton (1986:317) meld in die verband dat daar tradisioneel op fisieke krag gefokus is en dat vaardighede met wapens 'n vereiste was - eienskappe waaroor vroue volgens die gemeenskap en manlike polisiebeamptes nie beskik nie. Twee stereotipes dra tot hierdie siening by. Eerstens word vroue van kleins af as te swak (emosioneel en fisiek) en besluitloos beskou om gevaarlike werk te doen of om vuurwapens te hanteer. Tweedens word polisiebeamptes as taai, manlik en fisiek dominerend geëtiketteer (Muro, 1980:43).

Hierdie sienings wat op die geslagsteorie berus, word deur Mayhall et al. (1995:130) gestaaf. Volgens hulle fokus die meeste polisie-organisasies tydens rekrute-opleiding hoofsaaklik op die fisieke aspekte en wapenhantering. Hierdie tradisionele houding rakende die belang van fisieke vermoëns vir polisiëring is veral hier ter sprake aangesien daar vir 'n geruime tyd nie rekrute-opleiding in die SAPD plaasgevind het nie. Die manlike polisiebeamptes wat dus aan die navorsing deelgeneem het, is waarskynlik volgens die tradisionele benadering opgelei wat ook 'n invloed sal hê op die houding teenoor die vrouepolisiebeampte se vermoë om te

polisieer. Sodra mans in die praktyk polisieer, sien hulle polisiëring as aksiegeoriënteerd, gewelddadig en onvoorspelbaar wat meebring dat hulle "werklike polisiëring" of vroeëre wyses van polisiëring as misdaadbekamping oftewel operasioneel sien. Enige ander polisiëringsinisiatiewe word as futiel beskou. 'n Uitvloeisel hiervan is dat manlike polisiebeamptes gewoonlik vyandig staan teenoor vroue wanneer patrolliewerk en arrestasies ter sprake is - aksies wat veral ter sprake is by operasionele polisiëring in 'n stasiewyk. Sodra 'n vrou dus saam met 'n man toegewys word om patrolliediens te verrig, kan die man voel dat sy fisieke krag as irrelevant beskou word (persoonlike en groepidentiteit word bedreig) en dat 'n vrou hom in sy optrede sal strem indien hy in 'n fisieke konfrontasie betrokke raak. Vrouepolisiebeamptes is volgens manlike polisie-beamptes nie betroubaar in gevaarlike situasies nie, 'n houding wat deur die bevinding in Tabel 44 gestaaf word.

In teenstelling met manlike polisiebeamptes beskik vrouepolisiebeamptes nie oor die fisieke krag om 'n situasie waar die oortreder sterk, groot of onder die invloed van sekere dwelmmiddels (bv. kokaïene of alkohol) is, onder beheer te bring nie. Hierdie gebruik van fisieke krag is volgens 'n groot aantal manlike polisiebeamptes 'n ernstige probleem tydens operasionele polisiëring. Ter stawing van die bevinding dat mans vroue as 'n veiligheidsrisiko beskou, meld Barkan (1997:492) dat manlike polisiebeamptes geneig is om eerder 'n ander manlike kollega saam met hulle te laat werk wanneer hulle 'n gevaarlike toneel ondersoek. Vrouepolisiebeamptes is volgens manlike beamptes ongeskik vir die taak omdat hulle huiwerig is in gevaarsituasies en hulle altyd oor vrouekollegas bekommerd moet wees. Volgens die feminisme is ridderlikheid en paternalisme hier ter sprake. Hoewel die feminisme poog om die vrou as onafhanklik en selfstandig uit te beeld (Bartollas 1997:202; McKay 1994:344), word mans steeds gesosialiseer om na vroue as die sogenaamde swakker geslag om te sien (Horowitz & Bordens, 1995:214). In aansluiting hierby meld Martin en Jurik (1996:68) dat "beskerming" van vroue as die man se plig beskou word. As gevolg van hierdie sosialisering sou die bevinding geïnterpreteer kan word as ooreenstemmend met geslagsrolvoorskrifte aangesien die meeste mans outomaties na die vrou omsien en haar beskerm in gevaarlike situasies. Die moontlikheid bestaan dus dat sy eerder as 'n las in plaas van 'n volwaardige medewerker beskou sal word.

7.1.15 Hipotese 14

Hipotese 14 postuleer dat betekenisvol meer manlike polisiebeamptes as vroulike polisiebeamptes van mening sal wees dat polisiëring nie 'n beroep vir 'n vrou is nie. Hierdie hipotese is met behulp van spesifieke items in die Persepsie rakende die Vroue-polisiebeampteskaal getoets. Item 1 (V45) stel dat vroue slegs huishoudelike take in die

SAPD moet verrig. Item 15 (V59) gee te kenne dat die SAPD nie 'n beroepsopsie vir vroue moet wees nie, terwyl item 24 (V68) stel dat vroue te emosioneel onstabiel is om polisiewerk te verrig. Die laaste item wat vir hierdie hipotese gebruik is, naamlik item 54 (98), stel dat vroue nie oor die vermoë beskik om aan te pas by die tradisioneel manlike aard van polisiëring nie. Die resultate van die onderskeie items wat aan die hand van die Wilcoxon-rangsomtoets verkry is, word in Tabel 45 weergegee.

Tabel 45
Wilcoxon-rangsomtoets vir Vergelyking van Geslagte se Gemiddelde Tellings op grond van bepaalde Veranderlikes met behulp van Persepsie rakende die Vrouepolisiebeampteskaal

	Manlik			Vroulik			
Veranderlike	N	$\overline{X}$	s	N	$\overline{X}$	s	p
V45 (slegs huishoudelike pligte)	136	3,82	1,23	111	4,34	0,91	0,0004**
V59 (SAPD nie beroep vir vrou)	136	3,74	1,06	111	4,34	0,80	0,0001**
V68 (vrou te emosioneel onstabiel)	137	3,33	1,06	109	4,25	0,78	0,0001**
V98 (polisiëring te manlik vir vrou)	137	3,07	1,02	111	3,55	0,83	0,0001**

* = $p \leq 0,05$
** = $p \leq 0,01$

Uit Tabel 45 blyk dit dat mans se houding van dié van vroue verskil aangesien daar betekenisvolle verskille ten opsigte van al vier die items voorgekom het. H_1 word dus ondersteun.

'n Uiteensetting van die respondente se response word vervolgens aangebied:

- Item 1 (v45) - mans se gemiddelde respons lê tussen "neutraal" en "stem nie saam nie", terwyl vroue "nie saamgestem" het met die stelling nie.

- Item 15 (V59) - mans se gemiddelde respons lê tussen "neutraal" en "stem nie saam nie", terwyl vroue "nie saamgestem" het met die stelling nie.

- Item 24 (V68) - mans was "neutraal" teenoor hierdie stelling, terwyl vroue "nie saamgestem" het met die stelling nie.

- Item 54 (98) - mans was "neutraal" teenoor hierdie stelling, terwyl vroue "nie saamgestem" het met die stelling nie.

Die bevindings kan met die geslagsrolle wat in die samelewing geld in verband gebring word. Geslagsrolle bepaal in 'n groot mate watter handelinge van mans en vroue in die samelewing verwag word. Hierdie verwagtinge is ter sprake in sowel die huishouding as in beroepe. In sommige gevalle word daar benewens beroepsverantwoordelikhede ook huishoudelike pligte, wat volgens tradisionele geslagsrolle aan die vroue toegewys word, as vroue se verantwoordelikheid beskou. Mans word ondanks die emansipasie van die vrou steeds verantwoordelik gehou vir die sogenaamde manlike take in die huishouding en binne die werksomgewing. Ongeag daarvan dat vroue op verskillende vlakke as die gelykes van mans en selfs as hulle meerderes binne beroepsverband beskou word, spandeer hulle tuis en binne beroepsverband oor die algemeen meer tyd aan huishoudelike take as mans (Baron & Byrne, 1997:182). Hierdie tweeledige rol van vroue word deur die bevinding ondersteun.

Ten opsigte van die bevinding kan gemeld word dat die sosialistiese feministe postuleer dat lede binne die huishoudelike sisteem meestal gewoond raak aan en afhanklik word van die man se inkomste en die vrou se vrywillige vervulling van huishoudelike pligte. Deur die eeue word hierdie verwagting in stand gehou deur sosialisering. Hierdie toedrag van sake het daartoe gelei dat 'n universele ideologie ontwikkel het, naamlik dat die verdeling van arbeid in die gesin of werkplek 'n normale, natuurlike en aanvaarbare praktyk is. Die onderdrukking van vroue, soos dit teenswoordig daar uitsien, het dus 'n aanvaarde funksie van die kapitalisme geword. Martin en Jurik (1996:26) meen dat hierdie ideologie vroue meestal beperk tot die uitvoer van huishoudelike pligte en hulle uitsluit van sogenaamde "manswerk" soos polisiëring. Hiervolgens moet vroue eerder huishoudelike pligte verrig aangesien dit van hulle verwag word. Dit strook dus met die manlike respondente se houding in die onderhawige studie.

Tajfel (1981:256) meld in aansluiting hierby dat die mens daagliks aan 'n groot hoeveelheid stimuli blootgestel word, derhalwe moet 'n mens jou sosiale wêreld vereenvoudig deur middel van kategorisering. Spesifieke konstrukte word van kleins af in spesifieke kategorieë geplaas en die mens dink nie sommer weer anders daaroor nie aangesien dit die mens se sosiale konteks te kompleks sal maak. Dit beteken dat indien die vrou en wat van haar verwag word in 'n spesifieke kategorie geplaas word, dit volgens die SIT 'n proses is wat redelik permanent en afgehandel is vir die man en andersom. Mans kategoriseer dus vroeg in hulle lewe tot watter groep 'n vrou behoort en wat van haar verwag word binne sowel die huishouding as die beroepswêreld. Wetlike voorskrifte wat mans verplig om vroue as gelykes in hulle domein toe te laat, kan onsekerheid ervaar omdat hulle sosialisering en sosiale voorbeeld nie noodwendig hiermee strook nie. Volgens die sosiale rolleteorie van Alice Eagly gebruik die meeste mense bewustelik en onbewustelik 'n volwasse man as hulle

verwysingsraamwerk wanneer sosiale rolle vervul word. Dit is veral ter sprake in 'n tradisioneel manlike beroep soos polisiëring. In die verband meld Horowitz en Bordens (1995:214) dat die stereotipe siening van 'n volwasse en bedrewe persoon, simbolies dié van 'n volwasse en bedrewe man en nie van 'n vrou is nie. Die mans wat aan die studie deelgeneem het, gebruik moontlik steeds hierdie verwysingsraamwerk as vertrekpunt om 'n polisiebeampte te definieer, terwyl die omgekeerde vir vroue geld.

Ter afsluiting kan gemeld word dat hierdie bevinding buitelandse navorsers se aannames staaf, naamlik dat mans vroue in hokkies (kategorieë) plaas en meestal van vroue verwag om sekere take (bv. huishoudelike take) te verrig wat as vroulik geëtiketteer word. Manlike optrede soos om polisiëring te wil verrig, is hiervolgens onaanneemlik. Vroue wat met mans meeding in hierdie tradisioneel manlike arena oortree 'n kulturele stereotipe, naamlik dat vroue nie aggressief en gehard of taai mag wees nie en nie die vermoë besit om mans in 'n gevaarsituasie te beskerm nie. In vergelyking met mans word vroue as meer emosioneel en selfs emosioneel onstabiel beskou. Hulle is veronderstel om vroulik te wees en moet liefs nie beroepe volg wat tradisioneel manlik is nie. Vroue is hiervolgens meer aangewese om na die gesin om te sien en nie met mans in die beroepswêreld mee te ding nie. Vroue wat wel meeding, word meestal geëtiketteer as vroue wat nie hulle vroulike rol in die samelewing wil nakom nie en gevolglik tradisionele geslagsvoorskrifte oortree (http://www.feminist.org/police/stats.html).

7.1.16 Hipotese 15

Hierdie hipotese postuleer dat betekenisvol meer vroulike as manlike polisiebeamptes van mening is dat daar 'n manlike subkultuur in die SAPD bestaan. Hipotese 15 is getoets met behulp van spesifieke items (geskoei op geïdentifiseerde kenmerke van die subkultuur) in die Persepsie rakende die Vrouepolisiebeampteskaal. 'n Uiteensetting van die bevindings word in Tabel 46 weergegee.

Tabel 46
Wilcoxon-rangsomtoets vir Vergelyking van Geslagte se Gemiddelde Tellings op grond van bepaalde Items in die Persepsie rakende die Vrouepolisiebeampteskaal

	Manlik			Vroulik			
Veranderlike	N	$\overline{X}$	s	N	$\overline{X}$	s	p
V51 (net soveel alkohol soos mans)	136	3,59	1,08	111	3,69	1,12	0,4241
V55 (kru taal maak vrou meer aanvaar-baar)	136	3,78	1,14	111	3,91	1,01	0,5045
V61 (subkultuur is meer manlik)	136	2,65	1,26	110	2,35	1,03	0,0902
V67 (vroue kan ook deel word van die "cop culture")	137	3,84	0,84	109	3,97	0,66	0,3869
V99 (vroue hoef nie een van die "manne" te word nie)	137	3,52	1,02	111	3,77	0,96	0,0612

Uit tabel 46 blyk dit dat daar geen betekenisvolle verskil tussen die houdings van vroue en mans voorgekom het ten opsigte van die manlike aard van die subkultuur in die SAPD nie. Die hipotese word dus nie ondersteun nie.

Hoewel vroue en mans volgens item 17 (V61) "saamgestem" dat die subkultuur manlik van aard is, het hulle volgens item 23 (V67) bevestig dat vroue dieselfde geleenthede as mans het om deel van die sogenaamde "police cop culture" te word. Aangesien mans meer as 80% van die SAPD uitmaak, kan bogenoemde aan die hand hiervan verklaar word. Dit impliseer dat die subkultuur volgens die respondente manlik gedomineerd is omdat mans die grootste persentasie van die SAPD vorm. Vroue het volgens wetgewing die volste reg om aan enige polisieaksie, groep, subkultuur of inisiatief deel te hê. Die feit dat die respondente van mening is dat vroue dieselfde geleenthede as die mans het om deel van hierdie subkultuur te wees staaf die aanname.

In teenstelling met buitelandse studies (Shusta et al., 1995:26; Thibault et al., 1995:24) impliseer die bevindings ten opsigte van items 7 (V51), 11 (V55) en 55 (V99) dat Suid-Afrikaanse polisievroue nie ekstreme handelinge (oormatig alkohol of krutaal gebruik) hoef te gebruik om binne die subkultuur aanvaar te word nie. Hulle het ook nie nodig om "een van die manne" te word om aanvaar te word nie. Dit kan verklaar word aan die hand van Conklin (1998:439) se siening dat polisiebeamptes *per se* en nie mans of vroue leer hoe om take as polisiebeamptes te verrig nie. Hoewel polisiesubkulture van area tot area en Diens/Mag tot Diens/Mag kan verskil, het dit waarde omdat dit bydra tot konformiteit en outoriteit wanneer met die groter gemeenskap onderhandel word, terwyl spesifieke eie waardes soos om die

polisiebeampte se beeld ten alle koste te beskerm algemeen geld en bydra tot positiewe identiteitsvorming. Binne die subkultuur ontwikkel persepsies van wie as kollegas beskou kan word, wie die publiek is (ons en hulle) en hoe gepolisieer moet word. Verskeie navorsers verwys na hierdie kenmerk van die subkultuur as die werkpersoonlikheid van die polisiebeampte (Barkan,1997:26; Thibault et al., 1995:28). Skeiding tussen die publiek en polisiebeamptes (ons vs. hulle) is dus hier in 'n groter mate ter sprake as tussen polisiebeamptes onderling. Dit verklaar moontlik waarom mans en vroue volgens V67 deel kan word van die subkultuur in die SAPD.

Hierdie "nuwe" beroepspersoonlikheid van polisiebeamptes (mans en vroue) kan volgens Tamber (1967:98) toegeskryf word aan die neiging onder polisiebeamptes om hulle te isoleer van die publiek en sodoende hulle funksionering meer draaglik te maak. Dit bied ook aan hulle die ruimte om self 'n waarde-oordeel oor 'n persoon te vorm. Sowel die gevaar van polisiebeamptes se werk as die gemeenskap se vyandigheid teenoor hulle dra daartoe by dat die subkultuur 'n "mentaliteit" van onbetrokkenheid voorskryf. Aanvaarding van die beroepspersoonlikheid beteken ook selfaanvaarding as 'n polisiebeampte en die instandhouding van 'n polisie-identiteit wat geslagblind is (Barkan, 1997:466; Champion & Rush, 1997:72; Conklin, 1998: 439).

Die rol van die moderne polisiebeampte wat veronderstel is om vry van subkultuur-beïnvloeding of enige ander invloede te wees, is dus hier ter sprake. Skynbaar het die veranderinge wat na 1994 in SAPD geïmplementeer is reeds 'n effek op die tradisionele manlike subkultuur gehad aangesien 'n nuwe beroepspersoonlikheid, naamlik probleem-oplosser oftewel gemeenskapspolisiëringsbeampte die lig gesien het. Hierdie beroeps-persoonlikheid het die plek van 'n geharde manlike beroepspersoonlikheid vervang (Stevens & Yach, 1995:9; Van Rooyen,1995:22). Dit is waarskynlik ook een van die redes waarom respondente aangedui het dat vroue deel van die subkultuur kan word sonder om gedragsveranderings of -aanpassings te maak.

7.1.17 Hipotese 16 en 16.1

Hipotese 16 postuleer dat betekenisvol meer vrouepolisiebeamptes as mans van mening sal wees dat vroue vroulik voorkom as hulle 'n uniform dra. Hipotese 16.1 berus op die aanname dat betekenisvol meer vrouepolisiebeamptes as mans van mening is dat hulle hul sensitiwiteit moet prysgee om te kan byhou ("cope"). Hierdie hipoteses is aan die hand van twee items in Persepsie rakende die Vrouepolisiebeampteskaal getoets. Item 2 (V46) stel dat vroue in uniform vroulik bly, terwyl item 9 (V53) postuleer dat vroue hulle sensitiwiteit moet

prysgee om met die uitdagings van die polisiediens tred te hou. In Tabel 45 word die bevindings aangebied.

Tabel 47
Wilcoxon-rangsomtoets vir Vergelyking van Geslagte se Gemiddelde Tellings op grond van bepaalde Items in die Persepsie rakende die Vrouepolisiebeampteskaal

	Manlik			Vroulik			
Veranderlike	N	$\bar{X}$	s	N	$\bar{X}$	s	p
V46 (vroue in uniform bly vroulik)	136	3,30	1,07	111	3,74	1,05	0,0006**
V53 (moet sensitiwiteit prysgee)	136	3,12	1,16	111	3,70	1,02	0,0001**

* = $p \leq 0,05$
** = $p \leq 0,01$

Uit Tabel 47 blyk dit dat daar 'n betekenisvolle verskil tussen die persepsies van vroue en mans ten opsigte van hipotese 16 voorkom. Mans was "neutraal", terwyl vroue "saamgestem" het. Hipotese 16 word dus ondersteun. Hipotese 16.1 word nie ondersteun nie aangesien die vrouerespondente "nie saamgestem" het met die aanname nie.

- **Hipotese 16**

Ten opsigte van hipotese 16 kan geredeneer word dat die veranderinge wat na demokratisering in 1994 plaasgevind het, die vrouepolisiebeampte se "oorlewing" en vooruitgang bevorder. In die verband kan gemeld word dat daar met die aanvanklike aanstelling van vroue in die SAPD 'n spesifieke romp, baadjie, bloes, pet, skoene, handsak en handskoene voorgeskryf is wat hulle moes dra. Hierdie drag was onprakties vir polisiëring (Polisie-doedies bêre handskoene, 1990:2). Aangesien algemene kleredrag in die Westerse samelewing toenemend ontwerp word om aan gemaksvoorskrifte te voldoen en nie om 'n spesifieke geslag aan te dui nie, kon hierdie benadering 'n invloed op vroue se persepsie van hulle huidige uniforms gehad het. Die uniforms wat teenswoordig deur vroue in die SAPD gedra word, is gebaseer op die uniforms wat mans dra en is ontwerp om die uitvoering van die polisiëringstaak te vergemaklik. Die simboliese manlike karakter word egter hierdeur in stand gehou (Martin & Jurik, 1996:87). Die afleiding wat gemaak kan word, is dat die ontwerp van die klere vroue aanmoedig om met die etiket "polisiebeampte" te identifiseer en nie soseer met die van "polisievrou" nie. Deur die uniform te dra, gee die vrou nie haar vroulikheid prys nie, maar sien haarself as 'n polisiebeampte wat 'n taak moet uitvoer en nie as 'n vrou wat 'n manlike uniform moet dra nie. Toekomstige studies behoort die verband tussen uniformontwerp en die vestiging van 'n persoonlike en groepsidentiteit binne die SAPD onder die loep neem.

- **Hipotese 16.1**

Die vroue se houding dat hulle nie hulle sensitiwiteit moet prysgee om die vereistes wat polisiëring stel na te kom nie, hou waarskynlik verband met Bezuidenhout en Theron (2000:28) se aanname dat die omgewing, tipe polisiëringstake asook die eenheid waarin diens gedoen word 'n rol speel ten opsigte van hoe die vrou haar vroulikheid kan uitleef. Tracy-Stratton (1985:317) sluit hierby aan deur te postuleer dat vroue soms hulle sensitiwiteit en vroulikheid moet prysgee om met die uitdagings van polisiëring tred te hou.

Die bevinding in die onderhawige studie, naamlik dat vroue nie hulle sensitiwiteit hoef prys te gee om by die verwagtinge van polisiëring aan te pas nie, strook ook met Tajfel (1981) se postulaat dat diegene wie se sosiale posisie sodanig verbeter het na onder andere verandering (demokratisering in SA) hulleself in terme van die sosiale aksiestrategie "voice" omskryf. Volgens Tajfel (1981:289) kan hierdie strategie as 'n sosiale of groepaksie gesien word waarmee 'n groep op kollektiewe wyse begin om hulle verbeterde posisie uit te dra en selfs nog verder te verbeter. Hulle begin dus kollektief dink en poog om hulle groep op te hef.

Vrouepolisiebeamptes wat pogings aanwend om die vrou se rol in die polisie te verbeter en hulleself beskou as 'n unieke groep wat nie onderdanig is of teen gediskrimineer sal word nie, maak gebruik van hierdie strategie. Sodoende word die groep se sosiale identiteit bevorder. Dit kan selfs daartoe lei dat die gevoel by groeplede ontwikkel dat hulle meerderwaardig teenoor die bestaande in-groep (in die geval manlike polisiebeamptes) is. Indien dit gebeur, sal sommige vrouepolisiebeamptes aanvaar dat hulle net so goed en selfs beter polisiebeamptes as mans is. Hulle vroulikheid is dus net so aanvaarbaar in polisiëring as manlikheid. Gevolglik hoef hulle nie hulle vroulikheid prys te gee om tred te hou met die verwagtinge van polisiëring nie. Hierdie strategie hou ook verband met die radikale feministe se siening dat vroue moet fokus op bewustheidsontwikkeling om hulle posisie in die samelewing te verbeter. Hierdie bewustheidsontwikkeling het waarskynlik onder vroue in die SAPD begin posvat en kon 'n invloed op die bevinding gehad het. Dit kan ook in verband gebring word met die postmodernistiese feministe wat aanvoer dat kollektiewe optrede en onderhandeling met die opponerende groep mettertyd tot verbetering in 'n groep se eie posisie aanleiding kan gee en dat tipiese eienskappe soos vroulikheid nie meer die fokuspunt word nie. In die lig hiervan word die afleiding gemaak dat vrouepolisiebeamptes se sosiale identiteit in so 'n mate ontwikkel en verbeter het, dat hulle die sensitiewe aard van vroulikheid as fundamenteel tot hulle polisiëringsrol beskou.

7.1.18 Hipotese 17 en 17.1

Hipotese 17 postuleer dat betekenisvol meer vroulike as manlike polisiebeamptes van mening is dat daar teen vroue gediskrimineer word in die SAPD, terwyl hipotese 17.1 stel dat betekenisvol meer vroulike as manlike polisiebeamptes van mening is dat vroue aan seksuele teistering blootgestel word in die SAPD. Hierdie hipoteses is met behulp van items in die Persepsie rakende die Vrouepolisiebeampteskaal getoets. Item 3 (V47) is gebruik om hipotese 17 te toets, terwyl hipotese 17.1 getoets is met behulp van item 20 (V64). Die resultate word in Tabel 48 weergegee.

Tabel 48
Wilcoxon-rangsomtoets vir Vergelyking van Geslagte se Gemiddelde Tellings op grond van bepaalde Items in die Persepsie rakende die Vrouepolisiebeampteskaal

	Manlik			Vroulik			
Veranderlike	N	$\overline{X}$	s	N	$\overline{X}$	s	p
V47 (gediskrimineer teen vroue)	136	3,62	1,23	110	2,97	1,06	0,0001**
V64 (seksuele diskriminasie teen vroue)	136	3,32	1,23	111	2,93	1,06	0,0062**

* = $p \leq 0,05$
** = $p \leq 0,01$

Hipotese 17 word ondersteun aangesien daar 'n betekenisvolle verskil tussen mans en vroue voorkom rakende seksuele teistering. Mans het "nie saamgestem" met hierdie stelling nie, terwyl vroue "saamgestem" het. Aangesien die mans "neutraal" was en die vroue "saamgestem" het met die stelling dat vroue aan seksuele diskriminasie blootgestel word, word hipotese 17.1 ook ondersteun. Moontlike verklarings vir dié bevindings geniet vervolgens aandag.

- **Hipotese 17**

Die rede waarom vroue ondanks die grootskaalse verandering in die SAPD van mening is dat daar teen hulle gediskrimineer word, kan moontlik toegeskryf word aan die tradisionele sienings van mans dat polisiewerk fisieke krag vereis. Hierdie aspek word in baie gevalle steeds as kriteria gebruik waaraan effektiewe polisiëring gemeet word. In Afdeling D van die vraelys het verskeie (43) manlike polisiebeamptes vroue se gebrek aan fisieke krag vermeld as 'n rede waarom vroue nie volwaardige polisiebeamptes kan wees nie. Derhalwe bestaan die moontlikheid dat daar teen vroue gediskrimineer word op grond daarvan dat hulle nie oor "genoegsame" fisieke krag beskik om polisiëringstake soos manlike eweknieë uit te voer nie. Hierdie "neutrale" houding van die mans kan in verband gebring word met die

geslagsteoretici se siening wat postuleer dat manlike kriteria meestal in 'n manlik gedomineerde instansie geld. Mayhall et al. (1995:130) bevestig hierdie aanname deur daarop te wys dat die meeste polisie-organisasies hoofsaaklik op die fisieke aspek van polisiëring fokus. Die temas wat gewoonlik van belang is, is selfverdediging, fisieke vermoëns, wapengebruik, voertuighantering (bestuurvaardighede), eerstehulp, polisie-prosedures en strafreg. Die fisieke aspek van polisiëring geniet ook deurlopend aandag sodra polisiebeamptes na opleiding begin veldwerk doen. Hoewel die gemiddelde polisiebeampte minder as 20% van sy of haar tyd aan polisiëringstake spandeer wat groot fisieke uitdagings bied en vaardighede in selfverdediging, fiksheid, wapengebruik, voertuighantering (bestuurvaardighede) en eerstehulp verlang, geld dit steeds as een van die belangrikste gronde waarop daar teen vroue gediskrimineer word. Ongeag bewyse dat vroue net so goed in polisiëring as mans vaar, word daar steeds teen vroue gediskrimineer op hierdie terrein.

Hierdie bevinding kan teoreties in verband gebring word met die geslagsrolle wat voorgeskryf word en die siening dat vroue dikwels 'n bedreiging vir mans is wanneer hulle die manlike domein betree (SIT) (verbeterde posisie van vroue). Die enigste aspek waarop mans teenswoordig kan terugval wanneer hulle domein bedreig word, is hulle fisieke krag. Hierdie vermoë dien dan as 'n verdedigingsmeganisme om hulle identiteit te beskerm. Diegene wat negatief teenoor vrouepolisiebeamptes is op grond van hulle fisieke vermoëns voer dikwels aan dat vroue nie "ware" polisiewerk kan doen nie en dat diegene (bv. owerhede) wat nuwe rolle voorskryf en verandering inisieer, nie weet wat polisiëring werklik behels nie. Mans ervaar waarskynlik onsekerheid in die nuwe bedeling (Barkan, 1997:492) en moet derhalwe hulle identiteit in stand hou (Tajfel, 1981). As gevolg hiervan kan 'n neutrale houding vertoon word omdat dit die bedreiging wat direkte konfrontasie kan meebring (bv. erken dat die vrou is net so goed of beter), afweer. Aangesien neutraliteit nie noodwendig aanvaarding beteken nie (Babbie, 1990:348-350), kan dit verklaar waarom vrouepolisiebeamptes van mening is dat hulle aan diskriminerende praktyke blootgestel word, wanneer hulle aangespreek word as "liefie", "poppie" en "my meisietjie". In die toekoms kan die aard en redes vir hierdie negatiewe houding onder vroue ondersoek word.

- **Hipotese 17.1**

Die bevinding ten opsigte van seksuele diskriminasie strook met buitelandse navorsingsbevindings (Champion & Rush, 1997:151) wat daarop dui dat die seksuele teistering van vroue in die polisie 'n daaglikse verskynsel is. Ten spyte van die deurbraak wat die feminisme gemaak het om gelyke beroepsgeleenthede vir vroue moontlik te maak, word

hierdie gelykheid afgetakel deur blootstelling aan seksuele teistering. Verskeie outeurs (Barkan, 1997:492; Grennan, 1993:173; Koss et al., 1994:133; Shusta et al., 1995:47; Thibault et al., 1995:269) bevestig dan ook dat vrouepolisiebeamptes, net soos ander vroue wat beroepe beoefen, deur hulle manlike eweknieë seksueel geteister word. Die omvang van die seksuele teistering waaraan vrouepolisiebeamptes blootgestel word, is kommerwekkend wanneer in ag geneem word dat meer as 90% polisievroue hieraan blootgestel word (http://www.feminist.org/police/stats.html). Die rede wat hiervoor aangebied word, is dat wetstoepassingsagente steeds grootliks manlik gedomineerd is en dat vroue deur seksuele teistering "in hulle plek" gehou word. Die manlike karakter en die "macho"-beeld van die polisie word as die oorsaak van seksuele teistering voorgehou aangesien manlike polisiebeamptes hulle identiteit in 'n groot mate in stand hou deur vrouekollegas onder andere seksueel te teister en sodoende hulle ondergeskikte posisie beklemtoon. Navorsingsbevindings (http://www. feminist.org/police/stats.html) ondersteun hierdie stelling en toon dat seksuele teistering 'n intrarasseverskynsel is aangesien mans veral hulle manlikheid en dominansie aan die vroue van hulle eie rasgroep wil bewys. Die SAPD is hoofsaaklik manlik gedomineerd derhalwe kan die bevinding in verband gebring word met die redes wat hierbo aangebied word.

Bestaande bevindings toon dat ongeag die demokratisering van die polisie, vroulike polisiebeamptes se effektiewe taakverrigting gedwarsboom kan word deur dubbelstandaarde wat ten opsigte van vrouepolisiebeamptes gehandhaaf word. Een van die belangrikste wyses waarop hierdie dubbelstandaarde geopenbaar word, is deur vroue enersyds as kollegas te erken en om hulle andersyds aan seksuele teistering in die werksituasie bloot te stel (Barkan, 1997:492; Shusta et al., 1995:27; Thibault et al., 1995:41; Tracy-Sratton, 1986:307).

Verdere navorsing in verband met die aard, omvang en voorkoming van seksuele teistering in die SAPD is nodig.

7.1.19 Hipotese 18 en 18.1

In hipotese 18 word gepostuleer dat onderoffisiere betekenisvol meer negatief teenoor die rol van vroue in die SAPD is, as offisiere. Met hipotese 18.1 is die aanname getoets of manlike onderoffisiere betekenisvol meer negatief teenoor die rol van vrouepolisiebeamptes in die SAPD is as manlike offisiere. Ten einde hierdie aannames te toets, is 'n spesifieke GLM prosedure vir ANOVA gebruik. Die rede hiervoor is dat verskeie kategorieë wat ongebalanseerd is, met mekaar vergelyk moes word. Die bevindings word in Tabelle 49 en 50 weergegee.

Tabel 49
GLM Prosedure van ANOVA vir die Vergelyking van Range se Gemiddelde Tellings met behulp van Persepsie rakende die Vrouepolisiebeampteskaal

Rang	N	$\overline{X}$	s	p
Onderoffisier	180	3,48	0,42	
Offisier	58	3,53	0,44	0,7100

Tabel 50
GLM Prosedure van ANOVA vir die Vergelyking van Geslagte en Range se Gemiddelde Tellings met behulp van Persepsie rakende die Vrouepolisiebeampteskaal

	Manlik			Vroulik		
Rang	N	$\overline{X}$	s	N	$\overline{X}$	s
Onderoffisier	104	3,29	0,39	76	3,74	0,31
Offisier	31	3,39	0,45	27	3,69	0,37

Nota: Die interaksie tussen rang en geslag is met behulp van die Persepsie rakende die Vroue-polisiebeampteskaal getoets, maar geen beduidende bevinding (p = 0,1883) is tussen onderoffisiere en offisiere by sowel mans as vroue gevind nie. Die p waarde ten opsigte van die geslagte is egter betekenisvol (p = 0,0001**). Hierdie bevinding ondersteun die bevinding in Tabel 23 ten opsigte van hipotese 1, naamlik dat manlike polisiebeamptes se houding teenoor die rol van die vroue-polisiebeampte in die SAPD betekenisvol (p = 0,0001**) van dié van vroue verskil.

- **Hipotese 18**

Uit tabel 49 blyk dit dat daar nie 'n betekenisvolle verskil tussen die persepsies van onderoffisiere en offisiere is nie. Die hipotese word derhalwe nie ondersteun nie.

Volgens die SIT is dit te wagte dat twee groepe wat negatief teenoor of in kompetisie met mekaar staan meestal vyandig teenoor mekaar sal wees. Ongeag die feit dat onderoffisiere meestal in noue kontak met mekaar is en redelik geïsoleerd van die offisiere funksioneer is die twee groepe se persepsies nie verskillend in die onderhawige studie nie. Twee verklarings kan vir hierdie bevinding aangebied word. Eerstens postuleer die SIT dat indien 'n groep se identiteit nie bedreig word nie, hulle nie volskaalse negatiwiteit teenoor die ander groep sal toon nie. Wanneer daar in ag geneem word dat 88,63% van die SAPD se onderoffisierskorps manlik is en net 11,37% vroulik (Hfst. 2, Tabel 4), kan die afleiding gemaak word dat die mans nie bedreig voel deur hulle vroulike eweknieë nie.

Tweedens word die afleiding gemaak dat manlike en vroulike onderoffisiere in die SAPD hulleself as 'n enkele groep sien (geen betekenisvolle verskil in hulle houding nie - kyk Tabel 50), naamlik diegene wat die organisasie se hooftaak verrig. Binne hierdie konteks behels dit beveiliging van die gemeenskap en misdaadvoorkoming, arrestasie, kommunikasie, algemene lynfunksies soos administrasie asook slagofferbystand. Volgens buitelandse navorsingsbevindings (http://www.geocities.com/~halbrown/bogshrink7.htm; Flowers, 1989: 170; Grennan, 2000:393) is onderoffisiere van albei geslagte meestal meer in kontak met

mekaar op 'n funksionele vlak aangesien hulle byvoorbeeld saam in die aanklagkantoor oftewel die gemeenskapdienssentrum werk. Hulle doen gewoonlik ook saam patrollies of werk saam skofte. Polisiebeamptes van beide geslagte is gevolglik meer bewus van mekaar se rolle en optredes. Aspekte soos fisieke tekortkominge by die vrou in sekere situasies of oorkompensering deur die vrou om deur haar manlike eweknieë aanvaar te word, is dus 'n meer algemene verskynsel by onderoffisiere as by offisiere. Onderoffisiere kan oor die algemeen as die werkerskorps van SAPD beskou word, terwyl offisiere as die middel- en topvlakbestuurders van die organisasie gesien word. Die bestuurskader is dus in 'n mindere mate betrokke by die sogenaamde "donkiewerk" as onderoffisiere. Die eenheidsgevoel (kameraadskap) waarna deur bogenoemde outeurs verwys word, is hier ter sprake ten opsigte van albei geslagte. Bepaalde optredes soos hoe 'n persoon van 'n hoër rang gerespekteer en teenoor opgetree moet word, geld ook by die groep in die algemeen aangesien hulle hulself in terme van een identiteit omskryf, naamlik polisiebeampte (Conklin, 1998:439).

- **Hipotese 18.1**

Ten opsigte van hipotese 18.1 is daar ook nie 'n betekenisvolle verskil gevind nie en word die hipotese nie ondersteun nie. In die lig van die bevinding kan die afleiding gemaak word dat polisiebeamptes in die SAPD in 'n groot mate 'n gemeenskaplike polisie-identiteit aanvaar het en dat faktore soos rang, kwalifikasie of huwelikstatus nie 'n betekenisvolle effek op hierdie identiteit het nie. Offisiere en onderoffisiere handhaaf met ander woorde dieselfde houding in verband met die rol van die vrouepolisiebeampte. Die vrouepolisiebeampte word eerder deur manlike polisiebeamptes in terme van 'n algemene prototipe omskryf. Aangesien manlike onderoffisiere en offisiere se persepsies nie van mekaar verskil nie, maar dat mans as groep se houding teenoor vroue verskil, kan gekoppel word aan die bevinding ten opsigte van hipotese 1. Mans huldig 'n bepaalde persepsie wat deur verskeie aspekte soos biologiese verskille, kultuur, ras, opvoeding, kategorisering, stereotipes, ondervinding en eie oordeel beïnvloed word. Die feit dat mans as groep "neutraal" is teenoor die rol van vrouepolisiebeamptes ondersteun die aanname dat mans ongeag wetgewing en regstellende praktyke nog betekenisvol meer verteenwoordigend as vroue in die SAPD is en dat hulle dominante identiteit nie bedreig of geaffekteer is nie.

7.2 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is bevindings rakende manlike en vroulike polisiebeamptes se houding teenoor die rol van vrouepolisiebeamptes in die SAPD weergegee. Verklarings gegrond op

bestaande navorsing en teoretiese perspektiewe is sover moontlik aangebied om die bevindings toe te lig. In Hoofstuk 8 word die bevindings in verband gebring met die doelwitte wat vir hierdie studie gestel is en word aanbevelings vir verdere navorsing en die implementering van die bevindings gemaak.

8. AANBEVELINGS EN SLOTBESKOUING

Hoewel daar in die buiteland navorsing in verband met die prestasies van vroue-polisiebeamptes onderneem is, bestaan daar nie studies wat die houding van sowel manlike as vroulike polisiebeamptes teenoor die rol van vrouepolisiebeamptes ondersoek het nie. Verwysings na die meeste van hierdie studies beslaan bloot 'n hoofstuk in 'n boek of word in die vorm van 'n navorsingsartikel gedissemineer. Die beperkte omvang van hierdie studies kan nie op alle aspekte van die vrou in polisiëring fokus nie, wat dikwels daartoe bydra dat belangrike aspekte (bv. rigtinggewing d.m.v. teorie) wat fundamenteel tot navorsing is, afgeskeep word. Verder toon die meeste studies wat die afgelope 20 jaar onderneem is, teenstrydige bevindings. Enersyds word daar gerapporteer dat vroue aan ernstige diskriminasie binne die manlike domein van polisiëring blootgestel word en dat hulle nie deur hulle manlike eweknieë aanvaar word nie (Brown & Heidensohn, 2000). Andersyds word gerapporteer dat vroue oor die algemeen goed vaar as polisiebeamptes en veral uitstyg in sekere polisiëringstake soos die ontlont van potensieël gevaarlike situasies, nie oormatige geweld te gebruik nie, beter gemeenskapsverhoudinge opbou en meer effektief as mans optree in die oplos van insidente waar vroue die slagoffers van geweld is (ongeveer 50% van die sake waarvoor 911 in die VSA geskakel word) (http://www.feminist.org/police/ncwpAbout.html).

In die onderhawige studie is gepoog om nie dieselfde foute (bv. geen teoretiese onderbou) as sommige buitelandse navorsers te maak nie. Sleutelkonsepte is operasioneel gedefinieer, terwyl die vrou se historiese posisie in polisiëring vanaf eerste toetrede tot op datum geskets is. Verskeie teoretiese perspektiewe is gebruik om die studie te rig en hierdie teorieë is ook uitgebou deur hulle bruikbaarheid vir die verklaring van houdings teenoor vrouepolisiebeamptes aan te toon. Verskillende feministiese benaderings is gebruik om die vrou se posisie in die samelewing aan te dui, terwyl die sosiale identiteitsteorie van Henri Tajfel aangewend is om identiteitsvorming en prosesse wat te wagte kan wees by die vrou wanneer haar lidmaatskap van 'n beroepgroep deur die man geopponeer word te verklaar. Aspekte uit die geslagrolsteorie is gebruik om geslagsrolvoorskrifte tussen mans en vroue toe te lig en die vrou se tradisionele rol in sowel die huishouding as die werkplek te omskryf. Bogenoemde teorieë is ook krities geëvalueer.

Ten einde die geskikste metodologie vir die navorsing te identifiseer, is verskeie

gesaghebbende metodologieboeke (Babbie, 1990; Bailey, 1994; Heiman, 1996; Huysamen, 1976) bestudeer. Hierbenewens is kundiges in die navorsingsveld gekonsulteer om rigting aan die metodiek wat gevolg is, te bied. Aangesien 'n standaard vraelys nie vir die studie gevind kon word nie, is daar van vooraftoetsing gebruik gemaak ten einde sekere riglyne vir die opstel van 'n vraelys te kon bepaal. Na aanleiding van die vooraftoetsing, eie oordeel en konsultasie met navorsers asook statistici is 'n posvraelys volgens die Likert-metode opgestel. Nadat die nodige loodsstudie gedoen is, is die vraelys gefinaliseer. Statistiese ontleding van die items in die vraelys het volgens sowel die Pearson-produkmoment-korrelasiekoëffisiënt as Spearman se rangorde-korrelasiekoëffisiënt getoon dat die meetinstrument as betroubaar beskou kan word en derhalwe aan die wetenskaplike vereistes vir 'n houdingskaal voldoen. Deur middel van statistiese ontleding van die onderskeie groepe (vroue en mans) se response is bepaal dat hulle wel vergelykbaar is vir navorsingsdoeleindes (mnr. R.J. Grimbeek, Departement Statistiek, Universiteit van Pretoria, persoonlike mededeling, Maart 30, 2000). Hoewel die steekproeftrekkingsmetode aangepas moes word en 'n gewysigde doelgerigte teoretiese steekproeftrekking gebruik is, is die nodige wetenskaplike prosedures (Bailey, 1994:86-104) gevolg om 'n steekproef te trek wat wel die eienskappe van die polisiepopulasie sou vertoon. Verder is gepoog om sover as moontlik afgehandelde studies wat met die onderhawige studie verband hou, te gebruik vir rigtinggewing en hipoteseformulering.

Na aanleiding van die gegewens wat deur middel van die vraelyste ingewin is, die teoretiese onderbou en afgehandelde navorsing word vervolgens aangedui in welke mate daarin geslaag is om die doelwitte van die studie te verwesenlik. Voortspruitend hieruit word aanbevelings gemaak wat toekomstige studies kan rig en aan die SAPD en polisiebeamptes riglyne kan bied om probleme rondom die rol van die vrouepolisiebeampte aan te spreek.

8.1 GEVOLGTREKKING RAKENDE DOELWITBEREIKING EN AANBEVELINGS OM DIE ONDERHAWIGE NAVORSING UIT TE BOU

- **Doelwit 1 en 2**

Die eerste doelstelling was om vas te stel of manlike en vroulike polisiebeamptes se houding teenoor die rol van die vrouepolisiebeampte verskil. Die tweede doelwit is geformuleer om vas te stel wat die aard van die bestaande houdings teenoor vrouepolisiebeamptes is. Uit die bevindings blyk dit dat daar wel 'n betekenisvolle verskil tussen die houdings van mans en vroue voorkom ten opsigte van die rol van die vrouepolisiebeampte. Mans is meestal "neutraal" teenoor die rol van die vrouepolisiebeampte, terwyl vroue oor die algemeen

positief staan teenoor hulle rol. Dit kan daarop dui dat mans óf nog nie ten volle gemaklik is met die rol van die vrouepolisiebeampte nie óf dat hulle die vrou in so 'n mate aanvaar in die SAPD dat hulle die rol van die vrou as 'n gegewe beskou en derhalwe neutraal daarteenoor staan. Opmerkings wat algemeen in Afdeling D (Algemene Kommentaar) van die vraelys gemaak is, is dat vroue nie oor die fisieke vermoëns beskik om effektief as polisiebeamptes te funksioneer nie. Navorsers behoort hierdie aspek in die toekoms deeglik onder die loep neem, veral in die lig van die transformasieproses wat in die SAPD plaasvind en ten opsigte van die wêrelwye veranderde rol van die moderne polisiebeampte. Fisieke krag en aggressie is vereistes wat nie meer algemeen in moderne polisiëring geld en gebruik behoort te word nie. Die belang van hierdie veranderde benadering asook hoe dit die vrouepolisiebeampte in die uitvoering van haar rol as moderne polisiebeampte bevoordeel, kan ondersoek word.

Verder is bevind dat diegene (sowel mans as vroue) wat negatief teenoor die SAPD staan (Algemene Persepsie van Polisiebeampteskaal) ook negatief teenoor die rol van die vrouepolisiebeampte is, terwyl diegene wat positief teenoor die SAPD ingestel is 'n positiewe houding teenoor die vrouepolisiebeampte openbaar. As gevolg van hulle negatiwiteit teenoor die SAPD bestaan die waarskynlikheid dat hulle hul eie rol negatief omskryf en dit hulle persepsie van die vrouepolisiebeampte beïnvloed. Op grond van hierdie bevinding word aanbeveel dat toekomstige opleidingsprogramme so gekonstrueer moet word dat aspekte soos negatiewe gevoelens teenoor die werkplek en die invloed daarvan op medewerkers met meer erns aangespreek word. Dit kan daartoe bydra dat werkers meer positief teenoor hulle werk en kollegas ingestel raak. Verhoogde produktiwiteit en werkstevredenheid kan hieruit voortspruit wat weer 'n positiewe invloed het op die negatiewe houding wat teenoor die SAPD gekoester word. In toekomstige studies moet daar ook in diepte gefokus word op aspekte wat negatiwiteit onder lede veroorsaak en hoe dit aangespreek kan word.

In die lig van die bogenoemde word aanvaar dat sowel doelwit een as twee bereik is.

- **Doelwit 3**

Doelwit 3 is geformuleer om vas te stel of daar 'n polisiesubkultuur in die SAPD bestaan en indien wel, of dit met houdings wat teenoor vrouepolisiebeamptes gekoester word, verband hou. Volgens die navorsingsdeelnemers bestaan daar wel 'n subkultuur in die SAPD wat manlik gedomineerd is. Hierdie sukultuur is egter nie geslote nie en dit bring mee dat vroue ook deel daarvan kan word. Dit blyk dat hierdie subkultuur vir die polisiebeamptes as groep meer betekenis inhou as uitsluitlik vir mans of vroue.

Die subkultuur wat in die SAPD bestaan, bied aan alle lede die moontlikheid om deel daarvan te word. Volgens die bevinding hoef vroue nie van ekstreme handelinge (bv. om meer kru taal te gebruik of meer alkohol as manlike kollegas te drink) gebruik te maak, om deel van hierdie subkultuur te word nie. Hulle lidmaatskap en funksionering hou in 'n groot mate verband met hulle werkpersoonlikheid, naamlik "polisiebeampte".

Hoewel daar nie 'n betekenisvolle verskil tussen mans en vroue se siening oor die bestaan van 'n eksklusiewe polisiesubkultuur bestaan nie, is die ondersoekgroep wel van mening dat die bestaande subkultuur manlik gedomineerd is. Dit hou waarskynlik verband met die onderverteenwoordiging van vroue in die SAPD. Die houding wat teenoor die rol van die vrouepolisiebeampte bestaan, het hiervolgens eerder te make met individue se eie ingesteldheid en persoonlike sienings as met subkulterele voorskrifte rakende die vroue-polisiebeampte. Verdere studie behoort onderneem te word om die impak van die subkultuur op die moderne polisiebeampte se funksionering en persepsies te peil en te bepaal in hoe 'n mate die subkultuur inisiatiewe soos gemeenskapspolisiëring in die wiele kan ry. Buitelandse studies (Watson et al., 1998; Trojanowicz et al., 1998) dui daarop dat die meerderheid "ou generasie" polisiebeamptes gemeenskapspolisiëring met negatiwiteit bejeen. Die polisie-subkultuur word as een van die hoofoorsake hiervoor blameer. Aangesien buitelandse bevindings nie noodwendig na Suid-Afrikaanse omstandighede veralgemeen kan word nie, is dit noodsaaklik dat hierdie aspek binne Suid-Afrikaanse verband nagevors word. 'n Studie ter plaatse sal dus meer duidelikheid rakende die Suid-Afrikaanse konteks bied. Derhalwe behoort al die veranderinge wat demokratisering meegebring het asook die meganismes wat aangewend word om die proses van verandering te monitor, betrek word. Die rede hiervoor is dat demokratisering aangrypende veranderinge aan die polisie se organisasiekultuur meegebring het (Van Rooyen, 1994:160). 'n Ander wyse van "hoe dinge gedoen moet word", is hier ter sprake wat lei tot onsekerheid, verandering van gesindhede en ontwrigting. Meestal is individue nie voorberei of reg vir hierdie verandering nie. Die invloed van verandering op die polisiekultuur en die subkultuur wat daarmee verband hou, behoort dus volledig bestudeer te word.

In die lig van die bevindinge word aanvaar dat doelwit 3 verwesenlik is.

- **Doelwit 4**

Met doelwit 4 is gepoog om vas te stel of mans teen vroue diskrimineer op grond van hulle geslag. Verskeie aannames is getoets soos onder andere dat vroue seksueel geteister word en dat die outoriteit van die vrou genegeer word. Vroue was van mening dat daar wel op

grond van hulle geslag teenoor hulle gediskrimineer word en dat veral seksuele teistering 'n metode is om dit te doen. Mans was van mening dat hulle wel die outoriteit van vroue met 'n hoër rang as hulle respekteer en aan opdragte gehoor gee. Ondanks hierdie aanvaarding van vroue meen die mans dat vroue in sekere situasies bevoordeel word op grond van hulle geslag soos om byvoorbeeld nie skofte te werk nie, terwyl 'n man in dieselfde situasie dit wel moet doen. Vroue was in 'n groter mate as mans van mening dat hulle hul vroulikheid behou as hulle uniforms dra en dat hulle nie hulle sensitiwiteit as vroue hoef prys te gee om te kan polisieer nie. Vroue is ook betekenisvol meer as mans van mening dat hulle spesifieke take beter as mans kan verrig, dat hulle net so bekwaam soos hulle manlike eweknieë is en 'n beter diens aan die publiek lewer as manlike polisiebeamptes.

Indien alle veranderlikes in ag geneem word, wil dit voorkom asof daar in 'n kleiner mate as wat verwag is (buitelandse studies) teen die vrou op grond van haar geslag deur mans gediskrimineer word. Hoewel die afleiding gemaak word dat vroue soms die slagoffers van diskriminasie is, soos onder andere seksuele teistering, wil dit voorkom of vroue geredelik deur mans as polisiebeamptes aanvaar word aangesien mans in die meeste gevalle "neutraal" staan teenoor die spesifieke items in die vraelys wat hierdie aspekte gemeet het. Indien hulle wel negatief teenoor die vrouepolisiebeampte was, kan gepostuleer word dat hulle respons op die items wat hulle houding teenoor die vrou gemeet het, dit sou openbaar.

Die doelwit is op 'n tweeledige wyse verwesentlik. Enersyds diskrimineer mans in sekere situasies teenoor vroue op grond van hulle geslag maar andersyds beskou mans vroue as hulle gelykes en diskrimineer hulle byvoorbeeld nie teen vroue se outoriteit nie. Toekomstige studies behoort aandag te skenk aan die aard en omvang van seksuele teistering in die SAPD en moet ook gebruik maak van meer verteenwoordigende steekproewe. Aangesien seksuele teistering wêreldwyd 'n ernstige probleem is, behoort navorsers nie net die verskynsel te ondersoek nie, maar ook oplossings vir die probleem te soek. Verder moet vasgestel word watter meganismes die SAPD in plek het om die probleem te bekamp en indien nodig, aanbevelings maak oor watter meganismes geïmplementeer moet word om dit te voorkom of dissiplinêr te hanteer. Kwalitatiewe studies oor die verskille tussen getroudes en ongetroudes se persepsies van die rol van die vrouepolisiebeampte sal ook hierdie doelwit beter toelig en aspekte soos die impak wat polisiebeamptes se werk op hulle privaatlewe het aan die lig bring.

Seksuele teistering is 'n praktyk waaraan sommige mans hulle skuldig maak en deur sekere vroue vir persoonlike gewin uitgelok word. Derhalwe is wetgewing in Suid-Afrika op so 'n wyse geformuleer dat geen persoon 'n slagoffer van enige vorm van seksuele teistering hoef

te wees nie. Volgens kommisaris L. Stander, Afdelingskommisaris: Personeeldienste (persoonlike mededeling, Oktober 12, 2000) is daar genoeg meganismes in plek wat verseker dat vroulike en manlike polisiebeamptes nie hoef te swyg wanneer hulle seksueel geteister word nie. Dit beteken dat 'n vrou of man nie hoef in te gee wanneer sekere seksuele gunste van haar of hom verwag word of hy of sy gedreig word met die weerhou van bevordering nie. Die arbeidsverhoudingkomponent van die SAPD het 'n grieweprosedure en indien 'n persoon skuldig bevind word aan seksuele teistering word daar deur middel van hierdie dissiplinêre komponent teen die persoon opgetree. Toekomstige studies kan die effektiwiteit van die bestaande meganismes ondersoek en indien nodig aanbevelings vir verbetering maak.

Hierdie doelwit is verwesenlik aangesien dit aan die lig gebring het dat vroue aan seksuele teistering oftewel diskriminasie op grond van hulle geslag blootgestel word.

- **Doelwit 5**

Hierdie doelwit is geformuleer om vas te stel of bestaande meganismes (bv. regstellende aksiepraktyke) in die SAPD 'n impak op tradisionele houdings van manlike polisiebeamptes teenoor vrouepolisiebeamptes het. Die bevinding dui daarop dat betekenisvol meer mans as vroue van mening is dat strategieë soos onder andere arbeidswetgewing en vaardigheidsontwikkeling vrouepolisiebeamptes bevoordeel. Hoewel die bevinding strydig is met dít wat gepostuleer is, bestaan daar aanduidings dat mans wel 'n sekere mate van aanvaarding vir vroue in die SAPD ontwikkel het. In dié verband wil dit voorkom of strategieë, soos diversiteitsopleiding en veranderingsbestuur manlike beamptes reeds in so 'n mate beïnvloed het dat hulle vroue as essensieel in demokratiese polisiëring beskou. 'n Verdere afleiding wat op grond van die SIT gemaak kan word, is dat mans se aanvaarding van vroue in polisiëring 'n poging is om hulle groepgrense te herdefinieer. Hulle voel waarskynlik bedreig deur die vernuwingsmeganismes, maar hanteer dit psigologies op so 'n wyse dat vroue nie direk gesien word as die persone wat hulle posisie bedreig nie. Sodoende speel mans vir tyd om hulleself weer binne groepkonteks te herdefinieer en mettertyd hulle posisie te verbeter. Aan die hand van die SIT kan die volgende afleiding gemaak word: In die lig van die doelwit wat met demokratisering gestel is, het mans rede om meer onseker as vroue te wees oor die meganismes wat geïmplementeer word om gelykheid in die werkplek te verseker. Die rede hiervoor is dat tradisioneel benadeelde groepe soos vroue nou hoofsaaklik deur hierdie meganismes bevoordeel word. Mans is dus meer bekommerd oor hulle dominante posisie as om hulle tradisionele persepsies en rolle af te dwing.

In die lig van die voorafgaande word aanvaar dat mans bewus is van die meganismes wat daarop gemik is om diskriminasie te elimineer. Hulle besef ook dat dié meganismes ten doel het om tradisionele groepe teen wie voorheen gediskrimineer is te bevoordeel. Doelwit 5 is dus verwesenlik

- **Doelwit 6**

Doelwit 6 is gestel om te bepaal of wit polisiebeamptes se houding teenoor die rol van die vrouepolisiebeampte van dié van swart polisiebeamptes verskil. Geen betekenisvolle verskil tussen die mans uit die verskillende rassegroepe se houding teenoor die rol van vroue-polisiebeamptes het na vore gekom nie. Vroue se houding het wel betekenisvol van dié van mans verskil. Tydens die steekproeftrekking is daar gepoog om genoegsame verteen-woordiging van al die rassegroepe te kry. Verskeie redes soos byvoorbeeld die areas, afdelings en stasies waar polisiebeamptes gestasioneer is, asook algemene onderverteen-woordiging van sekere rasse in die SAPD het dit moeilik gemaak om gelyke verteen-woordiging in die steekproef te kry. Hierdie doelwit is dus nie ten volle verwesentlik nie. Die profiel van die verskillende rasse het 'n invloed op hierdie doelwit gehad. Aangesien die selle in die onderhawige studie nie ewe groot was nie, word aanbeveel dat hierdie doelwit met toekomstige makronavorsing aangevul word ten einde polisiebeamptes van alle rassegroepe landswyd te betrek. Navorsingsinstansies wat navorsing binne die gedragswetenskappe onderneem, kan saam met die SAPD se navorsingskomponent en Universiteitsdepartemente (bv. Kriminologie en Sielkunde) 'n landswye ondersoek loods waarby alle rasse en etniese groepe in die SAPD ingesluit word.

- **Doelwit 7**

Die sewende doelwit was om te bepaal of offisiere se houding rakende die rol van die vroue-polisiebeampte van dié van onderoffisiere verskil. Geen betekenisvolle verskil het tussen die houdings van offisiere en onderoffisiere voorgekom nie. Mans as groep en vroue as groep se houding het betekenisvol verskil.

Hierdie bevindings kan as betekenisvol gesien word aangesien verdere navorsing in hierdie verband van belang is om te bepaal waarom daar nie 'n verandering in houding teenoor die rol van die vrouepolisiebeampte plaasvind sodra 'n polisiebeampte 'n offisier word nie. Daar word toenemend gedesentraliseer in die SAPD en derhalwe word daar meer verant-woordelikheid op middelvlakbestuur geplaas om leiers en bestuurders te wees. Die persepsies van leiers wat hulle mense bestuur, is dus hier ter sprake. Manlike toesighouers

en vroue wat dieselfde bestuursidentiteit as mans ontwikkel se persepsies is veronderstel om sodanig te verander dat hulle mense kan lei en bestuur en nie uitsluitlik mans of vroue nie. 'n Buite-organisasie behoort die aard van sowel offisiers- as onderoffisierskursusse in die era van veranderingsbestuur nader te ondersoek. Deeglike evaluering en monitering van die kursusse is essensieel. Indien nodig kan die nodige aanbevelings gemaak word om die kursusse in lyn met soortgelyke kursusse in die openbare sektor te bring.

Aangesien die houdings tussen offisiere en onderoffisiere met betrekking tot die rol van die vrouepolisiebeampte nie verskil nie is die doelwit nie verwesenlik nie.

- **Doelwit 8**

Hierdie doelwit was om vas te stel of polisiebeamptes wat langer as 10 jaar diens in die polisie het, se houding teenoor die rol van die vrouepolisiebeampte verskil van diegene wat minder as 10 jaar diens het. Geen betekenisvolle verskille het voorgekom nie. Verskeie redes, byvoorbeeld dat daar vir die grootste gedeelte van die 1990's nie amptelike innames in die SAPD was nie en dat daar teenswoordig nie 'n "jong generasie" polisiebeamptes beskikbaar is om aan die navorsing deel te neem nie, is aangevoer as rede waarom verskille nie voorgekom het nie.

Aangesien 'n "jong generasie" (18-25 jaar) nie vir die navorsing beskikbaar was nie word aanbeveel dat hierdie doelwit weer getoets moet word met 'n groter steekproef waarby die jong generasie polisiebeamptes ingesluit word.

Verdere navorsing behoort ook aandag te skenk aan die impak van polisie-opleiding op die houdings van polisiebeamptes aangesien die meeste respondente wat aan die onderhawige studie deelgeneem het, opleiding ondergaan het. Groter steekproewe waarby net soveel onopgeleide polisiebeamptes betrek word, is dus nodig om die houdings van opgeleide met dié van onopgeleide beamptes te vergelyk.

In die lig van die ongelykheid in die groepe is die doelwit nie verwesenlik nie.

- **Doelwit 9**

Doelwit 9 is geformuleer ten einde te bepaal of opvoedkundige kwalifikasie 'n rol speel in die houdings wat teenoor vrouepolisiebeamptes gehuldig word. In sowel die manlike as vroulike polisiebeamptes se geval het daar nie betekenisvolle verskille voorgekom tussen diegene

wat tersiêre opleiding ontvang en diegene wat nie tersiêre opleiding gehad het se houdings ten opsigte van die rol van die vrouepolisiebeampte nie. Aangesien die mans en vroue redelik eweredig verdeel was, kan aanvaar word dat die nie-betekenisvolheid tussen die groepe se houdings 'n akkurate weerspieëling van die respondente se houdings is. Dit wil voorkom of persone se houdings grootliks verband hou met sosialisering (geslagsrolteorieë) asook persoonlike en sosiale identiteit (SIT). Tersiêre opleiding speel volgens hierdie bevinding nie 'n deurslaggewende rol in die houdings van polisiebeamptes rakende die vrouepolisiebeampte se rol nie.

Aangesien daar geen bevindings in die literatuurstudie gevind kon word rakende tersiêre kwalifikasie en die houding teenoor die rol van die vrouepolisiebeampte nie, kan aanvaar word dat daar met hierdie studie in die doel geslaag is. Hoewel daar nie betekenisvolle verskille voorgekom het nie, bied die SIT en geslagsrolteorieë wel verklarings waarom hierdie bevinding gemaak is.

8.2 AANBEVELINGS

Algemene aanbevelings wat voortspruit uit die onderhawige studie geniet vervolgens aandag.

8.2.1 Bestaande wetgewing

Na meer as honderd jaar se wêreldwye pogings van vroue om onderdrukking deur mans te beëindig, kan vroue in Suid-Afrika met redelike sekerheid aanvaar dat bestaande wetgewing hulle sedert 1994 in alle opsigte beskerm teen diskriminasie op grond van geslag. In hierdie verband het oudpresident Nelson Mandela op 21 Maart 2001 (Menseregtedag) benadruk dat daar nooit weer in Suid-Afrika teen mense gediskrimineer sal word nie en dat seksisme en rassisme nooit weer in Suid-Afrika geduld sal word nie (Oprah-geselsprogram, e tv, 21 Maart 2001).

Suid-Afrika staan ook bekend as die land met die beste Grondwet in die wêreld aangesien alle mense se regte op gelyke vlak beskerm word. "*Die Nuwe Wet op Arbeidsverhoudinge*" wat gedurende 1995 gepromulgeer is (Van Jaarsveld et al., 1999:29), gee ingevolge artikel 27 van die Grondwet uitvoering aan die fundamentele regte van alle mense en reguleer dit ook. Die doel van hierdie wet is om enige vorm van diskriminasie aan die hand van spesifieke wetgewing aan te spreek (May, 2000:48-49). Wette wat hier ter sprake is, sluit onder andere die volgende in:

- Wet op Arbeidsverhoudinge (Wet 66 van 1995).

- Wet op Basiese Diensvoorwaardes (Wet 75 van 1997).

- Wet op Vaardigheidsontwikkeling (Wet 97 van 1998).

- Wet op Billike Werksgeleenthede (Wet 55 van 1998).

Hierdie wette het ten doel om alle groepe (soos vroue) teen wie voorheen gediskrimineer is, gelyke geleenthede te bied in die arbeidsmark. Indien daar op **enige** manier teen 'n vrou gediskrimineer word, maak die wette voorsiening dat stappe teen die oortredende party, hetsy 'n organisasie of 'n individu, geneem kan word. Tydraamwerke is ook aan werkgewers in sowel die staatsdiens as openbare sektor gestel om hierdie wette en die meganismes om die wette werkbaar te maak, te implementeer. Dit beteken dat geen individu teenswoordig enige vorm van diskriminasie hoef te verdra nie. Benewens die wetlike prosedures wat in werking gestel is om diegene teen wie voorheen gediskrimineer is groter verteenwoordiging in die arbeidsmark te gee, is inisiatiewe soos regstellende praktyke oftewel gelykheids-beplanning ("Equity Planning") ook geïmplementeer. Hierdeur word aan persone soos vroue teen wie daar voorheen gediskrimineer is, voorkeur gegee om in geadverteerde of nuwe poste aangestel te word.

Navorsers behoort die impak van hierdie proses te bestudeer. Aspekte wat aangespreek kan word, sluit onder andere in om die effektiwiteit van die wetlike voorskrifte te meet, houdings wat hieroor bestaan na te vors en te bepaal hoe diegene wat probleme met die veranderinge ondervind, geakkommodeer kan word.

8.2.2 Regstellende aksiepraktyke

Die hoofdoel met regstellende aksie oftewel gelykheidsbeplanning "is to ensure that the SAPS has the *right numbers* of personnel, with the *right competencies* in the *right places*" (South African Police Service, 1996:5). Verder word daar in die Polisie se beleidsdokument rakende regstellende aksie benadruk dat gepoog moet word om alle diskriminasie in die SAPD uit te wis. Tans is dit die SAPD se oogmerk om hulle samestelling op alle vlakke verteenwoordigend van die populasiesamestelling, van Suid-Afrika te maak

Die volgende teikens, kwotas en tydraamwerke is gestel om regstelling ten opsigte van ras en geslag te verseker. Die SAPD se strewe was volgens die bestaande dokument om 50%

swart persone op bestuursvlak en 30% vroue op middel- en seniorbestuurvlak aangestel te hê teen die jaar 2000. In die dokument word die aanname gemaak dat hierdie doelwitte haalbaar is en dat daarna gestrewe moet word om die Polisiediens verteenwoordigend van die populasiesamestelling volgens die 1996 Nasionale Sensusopname te maak. Hierdie doelwitte is egter nog nie bereik nie (kyk Tabelle 3 en 4 in Hfst. 2). Hoewel vroue meer as 50% van die Suid-Afrikaanse populasie uitmaak is hulle verteenwoordiging in die SAPD steeds minder as 20% van die polisiepopulasie. Volgens buitelandse navorsers (http://www.feminist.org/police/ncwpAbout.html) sal hierdie doelwit moeilik bereik word. Strukture en bestaande meganismes sal dus hersien moet word alvorens hierdie doelwitte bereik sal kan word. Die onderhawige studie kan as vertrekpunt gebruik word vir verdere navorsing om te bepaal of 'n polisiediens wat uit 50% vroue bestaan, haalbaar is.

'n Aspek wat hier ter sprake is, is "tokenism" (kentekens of oëverblindery) oftewel die gebruik om mense aan te stel bloot omdat die wetgewer dit vereis en omdat kwotas en teikendatums bereik moet word. Heidensohn en Brown (2000:77) waarsku teen hierdie gebruik en maak die aanname dat sodra die getalle van die onderverteenwoordigde groep kunsmatig vermeerder word, sonder dat die aanstellings behoorlik deurdag is, vroue inderwaarheid verder benadeel sal word. Aanstellings wat sonder die nodige motivering en verdienste gedoen word, bring mee dat die verhoudinge tussen die dominante groep en die "kentekengroep" vertroebel word. In die verband toon Wertsch (1998:23-61) se navorsing dat indien vroue in die minderheid óf die meerderheid binne 'n tradisioneel manlike beroepsveld is daar teen hulle gediskrimineer word. Die verklarings wat hiervoor aangebied word, is dat die diskriminasie deur mans gewoonlik geregverdig word deur die argument dat die vroue slegs as "kentekens" aangestel is en nie omdat hulle oor die bekwaamheid beskik om spesifieke poste te vul nie. Indien mans na die toepassing van regstellende praktyke in die minderheid is, word hulle diskriminerende gedrag ook toenemend meer. Een van die redes hiervoor is dat hulle met hierdie optrede poog om die gevoel van verlies aan beheer te herstel. Hulle poog dus om toegang tot die kantien of ander organisatoriese instellings te behou deur dit as eksklusief manlik te definieer. Navorsers (Wertsch, 1998:23-61) het bevind dat diskriminasie en teistering tussen die geslagte die minste is wanneer daar 'n gelyke verspreiding ten opsigte van hulle getalle is.

Hoewel Suid-Afrika teenswoordig een van die lande met die hoogste persentasie vroue-polisiebeamptes is, is vroue steeds onderverteenwoordig. Hierdie probleem, wat 'n wêreldwye probleem is, behoort aangespreek te word. Navorsers behoort dus vas te stel hoe die probleem oorbrug kan word. Die onderhawige studie bied onder meer 'n oplossing vir die probleem. Die rol van die vrouepolisiebeamptes moet geherdefinieer word aangesien rigiede

rolomskrywings daartoe kan bydra dat vroue nie geredelik deur die polisie in diens geneem en tot bestuursposte toegelaat sal word nie. Die ideaal is dat daar 50% mans en 50% vroue in die polisie moet wees. In Suid-Afrika is dit egter moeilik haalbaar aangesien ras en etniese diversiteit ook in gedagte gehou moet word. Toekomstige studies kan die haalbaarheid van gelyke verteenwoordiging ten opsigte van geslag asook rasse en etniese verhoudings vasstel.

Ten einde die probleem met kwotas te oorkom, kan nuwe werwings- en opleidingsinisiatiewe ontwikkel en aangewend word. Vervolgens sal hieraan aandag geskenk word.

8.2.3 Werwing, opleiding en indiensopleiding

Polisiëring het wêreldwyd drasties verander sedert Europese lande en die VSA hulle wette gewysig het om die regsplegingberoepe meer toeganklik vir vroue te maak. Volgens Martin en Jurik (1996:53) is verskeie Polisiedepartemente in die VSA byvoorbeeld gedurende die 1970's gedagvaar omdat hulle traag was om die stipulasies van die regstellende wetgewing (bv. die "Equal Opportunity Act of 1972") na te kom. Hierdie probleem is opgelos deur middel van spesiale werwingsinisiatiewe, veranderde opleidingstandaarde en gereelde indiens-opleiding.

Aangesien regstellende-aksies teenswoordig in Suid-Afrika onderneem word, kan soortgelyke inisiatiewe gevolg word. Daar kan egter ook uit ander lande se foute geleer word, soos om nie oordrewe streng toelatingsvereistes te stel ten opsigte van ouderdom, lengte, gewig, vaardigheid, fisieke vermoëns, keuringskriteria en toelatingseksamens nie. Werwingsinisiatiewe kan aangepas en werwingsbeamptes spesiaal opgelei word om werwing volgens 'n standaardkriteria, wat vooroordeel sal uitskakel, te onderneem. 'n Probleem wat moeilik uit die weg geruim word, is die neiging van opgeleide beamptes om aspirant polisiebeamptes steeds volgens kwaliteite, standaarde en attribute te keur wat met manlikheid geassosieer word (bv. atletiese vermoëns en fisieke krag). In die lig hiervan is dit duidelik dat keuringstandaarde so aangepas moet word dat 'n persoon se geslag en ras nie 'n diskwalifiserende faktor is nie. Ter stawing hiervan meld Shusta et al. (1995:68) dat slegs een uit elke vier aanstellings in die toekoms 'n wit man sal wees.

In Suid-Afrika is die nodige wetgewing (May, 2000:48-49) reeds in plek om nie dieselfde foute as buitelandse polisie-instellings te maak nie. Verder word alle instansies in Suid-Afrika aangemoedig om volgens 'n prestasiebestuurmodel te werk. Dit beteken dat individue op grond van hulle vaardigheid, prestasie en vermoëns beoordeel word vir bevordering,

verhoging, of om personeel addisioneel te kompenseer vir uitstaande bydraes en doelwitte wat bereik is. Prestasiebestuur kan slegs nut vir alle personeellede hê as hulle inkoop in die proses en indien die organisasie personeellede op so 'n wyse bestuur dat sowel die organisasie, as die personeel voordeel uit die prestasiebestuurmodel trek. Die opleiding van bestuurders is veral van belang ten einde hulle te bemagtig om hierdie proses te kan dryf. Indien dit nie korrek bestuur word nie, kan ongeruimdhede ten opsigte van bevordering of prestasietoekenning voorkom. Dit kan aanleiding gee tot ontevredenheid, onprofessionele diens en swak produksie

Indien lede nie 'n sekere aspek van hulle werk effektief kan uitvoer nie, moet hulle toepaslike indiensopleiding ontvang om hulle vermoëns te ontwikkel. 'n Deeglike behoeftebepaling moet op 'n gereelde basis deur toesighouers gedoen word om te bepaal waar leemtes is en hoe dit aangespreek kan word. Deurlopende monitering is ook essensieel om vas te stel of individue die nodige vordering maak. Toesighouers en hoofde moet op 'n soortgelyke wyse poog om hulle eie potensiaal te verbeter. Duidelike oogmerke van wat en wanneer dit bereik wil word, is dus fundamenteel tot hierdie proses. Verder is dit van belang dat meetbare uitsette en uitkomste vir hierdie oogmerke gestel word. Hierdie inisiatiewe moet sodanig ontwikkel word dat elke individu maksimaal daarby sal baat. Dit sal daartoe lei dat die SAPD uitnemende dienste kan lewer en oor gemotiveerde werkers sal beskik. Regstellende aksie en vaardigheidsontwikkeling het nie bloot ten doel om manlike polisiebeamptes met vroue te vervang nie, maar om elke individu deur 'n volgehoue proses ten volle te ontwikkel en maksimaal te benut.

Die "geharde polisieman"-benadering (reaktiewe polisiëring) moet plek maak vir 'n diensleweringbenadering asook pro-aktiewe polisiëring. Die moderne polisiebeampte is 'n persoon wat deur middel van deurlopende opleiding en ontwikkeling daarna moet streef om die veranderde rol van die polisiebeampte ten volle te kan uitleef. Dit impliseer dat geslag of ras nie 'n kriteria vir polisiëring is nie, maar eerder bekwaamheid. In die moderne polisiediens moet vroue dieselfde geleenthede en in sommige gevalle selfs beter geleenthede as mans gebied word om hulleself as volwaardige polisiebeamptes te vestig en te bewys.

Tydens basiese en indiensopleiding moet diegene wat probleme ondervind om vroue as volwaardige polisiebeamptes te aanvaar en as sodanig te hanteer, aan sensiterings-programme blootgestel word. Dit kan daartoe bydra dat negatiewe gevoelens, ideologieë en houdings rondom geslagsrolvoorskrifte en die vrou se rol in moderne polisiëring geneutraliseer word. Deurlopende hoëvlakaankondigings kan meewerk dat negatiewe

gevoelens uit die weg geruim word en aandui dat die topbestuur van die polisie in voeling is met die behoeftes van sowel manlike as vroulike polisiebeamptes. Dit is veral van belang aangesien 'n groot aantal polisievroue op 'n stadium in hulle loopbaan byvoorbeeld swanger gaan word. Volgens Martin en Jurik (1996:53) is swangerskap en gebrek aan fisieke krag (biologiese attribute), ongeag wetlike bepalings, steeds die algemeenste gronde waarop mans teen vroue diskrimineer en vroue laat voel dat hulle nie sogenaamde "manswerk" kan doen nie.

Ongeag wetlike voorskrifte dat diskriminasie nie op grond van geslag of ras mag plaasvind nie, moet dit steeds te wagte wees. In die voorafstudie (Bezuidehout & Theron, 2000) is hierdie aanname bevestig. Pagon en Lobnikar (1996) se studie (http://www.ncjrs.org/unojust/policing/rea641.htm) het aan die lig gebring dat vroue wat by die polisie aansluit positief is oor polisiëring, aangesien hulle van mening is dat dit 'n diverse beroep is wat geleenthede bied om onder andere met mense te werk, die gemeenskap te dien en geleentheid tot persoonlike groei bied. Die meeste van hierdie vroue het egter na hulle opleiding aangedui dat hulle ontnugter en sinies was oor 'n beroep in die polisie. Die rede wat hulle hiervoor aanvoer, is dat die opleiding militaristies van aard is en nie verband hou met die beroepsvervulling wat hulle geantisipeer het nie. Dié probleem kan oorbrug word tydens die werwing van vrouepolisiebeamptes en deur gedurende hulle opleiding meer te fokus op diversiteit, die sosiale dimensies van polisiëring en die geleentheid om persoonlik te groei. 'n Positiewe opleidingservaring sal ook tot 'n meer positiewe houding teenoor die rol van die vrou in die polisie bydra.

Manlike opleidingsbeamptes wat nog nie hulle vooroordeel teenoor die vrou (subkultuur) verwerk het nie, moet sensiteringskursusse deurloop, aangesien vroue wat waarskynlik goed sal vaar in ander polisiëringstake soos konflikoplossing en slagofferondersteuning negatief deur die mans se houding beïnvloed kan word. Dit kan weer 'n nadelige uitwerking op hulle polisiëringstaak hê. Muro (1980:101) benadruk dat die moontlikheid bestaan dat 'n vrou wat nie goed in een aspek van die werk vaar nie (bv. fisieke optrede in 'n gevaarlike situasie) moontlik beter diens in 'n ander faset van die werk sal kan lewer. In die verband meld sy dat sommige opleidingsinstansies hulle vereistes hersien het aangesien die vereistes vir fisieke krag nie meer verband hou met die uitdagings wat aan die moderne polisiebeampte gestel word nie. Polisie-opleidingsinstansies fokus meer op diversiteit, aangesien sowel manlike as vroulike polisiebeamptes bepaalde rolle het om ten opsigte van diversiteit te vervul. Opleiding moet derhalwe op so 'n manier gestruktureer word dat die legio uitdagings wat die moderne polisiebeampte konfronteer, aangespreek word. Tradisionele opleidingskriteria het meegebring dat vroue voorheen nie aan al die vereistes kon voldoen nie. Deur die kwaliteit

van opleiding te verbeter, sal vroue se sogenaamde ontnugtering of siniese ingesteldheid na opleiding in 'n groot mate uitgewis kan word. Dit sal weer bydra tot die bevordering van die polisievrou se selfbeeld. Opleiding moet dus aangepas word om te verseker dat die spesifieke behoeftes en eienskappe van vroue geakkommodeer word (http://www.ncjrs.org/unojust/policing/rea641.htm). In samehang hiermee moet 'n "oop" bevorderingstelsel deur die SAPD aanvaar word. Gereelde assessering en aanpassing van hierdie stelsel is fundamenteel tot die werksbevrediging en motivering van beamptes. Sodanige stelsel sal mettertyd historiese "filters" soos seksisme asook formele en informele beheermeganismes om vroue in 'n onderdrukte posisie te hou, neutraliseer.

Die vrae wat uit die voorafgaande voortspruit, is: Wat kan vroue teen diskriminasie doen?, Wat kan vroue wat steeds onderverteenwoordig is doen om hulle persoonlike en sosiale identiteit te ontwikkel?, Wat kan vroue doen om hulleself te beskerm teen diskriminasie?

'n Antwoord op die bogenoemde vrae is om een nasionale gekoördineerde inisiatief in die lewe te roep. In die VSA is die National Center for Woman and Policing gestig. Hierdie sentrum inisieer nasionale projekte, navorsingsprogramme en allerlei aksies om die vrou in die polisie op te hef en met vaardighede te bemagtig om professioneel te kan polisieer. Plaaslik sou so 'n sentrum ook kan meehelp om vrouepolisiebeamptes te bemagtig vir beter polisiëring. Verder moet vrouepolisiebeamptes ingelig word met betrekking tot amptelike prosedures of kanale wat gevolg kan word wanneer hulle diskriminasie ervaar asook hoe vroue meer selfgeldend kan wees in die tradisioneel manlike domein van die SAPD.

8.2.4 Amptelike prosedures

Verskeie amptelike prosedures en organisasies soos vakbonde bestaan in die werkplek om persone te beskerm. In die SAPD kan lede wat vrees dat daar teen hulle gediskrimineer sal word, aansluit by een van twee amptelike vakbonde, naamlik Police and Prison Civil Rights Union (POPCRU) of South African Police Union (SAPU). Vakbonde het ten doel om namens lede te beding vir voordele en op te tree indien daar onregverdige arbeidspraktyke soos diskriminasie voorkom. Verder kan daar volgens arbeidswetgewing bedingings- en statutêre rade en werkplekforums gestig word om na die welsyn van lede om te sien. Kollektiewe bedinging oftewel groepaksies is ook meestal meer effektief as wanneer een persoon om 'n bepaalde voordeel beding soos gelyke mediese voordele en salarisse of onbillike arbeidspraktyk bevraagteken soos nie-bevordering wanneer dit verdien word volgens prestasiebestuurskriteria. Vrouepolisiebeamptes moet dus van hierdie meganismes gebruik maak indien daar onregverdige arbeidspraktyke teen hulle gepleeg word.

8.2.5 Sosiale aksiestrategieë

Kollektiewe bedinging hou verband met sosiale optredes en kan in verband gebring word met die oorlewingstrategie "voice" wat deur Henri Tajfel (1981) geïdentifiseer is. Hierdie strategie kan as 'n sosiale of groepaksie gesien word waartydens 'n groep kollektief poog om hulle groep op te hef. Indien vroue saamstaan en as't ware hulle stem dik maak teenoor 'n ander mededingende groep ten einde bepaalde seggenskap of 'n beter sosiale posisie te bekom, word daar van "voice" gebruik gemaak.

Sodra vroue kollektief begin optree en daarvan bewus is dat hulle deur die Konstitusie en verskeie wette beskerm word, sal hulle, as 'n verenigde groep, hulle identiteit bevorder. Dit kan daartoe lei dat 'n gevoel ontwikkel waar groeplede selfs 'n meerderwaardige houding teenoor die bestaande in-groep (in die geval manlike polisiebeamptes) ontwikkel. Wanneer dit gebeur, sal sommige vrouepolisiebeamptes aanvaar dat hulle net so goed en selfs beter polisiebeamptes as mans is. Hierdie strategie hou ook verband met die radikale feministe se siening, naamlik dat vroue moet fokus op bewustheidsontwikkeling om hulle posisie in die samelewing en veral in die arbeidsmark te verbeter (kyk afd. 3.1.3). Dit kan ook in verband gebring word met die postmodernistiese feministe wat aanvoer dat kollektiewe optrede en onderhandeling wenslik is as 'n groep poog om hulle posisie in die samelewing te verbeter (kyk afd. 3.1.7). Verder dui navorsing (Baron & Byrne, 1997:182) in die verband daarop dat vroue meestal versoek word om take te verrig wat deur die gemeenskap aan hulle geslag gekoppel word soos huishoudelike take (bv. teemaak) of administratiewe werk (bv. neem van 'n notule wat as 'n vroulike taak beskou word). Indien aan vroue te kenne gegee word dat hulle geslag die hoofrede is waarom hierdie take aan hulle opgedra word, evalueer hulle hulleself as minder bekwaam. Hierteenoor ontwikkel hulle 'n positiewe selfsiening wanneer spesifieke take aan hulle toegewys word op grond van meriete en die bydrae wat dit lewer. In hierdie gevalle evalueer hulle hulself positief en as bekwame werkers. Dit kan meehelp dat hulle makliker sal saamstaan en van "voice" gebruik sal maak. Manlike polisiebeamptes moet poog om hulle vroulike eweknieë as gelykes te hanteer. Om aan te neem dat vroue graag die notule wil neem, is 'n vorm van diskriminasie wat gebaseer is op stereotipe geslagsrolle. Take soos om 'n notule af te neem, kan op 'n roteerbasis gedoen word sodat vroue nie voel dat daar teen hulle gediskrimineer word nie. Vroue moet ook aangemoedig word om meer gereeld patrollievoertuie te bestuur. Die implikasie is dat alle polisiebeamptes die geleentheid moet kry om meer divers in hulle rol te wees en vaardighede aan te leer wat hulle as 'n bedreiging of moeilik beskou.

Vier veranderlikes moet in gedagte gehou word alvorens vroue van "voice" gebruik wil maak, naamlik:

- Bestaan daar 'n moontlikheid vir sosiale mobiliteit of opwaartse beweging?

- Hoe duidelik is die groep wat as die uit-groep behandel word se grensomskrywings?

- Hoe geldig of bereikbaar is die waargenome nuwe alternatief wat nagestreef sal word?

- Hoeveel sekerheid (is dit die beste opsie) bestaan daar rondom die waargenome alternatief ? (Brown, 1986:562; Tajfel, 1981:298).

In die lig van demokratisering en die feit dat spesifieke wette gepromulgeer is om groepe soos vroue teen wie voorheen gediskrimineer is op te hef, is die tyd ryp vir vroue-polisiebeamptes om van "voice" gebruik te maak. Enige kollektiewe of wetlike aksies wat aangewend word om tot die vrouepolisiebeampte se opheffing by te dra, is dus hier ter sprake. Die probleem is egter dat vroue nie altyd geneë is om "voice" te gebruik nie. Hierdie onvermoë om saam te staan, word deur Martin en Jurik (1996:97) se aanname gestaaf, naamlik dat vroue gewoonlik nie kollektiewe pogings in die werkplek aanwend om hulle posisie te verbeter nie. In die verband waarsku Heidensohn en Brown (2000:17) dat vroue "not only have a lower sense of self-efficacy than policemen but also assume that their male counterparts perceive this to be so". Ten einde hierdie persepsie te voorkom of uit te wis, moet vroue saamstaan en 'n kollektiewe identiteit ontwikkel as polisiebeamptes. Verder meld bogenoemde outeurs dat vroue wat selfgeldend is gewoonlik nie-tradisionele beroepe soos polisiëring nastreef en dat die korrekte opleiding en leiding aan hierdie vroue gebied moet word. Die rede hiervoor is dat hulle net so effektief as manlike polisiebeamptes kan wees, maar dat hulle as gevolg van bogenoemde persepsie en onsekerhede dikwels nie optimaal funksioneer nie.

Tajfel (1981:291) meen verder dat die magtigste vorm van groepopheffing deur middel van voorbeeld geskied. Vroue in Suid-Afrika, en meer spesifiek polisievroue, wat probleme in die werkplek ervaar, moet dus nie wag dat iets gebeur om hulle posisie te verbeter nie, maar moet saamstaan en as 'n groep optree om hulle sosiale identiteit as polisiebeamptes te bevorder. Vroue moet derhalwe verantwoordelikheid vir hulleself neem en poog om deur middel van sosiale aksiestrategieë hulle rol en belangrikheid binne die SAPD te omlyn. Sosiale aksiestrategieë is veral in Suid-Afrika wenslik om die volgende redes:

- Vroue is seker van hulle groepgrense asook hulle status en belangrikheid as groep in die samelewing.

- Die in-groep (mans se dominante mag) kan as onwettig beskou word.

- Mans is volgens die Konstitusie nie meer die dominante mag soos in die verlede nie (patriargale stelsel).

- Die in-groep se mag is vaag of onseker (die grense of impak van mans se mag asook die houvas daarvan raak diffuus) (Brown, 1986:562).

Die vraag wat hieruit voortvloei, is: Hoe kan vroue as 'n eenheid funksioneer? Aangesien die polisie 'n landwye organisasie is, is dit moeilik om alle vroue gelyktydig te betrek om hulle in te lig in verband met kollektiewe aksies of watter veranderinge plaasgevind het. Spesifieke strategieë kan gebruik word om hierdie probleem te oorkom. Vervolgens word 'n aantal van hierdie strategieë kortliks bespreek en ook aanbeveel vir toepassing deur vrouepolisie-beamptes.

- **Opvoedkundige veldtogte**

Hierdie veldtogte het ten doel om beleidmakers en die publiek te betrek deur middel van toesprake. Hulle word ingelig ten opsigte van wat vroue bereik het in die SAPD en watter voordele dit vir die polisie-organisasie inhou om die aantal vrouepolisiebeamptes te vermeerder. Vroue word tydig ingelig en gemotiveer om hierdie opvoedkundige veldtogte by te woon aangesien hulle teenwoordigheid op kollektiewe optrede dui. Volgens 'n internetartikel (http://www.feminist.org/police/copgap.html) is hierdie veldtogte suksesvol en dra dit by tot die ontwikkeling van vrouepolisiebeamptes se sosiale identiteit.

- **Innoverende leierskapsopleiding, konferensies en werkwinkels**

Die National Center for Woman and Policing inisieer en borg verskeie plaaslike en nasionale inisiatiewe ten einde vrouepolisiebeamptes se vaardighede te ontwikkel. Innoverende leierskapsopleidingseminare waarby lede uit die privaatsektor betrek word, is 'n voorbeeld hiervan. Die doel met hierdie inisiatiewe is om vrouepolisiebeamptes in kontak met mekaar te bring, hulle 'n kollektiewe identiteit te laat kweek en hulle vaardighede te ontwikkel.

Die Bemagtiging van Vroue in die Magte-seminaar, met die tema "Women in the Forces:

Reality or Myth" was 'n inisiatief van die Technikon Suider-Afrika in samewerking met die verskillende verdedigingsmagte soos die SAPD en die Suid-Afrikaanse Nasionale Lug- en Weermag. Die doel van die seminar was om vroue in die magte by mekaar uit te bring ten einde aspekte rondom hulle beroep in tradisioneel manlike domeine te deel. Soos in hoofstuk 4 vermeld, is daar tydens die seminaar gerapporteer oor fasette van die onderhawige studie. Hierdie tipe seminare behoort meer gereeld aangebied te word. Dit is ook wenslik dat 'n organisasie soos die National Center for Woman and Policing gestig word om hierdie seminare en werkwinkels te reël. 'n Inisiatief wat hieruit kan voortvloei, is die vestiging van 'n netwerk onder vroue in die SAPD.

- **Netwerk en leiding deur ander polisiebeamptes**

'n Netwerk onder vrouepolisiebeamptes sal daartoe bydra dat inisiatiewe rondom die vrou en suksesverhale soos byvoorbeeld 'n hofsaak wat gewen is ten opsigte van seksuele teistering algemeen bekend gemaak word. Navorsingsbevindings rondom vrouepolisiebeamptes (soos die onderhawige studie) kan op Intra-/Internet aan polisiebeamptes beskikbaar gestel word. Die National Center for Woman and Policing rapporteer nie net navorsingsbevindings op hulle webwerf nie, maar ook wat die implikasie is van te min vroue in die polisie, wat die aard van die diskriminasie teenoor vroue in die polisie behels en wat onnodige aggressiewe optrede deur veral manlike polisiebeamptes die belastingbetaler per jaar kos. Verder word aspekte soos die kostes aan hofsake weergegee ten opsigte van seksuele teistering, uitbetalings wat deur individue gemaak word as gevolg van teistering en diskriminasie of uitbetalings deur organisasies wat nie uitvoering gee aan wetlike voorskrifte, soos om 'n bepaalde kwota vroue in 'n afdeling aan te stel nie (http://www.feminist.org/police/copgap.html).

Ondersteuningsnetwerke kan gestig word om bystand te verleen aan vroue wat dit moeilik vind om aan te pas in sekere afdelings. Die International Association of Women Police wat in New York City gestasioneer is, getuig van die behoefte aan en behoefte om kollektiewe bestaansreg te kry as vrouepolisiebeamptes (Schmalleger, 1999:257). Hierdie inisiatiewe sal daartoe bydra dat vroue se groepidentiteit verbeter en dat hulle nie bedank ("exit") as hulle ongelukkig in 'n pos is nie. Dit is veral van belang aangesien buitelandse studies (http://www.feminist.org/police/copgap.html) daarop dui dat vrouepolisiebeamptes eerder bedank as om voortdurende diskriminasie te ervaar. Dit is kontra-produktief om die aantal vrouepolisiebeamptes te probeer vermeerder, terwyl die personeelomset van vroue uitermate hoog is. Toekomstige studies kan hierdie probleem onder die loep neem ten einde vas te stel wat die aard daarvan in die SAPD is en, indien nodig, maatreëls in werking te stel

om dit te voorkom.

Verder kan vroue in middel- en topbestuur nuweling vrouepolisiebeamptes of vroue wat probleme in 'n afdeling ervaar, ondersteun. Hierdie bestuurders tree dan as tutors op en poog om nie net 'n voorbeeld vir ander te wees nie, maar om ander vroue gemaklik met hulle werkomgewing te maak. Schmalleger (1999:257) wat na dié tutors as mentors verwys, meen dat hulle 'n semi-formele verhouding met nuweling vrouepolisiebeamptes moet ontwikkel en hulle deur voorbeeld kan lei. Sodoende kan toesighouers ingelig word oor wat die aard van die vrouepolisiebeampte se probleme is en watter aksies geneem kan word om dit reg te stel.

- **Inisiatiewe om vroue optimaal aan te wend**

Ofskoon daar sedert vroue se toelating tot polisiëring gepropageer word dat hulle slegs in spesifieke poste aangewend moet word soos slagofferondersteuning, administrasie en waar hulle konflikontlonting moet doen, het verskeie studies (http://www.feminist.org/police/copgap.html) getoon dat vrouepolisiebeamptes enige polisiëringstake net so bekwaam soos mans kan uitvoer. Verder word benadruk dat vroue minder geneig is om onnodige geweld te gebruik en dat hulle gewoonlik beter gemeenskapsverhoudinge as hulle manlike eweknieë opbou. Ongeag hierdie vermoëns word vroue steeds anders as mans aangewend. Mans word gewoonlik vir misdaadondersoek gebruik, terwyl vroue in gemeenskapdienssentrums aangewend of vir patrolliewerk gebruik word. Dit dra by tot stagnasie. Vroue wat belangstel moet die geleentheid gebied word om ook aan misdaadondersoeke deel te neem. 'n Rotasiestelsel kan geïmplementeer word om vrouepolisiebeamptes ten volle op te lei om hierdie werk op 'n bekwame wyse te hanteer. Hierdie benadering pas ook aan by gemeenskapspolisiëring, naamlik dat polisiebeamptes oor die vaardighede moet beskik om enige probleem te kan hanteer. Verskeie studies (Schmalleger, 1999:257) dui daarop dat vrouepolisiebeamptes meestal onproduktief aangewend word. Dit beteken dat daar toenemend gepoog moet word om sowel vroue as mans op so 'n wyse op te lei dat hulle optimaal as bekwame moderne polisiebeamptes kan funksioneer. Periodieke monitering deur toesighouers is dus essensieel om te verseker dat vroue nie onproduktief aangewend word nie en om aan alle polisiebeamptes gelyke geleenthede te bied om hulle vaardighede op enige gebied te ontwikkel.

- **Teoretiese aannames rakende die verbetering van die vrouepolisiebeampte se posisie**

Op grond van die teorieë wat in Hoofstuk 3 bespreek is, word 'n aantal aanbevelings geïdentifiseer. Die **SIT** asook die **geslagsrolteorie** is reeds in die voorafgaande gedeelte geïnkorporeer. Vervolgens word aanbevelings wat uit die ander teorieë voortvloei uiteengesit:

Volgens die **liberale feministe** moet seksisme (toeken van 'n minderwaardige rol op grond van geslag) op alle vlakke in die samelewing uitgewis word. Dit kan gedoen word deur die mobilisering van bestaande politieke en wetlike kanale wat geskep word om verandering te bewerkstellig. Dit is veral van belang dat nie-seksistiese wetgewing aanvaar en dat houdingsverandering op 'n aktiewe wyse gepropageer moet word. Verder is die verandering van houdings noodsaaklik aangesien dit tot sosiale verandering sal lei. Sodoende kan voorkom word dat mans en vroue op 'n rigiede wyse gesosialiseer word om gekomparte-mentaliseerde geslagsrolle te aanvaar. Hierdie toedrag van sake sal vroue in staat stel om dieselfde toegang as mans tot tradisioneel manlike beroepe te hê en om die hoër status te geniet wat dié beroepe bied. Suid-Afrika het reeds hierdie prosesse in plek en sedert 1994 is seksisme nie veronderstel om op enige vlak van die samelewing voor te kom nie. 'n Aspek wat steeds kommer wek, is dat Suid-Afrika as 'n Eerste- en Derdewêreldland beskou word (CEDAW, 1995:3-4). Dit is dus moeilik om tradisionele geslagsrolsosialisering wat in Derde-wêreldgebiede soos die platteland of plakkerskampe voorkom, ongedaan te maak (Hansson & Hofmeyer, 1992:3-10). Ouer- en onderwyserbegeleidingsprogramme kan ontwikkel word om sosialisering in Suid-Afrika ooreenkomstig die Konstitusie se bepalings te laat plaasvind. Indien opvoeding nie in lyn met hierdie voorskrifte plaasvind nie, sal diskriminasie op grond van geslag onverpoosd voortgaan. Die voorafgaande impliseer dat kinders grootgemaak sal word met die idee dat seuns en meisies nie noodwendig verskillende beroepe moet volg nie. Aangesien 'n mens se psigoseksuele identiteit tydens die kinderjare geïnternaliseer word, kan sosialisering wat vry van seksisme en diskriminasie is, meisies in staat stel om sonder huiwering 'n beroep te kies wat tradisioneel as manlik beskou is. Vroue se keuse van polisiëring as 'n beroep asook hoe hulle hulself beoordeel en hoe hulle deur manlike kollegas aanvaar sal word, sal dus geaffekteer word deur die aard van die sosialisering waaraan mans en vroue blootgestel word (Bryson, 1999:9).

Gelyke werkgeleenthede vir sowel vroue as mans moet geskep word. Die **sosialistiese feministe** is van oordeel dat beleid geformuleer moet word om te voorkom dat vroue 'n sogenaamde dubbelskof moet werk. Dit beteken dat vroue wat wel tot die tradisionele

manlike sisteem toegelaat word, nie werkstake en huishoudelike take moet verrig bloot omdat hulle vroue is nie. Verder moet die vrou in die aande na werk deur haar man of lewensmaat bygestaan word met huishoudelike pligte. Sodoende sal die man meehelp dat die vrou ekonomies onafhanklik kan word. Die ideologie rondom mans en vroue se rolle moet dus verander ten einde aan mense die ruimte te bied om hulle volle potensiaal te bereik. Dit impliseer dat konformering aan manlikheid en vroulikheid in die hedendaagse samelewing nie meer dieselfde betekenis moet hê as in die verlede nie (Bartollas, 1997:201; Martin & Jurik, 1996:26; McKay, 1994:355; Rogers, 1998:304; Williams & McShane, 1994:239).

Die **postmodernistiese feministe** is van mening dat die totale wêreldgemeenskap alle fasette wat met vroulikheid te make het, sal moet hersien. Aspekte soos onder andere sosialiseringspatrone, die funksionering van gemeenskapsinstansies, sienings rondom geslagsrolle, identiteitsvorming, groepvorming, rassisme, opvoedkundige kwalifikasie, sosiale klas en geslag moet aandag te geniet. Dit behoort volgens hulle daartoe by te dra dat alle mense gelyke behandeling sal ontvang. Tradisionele sienings en instansies wat vroue as ongeskik vir sekere rolle in die samelewing beskou en as die swakker geslag identifiseer, sal mettertyd teenkanting van vroue kry aangesien hulle kollektief sal optree. Ten einde dit te voorkom, sal alle manlike magsbasisse en sienings jeens vroue as 'n ondergeskikte groep volgens die **Foucaultiese benadering** geneutraliseer moet word. Volgens hierdie aanname is die tyd in Suid-Afrika ryp om alle magsbasisse te neutraliseer en vir onderdrukte groepe om kollektief op te tree indien hulle teenkanting ervaar. Dit sluit aan by die "voice"-strategie van die **SIT**.

8.3 SLOTBESKOUING

Die Polisiewese ervaar daagliks, wêreldwyd kritiek met betrekking tot verskillende aangeleenthede. Die SAPD het meer as 120 000 werknemers derhalwe is dit te wagte dat daar probleme in die funksionering van so 'n groot organisasie sal voorkom. Hierdie studie fokus slegs op 'n enkele aspek, naamlik die rol van die vrouepolisiebeampte in die SAPD. Die meeste vroue in die onderhawige studie is positief oor hulle rol as polisiebeampte en sommige is selfs van mening dat hulle sekere take beter as mans kan verrig. Mans is oor die algemeen akkommoderend teenoor vrouepolisiebeamptes en respekteer hulle outoriteit. Net soos in buitelandse studies word kenmerke soos fisieke krag en wapenhantering, wat tradisioneel met mans geassosieer word, ook deur die mans wat plaaslik aan hierdie studie deelgeneem het, beskou as polisiëringstake waarvoor vroue nie opgewasse is nie.

Die suksesvolle implementering van sosiale verandering (bv. gelyke regte vir vroue) wat teenswoordig behoort plaas te vind, kan deur negatiewe houdings van sommige manlike polisiebeamptes belemmer word. In die lig hiervan kan gepostuleer word dat manlike polisiebeamptes (topbestuur ingesluit) wat die tradisionele houding huldig dat vroue nie oor byvoorbeeld die fisieke vermoë beskik om 'n polisiebeampte te wees nie, die demokratisering van die polisie belemmer asook die houding van rekrute en jong polisiebeamptes negatief kan beïnvloed. Verder kan dit 'n negatiewe invloed hê op die bevordering van sosiale of gemeenskapshoudings teenoor die vrouepolisiebeampte. Indien manlike beamptes nie hulle vroulike eweknieë vertrou nie, sal dit ook vir die gemeenskap moeilik wees om 'n vertrouensverhouding met vrouepolisiebeamptes op te bou. In die lig van die veranderde rol van die polisiebeampte is dit belangrik dat die vrou haar regmatige plek in die polisie sonder teenkanting moet inneem. Ten einde te verseker dat dit gebeur, behoort verskeie aangeleenthede in die samelewing aandag te geniet en moet die Suid-Afrikaanse samelewing alle fasette wat met vroulikheid te make het, hersien. Aspekte soos sosialiseringspatrone, die funksionering van gemeenskapsinstansies, sienings rondom geslagsrolle, identiteitsvorming, groepvorming, rassisme, opvoedkundige kwalifikasies, sosiale klas en geslag moet aandag geniet. Dit behoort daartoe by te dra dat alle persone in diens van die SAPD gelyke behandeling ontvang. Tradisionele sienings en instansies wat vroue as ongeskik vir sekere rolle in die samelewing beskou en as die swakker geslag identifiseer, sal teenkanting van vroue ondervind. Vroupolisiebeamptes sal dus toenemend kollektief begin optree op grond van hulle sosiale identiteit wat verbeter en omdat hulle deur wetgewing beskerm word.

VERWYSINGS

Alderson, J. (1979). *Policing freedom: A commentary on the dilemmas of policing in western democracies.* Estover, Pl: Macdonald & Evans.

Aleem, S. 1991. *Women in Indian police.* New Delhi: Sterling.

Allen, L. & Santrock, J.W. (1993). *Psychology: The contents of behavior.* Madison, WI: Brown & Benchmark.

Allport, G.W. (1954). *The nature of prejudice.* Cambridge: Addison-Wesley.

Amptelike Jaarboek van die Republiek van Suid-Afrika (5de uitg.). (1986). Pretoria: Suid-Afrikaanse Kommunikasiedienste.

Annual Plan of the South African Police Service. (1996/1997). Pretoria: SAPS National Standards and Management Services.

Ainsworth, P.B. (1995). *Psychology and policing in a changing world.* New York: Wiley.

Appel, M. (1982). *Die rol van die vrou in die Suid-Afrikaanse polisie: 'n Kultuurhistoriese oorsig.* Ongepubliseerde uittreksel uit skripsie wat voorgelê is by die Department Afrikaans en Nederlandse Kultuurgeskiedenis aan die Universiteit van Pretoria vir voldoening aan die nagraadse diploma in museumkunde.

Aronson, E. (1995). *The social animal.* New York: W.H. Freeman.

Aronson, E., Wilson, T.D. & Akert, R.M. (1994). *Social psychology: The heart and the mind.* New York: HarperCollins.

Artikel: Susan Oosthuizen. (1990, Januarie/Februarie). *Panorama*, p. 37.

Asian women to join police. (1982, Maart 10). *Citizen*, p. 7.

Asiërvroue in SAP. (1982, Maart 15). *Vaderland*, p. 2.

Babad, E.Y., Birnbaum, M. & Benne, K.D. (1983). *The social self: Group influences on personal identity* (Vol. 144). Beverly Hills: Sage.(Sage library of social research).

Babbie, E. (1990). *Survey research methods* (2nd ed.). Belmont, CA: Wadsworth.

Bailey, K.D. (1994). *Methods of social research* (4th ed). New York: The Free Press

Barkan,S.E. (1997). *Criminology: A sociological understanding.* Upper Sadle River, NJ: Prentice Hall.

Baron, R.A. & Byrne, D. (1987). *Social psychology: Understanding human interaction* (5th ed.). Boston: Allyn & Bacon.

Baron, R.A. & Byrne, D. (1991). *Social psychology: Understanding human interaction* (6th ed.). Boston: Allyn & Bacon.

Baron, R.A. & Byrne, D. (1997). *Social psychology* (8th ed.). Boston: Allyn & Bacon.

Bartollas, C. (1993). *Juvenile delinquency* (3rd ed.). New York: Macmillan.

Bartollas, C. (1997). *Juvenile delinquency* (4th ed.). New York: Macmillan.

Beijing Conference Plan of Action. (1995). *South African women on the road to development, equality and peace*. Johannesburg: Umanyano Media Service.

Bell, D.J. (1982). "Policewomen - myths and reality". *Journal of Police Science and Administration, 10*, 112-120.

Bezuidenhout, C. (1994). *'n Kriminologiese ondersoek na die houdings van homoseksuele slagoffers en nie-slagoffers van anti-gay haatmisdade teenoor die Suid-Afrikaanse polisie en regstelsel*. Ongepubliseerde MA-verhandeling, Universiteit van Pretoria.

Bezuidenhout, C. & Theron, A. (2000). Attitudes of male and female police officers towards the role of female police officers. *Acta Criminologica: South African Journal of Criminology*, *13*(3), 19-31.

Blumer, H. (1969). *Simbolic interactionism: Perspective and method*. Englewood Cliffs, NJ: Prentice Hall.

Böeseken, A.J. (1979). Jan van Riebeeck en sy stigtingswerk: 1877-1884. In A.J.H. Van der Walt, J.A. Wiid, J.A. & A.L. Geyer (Reds.), *Geskiedenis van Suid-Afrika* (3de uitg.). Goodwood: Nasionale Opvoedkundige Uitgewery.

Bouwer, D. (2000). Constitutional Labour Law Rights. *Servamus, 93*, p. 6.

Bradley, A. (1973). And the constable cried when she made her first arrest. *Personality*, pp. 108-111.

Brewer, J.D. (1994). *Black and blue: Policing in South Africa*. Oxford: Claredon.

Brewer, J.D., Guelke, A., Hume, I., Moxon-Browne, E. & Wilford, R. (1988). *The police, public order and the state: Policing in Great Britain, Norhern Ireland, The Irish Republic, The USA, Israel, South Africa and China*. Houndmills: Macmillan.

Brown, R. (1986). *Social psychology: The second edition*. New York: The Free Press.

Brown, R. (1996). Intergroup relations. In M.Hewstone, W. Stroebe & G.M. Stephenson (Eds.), *Introduction to social psychology: An European perspective*. Cambridge, MA: Blackwell.

Brown, S.E., Esbensen, F-A., & Geis, G. (1993). *Criminology: Explaining crime and its context*. Cincinatti, OH: Anderson.

Brown, S.E., Esbensen, F-A., & Geis, G. (1996). *Criminology: Explaining crime and its context* (2nd ed.). Cincinatti, OH: Anderson.

Brown, S.E., Esbensen, F-A., & Geis, G. (1998). *Criminology: Explaining crime and its context* (3rd ed.). Cincinatti, OH: Anderson.

Brown, J. & Heidensohn, F. (2000). *Gender and policing: Comparative perspectives.* New York: St. Martins.

Brown, R. & Lepore, L. (1996). Prejudice. In A.S.R. Manstead & M. Hewstone, M. (Eds.), *The Blackwell encyclopedia of social psychology.* Oxford: Blackwell.

Bryson, V. (1999). *Feminist debates: Issues of theory and political practice.* London: Macmillan.

Bullock, A. & Stallybrass, O. (Eds.). (1977). *The fontana dictionary of modern thought.* London: Fontana/Collins.

Bullough, V.L. (1976). *Sexual variance in society and history.* New York: Wiley.

Champion, D.J. & Rush, G.E. (1997). *Policing in the community.* Upper Saddle River, NJ: Prentice Hall.

Clift, R.E. (1956). *A guide to modern police thinking.* Cincinatti, OH: Anderson.

Coetzee, A. (1996). Ongepubliseerde dokument aan "Director of change management, Office of the National Commissioner", Pretoria.

Conklin, J.E. (1995). *Criminology* (5th ed.). Boston: Allyn & Bacon.

Conklin, J.E. (1998). Criminology (6th ed.). Boston: Allyn & Bacon.

Cox, S.M. (1996). *Police: Practices, perspectives, problems.* Boston: Allyn & Bacon.

Cox, S.M. & Fitzgerald, J.D. (1992). *Police in community relations: Critical issues* (2nd ed.). Dubuque, IA: Wm.C. Brown.

Critchley, T.A. (1972). *The history of the police in England and Wales.* Montclair, NJ: Patterson Smith.

Curren, D.J. & Renzetti, C.M. (1994). *Theories of crime.* Boston: Allyn & Bacon.

Dantzker, M.L. (1995). *Understanding today's police.* Englewood Cliffs, NJ: Prentice Hall.

De Beer, D. (1986, January 24). "We grew up together." *Pretoria News*, p. 9.

De Villiers, M., Smuts, J. & Eksteen, L.C. (1978). *Nasionale Woordeboek: Afrikaanse woordverklaring.* Kaapstad: Nasionale Opvoedkundige Uitgewery.

De Wet, H. (1997). Polisietaal as sosiolek: 'n Sosiolinguistiese perspektief. *Praetor Journal Vaktydskrif, 9*(9), vt3-vt8.

Doise, W. (1986). *Levels of explanation in social psychology: European monographs in social psychology.* Cambridge: Cambridge University Press.

Du Preez, M. (1998). Supt Kotie Potgieter: South Africa's woman of the year 1998. *Servamus, 91*(12), 18

Eagly, A.H. & Chaiken, S. (1993). *The psychology of attitudes*. Forth Worth, TX: Harcourt Brace Jovanovich.

Edwards, T. (1990). Beyond sex and gender: Masculinity, homosexuality and social theory. In J. Hearn & D. Morgan (Eds.), *Men, masculinities & social theory*. London: Unwin Hyman.

Einstadter, W. & Henry, S. (1995). *Criminological theory: An analysis of its underlying assumptions*. New York: Harcourt Brace College Publishers.

Eiser, J.R. (1982). Attitudes and applied research. In P. Stringer (Ed.), *Confronting social issues: Some applications of social psychology* (Vol. 1). London: Academic.

Emsley, C. (1987). *Crime and society in England: 1750 - 1900*. London: Longman.

Emsley, C. (1996). The origins and development of the police. In E. McLaughlin & J. Muncie (Eds.), *Controlling crime: Crime, order and social control*. London: Open University Press.

Engelbrecht, S. (1997). The mounted police: A nostalgic era revived. *Servamus*, *90*(1), 51-53.

Finestone, S. (1970). *The dialectic of sex*. New York: Bantam Books.

First S.A. policewomen start training next year - Gen. Joubert. (1971, November 7). *Sunday Express*, p. 3.

Fiske, S.T. & Morling, B.A. (1996). Categorization. In A.S.R. Manstead & M. Hewstone (Eds.), *The Blackwell encyclopedia of social psychology*. Oxford: Blackwell.

Flowers, R.B. (1987). *Women and criminality: The woman as victim, offender, and practitioner*. New York: Greenwood.

Foley, L.A. (1993). *A psychological view of the legal system*. Madison, WI: Brown & Benchmark.

Fraser, N. (1991). The uses and abuses of French discourse theories for feminist politics. In P. Wexler (Ed.), *Critical theory now*. New York: Falmer.

Gender equality in die SAPS. (1997). Brochure distributed at the *SAPS Gender Equity Seminar*, CSIR, Pretoria.

Germann, A.C., Day, F.D. & Gellati, R.R. (1962). *Introduction to law enforcement*. Springfield, IL: Charles C. Thomas.

Gilbride, P. (1916, December). Policewomen: A criticism. *Nonqui*, p. 446.

Glick, L. (1995). *Criminology*. Boston: Allyn & Bacon.

Gray, G.D. (1916, September). Policewomen. *Nonqui*, p. 270.

Grennan, S.A. (1993). A perspective on women in policing. In R. Muraskin & T. Alleman (Eds.), *It's a crime: Women and justice* (pp. 163-176). Upper Saddle River, NJ: Prentice Hall

Grennan, S.A. (2000). The past, the present, and the future of women in policing. In R. Muraskin, R (Ed.), *It's a crime: Women and justice* (2nd ed.) (pp. 383-398). Upper Saddle River, NJ: Prentice Hall.

Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet 200 van 1993. Pretoria: Staatsdrukker.

Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet 108 van 1996. Pretoria: Staatsdrukker.

Gross, R.D. (1994). *Key studies in psychology* (2nd ed.). London: Hodder & Stoughton.

Hansson, D. & Hofmeyer, B. (1992). *Women's rights: Towards a non-sexist South Africa*. Cape Town: UCT Printing Unit. (Developing Justice Series 7).

Heiman, G.W. (1996). *Basic statistics for the behavioral sciences* (2nd ed). Boston: Houghton Mifflin.

Hewstone, M., Jaspars, J. & Lalljee, M. (1982). Social representations, social attribution and social identity: The intergroup images of "public" and "comprehensive" schoolboys. *European Journal of Social Psychology*, *12*(1-4), 241-269.

Hogg, M.A. (1996). Social identity theory. In A.S.R. Manstead & M. Hewstone (Eds.), *The Blackwell encyclopedia of social psychology*. Oxford: Blackwell.

Holdaway, S. & Parker, S.K. (1998). Policing women police: Uniform patrol, promotion and representation in the CID. *British Journal of Criminology, 38*(1), 40-60.

Holmes, R.M. (1991). *Sex crimes*. Newbury Park, CA: Sage.

Holtzman, Z.L. (1997). Gender equity: A fundamental commitment. Brochure distributed at the *SAPS Gender Equity Seminar*, CSIR, Pretoria.

Homann, G.J. (1987, Julie 3). *Vrouepolisie: Historiese oorsig en hoogtepunte*. Ongepubliseer-de skrywe aan die Kommissaris van Polisie.

Hood, E. (1989). Black woman, white woman: separate paths to liberation. In A. Jagger & P. Rothenberg (Eds.), *Feminist frameworks*. New York: McGraw-Hill.

Horowitz, I.A. & Bordens, K.S. (1995). *Social psychology*. Mountain View, CA: Mayfield.

Howard, J.A. & Hollander, J.A. (1997). *Gendered situations, gendered selves: A gender lens on social psychology*. Thousand Oaks, CA: Sage.

Huisamen, M. (1996). Olga en Brenda. *Servamus*, *89*(1), 26.

Huysamen, G.K. (1976). *Inferensiële statistiek en navorsingsontwerp*. Pretoria: Academica.

Jaar van die polisievrou: "SAP kan nooit weer sonder ons". (1989, Julie 28). *Bylaag tot Die Transvaler*, p. 4.

Jacobs, P. (1987) How female police officers cope with a traditionally male position. *New York Institute of Technology, 72*(1), 4-6.

Jacobsen, J.P. (1994). Sex segregation at work: Trends and predictions. *Social Science Journal*, *31*(2), 153-169.

Janson, E. (1995). Sushila (Sarah) Perumal: Our first female chaplain. *Servamus*, *89*(8), 26-27.

Johnson, D.R. (1981). *American law enforcement: A history*. St. Louis: Forum Press.

Johnson, H.A. (1988). *History of criminal justice*. Cincinatti, OH: Anderson.

Joss, J. (1994). *Careers in the police force* (4th ed.). London: Kogan Page.

Joubert, G.J. (1971, November 6). *Persverklaring in verband met vrouepolisie deur die Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisie - Generaal G.J. Joubert*, pp. 1-3.

Joyce plans to bring homely joys to the SAP. (1991, February 13). *Pretoria News*, p. 2.

Judd, C.M., Smith, E.R. & Kidder, H.L. (1991). *Research methods in social relations* (6th ed) New York: Harcourt Brace Jovanovich.

Kaganas, F. & Murray, C. (1994). Law and women's rights in South Africa: An overview. In C. Murray (Ed.), *Gender and the new South African legal order*. Cape Town: Juta.

Kahn, A.S. (1984). *Social psychology*. Dubuque, IA: Wm. C. Brown.

Klineberg, O. (1968). Prejudice. In *International encyclopedia of the social sciences* (Vol 12). New York: Macmillan.

Koss, M.P., Goodman, L.A., Browne, A., Fitzgerald, L.F., Keita, P.G. & Russo, N.F. (1994). *No safe haven: Male violence against women at home, at work, and in the community.* Washington, DC: American Psychological Association.

Langarm vroulik langer. (1971, November 7). *Rapport*, p. 7.

Levin, M. (1987). *Feminism and freedom*. New Brunswick, NJ: Transaction Books.

Leyens, J-P. & Dardenne, B. (1996). Basic concepts and approaches in social cognition. In M. Hewstone, W. Stroebe & G.M. Stephenson, G.M. (Eds.), *Introduction to social psychology: A European perspective*. Cambridge, MA: Blackwell.

Lobel, S.A. (1993). "Sexuality at work: Where do we go from here". *Journal of Vocational Behavior, 42*, 136-152

Lunneborg, P. W. (1989). *Women police officers: Current career profile*. Springfield, IL: Charles C. Thomas.

Lyman, J.L. (1964). "The Metropolitan Police Act of 1829". *Journal of Criminal Law, Criminology and Police Science*, 55, 141-154.

Maestro, M. (1973). *Cesarre Beccaria and the origins of penal reform.* Philadelphia: Temple University Press.

May, G.E. (2000). The new Public Service management framework: Are our ducks in a row? *Servamus*, *93*(10), 48-49.

Martin, S.E. & Jurik, N.C. (1996). *Doing justice, doing gender: Women in law and criminal justice occupations.* Thousand Oaks, CA: Sage.

Martin, R., Mutchnick, R.J. & Austin, W.T. (1990). *Criminological thought: Pioneers past and present.* New York: Macmillan.

Mathews, M.L., Heymann, P.B. & Mathews, A.S. (1993). *Policing the conflict in South Africa.* Gainesville, FL: University Press of Florida.

Mayhall, P.D., Barker, T. & Hunter, R.D. (1995). *Police community relations and the administration of justice* (4th ed.). Englewood Cliffs, NJ: Prentice Hall.

McKay, V. (1994). Feminism and sociological theory. In N. Romm & M. Sarakinsky (Eds.), *Social theory.* Johannesburg: Lexicon.

McLaughlin, E. (1996). Police, policing and police work. In E. McLaughlin & J. Muncie (Eds.). *Controlling crime: crime, order and social control.* London: Open University Press.

Middlebrook, P.N. (1980). *Social psychology and modern life* (2nd ed.). New York: Alfred A. Knopf.

Millet, K. 1971. *Sexual politics.* London: Sphere.

Moolman, E. (1989, Augustus 3). Sy's baas van die polisiestasie. *Huisgenoot*, pp. 32-33, 35.

Molden, J. (1985, June). Female police officers: Training implications. *Law and Order*, pp.12, 62-63.

Mullik, B.N. (1969). *A philosophy for the police.* Bombay: Allied Publications.

Muro, D.P. (1979). *Police careers for woman.* New York: Julian Messner.

Nel, F. & Bezuidenhout, J. (Reds.). (1995). *Menseregte vir die polisie.* Kaapstad: Juta.

Nel, F. & Bezuidenhout, J. (Reds.). (1997). *Menseregte vir die polisie* (2de uitg.). Kaapstad: Juta.

Newnham, J.K. (1950, November). "Women's angle on crime." *Nonqui*, pp. 1319-1323.

Nieuwoudt, J.M. (1973). *Die invloed van kontak tussen Afrikaans- en Engelssprekende dienspligtiges op hulle houding teenoor mekaar en teenoor die bantoe.* Ongepubliseerde doktorale proefskrif, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria.

Oakley, A. (1978). *Housewife.* London: Allen Lane.

Official South Africa Yearbook (19th ed.). (1993). Pretoria: South African Communication Service.

Philipchalk, R.P. (1995). *Invitation to social psychology*. New York: Harcourt Brace College Publishers.

Pennington, D.C. (1986). *Essential social psychology.* London: Edward Arnold.

Pieters, M. (1995, Oktober 25). 'n Eerste vir vroue in die polisie. *Die Beeld*, pp. xx.

Pienaar, G.P. (1997). *Die voorspelling van opleidingsukses van spoorwegpolisiedames.* Ongepubliseerde MA-verhandeling, Universiteit van Pretoria.

Plug, C., Meyer, W.F., Louw, D.A. & Gouws, L.A. (1987). *Psigologiewoordeboek* (2de uitg.). Johannesburg: McGraw-Hill.

Policewomen (anonymous). (1947, April). *Nonqai*, pp. xxix-xxxi.

Polisie-doedies bêre handskoene. (1990, April 24). *Die Transvaler*, p. 2.

Polisievrou van die jaar: En my pa het eers gelag. (1989, November 1). *Die Beeld*, p. 7.

Potter, J. & Wetherell, M. (1987). *Discourse and social psychology: Beyond attitudes and behaviour*. London: Sage.

Police name first black woman officer. (1991, February 13). *Sowetan*, p. 4.

Profiel: Brig. Duveen Botha. (1985). *Ongepubliseerde inligtingstuk vir uittredeseremonie van Duveen Botha*, pp. 1-16.

Reiner, R. (1992). *The politics of the police* (2nd ed.). New York: Harvester Wheatsheaf.

Reiner, R. (1996). Policing and the police. In M. Maguire, R. Morgan & R. Reiner (Eds.), *The Oxford handbook of criminology*. New York: Oxford University Press.

Remy, J. (1990). Patriarchy and fratriarchy as forms of androcracy. In J. Hearn & D. Morgan (Eds.), *Men, masculinities & social theory*. London: Unwin Hyman.

Roberg, R.R. & Kuykendall, J. (1993). *Police and society.* Belmont, CA: Wadsworth.

Roberts, S. (1996, Mei 30). Skrywe van NASKOM: Seksiehoof - Diensstaatbestuur: Kaptein S. Roberts.

Rodney, D. (1995, December 21). A command that offers challenge. *Pretoria News*, p. 4.

Rogers, M. F. (1998). Clarence Thomas, patriarchal discourse and public/private spheres. *The Sociological Quarterly, 39*(2), 289-308.

Ryan, B. (1992). *Feminism and the women's movement: Dynamics if change in social movement, ideology and activism.* New York: Routledge.

Sabini, J. (1995). *Social psychology.*(2nd ed.). New York: W.W. Norton.

Sampson, E.E. (1991). *Social worlds/ personal lives: An introduction to social psychology.* San Diego: Harcourt Brace Jovanovich.

SAS Institute Inc. (1990). *SAS/STAT User's Guide, Version 6* (4th ed., Vol. 2). Cary, NC: Author.

Schaefer, R.T. (1986). *Sociology* (2nd ed.). New York: McGraw-Hill.

Sherman, L.W. (1992). Attacking crime: Police and crime control. In M. Tonry & N. Morris (Eds.), *Modern policing* (Vol. 15). Chicago: University of Chicago Press.

Shoemaker, D.J. (1996). *Theories of delinquency: An examination of explanations of delinquent behavior* (3rd ed.). New York: Oxford University Press.

Sherif, M. & Sherif, C.W. (1969). *Social psychology.* New York: Harper & Row.

Shusta, R.M., Levine, D.R., Harris, P.R. & Wong, H.Z. (1995). *Multicultural law enforcement: Strategies for peacekeeping in a diverse society.* Englewood Cliffs, NJ: Prentice Hall.

Skolnick, J. (1966). *Justice without trial.* New York: Wiley.

Schmalleger, F. (1999). *Criminal Justice today: An introductory text for the 21st century* (5th ed.). Upper Sadle River, NJ: Prentice Hall.

Smal, J. (1996, Mei 31). Skrywe van die Kommunikasiebeampte: Menslike hulpbronbestuur: Senior Superintendent J. Smal.

Smal, J. (1999, September 1). Skrywe van die Kommunikasiebeampte: Menslike hulpbronbestuur: Senior Superintendent J. Smal.

Smith, D.J. & Gray, J. (1985). *Police and people in London: The PSI report.* London: Gower.

Smith, E.R. & Mackie, D.M. (1995). *Social psychology.* New York: Worth.

Solly, J.F. (1923, November 22). National Council of Women Cape Town branch. Presidential address reprinted from the *S.A. Woman's Weekly.*

Solly, J.F. (1925, December 12). A plea for women police. *The South African Nation*, pp. 1-2.

Soroka, M.P. & Bryjak, G.J. (1995). *Social problems: A world at risk.* Boston: Allyn & Bacon.

South Africa Yearbook (2nd ed.). (1995). Pretoria: South African Communication Service.

South Africa Yearbook. (1996). Pretoria: South African Communication Service.

South African Police Service. (1996, November). *Policy document on affirmative action.* Reproduced Document SAPS.

Stangor, C.G. (1996). Stereotyping. In A.S.R. Manstead & M. Hewstone (Eds.), *The Blackwell encyclopedia of social psychology.* Oxford: Blackwell.

Starr, C.G. (1971). *The ancient Romans.* New York: Oxford University Press.

Stevens, P. & Yach, D.M. (1995). *Gemeenskapspolisiëring in aksie: 'n Handleiding vir praktisyns.* Kaapstad: Creda.

Steyn, J. (1972, Maart 9). Misdadigers sal nou moet pas op vir sagte hande. *Die Hoofstad*, pp. 10-12.

Suid-Afrikaanse Polisie Jaarboek. (1991). Pretoria: Staatsdrukker.

Sullivan, J.L. (1971). *Introduction to police science.* New York: McGraw-Hill.

Swan, R.D. (1988). "The history of American women police". *Women Police*, *22*(2), 10-13.

Tajfel, H. (1978). *Differentiation between social groups: Studies in the social psychology of intergroup relations.* London: Academic Press.

Tajfel, H. (1981). *Human groups and social categories: Studies in social psychology.* Cambridge: Cambridge University Press.

Tajfel, H. (1982). Social psychology of intergroup relations. In M.R. Rosenzweig & L.W. Porter (Eds.), *Annual review of psychology*, *33*, 1-39

Taylor, J. (1996). International Association of Women Police. *Servamus*, *89*(4), 43.

Theron, P. (1982, Maart 12). SAP na 10 jaar trots op sy vroue. *Die Hoofstad*, p. 3.

They're the girls in blue and they're watching over you. (1982, March 6). *Pretoria News*, p. 2.

The United Nations Convention on the Elimination of All Forms of Discrimination Against Women (CEDAW). (1995). *CEDAW in South Africa* (2nd ed.). Johannesburg: Taj Printers.

Thibault, E.A., Lynch, L.M. & McBride, R.B. (1995). Proactive police management (3rd ed.). Englewood Cliffs, NJ: Prentice Hall.

Tonry, M. & Morris, N. (Eds.). (1992). *Modern policing* (Vol. 15). Chicago: University of Chicago Press.

Tracy-Stratton, B. (1986). Integrating women into law enforcement. In J.C. Yuille (Ed.), *Police selection and training: The role of psychology.* Dordrecht: Martinus Nijhoff.

Trojanowicz, R., Kappeler, V. E., Gaines, L.K. & Bucqueroux, B. (1998). *Community policing: A contemporary perspective* (2nd ed.). Cincinnati, OH: Anderson.

Turner, J.C. (1996). Social identity theory. In A.S.R. Manstead & M. Hewstone (Eds.), *The Blackwell encyclopedia of social psychology.* Oxford: Blackwell.

Van den Bergh, M. (1994a). Witty, pretty and well informed. *Servamus*, *87*(4), 55.

Van den Bergh, M. (1994b). Brigadier Duveen Botha: Dame *par excellance. Servamus*, *87*(8), 22-23.

Van der Merwe, J.V. (1993, Junie 16). Skrywe van die Kommissaris van die SAP.

Van der Merwe, K. (1997). 'n Kort oorsig oor die ontwikkeling van die SAPD: Van swart meraai tot blitspatrollie. *Servamus*, *90*(1), 46-47.

Van Heerden, T.J. (1986). *Inleiding tot die polisiekunde*. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

Van Jaarsveld, S.R., Van Eck, B.P.S. & Kruger, C. (1999). *Kompendium van arbeidsreg* (3de uitg.). Durban. Butterworths.

Van Niekerk, S. (1988, November 22). Pionier Duveen Botha sê op Oujaar tot siens. *Die Beeld*, p. 1.

Van Reenen, R. (1971, November 7). Napoleon sal ons help beskerm. *Rapport*, p. 7.

Van Rooyen, H.J.N. (1994). *Gemeenskapspolisiëring*. Pretoria: Protea.

Van Vuuren, A. (1994). Maleoskop meisies. *Servamus*, *87*(1), 8-9.

Vetter, J. H. & Silverman, I.J. (1986). *Criminology and crime: An introduction*. New York: Harper & Row.

Viljoen, M. (1972, November 26). Fyn handjies versterk arm van die gereg: Ons polisievroue. *Bylae tot Foto-Rapport*, pp. 5, 6-8.

Vorster, S. (1989, Mei 19). Vroulike speurder is 'n eerste vir Brixton. *Die Beeld*, p. 3.

"Vrouemag" word mondig. (1993, Desember 10). *Metro*, p. 20.

Vrou reeds in 1916 aangestel. (1989, Julie 28). *Bylaag tot Die Transvaler*, p. 3.

Vrouwlike politi. (1917, Maart 16). *Die Burger*. (p. onbekend)

Vrou word hoof van die SAPD kollege. (1995, Desember 22). *Metro Noord-Transvaler*, p. 4.

Walklate, S. (1995). *Gender and crime: An introduction*. Hertfordshire: Prentice-Hall.

Walsh, M.S. (1916, September). The first policewoman. *Nonqui: The ladies supplement to the Nonqui*, pp. 247-248.

Watson, M.E., Stone, A.R. & DeLuca, S.M. (1998). *Strategies for community policing*. Upper Sadle River, NJ: Prentice Hall.

Wertsch, T.L. (1998). Walking the thin blue line: Policewomen and tokenism today. *Women and Criminal Justice*, *9*, 23-61.

Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens, Wet 68 van 1995. Pretoria: Staatsdrukkers.

Wiid, J.A. (1979). Die ontdekking van Suid-Afrika. In A.J.H. Van der Walt, J.A. Wiid & A.L. Geyer (Reds.), *Geskiedenis van Suid-Afrika* (3de uitg.). Goodwood: Nasionale Opvoedkundige Uitgewery.

Williams, F.P.(III) & McShane, M.D. (1994). *Criminological theory* (2nd ed.). Englewood Cliffs, NJ: Prentice Hall.

NJ: Prentice Hall.

Williams, F.P.(III) & McShane, M.D. (1999). *Criminological theory* (3rd ed.). Upper Saddle River, NJ: Prentice Hall.

Woman boss for SAPS college. (1995, December 21). *The Star*, p. 11.

Woman in blue. (1990, January/February). *Panorama*, p. 77.

Woman is new police boss. (1989, July 3). *The Star*, p. 2.

Women Police. (1919, Maart 25). Ongepubliseerde skrywe van die Sekretaris voor Justitie van die Unie van Zuid-Afrika aan die Kommissaris van die South African Police.

Women police and women patrols (anonymous). (1942, May). *Nonqui*, pp. 51-53.

Worchel, S., Cooper, J. & Goethals, G.R. (1988). *Understanding social psychology* (4th ed.), Chicago: Dorsey.

Wrottesley, S. (1938, January 3). Police sift history of 'special patrols'. *Argus*, pp. 4-5.

Young, M. (1991). *An inside job: Policing and police culture in Britain*. Oxford: Clarendon.

Year of the Policewomen. (1989, June 6). *SA Digest*, p. 4.

Yuille, J.C. (1986). Preface: The new police officer. In J.C. Yuille (Ed.), *Police selection and training: The role of psychology* (pp. v-ix). Dordrecht: Martinus Nijhoff.

G.P.-S. 002-0026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

SAP 51

SUID-AFRIKAANSE POLISIE SOUTH AFRICAN POLICE **BYLAE 1**

Privaatsak X94
Private Bag

Telegramadres KOMPOL
Telegraphic address COMPOL

Verwysing Reference		2/26/29/1/1
Navrae Enquiries		Mev L Rossouw
Telefoon Telephone	(012) (012)	3536153
Faksnommer Fax number	(012) (012)	217936

HOOFKANTOOR
HEAD OFFICE

PRETORIA

0001

DIE KOMMISSARIS VAN DIE S.A. POLISIE
INSTITUUT VIR GEDRAGSWETENSKAPPE
1995 -10- 17
PRETORIA
THE COMMISSIONER OF THE S.A. POLICE

DEPT KRIMINOLOGIE
UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
PRETORIA
0002

Vir aandag: Christiaan Bezuidenhout

GOEDKEURING VAN DOKTORALE STUDIE : SENTRUM VIR AKADEMIESE- EN NAVORSINGSIELKUNDE (SANS) : SAPD INSTITUUT VIR GEDRAGSWETENSKAPPE

1. Graag deel ons u mee dat u voorgenome doktorale studie deur die Sentrum vir Akademiese- en Navorsingsielkunde (SANS) goedgekeur is.

2. Geliewe asseblief u volledige navorsingsvoorstel, sodra dit voltooi is, aan SANS te verskaf, sowel as enige vraelyste wat in u studie gebruik gaan word. Dit is ook noodsaaklik dat wanneer u studie voltooi is, 'n afskrif van u tesis aan SANS verskaf moet word.

3. Sterkte word u toegewens vir u navorsingstudie! Ons vertrou dat u studie 'n waardevolle bydrae tot navorsing in die SA Polisiediens sal lewer.

L ROSSOUW
n.WAARNEMENDE SENTRUMHOOF: SENTRUM VIR AKADEMIESE- EN NAVORSINGSIELKUNDE
SIELKUNDIGE HULPDIENSTE
INSTITUUT VIR GEDRAGSWETENSKAPPE

BYLAE 2

IMPORTANT INFORMATION

1. Please try to select the participants as follows:

	Non commissioned officer		Officer	
	Male	Female	Male	Female
White/Black	2	2	1	1
Coloured/Indian	1	1	1	1
			Total	10

NB: The above table is the ideal composition. Should you however not be able to achieve this make your selection as representative as possible of the above table (rank, gender and racial group).

2. Participants may complete the questionnaire in their own time.

3. Please remind the participants that this is a research project for the University of Pretoria. **NO PERSON WILL BE INTIMIDATED AS NO IDENTIFYING INFORMATION MUST BE WRITTEN ON THE QUESTIONNAIRE**.

4. Kindly keep the sealed envelopes in a safe place until I collect them from you or your communication officer on 2 February 2000.

5. A cover letter is enclosed for reference purposes. Feel free to contact me should you have any further enquiries.

6. I appreciate your willingness to assist me in this very important study. Without your participation and good will research will not be possible.

Christiaan Bezuidenhout

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

BYLAE 3

University of Pretoria

Tel +27 12 420-2030
Fax: +27 12 420-2984
Faculty of Humanities
Department of Criminology
25 January 2000

Dear Police Officer

When the first police forces/services were established world-wide the perception existed that policing was an occupation that could be pursued by males alone. Reasons put forward in support of this view were that women do not have the physical abilities and the necessary stamina to execute police work as effectively as males.

Since the 1970s women have been employed by the then South African Police (SAP) force, and since the introduction of the new Constitution and the changing of the SAP to the South African Police Service (SAPS) it has become policy to employ women on an equal basis with men. Although women have undeniably become part of the SAPS no research has been undertaken in South Africa to determine how male and female police officers perceive the role of women in the SAPS.

I would appreciate it if you would complete the attached questionnaire. The information supplied by you will be used for my doctoral study in criminology and on the basis of the findings I hope to make recommendations to the SAPS concerning the effective accommodation of both sexes in the Service.

NOTE: ***I want to assure you that all information will be treated as strictly confidential and anonymity is guaranteed. To make this possible please do not write any identifying particulars (e.g. your name or service number) on the questionnaire or the envelope. If you need any further assurance please feel free to contact me.***

The questionnaire, which consists of four (4) sections, is only available in English. Unfortunately it was impossible to translate it into all the official languages. English was chosen because it is the language most members of the SAPS are familiar with. The first section focuses on personal information (e.g. age and gender). Section two deals with the general attitude of police officers towards the SAPS. Section three is concerned with the attitudes of police officers towards the female police officer. The fourth section can be used to supply any additional information if you wish to do so. You will notice that the questions are

compiled in such a way that most can be answered by merely placing a cross (x) in the appropriate box. The entire questionnaire will take between 25 to 30 minutes to complete. **Please note:** There are **no** right or wrong answers. I am only interested in your opinion. Please refrain from discussing the questionnaire with anyone until you have completed and sealed it in the enclosed envelope. Discussions while completing the questionnaire could influence your opinion.

After completion please make sure that you have sealed the envelope to ensure that no one at your department, unit, station or in the SAPS can have access to the questionnaire. Then hand it to your communication officer who will let me know that it is ready for collection. Note that all the questionnaires should be completed and ready for collection before or on **4 February 2000**. After this date the questionnaires collected from your communication officer will be statistically analysed at the computer centre of the University of Pretoria.

If you require any further information about the research or how to complete the questionnaire, please feel free to contact me at:

(012) 420-3320 (w)
(012) 329-6750 (h)
083 310-4520 (cell)

Thank you for participating in this study.

Yours sincerely

Christiaan Bezuidenhout
LECTURER: DEPARTMENT OF CRIMINOLOGY

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

QUESTIONNAIRE REGARDING VIEWS OF POLICE OFFICIALS AND THE ROLE OF FEMALE POLICE OFFICIALS IN THE SAPS

For office use:

Respondent no.: v1 [ ][ ][ ][ ] 1-4

Card no.: v2 [ ] 5

A. BIOGRAPHICAL INFORMATION

Please answer **ALL** the questions in this section. Write down the required information in the space provided, or by placing a cross (X) in the appropriate box.

e.g. Years service in the SAPS: **5** years

e.g. Are you a police official? ~~YES~~ NO

1. Age: _____ years. v3 [ ][ ] 6-7

2. Gender:

Male	1	Female	2

v4 [ ] 8

3. Marital status:

Single	1
Married	2
Divorced	3
Widow/Widower	4
Living together	5
Separated	6

v5 [ ] 9

4. Home language:

Afrikaans	1
English	2
isiNdebele	3
Sesotho sa Leboa	4
Sesotho	5
siSwati	6
Xitsonga	7
Setswana	8
Tshivenda	9
isiXhosa	10
isiZulu	11
Other (specify):	12

v6 [ ][ ] 10-11

5. Race/Ethnic background

Asian	1
Black	2
Coloured	3
White	4

v7 [ ] 12

P.T.O/...

6. Highest qualification:

No Schooling	1
Grade 1 to 2	2
Standard 1 to 5 (grade 3 to 7)	3
Standard 6 to 9 (grade 8 to 11)	4
Standard 10 (grade 12)	5
Artisan training	6
Diploma (type):	7
Degree (type):	8

v8 [ ] 13

7. Did you undergo official police training? YES [1] NO [2] v9 [ ] 14

8. Why did you join the SAPS?

_____

_____ v10 [ ][ ] 15 - 16

9. Years service in the SAPS: _____ years. v11 [ ][ ] 17-18

10. In which section (e.g. human resources) /division (e.g. crime prevention) of the SAPS are you working?

_____ v12 [ ] 19

11. In which station (e.g. Brooklyn) of the SAPS are you working?

_____ v13 [ ][ ] 20-21

12. Rank/Position:

Constable	1
Sergeant	2
Inspector	3
Captain	4
Superintendent	5
Senior Superintendent	6
Director	7
Commissioner	8
Other (specify):	9

v14 [ ][ ] 22-23

P.T.O/...

B. GENERAL PERCEPTION OF POLICE OFFICIALS

Please answer ALL the questions in this section by placing a cross (X) in the appropriate box.

MEANING OF ABBREVIATIONS	
SA	Strongly agree
A	Agree
N	Neutral
D	Disagree
SD	Strongly disagree

		SA	A	N	D	SD			
e.g.	**Police officials are cute**	X	**2**	**3**	**4**	**5**			
1.	Police officials are pleasant	1	2	3	4	5	v15		24
2.	Police officials are unfriendly	1	2	3	4	5	v16		25
3.	Police officials have too much decision making power	1	2	3	4	5	v17		26
4.	Police officials try to protect innocent people from being prosecuted at all times	1	2	3	4	5	v18		27
5.	Police officials misuse situations to their own advantage	1	2	3	4	5	v19		28
6.	The wearing of a uniform, provides police officials with more advantages compared to other citizens (e.g. service at café)	1	2	3	4	5	v20		29
7.	Police officials use their position as a source of power	1	2	3	4	5	v21		30
8.	Police officials are corrupt	1	2	3	4	5	v22		31
9.	Police officials are competent in the execution of their duties	1	2	3	4	5	v23		32
10.	Police officials misuse their power in the execution of their duties	1	2	3	4	5	v24		33
11.	Police officials sometimes use more force in the execution of their duties than necessary	1	2	3	4	5	v25		34
12.	Police officials at all levels have the opportunity to take part in management	1	2	3	4	5	v26		35
13.	Police officials will withhold facts to protect colleagues	1	2	3	4	5	v27		36
14.	All police officials are knowledgable regarding community policing	1	2	3	4	5	v28		37
15.	Police officials are professional in the execution of their duties	1	2	3	4	5	v29		38
16.	Police officials are proud of their uniform	1	2	3	4	5	v30		39
17.	Police officials are reliable	1	2	3	4	5	v31		40
18.	Police officials are demotivated	1	2	3	4	5	v32		41
19.	Police officials do everything in their power to treat complaints with equal consideration	1	2	3	4	5	v33		42
20.	Police officials are proud of their occupation	1	2	3	4	5	v34		43
21.	Police officials follow orders, even when it is to the disadvantage of the community	1	2	3	4	5	v35		44
22.	Police officials do not use initiative	1	2	3	4	5	v36		45
23.	Police officials play a role in the formulation of police policy	1	2	3	4	5	v37		46
24.	Police officials do more than is expected of them	1	2	3	4	5	v38		47
25.	Police officials are not adequately trained	1	2	3	4	5	v39		48
26.	Police officials regard the SAPS as a good occupational choice	1	2	3	4	5	v40		49
27.	Police officials do not enjoy occupational satisfaction	1	2	3	4	5	v41		50
28.	Police officials regard the cop culture as essential for effective policing	1	2	3	4	5	v42		51
29.	Police officials benefit from the changes introduced after 1994	1	2	3	4	5	v43		52
30.	Police officials regard top management as in touch with the needs of all police officials	1	2	3	4	5	v44		53

P.T.O/...

C. VIEW REGARDING THE FEMALE POLICE OFFICIAL

Please answer ALL the questions in this section by placing a cross (X) in the appropriate box.

MEANING OF ABBREVIATIONS	
SA	Strongly agree
A	Agree
N	Neutral
D	Disagree
SD	Strongly disagree

		SA	A	N	D	SD			
e.g.	All female police officials are friendly	X	2	3	4	5			
1.	Women should only perform domestic tasks within the SAPS	1	2	3	4	5	v45		54
2.	Women in uniform remain feminine	1	2	3	4	5	v46		55
3.	Women are discriminated against in the SAPS	1	2	3	4	5	v47		56
4.	Female police officials are reliable	1	2	3	4	5	v48		57
5.	Females are as capable as males to be police officials	1	2	3	4	5	v49		58
6.	Female police officials do not consume more alcohol than other women	1	2	3	4	5	v50		59
7.	Female police officials who can consume just as much alcohol as their male colleagues are more readily accepted	1	2	3	4	5	v51		60
8.	Female police officials have the abilities to successfully render services in any of the five divisions of the SAPS	1	2	3	4	5	v52		61
9.	Female police officials must lose their sensitivity to cope with the challenges in the police service	1	2	3	4	5	v53		62
10.	Female police officials are just as competent as their male counterparts	1	2	3	4	5	v54		63
11.	Female police officials who use crude language are more readily accepted within the SAPS	1	2	3	4	5	v55		64
12.	Female police officials have better interpersonal skills (e.g. conflict management) than male police officials	1	2	3	4	5	v56		65
13.	Female officials are a risk to male officials' safety when they work together in a dangerous situation (e.g. riots)	1	2	3	4	5	v57		66
14.	It is uneconomical for the SAPS to employ women because they place their marriage above their career	1	2	3	4	5	v58		67
15.	The SAPS should not be a career option for women	1	2	3	4	5	v59		68
16.	Women should not enjoy the same privileges as men in the SAPS	1	2	3	4	5	v60		69
17.	The police subculture is male dominated	1	2	3	4	5	v61		70
18.	Women enjoy the same opportunities as men for promotion in the SAPS	1	2	3	4	5	v62		71
19.	Female police officials can execute specific tasks (e.g. victim support) more effectively than their male counterparts	1	2	3	4	5	v63		72
20.	Female police officials are subjected to sexual harassment by their male colleagues	1	2	3	4	5	v64		73
21.	The public treats male and female police officials similarly	1	2	3	4	5	v65		74
22.	Female police officials enjoy more benefits than male police officials	1	2	3	4	5	v66		75

P.T.O./...

MEANING OF ABBREVIATIONS	
SA	Strongly agree
A	Agree
N	Neutral
D	Disagree
SD	Strongly disagree

		SA	A	N	D	SD			
23.	Female police officials can also become part of the police cop culture	1	2	3	4	5	v67		76
24.	Female police officials are emotionally too unstable to do police work	1	2	3	4	5	v68		77
25.	Female police officials do not subject themselves to authority	1	2	3	4	5	v69		78
26.	More female police officials must be appointed in the SAPS	1	2	3	4	5	v70		79
27.	Female police officials render a better service to the public (e.g. in the charge office) than their male counterparts	1	2	3	4	5	v71		80
28.	Female police officials get promoted by giving in to the sexual advances of senior male officers	1	2	3	4	5	v72		81
29.	Female police officials don't get promoted as easily as male police officials	1	2	3	4	5	v73		82
30.	Police management treats complaints against female police officials with less strictness than complaints against males	1	2	3	4	5	v74		83
31.	Female police officials have too little decision making power	1	2	3	4	5	v75		84
32.	Female police officials enjoy more benefits with regard to work distribution (e.g. shifts) than male officials	1	2	3	4	5	v76		85
33.	Female police officials are capable of working in the specialised units (e.g. flying squad)	1	2	3	4	5	v77		86
34.	Female police officials receive the same salaries as male colleagues with the same rank	1	2	3	4	5	v78		87
35.	Female police officials use their femininity to gain more benefits	1	2	3	4	5	v79		88
36.	Female police officials do not have the ability to command the same authority as their male counterparts	1	2	3	4	5	v80		89
37.	Female police officials' families support their career choice	1	2	3	4	5	v81		90
38.	When male supervisors experience disciplinary problems with women they are less severe with them than with male officials	1	2	3	4	5	v82		91
39.	Training requirements for female police officials are less strict than the training requirements for men	1	2	3	4	5	v83		92
40.	Female police officials are lesbians	1	2	3	4	5	v84		93
41.	Female police officials should perform only administrative duties in the SAPS	1	2	3	4	5	v85		94
42.	More women should be appointed in the SAPS top management	1	2	3	4	5	v86		95
43.	Top management of the SAPS is in touch with the needs of female police officials	1	2	3	4	5	v87		96

P.T.O./...

MEANING OF ABBREVIATIONS	
SA	Strongly agree
A	Agree
N	Neutral
D	Disagree
SD	Srongly disagree

		SA	A	N	D	SD			
44.	Female police officials are promoted sooner than their male counterparts	1	2	3	4	5	v88		97
45.	Male police officials do not respect the authority of a female police official with a higher rank	1	2	3	4	5	v89		98
46.	Female officials are just as capable of handling equipment (e.g. firearms) as male police officials	1	2	3	4	5	v90		99
47.	Male police officials get transferred to other divisions in the SAPS more easily on request than female police officials	1	2	3	4	5	v91		100
48.	Female police officials are more competent than their male counterparts	1	2	3	4	5	v92		101
49.	Male police officials regard female police officials as better confidants (e.g. a person to confide in)	1	2	3	4	5	v93		102
50.	Female police officials play an important role in the establishing of community policing	1	2	3	4	5	v94		103
51.	Female police officials are more inclined to assist female victims than male victims	1	2	3	4	5	v95		104
52.	Female police officials adjust more easily to transformation than their male colleagues	1	2	3	4	5	v96		105
53.	The corporate image of the SAPS accommodates female police officials	1	2	3	4	5	v97		106
54.	Female police officials don't have the ability to adapt to the traditionally masculine nature of policing	1	2	3	4	5	v98		107
55.	Female police officials don't have to become one of the "boys" to be accepted by their male counterparts	1	2	3	4	5	v99		108
56.	Female police officials don't neglect their work in favour of their family	1	2	3	4	5	v100		109

Please make sure that you did not omit any question before you go on to the next section

P.T.O/...

D. GENERAL COMMENTS

If any aspect which could contribute to this research has been omitted in the questionnaire, please indicate it here.

v101			110-111
v102			112-113
v103			114-115

END OF QUESTIONNAIRE
Thank you for your co-operation